# AGENDA

vir die

# VEERTIENDE SINODE

van

# NOORD-TRANSVAAL

te

# PRETORIA

15 tot 18 September 1997

Alle kopiereg op hierdie boek (in geheel of gedeeltelik) word voorbehou
en alle verslae word as streng vertroulik beskou totdat dit in die sinode
ter tafel gelê word.Daarna kan dit slegs gebruik word
soos dit deur die sinode aanvaar of gewysig word.

# VOORWOORD

**AMPTELIK**

* Hierdie is die AGENDA vir die **Veertiende Sinode van Noord-Transvaal** DV in sitting te Pretoria op Maandag 15 September 1997 en volgende dae

* Baie dankie aan almal wat meegehelp het om die agendaboek gereed te kry, en by name
(1) al die kommissies, verteenwoordigers en verslagskrywers
(2) die personeel van die Sinodale Sekretariaat en ander afdelings by die Kerkkantoor onder leiding van dr Johan Froneman vir die pers-gereedmaak van die boek -- en ek noem graag ook die naam van mev Leola Dekker -- dis 'n voorreg en 'n vreugde om saam met so 'n span te werk!

* Die inhoud van hierdie agenda weerspieël die Nederduitse Gereformeerde Kerk se werk in Noord-Transvaal -- geografies omvat dit Noord-Gauteng, die grootste deel van die Noordelike Provinsie asook 'n gedeelte van Noordwes. Dit spreek van verskeidenheid en erns, van deeglikheid en waagmoed, van nuut-dink en behoudendheid, van dienslewering en koninkrykswerk.

* U word dringend versoek om deeglik voor te berei. Die sinode bestaan uit 500+ afgevaardigdes -- dit is 'n baie duur vergadering. Maar dit is ook 'n baie belangrike kerkvergadering, en daarom is dit noodsaaklik dat elkeen teenwoordig gereed sal wees om deel te hê aan sinvolle besluitneming.

* U getroue voorbidding vir die sinode is ook onontbeerlik, en veral ook vir die moderatuur wat verkies moet word om die leiding te neem.

**PERSOONLIK**

* My termyn as sinodeskriba loop hiermee ten einde. Baie dankie vir die geleentheid wat ek gehad het om die Here op hierdie wyse te dien met die gawes wat Hy vir my gegee het -- ek het elke oomblik daarvan terdeë geniet!

* Baie dankie aan "my moddermaker", Oom Pieter Strümpfer, vir sy leiding en voorbeeld en ondersteuning en vriendskap en lojaliteit -- dit was 'n groot voorreg om langs so 'n voorsitter te sit. Dankie ook aan al die lede van die drie moderamens saam met wie ek soveel heerlike en leersame ure kon deurbring.

* 'n Woord van besondere dank aan die Hoofbestuurder van die Sinodale Kerkkantoor, dr Jan Viljoen, vir sy ondersteuning en dienslewering -- hy het dit elke keer vir my net makliker gemaak. En daarmee saam ook die Kerkkantoorpersoneel -- ons het lekker vriende geword.

* Die gemeente Wierdapark-Suid moes die afgelope 6 jaar dikwels met afskeepwerk en 'n "afwesige doomnie" tevrede wees -- hulle geduld en samewerking en begrip het groot dankbaarheid en rustigheid in my hart gebring. Dankie ook aan kollegas Michiel van der Merwe, Gideon Roets en Hardie Swanepoel vir hulle ondersteuning en lojaliteit.

* Hoe sê mens dankie vir my gesin wat ontelbare ure sonder my moes wees en klaarkom? My liewe vrou Elza en my vier seuns Ouboet (Johann), Piekels (Stefan), Kêlla (Tertius) en Ghoe (Rudi) sal dit dalk nou skoon vreemd vind met 'n man en 'n Pa wat meteens "beskikbaar" is!

* SOLI DEO GLORIA -- aan Hom kom die lof en die eer toe, want dit is Hy wat gewone mense toerus vir en vertrou met groot opdragte, dit is Hy wat elke dag voorsien en seën, dit is Hy wat sy Koninkryk laat kom en sy wil laat geskied, veral hier in die Ned Geref Kerk Sinode van Noord-Transvaal.

Cassie Carstens

**DS JC (Cassie) CARSTENS**
**UITTREDENDE SKRIBA**

31 Julie 1997 : Wierdapark-Suid, Centurion

# INHOUDSOPGAWE

## A. VERSLAE

A.1.1 MODERAMEN: EERSTE VERSLAG (SKEMA VAN WERKSAAMHEDE) . . . . . 1
A.1.2 MODERAMEN: TWEEDE VERSLAG (GEWONE WERKSAAMHEDE) . . . . . 4
A.1.3 MODERAMEN: DERDE VERSLAG (FASILITERING) . . . . . 15
A.1.4 MODERAMEN: VIERDE VERSLAG (MENSLIKE HULPBRONNESTRATEGIE VIR PREDIKANTE) . . . . . 18
A.2.1 GEMEENTEBOU: EERSTE VERSLAG . . . . . 26
A.3.1 JEUG: EERSTE VERSLAG . . . . . 41
A.4 SONOP CHRISTELIKE TEHUIS . . . . . 46
A.5.1 KINDERKOMMUNIE: EERSTE VERSLAG . . . . . 47
A.6.1 LEER EN AKTUELE SAKE: EERSTE VERSLAG . . . . . 51
A.7 KERKLIKE MEDIA . . . . . 61
A.8.1 EREDIENS: EERSTE VERSLAG . . . . . 63
A.9.1 REGSKOMMISSIE: EERSTE VERSLAG . . . . . 87
A.10.1 SENDING: EERSTE VERSLAG . . . . . 89
A.11 VROUEDIENS . . . . . 99
A.12 ARGIEF- EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE . . . . . 101
A.13.1 DIENS VAN BARMHARTIGHEID: EERSTE VERSLAG . . . . . 107
A.14 KURATORIUM PRETORIA . . . . . 121
A.15 KURATORIUM BLOEMFONTEIN . . . . . 122
A.16 KURATORIUM STELLENBOSCH . . . . . 123
A.17 KURATORIUM TURFLOOP . . . . . 123
A.18 SINODALE KERKKANTOOR . . . . . 124
A.19.1 FONDSE: EERSTE VERSLAG . . . . . 136

**B. BESKRYWINGSPUNTE** . . . . . 141

## C. AANVULLENDE VERSLAE

## D. NOTULE

## E. BYKOMENDE STUKKE

E.1 IN MEMORIAM . . . . . 144

# AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| AKA | Algemene Kommissie vir die Argief |
| AJK | Algemene Jeugkommissie |
| AKDB | Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid |
| AKE | Algemene Kommissie vir die Erediens |
| AKF | Algemene Kommissie vir Fondse |
| AKG | Algemene Kommissie vir Gemeentebediening |
| AKKM | Algemene Kommissie vir Kerklike Media |
| AKLAS | Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake |
| AKTO | Algemene Kommissie vir Teologiese Opleiding |
| ARK | Algemene Regskommissie |
| ASK | Algemene Sinodale Kommissie |
| ASSK | Algemene Sinodale Sendingkommissie |
| BKJA | Belydende Kerkjeugaksie |
| BUVTON | Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding en Navorsing |
| BKAT | Breë Kommissie vir Arbeidsbediening gerig op Transnet |
| CAD | Christelike Afhanklikheidsdiens |
| CLF | Christelike Lektuurfonds |
| CMR | Christelike Maatskaplike Raad |
| CSV | Christen Studentevereniging |
| GER | Gereformeerde Ekumeniese Raad |
| GKA | Gesamentlike Kommissie vir die Argief |
| GKABID | Gesamentlike Kommissie vir die Argief en Bestuursinligtingsdienste |
| GKAT | Gesamentlike Kommissie vir Arbeidsbediening gerig op Transnet |
| GKEF&E | Gesamentlike Kommissie vir Evangelisasie in Frankryk en Europa |
| GSM | Gesamentlike Sendingkommissie vir Mosambiek |
| GUP | Godsdiens Uitsaaipaneel |
| HK | Hugenote Kollege |
| IKOO | Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys |
| ISWEN | Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing |
| JKJA | Junior Kerkjeugaksie |
| KAN | Kerklike Aksie Noodhulp |
| KO | Kerkorde |
| KVOB | Kommissie vir Vakansieoordbediening |
| MEMA | Moderne Evangelisasiemedia in Afrika |
| NGK | Nederduitse Gereformeerde Kerk |
| NGKA | Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika |
| PASD | Predikant in Algemene Sinodale Diens |
| Prim | Primarius |
| PSD | Predikant in Sinodale Diens |
| RKA | Ringskommissie vir die Argief |
| RCA | Reformed Church in Africa |
| SAKOV | Suid-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging |
| SAKV | Suid-Afrikaanse Koorvereniging |
| SARK | Suid-Afrikaanse Raad vir Kerke |
| Sek/Sec | Sekundus/Sekundi |
| SEVTO | Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding |
| SJK | Sinodale Jeugkommissie |
| SKA | Sinodale Kommissie vir die Argief |
| SKE | Sinodale Kommissie vir die Erediens |
| SKDB | Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid |
| SKDBM | Utiliteitsmaatskappy van die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Noord-Transvaal |
| SKF | Sinodale Kommissie vir Fondse |
| SKG | Sinodale Kommissie vir Gemeentebediening |
| SKLAS | Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake |
| SKJA | Senior Kerkjeugaksie |
| SKKK | Sinodale Kerkkantoorkommissie |
| SKKM | Sinodale Kommissie vir Kerklike Media |
| SKV | Sinodale Kommissie vir die Vrouediens |
| SPF | Sinodale Pensioenfonds |
| SRK | Sinodale Regskommissie |
| SSK | Sinodale Sendingkommissie |
| TOIBO | Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys |
| VDM | Verbi Divini Minister (Bedienaar van die Goddelike Woord) |
| VGKSA | Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika |
| WRK | Wêreldraad van Kerke |

# A.1.1 MODERAMEN: EERSTE VERSLAG (SKEMA VAN WERKSAAMHEDE VIR SINODE)

## 1. OPDRAG

**1. OPDRAG** - Bep 35.3.3.12: "Die moderamen behartig die opstel van 'n skema van werksaamhede vir die volgende sinode." Hiermee saam Bepalings 32.1.1, 32.2.8, 35.7.2 en 35.8.

## 2. UITVOERING

### 2.1 DATUM EN PLEK

**2.1.1** Die Veertiende Gewone Sinode van Noord-Transvaal is gereël vir DV Maandag 15 tot Donderdag 18 September 1997 in die Sinodale Sentrum, Visagiestraat, Pretoria.

**2.1.2** Die amptelike kennisgewing van die sinode het in Die Kerkbode verskyn (vgl Bep 32.1.4).

### 2.2 AGENDA EN HANDELINGE

**2.2.1 Drukwerk** - die kwotasie van die Sinodale Kerkkantoor is aanvaar.

**2.2.2 Voorsiening Agendaboek**

**2.2.2.1** Aangesien elke leraar nie meer outomaties die sinode as afgevaardigde bywoon nie, is dit tog belangrik dat die Agendaboek (asook die Besluiteregister) tot beskikking van elke leraar sal wees

**2.2.2.2 AANBEVELING - die sinode gaan voort met die reëling dat elke leraar 'n Agendaboek ontvang**

**2.2.3 Vertroulikheid** - die inhoud van hierdie Agenda is in sy geheel vertroulik en uitsluitlik bedoel vir gebruik deur die afgevaardigdes na die sinode. Alle kopiéreg word voorbehou totdat die betrokke verslag in die sinode ter tafel gelê is. Daarna kan dit alleen na buite gebruik word soos dit deur die sinode aanvaar of gewysig is.

**2.2.4 Verslae as gelese beskou** - die verslae in hierdie Agenda word ter vergadering as gelese beskou. Gedeeltes waarvan slegs kennis geneem word, sal deur die moderator na goeddunke geïdentifiseer word. Slegs die **AANBEVELINGS** word aan die orde gestel.

**2.2.5 Laatstukke** - stukke wat ná die bepaalde datum van sluiting van die sakelys (15 Mei 1997 vir beskrywingspunte/ beswaarskrifte en 15 Junie 1997 vir verslae van kommissies en verteenwoordigers) deur die skriba ontvang is, word aan die Sinodale Regskommissie voorgelê wat die sinode in sy volgende verslag sal adviseer oor die ontvanklikheid daarvan en die wyse van hantering (vgl Bep 35.7.3 en 35.7.4).

**2.2.6 Geldigheid van besluite** - die besluit van die 1993-sinode word beklemtoon, nl dat sodra die skriftelike notule ter vergadering goedgekeur is, alle besluite daarin dadelik van krag sal wees, tensy uitdruklik anders vermeld word (Handelinge 1993 : 230 : 2.2.4.1).

**2.2.7 Besluiteregister/Handelinge**

**2.2.7.1** Die sinodeskriba het opdrag om 'n besluiteregister en handelinge van die sinode voor te berei (Bep 35.1.1.4).

**2.2.7.2 AANBEVELING - Die sinode besluit:**

**1. 'n Volledige Besluiteregister word so spoedig moontlik na afloop van die sinode aan elke gemeente, leraar en afgevaardigde kerkraadslid voorsien**

**2. Elke gemeente moet ter vergadering aan die sinodeskriba 'n skriftelike aanduiding gee hoeveel eksemplare van die volledige Handelinge van die Sinode 1997 die gemeente wil ontvang**

**3. Aan elke gemeente word weer 'n rekening gestuur vir die aantal Agendas, Besluiteregisters en Handelinge gele-wer.**

### 2.3 VERVOER EN VERBLYF

**2.3.1 Reëlings** - reëlings vir 1997 is voorlopig soos volg (sien Vyfde Verslag van die Moderamen vir die finale reëlings):

**2.3.1.1** Stedelike afgevaardigdes

(1) Reiskoste - ringskriba's voorsien tydens die sinode 'n volledige eisvorm vir die koste van een rit heen en weer per dag, bereken vir sover moontlik vier insittendes per motor, teen 'n vergoeding van R1,25 per kilometer.

(2) Etes - middag- en aandetes word by die Sinodale Sentrum voorsien, sonder enige kompensasie vir etes wat nie geneem word nie.

(3) Daggelde - geen daggelde word uitbetaal nie.

**2.3.1.2** Plattelandse afgevaardigdes

(1) Reiskoste - ringskriba's voorsien tydens die sinode 'n volledige eisvorm vir die koste van een rit heen en weer na Pretoria, bereken vir sover moontlik vier insittendes per motor per gemeente, teen 'n vergoeding van R1,25 per kilometer.

(2) Etes - middag- en aandetes word by die Sinodale Sentrum voorsien

(3) Daggelde - geen daggelde word uitbetaal nie

(4) Verblyf - blokbespreking vir bed-en-ontbyt word vir die duur van die sinodesitting (5 of 4 of 3 nagte) in 'n nabygeleë hotel op koste van die sinode gereël, met dien verstande dat

(4.1) vooraf kennisgewing van privaatverblyf vergoed word teen R50 per dag;

(4.2) indien 'n bespreking nie vroegtydig vooraf (14 dae voor sinodesitting) gekanselleer word nie, verval enige aanspraak op die R50 per dag.

**2.3.1.3** Ring van Krokodilrivier - die Ring van Krokodilrivier word as stedelik gereken, tensy vooraf anders gereël.

**2.3.2 Parkering** - daar is nie parkering binne die Sinodale Sentrum beskikbaar nie. Reëlings word getref vir moontlike parkering met sekuriteit.

### 2.4 REëLINGS MET AANKOMS

**2.4.1 Kleredrag** - volgens besluit van die Sinode 1983 moet afgevaardigdes netjies geklee wees, die mans by voorkeur in 'n pak klere.

**2.4.2 Lêers** - elke afgevaardigde ontvang op die eerste dag 'n lêer met 'n aantal dokumente; hierdie lêer word op sy/haar aangewese sitplek geplaas. Afgevaardigdes word ook versoek om 'n A4-klamplêer saam te bring waarin die dokumentasie geberg kan word.

**2.4.3 Naamkaartjies** - afgevaardigdes word dringend versoek om te alle tye die naamkaartjie sigbaar te dra.

**2.4.4 Plasing in die saal** - die indeling van sitplekke is in omgekeerde alfabetiese volgorde (Z-A) volgens die naam van die gemeentes. Die name van die afgevaardigdes word vooraf by bepaalde sitplekke geplaas. Die sitplekke word op 'n kaart aangedui wat op die eerste dag aan elke afgevaardigde by aankoms voorsien word. **Dit is dringend noodsaaklik dat elke afgevaardigde (of sekundus) op die aangewese sitplek moet sit.**

**2.4.5 Mikrofoonreëlings** - elke sitplek is voorsien van 'n mikrofoon. As 'n lid van die vergadering 'n spreekbeurt wil hê, moet hy/sy die rooi knoppie druk.

**2.5 OPENING EN KONSTITUERING**

**2.5.1 Opening** - die afgevaardigde leraar (ten tye van die sinode) met die langste diens, wat die oudste in jare is, nl **ds PSHF Strümpfer (Suidoos-Pretoria)** (sek: ds GJC Venter, Suidoos-Pretoria ), neem die leiding by die opening en konstituering van die sinode met 'n agenda van die moderamen totdat die nuwe moderator verkies is (vgl Bep 32.2.8). Hierdie agenda omvat die volgende: Opening, Konstituering, Verkiesing van Moderator, Reëlings, Behandeling van Eerste Verslag Moderamen.

**2.5.2 Geloofsbriewe** - die geloofsbriewe van afgevaardigdes, deur die voorsitter en skriba van die kerkraad onderteken, moet die skriba van die moderamen voor of op **15 Julie 1997** bereik. Die naam van die primarius-afgevaardigdes geld as die teenwoordiges, tensy vooraf aan die skriba kennis gegee.

**2.5.3 Presensielys** - die amptelike presensielys word uit die geloofsbriewe saamgestel en in die lêers van die afgevaardigdes geplaas. Wysigings en/of toevoegings tot die presensielys kan op die oggend van die eerste sittingsdag vanaf **08:00 tot 09:30** by die skriba voor in die sinodesaal aangebring word. Die geamendeerde presensielys word dan by die konstituering deur die uittredende skriba voorgedra.

**2.5.4 Kworum en konstituering** - die sinode word met die personeel soos aangeteken op die presensielys gekonstitueer, mits dit twee-derdes van die getal waaruit die sinode moet bestaan, bevat. Afgevaardigdes word ook gewys op Bep 32.2.4

**2.5.5 Verteenwoordiger Teologiese Fakulteit** - prof JC Müller verteenwoordig die Teologiese Fakulteit Pretoria by die sinode (KO-Artikel 33.2). Die ander twee teologiese fakulteite (Stellenbosch en Oranje-Vrystaat) het kennis gegee dat hulle nie verteenwoordig sal wees nie.

**2.6 FUNKSIONERING VAN DIE SINODE**

**2.6.1 Sittingstye** - word soos volg gereël:

* Aanvangstyd eerste dag = 10:00 (sonder verversings); ander dae 08:30

* Verdaging elke dag = 21:30 (tensy anders gereël)

| | |
|---|---|
| 1e Oggendsitting | 08:30 - 10:30 |
| Verversings | 10:30 - 11:00 |
| 2e Oggendsitting | 11:00 - 13:00 |
| Middagete | 13:00 - 14:00 |
| 1e Middagsitting | 14:00 - 15:45 |
| Koffie/Tee | 15:45 - 16:15 |
| 2e Middagsitting | 16:15 - 18:00 |
| Aandete | 18:00 - 19:00 |
| Aandsitting | 19:00 - 21:30 |

**2.6.2 Dagopening** - vgl Bep 35.8.2. Afgevaardigdes word ernstig versoek om soggens betyds vir die dagopening te arriveer. Persone wat hier leiding neem, word in die Vyfde Verslag van die Moderamen, na ontvangs van al die geloofsbriewe, aanbeveel. Met die oog op die dagopening word afgevaardigdes versoek om naas hulle Bybel ook die Psalm- en Gesangboek, Sing-Onder-Mekaar en Jeugsangbundel 2 saam te bring.

**2.6.3 Ordereëls** - afgevaardigdes word versoek om Die Kerkorde van die Ned Geref Kerk 1994 (bloupers boekie), asook die Kerkorde en Aanvullende Bepalings, Sinode van Noord-Transvaal 1995 (ligblouboek) saam te bring. Afgevaardigdes word dringend gevra om deeglik te let op die Ordereëls vir kerklike vergaderings (Bep 18 bl 27-31).

**2.6.4 Verversings en ete** - die sentrumpersoneel bedien verversings asook middag- en aandetes aan alle afgevaardigdes tydens die aangewese tye, en wel op die twee vlakke voor die saal en Vlak 1B. Die presiese indeling word ter vergadering bekend gemaak. Die koste verbonde aan die verversings en die etes word deur die Sinodale Fonds gedra. **Aan besoekers word die geleentheid gebied om etekaartjies by die dienstoonbank aan te koop @ R25 per ete.**

**2.6.5 Nagmaal** ( Bep 35.8.3)

**2.6.5.1 Opdrag** (43) - die sinode versoek die moderamen om in die opstel van die Skema van Werksaamhede vir die Sinode 1997 die nagmaalviering op 'n prakties-geskikte plek en tyd in te ruim

**2.6.5.2 Uitvoering**

1. Die moderamen het besluit om nie tydens die sinode die nagmaal saam met 'n plaaslike gemeente te vier nie, veral in die lig van die verkorte sinode en omdat daar nie meer oor 'n naweek vergader word nie.

2 Die moderamen het derhalwe nie die uitnodiging van die gemeente Raslouw om nagmaal saam met die gemeente te vier, aanvaar nie

**2.6.5.3 AANBEVELINGS**

**1. Die sinode keur die optrede van die moderamen goed**

**2. Die sinode besluit om die gedeelte ten opsigte van die nagmaal in Bep 35.8.3 te laat verval**

**2.6.7 Tydelike kommissies** - Bep 35.4.12.1 geld in hierdie verband. Die sekundilede van die onderskeie kommissies is welkom om tydens die sinode ook by die betrokke kommissies in te sit.

**2.6.8 Notulekommissie** - enkele persone sal gevra word om behulpsaam te wees met die redaksionele versorging en duplisering van die vergaderingnotule en alle bykomende verslae en stukke; vgl Vyfde Verslag van die Moderamen. Die sameroeper is ds JC Carstens (Wierdapark-Suid).

**2.6.9 Verlofkommissie** - alle sake rakende laat geloofsbriewe, personeelwysigings, verlof-vir-afwesigheid (met inagneming van Bep 18.4) en aankondigings word deur hierdie kommissie hanteer. Die personeel is: di NJ Behr (Vorentoe) en CA du Plessis (Rustenburg-Bergsig), plus al die aangewese Blokleiers (vgl vyfde verslag).

**2.6.10 Skakelkommissie** - die mondstuk van die sinode teenoor die pers, radio en TV is die Skakelkommissie wat bestaan uit die nuutverkose assessor asook dr PR du Toit (Universiteitsoord), dr OSH Raubenheimer (Lynnwood) en ds JF Pienaar (Riviera)

**2.6.11 Kommissie vir Kommissies** - vgl Bep 35.4.12.2. Die assessor neem hier leiding saam met die voorsitters (of sekundi) van al die permanente kommissies. Ringe wat name van persone vir spesifieke kommissies wil aanbeveel, word versoek om tydens die vergadering die name (met motivering indien nodig) by die assessor in te handig. Vergaderplek Kommissiekamer 3 (Vlak 2C).

**2.6.12 Verkiesing van moderamen** - volgens besluit van die Sinode 1993 word die bykomende lede tot die moderamen uit 'n oop groslys verkies (Handelinge 1993 : 230:2.6.12.2 en Bep 35.3.1).

**2.6.13 Plek van ringsvergaderings** - wanneer die ringe DV op **Maandagaand 15 September 1997** vergader, vind dit op die volgende plekke plaas:

1. Daspoort - Kommissiekamer 3 (Vlak 2C)
2. Derdepoort - Saal voor links onder (Blok 2)
3. Eloffsdal - Saal voor regs onder (Blok 3)
4. Hartbeesspruit - Eetsaal (Vlak 1B)
5. Krokodilrivier - Saal voor regs bo (Blok 5)
6. Louis Trichardt - Saal middel links bo (Blok 8)
7. Northam - Kommissiekamer 4 (Vlak 2C)

8. Pietersburg - Saal middel regs bo (Blok 9)
9. Pietpotgietersrus - Eetsaal onderste vlak
10. Pretoria - Saal middel links onder (Blok 6)
11. Pretoria-Noord - Kommissiekamer 3 (Vlak 2C)
12. Pretoria-Oos - Saal middel regs onder (Blok 7)
13. Pretoria-Wes - Kommissiekamer 5 (Vlak 2C)
14. Rustenburg - Eetsaal boonste vlak
15. Sesmylspruit - Saal links agter bo (Blok 11)
16. Valhalla - Saal middel agter (Blok 12)
17. Villieria - Saal voor links bo (Blok 4)
18. Waterberg - Saal middel agter (Blok 10)
19. Wonderboom - Kommissiekamer 6 (Vlak 2C)

LW: die Ring van Voortrekkerhoogte ontbind en vorm deel van die nuwe saamgestelde Ring van Valhalla; hierdie ring moet tydens die sinode konstitueer (Bep 29.1.1). Die Ring van Eloffsdal moet ook konstitueer, aangesien die gemeente Pretoria-Dowes bykom.

**2.6.14 Uitdeel van stukke** - 'n aantal dames is aangewys om met die uitdeel van stukke behulpsaam te wees.

**2.6.15 Los voorstelle, mosies en opdragte aan kommissies**

**2.6.15.1** Die sinode word gewys op Bep 18.11, nl "Alle mosies en los voorstelle moet voor die tyd skriftelik by die voorsitter ingehandig word, wat na goeddunke die saak hanteer. By die sinode word dit deur die moderatuur behartig."

**2.6.15.2 AANBEVELING - Die sinode besluit dat voorstelle oor opdragte aan kommissies deur die betrokke kommissie ter vergadering geëvalueer moet word. Finansiële implikasies moet ook in berekening gebring word. Die kommissie bedien dan die sinode op die laaste dag met 'n voorstel oor watter opdragte voorrang verdien en watter goedskiks gelaat kan word.**

**2.6.16 Spreekbeurte**

**2.6.16.1** Enkele aansoeke vir spreekbeurte is ontvang; die moderamen het besluit dat geen spreekbeurt aan 'n persoon wat nie lid van die sinode is, toegestaan word nie (vgl Bep 18.9)

**2.6.16.2 AANBEVELING - die sinode keur die optrede van die moderamen goed**

**2.6.17 Broederlike Onderhoud** - die tema vir die Broederlike Onderhoud (op Maandagaand 15 September) is " *Die NG Kerk - vandag en môre* " met prof JC Müller as inleier.

**2.7 SKEMA VAN WERKSAAMHEDE**

LET WEL: hierdie skema van werksaamhede dien slegs as riglyne; elke kommissie moet ter enige tyd gereed wees dat sy verslag aan die orde kan kom.

**Dag een: MAANDAG 15 SEPTEMBER 1997**

| | |
|---|---|
| 10:00 - 13:00 | Opening<br>Konstituering<br>Verkiesing moderatuur<br>Moderamen (Skema)<br>Moderamen (Skema aanvullend) |
| 13:00 - 14:00 | MIDDAGETE |
| 14:00 - 15:45 | Moderamen (Werksaamhede) |
| 15:45 - 16:15 | KOFFIE/TEE |
| 16:15 - 18:00 | Gemeentebou |
| 18:00 - 19:00 | AANDETE |
| 19:00 - 20:30 | In Memoria<br>Broederlike Onderhoud |
| 20:30 | Ringe vergader |

**Dag twee: DINSDAG 16 SEPTEMBER 1997**

| | |
|---|---|
| 08:30 - 10:30 | Regskommissie (Laatstukke)<br>Moderamen (Fasilitering) |
| 10:30 - 11:00 | VERVERSINGS |
| 11:00 - 13:00 | Jeug<br>Sonop Christelike Tehuis |
| 13:00 - 14:00 | MIDDAGETE |
| 14:00 - 15:45 | Kinderkommunie<br>Verkiesing moderamen |
| 15:45 - 16:15 | KOFFIE/TEE |
| 16:15 - 18:00 | Leer en Aktuele Sake<br>Kerklike Media |
| 18:00 - 19:00 | AANDETE |
| 19:00 - 21:30 | Erediens<br>Regskommissie |

**Dag drie: WOENSDAG 17 SEPTEMBER 1997**

| | |
|---|---|
| 08:30 - 10:30 | Sending |
| 10:30 - 11:00 | VERVERSINGS |
| 11:00 - 13:00 | Vrouediens<br>Argief<br>Verkiesing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode 1998 |
| 13:00 - 14:00 | MIDDAGETE |
| 14:00 - 15:45 | Diens van Barmhartigheid |
| 15:45 - 16:15 | KOFFIE/TEE |
| 16:15 - 18:00 | Kuratoria<br>Kommissie vir Kommissies |
| 18:00 - 19:00 | AANDETE |
| 19:00 - 21:30 | Regskommissie |

**Dag vier: DONDERDAG 18 SEPTEMBER 1997**

| | |
|---|---|
| 08:30 - 10:30 | Kerkkantoor |
| 10:30 - 11:00 | VERVERSINGS |
| 11:00 - 13:00 | Fondse |
| 13:00 - 14:00 | MIDDAGETE |
| 14:00 - 15:45 | Opdragte aan kommissies |
| 15:45 - 16:15 | KOFFIE/TEE |
| 16:15 - 18:00 | Onafgehandelde sake<br>Bedankings<br>Afsluiting |

**2.8 ALGEMENE REËLINGS**

**2.8.1 Dienstafel** - met dankbaarheid word gebruik gemaak van die aanbod van LUX VERBI om 'n dienstafel in die portaal (eerste vlak) te beman.

**2.8.2 Uitstallings** - goedkeuring word aan enkele instansies en kommissies verleen om uitstallings tydens die sinodesitting te behartig; vgl vyfde verslag.

**2.8.3 Ander verkope** - geen ander boeke, pamflette, artikels of ware mag op enige plek in die Sinodale Sentrum verhandel word nie, behalwe met vooraf goedkeuring van die moderatuur.

**2.8.4 Stukke voor die sinode** - behalwe die Agendaboek, laatstukke wat by die uittredende skriba ingehandig is en ander stukke waarvoor toestemming verkry is, mag geen stukke van watter aard ookal aan die vergadering uitgedeel word nie, tensy vooraf toestemming van die moderatuur ontvang is.

**2.8.5 Bandopnames** - geen opnames mag van enige deel van die verrigtinge gemaak word nie, tensy vooraf toestemming verkry is van die moderamen (of moderatuur na konstituering van die sinode).

**2.8.6 Mediese dienste** - enige persoon wat dringend mediese hulp nodig het, kan navraag doen by die Beveiligingspersoneel in die hoofingangsportaal.

## 3. AANBEVELING

**Die sinode keur die reëlings vir die vergadering, soos getref deur die uittredende moderamen, goed.**

PS STRüMPFER (voorsitter)
JC CARSTENS (skriba)

# A.1.2 MODERAMEN: TWEEDE VERSLAG (GEWONE WERKSAAMHEDE)

## 1. PERSONEEL

**1.1 LEDE VAN DERDE MODERAMEN** - die derde moderamen was soos volg saamgestel:
**1.1.1 Moderatuur** - ds PSHF Strümpfer, dr M Smuts, dr MC Botha en ds JC Carstens.
**1.1.2 Predikantlede** - ds NJ Behr, dr PR du Toit en dr OSH Raubenheimer. (Sekundi: prof CJA Vos en dr W Nicol). Sekundus prof JC Müller het uit die sinodale gebied verhuis.
**1.1.3 Kerkraadslede** - prof M Nel, br DW Steyn, dr GvN Viljoen en dr PH Bredenkamp. (Sekundi: ds CP Naudé, br JC Avenant en br E Kruger). Sekundus prof MC Dippenaar is oorlede in 'n motorongeluk.

**1.2 VERGADERINGS** - die moderamen het 14 keer vergader, waarvan 3 uitgebreide vergaderings was (vgl Bep 35.3.4)

**2. OPDRAGTE SINODE 1995**

**2.1 GEMEENTE WESPOORT**
**2.1.1 Opdrag** (Besluiteregister 7) - die sinode dra dit aan die moderamen op om volgehoue aandag aan die posisie van die gemeente Wespoort te gee
**2.1.2 Uitvoering** - 'n aangewese ad hoc-kommissie het hierdie opdrag namens die moderamen verrig, telkens met rapport aan die moderamen
**2.1.3 Bevinding**
**2.1.3.1** Die skuld van die gemeente het vanaf R342 832 op 30 April 1995 met slegs R15 324 gedaal na R327 508 op 31 Mei 1997. Die moderamen het goedgekeur dat vanaf 1 April 1997 'n bedrag van R5 610 per maand op die rekening afbetaal word, in plaas van die vroeëre R4 167 per maand; daarmee word die rente gedek, maar nog geen afbetaling op die skuldlas nie. Sien ook die verslag van SKF in hierdie verband.
**2.1.3.2** Die ad hoc-kommissie het gereeld vergader; die inkomste en uitgawe van die gemeente word deeglik gemonitor.
**2.1.3.3** Daar bestaan ook nou die moontlikheid van kombinasie van gemeentes in die westelike deel van Pretoria; hierdie gemeente vorm pertinent deel daarvan.
**2.1.4 AANBEVELING - die sinode gee opdrag aan die moderamen om met inagneming van die fasiliteringsproses in die Ring van Pretoria-Wes die saak van Wespoort af te handel**

**2.2 LEIERSBERAAD**
**2.2.1 Opdrag** (9) - die sinode besluit dat sinvolle gesprekvoering met leiers op verskillende terreine kan plaasvind en versoek die moderamen om dit te reël sonder koste vir die sinode
**2.2.2 Uitvoering** - daar is nie sodanige leiersberade in 1996 en 1997 gereël nie
**2.2.3 AANBEVELING - die sinode keur die optrede van die moderamen goed**

**2.3 KERKVERENIGING**
**2.3.1 Opdragte**
**2.3.1.1** Buitengewone sinode vir beoordeling van konsep-kerkorde ((18.5.1) - die sinode gee opdrag aan die moderamen om, indien 'n volgende sinode te ver in die toekoms is, 'n buitengewone sinode op te roep ten einde die eerste konsep-kerkorde te beoordeel
**2.3.1.2** Ontmoeting ringe rondom konsep-kerkorde (18.5.2) - die sinode versoek die moderamen om rondom die konsep-kerkorde die ringe te ontmoet met die oog op die deurgee van inligting en om gesprek te stimuleer
**2.3.1.3** Infasering van kerkvereniging (18.5.3) - die ideaal (van kerkvereniging) moet bereik word langs 'n proses van infasering onder leiding van die moderamen of 'n kommissie deur hulle daartoe benoem, met die oog op die realisering van gesamentlike vergaderings op verskillende vlakke tussen die drie ter sake kerke soos wat gemeenskappe daarvoor gereed is
**2.3.2 Uitvoering**
**2.3.2.1** Die moderamen het hierdie opdrag by elke vergadering ter tafel gehad en aan verskeie sake aandag gegee
**2.3.2.2** 'n Brief van oudl IWB de Villiers (Lynnwood: 27/9/95) is tesame met die regsmening van advokaat J Louw SC na die ASK vir aandag en kommentaar deurgestuur. Die ASK het op sy beurt amptelike regsadvies ingewin oor die regtens aangewese weg wat die Ned Geref Kerk moet volg ten einde die besluit van die Algemene Sinode 1994 om mee te werk tot die daarstelling van een kerkverband vir die Familie van Ned Geref Kerke op grondslag van 'n goedgekeurde kerkorde uit te voer. Die moderamen het met waardering van hierdie *modus operandi* kennis geneem. Die regsadvies van adv Wim Trengrove SC was dat die Algemene Sinode wel die kerkorde kan verander en dan voortgaan met kerkvereniging; hy beveel egter aan dat 'n ander pad geloop word (wetgewing deur die parlement). Die saak geniet steeds aandag by die ASK en die ARK.
**2.3.2.3** Die moderamen het sy kommer teenoor die ASK uitgespreek en aanbeveel dat 'n "begrotingsperk" vir die Algemene Sinode geplaas word op die koste wat deur die betrokke kommissie aangegaan kan word met die voorbereidingsproses vir die konsepkerkorde. Die ASK is versoek om vroegtydig 'n begroting vas te stel vir die koste verbonde aan die proses van regsadvies en om die koste vir die onderhandelingsproses te bepaal. Die ASK het nie aan hierdie versoek gehoor gegee nie; die hele onderhandelingsproses het in elk geval nou tot 'n stilstand gekom en die Gesamentlike Kommissie sal skynbaar nie in die nabye toekoms vergader nie.
**2.3.2.4** Intussen was daar 'n hofsaak tussen die NGKA Sinodes van die Vrystaat en Phororo en die VGKSA; die saak is in die Hooggeregshof Bloemfontein ten gunste van die VGKSA uitgewys; die Sinodes van die Vrystaat en Phororo het appèl aangeteken; daar word nog gewag op die uitspraak. Dit kan besondere invloed hê op die totale verenigingsproses.
**2.3.3 AANBEVELING - die sinode gee opdrag aan die moderamen om op die hoogte te bly met die proses van kerkvereniging en na bevind van sake te handel**

**2.4 BYEENKOMS VOORSITTERS RINGSKOMMISSIES**
**2.4.1 Opdrag** (3) - die sinode versoek die moderamen om na

goeddunke en met inagneming van die finansiële implikasies voort te gaan met die byeenkomste vir die voorsitters van die ringskommissies

**2.4.2 Uitvoering** - die moderamen het nie sodanige byeenkomste in 1996 en 1997 gereël nie; die moderamen het geoordeel dat die Predikantekonferensies in 1997, soos aangebied deur die SKG in samewerking met die Hoofbestuurder van die Sinodale Kerkkantoor, hierdie versoek akkommodeer.

**2.4.3 AANBEVELING - die sinode versoek die moderamen om na goeddunke en met inagneming van die finansiële implikasies aandag te gee aan byeenkomste vir die voorsitters van ringskommissies**

**2.5 WERKSGELEENTHEDE AAN JONGER PERSONE**

**2.5.1 Opdrag** (40.2) - die sinode besluit dat die moderamen met alle betrokkenes in gesprek tree oor metodes om toenemend aan jonger persone in sinodale verband werksgeleenthede te skep

**2.5.2 Uitvoering** - die opdrag is verwys na die Ad hoc-kommissie Proponente (sien pt 2.8 hierna)

**2.6 DIENSLEWERING IN KOMMISSIES VAN DIE SINODE**

**2.6.1 Opdrag** (37) - die sinode besluit dat die moderamen na die sinode die gemeentes van die predikante wat in die kommissies van die sinode benoem is, skriftelik oor die aard en omvang van die werk in te lig, en ook op begrip daarvoor te vra

**2.6.2 Uitvoering** - hierdie opdrag het ongelukkig agterweë gebly. Die moderamen is van oordeel dat die opdrag herhaal moet word.

**2.6.3 AANBEVELING - die sinode gee opdrag aan die moderamen om nà die sinode die gemeentes van die predikante wat in die kommissies van die sinode benoem is, skriftelik oor die aard en omvang van die werk in te lig, en ook om begrip daarvoor te vra**

**2.7 VERGOEDINGSPAKKET**

**2.7.1 Opdrag** (41) - die sinode neem kennis van die hantering met betrekking tot die vergoedingspakket van leraars by die Algemene Sinode, wys 'n kommissie aan om in die lig van pt 4 van die Algemene Sinode se besluit verder te onderhandel en insette te lewer, en versoek die moderamen om hieraan uitvoering te gee

**2.7.2 Uitvoering** - die volgende persone is in die kommissie benoem: dr PR du Toit (sameroeper), oudl DW Steyn en dr MC Botha. Die moderamen het verder geoordeel dat hierdie ad hoc-kommissie direk aan die sinode verslag moet lewer.

**2.7.3 Bevinding** - in die hantering deur die Fasiliteringskommissie van die predikantsaangeleenthede word hierdie saak pertinent aangespreek; daarom is besluit dat hierdie opdrag kan verval.

**2.7.4 AANBEVELING - die sinode keur die optrede van die moderamen goed**

**2.8 WERKLOSE PROPONENTE**

**2.8.1 Opdrag** (8) - die sinode besluit dat 'n verkleinde ad hoc-kommissie die werksaamhede ten opsigte van die Werkverskaffings- en Indiensnemingsburo vir Proponente vir nog 'n termyn voortsit met rapport aan die moderamen

**2.8.2 Uitvoering** - die ad hoc-kommissie lewer soos volg verslag:

**2.8.2.1** Personeel - dr OSH Raubenheimer (voorsitter), ds JV Cronjé (skriba), prof M Nel, prof JC Müller en ds DHJ van Rensburg (sek: ds G Bothma)

**2.8.2.2** Die kommissie het op die volgende take gerig:

1. Databasis word gevestig, bestaande uit 'n profiel van die proponente
2. Praktykjaar vir Proponente geniet deurlopend aandag, omdat dit 'n geleentheid aan die proponente bied om in die kerklike struktuur betrokke te raak
3. Vergadering met die proponente om hulle situasie te bespreek en projekte te loods wat werkverskaffing, finansiële ondersteuning en pastorale begeleiding aan proponente sal gee

**2.8.2.3** 'n Proponentekonferensie is op 29 April 1996 gehou. Die volgende sake is bespreek: die pastorale versorging van proponente; gemeentejaar vir proponente; proponentstatus; kerklike hulp aan proponente; 'n Buro vir Proponente; projekte om werksgeleenthede en geldelike hulp aan proponente te gee

**2.8.2.4** Verskeie aksies het na vore getree, oa die betrokkenheid van ds JV Cronjé by die Algemene Bedieningsfonds, deurlopende gesprekke en onderhoude met proponente, nuwe moontlikhede ten opsigte van 'n Buro, insette en betrokkenheid by die plasing en skepping van poste en diensgeleenthede, landwye kontak met proponente (met die oog op 'n databasis)

**2.8.2.5** Die poging om 'n Buro vir Proponente tot stand te bring, is in die verlede verhinder omdat daar nie genoegsaam fondse gevind kon word om 'n Buro te vestig nie. Daar kan wel in die kerklike struktuur sodanige fasiliteite geskep word vir 'n Buro, maar dan bly fondse steeds die probleem. Die proponente het besluit om self fondse te genereer om so 'n Buro vir Proponente tot stand te bring. Die oplossing is dus geleë in fondse wat deur privaat inisiatief self gegenereer word.

**2.8.3 AANBEVELING - die sinode keur die optrede van die moderamen goed**

**2.9 PROPONENTE AS HUWELIKSBEVESTIGERS**

**2.9.1 Opdrag** (143) - die sinode versoek SKLAS om die moderamen te adviseer oor die aanstelling van proponente as huweliksbevestigers. Die sinode verwys die saak van die bevestiging van huwelike deur proponente na die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake. Die SKLAS lewer verslag aan die moderamen wat na bevind van sake leiding oor hierdie saak gee.

**2.9.2 Uitvoering** - die moderamen het kennis geneem dat die ARK toestemming verleen het dat proponente ook as huweliksbevestigers aangestel kan word; daarmee was die saak afgehandel en het die sinodeskriba sodanig aan gemeentes per omsendbrief kennis gegee.

**2.10 FUNKSIONERING VAN GEMEENTES**

**2.10.1 Opdrag** (14) - met die oog op die finansiële krisis in baie gemeentes, wys die sinode 'n ad hoc-kommissie aan met die opdrag om ondersoek te doen na die funksionering van die Ned Geref Kerk Sinode van Noord-Transvaal, met verwysing na onder andere kerkwees in die huidige samelewing, gemeentestrukture en bedieningspatrone, finansiële aangeleenthede, en die kerkregeringstelsel. Die kommissie werk in oorleg met die moderamen en ander ter sake kommissies.

**2.10.2 Uitvoering** - die betrokke ad hoc-kommissie het besluit om die opdrag, weens oorvleueling van sekere sake, na die Fasiliteringskommissie en die Sinodale Kommissie vir Gemeentebou deur te gee. Die moderamen het dit so goedge-

keur; derhalwe dien daar nie 'n verslag van die ad hoc-kommissie voor die sinode nie.

**2.10.3 AANBEVELING - die sinode keur die optrede van die moderamen goed**

## 2.11 VERMINDERING SINODALE BYDRAES EN INKORTING SINODALE WERKSAAMHEDE

**2.11.1 Opdrag (171)** - met die oog op die doelgerigte vermindering van sinodale bydraes van gemeentes en 'n haalbare inkorting van sinodale werksaamhede, besluit die sinode: Die aanbevelings in A.1.3 wat die terminering van werksaamhede op 31 Maart 1996 inhou, word goedgekeur. Ander aanbevelings in A.1.3 word voorwaardelik goedgekeur, met dien verstande dat (1) die finansiële dravermoë van gemeentes deur die SKF vasgestel word aan die hand van die finansiële state en gesprek met gemeentes waar nodig, (2) die mate waartoe sinodale bates in hierdie verband benut kan word, deeglik deur die SKF ondersoek en verreken word, (3) die SKF in die proses onderhandelingsgesprekke voer met die moderamen, kommissies, verteenwoordigers en ander instansies vanuit die gedagte van 'n zero-begroting. Die SKF lê uiteindelik sy verslag aan die uitgebreide moderamen voor vir oorweging. Hierdie uitgebreide moderamen het afhandelingsbevoegdheid.

**2.11.2 Uitvoering**

**2.11.2.1** Die uitgebreide moderamen het 2 keer vergader om die voorleggings van die SKF te behandel

**2.11.2.2** By die vergadering van 15 Maart 1996 het die volgende sake onder andere aandag geniet:

1. Die moderamen besluit dat 'n studie gedoen word oor alternatiewe bedieningsmoontlikhede in gemeentes wat nie 'n predikantspos kan bekostig nie. Dit word verwys na die SKG in oorleg met die ad hoc Fasiliteringskommissie en met raadpleging van al die tersaaklike kommissies en kerkvergaderings. (Sien verder verslag van die SKG).
2. Die moderamen gee opdrag aan die Sinodale Regskommissie om prosedures te vind om gemeentes te beskerm teen die maak van onnodige en onverantwoordelike skuld. Die SKF-dagbestuur formuleer 'n konsepriglyn wat as wenk kan dien vir die SRK in dié verband. (Hierdie opdrag het agterweë gebly).
3. Die moderamen keur goed dat daar aan die beginsel gewerk word van die uitfasseer van gesamentlike werksaamhede van verskillende streeksinodes vanweë moeilike finansiële bestuur van sulke werksaamhede. (Sien hierna pt 6.4.4.1.)
4. Opgedra aan die SKG om, in oorleg met die SKF, alle oorskotte op die fondse van die SKG te hanteer met rapport by die Sinode 1997. (Sien verslag van SKG.)
5. Opgedra aan die SKF om ondersoek te doen na ander maniere tov die finansiering van Noord-Transvaal se belange in die Sinodale Sentrum.

**2.11.2.3** Die belangrikste besluit van die moderamen was die daarstelling van 'n Fasiliteringskommissie om in oorleg met al die ringe 'n deeglike strategiese beplanning en fasilitering te doen in terme van die aanbevelings soos in die SKF-verslag vermeld word. Die volgende persone dien in die kommissie: dr M Smuts (voorsitter), ds NJ Behr (skriba), dr JWJ Viljoen, prof M Nel, br DW Steyn, dr JH Voges, dr JJ Gerber en dr PH Bredenkamp. Die moderamen het met die kerkrade van Lynnwood, Vorentoe en Villieria/Waverley onderhandel ten opsigte van die kontraktering van die betrokke leraars met die oog op dienslewering twee dae per week @ R1 500 per lid per maand. Ten opsigte van prof Malan Nel is 'n reëling met die Universiteit van Vista getref (R100 per uur dienslewering). Sien in hierdie verband die Derde Verslag van die Moderamen in sake die werksaamhede van die Fasiliteringskommissie.

**2.11.2.4** Die volgende oorkoepelende besluit is op 15 Maart 1996 geneem:

1. Die moderamen aanvaar dat die Sinode 1995 die verslag A.1.3 goedgekeur het met die verstandhouding dat dit vir die gemeentes bekostigbaar sal wees
2. Die moderamen aanvaar dat die dravermoë van die gemeentes vir 1996/97 die bedrag van R5miljoen beloop
3. Die moderamen keur die begroting vir 1996/97 soos voorgelê goed
4. Die kommissies van die sinode en ander instansies kry goedkeuring om, binne die gegewe bedrae van die begroting, te bepaal watter sake, soos goedgekeur in A.1.3, wel uitgevoer kan word en watter nie
5. Die kommissies en instansies doen so gou as moontlik aan die SKF verslag van die uitvoering van die besluit

**2.11.2.5** Op die uitgebreide moderamen van 13 Maart 1997 het verseie sake aandag geniet:

1. Die volgende aanbeveling van die SKF is in sy geheel na die Fasiliteringskommissie verwys vir verdere hantering: Dat indringend en spoedig gekyk word na 'n meer effektiewe aanwending en benutting van predikante in die bediening; dat gesoek word na alternatiewe maniere waarop predikante van standplase sou kon verwissel en predikantsposte geskep sou kon word vir bediening in gemeentes wat vanweë hulle finansiële vermoë dit nie kan bekostig nie; dat na alternatiewe maniere van predikantsbesoldiging gekyk word, bv predikante deur die sinode betaal volgens FSA peromnesskale; dat meer moeite gedoen word in terme van die motivering en pastorale versorging van predikante in die bediening; dat ondersoek ingestel word na die moontlikhede van personeelbestuur en beter praktykopleiding van predikante.
2. Die uitgebreide moderamen versoek die SKF om gemeentes steeds te help en te motiveer om gemeentebegrotings volgens gesonde finansiële beginsels/praktyke te bestuur; om, in samewerking met die Sinodale Kerkkantoor, inligtings- en motiveringsgeleenthede vir gemeentes ten opsigte van die toepassing van effektiewe bestuursbeginsels in die gemeente en alternatiewe fondsgenerering aan te bied.
3. Die moderamen versoek die SRK om regsadvies in te win oor die vraag of die kerkverband verantwoordelik gehou kan word vir die skuld van individuele gemeentes. (Sien SRK-verslag).

**2.11.2.6** Die volgende oorkoepelende besluit is geneem:

1. Die uitgebreide moderamen neem kennis van die wysiging van sinodale bydraes volgens gemeentes se dravermoë en die motivering daarvan soos weergegee in die voorlegging (van die SKF), en keur dit soos gewysig goed met die oog op die berekening van die sinodale begroting vir die 97/98 finansiële boekjaar
2. Die uitgebreide moderamen keur goed dat bedrae vanaf vorige jare nou verminder is

**2.11.2.7** Die SKF het die volgende versoek tot die moderamen gerig: "Die moderamen oorweeg die wenslikheid (ter wille van koördinering en kontinuïteit) vir die skep van 'n permanente skribaatpos, wat die skribaat van die sinode, die moderamen en alle sinodale kommissies op 'n voltydse basis behartig.

**2.11.3 Bevinding** - hierdie vergaderings van die uitgebreide moderamen saam met die SKF is as baie sinvol beleef.

**2.11.4 AANBEVELINGS**
**2.11.4.1 Die sinode keur die optrede van die moderamen ten opsigte van die vermindering in sinodale bydraes en die inkorting van sinodale werksaamhede goed**
**2.11.4.2 Die sinode keur die optrede van die moderamen ten opsigte van die daarstelling van die Fasiliteringskommissie goed**
**2.11.4.3 Die sinode verwys die versoek van die SKF insake 'n permanente skribaatpos na die moderamen vir ondersoek**

**2.12 KONTRAKTERING VAN DIENSTE**
**2.12.1 Opdrag** (34) - die sinode keur goed dat dienste ad hoc ingekontrakteer kan word ten opsigte van projekte van sinodale kommissie in belang van sinodale werksaamhede. (Die moderamen het opdrag ontvang om die *modus operandi* in samewerking met die betrokke kommissie uit te voer).
**2.12.2 Uitvoering** - slegs die moderamen self het van hierdie dienste ten opsigte van die Fasiliteringskommissie gebruik gemaak; geeneen van die ander kommissies van die sinode het 'n aansoek ingedien nie
**2.12.3 Bevinding** - gedagtig aan die sukses van die kontraktering van die lede in die Fasiliteringskommissie, is dit nodig dat hierdie besluit gehandhaaf word as werkwyse in die sinode

**2.13 REGSTELLENDE AKSIE**
**2.13.1 Opdrag** (150) - die sinode verwys die verslag oor Regstellende Aksie terug na die SKLAS vir herbesinning en riglyne tov hierdie belangrike saak vir die kerk en om die resultaat aan die moderamen voor te lê vir goedkeuring voordat die riglyne aan gemeentes beskikbaar gestel word
**2.13.2 Uitvoering** - die moderamen het die gewysigde verslag van die SKLAS goedgekeur en dit in Junie 1997 aan al die gemeentes deurgestuur

## 3. STAANDE OPDRAGTE

**3.1 BEROEPING VAN SENDINGLERAAR** (Bep 7.2.3) - geen aansoeke is ontvang nie

**3.2 BEROEPBAARSTELLING AS GEVOLG VAN SIEKTE** (Bep 7.5) - geen aansoeke is ontvang nie

**3.3 WERKSAAMHEDE DEUR GEMEENTES BUITE GRENSE ONDERNEEM** (Bep 7.11.3) - geen aansoeke is ontvang nie

**3.4 VERLENING VAN DEMISSIE** (Bep 8.1.2) - geen aansoeke is ontvang nie

**3.5 HERINDELING VAN RINGE** (Bep 29.1.1)
**3.5.1 Monavoni** - die gemeente Monavoni (Ring van Sesmylspruit) het ontbind en vorm nou deel van die gemeente Raslouw (Ring van Valhalla)
**3.5.2 Pretoria-Dowes**
**3.5.2.1** Die gemeente Pretoria-Dowes was voorheen deel van die Ring van Pretoria. Hulle benut reeds verskeie jare die kerkgebou van die gemeente Jakaranda (Ring van Eloffsdal) en versoek om eerder deel van lg ring te wees
**3.5.2.2 AANBEVELING - die sinode besluit dat die gemeente Pretoria-Dowes deel vorm van die Ring van Eloffsdal**
**3.5.3 Capital Park-Oos**
**3.5.3.1** Die gemeente Capital Park het ontbind en vorm nou deel van die gemeente Capital Park-Oos; die twee gemeentes het met eenwording besluit op 'n nuwe naam, nl Capital Park-Concordia.
**3.5.3.2** Die Ring van Eloffsdal beveel aan dat die naam van die uitgebreide gemeente Capital Park-Oos verander na Capital Park-Concordia.
**3.5.3.3 AANBEVELINGS**
**1. Die sinode keur goed dat die naam van die uitgebreide Capital Park-Oos verander na Capital Park-Concordia.**
**2. Die sinode keur goed dat die gemeente Capital Park-Concordia deel vorm van die Ring van Eloffsdal**
**3.5.4 Skanskop**
**3.5.4.1** Die volgende vier gemeentes in die Ring van Voortrekkerhoogte het besluit op eenwording met die gemeente Skanskop (Ring van Pretoria-Wes): Voortrekkerhoogte, Voortrekkerhoogte-Oos, Voortrekkerhoogte-Wes en Lugmaggimnasium. Die naam Skanshoogte word deur die Ring van Pretoria-Wes vir die nuwe gemeente aanbeveel.
**3.5.4.2** Die gemeente Tek (Ring van Voortrekkerhoogte) het besluit om voorlopig op hulle eie voort te gaan en nie deel ter vorm van die eenwording nie.
**3.5.4.3** Na onderlinge samesprekings is ooreengekom dat die nuutsaamgestelde gemeente deel vorm van die Ring van Valhalla, asook die gemeente Tek
**3.5.4.4 AANBEVELING**
**1. Die sinode keur die ontbinding van die Ring van Voortrekkerhoogte goed**
**2. Die sinode keur goed dat die nuutsaamgestelde gemeente en die gemeente Tek deel vorm van die Ring van Valhalla**
**3. Die sinode keur goed dat die naam van die gemeente Skanskop verander na Skanshoogte**

**3.6 UITSTEL/REëL VAN (BUITENGEWONE) SINODE** (Bep 32.1.3) - geen versoek is in hierdie verband ontvang nie

**3.7 ANDER FONDSE VIR SPESIFIEKE SAKE** (Bep 57.4.2) - geen aansoeke is ontvang nie

**3.8 HERSTEL VAN BEVOEGDHEID VAN PREDIKANTE/PROPONENTE** (Regl 4: pt 9.2.3) - die volgende aansoeke het voor die moderamen gedien en hulle is almal goedgekeur en verwys na 'n Eksamenkommissie vir *colloquium doctum:*
**3.8.1** JG Swanepoel (Ring Villieria) - 15 Maart 1996
**3.8.2** AS Nel (Ring Rustenburg) - 15 Maart 1996
**3.8.3** DJ Theron (Ring Northam) - 30 Augustus 1996
**3.8.4** JN Myburgh (Ring Wonderboom) - 30 Mei 1997

**3.9 GOEDKEURING NOTULE LAASTE SITTINGSDAG** (Bep 18.17.3) - die vertroulike notule van 12 September 1995 en die notule van die laaste sittingsdag 15 September 1995 is deur die moderamen goedgekeur en deur die moderatuur onderteken

**3.10 ALGEMENE KOMMISSIE VIR AGENDA** (Regl 15: pt 3.1) - die moderamen het kennis geneem dat die Algemene Sinode 1998 op grond van kostebesparing DV weer in Pretoria vergader, en nie in Kaapstad nie. Die moderamen het

vervolgens per brief aan die ASK kennis gegee dat die Sinode van Noord-Transvaal gewillig is om die Algemene Sinode 1998 te ontvang; indien dit aanvaar word, vorm die nuwe moderatuur deel van die Algemene Kommissie vir die Agenda.

**3.11 BESKRYWINGSPUNTE** (Bep 35.5.3) - die moderamen het die volgende "algemene" beskrywingspunte hanteer:

**3.11.1 Eie Sinode vir Noordelike Provinsie**

**3.11.1.1** Aanbeveling Ring Pietpotgietersrus: Na aanleiding van 'n sinodebesluit (1995:359:3.1.3) word die Sinode van Noord-Transvaal versoek om in samewerking met die Noordelike Ringe Forum ondersoek in te stel na die moontlikheid van die stigting van 'n eie sinode vir die gemeentes van die Noordelike Provinsie met verslag aan die volgende sinode

Motivering:

* 'n Eie sinode vir die Noordelike Provinsie is geografies en demografies voordelig
* Korter reisafstande vir afgevaardigdes
* Korter sinodesittings
* Die bemagtiging van ringe
* Stimulasie van eie kundigheid
* Eiesoortige behoeftes word aangespreek bv plaasarbeiderbediening
* Beter inspraak in Algemene Kerkverband
* Vinnige en doeltreffende skakeling met eie Provinsiale Owerheid

**3.11.1.2** Die Vier-Transvaalse-Moderature is tans besig met 'n ondersoek na die situasie ten opsigte van die voormalige Transvaal en die moontlike herindeling van die sinodes volgens provinsiale grense; die versoek van die Ring van Rustenburg (Sinode 1995) is ook daar op die tafel. Sien pt 11.1 hierna.

**3.11.1.3 Amendement - die sinode verwys die versoek in sake 'n eie sinode vir die Noordelike Provinsie na die moderamen vir ondersoek, in oorleg met verteenwoordigers van die Ringe van Waterberg, Pietpotgietersrus, Pietersburg, Northam en Louis Trichardt, asook ander belanghebbende partye**

**3.11.2 Kerkvereniging**

**3.11.2.1** Aanbeveling Kerkraad van Limpopo: As kerkvereniging binne die NG Kerk-familie onvermydelik skyn te wees, moet die NG-Kerk as moederkerk sorg dra dat die beoogde proporsionele verteenwoordiging op verenigde sinodevlak sodanig deur die Kerkorde beperk word dat die NG-Kerk beheer behou oor die te stigte kerk

**3.11.2.2 Amendement - Die beskrywingsunt word nie aanvaar nie**

## 4. SPOEDEISENDE SAKE

### 4.1 VERPLIGTE DEELNAME BESTmed

**4.1.1 Sinodebesluit** (188.1) - alle kerkrade, kommissies en ander werkgewers is tot verdere kennisgewing deur die SKKK verplig om hulle leraars en ander werknemers wat kwalifiseer vir lidmaatskap van die Sinodale Pensioenfonds of Amptenare Pensioenfonds of Personeelvoorsieningsfonds, as lede van BESTmed of 'n ander goedgekeurde fonds in te skakel, behalwe in die geval van getroude vroue wat as afhanklikes by hul gades se mediese skema ingeskakel is

**4.1.2** Die Gesamentlike Fondsekommissie het aan die moderamen kennis gegee dat 16 predikante (vanuit 8 gemeentes) uit die mediese skema onttrek het. Volgens die Wet op Mediese Skemas kan die betrokke gemeentes skynbaar nie gedwing word om die premies van BESTmed te betaal nie; hulle kan hoogstens gewys word op die sinodebesluit en gevra word om die minimum-heffing tov die pensioenarisse te betaal (R195). Die moderamen het vervolgens met die betrokke kerkrade in verbinding getree en hulle gewys op die besluit van die sinode.

**4.1.3** Slegs ds JJ Coetzee (Floraunapark), ds AN Pringle (Rustenburg) en die twee leraars van Rustenburg-Wes het weer tot BESTmed toegetree; die res verkies om by ander mediese skemas in te skakel (Florandia, Rustenburg, Rustenburg-Bergsig, Rustenburg-Proteapark, Waterkloof en Valhalla)

**4.1.4** Sien in hierdie verband die SRK-verslag oor die afdwingbaarheid van sinodale besluite

### 4.2 BEDIENING AAN LIDMATE IN BUITELAND

**4.2.1** Die praktiese situasie ten opsigte van buitelandse bediening is soos volg: die Algemene Sinode het aan die Sinode van Noord-Transvaal opdrag gegee om die bediening te behartig; die SA Gemeente Londen is enkele jare gelede gestig; oorsese lidmate wat buite Londen woon en werk, vorm deel van die gemeente Pretoria-Oos (grensomskrywing "die wêreld"); intussen doen kapelane van die SANW besoekwerk in die buiteland; orals kom inisiatiewe na vore om in die buiteland te gaan werk

**4.2.2** Die gemeente Pretoria-Oos het 'n konferensie met al die belanghebbendes en belangstellendes gehou. Twee belangrike uitgangspunte is gestel:

1. Dit is 'n "aanvullende bediening" vir lidmate in die buiteland wat weer beplan om terug te kom na die RSA
2. Dit is 'n "permanente bediening" vir emigrante wat daar gaan woon, met die gedagte dat hulle dan plaaslik versorg moet word

**4.2.3** Die oplossing lê daarin dat die gemeentegrense van Pretoria-Oos gedeproklameer word, en dat die Algemene Sinode gevra word om die opdrag aan Noord-Transvaal te herroep

**4.2.4 AANBEVELINGS**

**4.2.4.1 Die sinode keur goed dat die gemeentegrense van die gemeente Pretoria-Oos gedeproklameer word tot wat dit was voordat die gemeentegrense verskuif is na "die wêreld" om die buitelandse bediening te akkommodeer**

**4.2.4.2 Die sinode besluit om die volgende beskrywingspunt na die Algemene Sinode 1998 deur te stuur: Die Algemene Sinode herroep sy besluit waarvolgens die Sinode van Noord-Transvaal verantwoordelik gemaak word vir die bediening onder Suid-Afrikaners in die buiteland, en gee aan die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening opdrag om opnuut te besin oor dié werk en die Algemene Sinode in dié verband te lei.**

**Motivering**

**1. Sedert die opdrag aan die Sinode van Noord-Transvaal gegee is, het die situasie binnelands en buitelands drasties verander**

**2. Groot getalle lidmate van die kerk het intussen geëmigreer. Dit is dringend noodsaaklik dat besin word oor die vraag of die kerk 'n verantwoordelikheid teenoor hulle het en, indien wel, wat die aard van die verantwoordelikheid is**

**3. Dit gebeur al meer dat gemeentes, wat nie almal uit die Sinode van Noord-Transvaal is nie, inisiatiewe neem vir die bediening van Suid-Afrikaners in die buiteland. Dit bring sulke gemeentes in stryd met die onderhawige**

**huidige besluit van die Algemene Sinode.**
**4. Die Algemene Sinode moet besin oor die nodigheid en aard van die koördinering van sulke "privaat inisiatiewe" deur gemeentes, al dan nie.**

**4.3 BESLUIT OOR ARTIKEL 64.4.4** - hierdie saak word tydens die sinode *in camera* behandel

**4.4 WEIERING OM SINODALE BYDRAES TE BETAAL**
**4.4.1** Die sinode het opdrag aan die SRK gegee om tugmaatreëls op te stel teen gemeentes wat weier om hulle sinodale bydraes te betaal
**4.4.2** In die lig van die positiewe gesindheid wat tans by gemeentes na vore tree, het die moderamen gereël dat die opdrag kan verval
**4.4.3 AANBEVELING - die optrede van die moderamen word goedgekeur**

**4.5 WAARHEIDS- EN VERSOENINGSKOMMISSIE**
**4.5.1** Die moderamen het in November 1996 kennis geneem dat die ASK nie 'n voorlegging aan die Waarheids- en Versoeningskommissie gaan maak nie. Lede van die moderamen het gevra dat die Sinode van Noord-Transvaal die ASK versoek om wel so 'n voorlegging te maak. Die saak het voor die uitgebreide moderamen in Maart 1997 gedien.
**4.5.2** Die uitgebreide moderamen het soos volg besluit:
1. Die Uitgebreide Moderamen van die Sinode van Noord-Transvaal spreek hom uit teen 'n voorlegging aan en/of verskyning voor die Waarheids- en Versoeningskommissie. Hierdie optrede het betrekking op die Moderamen se eie optrede maar ook op moontlike optrede van die Algemene Sinodale Kommissie waarby die Sinode van Noord-Transvaal geïmpliseer mag word.
2. Die Uitgebreide Moderamen is van oordeel dat die kerk hom aktief moet beywer om die blywende versoeningsboodskap deur sy eie strukture uit te dra.
3. Die kerk moet primêr gebruik maak van sy eie strukture, veral die gemeentes, waardeur hy al sy lidmate op 'n volgehoue manier direk kan bereik en so tot blywende versoening oproep.
4. Met inagneming van die bogenoemde versoek die Uitgebreide Moderamen van Noord-Transvaal die Algemene Sinodale Kommissie om besluite van die Algemene Sinode rakende rassisme en apartheid en sy verbintenis tot die versoeningsproses in die Republiek van Suid-Afrika onder almal se aandag te bring
5. Die Uitgebreide Moderamen besluit om met groot dringendheid leiding te neem om hierdie versoeningsproses in die Sinode van Noord-Transvaal te bevorder.
**4.5.3** Punt 5 hierbo word behandel in die Vyfde Verslag van die Moderamen
**4.5.4** Die ASK het in Mei 1997 weer besluit om nie 'n voorlegging aan die WVK te maak nie; 'n persoon (dr FM Gaum) is wel getaak om die geskiedenis van die NG Kerk tov "apartheid" op skrif te stel.

**4.6 VERKOOP VAN EIENDOMME**
**4.6.1** Vgl in hierdie verband die volgende sinodebesluit: "dat die mate waartoe sinodale bates (in verband met die vermindering van sinodale bydraes deur gemeentes) benut kan word, deeglik deur die SKF ondersoek en verreken word." (Besluiteregister 171) Die moderamen, SKF en die Hoofbestuurder van die Sinodale Kerkkantoor het gesamentlik hierdie opdrag hanteer. Oor die ander terreine word onder pt 12.1 verslag gelewer.
**4.6.2 Sinodale Sentrum**
**4.6.2.1** Die moderamen het kennis geneem dat die rente op die uitstaande lening van die Sinode van Noord-Transvaal se aandeel in die Sinodale Sentrum steeds eskaleer, ten spyte van drastiese pogings om dit te verminder. Indien die lening afgelos sou kon word, kan die dividende doelmatig teruggeploeg en die gemeentes ook so tegemoet gekom word.
**4.6.2.2** Derhalwe het die moderamen besluit om aan die Hoofbestuurder (en die Sinodale Kerkkantoorkommissie) opdrag te gee om steeds die moontlike opsie van die verkoop van die Sinodale Sentrum te ondersoek. Sien die verslag van die SKKK in hierdie verband.
**4.6.3 Sonop Christelike Tehuis**
**4.6.3.1** Die moderamen het ook verskeie voorleggings en opsies ten opsigte van die toekoms van die Sonop Christelike Tehuis onder oë gehad.
**4.6.3.2** Die moderamen het die volgende besluite geneem:
1. Die verkoop van die Sonop Christelike Tehuis word in beginsel goedgekeur
2. Die volgende opsie word aanbeveel vir onderhandeling: Die Bond van Oud-Sonoppers en die Sonop-raad huur Sonoptehuis by die kerk met die opsie om te koop. Sonop-tehuis word teen 'n nominale bedrag aan die Bond van Oud-Sonoppers of die Sonopraad of ander te stigte liggaam met dieselfde doelstellings as die Bond en Raad verhuur, en terselfdertyd word 'n opsie aan die Bond van Oud-Sonoppers of die Sonopraad gegee om voor die verstryking van 'n tydperk van drie jaar vanaf die aanvang van die huurooreenkoms, Sonoptehuis te koop teen 'n markverwante prys. Indien die Bond van Oud-Sonoppers of die Sonopraad nie die koop-opsie na drie jaar uitoefen nie, word Sonoptehuis op die ope mark teen 'n markverwante prys verkoop.
**4.6.4 AANBEVELING - die sinode keur die optrede van die moderamen goed**

## 5. AANVULLING VAKATURES

**5.1 KOMMISSIES VAN DIE SINODE**
**5.1.1 SKDB**
1. Ds PB Grobler (Overkruin) as sekunduslid in die plek van ds JL Breedt (Waterberg)
2. Ds JHP Serfontein (Rustenburg-Wes) as primariuslid in die plek van ds CB Swart (Pietersburg)
3. Dr MN van der Merwe (Wierdapark-Suid) as sekunduslid in die plek van ds JHP Serfontein (Rustenburg-Wes)
4. Met die vertrek van ds CE Bredell is besluit om nie 'n sekunduslid te benoem nie.
**5.1.2 SRK** - prof PB van der Watt as sekunduslid in die plek van ds LB Saayman
**5.1.3 Ad hoc Kinderkommunie** - prof JC Müller is gevra om daarin aan te bly
**5.1.4 SKE/SKKM** - aan dr PJC Loots is toestemming verleen om in die kommissies aan te bly tot by die Sinode 1997

**5.2 KOMMISSIES ALGEMENE SINODE**
**5.2.1 AKLAS** - dr W Nicol as waarnemer van Noord-Transvaal in die plek van dr ACJ van Niekerk
**5.2.2 AKV** - mev H Ackermann in die plek van mev M Lazenby

**5.3 EKSAMENKOMMISSIE PRETORIA** - dr M Smuts as sekunduslid vir Praktiese Teologie goedgekeur

## 6. BENOEMING VAN 'N PREDIKANT-SINODAAL

**6.1 SINODEBESLUIT** (1993:237:5.2.2.1) - die sinode besluit dat die bestaande poste vir predikante in sinodale diens asook gesubsidieerde poste deur die moderamen beoordeel word indien 'n vakature ontstaan. Indien die moderamen oortuig is dat die werk moet voortgaan, neem hy 'n besluit daaroor.

**6.2 STUDENTELERAAR UNIVERSITEITSOORD** - die moderamen het sy instemming betuig met die besluit van Universiteitsoord om die vakature vir 'n studenteleraar te vul

**6.3 LERAAR PRETORIA-DOWES**
**6.3.1** Met die vertrek van ds CN Malan het die Sinodale Kommissie Oos-Transvaal die moderamen versoek om saam te besin oor die toekoms van die pos. Die gedagte van "ontbondeling van werksaamhede" het hier ter sprake gekom.
**6.3.2** Die moderamen het soos volg besluit:
1. Die moderamen besluit in beginsel om voort te gaan met die subsidiëring van die pos van 'n leraar vir die gemeente Pretoria-Dowes
2. Die Sinode van Noord-Transvaal neem die finansiële verantwoordelikheid ten opsigte van die Bediening aan die Dowes vanaf 1 April 1997 oor
3. Die finansiële verantwoordelikheid van die Sinode van Oos-Transvaal tov die genoemde werksaamheid termineer DV op 31 Maart 1997
**6.3.3** Die gemeente Pretoria-Dowes het hierdie reëling skriftelik aanvaar. Hulle was ook in gesprek met die Fasiliteringskommissie en is tans in beplanning vir die beroep van 'n leraar.

**6.4 TWEEDE POS INDIëRSENDING**
**6.4.1** Die sinode het in 1995 besluit om sy finansiële bydrae ten opsigte van die Moslemsending op 31 Maart 1996 te termineer (Besluiteregister 105.1).
**6.4.2** Tydens 'n samespreking met die Moderatuur van Oos-Transvaal is bevestig dat die betrokke sinodebesluit voortydig was en dat dit nie op 31 Maart 1996 volvoer sou word nie. By dieselfde geleentheid het die moderamen aan die Sinodale Kommissie van Oos-Transvaal kennis gegee dat die Sinode van Noord-Transvaal wil "uitkontrakteer" ten opsigte van die finansiële verantwoordelikheid vir Moslemsending.
**6.4.3** Die uitgebreide moderamen het in Maart 1996, in die lig van begrotingsrealiteite, besluit dat die tweede pos vir Indiërsending so spoedig moontlik uitgefasseer moet word; dit is aan die moderamen opgedra om in gesprek te tree met verteenwoordigers van die Sinode van Oos-Transvaal om die saak te finaliseer.
**6.4.4** Na 'n ontmoeting met die Moderatuur van Oos-Transvaal, is die volgende besluite geneem:
1. Die gedagte van ontbondeling van werksaamhede tussen die twee sinodes word in beginsel goedgekeur
2. Die Sinode van Oos-Transvaal word versoek om die finansiële verantwoordelikheid ten opsigte van die Tweede Pos Indiërsending (Moslems) vanaf 1 April 1997 oor te neem
3. Die finansiële verantwoordelikheid van die Sinode van Noord-Transvaal tov die genoemde pos termineer op 31 Maart 1997
4. Die bestaande gesamentlike ooreenkoms met br Fred Nel tov die Tweede Pos Indiërsending (Moslems) verval DV op 31 Maart 1997
5. Opgedra aan die Gesamentlike Kommissie vir Moslemsending om 'n nuwe ooreenkoms tov van br Fred Nel op te stel en hom dit aan te bied; hy moet dan skriftelik kennis gee dat hy tevrede is met die nuwe reëling.
6. Die werksaamhede van die Gesamentlike Kommissie vir Moslemsending verval DV op 31 Maart 1997
**6.4.5** Daar word nog gewag op die skriftelike aanvaarding van die nuwe ooreenkoms deur br Fred Nel

**6.5 STUDENTEBEDIENING RIVIERA** - die volgende besluite is deur die moderamen geneem:
1. 15 Maart 1996 : Opgedra aan die SJK om aan Riviera-gemeente deur te gee dat hulle die SKF moet nader ten opsigte van 'n moontlike bydrae vir verpleegsterbediening (vgl versoek van Riviera by 1995-sinode)
2. 9 Mei 1996: In die lig van Bep 7.11.1 is die moderamen van oordeel dat die versoek van Riviera-gemeente met groot meriete oorweeg behoort te word. Die saak word na die SKF verwys met die oog daarop dat, indien moontlik, Riviera-gemeente so spoedig tegemoet gekom word.
3. 30 Mei 1997: Die hele saak tov studentebediening by Riviera word na die Sinodale Jeugkommissie verwys, in oorleg met wie ter sake is . (Sien Tweede Verslag van SJK).

**6.6 AANBEVELING - die sinode keur die optrede van die moderamen ten opsigte van die gesubsidieerde poste goed**

## 7. ARBITERSTAAK BEGROTING - geen spesifieke sake het voor die moderamen gedien nie.

## 8. DANK- EN BIDDAE

**8.1 MIDDERNAGDIENS 1999**
**8.1.1 Sinodebesluit** (45) - die sinode besluit om die gedagte van 'n Middernagdiens 1999 eers te laat en by die Sinode 1997 weer 'n besluit te neem
**8.1.2 AANBEVELING - die sinode stap af van die saak**

**8.2 DANKDAG REëN** - die versoek van die ASK dat 'n dankdag vir reën op 4 Februarie 1996 waargeneem word, is aan al die ringskriba's deurgegee

## 9. AFVAARDIG SPESIALE GELEENTHEDE
- lede van die moderamen was betrokke by feesvieringe en geleenthede van die gemeentes Nylstroom-Oos, Derdepoort en Pretoria-Dowes

## 10. PASTORALE GESPREK

**10.1 RING VAN SESMYLSPRUIT**
**10.1.1** Die moderamen het in Maart 1997 soos volg besluit: Die Uitgebreide Moderamen het tydens die behandeling van die verslag oor die Dravermoë van die Gemeentes in Noord-Transvaal met kommer kennis geneem van die volgende feite ten opsigte van die Ring van Sesmylspruit: die 5 gemeentes in

die ring is verantwoordelik vir 20% (R3,4miljoen) van die totale skuld binne die Sinode van Noord-Transvaal, en die lopende inkomste van die ring is tans te min om die skuldlas in die afsienbare tyd te delg. In die lig van Kerkorde Bepaling 35.3.3.8 versoek die Uitgebreide Moderamen die Ring van Sesmylspruit om die moderamen so spoedig moontlik te ontmoet met die oog op pastorale gesprek.

**10.1.2** Die pastorale gesprek het op 30 Mei 1997 plaasgevind. Die volgende besluit is geneem:

1. Die moderamen aanvaar die feit dat gemeentes binne die Ring van Sesmylspruit, vanweë sneluitbreidende woonbuurtes en gepaardgaande bedieningsbehoeftes, skuld moes maak. Die moderamen neem met dank kennis van wat elke gemeente doen om die skuldlas af te werk en hulle inkomste in belang van die uitbreiding van die koninkryk te bestuur.
2. Die moderamen versoek die SKF om, in oorleg met die gemeentes van die Ring van Sesmylspruit, te besin oor moontlike hulp ten opsigte van die voortgaande bestuur van die finansies van die gemeentes.
3. Die moderamen bid die Ring van Sesmylspruit wysheid toe in hulle besinning oor hoe die gemeentes binne die ring hulle bedieningsuitdagings voortgaande ontmoet.

## 11. SKAKELING MET DIE TRANSVAALSE SINODES

### 11.1 VERDELING VAN SINODE

**11.1.1 Opdrag** (51)

1. Die sinode gee opdrag aan die moderamen om die oog in die seil te hou oor 'n moontlike verdeling van die sinode
2. Die sinode gee opdrag aan die moderamen om met die moderamens/moderature van die ander Transvaalse sinodes in gesprek te tree oor die moontlike/wenslike herindeling van sinodegrense

**11.1.2 Uitvoering** - die saak is na die Vier-Transvaalse-Moderature verwys waar dit tans aandag geniet. Sien ook Beskrywingspunt van Ring Pietpotgietersrus (pt 3.11.1 hierbo).

### 11.2 VERTEENWOORDIGING VGKSA EN RCA IN KURATORIUM PRETORIA

**11.2.1 Sinodebesluit** - die sinode keur goed dat die betrokke reglement sodanig gewysig word dat die Verenigende Gereformeerde Kerk Noord-Transvaal, die Verenigende Gereformeerde Kerk Suid-Transvaal en die Reformed Church in Africa, een verteenwoordiger elk met adviserende stem op eie koste in die Kuratorium kan benoem.

**11.2.2** Die ander drie Transvaalse sinode het 'n soortgelyke besluit geneem, uitgesonderd die gedeelte "met adviserende stem". Hierdie kwalifisering deur die Sinode van Noord-Transvaal bring mee dat die besluit nie uitgevoer kan word nie, omdat die besluite nie gelykluidend is nie. Die Kuratorium het die saak na die Vier-Transvaalse-Moderature verwys vir hantering en leiding.

**11.2.3** Die vergadering van die Vier-Transvaalse-Moderature (18/6/96) het die moderamen versoek om te poog om 'n besluit in ooreenstemming met die ander drie sinodes te verkry, naamlik dat verteenwoordiging met volle stem en nie slegs adviserend sal wees nie. Die moderamen wys daarop dat die "met adviserende stem" die oorspronklike versoek van die VGKSA was.

**11.2.4 AANBEVELING - die sinode besluit om sy 1995-besluit ten opsigte van die verteenwoordiging van die VGKSA en die RCA in die Kuratorium Pretoria te wysig deur die "met adviserende stem" te skrap**

## 12. EKUMENIESE EN INTERKERLIKE SKAKELING

### 12.1 PLASE KRANSPOORT, BETHESDA EN EMMARENTIA GELDENHUYS

**12.1.1 Opdrag** (12) - die sinode gee opdrag aan die moderamen om voort te gaan met die ondersoek oor die toekoms van die plase Kranspoort, Bethesda en Emmarentia Geldenhuys en om die nodige handelinge wat daaruit mag spruit uit te voer, met verslag aan die sinode

**12.1.2 Uitvoering** - Verskeie samesprekings is met alle belanghebbendes gevoer en volledige voorleggings het by die moderamen en uitgebreide moderamen gedien. Daar is tans 'n vertraging in die verkoop van die plase as gevolg van grondeise ingedien by die Kommissie vir Grondeise. Sien in hierdie verband die Verslag van die Kommissie vir Fondse.

**12.1.3 AANBEVELINGS - Die sinode gee opdrag aan die moderamen om voort te gaan met die hantering van die plase Kranspoort, Bethesda en Emmarentia Geldenhuys, in afwagting op die verdere verwikkelinge**

### 12.2 BEDIENING PORTUGAL

**12.2.1 Opdrag** (2.2) - die sinode verwys die saak rondom die bediening van die Portugese in Portugal na die moderamen om ook in oorleg met die Portugese-gemeente Pretoria te besin oor die situasie van die kerk in Portugal

**12.2.2 Uitvoering** - Die saak is deur 'n ad hoc-kommissie hanteer wat verskeie voorleggings aan die moderamen gemaak het. Sien aangehegte verslag (Bylae 1).

**12.2.3 AANBEVELINGS**

**12.2.3.1 Die sinode spreek sy opregte dank uit teenoor die lede van die Kommissie vir Portugal Sending vir al die arbeid om die werk weer op die been te kry en bid hulle die seën van die Here toe**

**12.2.3.2 Die sinode gee opdrag aan die moderamen om voort te gaan met die toesig oor die werksaamhede van die Kommissie vir Portugal Sending**

**12.3 EKUMENIESE LIGGAME** - lede van die moderamen is nie-amptelik betrokke by sekere ekumeniese liggame, woon byeenkomste by en maak die nodige insette. Die moderamen het gereël dat die Skakelforum Noordelike Ringe, saamgestel uit verteenwoordigers van die ringe in die Noordelike Provinsie, die ekumeniese skakeling aldaar behartig.

## 13. SKAKELING OWERHEID

### 13.1 GESPREKKE MET WETGEWERS

**13.1.1 Opdrag** (13) - die sinode gee opdrag aan die moderamen om voort te gaan met die reël van 'n gesprek met die wetgewer van die Noordelike Provinsie.

**13.1.2 Uitvoering**

1. Die moderamen het die Skakelforum Noordelike Ringe versoek om voort te gaan met hulle skakeling op plaaslike vlak; indien hulle egter die premier van die Noordelike Provinsie amptelik namens die NG Kerk besoek, behoort een van die

lede van die moderamen betrek te word.
2. Die Moderatuur van Suid-Transvaal het opdrag om te reël vir 'n samespreking van die Vier-Transvaalse-Moderature met die premier van Gauteng; dit het nog nie gerealiseer nie.
3. Intussen is die SKDB en die SJK op gereelde basis in gesprek met die wetgewers ten opsigte van spesifieke raakvlakke soos welsyn, onderwys, ens.

## 14. SKEMA WERKSAAMHEDE - vgl Eerste asook Vyfde Verslag van die Moderamen

## 15. APPÈLLE (Bep 35.3.3.13) - die moderamen het een appèl ontvang; dit is nie as ontvanklik beskou nie aangesien die klaer slegs in die geval van 'n leerdwaling appèl kan aanteken.

## 16. WERKSAAMHEDE SKRIBA

### 16.1 OOREENKOMS GEMEENTE

**16.1.1 Opdrag** (36.5) - die sinode besluit dat die moderamen in oorleg met die SKF met die kerkraad van die skriba 'n ooreenkoms aangaan waarvolgens hy vir 'n aantal ure per week van die gemeente losgemaak kan word en dat die sinode die gemeente waarvoor vergoed

**16.1.2 Uitvoering**

1. Die moderamen het besluit om nie 'n formele "ooreenkoms" met die gemeente (Wierdapark-Suid) aan te gaan nie, maar om per brief aan hulle kennis te gee dat die moderamen 'n bedrag van R3 000 per maand aan die gemeente sal voorsien as vergoeding ten opsigte van die dienslewering van ds JC Carstens as sinodeskriba vir die tydperk 15 September tot DV 15 September 1997; hierdie vergoeding kan na goeddunke benut word terwyl die kerkraad 'n *bona fide*-reëling met ds JC Carstens vir genoemde tydperk tref.
2. Die gemeente Wierdapark-Suid het hierdie reëling aanvaar en die nodige reëlings getref (aanstel van pastorale hulp).

**16.2 BEHARTIGING VAN SKRIBAAT** - die skriba het al die normale take van die skribaat behartig; dit is vir insae beskikbaar. Op versoek van die moderamen is ook 'n kwartaallikse omsendbrief aan gemeentes en leraars gestuur.

**16.3 PUBLISERING VAN HANDELINGE** - die Handelinge van die Sinode 1995 is in Februarie via die ringskriba's versend. Die betaling deur die gemeentes van die rekening vir die Agendaboek, Besluiteregister en Handelinge was teen einde Junie nog nie afgehandel nie - enkeles is nog agterstallig. Die name van die betrokke gemeentes sal, indien nodig, in die Vierde Verslag van die Moderamen vermeld word.

**16.4 INDIENING OORSPRONKLIKE HANDELINGE BY KERKARGIEF** - dit is afgehandel, tesame met al die stukke van die Tweede Moderamen vir die tydperk 1993 tot 1995

**16.5 BESLUITEREGISTER** - 'n afsonderlike Besluiteregister is opgestel en aan elke gemeente en leraar voorsien; dit het ook deel gevorm van die uiteindelike Handelinge 1995

**16.6 GRENSVERANDERINGS** (Bep 31.6.1)

**16.6.1** Die volgende grenswysigings is in Die Kerkbode gepubliseer: Raslouw, Louis Trichardt/Soutpansberg tov die Lugmagbasis en Skanskop

**16.6.2** Daar was geen reaksie op die versoek van die moderamen aan die ringskommissies om aandag te gee aan die sg "niemandsland" (dit is die voormalige TBVC-lande) tussen gemeentes en om nuwe grensbeskrywings te formuleer nie

**16.7 VOORBEREIDING VAN AGENDA** - al die nodige reëlings is getref ten opsigte van die druk en verspreiding van die Agenda vir die Veertiende Gewone Sinode van Noord-Transvaal, September 1997

## 17. AANVULLENDE VERSLAG - aanvullende sake sal DV in die Sesde Verslag van die Moderamen aan die sinode voorgelë word.

DS PSHF STRüMPFER (voorsitter)
DS JC CARSTENS (skriba)

# MODERAMEN: BYLAE 1
# KOMMISSIE VIR PORTUGAL SENDING

## 1. AANLEIDENDE OORSAKE VIR BETROKKENHEID BY DIE HUIDIGE SITUASIE IN PORTUGAL

**1.1 Tydens die Sinode van Noord-Transvaal 1995 is die volgende aanvanklik goedgekeur (bl 361):**
"13.6.3 **Bediening Portugal**
*1 Die Ned Geref Kerk Sinode van Noord-Transvaal spreek sy diepe waardering uit vir die lojale ondersteuning wat lidmate in Portugal in die jare wat verby is, aan die Igreja Reformada em Portugal gewy het, dikwels met groot opoffering.
*2 In die lig van die feit dat
*2.1 die Igreja Reformada em Portugal egter nie gegroei het soos gehoop is nie, en dus nie tot finansiële selfstandigheid kon kom nie;
*2.2 weens ekonomiese oorwegings dit bykans onmoontlik geword het vir die Sinode van Noord-Transvaal om verdere finansiële steun te verleen aan die Igreja Reformada em Portugal;
*2.3 ds Vitor Maia besluit het om in Julie 1995 die diens van die Igreja Reformada em Portugal te verlaat, en dit bykans onmoontlik is om 'n plaasvervanger vir hom te vind;
*2.4 die evangelieverkondiging in Portugal so toegeneem het dat daar tans geskikte Evangeliese kerke nader aan die lidmate is waarby hulle kan inskakel, wil die Sinode van Noord-Transvaal die Igreja Reformada em Portugal versoek om die moontlikheid te ondersoek om die werk daar tot 'n natuurlike afronding te bring, die eiendomme te verkoop en die kapitaal terug te plaas na die Sinode van Noord-Transvaal, vanwaar dit gekom het."

**1.2 Tydens dieselfde sinode is revisie toegestaan en is bogenoemde besluit verander om soos volg te lui (bl 407):**
**"A.1.2:13.6.3*2 (bl 16) Kerk in Portugal** - goedgekeur:
Die sinode neem net kennis vanaf *2 en vervang met:
Die sinode verwys die saak rondom die bediening van die Portugese in Portugal na die moderamen om ook in oorleg met die Portugese gemeente Pretoria te besin oor die situasie van die kerk in Portugal."

## 2. KOMMISSIE VAN ONDERSOEK AANGESTEL

**2.1** Op 2 Nov. 1995 het die Moderamen besluit dat die saak verwys word na drr PR du Toit (sameroeper), M Smuts en G van N Viljoen. Die hele aangeleentheid is deeglik ondersoek. Daar is uitgebreide gesprekke gevoer met ds PA Pienaar sowel as die Portugese Gemeente in Pretoria. Deeglike navorsing is ook gedoen oor die Ned Geref Kerk se standpunt oor baie jare ten opsigte van die werk in Portugal.

**2.2** Die Moderamen het gedurende November 1996 besluit het dat daar met die werk voortgegaan moet word. Die redes waarom hierdie besluit geneem is, het hoofsaaklik gewentel om die volgende oorwegings (soos in die betrokke kommissie se verslag genoem):

**2.2.1 Werk in Portugal**
1. Die werk wat in Portugal gedoen is, moet as suksesvol beskou word. Die feit dat daar 'n selfstandige Kerk tot stand gekom het, moet tot diepe dankbaarheid stem. Hier is 'n arbeidsterrein wat sterk historiese bande met die Ned Geref Kerk het. Net om hierdie rede alleen sou dit gewens wees as daar met die werk voortgegaan kan word.
2. Maar selfs al sou dit nie vanweë die geskiedkundige band kan geskied nie, behoort die Kerk in die lig van die oorvloed proponente wat tans nie in die bediening staan nie, dit as 'n besondere arbeidsterrein te beskou.
3. Die Kommissie was verder van oordeel dat daar geensins op sinodale ondersteuning vir die werk gereken kan word nie. Daar sou egter dalk 'n gemeente(s) gevind kan word om die werk vir 'n tentmakerbediening moontlik te maak. Die heraktivering van die groot groep bydraers kan 'n nuttige ondersteuningsbasis bied.

**2.2.2 Fonds: Portugal Sending**
1. Die blote bestaan van 'n fonds wat tot nog toe bydraers het wat op gereelde basis bydra is 'n verdere rede waarom daar met die werk voortgegaan moet word.
2. Hierdie Fonds sou weer bemark kon word. In so 'n geval kan die toegewings wat die Algemene Sinode by herhaling gemaak het, naamlik dat daar landswyd ingesamel kan word as nog 'n dwingende rede aangevoer word waarom die werk nie nou laat vaar moet word nie.
3. Om insamelings te vergemaklik kan gepoog word om deur middel van artikels en nuusberigte die saak weer onder aandag van die kerklike publiek te bring.

**2.2.3 Posisie van ds Pienaar**
Aangesien ds PA Pienaar finaal afgetree het, het hy die kommissie van waardevolle inligting rakende die toestand in Portugal voorsien. Ook met sy raad en insette sou dit die voortgang van die werk makliker maak.

**2.2.4 Kommissie se voorstel insake die toekomstige bearbeiding**
Die kommissie het gevolglik tot die oortuiging gekom dat daar voortgegaan moet word met die werk aldaar deur:
**1.** 'n Afrikaanssprekende gelegitimeerde te soek vir die werk;
**2.** sodanige arbeider onderrig in Portugees te laat ondergaan, indien nodig;
**3.** die kerkgebou in Lissabon as afspringplek te gebruik waardeur verdere sendingaktiwiteite in die res van Europa geïnisieer word.
Die moontlikheid van samesmelting met 'n ander kerk moet slegs as laaste alternatief oorweeg word.

**2.3 Opsomming**
Dit is vir die kommissie duidelik dat hier 'n historiese situasie ontwikkel het wat vra dat daar met geloofsmoed verder gehandel moet word.

**2.4 Aanbevelings goedgekeur**
Die Moderamen het gevolglik die volgende besluite geneem gedurende November 1996:
"1. Die Moderamen herhaal graag sy opregte dank teenoor ds PA Pienaar vir al die werk wat oor soveel jare getrou in Portugal gedoen is. 'n Besondere woord van dank word ook

aan mev Babsie de Lange gerig vir haar getroue en noukeurige diens oor al die jare.
2. Die Moderamen wys 'n klein kommissie van drie lede aan om verantwoordelikheid te neem vir die hantering van die fondse van Portugal Sending. Hierdie kommissie moet ook meehelp om die Fonds weer aktief te bemark.
3. Die aangestelde kommissie moet alles in die werk stel om bepaalde waarborge te probeer kry sodat 'n persoon gestuur kan word om die werk op 'n nuwe basis voort te sit, sonder enige finansiële verantwoordelikheid vir die Sinode van Noord-Transvaal.
4. Die kommissie word verder opgedra om, in oorleg met mev De Lange, iemand te soek om die administrasie van die Fonds te hanteer."

## 3. NUWE KOMMISSIE VIR PORTUGAL SENDING

**3.1** Die nuwe kommissie is aangewys en bestaan uit drr PR du Toit, G van N Viljoen en ds MJP Grobler. Hierdie kommissie het gedurende Februarie gekonstitueer en vergader maandeliks.
**3.2** Die bestaande fonds word deur die kommissie geadministreer. Die Fonds is tot aan die einde van Desember 1996 geouditeer. Die finansiële state is ter insae van sinodegangers.
**3.3** Mev Babsie de Lange het intussen besluit om steeds voort te gaan om die sekretariaat te behartig. Daar word met groot waardering van haar dienste en kennis gebruik gemaak.
**3.4** Die Nuusbrief word nou tweemaandeliks uitgegee. Daar gaan nie nou by die sinode aangeklop word vir 'n sinodale bydrae nie.
**3.5** Ds Pienaar het Portugal onlangs besoek. Die volgende groeteboodskap is (in Portugees) gestuur aan die twee gemeentes aldaar. Die boodskap vertolk die bedoeling van die kommissie met die voortgesette werk volledig:

*GROETE-BOODSKAP UIT SUID-AFRIKA*

*Geagte Igreja Reformada em Portugal*

*Die Portugal Sendingkommissie in Suid-Afrika groet u. Ons vertrou dat die werk wat so uitnemend deur ds PA Pienaar daar by u begin is, steeds van krag tot krag gaan. Mag die Here self u die genade verleen om steeds kragtig as gemeentes van Hom op te tree. Wees verseker van ons opregte belangstelling, voorbidding en betrokkenheid by u. Hierdie wense geld nie net die nuwe kommissie nie, maar inderdaad elke bydraer wat oor jare heen aktief betrokke was en steeds betrokke is by die werk.*

*Dit is 'n nuwe kommissie wat aandag aan die sendingsaak in Portugal gee. Die kommissie is baie dankbaar dat mev Babsie de Lange, wat sedert die beginjare betrokke is by hierdie werk, steeds behulpsaam is.*

*Dit is die verklaarde doel van die Kommissie vir Portugal Sending om weer 'n voltydse werker vir Portugal te vind. Ons sou dit baie waardevol vind indien u ons kan laat weet of 'n werker wat ons vind, vir u ook aanvaarbaar sal wees om daar in die gemeentes op te tree. So 'n opdrag mag inhou dat sy werk wyer sal gaan as net die versorging van die gemeentes. Dit sou verder ons saak baie vergemaklik indien u ook vir ons kan laat weet of dit enigsins moontlik is om staat te maak op 'n finansiële bydrae of enige ander hulp, hoe klein ookal. Sou u graag vooraf insette wou lewer by die aanstelling van sodanige persoon, sal ons dit graag wil toestaan, indien enigsins moontlik en bekostigbaar.*

*Ons sien baie uit daarna om van u te verneem.*

*Met hartlike groete*
*Kommissie vir Portugal Sending.*

**4. AANBEVELING - Die sinode van Noord-Transvaal versoek gemeentes om vrywillig bydraes vir die werk in Portugal te skenk (Posbus 26053, GEZINA 0031).**

PR DU TOIT
MJP GROBLER

# A.1.3 MODERAMEN: DERDE VERSLAG (FASILITERING)

## 1. AANLEIDING EN OPDRAG

**1.1** In 1995 neem die sinode die verslag van die prioriteitekommissie (A.1.3) in behandeling en besluit daaroor soos volg (Handelinge pp 430-431):

*Met die oog op die doelgerigte vermindering van sinodale bydraes van gemeentes en 'n haalbare inkorting van sinodale werksaamhede, besluit die sinode:*

*1. Die aanbevelings in A.1.3 wat die terminering van werksaamhede inhou, word goedgekeur.*

*2. Ander aanbevelings in A.1.3 met finansiële implikasies word voorwaardelik goedgekeur, met dien verstande dat:*

*2.1 die finansiële dravermoë van gemeentes vasgestel word aan die hand van die finansiële state en gesprek met gemeentes waar nodig;*

*2.2 die mate waartoe sinodale bates in die verband benut kan word, deeglik deur die SKF ondersoek en verreken word;*

*2.3 die SKF in die proses onderhandelingsgesprekke voer met die moderamen, kommissies, verteenwoordigers en ander instansies vanuit die gedagte van 'n zerobasis-begroting.*

*3. Die SKF lê uiteindelik sy verslag aan die uitgebreide moderamen (Bepaling 35.3.4) voor vir oorweging. Hierdie uitgebreide moderamen het afhandelingsbevoegdheid.*

*4. Ander aanbevelings in A.1.3 wat nie finansiële implikasies het nie, kan goedgekeur word.*

**1.2** Gedurende Oktober en November 1995 besoek die SKF 119 gemeentes ten einde in onderhandeling met hulle te bepaal wat elk se dravermoë is.

**1.3** Op 1 Februarie 1996 lê die SKF 'n voorlopige verslag aan die moderamen voor. Daarin word gerapporteer dat:

* 66% van die gemeentes sukkel met ernstige finansiële probleme,
* 39 gemeentes nie die tabelwaarde vir hulle bydrae aan die sinode kan bekostig nie,
* 29 gemeentes marginaal is,
* 12 gemeentes nie die finansiële vermoë het om hulle gemeentes te kan bedien nie,
* dat die gesamentlike skuld van gemeentes R18 445 563 beloop.

**1.4** Verder bevind die SKF dat die finansiële toestand in gemeentes dikwels 'n simptoom van swak finansiële bestuur en 'n onder-benutting van bedieningspotensiaal is.

**1.5** Op aanbeveling van die SKF het die moderamen besluit om 'n fasiliteringskommissie op koste van die sinode in die lewe te roep met **die opdrag om by ringe en gemeentes wat dit versoek 'n proses van probleemoplossing te fasiliteer.**

## 2. DIE KOMMISSIE

Die volgende persone is deur die moderamen op die kommissie aangewys: Ds Nico Behr (skriba), oudl Pieter Bredenkamp, dr Kobus Gerber, oudl Louis Fourie, oudl Malan Nel, oudl Danie Steyn, dr Mike Smuts (voorsitter), dr Jan Viljoen en dr Johan Voges.

Oudl Louis Fourie moes vanweë werkdrukte onttrek, maar was deurentyd beskikbaar vir kundige advies.

## 3. VERGADERINGS

Die kommissie het tot en met 30 Junie 1997 12 keer vergader. Nog vergaderings sal waarskynlik voor die sinodesitting gehou word. Die eerste vergaderings is gewy aan besinning oor die regte benaderingswyse en opleiding. Daarna is gereeld van alle besoeke verslag gedoen, vordering is geevalueer en beplanning is gedoen.

## 4. WERKWYSE

Die kommissie het op die volgende werkwyse besluit:

**4.1** Fasilitering word slegs op uitnodiging van 'n bepaalde ring of gemeente(s) gedoen.

**4.2** Fasilitering word gebied met die oog op die oplossing van 'n probleem/probleme soos deur die betrokke ring of gemeente(s) self geïdentifiseer.

**4.3** Die fasiliteerders begelei 'n proses van probleemoplossing en tree nie op as raadgewers wat hulle eie antwoorde en oplos-sings afdwing nie.

**4.4** Fasilitering het geen gesag op sigself nie en mag nooit die bevoegde kerklike vergaderings (kerkraad, ring, sinode) se funksies en bevoegdhede in die gedrang bring nie. Die resultate van die proses wat gefasiliteer word, moet telkens as aanbevelings voor die betrokke kerkvergaderings diens.

**4.5** 'n Duidelike verstandhouding is met die Sinodale Kommissie vir Gemeentebou (SKG) bereik, waarvolgens die Fasiliteringskommissie nie by die fasilitering van langtermyn gemeentebou betrokke sal raak nie, maar gemeentes vir dié doel na die SKG sal verwys.

**4.6** Met die gemeentes van ds Behr en drr Gerber, Smuts en Voges is ooreenkomste aangegaan waarvolgens die dienste van dié predikante teen vergoeding aan die gemeentes vir twee dae per week aan die kommissie beskikbaar gestel is. 'n Soortgelyke ooreenkoms is met Vista Universiteit aangegaan met die oop op die diens van prof Nel.

## 5. WERKSAAMHEDE

Ter wille van die vertroulikheid van die werk van die kommissie word die name van ringe en gemeentes nie vermeld nie, maar word slegs 'n statistiese beeld van wat gedoen is, gegee:

**5.1** Die kommissie was in totaal deur 13 ringe genooi om met fasilitering betrokke te raak.

**5.2** 17 individuele gemeentes het fasilitering versoek.

**5.3** In sommige gevalle het die fasiliteerders versoek om met predikante individuele onderhoude te voer. In ander gevalle het predikante en predikantespanne fasiliteringshulp aangevra.

**5.4** Alhoewel dit nie die opdrag van die kommissie was nie, het talle predikante spontaan die fasiliteerders as pastores vir hulle eie behoeftes gebruik.

**5.5** Ongeveer 300 onderhoude en fasiliteringsessies is deur die fasiliteerders behartig.

**5.6** Die totale koste verbonde aan die werksaamhede van die kommissie beloop tot op datum R141 000.

## 6. RESULTATE

Daar kan met reg gevra word of die fasiliteringspoging die moeite werd was - veral in die lig daarvan dat dit die eerste keer is dat die werkwyse binne die sinode van Noord-Transvaal (moontlik binne die Ned Geref Kerk?) gevolg is. Die resultate kan as volg opgesom word:

**6.1** In sommige gevalle het ringe en gemeentes vroeg in die fasiliteringsproses tot die konklusie gekom dat hulle op hulle

eie kan voortgaan en is die betrokkenheid van die fasiliteerders gou afgehandel.

**6.2** In ander gevalle het die fasiliteringsproses daartoe bygedra dat oplossings vir probleme, wat aanvanklik as onoorkomelik gesien is, gevind is.

**6.3** In enkele gevalle is die fasiliteringsproses nie tot 'n sinvolle konklusie gebring nie, aangesien die fasiliteerders en die betrokke ring of gemeente nie oor die hantering van die probleem (of selfs die bestaan van 'n probleem) kon ooreenkom nie. In die gevalle is gewoonlik ooreengekom dat die betrokke ring/gemeente die fasiliteringskommissie weer sal nader wanneer nodig.

**6.4** Daar was uitnodigings na plekke waar die probleem krisisafmetings aangeneem het en waar daar 'n sterk positiewe wending gekom het, nie net in terme van die oplossing van die probleem nie, maar ook in terme van 'n nuwe visie vir die roeping en werk van die Here.

**6.5** Daar is ten tye van die skrywe van die verslag nog 'n aantal ringe en gemeentes waar die fasilitering nog nie afgehandel is nie. In die gevalle gaan die proses voort.

## 7. DIE OORSAKE VAN DIE PROBLEME -

Die vraag is watter oorsake daartoe gelei het dat fasilitering noodsaaklik geword het? In die gevalle waar die kommissie betrokke was, het die volgende geblyk:

**7.1** *Demografiese verskuiwings bring mee dat sommige gemeentes drasties krimp en ander weer te vinnig groei.* Hierdie was die grootste enkele faktor wat fasilitering genoodsaak het. Die demografiese verskuiwings word hoofsaaklik deur die volgende faktore veroorsaak:

1. Die uitbreiding van sake- en industriële gebiede sluk woongebiede in. Dit lei tot 'n afname in lidmaattal wat veral eenmansgemeentes in 'n oorlewingskrisis dompel.
2. Die nuwe staatkundige bedeling bring mee dat woongebiede se samestelling verander. In sommige gevalle neem die persentasie besetting deur lidmate van ons kerk drasties af.
3. Van die huise in ouer woonbuurtes waar die oorspronklike inwoners na aftreeoorde verhuis of te sterwe kom, word nie weer deur tradisioneel 'nG-lidmate' gekoop nie. Dit wil voorkom of die tipiese jong 'nG-lidmate' verkies om in die nuwer woonbuurtes te koop - wat meebring dat dié gemeentes dramaties groei.
4. Die ontvolking van die platteland skep probleme.

**7.2** In enkele gevalle het die *bediening en omstandighede van die predikant(e)* sodanige probleme veroorsaak dat fasilitering aangevra is.

**7.3** *Spanning tussen gemeentes* binne ringe het in 'n beperkte mate gelei tot die aanvraag vir fasilitering.

**7.4** Die *nuwe provinsiale grense* het in sommige gemeentes ook gelei tot probleme.

## 8. WAARNEMINGS VAN TENDENSE BINNE DIE KERK -

In die proses van fasilitering het in honderde onderhoude en beplanningsessies, bepaalde tendense herhaaldelik na vore gekom, tendense waarvan die kek dringend kennis moet neem en waaraan die relevante instansies behoorlik aandag behoort te gee. U kommissie oordeel dat dit sy verantwoordelikheid is om langs dié weg dit onder die aandag van die kerk te bring. Baie van die tendense was moontlik lankal onderliggend aanwesig, maar is deur die genoemde omwentelinge in ons land, en die eise wat dit aan gemeentes en predikante stel, na die oppervlak gedwing. Saam met die ontsteltenis wat dit kan veroorsaak, bied dit ook aan ons kerk 'n wonderlike geleentheid tot selfondersoek en vernuwing. Die reaksie wat hierop volg kan wissel van summiere ontkenning tot 'n bereidheid vir 'n nuwe weg onder leiding van die Gees. U kommissie bid dat laasgenoemde die reaksie van die sinode sal wees. Die volgende is die belangrikste tendense wat u kommissie aangeteken het:

### 8.1 Tendense wat gemeentes, kerkrade en predikante raak

**8.1.1** In sommige gevalle 'n opvallende *gebrek aan korporatiewe bewussyn* ten opsigte van gemeentes intern en ook ten opsigte van die kerkverband.

**8.1.2** Soms is daar 'n *onvermoë om die behoeftes van mense van hierdie tyd te lees en te bedien.*

**8.1.3** 'n *Reformatoriese gees ontbreek* in te veel gevalle, en daarmee saam 'n *verlies aan evangeliese hoop*. Dit lei tot 'n gebrek aan kreatiewe denke.

**8.1.4** Samehangend met laasgenoemde is daar *'n gebrek aan teologiese teorie* wat kreatiewe eksperimentele bedieninge behoort te rig. In plaas daarvan kom 'n pragmatiese grype na 'wat werk', te dikwels voor. Hiermee saam is daar die verwarring tussen gereformeerde teologiese teorie en die Ned Geref tradisie. Sommige verabsoluteer die tradisie asof dit bo reformasie verhewe is, terwyl ander die tradisie geringskat asof dit nie deel van die reformatoriese geskiedenis is nie.

### 8.2 Tendense wat die predikante raak

**8.2.1** Die eise en probleme wat in die verslag aangeteken is, lei daartoe dat sommige predikante se roepingsbewustheid kwyn en hulle ampsvervulling as gevolg daarvan oneffektief raak.

**8.2.2** Leemtes in die keuring en opleiding van ons predikante word deur die nuwe omstandighede ontbloot. Daar is 'n groot behoefte aan groter klem op die ontwikkeling van vaardighede wat vir die bediening onmisbaar is: kommunikasie, menseverhoudinge, konflikhantering, organisasie ens.

**8.2.3** Aansluitend by bogenoemde kom 'n rolverwarring by predikante voor. Oorlewingskrisisse, die tradisionele verwagtings van die predikant as betaalde "allrounder", stukkende vertrouensverhoudings, en nog meer redes bring mee dat die primêre take van die bediening nie effektief vervul kan word nie. Dit veroorsaak 'n ernstige verlies van pastorale vreugde. Hierdie verlies aan 'n gevoel van effektiewe rolvervulling ('accomplishment') lei tot diepgaande identiteitsprobleme by sommige.

**8.2.4** Die samewerking van predikante in gemeente- en ringsverband is meermale nie na wense nie. Dit lyk asof 'n onderlinge steunstelsel, 'n pastorale betrokkenheid by mekaar swak ontwikkel is en soms totaal ontbreek.

## 9. EVALUERING -

Na agtien maande kan die vraag met reg gevra word of die moderamen die regte pad opgegaan het deur die kommissie in die lewe te roep? Die volgende opmerkings kan in die verband gemaak word:

**9.1** Die aanvraag vir die dienste van die kommissie bevestig dat daar beslis 'n behoefte aan fasilitering bestaan.

**9.2** In talle gevalle getuig die gemeentes en ringe wat daarvan gebruik gemaak het, dat dit nodig was en aan die verwagtinge voldoen het.

**9.3** Daar was ook die gevalle waar die verwagtinge wat bestaan het en die aard van die diens wat die kommissie bereid was om te lewer, mekaar nie kon ontmoet nie.

**9.4** Die kommissie was as 'n tydelike ad hoc-kommissie daargestel. Dit wil voorkom asof hier 'n werkwyse gevind is, wat uitgebou kan word en waaraan daar altyd 'n behoefte sal bestaan.

**9.5** Die uitgangspunte wat die kommissie vir homself gestel het (vgl pt 4) behoort gehandhaaf te word.

**10. AANBEVELINGS - Die sinode besluit dat**

**10.1 'n fasiliteringsdiens vir gemeentes en ringe wat daarom vra, gelewer moet word;**

**10.2 die fasiliteringsdiens 'n opdrag van die Sinodale Kommissie vir Gemeentebou (SKG) word en dat die personeel van die kommissie tot die volgende sinode uitgebrei word tot 'n maksimum van 12 lede;**

**10.3 die werkwyse, soos in die verslag onder punt 4 uiteengesit by die kommissie aanbeveel word;**

**10.4 vir die uitgebreide verantwoordelikheid van die kommissie begroot word.**

Namens Ad Hoc-Fasiliteringskommissie:
M SMUTS (Voorsitter)
NJ BEHR (Skriba)

Namens Moderamen:
PS STRÜMPFER (Voorsitter)
JC CARSTENS (Skriba)

# A.1.4 MODERAMEN: VIERDE VERSLAG (MENSLIKE HULPBRONNESTRATEGIE VIR PREDIKANTE)

## 1. AANLEIDING EN OPDRAG

Daar is veral drie sake wat aanleiding gegee het tot die nuwe opdrag aan die Fasiliteringskommissie waaroor nou gerapporteer word:

**1.1 Verslag van die Sinodale Kerkkantoorkommissie (SKKK) aan die Sinode van 1995**

**1.1.1** In sy verslag aan die sinode oor probleme met die mediese fondse, het die SKKK die standpunt gestel dat die oplossing vir die saak meer behels as bloot die vind van die regte mediese fonds. As voorbeeld is onder andere genoem dat die gesondheidstoestand van predikante dikwels simptomaties is van probleme wat verband hou met hulle werksituasie. Die oorsaak daarvan is volgens die SKKK dat predikante se opleiding, indiensneming, motivering, vergoeding, wisselwerking en kommunikasie met hulle gemeentes, toerusting om mense in eietydse konteks te bedien, uittrede en bejaardesorg, gefragmenteerd en nie as 'n strategiese geheel bestuur word nie.

**1.1.2** As resultaat van die verslag het die sinode besluit om "die SKKK te versoek om as sameroeper op te tree vir die ontwikkeling van 'n menslike hulpbronnestrategie vir die predikantekorps van die Ned Geref Kerk van Transvaal met verslag aan die sinode." (SKKK-verslag 1995 4.5.2.9 *4)

**1.2 Verslag van die Sinodale Kommissie vir Fondse (SKF)**

In Maart 1997 besluit die Uitgebreide Moderamen op aanbeveling van die SKF soos volg:

**1.2.1** Die Moderamen besluit dat indringend en spoedig gekyk word na meer effektiewe aanwending en benutting van predikante in die bediening;

**1.2.2** gesoek word na alternatiewe maniere waarop predikante van standplase sou kon verwissel en predikantposte geskep sou kon word vir bediening in gemeentes wat vanweë hulle finansiële vermoë dit nie kan bekostig nie;

**1.2.3** alternatiewe maniere van predikantsbesoldiging na gekyk word, bv dat predikante deur die sinode betaal word volgens FSA peromnes skale.

**1.3 Waarnemings van die Fasiliteringskommissie** - Die Fasiliteringskommissie het in sy verslae aan die moderamen waarnemings tov predikante en hulle bedieningsproblematiek gerapporteer wat grootliks die bevindinge van die SKKK en SKF bevestig. (Vgl die Derde Verslag van die Moderamen pt 8).

**1.4 Opdrag van die Uitgebreide Moderamen** - Die Uitgebreide Moderamen het in Maart 1997 geoordeel dat die vorige opdrag aan die SKKK en die besluite wat op aanbeveling van die SKF geneem is (vgl 1.2.1 - 1.2.5), in noue verband met mekaar staan. Daar is dus besluit om die twee sake met mekaar te kombineer en dit as 'n opdrag aan die Fasiliteringskommissie te gee.

*Hiermee nou die verslag van die fasiliteringskommissie tov die nuwe opdrag:*

## 2. WERKWYSE

**2.1** Die SKKK het in samewerking met die Sinodale Kommissies vir Gemeentebou (SKG) van die vier Transvaalse sinodes konferensies met sowel predikante as predikantsvroue gehou. By die konferensies is die opdrag, probleme, beginsels en relevante inligting gekommunikeer en kommentaar verkry.

**2.2** Die kommissie het hom deeglik vergewis van die Fasiliteringskommissie en die SKF se bevindinge.

**2.3** 'n Opname is gemaak van al die Artikels en bepalinge in die Kerkorde wat met die predikant en sy werk verband hou.

**2.4** Kennis is geneem van literatuur op die gebied van arbeidswetgewing en arbeidspraktyk.

**2.5** In oorleg met 'n arbeidskonsultant is die artikels en reglemente in die kerkorde wat met die predikant en sy werk verband hou, in die lig van arbeidswetgewing ontleed.

**2.6** Insette is van kundiges verkry op die terreine van die bestuurswetenskappe, die Kerkorde, teologiese opleiding, arbeidswetgewing en arbeidspraktyk.

**2.7** Die Algemene Regskommissie (ARK) het intussen ook opdrag gegee dat alle artikels reglemente en bepalinge in die lig van die nuwe arbeidswetgewing ontleed word. Die kommissie het ook met die verantwoordelike lid van die ARK oorleg gepleeg.

## 3. DIE STATUS QUO

Vanuit die bogenoemde ondersoeke en raadpleging het die kommissie die volgende leemtes en probleme rondom die predikante se werksituasie aangeteken:

**3.1 Die Kerkorde** - 'n Ontleding van die artikels, reglemente en bepalinge toon die volgende:

**3.1.1** Die terminologie wat gebruik word is inkonsekwent en ongedefinieerd. Die term vir die predikant word byvoorbeeld afgewissel met 'leraar', 'dominee' en 'bedienaar van die Woord'. Dit bied aan regskundiges probleme met die interpretasie van die artikels en besluite.

**3.1.2** Die Kerkorde, reglemente en bepalings bied 'n uiters gefragmenteerde en ongesistematiseerde beeld van die predikant se werksituasie (vgl Bylae 1).

**3.1.3** Daar is 'n ernstige vraag of al die artikels, reglemente en bepalinge wat die predikant se werksituasie reël, voldoen aan al die vereistes van arbeidswetgewing én versoenbaar is met aanvaarde norme vir billike arbeidspraktyke.

**3.1.4** Die huidige Kerkorde en bepalings onderskei nie tussen kerklike tug as pastorale aksie en dissiplinêre prosedures tov die predikant as werknemer nie.

**3.1.5** Die artikels en bepalinge tov die betrokkenheid van die ring, die sinode en sy kommissies by die werksituasie van die predikant, bring onsekerheid oor die posisie van die kerkraad as sy werkgewer (vgl Bylae 2).

**3.1.6** Daar is tans min ruimte vir die aanpassings in die predikant se werkomskrywing met die oog op die konteks van sy besondere gemeente/werkkring, omdat:

1. Die Kerkorde nie net beginsels neerlê nie, maar reglementeer, en
2. Die voorskrifte slegs deur die sinodes/Algemene Sinode gewysig kan word

**3.2 Die Praktyk** - Naas die leemtes en probleme wat met die formele reëlings van die Kerkorde, reglemente en bepalinge verband hou, blyk die volgende probleme uit die praktyk van die predikant se werk:

**3.2.1** Daar is tans nie toereikende voorsiening vir

1. die pastorale ondersteuning van die predikant en sy gesin,
2. sy sosio-ekonomiese versorging, of
3. die behoorlike benutting van hom as menslike hulpbron nie.

**3.2.2** Die gebreke in die behoorlike reëling van die predikant se werksituasie lei daartoe dat die funksionering van sy gesin in die gedrang kom.

**3.2.3** Kerkrade en predikante beskik nie altyd oor die nodige kundigheid om 'n gesonde werksituasie vir die predikant te struktureer, te evalueer en in stand te hou nie.

**3.2.4** Ten spyte van die Kerkorde en die beroepsbrief is daar nog steeds by kerkrade, lidmate en predikante onduidelikheid oor die predikant se taak in die gemeente.

## 4. BEVINDINGE

U kommissie is daarvan oortuig dat die kerk dringend moet werk aan 'n gekoördineerde aksie van die Algemene Sinode, die sinodes, ringe en gemeentes, ten einde die situasie reg te stel. Die volgende is ten minste nodig ten einde die ideaal te bereik:

**4.1** 'n Beleid vir die benutting van predikante as menslike hulpbronne vir die kerk, behoort ontwikkel te word. Die beleid bevat rigtinggewende beginsels. Vanuit die beleid word 'n handleiding vir gemeentes vir die reëling van die werksituasie van die predikant opgestel en in stand gehou.

**4.2** As uitgangspunte vir die beleid behoort die volgende te geld:

1. Bybelse beginsels,
2. Die Gereformeerde Belydenis,
3. Die presbiteriale kerkregeringstelsel soos verwoord in die Kerkorde,
4. die landswette wat arbeidsverhoudinge reël, en
5. voldoende ruimte vir toepassing binne eie omstandighede.

**4.3** Die eiesoortige aard van die kerk, die regstegniese vereistes vir die reël van arbeidsverhoudinge en die algemeen aanvaarde beginsels vir billike arbeidspraktyke moet saam kan bestaan.

**4.4** Daar moet gepoog word om die beleid so te ontwikkel, te bevorder en in stand te hou dat die werkverhoudinge volledig binne kerklike verband hanteer kan word.

**4.5** Die bevoegdhede en verantwoordelikhede van sowel die werkgewers as die werknemers moet te alle tye duidelik geformuleer word.

**4.6** Die beleid beskryf die beginsels en vereistes vir die behoorlike reël van die werkverhoudinge van die predikante, die handleiding stel gemeentes in staat om dit behoorlik toe te pas binne die konteks van die eie gemeente.

**4.7** Indien predikantsalarisse sentraal geadministreer word, kan gemeentes onthef word van die tegniese rompslomp rondom LBS, pensioene, medies, ens (gemeentes besluit nog steeds self oor dié vergoedingspakket van hulle predikante). Verder sou langs die wyse rente verdien kon word waardeur predikantsposte met meriete, wat nie deur gemeentes bekostig kan word nie, gesubsidieer kon word.

**4.8** Die sinode stel 'n kommissie van kundiges aan om ten dienste van die werksituasie van predikante:

**4.8.1** 'n Beleid vir die benutting van predikante as menslike hulpbronne voor te berei,

**4.8.2** die handleiding vir die reëling van die werksituasie van predikante op te stel en deurlopend in stand te hou (vgl Bylae 3),

**4.8.3** fasiliteerders beskikbaar te stel ten einde kerkrade en predikante te begelei in die toepassing van die beleid en handleiding,

**4.8.4** predikante aan te stel om as pastorale versorgers vir predikante op te tree (vir die implementering van die lg twee sake kontrakteer die moderamen predikante op deeltydse basis), en

**4.8.5** die uitruil van standplase tussen gemeentes volgens besluit van die Algemene Sinode (Kerkorde 1994 p 80) te fasiliteer.

## 5. AANBEVELINGS

**5.1 Die sinode keur die bevindinge in punt 4 as riglyn goed.**

**5.2 Die moderamen kry opdrag om:**

**5.2.1 'n kommissie van kundiges saam te stel om 'n beleid en handleiding vir die benutting van die predikant as menslike hulpbron in oorleg met predikante, kerkrade en alle betrokkenes voor te berei;**

**5.2.2 leiding te neem in die implementering van die beleid en handleiding;**

**5.2.3 indien nodig 'n beskrywingspunt in die verband vir die Algemene Sinode voor te berei.**

**5.3 Die moderamen kry opdrag om die moontlikheid van 'n sentrale administrasie van predikante se salarisse te ondersoek en te implementeer na gelang van sy bevinding en die behoefte daarvan.**

**5.4 Die sinode begroot vir die werk.**

## 6. SLOT - U kommissie vertrou dat hy hiermee voldoen het aan sy opdrag.

Namens Fasiliteringskommissie:
M SMUTS (Voorsitter)
NJ BEHR (Skriba)

Namens Moderamen:
PS STRÜMPFER (Voorsitter)
JC CARSTENS (Skriba)

## A.1.4: BYLAE 1
# KERKORDELIKE ARTIKELS, REGLEMENTE BEPALINGS EN SINODALE BESLUITE WAT BETREKKING HET OP DIE WERKSITUASIE VAN PREDIKANTE

## 1. PREDIKANTSBEVOEGDHEID

| Artikel van die Kerkorde | Sinodale Bepaling | Reglement | Sinodale besluite |
|---|---|---|---|
| **Artikel 43**<br>Tot die taak van die Algemene Sinode behoort: 43.1.4 - vasstelling van formele vereistes vir die opleiding van bedienaars van die Woord | **Bepaling 5**<br>5.1 Kuratorium<br>5.2 Beroeping en bevestiging van dosente<br>5.3 Eksamenkommissie | **Reglement vir die reëling en opleiding en legitimasie van evangeliedienaars** | |
| **Artikel 5**<br>5.1 Vir die toelating tot die bediening van die Woord word vereis<br>5.1.1 'n geskiktheid vir die amp<br>5.1.2 'n deeglike teologiese opleiding<br>5.1.3 die ondertekening van die Formuliere van Eenheid<br>5.2 Die Algemene Sinode bepaal die vereistes vir die opleiding, die aard en toesig daaroor en die plekke waar dit moet geskied<br>5.3 Die sorg vir, asook die beheer & toesig oor die opleiding van evangeliedienaars word deur die kuratorium behartig | | | |
| **Artikel 6**<br>Die toelating tot die bediening van die Woord geskied deur die Algemene Regskommissie | | | |
| **Artikel 11**<br>'n Predikant hou op om predikant te wees indien hy die gemeente of werkkring verlaat. Hy kan by die ARK aansoek doen om sy bevoegdheid as proponent te behou | | | |
| **Artikel 66.3.2**<br>Legitimasie na verlies van bevoegdheid as predikant of proponent | | | |
| **Artikel 66.3.3**<br>Hertoelating na tug agv ergerlike sondes | **Bepaling 14.3**<br>Terugkeer van emeriti tot die bediening | | |

## 2. AANSTELLING (Beroep en bevestiging)

| Artikels van die Kerkorde | Sinodale bepaling (N-Tvl) | Reglement | Sinodale besluite |
|---|---|---|---|
| **Artikel 7**<br>Die beroep van 'n bedienaar van die Woord geskied deur die kerkraad ...<br><br>**Artikel 8**<br>Die bevestiging geskied nadat ... | **Bepaling 7**<br>Wie is beroepbaar, wie beroep, prosedure by beroep, goedkeuring, ens<br><br>**Bepaling 8**<br>Verlening van demissie, bevestiging, kennisgewing aangaande bevestiging ... | **Reglement vir tentmakerbediening**<br>(Kerkordeboek 1994 p 65) | **Dienslewering van proponente en kapelane**<br>(1995 p 157) |

# 3. AMPSPLIGTE (Werkopdrag?)

| Artikels van die Kerkorde | Sinodale bepaling (N-Tvl) | Reglement | Sinodale besluite |
|---|---|---|---|
| **Artikel 9**<br>Die amp van die bedienaar van die Woord omvat:<br>9.1 bediening van die Woord<br>9.2 bediening van die sakramente<br>9.3 diens van die gebede<br>9.4 leiding van eredienste<br>9.5 kerklike onderrig<br>9.6 die behartiging van herderlike sorg<br>9.7 ywer vir die uitbreiding van die koninkryk<br>9.8 regering, organisering, leiding en bestuur van die gemeente saam met die ouderline<br>9.9 die uitoefening, saam met die ouderlinge en diakens van die opsig en tug oor die gemeente<br>9.10 leiding van kerkraadsvergaderings | | **Beroepsbrief**<br>' ... sodat u hier alles kan doen wat van 'n herder & leraar volgens die Woord van God, die KO ea bepalinge van die NGK verwag word. In die besonder word dit van u verwag om u ampspligte te vervul soos dit in Art 9 van die KO bepaal word ...'<br><br>**Beroepsbrief vir tentmakerbedienaars**<br>'sodat u hier kan kom doen wat van 'n herder en leraar ...' (net soos beroepsbrief vir leraars)<br><br>Vgl ook die vereistes vir die skriftelike ooreenkoms met 'n tentmaker (KO 1994 p 65 pt 5) | |
| **Artikel 10**<br>'n Bedienaar van die Woord mag geen ampspligte uitoefen binne die grense van 'n ander gemeente sonder die toestemming van daardie kerkraad nie | | | |
| **Artikel 27**<br>Die kerkraad bestaan uit ... | | | |
| **Artikel 28**<br>Die kerkraad vergader onder voorsitterskap van die leraar ... | **Bepaling 26**<br>26.4 Voorsitterskap by kerkraadsvergaderings<br>26.6 Kommissies van die kerkraad | **Reglement vir die konsulent** (1995 p 101) | |
| **Artikel 30**<br>Die ring word saamgestel uit die leraars ... van elke gemeente | **Bepaling 29.4.2**<br>Die ring kies na sy konstituering ... 'n voorsitter, ondervoorsitter, skriba ... | | |
| **Artikel 32**<br>Die sinode word saamgestel uit ... | **Bepaling 31.1**<br>Kommissies van die ring | | |
| **Artikel 33**<br>Sinodes word op een van die volgende maniere saamgestel ... | **Bepaling 32.2.9**<br>By elke gewone vergadering van die sinode word 'n moderatuur gekies ... | | |
| **Artikel 38**<br>Die Algemene Sinode word saamgestel uit 20 predikante en ... | **Bepaling 35.3.1**<br>Voor die vergadering van die sinode word 'n moderatuur gekies ... (Vgl ook uitgebreide moderatuur Bep 35.3.4 & 5) | Die Algemene Sinode het reglemente vir sy talle kommissies waarop oa (veral!) predikante dien | **Die kategese** (1995 p 148)<br>= olv die leraar<br>= belydenisklas > leraar<br>= leraar persoonlike gesprek met belydeniskatkisante<br>= ondersoek van katkisante olv die leraar<br>= afneem van die belydenis deur die leraar |
| **Artikel 48**<br>48.1 Die erediens is ...<br>48.3 Die leiding van die erediens berus by ... die bedienaar van die Woord ... | | | |
| **Artikel 49**<br>Die heilige doop word ... deur 'n bedienaar van die Woord bedien ... | | | **Voortgesette Teologiese opleiding**<br>Die Algemene Sinode beskou dit as noodsaaklik dat alle diensdoende predikante van tyd tot tyd verdere opleiding behoort te ontvang |
| **Artikel 51**<br>Die bedienaars van die Woord moet deur die behartiging van getroue huisbesoek ... | | | |

## 4. FIANSIËLE VERSORGING VAN DIE PREDIKANT

| Artikels van die Kerkorde | Sinodale bepaling (N-Tvl) | Reglement | Sinodale besluite |
|---|---|---|---|
| **Artikel 13.1**<br>Die gemeente, kerkverband of instansie in wie se diens 'n bedienaar van die Woord staan is verantwoordelik vir sy lewensonderhoud | **Bepaling 13**<br>= verpligtinge afgehandel by demissie<br>= wanneer begin verpligtinge igv proponent en 'n predikant<br>= datum van bevestiging van 'n predikant<br>= as bevestiging langer as 'n maand uitgestel word is dit verlof<br>= lewensonderhoud bestaan uit: traktement, vry woning/ huistoelae, byvoordele (water, ligte, telefoon), vervoer, verlof<br>= verantwoordelikheid van die kerkraad by aanname van die beroep ...<br><br>**Bepaling 14.4**<br>Pensioen en versorging van weduwees en/of wese van leraars<br><br>**Bepaling 14.5**<br>VAL-versekering | **Reglement vir die verlof van predikante en sinodale amptenare**<br>(KO 1994 p 74)<br><br>**Reglement vir die sinodale pensioenfonds van die Ned Geref** Kerk van Transvaal<br><br>**Reglement vir die sinodale bystandsfonds van die Ned Geref Kerk van Transvaal**<br><br>**Beroepsbrief** (1995 p 129)<br>'Om u van bekommernisse oor tydelike dinge te vrywaar, onderneem die kerkraad om u te voorsien van: ...'<br><br>Vgl die voorskrifte vir die skriftelike ooreenkoms met 'n tentmaker<br>(KO 1994 p 65 pt 5)<br><br>N-Tvl het in 1979 'n sinodebesluit geneem oor 'n vry woning en telefoon | Vgl besluite van die Algemene Sinode oor<br>= traktement (Handelinge AS 1994 p 206)<br>= aanbeveling ivm trekkoste by emeritaat (AS 1990)<br>= Ongevalle dekking (AS 1994 p 464)<br><br>Vgl besluite van die Transvaalse Sinode oor<br>= medies<br>= groepversekering<br>= ongevalleversekering<br><br>Werkloosheidsversekering ????<br><br>Boeketoelaag?<br><br>Herskikking van vergoedingspakket van leraars?<br><br>Voorskrifte/riglyne ivm huistoelae? |

## 5. KERKLIKE TUG (Tug en dissiplinêre maatreëls)

| Artikels van die Kerkorde | Sinodale bepaling (N-Tvl) | Reglement | Sinodale besluite |
|---|---|---|---|
| **Artikel 12**<br>Indien 'n lerar nie langer sy gemeente tot stigting kan dien nie, mag die ring na ondersoek waarin beide die kerkraad en die betrokke leraar aangehoor is, die band losgemaak word, indien volgens die ring billike voorsiening vir die leraar gemaak is (6 maande billik)<br><br>**Artikel 62.2**<br>Alle ouderlinge, diakens en predikante - wat emeriti insluit - staan onder die opsig en tug van die ring<br><br>**Artikel 63.3**<br>Ampsdraers, soos omskrywe in art 62.3, staan onder die opsig en tug van die ring waaronder hulle sorteer, met dien verstande dat die kerkraad se opsig oor ampsdraers die reg veronderstel om as klaer op te tree<br><br>**Artikel 64**<br>Wanneer tugmaatreëls toegepas word, word van die volgende gebruik gemaak ...<br>Evangeliedienaars:<br>= 'n bestraffing binne of buite die ring<br>= skorsing vir 'n vasgestelde tydperk met verlies van die gebruik van die bondseëls<br>= ontslag uit die diens van die gemeente ... met verlies van traktement en toelaes, die gebruik van die bondseëls & met opskorting van die voorreg om beroep te word | **Bepaling 12** | **Tugreglement**<br>(KO 1994 p 68)<br><br>Vgl ook: **Reglement vir die reëling van die bevoegdheid van predikante en proponente**<br>(KO 1994 p 23) | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| = afsetting uit die diens deur die sinode op aanbeveling van die ring wat, ook in die geval van proponente, nietigverklaring van die akte van legitimasie insluit<br>•<br>**Artikel 66**<br>Tugmaatreëls word opgehef<br>= In die geval van evangeliedienaars ...<br>= legitimasie na verlies van bevoegdheid van 'n predikant of proponent vind plaas ... | | | |

## 6. DIENSBEëINDIGING

| Artikels van die Kerkorde | Sinodale bepaling (N-Tvl) | Reglement | Sinodale besluite |
|---|---|---|---|
| **Artikel 11**<br>Aangesien 'n predikant lewenslank aan die kerkdiens verbonde is, hou hy op om predikant te wees indien hy sy gemeente of werkkring in die kerk verlaat om 'n ander betrekking te aanvaar ... | **Bepaling 11** | **Reglement vir die reëling van die bevoegdheid van predikante en proponente**<br>(KO 1994 p 23) | |
| **Artikel 12**<br>Indien 'n leraar nie langer sy gemeente tot stigting kan dien nie, mag die ring na ondersoek, waarin beide die kerkraad en die betrokke leraar aangehoor is, die band losmaak ...<br><br>**Artikel 13.2**<br>Losmaak van die band in gevalle waar die gemeente die leraar nie meer kan bekostig nie<br><br>**Artikel 14**<br>Wanneer 'n bedienaar van die Woord weens verswakte gesondheid of ouderdom of andersinds uit diens tree ...<br><br>**Artikel 64**<br>Wanneer tugmaatreëls toegepas word, word van die volgende gebruik gemaak ...<br>= Evangeliedienaars ... | **Bepaling 12** | **Tugreglement**<br>(KO 1994 p 68)<br><br>Vgl ook: **Reglement vir die reëling van die bevoegdheid van predikante en proponente**<br>(KO 1994 p 23) | |

## A.1.4: BYLAE 2
# DIE BETROKKENHEID VAN DIE KERKVERBAND BY DIE WERKSITUASIE VAN DIE PREDIKANT

## 1. AMPSBEVOEGDHEID

**1.1** Die Kuratorium is verantwoordelik vir die keuring, begeleiding, toesighouding oor, eksaminering en aanbeveling vir toelating tot die evangeliebediening van teologiese studente. (KO Ar 5.3.1, vgl ook Bepaling 5.1, 5.2 en 5.3 van N-Tvl).

**1.2** Die toelating tot die bediening (legitimasie) geskied deur die Algemene Regskommissie (ARK). (KO Art 6, vgl ook Reglement vir die reëling van die bevoegdheid van predikante en proponente, Die Reglement vir die Algemene Regskommissie 3.3 en die Reglement vir die reëling van die opleiding van evangeliedienaars 5.3).

**1.3** Die ARK besluit oor aansoeke om behoud van bevoegdheid (vgl KO Art 11, Bep 11.1, die Reglement vir die reëling van die bevoegdheid van predikante en proponente en die Reglement van die Algemene Regskommissie 3.4).

**1.4** Die ring doen aanbevelings oor die hertoelating tot die bediening (Reglement vir die reëling van die bevoegdheid van predikante en proponente en die Reglement vir die opleiding en legitimasie van evangeliedienaars.)

## 2. AANSTELLING

**2.1 Beroep**

**2.1.1** Die konsulent of 'n predikant van die ring tree op as voorsitter van die beroepende vergadering (KO Art 7)

**2.1.2** Die ringskommissie mag, op versoek, name van moontlike kandidate aan 'n kerkraad wat beroep, verstrek (Bep 7.3.8)

**2.1.3** Kerkrade gebruik die beroepsbrief soos deur die sinode goedgekeur en voorgeskryf (Vorm 10 en 11).

**2.1.4** Voorlegging van stukke aan die skriba van die ringskommissie vir goedkeuring van beroep (Bep 7.4.3)

**2.1.5** Beroepbaarstelling van 'n predikant agv siekte - oorlegpleging met die ringskommissie (Bep 7.5.1)

**2.1.6** Beroep van 'n tentmakerbedienaar - ring keur skepping van 'n nuwe tentmakerspos of die omskepping van 'n bestaande pos tot 'n tentmakerspos goed, ring of ringskommissie keur die skriftelike ooreenkoms goed en ring kontroleer jaarliks of die ooreenkoms nagekom word en is betrokke by die driejaarlikse hersiening van die ooreenkoms (Bep 7.12 vgl. Reglement vir die tentmakerbedienaar.)

**2.2 Bevestiging**

**2.2.1** Skriftelike goedkeuring en toestemming tot bevestiging geskied deur die skriba van die ringskommissie (Bep 8.2)

**2.2.2** Verlof van die ringskommissie vir bevestiging later as 1 maand na demissie in die geval van predikante en 1 maand na aanvaarding van 'n beroep in die geval van proponente (Bep 8.2.3)

**2.2.3** Kennisgewing aangaande bevestiging deur die skriba van die ringskommissie (Bep 8.3)

## 3. FINANSIËLE VERSORGING VAN DIE PREDIKANT

**3.1** Traktement volgens sinodale skaal asook reiskoste ens (Handelinge AS 1994 p 206)

**3.2** Trekkoste by emeritaat (AS 1990)

**3.3** Ongevalle dekking (AS 1994 p 464)

**3.4** Sinode neem besluite ivm pensioen, medies, ens

**3.5** Verlofreglement word deur die Algemene Sinode goedgekeur en gewysig.

## 4. DIENSBEËINDIGING

**4.1** Kerkraad pleeg oorleg met die ringskommissie by uitreiking van 'n akte van demissie as 'n predikant 'n beroep aangeneem het

**4.2** Stukke ivm emeritaat word aan die ring/ringskommissie voorgelê vir goedkeuring voordat demissie uitgereik word (Vorm 16).

**4.3** Emeritaat agv siekte in ooreenstemming met die reglement vir die bystandsfonds (Bep 14.1.2).

**4.4** Emeritaat vir ander redes - oorlegpleging tussen die ring en die ARK (Bep 14.1.3)

**4.5** Losmaak van die band tussen predikant en gemeente agv ontevredenheid (KO Art 12 en Bep 12) - ringskommissie ondersoek en probeer gemoedere kalmeer en ongelukkigheid uit die weg ruim. Ring neem besluit tot losmaking en bepaal billike vergoeding.

**4.6** Losmaak van die band tussen predikant en gemeente as gemeente die predikant nie meer finansieel kan bekostig nie (KO Art 13) - ring moet die kerkraad help om 'n oplossing vir die finansiële nood te vind, ring maak band los, sien toe dat daar reëlings vir billike vergoeding getref word.

**4.7** Kennisgewing deur ringskriba deurgaans nodig.

## 5. TUG EN DISSIPLINÊRE MAATREËLS

**5.1** Predikante val onder die opsig en tug van die ring (KO Art 62.2 en 63.3)

**5.2** Die ring kan 'n predikant stuit, skors, ontslaan (Tugreglement en KO Art 64.4)

**5.3** Die sinode kan 'n predikant/proponent afsit (KO Art 64.4.4)

# A.1.4: BYLAE 3
# KONSEP: INHOUD VAN 'N MOONTLIKE BELEID EN HANDLEIDING VIR DIE BENUTTING VAN PREDIKANTE AS MENSLIKE HULPBRON

## 1. INLEIDENDE OPMERKINGS

**1.1** Wat hier volg is 'n breë aanduiding van die onderwerpe wat in so 'n beleid en handleiding aan die orde behoort te kom. Indien die sinode die werkwyse goedkeur, sal dit die taak van die nuwe kommissie wees om dit in besonderhede uit te werk.
**1.2** Daar is op die stadium nog nie duidelikheid oor watter aspekte in die *beleid* aan die orde sal kom, en watter in die *handleiding* behandel sal word nie.
**1.3** Die handleiding is 'n dokument wat voortdurend in oorleg met alle betrokkenes aangepas word om praktiese leiding te gee vir die toepassing van die beleid.
**1.4** Die sake wat hier as inhoud aangestip word, is ontleen aan die literatuur uit die bestuurswetenskappe en is gangbaar in personeelhandleidings in die bedryfswêreld. Hier kan slegs die sake aangestip word. Die inhoud moet volledig in kerklike konteks uitgewerk word.
**1.5** Die onderdele van die inhoud staan in 'n logiese en oorsaaklike verband tot mekaar.

## 2. KONSEPINHOUD

**2.1 Vertrekpunt**
Die beleid en handleiding behoort uit te gaan van die gemeente en sy opbou en die benutting van die predikant binne die konteks.
**2.2 Taakverband**
Die sake wat hier bepalend is, is die volgende:
**2.2.1** Predikantswerk is kerklike werk
**2.2.2** Die regte siening van die verhouding tussen Christus, gemeente en amp is belangrik
**2.2.3** Die gemeente staan binne 'n kerkverband
**2.2.4** Die presbiteriale kerkregeringstelsel bepaal ook die predikant se werkverhoudinge
**2.2.5** Die predikant se werksverhoudinge (rolle).
**2.3 Die predikant se taakinhoud**
Die taakinhoud van die predikant moet beskryf word binne die konteks van die voorafgaande uitgangspunte. Die formulering van Art 9 kan hier as uitgangspunt dien, maar dit moet verder in meer konkrete terme uitgewerk word.
**2.4 Die eksterne omgewing**
Die eksterne omgewing waarbinne die predikant sy werk verrig, het 'n bepaalde invloed op die strukturering daarvan. Die belangrikste daarvan is:
**2.4.1** *Die Arbeidmarksituasie*: Sake soos bedryfvlak, posvlak, posvereistes, vergoedingspakket. (Bestaan daar vergelykbare norme vir toepassing op predikante? Waar pas predikante in?)
**2.4.2** *Opvoedingspeil*: Watter vereistes stel die opvoedingspeil van die gemeenskap (gemeente) aan die predikantsberoep?
**2.4.3** *Ekonomiese situasie*: Alle veranderlikes wat in die predikantspakket beïnvloed, verdiskonteer moet word (inflasie, rentekoerse, skoolgeld, bestedignsvermoë, salarisvlakke, prysvlakke, ens). Net so moet die ekonomiese situasie se effek op die gemeente verreken word.
**2.4.4** *Arbeidswetgewing*: Die interpretasie of toepassing daarvan in terme van die predikantsberoep. Vakbonde, kollektiewe bedinging.
**2.4.5** *Tegnologie*: Die benutting van tegnologie ter wille van meer effektiewe doeltreffende funksionering van die predikant (telefone, selfone, rekenaars, ens).
**2.5 Bestuursaspekte**
**2.5.1** Dit gaan hier om die menslike hulpbronnebestuurstelsels. Die volgende sake moet hier in behandeling kom:
1. Personeelbeleid (huidige artikels, bepaling en reglemente)
2. Persoonsaspekte (roeping behoeftes, persoonlikheid, doelwitte, verwagtinge)
3. Ampsbevoegdheid en erkenning
4. Die mens as werknemer
5. Menslike hulpbronbeplanning (werksomstandighede, diensure, akkomodasie, reisomstandighede, veiligheid, toerusting, steunstelsels, fisiese vereistes/vermoëns en blootstelling)
6. Werwing
7. Keuring
8. Plasing en induksie
9. Loopbaanbestuur
10. Motivering (intrensiek)
11. Mmotivering (ekstrinsiek)
12. Prestasiebeoordeling
13. Vergoeding
14. Voordele en dienste

**2.5.2** Vennote en rolspelers
**2.5.2.1** Die predikant as werknemer ('n soortgelyke verbesondering moet mettertyd vir alle kerklike werknemers uitgewerk word.)
**2.5.2.2** Struktuur (kerkraad, ring, ARK, sinode, Fakulteit, SKKK, AKF). Hier moet sake soos sentralisasie, desentralisasie, relatiewe en onderlinge gesag, aanspreeklikheid en verantwoordelikheid 'n rol speel.

## 3. SLOT

Die kommissie is van oortuiging dat die saak dringende aandag van die kerk vereis en dat die koers van 'n beleid en handleiding vir die benutting van predikante as menslike hulpbronne die regte een is.

# A.2.1 GEMEENTEBOU: EERSTE VERSLAG

## 1. VERTREKPUNT

Tydens die vergadering van die sinode in 1991 is die volgende bestaansrede, visie en missie vir die Sinode van Noord-Transvaal goedgekeur (Handelinge 1991:309):

**"Die BESTAANSREDE vir die Sinode van Noord-Transvaal as presbiteriale struktuur is om:**
*** God bo alles te verheerlik en die Christus-heerskappy in alle besluite en werksaamhede tot uitdrukking te laat kom;**
*** as saambindende faktor tussen gemeentes die kerkverband onder andere deur getuienis en dienslewering te realiseer;**
*** werksaamhede wat ringe en gemeentes nie alleen kan behartig of afhandel nie, te onderneem, koördineer en administreer.**

**Die VISIE vir die Sinode van Noord-Transvaal is dat in sy sittings en beraadslagings Christus deur sy Woord en Gees aan die werk sal wees deur die afgevaardigdes van die gemeente om:**
*** die liefde van Christus as band tussen die samestellende gemeentes te lê;**
*** sorg te dra dat die gemeentes mekaar sal ondersteun en dra om afsonderlik en gesamentlik as liggaam van Christus te funksioneer;**
*** deur die besluite en werksaamhede van die sinode die koninkryk van God op alle terreine van die lewe te laat kom.**

**Die MISSIE vir die Sinode van Noord-Transvaal is om:**
*** bepalinge en reglemente so op te stel dat die werksaamhede die gees en karakter van die Christusheerskappy adem en voorskriftelikheid sover moontlik beperk word;**
*** in gehoorsaamheid aan die belydenis en beleid, die ruimte te skep dat gemeentes en ringe hul Bybelse roeping as liggaam van Christus kan uitleef;**
*** deur middel van kommissies en verteenwoordigers gemeenskaplike belange van die kerk in Noord-Transvaal te behartig;**
*** deur hulpbronne en administrasie die funksionering van die werksaamhede van die sinode moontlik te maak;**
*** handelend op te tree in gevalle van hoër beroep;**
*** toe te sien dat afgevaardigdes na die Algemene Sinode aangewys word;**
*** in alles die liefdesgebod uit te leef om mekaar te ondersteun, te bemoedig en op te bou".**

Die SKG oordeel dat die bedoeling van die sinode met bogenoemde is om daarmee aan die werksaamhede van die sinode 'n bepaalde koers aan te dui. As kommissie van die sinode is dit vir ons sinvol dat ons verslag met hierdie formulering as vertrekpunt gelees en verstaan moet word. Dit is ons poging om 'n bydrae te lewer om die sinode te help om koers te hou. Ons sal deurgaans poog om die werksaamhede van die SKG in terme van die bestaansrede, visie en missie van die sinode te interpreteer.

## 2. OPDRAGTE SINODE 1995

### 2.1 BEDIENINGSLEEMTES

**2.1.1 Opdrag** - Die sinode gee opdrag aan die SKG om daadwerklik aandag te gee aan die bedieningsleemtes in die sinodale gebied deur onder andere:
1. geïdentifiseerde leemtes en hulle oorsake verder te ondersoek,
2. doelgerigte strategieë met die oog op oplossings te beplan,
3. met SEVTO in dié verband saam te werk. (Handelinge 1995:365)

**2.1.2 Doel** - Die resultate van 'n opname wat gedurende 1994/95 by leraars in Noord-Transvaal gemaak is, dui daarop dat daar heelwat leemtes in die bedieningspatrone van gemeentes bestaan. Dit lei tot frustrasie, stres by leiers, 'n gebrek aan geestelike groei by lidmate, ongemotiveerdheid by lidmate en uiteindelik ook heel konkreet tot 'n gebrek aan offervaardigheid sodat gemeentes finansieel swaarkry. 'n Oplossing moet vir hierdie probleme gevind word.

**2.1.3 Werkwyse**

**1.** Om die hantering van die saak reg te verstaan moet dit in verband met twee ander sake gesien word: Dit is naamlik die opdrag wat die sinode gegee het aan die ad hoc-kommissie vir kerklike funksionering (vgl Handelinge 1995:305, 1.2) en die tot standkoming van die fasiliteringskommissie wat die moderamen na afloop van die sinodesitting in die lewe geroep het. In 'n groot mate het hierdie kommissies en die SKG dieselfde terrein betree naamlik om aandag te gee aan die probleme van bedieningsleemtes. Die fasiliteringskommissie se opdrag was van spoedeisende aard en die kommissie kon in 'n sekere sin ook gouer met gemeentes en ringe kontak maak Daarom het die SKG hom eerder ingestel op 'n langer termynbeplanning wat aansluit by die ander twee kommissies se korttermyn opdrag.

**2.** Gedurende Maart 1996 het die ad hoc-kommissie vir kerklike funksionering die SKG genader om verdere verantwoordelikheid vir die hantering van die kommissie se opdrag te aanvaar. Dit is gedoen omdat die kommissie op daardie stadium geoordeel het dat hy sy opdrag uitgevoer het vir sover dit vir hom moontlik was. Die SKG het dit so aanvaar en by sy werksaamhede geïnkorporeer.

**2.1.4 Bevinding** - In die beplanning van sy werksaamhede teen die agtergrond van bogenoemde is die volgende sake geïdentifiseer as van belang vir aandag om aan die bedieningsleemtes aandag te gee: vernuwing in die strukturering van die dienste/ampte, verheldering oor die begrippe ekklesiologie en gemeentebou en 'n herwaardering van kerklike lidmaatskap. Omdat hierdie sake elkeen as 'n afsonderlike studie hanteer is, sal afsonderlik in die verslag daaroor gerapporteer word.

**2.1.5 AANBEVELING - Die sinode keur die optrede van die SKG goed**

### 2.2 STRUKTUUR VAN DIENSTE

**2.2.1 Opdrag** - Die sinode dra dit aan die SKG op om leiding te neem met verdere besinning in verband met die struktuur van dienste/ampte in gemeentes. Hy doen dit in oorleg met ander ter sake kommissies van die sinode (Handelinge 1995: 364).

**2.2.2 Doel** - Gemeentes ervaar toenemend 'n gebrek aan die nodige kerkraadslede. Daarby het die eietydse mens eietydse behoeftes. Daarom word daar in baie gemeentes nuut gedink oor die mees effektiewe bedieningstruktuur wat in 'n gemeente gebruik moet word. Dit het in sommige gevalle die vraag na die posisie van die dienste/ampte in die kerk opnuut na vore laat kom. Met die oog op die beantwoording van hierdie vraag is hierdie opdrag aan die SKG gegee. Met die studie wat onderneem is, poog die kommissie dus om aan gemeentes leiding te gee oor die bemagtiging van die leiers in die kerk.

**2.2.3 Werkwyse** - Die SKG van Wes-Transvaal het die studiestuk wat in Bylaag B ("Ondersoek vanuit die Nuwe Testament na die dienstestruktuur van die Nederduitse Gereformeerde Kerk", Agenda Sinode van Noord-Transvaal 1995:61) verder prakties-teologies verwerk. Hierdie SKG het die resultate van die studie bespreek en hom daarmee vereenselwig.

**2.2.4 Bevinding**

**2.2.4.1 Eksegetiese perspektiewe**

**1.** Uit bogenoemde studiestuk (wat deur die sinode as vertrekpunt aanvaar is, vgl Handelinge 1995:364) kan die volgende konklusies gemaak word:

(1) Christus die Here werk deur Gees en Woord met koninklike gesag in sy gemeente.

(2) Christus gebruik die kerklike dienste/ampte as dienskanale.

(3) In die "ampsteologie" moet die diensmotief voorop staan.

(4) Die kerklike ampsdraer deel met alle gelowiges 'n geloofs-, roepings- en pneumatologies-charismatiese basis.

(5) Die kerklike ampsdraer se diens word onderskei van die dienswerk van ander gelowiges daarin dat hy terselfdertyd deur die gemeente in die Naam van Christus geroep en afgesonder is met die oog op 'n spesifieke diens.

(6) Die dienste/ampte neem nie in die Nuwe Testament 'n geykte patroon aan nie.

(7) Die kerklike dienste/ampte word gedra deur die charismata maar nie elke charisma is opgeneem in 'n gemeentelik gesanksioneerde dienswerk nie.

(8) Die Bybel skryf nêrens 'n afgebakende lys van bepaalde dienste/ampte voor nie, maar beklemtoon die kriteria of vereistes waaraan die beoefening van die gawes en die dienste/ampte moet voldoen. Prinsipieel gesproke sou enige gawe in 'n amptelike kerklike bediening gestruktureer kon word indien dit aan hierdie kriteria voldoen.

(9) Alle beslissings in verband met kerklike bedieninge behoort te staan of val by die vraag: sal die bepaalde bediening die opbou van die gemeente bevorder of nie?

(10) Die moontlikheid dat 'n *verruiming* van die huidige dienste/ampte tesame met, waar nodig, 'n *beperkte vermeerdering* van die bestaande dienste/ampte, moet as 'n sinvolle opsie erken word.

**2.** Afgesien van die feit dat die Nuwe-Testamentiese dienste/ampte 'n breër spektrum gedek het as dié in vandag se gereformeerde kerke, is dit van essensiële belang om raak te sien **dat die Nuwe Testamentiese skrywers nêrens 'n afgebakende lys van bepaalde dienste/ampte voorskrywe nie.** Naas die dienste/ampte rondom die direkte Woordbediening (apostels, profete, herders en leraars, evangeliste), is die dienste/ampte van ouderlinge (opsieners) en diakens in die onderskeie gemeentes egter prominent en rigtingwysend (Hd 11:30; 14:23; 15:2,4,6,22,23; 16:4; 20:17; 21:18; 1 Tm 5:17; Tt 1:5; Jk 5:14; 1 Pt 5:1; Op 4:4,10; 5:5,6,8,11,14; 7:11,13; 11:16; 14:3; 19:4; Hd 20:28; Flp 1:1 (opsieners sowel as diakens); 1 Tm 3:1-2; Tt 1:7;1 Tm 3:8, 12-13). Nietemin word die kerklike bedieninge nêrens tot hierdie dienste/ampte beperk nie. **Die Nuwe Testament skryf nie 'n rigiede lys van dienste/ampte voor nie, maar beklemtoon die kriteria of vereistes waaraan die beoefening van die gawes en die dienste/ampte moet voldoen. Prinsipieel gesproke sou enige gawe in 'n amptelike kerklike bediening gestruktureer kon word indien dit aan hierdie kriteria voldoen.**

**3.** Binne die konteks van die gawes en dienste/ampte tree die volgende Nuwe-Testamentiese kriteria na vore:

(1) Die belydenis (1 Kor 12:1-3 vgl Rm 12:6)

(2) Diens aan die liggaam van Christus (1 Kor 12:4-31)

(3) Die nut of voordeel van die gemeente (1 Kor 12:7; 14:6)

(4) Die liefde (1 Kor 12:31-13:13)

(5) Die opbou van die kerk (1 Kor 14:3,4b,12,17,26; Ef 4:12,16)

(6) Ordelikheid (1 Kor 14:26-40)

(7) Toerusting van die gelowiges tot diens (Ef 4:12)

(8) Groei van die gemeente na volwassenheid (Ef 4:13-16)

(9) Die verheerliking van God (1 Pt 4:11).

**4.** Die kriterium wat in hierdie verband die doelmatigste is en in elk geval al die ander omsluit, is dié van die opbou van die kerk as liggaam van Christus. Hierdie opbou behels die toename in die kwaliteit van kerkwees en die missionêre dimensie.

**5. Hiermee het ons gekom by die punt waarby, volgens die Nuwe Testament, alle beslissings in verband met kerklike bedieninge behoort te staan of val: die vraag of 'n bepaalde bediening die opbou van Christus se liggaam sal bevorder of nie.** Vanuit hierdie beslissende kriterium is dit nie noodwendig dat alle geordende dienste/ampte in die kerk deur alle eeue presies dieselfde sal bly nie. Omstandighede kan verander en daarom kan sekere bedieninge wegval en ander bykom. Ons weet byvoorbeeld dat die apostelamp kragtens sy besondere binding aan Jesus verval het. Vanweë hulle besondere aard en die voortgaande basiese behoeftes in die kerk sal sekere kernampte sekerlik steeds behoue bly. Rondom hierdie kern kan daar egter, in die gees van die Nuwe Testament, 'n variasie wees wat bepaal word deur die vraag na wat op 'n gegewe stadium op 'n gegewe plek en onder gegewe omstandighede die opbou van die gemeente sal bevorder al dan nie.

**6.** Dit laat dus ruimte vir 'n soepelheid wat met verantwoordelikheid hanteer moet word.

**7.** Die basiese oorwegings is dus:

(1) Die behoeftes in die gemeente met die oog op sy opbou.

(2) Die charismata wat in die gemeente teenwoordig is.

(3) Die verantwoordelike kanalisering van gemelde charismata om sover moontlik aan die behoeftes onder punt 1 gemeld te beantwoord.

**2.2.4.2 Perspektiewe uit die ampsformuliere en die Kerkorde (KO)**

**1.** In die algemeen gesproke is die volgende perspektiewe uit die Kerkorde vir die onderhawige saak ter sprake:

(1) Die KO beskryf nêrens die grondstruktuur van gemeentes nie.

(2) Die KO bevat geen bepalings wat enige verband lê tussen die grondstruktuur van 'n gemeente en die samestelling van 'n kerkraad nie. Artikels 3, 9, 16 & 17 gee wel uitspraak oor funksies, maar swyg oor die detail van strukture.

(3) Hoofstuk 4 van die KO beskryf die arbeid van die kerk maar laat die strukturering daarvan oop.

**2.** Dit wil dus voorkom asof die KO beslis minder beperkend

is as wat oor die algemeen aanvaar word. 'n Saak wat wel nuwe aandag benodig, is die feit dat die KO volstaan met die drie amptelike dienste van leraar, ouderling en diaken, maar dan moet dit onmiddellik bygevoeg word dat die KO geen reëls neerlê vir die struktuur waarbinne hierdie ampte moet funksioneer nie.

**3.** Soos die KO is die formuliere vir die bevestiging van ampsdraers ook nie so beperkend soos wat algemeen vermoed word nie:

(1) Funksies word wel gespesifiseer maar geen struktuur word daarvoor voorgeskryf nie.

(2) Vir die funksies wat beskryf word lyk die strukturele moontlikhede baie plooibaar en twee vrae sou gevra kan word: Is die bedoeling dat *elke ampsdraer* noodwendig *elke funksie* moet uitvoer en kan daar nie gedifferensieer word nie? Sou hier nie ook sprake wees van funksies wat *onder leiding van die ampsdraers* ontplooi behoort te word nie?

(3) Deur op funksies te konsentreer in plaas van op strukture skep die formuliere groot plooibaarheid vir strukture.

**2.2.4.3 Hermeneutiese oorwegings**

**1.** Die drie komponente wat in die hermeneutiek aan die orde is, is die Skrif, die tradisie (ordes, konfessies, uitsprake, strukture, ens) en die kultuur (omgewing waarbinne die gemeentelike bediening afspeel). Fundamentele paradigmaverskuiwings is besig om plaas te vind waarvan die vernaamstes vir die Ned Geref Kerk die volgende is: die wisselwerking tussen die modernisme, postmodernisme, post-apartheid en Suid-Afrika se herintegrasie met Afrika self. Dit beteken onder andere dat 'n modernistiese bediening hoofsaaklik gebaseer op Europese ekklesiologiese modelle nie langer ongekwalifiseerd deur die Ned Geref Kerk gehandhaaf kan word nie.

**2.** Hieruit blyk dat die volgende sake in berekening gebring moet word by die herformulering van die struktuur van dienste (ampte) in die praktyk:

(1) Postmodernisme en post-apartheid Suid-Afrika het onder andere 'n groter bewussyn van diversiteit en pluralisme tot gevolg.

(2) Die betrokkenheidspatrone van lidmate is besig om drastiese verskuiwings te vertoon.

(3) 'n Snel veranderende samelewing vereis leierskap wat soepel en mobiel genoeg is om effektief op die veranderings te reageer.

(4) Die spesifieke rolinkleding van die bekende drie ampte benodig dringende hersiening.

**3.** Saam met bogenoemde moet die volgende vyf skuiwe gemaak word:

(1) 'n Pneumatologiese skuif. Die ampstruktuur is tans georiënteer aan die sogenaamde drie ampte van Christus (*minus triplex*). Vanuit die pneumatologie gesien is dit 'n verskraling van die Heilige Gees se potensiaal tot struktuurgewing aan die lewe, arbeid en leierskap van die gemeente.

(2) Die tweede skuif het te doen met die ekklesiologie waarbinne die ampte funksioneer.

(3) Die derde skuif wat benodig word, handel oor die wyse waarop lidmate se verbintenis aan die roepingsvervulling van die gemeente struktureel begelei word.

(4) Die vierde skuif wat benodig word, het te doen met die tipering van die taak van die ampte self.

(5) Die vyfde en laaste skuif het te doen met die vertrekpunt wat ten opsigte van die ontwerp van die ampstruktuur gehuldig word.

**4.** Onderstaande aanbevelings is slegs 'n poging om wat hierbo in teorie uiteengesit is in die praktyk geformuleer te kry. Sien dit meer as die sake wat na ons mening op die tafel behoort te kom sodat al ons werk nie net in die lug hang nie, maar werklik in die praktyk 'n verskil maak. Help asseblief om dit sinvol te doen.

**2.2.5 AANBEVELINGS**

**2.2.5.1 Die sinode aanvaar 'n *verruiming* van die huidige dienste/ampte tesame met, waar nodig, 'n *beperkte vermeerdering* van die bestaande dienste/ampte as 'n sinvolle Bybelsgefundeerde opsie vir die opbou van die gemeente.**

**2.2.5.2 Die sinode aanvaar in beginsel die moontlikheid dat bo en behalwe die bevestiging van ouderlinge en diakens dit ook moontlik is om ander leiers (soos byvoorbeeld kategete) in hulle diens te bevestig.**

**2.2.5.3 Die sinode versoek die SKG om in oorleg met die SRK te besin oor die betekenis en praktiese hantering van die begrippe "bevestig" en "indiensstelling".**

## 2.3 PASTORALE VERSORGING VAN PREDIKANTE

**2.3.1 Opdrag**

**1.** Onderlinge pastoraat vir predikante - Die sinode gee opdrag aan die SKG om 'n werkbare model vir die onderlinge pastoraat vir predikante te ontwikkel met verslag aan die volgende sinode.

**2.** Pastorale begeleiding - Die sinode gee opdrag aan die SKG om ondersoek te doen na maniere waarop deurlopende pastorale begeleiding aan predikante gegee kan word, veral ten opsigte van medeleraarskappe.

**2.3.2 Doel** - Daar heers toenemend besorgdheid oor die totale versorging van die predikant. Hierdie besorgdheid word ondersteun deur die feit dat die meeste mediese eise wat deur predikante by die mediese fonds ingehandig word, met stresverwante siektes verband hou. Die veeleisende aard van die bediening en ook van medeleraar-skap roep om hulp. Die kommissie wil graag 'n bydrae lewer sodat predikante gehelp kan word om meer effektief in God se koninkryk diens te lewer.

**2.3.3 Werkwyse** - Die SKG het die afgelope drie jaar veral op drie maniere aandag gegee aan die probleme rakende die pastorale versorging van predikante:

**Eerstens** deur middel van 'n nuusbrief wat sover moontlik op kwartaallikse basis aan elke leraar gestuur word. Daarin word gepoog om wenke en inligting oor die bediening te verskaf asook om leraars positief toe te rus ten opsigte van bedieningsmoontlikhede.

**Tweedens** deurdat die SKG in samewerking met prof JC Müller en dr J Pienaar tans werk aan 'n pastorale toerustingsprogram vir predikante. Die saak van medeleraarskap sal ook daarin aandag ontvang.

**Derdens** het die SKG gedurende Maart 1997 uit eie behoefte en op versoek van die moderamen gedesentraliseerde predikanteby-eenkomste gehou in Pretoria (17 Maart 1997), Rustenburg (24 Maart 1997) en Pietersburg (30 April 1997). Die bywoning was oral redelik goed en die afloop baie bevredigend. Tydens die byeenkomste het dr Jan Viljoen oor die predikant as menslike hulpbron inleidende opmerkings gemaak en is aan predikante geleentheid gegee om te praat oor hul eie belewenis van die bediening in dié verband. Dr Mike Smuts het vanuit die resultate van die Fasiliteringskommissie die afgelope jaar met die aanwesiges oor hulle emosionele versorging gepraat en prof Malan Nel het die dag afgesluit met

die geestelike versorging van die predikant.

**2.3.4 Bevinding** - Die kommissie het kennis geneem van die werk wat deur die Fasiliteringskommissie en die moderamen in dié verband gedoen is. Uit bogenoemde blyk dat 'n beduidende aantal predikante 'n groot behoefte aan emosionele en geestelike versorging het en dat geleenthede waar daaroor saam gesprek gevoer kan word, byval vind. Uit die byeenkomste blyk ook dat daar heelwat aanpassings in die kerk gemaak sal moet word wat die beroepsmatige inrigting van die predikant se bediening betref. Veral die verbintenis tussen die kerkraad as werkgewer en die predikant as werknemer is 'n saak wat aandag moet geniet (vgl in dié verband die aanbevelings by 2.2.4 hierbo). Die beter toerusting van leraars en kerkrade in terme van bestuursvaardighede is ook 'n saak van groot belang.

**2.3.5 AANBEVELINGS**

**2.3.5.1 Die sinode neem met instemming kennis van die aandag wat aan die pastorale versorging van leraars gegee is.**

**2.3.5.2 Die sinode ondersteun die gedagte dat daar jaarliks 'n byeenkoms vir predikante met die oog op die totale versorging van die pastor gereël word en versoek die SKG om daarmee voort te gaan.**

**2.3.5.3 Die sinode keur goed dat 'n bedrag van R 2 000,00 per jaar vir die volgende twee jaar uit die opbrengs van die belegging in die SKG-rekening gebruik word as subsidie vir sodanige byeenkomste.**

**2.3.5.4 Die sinode gee toestemming aan die SKG om die resultate van die fasiliteringskommissie se werk te verwerk met die oog op die pastorale versorging van leraars.**

### 2.4 KONSULTASIEDIENS

**2.4.1 Opdrag** - Die sinode gee opdrag aan die SKG om met SEVTO saam te werk in die daarstelling van 'n konsultasiediens wat gemeentes met hul beplanning kan help (Handelinge 1995:365).

**2.4.2 Doel** - Om beplanning op effektiewe wyse te kan doen, vra kundigheid. Hierdie soort kundigheid vorm nie deel van die opleiding van predikante nie sodat daar 'n toenemende behoefte by kerkrade aan hulp van buite na vore tree. Aan die ander kant is daar 'n toenemende besef dat die beplanningstegnieke wat in die sekulêre beroepe toegepas word nie op dieselfde wyse effektief in die kerk gebruik kan word sonder die nodige aanpassings nie. Daarom is dit noodsaaklik dat die kerk sy eie konsultasiediens tot stand bring.

**2.4.3 Werkwyse** - Die SKG werk ten nouste met SEVTO saam deurdat die direkteur van SEVTO, prof W Vosloo, op die SKG dien en deur verteenwoordiging van twee SKG-lede op die gesamentlike kommissie van die vier sinodes van Transvaal en SEVTO met die oog op beplanning van SEVTO-aangeleenthede. Die saak van konsultasie is in beplanningsta-dium en sal nog verdere aandag geniet.

**2.4.4 Bevinding** - Die konsultering van gemeentes is nie 'n eenvoudige saak nie en sal met groot omsigtigheid hanteer moet word. Vandaar die verloop van tyd sonder dat daar nog konkrete resultate op die tafel is. Die saak is die afgelope tyd ook gedien deur die gesprekke wat die Fasililteringskommissie met ringe en kerkrade gehad het en die SKG verwys u graag na die verslag van die Fasiliteringskommissie.

**2.4.5 AANBEVELING - Die sinode neem kennis van die verloop van die saak en herhaal sy opdrag in verband met 'n konsultasiediens**

## 3. WERKSAAMHEDE TEN OPSIGTE VAN NAVORSING, BEPLANNING, INLIGTING EN VOORLIGTING

### 3.1 DIE BEGRIP GEMEENTEBOU

**3.1.1 Doel** - Die SKG het besef dat daar uiteenlopende persepsies oor die begrip en inhoud van gemeentebou in omloop is en dat dit wenslik is om vir homself uit te klaar waar hy as kommissie staan. Wat dus hier deurgegee word, is die resultaat van 'n gesprek oor hierdie aangeleentheid. As uitgangspunt is aangesluit by prof M Nel (1994) se uitgangspunte. Wat hier volg is 'n weergawe van wat die SKG onder gemeentebou verstaan (Nel 1994:14).

**3.1.2 Benaderings tot gemeentebou as vakgebied**

**1. Noodbediening**. Aanvanklik is gemeentebou as krisissaak, noodbediening beskou. Die nood van die aflopende lidmaatskap van die kerk het gemeentebou genoodsaak. By baie gemeentes van die Ned Geref Kerk vandag is dit nog steeds so.

**2. Die bedieninge (funksies) van die kerk**. Veral in die Anglo-Saksiese denke word gemeentebou vanuit die bedieninge van die kerk benader. In die Ned Geref Kerk is dit dikwels die geval. Met ander woorde, gemeentebou word gesien as die somtotaal van die funksies (bedieninge) wat in 'n gemeente voorkom.

**3. Die bestuursmatige benadering**. Hiervolgens moet die nood in die gemeente net reg bestuur word. Sodoende word die gemeente 'n manipuleerbare eenheid.

**4. Gemeentebou vanuit spesifieke bedieninge**. Hiervolgens word 'n keuse gemaak vir bepaalde bedieninge en dit word dan uitgebou as somtotaal van gemeentebou. So byvoorbeeld vanuit die volkskerklike liturgiese tradisie.

**5. Die charismatiese benadering**. Die klem val hier op die beoefening van die charismata. Dit raak baie vl as die ekklesiologie pentakostalisties gesien word. Die gevaar is dat dit dikwels sektaries word en die independentisme stimuleer.

**6. Vanuit die ekklesiologie na die funksies van die gemeente**. Hierdie benadering word as die mees verantwoorde benadering beskou. Dit soek nie na simplistiese antwoorde nie en dwing mens om teologies-sistematies oor die gemeente te dink.

Die laaste benadering sal as uitgangspunt van die verdere bespreking dien.

**3.1.3 Definisie vir gemeentebou** - Gemeentebou is die bediening waarbinne die gemeente opgelei en begelei word om:

**1.** sy eie wese en bestaansdoel te verstaan;

**2.** self, as gemotiveerde gemeente, sy eie funksionering te evalueer en doelwitte vir sy doelgerigte funksievervulling te formuleer en op beplande wyse te bereik;

**3.** self, soos nodig, op 'n voortgaande basis strukture, wat die heilshandelinge van die drie-enige God in die Kerk en die wêreld dien, vir die gemeentelike funksionering te ontwikkel.

**3.1.4 Gemeenteanalise** - Om bogenoemde te bereik, is dit nodig dat daar 'n analise van die gemeente gedoen moet word. Hierdie analise het hoofsaaklik die volgende komponente:

**1.** 'n gemeenteprofiel (databasis)

**2.** situasie- en omgewingsdiagnose (faktoranalise)

**3.** gemeentediagnose en -evaluering (funksie-analise)

**3.1.5 Fases in gemeentebou** - Gemeentebou is 'n proses wat in fases verloop. Dit is egter baie belangrik om te verstaan dat die fases nie die proses manipuleer nie, maar daar is om dit wat

gebeur te beskryf.


**3.1.6 Ekklesiologiese vertrekpunt** - Die kerk is God se mense. God se skeppingsplan moet gedurig in gedagte gehou word. By die skepping het God mense gemaak om Hom op aarde te verteenwoordig. Die mens het hierin misluk. Die kerk is God se oplossing op die mens se mislukking. Daarin het God die mens kom herskep. Die mense moet dus

**1.** God aan mekaar kommunikeer

**2.** God dien sodat die koninkryk kan realiseer

**3.** gedurig daarna streef om al meer te word wat God in sy herskeppingsplan bedoel het dat die mens moet wees - sy verteenwoordiger op aarde.

**3.1.7 Afbakening van gemeentebou** - In gemeentebou word gepoog om al die funksies wat in die gemeente aanwesig is, te koördineer en in mekaar te vervleg sodat dit 'n eenheid in diens van die geheel kan vorm. Die doel van gemeentebou hou verband met die wese van gemeentebou wat diagrammaties soos volg voorgestel kan word:




**3.1.8 Die doel van gemeentebou** - Die doel van gemeentebou is: ***Effektiewe roepingsvervulling só dat God se koninkryk kom en God bekend word vir wie Hy werklik is en dus ver-Heerlik word.***

**3.1.9 Werksformule** - Die kommissie aanvaar die volgende werksformule as vertrekpunt vir sy nadenke oor gemeentebou:

**1.** Die Vader, Seun en Heilige Gees bou die gemeente en doen dit deur die diens van mense.

**2.** God bou sy gemeente omdat Hy deur die gemeente die koms van sy Koninkryk in hierdie wêreld laat plaasvind.

**3.** Die bestaansdoel van die gemeente is sentraal belangrik.

**4.** Die empiriese gemeente op 'n bepaalde plek en tyd moet begelei word om te word wat hulle reeds in Christus en deur die Gees is. Die kloof tussen gedefinieerde en empiriese subjek moet vernou en oorbrug word.

**5.** Die totale gemeente in sy wese, bestaan, funksionering en strukturering is ter sprake. Omvattende en voortdurende vernuwing is en bly noodsaaklik.

**3.1.10 AANBEVELINGS**

**3.1.10.1 Die sinode vereenselwig hom met die SKG se vertolking van die begrip gemeentebou**

**3.1.10.2 Die sinode versoek gemeentes om in die gemeentebouproses met hierdie uitgangspunte rekening te hou**

**3.2 'N EIETYDSE EKKLESIOLOGIE**

**3.2.1 Doel**

**1.** Die SKG het aan hierdie saak begin werk vanuit die opdrag van die vorige sinode (1995) ten opsigte van bedieningsleemtes asook die fasette van die opdrag van die ad hoc-kommissie vir kerklike funksionering wat intussen na die SKG verwys is.

**2.** Die SKG het besef dat hy duidelikheid sal moet kry oor sy ekklesiologiese uitgangspunt wat as vertrekpunt vir sy dienslewering aan die sinode geld. Soos in die geval van die begrip *Gemeentebou* is daar ook met die ekklesiologie bepaalde persepsies van waaruit gefunksioneer word.

**3.2.2 Werkwyse** - Die volgende kort uiteensetting is neerslag van 'n langer dokument wat as basis van gesprek oor die saak by die SKG gedien het:

**1.** Die besinning oor die ekklesiologie vanuit die perspektief van die praktiese teologie geniet tans op 'n wye gebied in die vakliteratuur aandag. 'n Belangrike moment waarvan kennis geneem moet word, is dat die dogmatiek en die praktiese teologie nie met verskillende ekklesiologieë besig is nie, maar slegs met verskillende perspektiewe op die kerk/gemeente: eersgenoemde sterker op die "dat" en laasgenoemde sterker op die "hoe" van die praktiese gemeentewees van die plaaslike gemeente. In kerkrade se besinning oor die gemeente moet die dogmatiek en die praktiese teologie intens met mekaar rekening hou in 'n kreatiewe proses van wedersydse beïnvloeding.

**2.** Daar is nie duidelike bloudrukke of uitgewerkte struktuurmodelle oor die konkrete gestalte van die gemeente in die Skrif nie. Vanuit die wisselwerking tussen die essensies en konkrete gestaltes van die ekklesia soos ons dit in die Skrif raakloop, kom daar suggesties en moontlikhede op die tafel vir die konkrete gestaltes van die gemeente in ons eie tyd. In hierdie hele proses bly die Skrif uiteraard die oriëntasiepunt vir ons denke.

**3.** Die gemeente is God se werk maar ook volledig mensewerk. Die gemeente is na sy aard ook self 'n sosiologiese samelewingsverband waarbinne die stelreëls van organisasies en verenigings funksioneer. Elke gemeente is volledig deel van die samelewing waarbinne dit gestalte kry, en staan in 'n intense en unieke wisselwerking met haar unieke konteks. Daarom is daar opmerklike verskille tussen die gestaltes van die kerk in die tyd van die Bybel en soos dit in die verloop van die geskiedenis realiseer. Hierdie feit maak nie van God en die mens konkurrente nie, maar open juis die deur vir God se wonderlike werking in die wêreld deur mense.

**4.** Navorsing toon ook baie duidelik (ook as gevolg van bogenoemde) dat die ontwikkelinge in die samelewing die gemeente raak en verander. Daar is geen manier om laer te trek nie.

**5.** In die besinning en in die ontwerp van konkrete bedieningsgestaltes speel die belydenis ook 'n kontrolerende rol.

**6.** Die Ned Geref Kerk het hom soos volg oor die ekklesiologie uitgespreek (Algemene Sinodale Kommissie 1990:4-11):

"1. Die kerk is 'n unieke skepping van God.
2. Die wese van die kerk word deur die Woord bepaal.
3. Die kerk is 'n geloofs-, belydenis- en aanbiddingsgemeenskap.
4. Die kerk is 'n missionêre (sendingbedrywende) gemeenskap.
5. Die kerk is 'n diakonale (dienende) gemeenskap.
6. Die kerk is 'n universele gemeenskap.
7. Die kerk is 'n venster na God se komende nuwe wêreld.
8. Die kerk is een in God Drie-enig"

**7.** Die gemeente is die ruimte waarbinne en waardeur die kommunikatiewe geloofshandelinge van mense kontekstueel en samelewingsgebonde gestalte kry, ondersoek en gefasiliteer word. Wanneer daar dan konkreet oor die gemeente vanuit die perspektief van die praktiese teologie gedink en besin word oor

die konkrete kerkwees van 'n bepaalde gemeente en sy bedieningsgestaltes, is dit nie 'n enkelvoudige of reglynige proses nie, maar 'n verweefde en dinamiese gebeure. Gemeentewees is 'n proses waarmee bepaal word waarheen en hoe daar op pad gegaan moet word om God se bedoeling vir die gemeente se hier en nou (die kairos-oomblik) te bereik. In hierdie proses speel die wisselwerking van die gemeente as gawe van God, die gemeente se teologiese identiteit en die funksies van die gemeente binne hulle eie samelewingskonteks 'n bepalende rol. Eietydse bedieningsmodelle kry van hieruit binne die proses van gemeentebou gestalte.

**8.** In die perspektief op die gemeente wat hier op die tafel is, word dan uitgegaan van die gemeente as die kontekstueel-sosiale gestalte van die geloof. Dit geskied binne 'n bepaalde sosiale en kulturele situasie waar hierdie gemeente sigself sien en beleef as die aktualisering van die moontlikhede wat God geskenk het en as die vervulling van God se opdrag vir die gemeente: ter wille van die wêreld.

**3.2.3 Bevinding** - Die metaforiese spreke van die Bybel oor die kerk bring mee dat daar ook ander invalshoeke is van waaruit die ekklesiologie benader sou kon word. Bogenoemde is waarskynlik een van die belangrikste beklemtonings vir die inrigting van die kerk binne die eietydse aard van vandag se mens.

**3.2.4 AANBEVELINGS**

**3.2.4.1 Die sinode onderskryf die SKG se beklemtoning van 'n eietydse ekklesiologie.**

**3.2.4.2 Die sinode dra dit aan die SKG op om hierdie besinning voort te sit in kontekstuele wisselwerking met konkrete gemeentes, en die bevindinge voortdurend met die gemeentes in die sinodale gebied te deel.**

**3.2.4.3 Die sinode dra dit aan die SKG op om sy konsultasiediens so in te rig dat gemeentes op 'n wetenskaplike wyse begelei word om eie relevante bedieningsmodelle te ontwikkel.**

### 3.3 KERKLIKE LIDMAATSKAP

#### 3.3.1 Doel

**1.** Die afgelope twee jaar het dit meermale gebeur dat gemeentes begin nadink het oor die effektiwiteit van die hantering van kerklike lidmaatskap. Die besluit van die Algemene Sinode in 1994 dat lidmaatskap oor geografiese grense geniet mag word, het eweneens die vraag oor kerklike lidmaatskap na vore gebring. Dit het daartoe gelei dat in sommige gemeentes daar groter erns met die hantering van lidmaatskap gemaak word en die behoefte aan begeleiding in verband met die saak dringend is.

**2.** Die volgende uiteensetting van kerklike lidmaatskap dien as prinsipiële begronding en vertrekpunt vir die strukturele inrigting daarvan. (Hierdie uiteensetting het in meer uitgebreide vorm ook by die vergadering van die AKG in Februarie 1997 as basis van bespreking oor kerklike lidmaatskap gedien. Dit is daar in beginsel aanvaar as vertrekpunt vir verdere praktiese hantering van lidmaatskap. Dit is egter 'n dokument van hierdie kommissie en vanweë die dringendheid in ons eie sinode het ons vrymoedigheid om die saak op die tafel te plaas. Indien iemand die volledige dokument wil bestudeer, is hy/sy welkom om die skriba van die SKG daaroor te kontak).

#### 3.3.2 Studiestuk

KERKLIKE LIDMAATSKAP TOEGEPAS BINNE DIE RAAMWERK VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

1. BASIESE VERTREKPUNTE

Kerklike lidmaatskap funksioneer nie in 'n vakuum nie, maar binne die konteks van bepaalde houdings ten opsigte van sekere gemeentelike sake. Daarom moet eers kortliks genoem word wat hierdie houdings is waarteen kerklike lidmaatskap hier verdiskonteer word.

1.1 **Ekklesiologie**

1.1.1 *Die oorsprong van die kerk*

Die kerk het sy oorsprong aan God se uitverkiesende genade te danke. Hy neem die inisiatief en roep mense uit liefde saam tot kerk. Christus moes daarvoor sy lewe gee om sodoende die mens uit sy sonde te verlos en as God se eiendom te koop. Sonder Christus se verlossingswerk is geen kerk moontlik nie. Mense kan nie deur eie verdienste deel van die kerk word nie. As antwoord op God se verkiesing, moet die mens Jesus se versoeningswerk persoonlik in die geloof aanvaar. Daarom is Christus die Hoof en Koning van die kerk. God verwag onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die Koning.

1.1.2 *Verhoudinge binne die kerk*

In die kerk bestaan daar 'n tweeledige verhouding: vertikaal is daar 'n verbondsverhouding tussen God en die mens en as gevolg van die gesamentlike verbondenheid aan God, kom daar 'n horisontale vehouding tussen gelowiges onderling tot stand. Hierdie eenheid tussen mense strek oor grense van ras, kultuur, taal, sosiale stand, ens. Naas die eenheid bestaan daar ook in die kerk 'n bepaalde verskeidenheid wat bedoel is om die kerk tot voordeel te strek. Die verskeidenheid hou verband met dienslewering tot opbou van die kerk. Elke lidmaat van die kerk ontvang 'n diensverantwoor-delikheid in die kerk.

Die kerk is nie kerk ter wille van sigself nie. Hy het 'n verantwoordelikheid teenoor die sondige wêreld rondom hom. Daar moet hy 'n lewende getuie wees van die verlossingswerk van Christus sodat God verheerlik kan word wanneer ander ook die liefde van God leer ken en aanvaar.

1.1.3 *Bestaanswyses van die kerk*

Die kerk het twee bestaanswyses, naamlik 'n universele gestalte wat alle gelowiges insluit, en 'n gelokaliseerde bestaanwyse in die plaaslike gemeente wat op 'n bepaalde plek en konteks volledig verteenwoordigend van die kerk in die breë is. Hierdie gelokaliseerde bestaanswyse is van wesenlike belang vir kerkwees en daarom is elke gelowige verplig om hom/haar daarby aan te sluit (vgl Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 28). Dit beteken dat die institusionele inrigting en organisering van die kerk dus nie net 'n toevalligheid is nie, maar so ingerig moet word dat die kerk waarlik ten volle kerk kan wees.

1.2 **Kerkregtelike stelsel**

1. Net soos wat die bepaalde ekklesiologiese bedieningsmodel 'n invloed op lidmaatskap het, is dit ook die geval met die regeringstelsel waarvolgens die kerk funksioneer. So bv word lidmaatskap binne die independentistiese kerkregeringstelsel as totaal opsioneel hanteer amper op dieselfde vlak soos wanneer mens by 'n klub gaan aansluit. Lidmaatskap binne die presbiteriale stelsel is egter sterk gebind aan die toesig van die

plaaslike gemeente se kerkraad.

2. In die Ned Geref Kerk word die Gereformeerde of Presbiteriaal-sinodale stelsel as uitgangspunt vir die kerklike regeringstelsel nagevolg. Die belangrikste kenmerke van hierdie regeringstelsel is die volgende:

1.2.1 *Die plaaslike kerk*

"Die plaaslike kerk as sentrum van kerklike organisasie is in die presbiteriale stelsel die vertrekpunt vir die realisering van die koningskap van Christus. Elke plaaslike gemeente word beskou as selfstandige, sigbare gestalte van die liggaam van Christus" (Botha 1987:65).

1.2.2 *Kerkregering deur die ampsdraers*

Die kerkregering is toevertrou aan ampsdraers in vergadering. Daarmee word die mag uit die hande van die individu geneem en aan die ampsdraers wat deur die gemeente daar gestel is, as kerkraad gegee.

1.2.3 *Kerkverband*

Al is elke plaaslike gemeente outonoom, selfstandig en volledig kerk, bestaan dit tog ook nie buite verband met ander gemeentes nie. Verskeie skrifgedeeltes onderstreep die noodsaaklikheid van die kerkverband "op grond van die kerk van Christus en op grond van skrifgegewens wat daarop dui dat die onderskeie kerke mekaar wedersyds moet help (1 Kor 12:26; 2 Kor 8:1), met mekaar oorleg moet pleeg (Hand 15), mekaar moet vermaan en ondersteun (Rom1:8, 11, 12; 15:14; Heb 3:14; 1 Tess 5:11; Fil 1:27)" (Botha 1987:67). Die plaaslike gemeente en die meerdere vergaderinge se gesag is albei beperk: eersgenoemde is begrens in sy gesag in dié sin dat dit beperk is tot sake binne sy grense en lg is begrens in dié sin dat dit nie mag handel oor sake wat by die plaaslike kerk tuishoort nie.

1.2.4 *Die gesag van die Woord*

Die Woord van God vorm die basis vir die kerkreg al is dit geen wetboek met bepalings en reglemente vir elke gebeurlikheid nie. Die gedagte is nie dat elke artikel of bepaling letterlik uit die Woord afgelees moet word nie, maar dat die beginsels vir kerkwees wat in die Skrif gegee word, eerbiedig sal word.

## 2. TEORETIESE BESINNING OOR KERKLIKE LIDMAATSKAP

### 2.1 Die begrip lidmaatskap

1. Die begrip *lidmaatskap* kom nie as sodanig in die Bybel voor nie. Die naaste wat daaraan kom, is wanneer die gelowige binne die konteks van die Liggaam-van-Christus metafoor 'n lid van die liggaam genoem word. Dan word die woord μελος (lid) gebruik. Hierdie woord kom 36 keer in die Nuwe Testament voor en behalwe vir vier gevalle, verwys dit altyd na die dele van die menslike liggaam. In negentien van hierdie gevalle word dit gebruik om te verwys na die gelowige as lid van die gemeente binne die metafoor van die kerk as liggaam van Christus (vgl 1 Kor 12:27; Rom 12:5; Ef 4:25). Gelowiges word dus lede van die kerk genoem soos wat die ledemate van die liggaam deel van die liggaam is. Buiten hierdie woord is daar geen verwysing na die begrip as sodanig nie. Die naaste wat die Bybel aan die saak kom, is verwysings na die getalle van die gemeente Israel in die Ou Testament (vgl Num 1, 3 & 4; Eks 30:12) en die getalle in die Nuwe Testament (vgl Hd 1:15; 2:41 & 47; 6:7). Dit laat mens alleen vermoed dat die een of ander vorm van lidmaatskap tog bestaan het.

2. In ou-Israel en die Jodendom was die besnydenis van lankal af die teken van lid wees van die vergadering van die Here (vgl Eks 12:44; Hand 15:5; 16:3). Daar was ook ander vereistes (vgl Deut 23:1-6).

Lidmaatskap het te make met kerklike strukture binne die onlosmaaklike verbondenheid tussen die kerk as organisme en die kerk as instituut. Wanneer die term *lidmaatskap* dus gebruik word, word daarmee verwys na formeel deel (lid) wees van die een of ander organisatoriese (institusionele) struktuur.

### 2.2 Lidmaatskap waarvan?

Waarvan is 'n mens dan 'n lidmaat? Op die oog af gesien, mag dit na 'n eenvoudige vraag lyk. Tog is dit nie so eenvoudig nie omdat daar 'n paar moontlikhede is en hierdie verskillende moontlikhede ook met mekaar verband hou. Dit is egter van groot belang om hierdie vraag te beantwoord omdat die antwoord veelseggende konsekwensies inhou vir die wyse waarop kerklike lidmaatskap in die praktyk hanteer moet word.

2.2.1 *Lidmaatskap van die universele kerk*

1. In die universele kerk gaan dit om alle gelowiges wat oor alle grense heen saam die kerk van Christus uitmaak omdat hulle deur geloof in Christus met God versoen is en daarom ook in 'n geloofsverhouding met mekaar staan. Alle gelowiges behoort dus tot die universele (algemene) kerk van Christus. Daarom is een van die eienskappe van die ware kerk dat dit 'n katolieke kerk is.

2. Die vraag is nou: waar is hierdie universele kerk en vanwaar word dit konkreet georganiseer? Hierop moet geantwoord word dat daar geen sentrale aardse plek is vanwaar die kerk as universele verskynsel georganiseer word nie. Alhoewel daar tussen die verskillende kerkgenootskappe en gemeentes onderling op talle vlakke ekumeniese verhoudinge aangeknoop word en gesprek oor en weer plaasvind, bestaan daar nie so iets soos *lidmaatskap van die universele kerk op aarde* nie. Die enigste bron van name van al die gelowiges wat deel het aan die kerk as universele verskynsel is die "register" van name waarna verwys word in Op 20:12 & 15: "Ek het die dooies, groot en klein, voor die troon sien staan, en die boeke is oopgemaak ... Daar is ook 'n ander boek oopgemaak, dit is die boek van die lewe. As daar gevind is dat iemand se naam nie in die boek van die lewe geskrywe staan nie, is hy in die vuurpoel gegooi". Maar dit is 'n metafoor.

2.2.2 *Lidmaatskap van 'n bepaalde kerklike denominasie*

Die gereformeerde kerkreg beklemtoon die selfstandigheid van die plaaslike gemeente ten opsigte van lidmaatskap. In hierdie verband is elke gemeente volledig kerk en beskik dit oor outonome gesag. Die denominasie hou verband met die kerkverband en bestaan alleen omdat daar verskillende gemeentes is wat dieselfde belydenis aanvaar. Buite die plaaslike gemeente om is daar geen lidmaatskap van die Ned Geref Kerk as denominasie moontlik nie.

2.2.3 *Lidmaatskap van die plaaslike gemeente*

Binne die Gereformeerde kerkreg berus lidmaatskap by die plaaslike gemeente. Vgl in dié verband die verklaring wat gemaak word by die openbare belydenis van geloof: "Op grond van die genadeverbond, soos verseël deur die doop, en kragtens die belydenis wat julle so pas afgelê het, word hiermee verklaar dat julle belydende lidmate is van die Nederduitse Gereformeerde gemeente van..." (Handboek vir die erediens 1988:79). Daarom is die volgende besluit ook

deur die Ned Geref Kerk geneem: "Lidmaatskap word deur die kerkraad verleen of geweier" (Potgieter 1978:771).

### 2.3 Verskillende soorte lidmaatskap?

Die laaste vraag wat hier kortliks beantwoord moet word, is die vraag of daar in die gemeente onderskeid gemaak kan word tussen lidmate. Met ander woord, is daar verskillende soorte lidmate in die kerk of lê lidmaatskap vir almal op dieselfde vlak?

#### 2.3.1 *Lidmaatskap in terme van toewyding*

Dit gebeur soms dat teoloë die feit dat daar verskillende vlakke van geestelike rypheid onder lidmate voorkom vertolk as sou daar verskillende soorte lidmaatskap in die kerk bestaan. Vergelyk in dié verband uitsprake soos dié van Schaff (1976:21 ev), Van der Ven (1993:43), Balchin (1979:49). Natuurlik is alle lidmate nie op dieselfde vlak van geestelike ontwikkeling nie. Paulus toon ook sy frustrasie wanneer hy aan die gemeente in Korinte skryf en moet sê: "Broers, ek kon met julle nie praat soos met mense wat hulle deur die Gees van God laat lei nie; ek moes praat soos met wêreldse mense, soos met kindertjies in die geloof in Christus. Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste kos nie, want julle kon dit nog nie verteer nie. En julle kan dit ook nou nog nie verteer nie, want julle is nog wêreldse mense. Daar kom jaloesie en twis onder julle voor. Is dit nie omdat julle nog wêrelds is en julle wêrelds gedra nie?" Dit wil egter nie sê dat Paulus bedoel dat daar verskillende soorte lidmaatskap is nie ( 1 Kor 3:1-3).

#### 2.3.2 *Lidmaatskap in terme van benaming*

Die twee benaminge vir lidmaatskap naamlik "dooplidmaat" en "belydende lidmaat" wat tans in die Ned Geref Kerk gebruik word, skep die persepsie dat daar twee verskillende soorte lidmate is. In die gemoed van baie lidmate leef die persepsie juis dat 'n "dooplidmaat" nie regtig 'n lidmaat is nie. Die Bybel ken nie hierdie onderskeid nie. Hierdie twee benamings bring baie verwarring en lei tot 'n verskraling van lidmaatskap.

#### 2.3.3 *Samevattend*

1. Lidmaatskap is 'n saak vir die plaaslike gemeente. Alhoewel daar verskil tussen lidmate met betrekking tot geestelike rypheid bestaan, is daar maar een soort lidmaatskap is. Iemand wat tot geloof in Christus kom, vorm nie net deel van die liggaam van Christus as organisme nie, maar moet ook konkreet gestalte aan hierdie verbondenheid met Christus gee deur by die plaaslike gemeente as lidmaat aan te sluit. Die feit dat lidmaatskap 'n saak van die plaaslike gemeente is, het belangrike konsekwensies vir die hantering van lidmaatskap. Wanneer verder oor verskillende aspekte van lidmaatskap gehandel word, moet dit altyd teen hierdie agtergrond gesien word.

2. Teen die agtergrond van wat hierbo gesê is, word lidmaatskap soos volg geformuleer:

***Lidmaatskap is die sigbare organisatoriese gestaltegewing in die plaaslike gemeente (volgens die riglyne van die Skrif) van die verbondsverhouding tussen God en mens. Binne hierdie geloofsgemeenskap dien lidmaatskap tot opbouing van die kerk, uitbreiding van God se koninkryk en die verheerliking van God se Naam.***

### 2.4 Norme vir lidmaatskap

1. Wie mag lidmaat van die gemeente word? Wat konstitueer lidmaatskap? Is daar sekere vereistes wat gestel kan word? Is dit Bybels korrek om te praat van sekere minimum vereistes of kan enigiemand maar sonder meer lidmaat van die gemeente word sonder om aan sekere vereistes gemeet te word? Hierdie is vrae wat eers beantwoord moet word voordat gekom kan word by die "hoe" van lidmaatskap.

2. By die bespreking wat hieronder volg, word onderskei tussen Bybelse norme wat wesenlik van belang is vir die konstituering van kerklike lidmaatskap en institusionele norme wat met verloop van tyd begin geld het as norme vir die konstituering van lidmaatskap maar wat nie van deurslaggewende belang is nie. Laasgenoemde norme is soms ook norme wat nie die eintlike bedoeling van die kerk as instituut is nie. Dit het as gevolg van die toepassing van verskillende goedbedoelde stelsels in die kerklike struktuur spontaan begin geld as norme vir die konstituering van kerklike lidmaatskap. Hierdie twee groepe sal uitmekaar gehaal moet word.

#### 2.4.1 *Institusionele norme vir lidmaatskap*

Met verloop van tyd het daar in die geïnstitueerde kerke verskillende faktore op die voorgrond verskyn wat die verkryging van lidmaatskap beïnvloed. Ook in die Ned Geref Kerk is daar sulke faktore. Dit is nodig om vas te stel of aan hierdie sake legitimiteit verleen behoort te word en of dit werklik normatief vir lidmaatskap behoort te wees.

##### 2.4.1.1 Geografiese grense (die parogiale stelsel)

1. Wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk betref, word die territoriale stelsel deurgaans toegepas by gemeentevorming alhoewel daar in die Kerkorde nie daaroor opdrag gegee word nie. Dit wil voorkom of dit vanselfsprekend aanvaar word dat die territoriale indeling as uitgangspunt vir die kerk dien. Die enigste verwysing na gemeentegrense in die Kerkorde is artikel 31 waar die reëling van gemeentelike grense in 31.4 as werksaamheid van die ring beskryf word en verder in die bepalings van sinodes duideliker uitgewerk word.

2. Die indeling van gemeentes volgens geografiese grense is geen Bybelse beginsel nie. Dit het in die Nederduitse Gereformeerde Kerk die gebruik geword bloot uit nabootsing van die maatskaplike en pragmatiese funksie daarvan in die verlede. Daarmee word nie beweer dat dit noodwendig reg of verkeerd is nie. Die stelsel hou beslis bepaalde voordele in (vgl die verslag van die Sinodale Regskommissie van Noord-Transvaal in Carstens 1993:117. Daar word egter ook 'n aantal nadele in dieselfde verslag genoem. Vgl ook Viljoen 1990:395). Dit sou egter onverantwoordelik wees as hierdie manier van indeling so toegepas word dat dit dwingend vir elke lidmaat moet geld.

##### 2.4.1.2 Die kategoriale stelsel

In hierdie stelsel is verskillende kategorieë deurslaggewend vir die vorming van 'n gemeente. Ouderdom, geslag, beroep, belangstelling, betrokkenheid by 'n sekere inrigting, professie of situasie is almal faktore wat tot kategoriale groepering kan lei. Jongmense, bejaardes, vroue, argitekte, medici, charismate, hospitaalpersoneel, anderstaliges, gestremdes, studente van 'n sekere inrigting en weermagslede kan almal in óf kategoriale gemeentes óf kategoriale groepe binne 'n gemeente saamgetrek word. In die Ned Geref Kerk word hierdie stelsel op verskillende maniere benut. In sommige gevalle word gemeentes uitsluitlik volgens 'n bepaalde kategorie gevorm soos bv die gemeente vir dowes (wat voorsiening maak vir dowe lidmate), studentegemeentes, gemeentes vir anderstaliges soos die Portugese, ensovoorts. Somtyds word hierdie stelsel gekombineerd met die territoriale stelsel gebruik. Die Bult in Potchefstroom en Universiteitsoord in Pretoria is voorbeelde waar vir studente as kategoriale groep afsonderlik van die res

van die gemeente binne 'n bepaalde territoriale gebied voorsiening gemaak word.

2.4.1.3 Volksverband

1. Die kerk in die Ou Testament val baie nou saam met die volk Israel as God se uitverkore volk. Dit wil in die Ou Testament voorkom asof die deelgenootskap aan die verbondsgemeenskap saamhang met behorende tot die Joodse volk wat Israel genoem is. Hierdie besondere verbintenis tussen God en Israel was ook die kenmerk wat hulle van die ander volkere onderskei het (vgl Eks 33:16).

2. Dit was natuurlik nooit die bedoeling van die Here in die Ou Testament om met die afsondering van die volk eksklusief net hulle God te word asof Hy nie in ander volke belangstel nie. Dwarsdeur die Ou Testament is daar sprake van mense buite Israel wat deel van God se volk kon word as hulle bereid was om God se verbondsvoorwaardes te aanvaar. Wanneer dit gebeur, word so 'n persoon behandel asof hy 'n gebore Israeliet is. Paulus doen later baie moeite om die verskillende gemeentes te laat verstaan dat die koninkryk van God nie net vir 'n sekere volk bedoel is nie, maar dat God se liefde vir alle volke bedoel is. "Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één." (Gal 3:28. Vgl ook Hand 26:18; Rom 9:6-8; Gal 3:28; Ef 1:11 & 13; 1 Pet 2:9-10). In die Nuwe Testament word daar dan ook nooit in die kerk 'n onderskeid gemaak tussen mense van verskillende rasse nie. Wanneer iemand tot geloof in Christus kom, word hy net soos die Jood in die gemeente opgeneem en word ook dieselfde norme vir gehoorsaamheid aan hom voorgehou. Aan die ander kant is dit ook so dat die Jood nie kon dink dat hy vanweë sy historiese agtergrond enige voorrang by God sou geniet en volgens ander eise deel van die kerk kon word nie. Dit maak Paulus baie duidelik as hy in Rom 2:11 sê: "God trek immers niemand voor nie" (vgl ook Rom 9:6-8).

3. Uit bogenoemde kan mens nie anders nie as om af te lei dat daar in die Bybel geen teologiese gronde bestaan om volksverband voorwaarde te maak vir kerklidmaatskap nie. Daarom word in Kerk en Samelewing verklaar: "Lidmaatskap van alle Ned Geref gemeentes is oop vir enige gelowige wat die belydenis van hierdie kerk aanvaar" (Algemene Sinodale Kommissie 1990:35).

2.4.1.4 Belydenisaflegging van geloof as bevestiging tot belydende lidmaatskap

1. Die bevestiging tot belydende lidmaatskap het in die Ned Geref Kerk 'n betekenis gekry wat sy eintlike bedoeling totaal en al oorskry. In dié verband sal die kerk ook opnuut moet kyk na die bediening aan sy jeug. In die vraelys wat aan gemeentes se registerhouers in 1993 voorgehou is, is telkens deur die respondente gesê dat die kinders in die gemeente nie beskou word as volwaardige lidmate nie (vgl die AJK se studiestuk 1990:7). Hulle is nog *op pad om lidmate te word* en dit gebeur wanneer hulle belydenis van geloof aflê.

2. Met die verbondsopvoeding van die kinders is die kerk nie besig om nie-lidmate te help om lidmate te word nie. Verbondsouers, met die ondersteunende hulp van die kerk, het die taak om mense wat reeds lidmate van die kerk is, te help om nog beter lidmate te wees. Kinders moet van kleinsaf verstaan dat dit waarmee hulle besig is in die kerk in der waarheid gestaltegewing van kerklidmaatskap is. Die doel van die kategetiese arbeid is nie om kinders te help om lidmate te word nie, maar om as lidmate te ontwikkel.

2.4.2 *Wesensnorme*

Met wesensnorme word bedoel die norme wat deur die Skrif gegee word waardeur kerklike lidmaatskap gekonstitueer word.

2.4.2.1 Die genadeverbond

Dit is nie moontlik om hier 'n breedvoerige uiteensetting van die verbond te gee nie. Uit wat reeds hierbo by die bespreking van die ekklesiologie en in ander opmerkings gesê is, is dit duidelik dat die verbond van God met die mens die basiese konstituerende element vir lidmaatskap is. Die Ned Geref Kerk bely dit ook in die formulier vir die doop van kinders van gelowige ouers wanneer in die eerste vraag aan die ouers gevra word: "Bely u dat, hoewel ons kinders as sondaars in die wêreld gekom het en daarom onder die oordeel van God staan, hulle nogtans in Christus aan God behoort en daarom **as lidmate** van sy gemeente gedoop moet word?" (Handboek vir die Erediens 1987:61).

2.4.2.2 Geloof

1. Hierbo is reeds melding gemaak van die gelowiges wat in die verbond ingesluit is en dat verbondsmense ook lidmaatskap van die kerk ontvang. Dit is egter nodig dat afsonderlik gekyk word na die hele saak van geloof as vereiste vir lidmaatskap. Hierdie vereiste speel tans so 'n belangrike rol in die Ned Geref Kerk dat in paragraaf 251 van Kerk en Samelewing (1990) verklaar word: "Geloof in die God van die Heilige Skrif soos dit in die drie Formuliere van Eenheid tot uitdrukking kom, is die enigste voorwaarde om aan 'n Ned Geref gemeente as gemeente van die Here Jesus Christus te behoort". En in paragraaf 252 word gesê: "Lidmaatskap van alle Ned Geref gemeentes is oop vir enige gelowige wat die belydenis van hierdie kerk aanvaar" (Algemene Sinodale Kommissie van die Ned Geref Kerk 1990:35).

2. In die Nuwe Testament word die klem swaar op die geloof geplaas. Dit word beskou as die kenmerkende verskil tussen mense wat aan die kerk behoort en hulle wat nie deel van die kerk uitmaak nie. Daarom word van die gemeentes gepraat as "gelowiges" (vgl Hand 11:21; 14:22-23; 16:5; 18:8; Rom 1:8; Ef 1:1). Dit is egter nie die geloof wat die mens deel van die kerk maak nie. Geloof is die reaksie van die mens op die feit dat God hom uitgekies het om in 'n verbondsverhouding met God betrokke te raak. In terme van kerklike lidmaatskap is hierdie verstaan van die geloof van baie groot belang anders het ons te make met 'n botsing in uitsprake ten opsigte van vereistes vir lidmaatskap. Kinders van verbondsouers is tog lidmate van die kerk voordat hulle getuienis van hulle geloof gegee het. As in paragraaf 251 van Kerk en Samelewing dus bedoel sou word dat die geloof teken van verbondsinsluiting is, sou dit in orde wees. Dit sou egter meer korrek wees om te sê dat insluiting in die verbond die enigste voorwaarde vir lidmaatskap is.

2.4.2.3 Betrokkenheid (verbintenis)

1. Die vraag wat hier gevra moet word, is of dit hoegenaamd van belang is dat iemand wat 'n lidmaat van die gemeente is aktief betrokke by die werksaamhede van die gemeente en die gemeenskap hoef te wees. Om hierdie vraag te beantwoord, moet gekyk word na die swaar klem wat in die Bybel gelê word op die feit dat die mens wat bely dat hy aan die Here behoort, se manier van lewe dit prakties moet toon. In die prediking van Jesus speel dit 'n groot rol. Hy sê: "Dra liewer vrugte wat bewys dat julle bekeer is" (Matt 3:7-8. Vgl ook Ps 40:7; Matt 12:33; 21:43; 13:18-23; Luk 3:8-9; 6:43-44; 13:6-9; Joh 15:2;

Rom 10:9 & 10 en die HK vraag 64).

2. Lidmaatskap van die gemeente het nie maar net te make met die inskryf van 'n naam in 'n lidmaatregister nie, maar veral met die belydenis en uitleef van 'n mens se geloofsverbintenis met die Here. Christenskap en lidmaatskap loop hand aan hand. Wie bely dat hy werklik 'n gelowige is, sal ook moet besef dat lidmaatskap van die gemeente getuienis van hierdie geloof sal moet lewer. Hierdie vereiste vir lidmaatskap mag nie afgewater word nie. Tog blyk dit in baie gemeentes 'n probleem te wees.

2.4.3 *Samevatting: minimum vereistes*

1. Na bg uiteensetting ontstaan die vraag of daar nie sprake is van "minimum vereistes" vir lidmaatskap van 'n gemeente nie. As daar minimum vereistes is, wat behoort dit te wees?

2. In die Ou Testament kom daar 'n paar interessante teks gedeeltes voor wat die indruk laat dat daar vir Israel ook bepaalde minimum vereistes vir lidmaatskap gestel is (vgl Deut 23). Wanneer Jesus met sy dissipels praat oor volgelingskap, stel Hy dit baie duidelik dat daar sekere minimum vereistes is waaraan sy volgelinge moet voldoen. "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis dra en My volg" (Luk 9:23. Vgl ook Luk 14:27-33). Dit is duidelik dat 'n mens baie mooi moet besef wat dit beteken om volgeling van die Here te wees. Daarom moet jy die eis van dissipelskap voor die tyd deeglik in berekening neem voordat jy jou in so 'n kosbare en gesogte verbintenis begeef. As jy dit nie doen nie, kan jy dalk later ontdek dat die eise te veel is.

2. Dit sou onverantwoordelik wees as mense toegelaat sou word om lidmaatskap van die Ned Geref Kerk te aanvaar sonder dat hulle weet wat die eise is wat daaraan verbonde is. Dit is hier waar die probleem inkom. Hoe stel mens vas of iemand se dade van ware geloof getuig? Wanneer doen iemand genoeg om geloofwaardigheid aan sy geloof te verleen? Aan die ander kant gebeur dit soms dat mense se dade oorvloedig kan wees sonder dat dit noodwendig van ware geloof getuig. Daarvan is die lewens van die skrifgeleerdes en die Fariseërs in die Nuwe Testament oorgenoeg getuienis. Baie van hierdie mense kom meld aan om as lidmate van die kerk aanvaar te word en uiteindelik is dit vir mense baie moeilik om iemand se egtheid te kan meet.

3. Hierdie onvermoë van die mens het dikwels al daartoe gelei dat daar geen kontrole oor lidmaatskap uitgeoefen word nie. Dit is egter ook nie aanvaarbaar nie. Elke kerkraad sal steeds moet sorg dat die eer van God beskerm word deur na die beste van hulle vermoë toe te sien dat lidmaatskap van die gemeente nie afgewater word nie. Onverhandelbare elemente van christenskap is ten minste:

* *Getroue bywoning van die samekomste van die gemeente.*

* *'n Lewenstyl wat die evangelie waardig is.*

* *Die bereidheid om deel te neem aan die getuienis- en/of diensaksies van die gemeente.*

* *Verantwoordelikheid aanvaar teenoor mekaar en teenoor die gemeente.* (Vgl Burger 1991:86).

**3.3.3 Bevinding**

Voordat 'n paar praktiese opmerkings gemaak word, moet net eers samevattend gekyk word na 'n paar afleidings uit bogenoemde uiteensetting oor lidmaatskap wat as riglyne vir die organisatoriese hantering van lidmaatskap moet geld:

**1.** Lidmaatskap het te make met die *organisatoriese dimensie* van kerkwees as noodsaaklike vergestalting van die kerk as organisme. Hierdie organisatoriese dimensie het *'n gelokaliseerde vertrekpunt* in die plaaslike gemeente as volledige kerk van Christus.

**2.** Lidmaatskap is *nie opsioneel nie,* maar 'n noodsaaklikheid vir elke verbondsmens. Dit is elke verbondsmens se *eie verantwoordelikheid.*

**3.** Die verbondsmens leef nie net as 'n individu in sy verhouding met God nie, maar *vorm deel van 'n groep mense* wat saam met hom/haar aan God verbind is. Lidmaatskap verbind die mens sigbaar aan hierdie groep mense wat saam *'n geloofsgemeenskap* vorm.

**4.** Die *riglyne* waaraan die strukturele verbintenis moet voldoen, kom *uit die Woord van God* en nie net uit die praktyk nie.

**5.** Die *genadige verbondsooreenkoms* van God met die mens is *die konstituerende vertrekpunt* vir lidmaatskap. Dit beteken dat *God die inisiatief* neem.

**6.** Lidmaatskap het ten doel om aan die verbondsmens die nodige *geborgenheid en ondersteuning* te verleen waardeur die lidmaat geleentheid kry *om God te verheerlik* en die gemeente te bou.

**7.** Deur lidmaatskap kry die gelowige geleentheid om as deel van die gemeente *die koninkryk van God te dien* deur deelname aan God se heilsproses in die wêreld.

BIBLIOGRAFIE

'n Volledige bronnelys van die verwysings in bogenoemde stuk is by die skriba van die kommissie te kry.

**3.3.4 AANBEVELINGS**

**3.3.4.1 Die sinode neem die studiestuk oor kerklike lidmaatskap in behandeling**

**3.3.4.2 Die sinode aanvaar die volgende uitgangspunte as vertrekpunt vir die praktiese hantering van lidmaatskap:**

**1. Die genadige verbondsooreenkoms van God met die mens is die konstituerende vertrekpunt vir lidmaatskap en nie pragmatiese oorwegings nie.**

**2. Lidmaatskap is nie opsioneel nie, maar 'n noodsaaklikheid vir elke verbondsmens.**

**3. Lidmaatskap het te make met die organisatoriese dimensie as noodsaaklike vergestalting van kerkwees. Hierdie organisatoriese dimensie het 'n gelokaliseerde vertrekpunt in 'n plaaslike gemeente as volledige kerk van Christus.**

**4. Die verbondsmens leef nie net as 'n individu in sy verhouding met God nie, maar vorm deel van 'n groep mense wat saam aan God verbind is. Lidmaatskap verbind die mens sigbaar aan hierdie groep mense as geloofsgemeenskap.**

**5. Die verbondsgemeenskap het ook 'n verantwoordelikheid teenoor die individu.**

**3.3.4.3 Die sinode doen 'n ernstige beroep op kerkrade om met groot verantwoordelikheid persone toe te laat om lidmaatskap van 'n bepaalde gemeente te bekom en lidmaatskap nie te vervlak tot die blote rondskuif van dokumente nie**

**3.3.4.4 Die sinode aanvaar die volgende riglyne as minimum vereistes by die hantering van lidmaatskap:**

**1. Wanneer 'n lidmaat sy lidmaatskap van 'n gemeente opsê, word 'n attestaat as getuigskrif of verslag oor die**

**persoon se leer en lewe uitgereik.**
**2. Indien 'n attestaat om welke rede ookal nie uitgereik kan word nie, word Vorm 5 uitgereik.**
**3. Wanneer 'n persoon lidmaatskap van 'n gemeente wil bekom, doen hy/sy skriftelik (met opgaaf van redes) daarom aansoek by daardie gemeente (vgl Bylaag 1 as voorgestelde moontlike aansoekvorm). Indien van toepassing, moet 'n attestaat die aansoek vergesel.**
**4. Aansoeke om lidmaatskap word amptelik deur die kerkraad goedgekeur.**
**5. Die kerkraad moet persone wat aansoek gedoen het inlig oor die betekenis van lidmaatskap binne die bepaalde gemeente.**
**6. Voordat lidmaatskap toegestaan word, moet die persoon se erns in verband met sy/haar verbondsinsluiting gekontroleer word.**
**7. 'n Wedersydse verbintenis moet tussen die persoon en die gemeente aangegaan word.**
**3.3.4.5 'n Persoon bly lidmaat van 'n gemeente totdat hy/sy self sy/haar lidmaatskap opsê. Die sinode versoek die SRK om in hierdie verband bepalings 26.8 tot 26.13 te herformuleer.**

### 3.4 MIDDESTADSBEDIENING

**3.4.1 Doel**
1. Op versoek van die moderamen het die SKG inisiatief geneem vir die daarstelling van 'n subkommissie vir die bestudering van die problematiek wat die bediening in die middestadsgemeente ondervind.
2. As gevolg van 'n verskeidenheid van faktore ondervind die middestadsgemeentes toenemend probleme met die inrigting van die bediening om steeds effektief te kan bly. Die ondersoek is aangevra om met die uitsortering van hierdie faktore en die beplanning van effektiewe bedieningspatrone te help.

**3.4.2 Werkwyse** - Die kommissie is in verskillende subkommissies verdeel wat elk 'n bepaalde verantwoordelikheid vir die ondersoek hanteer:
1. Samesprekings met die Stadsraad van Pretoria ten opsigte van beplanning in die middestad (Drr AK le Roux en DP Veldsman).
2. Navraag by die ringsgemeentes in verband met toekomsbeplanning deur kerkrade(Dr PJ le Roux en ds SJ Joubert).
3. Komitee vir basiese skryfwerk (teoretiese onderbou) (Drr GG Havemann, JG Bosman en ds AC Swanepoel).
4. Identifisering van behoeftes en probleme ten opsigte van middestadsbediening (Ds MJ Swart en dr LF van Deventer).
5. Vorige ondersoeke rondom middestadsbediening (Navraag by die kerkargief) (Dr JJ Gerber).

Die ondersoek geskied in oorleg met die Fasiliteringskommissie.

**3.4.3 Bevinding** - Na deeglike besinning oor die inligting uit die verslae wat voor die kommissie gedien het, word besluit om die volgende terugvoering aan die Ring van Pretoria deur te gee:
1. Daar sal in diepte besin moet word oor die strategiese herstrukturering van die bediening in die middestad.
2. Daar sal moet rekening gehou word met bepaalde gemeentelike sentimente. Die kerkrade en gemeentes sal deeglik voorberei moet word en stap vir stap in die beplanningsproses begelei word.
3. 'n Voorraadopname van die bestaande situasie wat betref personeel, bates, ens moet gemaak word.
4. Die moontlike samesmelting van verskillende gemeentes word aangemoedig.
5. Die kommissie beplan voortsetting van bedieningsvernyking en bedieningspastoraat in die middestad.

**3.4.4 AANBEVELING - Die sinode keur die optrede van die kommissie goed.**

### 3.5 ALTERNATIEWE BEDIENINGSPATRONE

**3.5.1** Op versoek van die moderamen moes die SKG aandag gee aan die moontlikheid van alternatiewe bedieningspatrone in gemeentes. Omdat die saak egter op korttermyn basis deur die fasiliteringskommissie hanteer is, het die SKG vir eers nie daaraan aandag gegee nie.

**3.5.2 AANBEVELING**
**3.5.2.1 Die sinode keur die optrede van die kommissie goed.**
**3.5.2.2 Die sinode herhaal nie sy opdrag in verband met spesifieke ondersoek na alternatiewe bedieningspatrone nie aangesien die aanspreek van bedieningsleemtes noodwendig hierdie opdrag ondervang.**

## 4. ADVIES AAN DIE SINODE

### 4.1 SPESIALE KOMMISSIES

**4.1.1** Dit het die afgelope twee jaar gebeur dat die sinode en die moderamen ook twee ad hoc-kommissies benoem het wat moes aandag gee aan werk wat basies by die SKG tuishoort. Dit het die hantering daarvan bemoeilik en stel die SKG in 'n baie moeilike posisie wat die langtermyn voortgang van die werk betref. Dit is byvoorbeeld moeilik om met konsultasie en begeleiding voort te gaan waar die kommissie nie by die basiese ondersoeke en gesprekke by gemeentes betrokke was nie.

**4.1.2 AANBEVELING - Die sinode besluit om slegs by hoë uitsondering en dan in oorleg met die sinode se permanente kommissies ad hoc-kommissies vir die uitvoering van opdragte te benoem**

### 4.2 AARD VAN VERSLAGGEWING AAN DIE SINODE

**4.2.1** Die wyse waarop die verskillende kommissies tans aan die sinode verslag doen, het tot gevolg dat die sinode se werk baie keer as gefragmenteerd beleef word. Omdat daar geen skakeling tussen kommissies is nie en elkeen maar net op sy eie terrein met werksaamhede besig is, is dit te verstane dat elke kommissie net oor daardie werk sal verslag doen. Intussen het die sinode 'n oorkoepelende bestaansrede, visie en missie wat tans glad nie tot hul reg kom nie. Dit staan wel in die boek vir die Kerkorde en Bepalinge geskryf, maar funksioneer nie as oorkoepelende motivering vir die kerk se werk nie.

**4.2.2** Die SKG is van oordeel dat die verslaggewing tog so ingerig kan word dat die werk van die sinode as 'n geïntegreerde geheel beleef kan word en die werk van die kommissies veel meer as 'n eenheid kan realiseer. Dit kan gebeur as elke verslag wat voor die sinode dien so opgestel word dat dit in verband met die sinode se bestaansrede, visie en missie gebring word. Op dié manier kan die sinode agterkom of sy ingeslane koers die regte een is en of daar nie aanpassings gemaak moet word nie. Daardeur kan die sinode ook 'n beter idee kry waar die klem op die sinode se werksaamhede vir die volgende termyn moet val. Die huidige verslag van die SKG

is 'n beskeie poging om as voorbeeld hierdie manier van doen in die praktyk toe te pas.

**4.2.3 AANBEVELING - Die sinode besluit dat alle toekomstige verslaggewing deur die kommissies van die sinode so gedoen moet word dat dit in verband met die sinode se bestaansrede, visie en missie gebring word.**

### 4.3 TOEKOMSBLIK

**4.3.1** Die SKG het oor die afgelope twee jaar in sy kontak met gemeentes, leraars, kommissies van die sinode, asook uit die studies wat deur die kommissie onderneem is (soos oa hierbo gesien word) bepaalde waarnemings gemaak. Dit het die kommissie oortuig dat die verwesenliking van die bestaansrede, visie en missie van die sinode lê in die rigting van toerusting en begeleiding aan gemeentes in verband met die inrigting van die bediening van die evangelie aan die mens van vandag. Dat die mens van vandag andersoortige eise stel en vanuit 'n ander konteks as vroeër sy lewe ervaar, is beslis waar. Om egter daarby aan te pas, is nie altyd so maklik nie en sal baie ondersteuning van die sinode vra. Ons is oortuig dat dit die werk van hierdie bepaalde kommissie in 'n groot mate op die voorpunt van die sinode se aandag plaas. Daarom is die aanbevelings wat hierbo gemaak is ook nie ligtelik gedoen nie, maar met groot erns en tog ook waagmoed omdat dit die Christusheerskappy baie sterker tot uitdrukking sal laat kom en so die koninkryk van God sal laat kom. Oor die afgelope twee jaar het die klem van die sinode se werk baie sterk op die finansies geval. Alhoewel dit steeds 'n belangrike saak is, is ons daarvan oortuig dat die oplossing van die finansiële probleme nie net in die hantering van geld lê nie, maar veral in die meer effektiewe en Bybelsverantwoorde inrigting van die bediening in elke gemeente. Hiertoe verbind die SKG hom om tot diens van die sinode alles te gee sodat God verheerlik kan word.

**4.3.2 AANBEVELING - Die sinode neem kennis van die toekomsblik**

## 5. ALGEMEEN

### 5.1 SAMESTELLING VAN DIE KOMMISSIE

**5.1.1 Primarii-lede** - Prof M Nel (voorsitter), dr JJ Gerber, (ondervoorsitter), dr MJ Lazenby (skriba), ds JC van Rooyen, ds ML Johnson, ds G Bothma, ds JJ Pienaar, prof W Vosloo (namens SEVTO) en prof JC Müller (Teol Fakulteit)

**5.1.2 Sekundi-lede** - Ds FS du Plooy en ds WHS Wolhuter

**5.2 VERGADERINGS** - Die SKG het gedurende die afgelope twee jaar sewe keer vergader en die dagbestuur het vyf keer bymekaar gekom.

**5.3 KANTOOR** - Aan die einde van 1996 is die kantoor van die SKG as deel van die inkorting van die sinodale begroting ontruim. Dit het meegebring dat die administrasie tans deur die skriba vanuit sy eie kantoor behartig word. Ons is dankbaar dat die sekrataresse wat die kantoor behartig het, mej Hermien Swart, in die kerkargief 'n pos kon bekom sodat sy nie finansieel daaronder gely het nie. Ons wil ons opregte dank teenoor haar uitspreek vir die voortreflike wyse waarop sy die sake van die SKG hanteer het.

### 5.4 DIE SPREEKKAMER

**5.4.1** Gedurende die loop van die afgelope twee jaar is die spreekkamer hoofsaaklik as gevolg van twee redes ontruim: eerstens as deel van die sinode se inkorting op die begroting en tweedens omdat die aanvraag vir die diens sodanig afgeneem het dat dit nie meer koste- effektief bedryf is nie. Die afname het waarskynlik in 'n groot mate saamgeval met die feit dat die soort diens elders baie meer beskikbaar is en die feit dat mediese fondse daarvoor voorsiening maak. Die sake wat deur die ontruiming hanteer moes word soos die verkoop van die meubels en die uitdienstreding van die personeel, het sonder enige haakplek tot almal se bevrediging verloop. Die bedrag van R100 000.00 wat vir evangelisasiewerk aan die spreekkamer beskikbaar gestel is, is op versoek van die oorspronklike skenker, ds AA van Wyk, in die rekening van die SKG belê. Hy is tevrede dat die aanwending van die jaarlikse dividend in die werk van die kommissie die saak waarvoor hy dit oorspronklik bedoel het na behore dien. Dit bring mee dat die kommissie vir sy gewone werksaamhede van die sinode se begroting afgehaal kan word.

**5.4.2 AANBEVELING - Die sinode keur die optrede van die SKG goed**

### 5.5 GRATIS LEKTUURBEDIENING

**5.5.1 Werkwyse**

**1.** Die kommissie het soos in die verlede voortgegaan met die opstel en gratis beskikbaarstelling van lektuur oor 'n wye reeks onderwerpe wat dien tot opbou en vertroosting van mense, veral dié wat in nood verkeer. In die gewone omgangstaal word van "traktaatjies" gepraat.

**2.** Die traktaatjies word by die Sinodale Sentrum geberg vanwaar versendings gedoen word of bestellings afgehaal kan word. Hierin speel me Hermien Swart 'n belangrike rol aangesien sy al die bestellings hanteer, voorrade aanvul en die adminstrasie behartig.

**3.** Daar word sover moontlik rekord gehou van die name van instansies en gemeentes wat bestellings plaas. Hiervan is die Ned Geref Gemeentes Lynnwoodrif (± 5000 per keer), Moreletapark, Pretoria-Oosterlig, Lyttelton, Krokodilrivier en Fynnland wat dit veral vir hospitaalbediening, ouetehuise en dienssentrums benut, van die groot ondersteuners. Instansies soos Lux Verbi, Talita Koemi Gebedskamer en Ermelo se Christelike Hospitaalbesoek maak ook ruim van die bediening gebruik. Individue plaas ook gereeld bestellings. In briewe wat ontvang word, blyk dit duidelik dat dit veral vir eensame mense van groot waarde is. Veral die titels *Gebed voor 'n operasie, Elke môre nuut, Vier belangrike vrae* en *Waarom die Here jou lewensnessie omkrap* is baie gewild. Tussen Maart 1996 en April 1997 alleen is ± 34 157 traktaatjies versprei. In die vorige jaar was dit 16 638.

**4.** Alhoewel die lektuur gratis verskaf word, stuur omtrent almal wat van die diens gebruik maak donasies saam om die bediening te ondersteun. Die saldo van die spesiale fonds hiervoor het sedert hierdie kommissie se vorige verslag in 1995 van R 33 886,69 gegroei tot R 41 545,72. Me Swart poog om almal wat donasies maak, skriftelik te bedank.

**5.** Die kostes aan die bediening verbonde het hoofsaaklik te make met drukwerk (wat teen 'n goeie tarief deur V & R Drukkers gedoen word) en versending. Uitgawes vir die 1996/97 - boekjaar het R 16 412,06 beloop.

**5.5.2 Bestaande traktaatjies**

**1.** Van die beskikbare reeks traktaatjies is dié wat oor sogenaamde sektegroepe handel na deeglike oorweging van sirkulasie onttrek. 'n Aantal kopieë per onderwerp is egter geberg.

**2.** Prof JC Müller is getaak om die pastorale waarde van die traktaatjies vir die eietydse mens te evalueer en 'n grafiese ontwerper van Pietersburg is genader om visuele afronding daaraan te verleen. Ten tyde van hierdie verslag is hierdie opdragte nog nie afgehandel nie.
**3.** Tans is die volgende temas beskikbaar: *Vier belangrike vrae; Geloofsekerheid; Siekte, drie fasette; Ons Vader; Hoekom mense ly; Leer ons bid; Elke môre; Soos 'n blom is jou dae; Gebed voor 'n operasie; Waarom die Here ons lewensnessie omkrap; 'n Troosbrief; nuwejaarsgebed.*
**4.** Ter aanvulling hiervan het die SKG besluit om traktaatjies te skep wat die volgende groepe en behoeftes aanspreek:
**Vir volwassenes**: Moet ek skei of deurdruk? (Huweliksprobleme); Wat hou die toekoms in? (Visie en hoop); Hoe leef ek as Christen in hierdie dae? (Waardes en norme); Ek raak deesdae so maklik moedeloos (Depressie); Wat gaan nou van my word? (Werkloosheid); Wat gaan van my kinders word? (Ouerskap); In gesprek met... (Gesprek met ander gelowiges).
**Vir jongmense en kinders:** 'n Gebed voor die eksamen (Matrikulante veral); Voor die groot wedstryd (Sportmanskap); Ek en my ou/meisie (Verhoudinge); Met wie kan ek maats wees? (Vriendskap); Ek het nie maats nie (Eensaamheid); Is God regtig? (Geloofsekerheid); Wat mag en wat mag nie? (Waardes en norme); Met wie kan ek praat? (Hantering van probleme).
**5.** Daar is en word uitnodigings vir bydraes gerig. Voordat enige traktaatjies gedruk word, sal dit aan die SKG vir goedkeuring voorgelê word. Verdere voorstelle vir temas word ook verwelkom en saal oorweging geniet.
**5.5.3 Bevinding** - Dit blyk duidelik dat hierdie bediening voortgesit en verder uitgebrei behoort te word aangesien dit in aanvraag is en 'n wye behoefteveld aanspreek.
**5.5.4 AANBEVELINGS**
**5.5.4.1 Die sinode neem met dank en waardering kennis van die diens wat deur die verspreiding van gratis lektuur gelewer word.**
**5.5.4.2 Die sinode keur die optrede van die kommissie goed.**
**5.5.4.3 Die sinode doen 'n beroep op gemeentes om van hierdie diens gebruik te maak en ook ruim daarvoor finansieel by te dra.**
**5.5.4.4 Die sinode doen 'n beroep op persone met die toepaslike gawes om by te dra tot hierdie bediening deur voorleggings in belang van die teikengroep in 5.5.2 genoem vir oorweging in te dien.**

## 6. SLOTWOORD

Die kommissie vertrou dat hy sy taak na bevrediging van die sinode uitgevoer het en vertrou dat die Here self die arbeid ryklik sal seën en laat vrugdra.

PROF M NEL (Voorsitter)
DR MJ LAZENBY (Skriba)

## GEMEENTEBOU: BYLAE 1

# VOORGESTELDE MOONTLIKE AANSOEKVORM

(Met erkenning aan die Ned Geref gemeente Florandia)

**Die Kerkraad, Ned Geref Gemeente ______________________________**

## AANSOEK OM LIDMAATSKAP

Ons, die gesin/Ek .......................................................................................... (Naam)

van .......................................................................................... (Adres)

doen hiermee aansoek om volle lidmaatskapsvoorregte in bogenoemde gemeente te geniet. Die motivering vir die aansoek is gegrond op die feit (merk wat van toepassing is)

- ☐ dat ons binne die geografiese grense van die gemeente woonagtig is
- ☐ dat ons eiesoortige spiritualiteit by die bedieningspatroon van die gemeente aanklank vind
- ☐ dat ons deel vorm van 'n groep (familie, vriende, kleingroep, ens) saam met wie ons graag wil aanbid
- ☐ dat ons iets anders as bogenoemde aanvoer, naamlik (voltooi hieronder):

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

In belang van my/ons verbondsverbintenis binne hierdie gemeente onderteken ek/ons graag die volgende herbevestiging van my/ons geloof en lidmaatsbeloftes ( 'n ouer teken namens voorskoolse verbondskinders):

1. Ek/ons glo dat die Bybel die Woord van God is waarin die enigste weg tot verlossing vir ons duidelik geleer word en ek/ons belowe om getrou daarmee om te gaan.
2. Ek/ons onderneem om God Drie-enig getrou te dien as Here en Koning van my lewe omdat ek/ons Jesus Christus ken as my persoonlike Verlosser.
3. Ek/ons verbind my aan hierdie gemeente as geloofsgemeenskap en verklaar daarmee dat ek/ons nie sonder medegelowiges as lidmaat effek/onstief kan funksioneer nie.
4. Ek/ons onderneem om getrou saam met die gemeente die Here in die erediensbyeenkomste te dien.
5. Ek/ons onderneem om met die gawes wat ek/ons van die Heilige Gees ontvang het, sover dit binne my vermoë is, diens te lewer
6. Ek/ons onderneem om binne my vermoë gereeld my dankoffer aan die Here te gee.
7. Met die krag van die Heilige Gees sal ek/ons daarna strewe om oral in woord en daad 'n getroue getuie vir die Here te wees en so aan sy sendingopdrag uitvoering te gee.

..........................................................................................

VOLLE NAME

.................................... ....................................

Ek/Ons HANDTEKENING DATUM (Blaai om)

**Ek/Ons verstrek ook graag die volgende inligting omtrent my-/onsself:**

1. DIENSERVARING in vorige gemeentes (bv kategese, kerkraad, jeugaksies, vrouediens, evangelisasie, barmhartigheid, ens)

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

2. BELANGSTELLING vir dienslewering in hierdie gemeente.

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

3. Maandelikse BYWONING VAN EREDIENSTE in vorige gemeente (indien van toepassing):

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| meer as 4 maal | | 4 maal | | 2 tot 3 maal | | 1 maal | | minder as 1 maal | |

4. TOERUSTING ontvang in vorige gemeente (bv bybelstudiegroep, kerkraadswerk, kursusse, ens)

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

5. KATEGESEVORDERING van kinders (klas in kategese):

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

6. ANDER OPMERKINGS/VRAE

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

# A.3.1 JEUG: EERSTE VERSLAG

## 1. OPDRAG JEUGBEDIENING

**1.1 ARTIKELS 50 EN 55** - vgl Die Kerkorde 1994, bll 11-13

**1.2 BEPALING 50** - ter uitvoering van die werk in artikels 50 en 55 genoem, het die sinode 'n jeugkommissie benoem. Die SJK was saamgestel soos in bepaling 32.4.6.2 gereël, nl 7 persone plus 5 sekundi. (Ds JC Carstens - Skribaat en Kampterreine; ds JC Avenant/ds CS Steyn - Kategese; dr WPJ van Wyk/mev E Dreyer - Kinder- en Gesinsbediening; ds HP Jansen/ds J-A van den Berg - Tienerbediening; ds GS Botha - Jongmensbediening; ds PB Grobler/ds HM Horn - Studentebediening; dr OSH Raubenheimer/dr WA Pretorius - Opvoeding en Onderwys; prof JC Müller - Teologiese Fakulteit en prof W Vosloo - SEVTO). Die SJK voer opdragte uit en doen verslag, dra sorg vir navorsing, beplanning, inligting en voorligting in belang van die arbeid aan die jeug, en adviseer die sinode oor alle aspekte van die jeugwerk wat tot die terrein van die sinode behoort.

**1.3 INDELING VAN VERSLAG** - die verslaglewering geskied volgens die onderskeie afdelings en/of portefeuljes wat in die afgelope twee jaar hanteer is.

## 2. ADMINISTRASIE

### 2.1 JEUGKANTOOR

**2.1.1 Sinodebesluite**

1. Die sinode besluit om 'n Noord-Transvaalse sinodale sekretariaat in te stel om 'n administratiewe ondersteuningsdiens aan die sinodeskriba en die kommissies van die sinode te lewer; om die huidige damesklerke van die SJK/SKG en SSK se posomskrywing aan te pas om die sekretariaatsdiens te kan lewer; om 'n koördineringskommissie aan te wys om die sekretariaatsdienste te beheer; dat die kommissie bestaan uit die sinodeskriba (sameroeper en bestuurder) en een verteenwoordiger elk (verkieslik die skriba) van die SJK, SKG, SSK en SKV (Besluit 35).
2. Die sinode besluit dat dienste ad hoc ingekontrakteer kan word ten opsigte van projekte van sinodale kommissies of in belang van sinodale werksaamhede (Besluit 34).

**2.1.2 Uitvoering**

1. Intensiewe rasionalisering en kostebesparing (sien ook pt 2.3) het daartoe gelei dat die tradisionele Jeugkantoor op 31 Maart 1996 gesluit is. Mej Hermien Swart is oorgeplaas na die afdeling Argief en Bestuursinligtingdienste.
2. Die administratiewe ondersteuningsdiens het derhalwe net gedeeltelik gerealiseer; Mev Bets Maritz behartig tans die "SJK-administrasie" as deel van die afdeling Sinodale Sekretariaat in die Kerkkantoor.
3. Die SJK het dit nie nodig gevind dat dienste ad hoc ingekontrakteer hoef te word ten opsigte van projekte nie, danksy die skribaatdiens van ds Cassie Carstens..

**2.1.3 Bevinding**

1. Dit is 'n verlies dat daar nie meer 'n (sentrale) Jeugkantoor is nie. Geleenthede vir doelmatige dienslewering en toerusting, oordra van inligting en oorhoofse koördinering bly nou grotendeels agterweë en in die slag.
2. Die onus lê nou op die individuele lede van die SJK om elk op eie tyd en wyse sy "portefeulje" te laat funksioneer. Verder word die koördinerende en administratiewe funksie van die SJK-skriba verhoog.
3. Vergelyk in hierdie verband ook die besluit van die Sinode 1993 (265:4.1: "Die sinode beklemtoon die noodsaaklikheid van skakeling tussen die samestellende gemeentes en die sinodale kommissies, en gee opdrag aan sy kommissies om toe te sien dat werksaamhede en projekte wat afgewentel is na ringe en/of gemeentes effektief voortgesit word." Voorbeelde hiervan is o.a. die skoolverwisselings- en skoolverlaterskampe wat deur ringe aangebied word.
4. Daarom het die SJK hom ten gunste van 'n (oorkoepelende) sinodeskribaat uitgespreek.

### 2.2 ARGIVALIA

**2.2.1 Sinodebesluite 1991**

1. Die sinode versoek skribas van die onderskeie sinodale kommissies om indien enigsins moontlik aan die Argief medewerking te verleen in verband met die indeksering van Sinodale Agendas en Notules, veral wat betref die werk in hul bedienings- en vakgebied (329:3.1.3.3).
2. Die sinode versoek sinodale kommissies om ter wille van eie dekking en dekking van die Argief by sinodale besluite met betrekking tot die inlewering van argivalia te hou (329: 4.6.1.2).

**2.2.2 Uitvoering**

1. Met die sluiting van die Jeugkantoor is al die SJK-argivalia na die Argief oorgeplaas; sommige daarvan is reeds georden (makro-ontsluiting), maar die oorgrote meerderheid is nog "deurmekaar".
2. Dit was nog nie moontlik om aan die Argief medewerking te verleen in verband met die indeksering van SJK-argivalia nie.

**2.2.3 AANBEVELING - Die sinode versoek die SJK om, sover dit enigsins moontlik is, die nodige hulp aan die Argief te verleen ten opsigte van die uitsortering van die SJK-argivalia.**

### 2.3 FONDSE

**2.3.1 Sinodebesluit 171** - met die oog op die doelgerigte vermindering van sinodale bydraes van gemeentes en 'n haalbare inkorting van sinodale werksaamhede, besluit die sinode om aanbevelings met finansiële implikasies voorwaardelik goed te keur, met dien verstande dat die SKF in die proses onderhandelingsgesprekke voer met die kommissies vanuit die gedagte van 'n zero-begroting.

**2.3.2 Uitvoering**

1. Na gesprekvoering met die SKF is die sinodale bydrae ten opsigte van jeugadministrasie getermineer en word dié uitgawes (instandhouding kampterreine, administratiewe kostes, reiskoste, ens) vanuit die rendement op die belegging (R500 000) in die Sinodale Sentrum verhaal. 'n Verdere groot besparing was natuurlik die sluiting van die Jeugkantoor. Dit alles beteken ± R100 000 minder op die sinodale begroting.
2. Die enigste koste vir die sinode ten opsigte van jeugbediening is tans slegs die subsidie vir studentebediening -- dit beloop R530 000 vir die boekjaar 1997/98.

3. Die SJK benut jaarliks ook die aanbod van die Algemene Jeugkommissie ten opsigte finansiële hulp vanuit AJK-fondse. Hierdie bydrae (R20 000) word uitsluitlik benut vir studentebediening en beteken 'n verdere besparing op die sinodale begroting.

**2.3.3 AANBEVELINGS**

**2.3.3.1 Die sinode neem met groot dank en waardering kennis van die besparing wat die SJK op die sinodale begroting kon bewerkstellig.**

**2.3.3.2 Die sinode spreek sy opregte dank uit teenoor die Algemene Jeugkommissie vir die jaarlikse bydrae wat vir studentebediening benut kan word.**

**2.4 ALGEMENE JEUGKOMMISSIE** - SJK-lede is soos volg betrokke by AJK-werksaamhede:

**2.4.1 Dr Willie van Wyk** - AJK-voorsitter en betrokke by Kinderbediening, Kategesevernuwing en Kinderkommunie

**2.4.2 Ds Cassie Carstens** - AJK-ondervoorsitter, Jong Belydende Lidmate (skriba) en Jeugsangbundel

**2.4.3 Dr Ockie Raubenheimer** - Opvoeding en Onderwys (voorsitter), Dagbestuur en Gereformeerde Ekumeniese Raad (voorsitter Committee for Youth and Christian Education)

**2.4.4 Ds Johan Avenant** - Kategesevernuwing

**2.4.5 Prof Julian Müller** - verteenwoordiger namens Teologiese Fakulteit Pretoria

## 3. DOOPLIDMAATBEDIENING

### 3.1 NUWE KATEGETIESE WEG

**3.1.1 Sinodebesluit 65** - die sinode besluit om die beginsel dat die studiestuk (Agenda 1995 bl 30-34) vir besinning deur ringe en gemeentes deurgestuur word, goed te keur; om die studiestuk na die SJK terug te verwys vir vereenvoudiging ten opsigte van taalgebruik en teologiese verheldering; om die SJK te versoek om sy navorsing vir kennisname aan die AJK deur te gee.

**3.1.2 Uitvoering**

1. Dit het spoedig duidelik geblyk dat daar groot meningsverskil bestaan ten opsigte van die vernuwing in die kategese, veral tussen sommige SJK-lede en leraars van Noord-Transvaal aan die een kant en sommige lede van die AJK se Kategesevernuwingskommissie aan die ander kant -- standpunte het gewissel tussen "die bus moet gestop word" en "die speelveld is nog oop genoeg", asook "benut slegs die AJK-leerstof" en "dat vrije volk zijn wij!".

2. Na 'n dringende gesprek met die AJK se Hersieningskommissie het Noord-Transvaal die "groen lig" ontvang vir die opstel van die nuwe Belydenisklasboek. 'n Ad hoc-kommissie onder leiding van ds Johan Avenant en dr Kobus Gerber het dadelik begin met die opstel van 'n werkdokument vir voorlegging aan die AJK in Februarie 1997. Die basiese uitgangspunt is dat 'n gebruikersvriendelike "kategismus" as kernleerboek opgestel word vir benutting deur die hele senior kategese (en dat daarmee weggedoen word met die verskillende handboeke).

3. By die AJK-vergadering is die reëling met Noord-Transvaal verwerp en het die voorlegging nie formeel gedien nie, tot groot teleurstelling van Noord-Transvaal se verteenwoordigers.

4. Die AJK het soos volg ten opsigte van die Belydenisklasboek besluit:

4.1 Bely en Lewe 1 word as belydenisklasboek behou; die Drie Formuliere van Enigheid word bygevoeg; dit word redaksioneel hersien met klem op die volgende: Bybelstudie volg op die les, kerngedeeltes word saamgevat en 'n sendingles word ingebou. Ingebruikneming DV in die jaar 2000.

4.2 'n Nuwe graad 10 (st 8)-boek word opgestel, op dieselfde styl as Bely en Lewe 1; wenke en modelle kan voorgelê word

5. 'n Positiewe verwikkeling was die AJK-besluit ten opsigte van kategesemodelle:

5.1 Die AJK voorsien dat meer as een kategetiese model gelyktydig in die Ned Geref Kerk met vrug gebruik kan word as gevolg van die groter wordende verskeidenheid in die Kerk

5.2 Die AJK versoek sinodes en gemeentes wat in die proses van kategesevernuwing kategetiese stof en modelle ontwikkel, om dit in noue samewerking en met toestemming van hul SJK's en die AJK te doen sodat verdere kategetiese modelle op verantwoordelike wyse bygevoeg kan word

5.3 Die AJK formuleer beginsels en uitgangspunte vir die ontwikkeling en beoordeling van kategesemodelle

6. In die lig hiervan het die SJK soos volg besluit:

6.1 Die SJK neem kennis van die besluite van die AJK rakende kategesemodelle

6.2 Die SJK besluit om die konsep van 'n "kategismus" as kerklike leerboek waaruit kinders ook onderrig kan word, te aanvaar

6.3 Die SJK benoem 'n kommissie met die opdrag om so 'n "kategismus" op te stel

6.4 Die SJK doen via die ringe van Noord-Transvaal navraag oor die gebruik van senior kategesemateriaal

6.5 Die SJK versoek die AJK om te besin oor die regsgeldigheid van die besluit ten opsigte van die "toestemming" wat gemeentes by die SJK en AJK moet verkry in sake die ontwikkeling van kategetiese modelle

7. Die SJK het intussen aan die gemeente Lynnwoord die nodige "toestemming" verleen om voort te gaan met hulle spesifieke kategetiese model, met die versoek om die SJK op die hoogte te hou met die saak.

**3.1.3 Bevinding** - die SJK is van oortuiging dat Noord-Transvaal moet voortgaan op hierdie ingeslane weg, om 'n voorlegging by die AJK DV in Februarie 1998 te maak en om, indien die saak daar nie slaag nie, voort te gaan met die daarstelling (publisering) van 'n "kategismus" vir gebruik in die gemeentes van Noord-Transvaal.

**3.1.4 AANBEVELING - Die sinode keur die optrede van die SJK goed en gee opdrag dat voortgegaan moet word met die opstel van 'n "kategismus" vir gebruik in die senior kategese.**

### 3.2 PROSEDURE TOT BELYDENISAFLEGGING

**3.2.1 Sinodebesluit 66** - Die sinode doen 'n dringende beroep op die gemeentes om die riglyne vir die prosedure vir die aflê van geloofsbelydenis (Agenda Algemene Sinode 1994 : bl 242) te bestudeer, met kommentaar aan die SJK voor 31 Maart 1996

**3.2.2 Uitvoering**

1. Ongelukkig was daar bitter min kommentaar van gemeentes; die gedagte om "konsultering" te bewerkstellig, het duidelik nie gewerk nie.

2. Die SJK het uiteindelik enkele gedagtes na die AJK vir aandag deurgestuur (sien 3.2.3). Hierdie saak is in elk geval ook ten nouste verbonde aan die besinning oor Kinderkommunie.

**3.2.3 Bevinding**

1. Die belydenisklas-onderrig behoort oor twee jaar te strek of

selfs drie jaar (vanaf gr 9-11). Die onderrig mag nie slegs formele kennis-onderrig insluit nie, maar moet juis geïntegreer wees met gemeentelike dienslewering. Die onderrig is immers nie net die leer van sekere dinge nie, maar die inoefen van 'n lewenswyse. Dit moet dus gaan oor leer, vier, dien en deel. Daarom moet die onderrig sover moontlik plaasvind in koinoniale verband.

2. Hierdie dienslewering moet deurlopend tydens die onderrig plaasvind. Dienslewering kom nie eers by volwassenes uit eie inisiatief nie -- hoe sal dit dan by kinders vanself kom!? Kinders moet in die klassituasie ingelei word in dienslewering en omgee as lewenswyse. Dienslewering moet na binne (bedieninge) en na buite (gemeenskap) gerig word. Na binne moet 'n lys van diensgeleenthede in die gemeente beskikbaar gestel word sodat elke kind onder leiding van 'n volwassene sy/haar dienste kan lewer. Na buite kan in kleingroepverband minstens een keer per kwartaal 'n diensgeleentheid waargeneem word onder leiding van 'n groepleier of jeugleier.

3. Katkisante kan hulle enige tyd na die eerste jaar aanbied vir belydenisaflegging. 'n Kommissie van die Kerkraad behoort dan maandeliks ( na gelang van behoefte) te sit om kandidate wat aanmeld se getuienis te toets. Hier moet onthou word dat baie mense nie dadelik sal aanmeld nie. Sommiges sal waarskynlik nooit aanmeld nie en ander weer baie gou. Vir almal moet daar ruimte wees. Indien belydenisaflegging 'n gereelde gebeurtenis in die gemeente gaan word, kan daar gereeld datums daarvoor bepaal word.

4. Ons moet in ag neem dat kategese 'n proses is tussen die kind, die Woord soos voorgehou deur die materiaal en die gemeente soos verteenwoordig deur die kategeet of jeugbegeleier. 'n Nuwe voorstel oor belydenisaflegging raak al drie aspekte -- dit beteken dat nie net beplan moet word vir die een deeltjie nie, maar vir die geheel. Ons kan dus nie die metode van onderrig aanpas terwyl die gemeentesituasie steeds die kinders aanmoedig om onbetrokke te wees nie. Mens kan nie net in die gemeente 'n stelsel van dienslewering inbring en dink dit gaan kinders in die kerk hou nie. Hierdie saak moet holisties benader word. Indien 'n gemeentesituasie nie ook verander nie -- indien 'n gemeente nie 'n dienende gemeente is nie -- is al hierdie vereistes verniet.. Diensgeleenthede na binne en na buite in 'n gemeente mag nie net in stand gehou word sodat die kinders 'n plekkie kan kry om diens te lewer nie. Dit moet konstante bedieninge in en deur die gemeente wees. Daarom sal gemeentes voor die implementering van hierdie stelsel eers na hulle totale gemeentesituasie moet kyk.

**3.2.4 AANBEVELING - Die sinode keur die optrede van die SJK goed**

### 3.3 NUWE KATEGESESTOF

**3.3.1 "My Doenboek" (Graag 1-3)** - hierdie nuwe 3 boeke vir die kleintjies is DV in Oktober beskikbaar en sal DV in November by streekbyeenkomste bekend gestel word. Die SJK sal ter sinode die volledige inligting voorsien.

**3.3.2 AANBEVELING - Die sinode doen 'n dringende beroep op elke gemeente om die streekbyeenkomste waar die nuwe junior kategeseboeke (graag 1-3) bekend gestel word, te ondersteun en toe te sien dat die leraar(s) en betrokke kategete dit bywoon**

**3.3.3 Bybelleesboek** - die vroeëre "Begin jou dag met God" is vervang met 'n spesifieke Bybelleesboek vir elke jaargroep in die senior kategese; oor 'n tydperk van 5 jaar werk die senior katkisant tydens sy/haar stiltetyd deur die hele Bybel.

### 3.4 KINDERBEDIENING

**3.4.1 "Wenke wat Werk"**

**3.4.1.1** Hierdie nuwe handleiding vir die Kinderkrans/Junior Kerkjeugaksie het in 1996 verskyn en kos R80. Dit is beskikbaar by die NG Kerk-Jeugboekhandel, Posbus 396, BLOEMFONTEIN 9300.

**3.4.1.2 AANBEVELING - Die sinode gee opdrag aan die SJK om streekbyeenkomste te reël waartydens die nuwe Kinderkrans-Handleiding en gepaardgaande toerusting aan Kinderkrans-leidsters aandag geniet**

**3.4.2 Vrouediens Nuusblad** - mev Ezanda Dreyer publiseer gereeld berigte en artikels ten opsigte van Kinderkranssake in die nuusblad van die Vrouediens Noord-Transvaal, met die hoop en vertroue dat dit via die leraarsvrou by die Kinderkrans sal uitkom

**3.4.3 Kind-Vriendelike Erediens**

**3.4.3.1** Die beplande opvolggeleenthede (na 1994) saam met Oos-Transvaal kon ongelukkig nog nie realiseer nie

**3.4.3.2 AANBEVELING - Die sinode gee opdrag aan die SJK om verdere geleenthede ten opsigte van Kind-Vriendelike Eredienste te reël, indien nodig in samewerking met die Sinodale Kommissie vir die Erediens**

### 3.5 TIENERBEDIENING

**3.5.1 Jeugstudiegroep** - 'n spesifieke Jeugstudiegroep funksioneer tans as sub-afdeling van die SEVTO-Navorsingsgroep vir Gemeentestudies. Belangstellendes kan met prof Wil Vosloo skakel.

**3.5.2 SKJA-Leierskursus**

**3.5.2.1** Die AJK het 'n nuwe kursus vir SKJA-leiers opgestel, nl *Leier 1000*. Dit word oor 3 naweke aangebied en 'n leraar moet "kwalifiseer" om dit te kan aanbied (moet self die kursus eers deurloop).

**3.5.2.2** Ds Johan Avenant (The Reeds) en 5 tieners het die landwye bekendstelling gedurende April 1997 te Achterbergh (Krugersdorp) bygewoon; hy is van mening dat die kursus oor 2 naweke aangebied kan word.

**3.5.2.3 AANBEVELING - Die sinode gee opdrag aan die SJK om voort te gaan met die aanbieding van die tienerkursus *Leier 1000* om sodoende meer leraars toe te rus vir verdere aanbieding**

**3.5.3 "Ware liefde wag"** - hierdie besondere aksie om kinders, tieners en jongmense te inspireer om kuis te leef en nie seksueel voor die huwelik te eksperimenteer nie, is ook deur die AJK oorgeneem. 'n Mooi kaartjie @ 20c stuk is opgestel en gemeentes word aangespoor om iets daarvan te maak, moontlik by 'n spesiale erediens, of rondom die sg Valentynsdag in Februarie of met Lentedag in Septembermaand.

## 4. JONG BELYDENDE LIDMATE

### 4.1 STUDENTEBEDIENING

**4.1.1 Sinodebesluite**

1. Die sinode gee opdrag aan die SJK om op gereelde basis 'n samespreking te hou tussen al die gemeentes wat studentebediening behartig en om luidens Bep 7.10, in samewerking met die SKF en die Kerkraad van Pretoria-Wes (Technikonwyk), te besin oor die moontlikheid van 'n tweede studenteleraarspos of 'n tentmakerpos vir die studentegemeente Pretoria-Wes (Technikon-wyk) met rapport aan die moderamen.

2. Ten opsigte van 'n studenteleraarspos by Riviera dra die

sinode dit aan die nuwe SJK op om navraag te doen oor aspekte soos die uitvoerbaarheid van die werk in die toekoms, die moontlikheid van 'n ringsprojek, sinodale steun en/of steun uit die Algemene Jeugkommissie se toekenning en/of hulp uit die Algemene Bedieningsfonds, en 'n byeenkoms te reël vir alle studenteleraars in die sinodale gebied, waar besin kan word oor onder andere die scenario vir die volgende vyf jaar, taalverspreiding en moontlike kombinasies van werksaamhede.

**4.1.2 Uitvoering**

1. Gereelde samesprekings met al die studenteleraars en ander betrokkenes is wel gehou.
2. Die sg "vyfjaarplan" is duidelik nie uitvoerbaar nie, veral in die lig van die vloeibare situasie (en onsekere toekomsomstandighede) by al die kampusse. Daar is wel deeglik aandag gegee aan die sg "twee konsentrasiepunte" en ook aan kategoriale bediening (lg funksioneer reeds doelmatig by Universiteitsoord).
3. By **Pretoria-Kollegerand** (Onderwyskollege) is die situasie baie onseker en het die Fasiliteringskommissie aandag gegee aan moontlike oplossings -- sien Derde Verslag van die Moderamen in hierdie verband. Ds Hennie Horn is hier in diens sedert 1975.
4. Daar is ook pertinente verwikkelinge by **Pretoria-Wes (Technikon-wyk)**; die SJK sal hieroor in 'n Tweede Verslag aan die sinode rapporteer. Ds Dawie Swart is hier studenteleraar sedert 1989.
5. **Riviera** het intussen aansoek gedoen om 'n volle gesubsidieerde studenteleraarspos. Die saak het ook by die moderamen gedien, met opdrag aan die SJK om die hele saak verder te voer. Ook hieroor word in die Tweede Verslag volledig gerapporteer.
6. Die arbeid vlot by **Universiteitsoord.** Ds Tienie Bosman is in 1996 in die plek van ds Barry van der Merwe bevestig; hy werk saam met die 3 ander studenteleraars: dr Willem Nicol (sedert 1976), ds Paul Grobler (sedert 1990) en dr Marius Swanepoel (sedert 1990). Die rol en ondersteuning van die residensiële deel van die gemeente is en bly onberekenbaar groot en noodsaaklik.

**4.1.3 Bevinding** - studentebediening is tans in die kookpot en groot wysheid word benodig om 'n duidelike pad vir die 21e eeu te vind. Die sinode se voortgesette belangstelling, betrokkenheid, voorbidding en finansiële ondersteuning is onontbeerlik.

**4.1.4 AANBEVELING - Die sinode besluit om sy finansiële ondersteuning ten opsigte van studentebediening te handhaaf en bid die betrokke gemeentes en studenteleraars die Here se ryke seën toe op hulle bediening**

**4.2 STUDENTELERAARSKONFERENSIE** - vir kennisname deur die sinode: Pretoria was die gasheer vir die AJK se jaarlikse studenteleraarskonferensie vanaf 11-15 November 1996 te Hammanskraal. Prof Malan Nel was die inleier rondom die tema: "Spiritualiteit".

**4.3 WEGBREEKKAMP** - daar bestaan 'n pertinente behoefte aan 'n wegbreekkamp vir matrikulante in die sinodale gebied. Die SJK verneem graag van 'n ring of leraar(s) wat bereid is om hierin leiding te neem.

**4.4 VAKANSIEOORDBEDIENING**

**4.4.1 Sinodebesluit 74** - die sinode ondersteun die gedagte dat die SJK voortaan hierdie werksaaamheid alleen hanteer.

**4.4.2 Uitvoering**

1. Aan die een kant is besluit om nie weer as kommissie te konstitueer nie. Aan die ander kant is daar tog behoefte aan koördinering van werksaamhede. Derhalwe is die saak na die studenteleraars verwys vir verdere samespreking.
2. Aangesien die kommissie nie werksaam was nie, kan daar ongelukkig nie verslag gelewer word oor die dienswerkkampe by die verskillende vakansieoorde nie. Die werk gaan egter voort en 'n groot getal studente/jongmense en leraars lewer koninkrykswerk in hierdie verband. Die situasie ten opsigte van die samewerking met Aventura-Oorde raak egter al hoe moeiliker.

## 5. OPVOEDING EN ONDERWYS

**5.1 STANDPUNTE HERSIENINGSKOMMISSIE OOR ONDERWYS** (Sinodebesluit 77) - die aangestelde ad hoc-kommissie onder leiding van dr Ockie Raubenheimer het wel kommentaar gelewer aan die Minister van Onderwys ten opsigte van die onsekerheid oor die toekoms van staatsondersteunde skole met 'n Christelike grondslag.

**5.2 SAMESPREKING MET LUR ONDERWYS**

1. Lede van die SJK het 'n vrugbare samespreking met me Mary Metcalf gevoer. Dr Ockie Raubenheimer is sedertdien deurlopend in kontak met die betrokke departement; daar word in elk geval "geluister" na die Kerk, al "doen" hulle nie alles wat ons sê/vra nie
2. Die Skakelforum Noordelike Ringe behartig die onderwyssake in die Noordelike Provinsie; hierdie reëling word as baie doelmatig beleef en word aanbeveel vir die ander "streke"

**5.3 NUWE SKOLEWET** - die SJK het memoranda en voorstelle ingedien ten opsigte van die:

* Hunter-verslag
* Witskrif oor Onderwys
* Kurrikulum 2005

**5.4 ONDERWYSSITUASIE**

**5.4.1** Die Grondwet van Suid-Afrika erken die reg tot godsdiensvryheid. Die Skolewet maak voorsiening dat daar geleentheid vir godsdiensbeoefening in openbare skole mag wees. Die skool mag in sy daaglikse program ruimte maak vir Bybellees, gebed en godsdiensbeoefening. Die enigste voorwaarde is dat die beoefening daarvan op 'n billike wyse geskied en bywoning vry en vrywillig is.

**5.4.2** Hoewel die Skolewet voorsiening maak vir godsdiensonderrig op skool, is daar onduidelikheid in Kurrikulum 2005 oor hoe dit gaan gebeur. Die tendens is om hierdie verantwoordelikheid al hoe meer oor te skuif na die onderskeie geloofsgemeenskappe wat dit in samwerking met die onderwysdepartement moet uitwerk. Dit maak dit noodsaaklik dat gelowiges uit verskillende kerke in ekumeniese verband moet saamwerk in belang van godsdiensonderwys.

**5.4.3** Die Skolewet bepaal dat die ouers die meerderheidstem in die beheerliggaam van die openbare skool moet hê. Dit is die verantwoordelikheid van die beheerliggaam om die etos van die skole te bepaal waarin die gedragskode vir die onderwysers en skoliere uitgespel word. Weereens is daar ruim geleentheid vir Christene om saam te werk ten einde te verseker dat die Bybelse waardes en norme in die skool tot hulle reg kom.

**5.4.4** Die ouer bly steeds die primêre opvoeder. Die kerk het die voorreg en die verantwoordelikheid om verbondsouers en hulle kinders te begelei in hierdie verband.
**5.4.5** Sonder Christenonderwysers in die klaskamer is die saak van christelike onderwys op skool gedoem. Die transformasieproses het eger meegebring dat daar by talle onderwysers groot onsekerheid is oor hulle professionele toekoms. Die kerk het die verantwoordelikheid om hierdie lidmate pastoraal te ondersteun.

**5.5 IKOO** - Dr Ockie Raubenheimer en dr Willem Pretorius is Noord-Transvaal se verteenwoordigers in die Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys.

**5.6 AANBEVELING - Kerkrade word versoek om aktief mee te werk in die daarstelling van samewerkingstrukture tussen verskillende kerke met die oog op die bevordering van christelike onderwys in openbare skole.**

## 6. KAMPTERREINE

### 6.1 BADSELOOP

**6.1.1** Die Beheerraad funksioneer met 'n begroting van R73 000, waarvan R15 000 vanuit die Jeug-tot-Jeugfonds bygedra word. Daar word doelmatig aandag gegee aan instandhouding en uitbouing (nuwe ablusieblok pas voltooi). Die terrein word sodanig benut dat bykans 75% van die inkomste vanuit kampgeld verhaal word; dit bring mee dat Badseloop tot 'n groot mate selfonderhoudend is.
**6.1.2** Die Beheerraad boekstaaf sy dank teenoor die sinode vir die voortgesette subsidiëring.
**6.1.3** Met waardering word melding gemaak van die besondere dienslewering van mnr Hennie Stoltz (Terreinbestuurder), mev Annatjie Schoeman (Adminbeampte Kerkkantoor Naboomspruit) en mnr Alwyn van Zyl (seun van wyle Oom Wiekie van Zyl, skenker van die terrein).

### 6.2 MAGALIESBERG

**6.2.1** Met leedwese moet vermeld word dat die Ring van Pretoria-Oos as vennoot onttrek het. Dit bring mee dat die oorblywende 3 ringe (Daspoort, Krokodilrivier en Sesmylspruit) se subsidie nie veel verminder kan word nie. Positief is egter dat die ringe slegs vir 16% van die begrote inkomste verantwoordelik is.
**6.2.2** Die terrein funksioneer met 'n begroting van R81 000, waarvan 68% deur kampgelde verteenwoordig word. Die R10 000-bydrae vanuit die Jeug-tot-Jeugfonds is dus noodsaaklik.
**6.2.3** Met waardering word melding gemaak van die egpaar Frikkie en Fransie Snyman se onbaatsugtige dienslewering as Terreinbestuurder en Adminbeampte.

### 6.3 PIENAARSRIVIER

**6.3.1** Hierdie pragtige terrein langs die Roodeplaatdam word steeds voluit benut deur die deelnemende ringe en ander gemeentes en instansies. Pogings word steeds aangewend om die terrein op 'n meer vaste basis by die Provinsiale Administrasie te huur.
**6.3.2** Dit is jammer dat sommige ringe ook daar as vennote onttrek het. Gelukkig is die terrein nou tot 'n groot mate selfonderhoudend en funksioneer die Beheerraad met 'n begroting van R112 000; hiervan word 80% gegenereer deur kampgelde.
**6.3.3** Oom Hannes en tannie Bettie Avenant is steeds in diens van die Beheerraad; hulle teenwoordigheid op die terrein is goud werd.

## 7. ALGEMENE SAKE

**7.1 EKUMENIESE SKAKELING** - die SJK was betrokke en/of teenwoordig by die volgende aksies en geleenthede:
**7.1.1 National Youth Ministry Forum** (1996 en 1997), aangebied deur VISTA Universiteit (Departement Kontekstuele Bediening)
**7.1.2 GER-Jeugkonferensie** (Grand Rapids, VSA) en gepaardgaande jeugstudietoer (Mei-Junie 1996) -- drr Willie van Wyk en Ockie Raubenheimer woon by
**7.1.3 Lenteskool Sentrum Jeugbediening**, te Moreletapark Oktober 1995
**7.1.4 SEVTO-jeugprojek: Spiritualiteit en Jeugbediening** in Februarie 1996
**7.1.5 GER-streekonferensie vir Jeug** te Achterbergh, Junie 1997
**7.1.6 GCOWE '97** in Julie 1997

### 7.2 DIENSJAAR-VIR-CHRISTUS

**7.2.1** Slegs die Ring van Wonderboom (onder leiding van ds Nelius Steyn) het 'n diensjaarspan op die been
**7.2.2** Die SJK het nie sy weg oopgesien om Aksie C# onder sy vleuels te neem nie; die gemeente Lynnwood dra nou daardie verantwoordelikheid

### 7.3 DATUMS 1998

| | |
|---|---|
| 1 Maart | Biddag Jong Belydende Lidmate |
| 15 Maart | Standaardtoets (lesse 1-7) |
| 16 Augustus | Biddag Dooplidmate |
| 18 Oktober | Biddag Opvoeding en Onderwys |

**8. BESKRYWINGSPUNTE** - geen beskrywingspunt is ten opsigte van jeugbediening ingestuur nie

WPJ VAN WYK (Voorsitter)
JC CARSTENS (Skriba)

# A.4 SONOP CHRISTELIKE TEHUIS

## 1. SAMESTELLING EN OPDRAG VAN DIE SONOPRAAD

**1.1** Volgens sinodebesluit word die Raad soos volg saamgestel:

* Drie (3) lede benoem deur die Ned Geref Kerk, insluitend die studenteleraar wat vir Sonop verantwoordelik is.

* Vyf (5) lede benoem deur die Bond van Oud-Sonoppers.

* Een (1) lid benoem deur die Raad van die Universiteit van Pretoria.

* Een (1) lid benoem deur die Hoofbestuur van die Universiteit van Pretoria.

* Die Primarius en onderprimarius van Sonop.

* Die Sonopraad mag ook kundige lede koöpteer.

**1.2** Die Sonopraad bestuur die koshuis, beheer die finansiële sake, wys jaarliks 'n ouditeur aan om die boeke te ouditeer en lewer verslag aan die sinode. Die Sonopraad delegeer van sy magte aan die primarius en die huiskomitee van Sonop.

## 2. WERKSWYSE EN SAKE VAN ALGEMENE BELANG

**2.1** Die Sonopraad vergader minstens vier keer per jaar. Tydens die vergaderings word aandag gegee aan die instandhouding van die werf en geboue, finansies, bedryf, besetting en bemarking van die koshuis en die wel en weë van die inwoners. Die boekhouding van die tehuis word deur die tesourier behartig wat aan die Raad rapporteer. Geouditeerde finansiële state is by die Hoofbestuurder se kantoor ter insae beskikbaar.

**2.2** Die toesig en dissipline ressorteer onder die Sonopraad waarvan die primarius en onderprimarius ook lede is. Die primarius doen elke jaar volledig skriftelik verslag aan die Raad. Die huiskomitees het deur die jare getoon dat hulle verantwoordelik en opreg is in hulle strewe na die welvaart van die inwoners. Die Sonoppers het 'n groepsgees wat van Sonop 'n unieke koshuis maak.

**2.3** Die Bond van Oud-Sonoppers lewer 'n baie positiewe bydrae tot die instandhouding en uitbouing van Sonop en het reeds groot finansiële bydraes gemaak veral met betrekking tot die restourasie van geboue en verbeteringe wat die afgelope jare aangebring is.

**2.4** 'n Faktotum sorg vir die instandhouding van geboue.

**2.5** Sonoptehuis speel 'n belangrike rol op die kampus van die Universiteit van Pretoria en is 'n gesogte plek om in te woon. Danksy die talle aansoeke kan studente van die beste kwaliteit gekeur word vir inwoning.

**2.6** Danksy goeie bestuur deur die Raad en samewerking van die personeel en studente verkeer die finansies van Sonop in 'n gesonde toestand.

## 3. TAGTIGJARIGE BESTAAN VAN SONOP

Gedurende die eerste naweek in September 1996 is die tagtigjarige bestaan van Sonop op luisterryke wyse gevier. Oud-Sonoppers van oor die hele land het die verrigtinge bygewoon. Die hoogtepunt was die feesdinee waar 750 mense teenwoordig was.

## 4. DIE TOEKOMS VAN SONOPTEHUIS

**4.1** Vanweë die belangrike rol wat Sonop vervul is dit uiters belangrik dat die toekoms van dié koshuis verseker sal word. Dit is ook belangrik vir die Ned Geref Kerk om by wyse van die betrokkenheid by Sonop steeds sy invloed te bly behou op die terrein van tersiêre opvoeding.

**4.2** Hoewel die Sinode van Noord-Transvaal in 1995 besluit het om 'n ondersoek te loods na die moontlikheid om die vaste eiendomme - waaronder ook Sonop - van die Kerk te verkoop, het 'n subkommissie van die Sinodale Kommissie vir Fondse en die Sonopraad geoordeel dat alles moontlik gedoen moet word om die toekoms van Sonop te verseker. Daar sal tydens die sinode verslag oor die saak gedoen word.

## 5. AANBEVELINGS

**5.1 Die sinode neem met dank kennis van die werk wat deur die Sonopraad gedoen word, by name die drie benoemde lede van die Ned Geref Kerk: dr WJH de Koker, ds PJ Grobler en ds AC Roos.**

**5.2 Die sinode verseker Sonop Christelike Tehuis van sy volgehoue steun en voorbidding.**

PROF WS PRINSLOO (Voorsitter)

# A.5.1 AD HOC KINDERKOMMUNIE: EERSTE VERSLAG

## 1. OPDRAG

**1.1** Die sinode doen 'n ernstige beroep op afgevaardigdes, kerkrade en ringe om voor 1 Junie 1996 kommentaar by die skriba van die Sinode in te lewer op die dokument wat oor kinderkommunie handel.
**1.2** Die sinode dra dit aan die ad hoc-kommissie op om voort te gaan met studie en besinning en om met inagneming van die ingekome kommentaar verslag aan die volgende sinode te lewer.

## 2. WERKSWYSE

**2.1 Besluit van die Algemene Sinode (1994)** - Dit sal goed wees indien sinodegangers kennis dra van die besluit van die Algemene Sinode oor Kindernagmaal. Dit lui soos volg:
**2.1.1** *Die AJK in samewerking met AKLAS, AKE en ARK kry opdrag om al die huidige, vorige en ander gegewens oor kinderkommunie te verwerk in 'n memorandum met verskillende standpunte en dit word deurgestuur aan die sinodes vir oorweging en insette.*
**2.1.2** *Hierdie memorandum, plus die insette van die sinodes asook nuwe gegewens, word deur die AJK, in samewerking met die ander genoemde kommissies van die Algemene Sinode, verwerk in 'n rapport wat voor die volgende Algemene Sinode gelê word vir oorweging.*

**2.2 Dokumentasie**
**2.2.1** Die kommissie het na afloop van die sinodesitting in subkommissies verdeel. Elkeen van die subkommissies het verantwoordelikheid ontvang vir bepaalde aspekte van hierdie opdrag. (Bv. Posisie van die aflegging van belydenis; ouderdom vir toelating tot nagmaal; eenvoudige belydenis; rol van ouers en wyksouderling; nagmaalsliturgie; eenheid van die verbondsgesin; ens).
**2.2.2** Die kommentaar wat uit die sinodale gebied ontvang is, is voorgelê en oorweeg. Op sy versoek het ds PJ Kriel ook 'n voorlegging gemaak en dit persoonlik toegelig (sien later Beskrywingspunt). Advies is ook ingewin van 'n teoloog (prof AC Barnard) wat nie op die kommissie gedien het nie.

## 3. BEVINDINGE

**3.1 Die plek van kinders in die geloofsgemeenskap**
**3.1.1** Die nadenke oor 'n saak soos kinderkommunie kan alleen plaasvind na aanleiding en op grond van 'n fundamentele beskouing oor die plek van die kind in die geloofsgemeenskap. Hoewel daar nie in 'n verslag soos hierdie ruimte is om behoorlik op al die aspekte in te gaan nie, is daar tog 'n paar belangrike teologiese oorwegings wat hier weergegee word en wat as die ruggraat van hierdie verslag dien.
**3.1.2** In Israel word die besnydenis op 'n baie jong ouderdom op manlike babas toegepas. Dit dien as simbool van die insluiting van kinders (nie slegs manlike kinders nie) in die kultiese gemeenskap. Hulle word gereken as deel van die verbondsgemeenskap. Tog is daar ook tekens daarvan dat die tempeldiens op 'n eksklusiewe wyse hanteer is en dat kinders en vroue uitgesluit is uit sekere kultiese handelinge. Selfs in die sinagoge kon hulle slegs as waarnemers funksioneer. Aan die ander kant is dit ook duidelik dat kinders aan godsdienstige feeste deelgeneem het (bv Deut. 6). Navorsers toon verder aan dat daar geleidelik 'n verruiming plaasgevind het. So word dit in Deutero-Jesaja 'n moontlikheid om ook buite die ruimte van die tempel 'n ontmoeting met God te hê. In die boek Nehemia en die Kronieke word die volksvergaderings verruim sodat dit ook vrouens en kinders insluit. In die tussen-Testamentêre literatuur word op verskeie plekke melding daarvan gemaak dat God ook daar waar mense vroeër uitgesluit was, gevind kan word. Dit was veral die Qumram-gemeenskap wat op hierdie buite-die-tempel ontmoetingsmoontlikheid met God klem gelê het.
**3.1.3** Deurentyd het die familie gefunksioneer as die eenheid waarbinne die religieuse tradisies bewaar moes word. Daar moes 'n oordrag van geslag tot geslag plaasvind deur middel van onderrig en voorbeeld (vgl. Deut. 6:7-9, 20-21; 32:7; Ps. 78:3-6). Die onderrig was gekoppel aan konkrete gebeure soos die viering van die pasga, waar daar op die ondersoekende vrae van kinders gereageer moes word (vgl. Josua 4:21-22; Eks. 12:26-27; 13:7-8:14).
**3.1.4** Jesus Christus het opnuut 'n sentrale plek aan kinders en ander randfigure van die samelewing van daardie tyd, gegee. Die kind word as metafoor gebruik met die oog op ingang in die koninkryk van God (Markus 10:13-16). Dit is dan ook hierdie sogenaamde kinderevangelie (Markus 10:13-16) wat sedert die reformasie so 'n belangrike plek in die reformatoriese kerke ingeneem het. Dit word deur die Heidelbergse Kategismus as een van die motiveringstekste gebruik vir die kinderdoop. Hoewel hierdie gedeelte nie meer deur teoloë gebruik word as motivering vir die kinderdoop nie, is dit steeds 'n sentrale teks met die oog op die plek wat die kind in die kerk behoort in te neem. Jesus gee hier baie duidelik te kenne dat Hy die kinders wil akkommodeer en dat Hy nie te vind is vir die eenkant toe skuif van kinders nie.
**3.1.5** Hoewel die saak van kinders nie in die Briewe en Openbaringe pertinent na vore kom nie, is die vermelding van kinders in gedeeltes soos Efesiërs 6:1-4 en Kolossense 3:20 tog 'n aanduiding daarvan dat kinders deel was van die geloofsgemeenskap waar die briewe voorgelees was.
**3.1.6** Verwysings na die wyse waarop die nagmaal gevier is, is besonder karig in die Nuwe Testament. Behalwe vir die berigte oor die instelling van die nagmaal in die evangelies, het ons slegs die Korintiërs-tekste (1 Kor. 10:14-22, 11:17-34). Nêrens is daar sprake van 'n beperking met betrekking tot ouderdom wat op deelgenote geplaas is nie. Net soos in die geval van die kinderdoop, is daar egter nêrens 'n spesifieke voorbeeld van kinderkommunie nie. Teologiese argumentering oor kerklidmaatskap en die gevolglike plek van kinders binne die gemeente, eerder as pertinente voorbeelde uit die Nuwe Testament, sal die deurslag moet gee.
**3.1.7** Dat alle gedooptes dan ook inderdaad die nagmaal mag gebruik, was tot ten minste die 13de eeu vanselfsprekend. Die suigelingdoop het ook suigelingkommunie tot gevolg gehad. Uit die 3de eeu is daar duidelike aanwysings van beide gebruike. Anders as in die Oosterse Kerk, het die kinderkommunie in die Weste verdwyn. Met die ontwikkeling van die transsubstansiasieleer is die nagmaal later aan al hoe minder

lidmate bedien en is dit ook al hoe meer van die kinders onthou.

### 3.2 Die betekenis van "verstaan" by die viering van die nagmaal

**3.2.1** Dit is nodig om die belangrike konsep van die "verstaan" van die nagmaalgebeure in perspektief te stel. Dit is nie alleen nodig om die konsep psigologies te deurlig nie, maar veral om dit te verstaan teen die agtergrond van die plek wat die kind volgens die Bybel in die geloofsgemeenskap inneem.

**3.2.2** Op die vraag (Sondag 30, vraag 81): "Wie moet na die nagmaalstafel van die Here kom?", antwoord die Kategismus: "Hulle wat vanweë hulle sondes 'n afkeer van hulleself het, maar tog vertrou dat dit hulle om Christus wil vergewe is en dat die swakhede wat nog oor is, met sy lyding en sterwe bedek is; en dié wat begeer om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk en hulle lewe te verbeter. Maar die huigelaars en dié wat hulle nie van harte tot God bekeer nie, eet en drink 'n veroordeling oor hulleself."

**3.2.3** Hierdie antwoord veronderstel kennis van die betekenis van die nagmaal, maar om daaruit af te lei dat dit jonger kinders diskwalifiseer, sou sekerlik 'n oorspanning van die bedoeling wees. Die Heidelbergse Kategismus het volwassenes in gedagte, terwyl kinders nie in die gesigsveld kom nie. Dit sou in elk geval 'n fatale misverstand wees om te reken dat jou insig en verstaan van die volle betekenis van die nagmaal, as 'n kwalifikasie dien. Die strekking van die antwoord dui juis daarop dat daar géén verdienste is waarop aanspraak gemaak kan word nie. Wat ons na die nagmaal bring is net maar ons groot armoede (Calvyn). Die onwaardige gebruik van die nagmaal waarteen Paulus in 1 Kor. 11 waarsku is klaarblyklik teen volwassenes gemik.

**3.2.4** Daar moet duidelik onderskei word tussen onwaardige gebruikers van en die onwaardige gebruik van die nagmaal. Paulus se waarskuwing is nie net gerig teen persone nie, maar ook teen die wyse waarop die nagmaal gevier word. Die "ongepaste wyse" waarop die nagmaal gevier kan word en waarteen die apostel waarsku (1 Kor. 11:27) het te doen met die miskenning van die gemeente as liggaam van Christus (*corpus mysticum*) wat 'n sonde teen die liggaam van Christus (*corpus crucifixum*) is. Party ly honger terwyl ander te veel drink (vers 21). Indien jong kinders wat tog ook deel uitmaak van die liggaam van Christus, die nagmaal geweier word, kan die vraag gestel word of dit nie juis neerkom op 'n "ongepaste wyse" van viering nie? Die koninkryk van God waarvan ons reeds 'n voorsmaak beleef aan die dis van die Here, is tog juis vir mense soos hulle (Lukas 18:16).

**3.2.5** Die "verstaan" moet meer korporatief en minder individualisties gesien word. Binne die korporatiewe denke van die Bybel, word die enkeling altyd as deel van die geheel gesien. Vanuit 'n individualistiese denkklimaat is uitsprake soos 1 Kor. 7:14 totaal onbegryplik ("Die ongelowige man is by God aanneemlik deur die band met die gelowige vrou, en die ongelowige vrou is by God aanneemlik deur die band met die gelowige man. Anders sou hulle kinders heidene wees, maar nou behoort hulle aan God."). Die "besef" dat dit die liggaam van Christus is (1 Kor. 11:29), moet daarom nie individualisties verstaan word nie. Die enkeling word gedra deur die geloofsgemeenskap.

### 3.3 Belydenis en nagmaal

**3.3.1** Die meer korporatiewe benadering van die Bybel, strook ook met die meer eksistensiële benadering wat Calvyn in die verband gevolg het. Calvyn het teen die piëtisme van die anabaptiste en teen die objektivisme van Bucer, standpunt ingeneem. Die klem word nie soseer op die subjektiewe geloofsinhoud gelê nie, maar op die vereenselwiging met die kerk as geloofsgemeenskap se belydenis. En dan is dit nie 'n intellektuele saak nie, maar 'n eksistensiële. Oor die innerlike van die mens kan die kerk in elk geval nie oordeel nie; die kerk kan egter verwag dat die kind hom/haar bewustelik toevoeg tot die geloofsgemeenskap van die kerk. Hoewel Calvyn dus die geloof gedefinieer het as 'n "vaste en sekere kennis van Gods welwillendheid jeens ons", moet dit in 'n eksistensiële sin verstaan word wat reeds die vertroue insluit. Terselfdertyd bring die aksent op die geloof as kennis mee dat die genade nie misties-sakramenteel verstaan word nie, maar as toesegging wat in die beloftes van die Woord na ons kom.

**3.3.2** In die lig hiervan is dit verstaanbaar, maar tog ook vreemd dat in die reformatoriese kerke die belydenis van die geloof tussen die doop en die nagmaal ingeskuif het as voorvereiste vir die gebruik van die nagmaal. Dit het selfs so ontwikkel dat die belydenis 'n voorvereiste geword het vir lidmaatskap van die kerk. So ontwikkel daar die verdere ongeldige onderskeid tussen "doop"- en "belydende" lidmate. In die oorspronklike Geneefse kerkorde was daar nie sprake daarvan dat kinders eers lidmate word wanneer hulle belydenis van geloof afgelê het nie. Calvyn het nie die geloofsbelydenis nie, maar die doop gesien as 'n inlywing by die geloofsgemeenskap. Die ontwikkeling van die teologiese denke binne die Ned Geref Kerk die afgelope jare, dui op 'n doelbewuste herontdekking van die Calvinistiese standpunt wat daarop neerkom dat daar net een kategorie lidmate kan bestaan: dooplidmate. Die aflegging van belydenis van geloof behels wel 'n baie belangrike volgende fase in die lewe van die lidmaat, naamlik die doelbewuste aanvaarding van verantwoordelikheid as volwasse lidmaat vir geloof en lidmaatskap, maar nooit 'n hoëre kategorie van lidmaatskap nie. Hierdie verandering in denke oor lidmaatskap, bring die vraag na die bediening van die nagmaal aan kinders onafwendbaar na vore.

### 3.4 Liturgies-pastorale oorwegings

**3.4.1** Die nagmaal is gegee met die oog op die geestelike stryd van gelowiges op die kerk se "woestynreis" na die "beloofde land". Die stryd om die geloof is nie net 'n volwasse aangeleentheid nie. In 'n sekere sin is dit juis kinders en jongmense wat die aanvegtinge van die ongeloof intens ervaar en wat dus die versterking van die nagmaal so ontsettend nodig het. Daarom kan die kerk nie hierdie genademiddel wat deur die genadige God aan ons gegee is, aan sy jong lidmate onthou nie.

**3.4.2** Die wyse waarop kinders liturgies betrek word by die viering van die heil, moet egter rekening hou met hulle eie bevatlikheid en ontwikkelingsfase. Dit is moeilik en waarskynlik onmoontlik om 'n spesifieke ouderdom vas te stel waarop die gebruik van die nagmaal sinvol sou wees vir 'n jong kind. (In ons belydenisskrifte is daar nêrens 'n ouderdomsvereiste vir die toelating tot die nagmaal gestel nie: NGB, art 35; Heidelbergse Kategismus, Son 30). Dit is net so moeilik as om vas te stel wanneer die bywoning van die erediens vir die kleuter enige betekenis het. Hieroor kan die kerk moeilik oordeel en in beide gevalle behoort die oordeel aan die ouers oorgelaat te word. In die algemeen kan gesê word dat wanneer dit vir 'n kind moontlik is om met die heilswerk van Christus te identifiseer, toegang tot die nagmaal moontlik gemaak moet

word. Skoolrypheid kan as riglyn dien. Elke kerkraad sien toe dat ouers die nodige voorligting ontvang oor die gereedheid van kinders vir die nagmaal. Die toerusting kan byvoorbeeld deel vorm van doopgesprekke en later opgevolg word met "nagmaalgesprekke" wanneer die kinders skoolgaande ouderdom bereik en tot die junior kategese toetree.

**3.4.3** Die simboolryke gebeure van die liturgie, waarvan die nagmaal 'n sentrale deel vorm, bied 'n ervaringsveld wat veel wyer en dieper is as die bloot kognitief-intellektuele. Dit bied moontlikhede om op 'n eksistensiële vlak te "verstaan" en te identifiseer met die verlossingsboodskap. Ook kinders wat deelneem aan die nagmaal moet op 'n spesifieke wyse by die geloofsbelydenis betrek word. Daar kan byvoorbeeld moeite gedoen word deur ouers en kategete om die kinders die Twaalf Artikels vooraf te laat memoriseer sodat hulle spontaan aan die geloofsbelydenis kan deelneem. Soos by elke erediens, maar in besonder by die nagmaalsviering, behoort die kinders deel te wees en deel te voel van die viering. Deur middel van prediking en liturgie moet kinders op 'n sinvolle wyse betrek word. Die formulier se kategetiese funksie kan nou ook meer tot sy reg kom deurdat die liturg in eenvoudige, duidelike taal sê wat die betekenis van die nagmaal is. In die herskryf van die nagmaalsformulier behoort dit in ag geneem te word. Die gesinsviering van die nagmaal moet baie sterk beklemtoon word. Dit is verkieslik dat kinders in die geborge teenwoordigheid van hulle ouers aan hierdie sakrament deelneem.

**3.4.4** Aangesien die nagmaal 'n uiters waardevolle funksie kan vervul in die opvoeding van die verbondskinders, is dit noodsaaklik dat die huidige gebruik om eers nadat kinders op 'n later leeftyd openbare belydenis van geloof afgelê het, hulle tot die nagmaal toe te laat, laat vaar word. Juis die nagmaal kan daartoe bydra dat die troosryke betekenis van die doop beter verstaan word. Die groot afstand wat tans tussen doop en die eerste gebruik van die nagmaal bestaan, bring mee dat geeneen van die sakramente die pastorale funksie wat dit vir Luther en Calvyn gehad het, vervul nie. Die funksie van die openbare belydenis van geloof is dan nie om toegang tot die nagmaal te verkry nie, maar om as volwasse-wordende kinders self verantwoordelikheid vir geloof en kerklidmaatskap te aanvaar. 'n Kategetiese sisteem waardeur kinders tot by hierdie belangrike kerklike ritueel begelei word, moet in stand gehou word. Wat inhoud aanbetref behoort die verduideliking van die nagmaal (en die doop) meer aandag te kry in die juniorkategese.

## 4. AANBEVELINGS - **Met die oog op verslag aan die Algemene Sinode, besluit die Sinode van Noord-Transvaal:**

**4.1 Die nagmaal is nie net vir volwasse lidmate nie, maar vir alle gedoopte lidmate wat in staat is om die betekenis daarvan te "verstaan". (Met "verstaan" word hier nie 'n intellektuele of kognitiewe handeling bedoel nie, maar eerder begrip en die vermoë om met die gees en betekenis van die sakrament te identifiseer).**

**4.2 Daarom word die konsep van suigelingnagmaal nie aanvaar nie, maar wel nagmaal vir kinders wat gelowig met die sakrament en die betekenis daarvan identifiseer.**

**4.3 Die besluit oor die gereedheid van kinders is die verantwoordelikheid van die verbondsouers. Skoolrypheid kan as 'n riglyn gebruik word.**

**4.4 Die Sinode oordeel dat belydenis en nagmaal in noue verbondenheid met mekaar bestaan en dat dit veral liturgiese uitdrukking moet kry. Die algemene liturgiese belydenis van die Twaalf Artikels (of 'n soortgelyke belydenis) moet altyd deel wees van die nagmaalviering en die kinders moet op 'n sinvolle wyse daarby betrek word.**

**4.5 Die praktyk van die aflegging van belydenis van geloof op 16-jarige ouderdom word gehandhaaf.**

## 5. BESKRYWINGSPUNT

### 5.1 KINDERNAGMAAL (Ring van Louis Trichardt)

**5.1.1 Inhoud** - Die Sinode van Noord-Transvaal wys die Algemene Sinode daarop dat die sterk standpunt van die reformatore (dat dooplidmate op grond van die verbond nie vrye toegang tot die nagmaal het nie) nie in die studiestuk of aanbevelings oor kindernagmaal van die Sinode weergegee is nie. Daarom is hierdie saak onvolledig aan gemeentes weergegee.

**5.1.2 Bevinding** - Die Kommissie volstaan met die verslag van die Ad hoc-kommissie wat voor die sinode dien.

**5.1.3 AANBEVELING - die sinode keur Beskrywingspunt B.12.1 (Kindernagmaal) nie goed nie.**

### 5.2 KINDERNAGMAAL (ds PJ Kriel, Levubu)

**5.2.1 Inhoud** - Die sinode aanvaar die volgende stellings as bewese vir die bespreking van die kindernagmaal:

1. Die standpunt van kinderkommunie op grond van die verbond is nie 'n nuwe teologiese insig nie. Dit is reeds 300 jaar gelede as argument teen die Gereformeerde reformatore deur die Anabaptiste gebruik.
2. Die Gereformeerde reformatore was op hoogte van die standpunt dat kinders op grond van die verbond ook toegang tot die nagmaal sou moes hê.
3. Alhoewel die Gereformeerde reformatore die doop van kinders op grond van die verbond verdedig het teen die Anabaptiste, het hulle die kindernagmaal as onskriftuurlik verwerp.
4. Daarom is die voorgestelde kinderkommunie 'n radikale breuk met die geloofsoortuiging en skrifbeskouing van die Gereformeerde reformatore tov die gebruik van die nagmaal; wat die Gereformeerde reformatore as geloofsdwaling verwerp het op grond van die Skrif word nou as die beoefening van die geloof volgens die Skrif voorgestel.
5. Vir hierdie radikale breuk is daar geen dogmatiek deur enige dogmatikus wat sy vertrekpunt in die Gereformeerde belydenisse het waarop enige persoon of kerklike kommissie hulle kan beroep nie. Daar bestaan gewoon net nie so 'n dogmatiese werk nie.
6. Die teendeel is waar: daar bestaan verskeie dogmatiese werke wat die kinderkommunie direk of indirek afwys.
7. Die verslae van AJK/AKLAS skep 'n wanvoorstelling deur voor te gee dat die Gereformeerde reformatore nie uitdruklik die kinderkommunie verwerp het nie.
8. Die Gereformeerde reformatore het die belydenisaflegging van kinders tussen die ouderdom van 11 en 12 nie gesien of hanteer as kinderkommunie nie, maar as die aflegging van dieselfde geloofsbelydenis deur persone wat in die geloof volwasse is en aan dieselfde onderrig, toetsing, ondervraging en verantwoording onderwerp is as al die volwasse lidmate.
9. Die indruk wat die verslae van AJK/AKLAS van die Gereformeerde oortuigings en belydenisaflegging skep dat omdat dit vroeër as 16/17 jaar was, dit kinderkommunie sou wees, is vals.

10. Die verwerping van kinderkommunie deur die Gereformeerde reformatore was op grond van hulle oortuiging tov die gesag van die Bybel en nie agv 'n beweerde neiging tot Protestantse individualisme nie.
11. Die Skrifgedeeltes wat in die verslae van AJK/AKLAS aangegee word as standpunte teen die kinderkommunie is nie die standpunte van 'n ontwikkeling binne die Protestantisme na die Reformasie nie; dit is die Skrifgedeeltes wat die Gereformeerde reformatore as gronde aangevoer het om die kinderkommunie te verwerp.
12. Die geloofsoortuiging op grond waarvan die Gereformeerde reformatore hulle teologiese standpunte gestel het en die Skrifgedeeltes teen kinderkommunie aangevoer het, is verwoord in die Heidelbergse Kategismus vr. en antw 76: hoe eet 'n gelowige die vlees en drink hy die bloed van Christus as mens in die hemel aan die regterhand van die Vader.
13. Hierdie bepalende geloofbelydenis vir die verwerping van die kinderkommunie en die teks hantering deur die Gereformeerde reformatore, is glad nie deur die verslae van AJK/AKLAS aan die orde gestel of hanteer nie.
14. Die spesifieke standpunt oor kinderkommunie en die wyse waarop die Skrif tov kinderkommunie deur die Gereformeerde reformatore hanteer het, is nie weergegee deur die verslae van AJK/AKLAS nie.
15. Die standpunt wat AJK/AKLAS deurgegee het aan die kerk dat die Heid. Kat. vr. en antw. 81 nie kinders sou uitsluit nie, is in direkte teenspraak met die eie uitleg van die opstellers van die Heidelbergse kategismus wat vr. en antw. 81 as gronde aanvaar vir die uitsluiting van kinders by die nagmaal.
16. Die indruk wat die verslae van AJK/AKLAS maak dat Calvyn dit as 'n misverstand sou beskou dat volle insig in die betekenis van die nagmaal 'n kwalifikasie vir die nagmaal is, is vals. Hy het dit juis as kwalifikasie vir die deelname aan die nagmaal gestel.
17. Die opbreek van die geloof in die Evangelie in eenvoudiger, kinderliker geloofsdele teenoor meer volwasse geloofsdele is deur die Reformasie as dwaling verwerp.
18. Die veronderstelling van 'n geloofshandeling sonder die spesifieke en verantwoordbare kennis van die Evangelie is 'n dwaling.
19. Die veronderstelling van 'n sogenaamde "korperatiewe" geloof waardeur 'n kind sou kon verkry, is 'n dwaling.
21. Die geloof in die Evangelie is nie 'n geheim wat in godsdiensoefeninge van lidmate opgesluit lê en deur die godsdienstige oefeninge van 'n lidmaat al gaande ontsluit word nie.
22. Die geloof in die Evangelie is die bekende en gekende Woord van God oor Jesus Christus en word geskep in mense se harte deur die verkondiging van die Evangelie.
23. Die nagmaal is nie 'n opvoedkundige of didaktiese hulpmiddel waardeur die Evangelie beter geken en verstaan kan word as wat dit deur die Woordverkondiging geken en verstaan word nie.
24. Daar is geen kerkordelike beginsel of kerklike seremonie wat die gesag kan hê om 'n lidmaat wat op grond van die Woord van God die reg het om die nagmaal te mag gebruik, van die gebruik van die nagmaal te kan uitlsluit of te kan weerhou nie: hetsy dit sewe jaar of 7 dae is nie.
25. Dit is teologies en kerkregtelik onhoudbaar om die verbondstatus van kinders te gebruik om alle moontlike skriftuurlike voorwaardes vir die toegang tot die gebruik van die nagmaal ongedaan te maak, en dan weer ten spyte van die kinders se verbondstatus nuwe kerkordereëlings te maak wat die kinders uit die nagmaal uitsluit.
26. Die hele Ned Geref Kerk in al sy vergaderinge en elke lidmaat is deur die Heid. Kat. vr. en antw. 78 verbind om die Lutherse nagmaalsoortuiging as 'n dwaling te verwerp.
27. Ten spyte van die beskikbaarheid van inligting oor die kerklike besinning oor die direkte samehang van die agteruitgang van die kategese met 'n afname in die openbare belydenisaflegging en die gebruik van kinderkommunie binne die Gereformeerde Kerk in Nederland deur hulle eie teoloë, word hierdie inligting nie of deur die verslae van AJK/AKLAS aan die sinodes en kerkrade of deur enige ander kerklike liggaam aan sinodes en kerkrade deurgegee nie.

Motivering:

1. Die inhoud van bogenoemde stellings is deurslaggewend vir die wyse waarop die bespreking van die kindernagmaal sal plaasvind.
2. Hierdie sake is nie deur die verslae van AJK/AKLAS of enige ander kerklike bespreking of verslag aan kerkrade of afgevaardigdes aan die sinode deurgegee nie.
3. Dit is nie moontlik om 'n sinodale debat oor die bewesenheid van hierdie stellings te voer nie. Dit is sake wat getoets moet word aan die bronne van die Gereformeerde reformatore wat tot bitter weinig van die afgevaardigdes se beskikking is.
4. Dit is sake wat baie maklik deur 'n kommissie tydens die sinode hanteer kan word voor die debat oor kinderkommunie, aangesien dit net feite is wat aan die hand van beskikbare bronne gekontroleer moet word.

**5.2.2 Bevinding** - Die Kommissie sal in sy tweede verslag tydens die sinode oor hierdie beskrywingspunt rapporteer.

**6. ALGEMEEN** - Die Kommissie het uit die volgende lede bestaan: Prof Julian Müller (Voorsitter), dr Michiel Botha, dr Willie van Wyk, dr Ockie Raubenheimer, prof Conrad Wethmar, prof Cas Vos, dr Willie de Koker, dr Johan Laubscher, dr Martin Lazenby, dr Willie Botha (Skriba)

JC MÜLLER (Voorsitter)
WJ BOTHA (Skriba)

# A.6.1 LEER EN AKTUELE SAKE: EERSTE VERSLAG

## 1. OPDRAGTE VAN DIE SINODE

### 1.1 DOBBELARY EN LOTERY

**1.1.1 Opdrag** - Die sinode dra dit aan die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om opnuut 'n studie oor dobbelary en lotery te doen waarin, naas die prinsipiële besinning, ook praktiese riglyne vir die kommunikering van die saak aan lidmate gegee sal word.

**1.1.2 Werkswyse** - Die kommissie het langdurig met hierdie netelige saak geworstel. Vooraf moes standpunte uit vervloë jare in gedagte gehou en teologies geweeg word. Verder het ons te kampe met allerlei praktyke wat hulle in die huidige situasie in Suid-Afrika voordoen. Die vraagstuk is bestudeer, indringend bespreek en onderstaande dokument as bevinding opgestel.

**1.1.3 Bevinding**

**1.1.3.1 *Inleiding***

1. In 1996 het die parlement 'n wet goedgekeur wat die oprigting van 'n aantal casino's in Suid-Afrika wettig. Daarmee het daar 'n einde gekom aan 'n bedeling waarin dobbelary en lotery in Suid-Afrika wetlik verbied was.

2. Die vraag wat die goedkeuring van dié wet oproep, is: "Hoe moet ons as Christene, ons as kerk daarop reageer? Wat moet ons daaromtrent doen?" Die antwoord wat op dié vrae gegee moet word, hang in 'n belangrike mate saam met 'n meer grondliggende vraag: "Hoe moet dobbelary en lotery moreel beoordeel word?"

3. In die verlede het ons in die geledere van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, sonder om veel daaroor na te dink, teruggegryp na die tradisioneel Gereformeerde standpunt dat dobbelary en lotery moreel verkeerd is. Vir ons was dit ook vanselfsprekend dat dobbelary en lotery bestry moet word deur dit wetlik te verbied. In die vorige politieke bedeling het die meeste regeringsleiers uit die geledere van die drie Afrikaanse kerke gekom, en was dit moontlik om toe te sien dat dobbelary en lotery ook daadwerklik wetlik verbied word.

4. In die nuwe politieke bedeling word die wetlike verbod op dobbelary en lotery nie net opgehef nie, maar word die vanselfsprekendheid waarmee ons 'n wetlike verbod voorgestaan het en selfs die vanselfsprekendheid waarmee ons dobbelary en lotery moreel veroordeel het, bevraagteken. Hierdie bevraagtekening kom nie net by buitestaanders voor nie, maar ook by lidmate van ons kerk. Daarom is dit nodig dat ons ons opnuut verantwoord oor die standpunt wat ons oor dobbelary en lotery moet inneem. Voordat ons 'n antwoord gee op die vraag: "Wat moet ons ten aansien van dobbelary en lotery doen?" moet ons ook opnuut en indringend aandag gee aan die vraag: "Hoe moet dobbelary en lotery moreel beoordeel word?"

**1.1.3.2 *Hoe moet dobbelary en lotery moreel beoordeel word?***

1. In die Gereformeerde tradisie is dobbelary en lotery oor die algemeen moreel sterk veroordeel. In hul morele veroordeling het Gereformeerde kerkvaders veral drie argumente gebruik:

(1) Om te dobbel is om ongeoorloofde gebruik van die lot te maak. Die Bybel leer ons dat die lot 'n heilige handeling is waarin 'n beroep op God gedoen word om in sy besondere voorsienigheid self 'n beslissing te neem. Om hierdie handeling te misbruik vir allerlei onbenullighede (soos dobbel) kom neer op 'n misbruik van die Naam van God - omdat Hy by implikasie aangeroep word - en is daarom 'n oortreding van die 3e gebod.

(2) Dobbelary bring die noue verband wat daar volgens die Bybel tussen arbeid en eiendom moet wees in die gedrang. Eerstens: die uitset het geen direkte verband met die inset nie, terwyl die Bybel leer dat die loon van 'n arbeider met sy inset behoort saam te hang; die arbeider is geregtig op sy loon (1 Tim 5:18; Ef 4:28 en Jak 5:4). Tweedens: die agste gebod leer niemand mag vir hom besittings toeëien wat 'n ander toekom nie. Die enigste regmatige manier waarop eiendom en geld bekom kan word, is: ruiling van eiendom van gelyke waarde, loon vir diens gelewer; as geskenk uit liefde (bv erfporsie). Dobbelary voldoen nie aan dié voorwaardes nie.

(3) Dobbelary kom neer op bygeloof en die miskenning van God. Die deelnemer stel sy hoop op die noodlot of geluk (die sogenaamde geluksgodin) sodat die eerste gebod wat ons verbied om ander gode te aanbid, oortree word.

2. Veral die eerste argument (oor die misbruik van God se naam) het by ons Gereformeerde kerkvaders 'n groot rol gespeel.

3. As ons vandag hierdie argumente onbevange in oënskou neem, kan kwalik ontken word dat hulle net te ongenuanseerd, net te massief is om volledig oortuigend te wees. Dié argumente hou onaanvaarbare implikasies in wat dit vir ons vandag feitlik onmoontlik maak om hulle net so te aanvaar.

4. 'n Onaanvaarbare implikasie van die **eerste argument** is dat ook kaartspel verkeerd is, dat trouens alle kansspeletjies by voorbaat verkeerd is. Vir ons gevoel vandag is dit darem net nie waar dat ons elke keer as ons "rummy" of "slangetjies en leertjies" speel, God se naam misbruik nie. Dit lyk eerder die geval dat God die wêreld so geskep het dat daar ook ruimte vir kans is. Die feit dat God voorsien, beteken nie dat elke ding wat gebeur by voorbaat vaslê nie. Ons kan hierdie ruimte vir kans wat God ons bied, ook positief benut as ons byvoorbeeld die lot werp by 'n staking van stemme, of as ons loot vir kante in rugby of tennis of as ons kaart speel. Die voordeel van loting is dat dit die moontlikheid bied vir beslissing wat op gelykkansigheid berus. Daar is situasies in die lewe waar gelykkansigheid 'n voorwaarde is vir regverdige belissings en waar loting baie handig te pas kom. Soos baie dinge in die lewe kan die kanselement in die lewe egter ook negatief aangewend word, soos byvoorbeeld as iemand "Russiese roulette" speel. Die vraag kan gestel word of ook dobbel nie neerkom op so 'n negatiewe aanwending van die kanselement en van loting nie.

5. As ons dobbelary en lotery op grond van die **tweede argument** moet veroordeel, sal ons ook krities moet staan teenoor baie wat in die sakewêreld gebeur. Aandeelhouers kry dikwels 'n opbrengs uit 'n onderneming sonder dat hulle 'n steek werk verrig het. Iemand erf aandele (die persoon het dus nie 'n inset gelewer met die aankoop van die aandele nie) en word oor die loop van 'n aantal jare - sonder enige persoonlike inset - 'n miljoenêr omdat die waarde van die aandele honderdvoudig toegeneem het. In die sakewêreld in die algemeen geld selfs: die uitset, die opbrengs korreleer nie altyd met die inset, die arbeid wat gelewer is nie. Ons kan ook nie op grond van wat die Bybel sê oor die arbeider wat op sy loon geregtig is,

aflei dat loon noodwendig in 'n direkte verhouding tot gelewerde diens moet staan nie. Niemand moet minder kry as wat hy verdien nie, maar as hy bo verdienste - selfs ver bo verdienste - ontvang, word dit nie in die Bybel veroordeel nie. Wat egter wel in die Bybel veroordeel word, is die lewenshouding van die persoon wat nie bereid is om te werk om sy loon te verdien nie, maar sonder werk geld in die hande wil kry. Die vraag kan gestel word of dobbelary nie 'n vergaderpunt en kweekplek vir sulke mense is nie.

6. Ook die argument dat die dobbelaar hom eiendom toeëien wat 'n ander toekom en daarom die agste gebod oortree, is nie oortuigend nie. Van onregmatige toeëiening van eiendom, dws van steel, is tog eers sprake as ek sonder die ander se medewete en uitdruklike toestemming iets wat hy besit, vir myself toeëien. In die geval van dobbel raak geld wat ander reeds vrywillig afgestaan het - en dus nie meer hul besit is nie - my eiendom.

7. En ten aansien van die **derde argument** kan 'n mens vra: Aanbid iemand wat dobbel noodwendig die geluksgodin? Anders gestel: Is dit so dat selfs dié persoon wat tydens 'n vakansie by Sun City, bloot uit nuuskierigheid 'n R20 uitdobbel en daarna geen behoefte het om weer te dobbel nie, die geluk tot 'n afgod verhef en so die eerste gebod oortree? Dan sal ons dieselfde moet sê van die skeidsregter wat die munt opgooi en die kind wat "slangetjies en leertjies" speel. Nie elke persoon wat by geleentheid die kanselement in die lewe benut, is 'n afgodedienaar nie, en nie elke geleentheid waarby geloot word, is 'n geleentheid waarby die geluksgodin aanbid word nie. Dit is eers as 'n persoon sy vertroue nie meer deurlopend in die Here stel nie, maar glo dat geluk sy lewenslot bepaal, dat geluk tot 'n afgod verhef word. Die vraag kan gestel word of dobbelary nie 'n besonder sterk appél op mense uitoefen om al hul heil van geluk te verwag nie.

8. As hierdie tradisionele argumente nie deurslaggewend is nie, waar kan ons 'n vertrekpunt vir ons morele beoordeling van dobbelary en lotery kry?

9. Die vertrekpunt behoort te wees dat ons nie geïsoleerde handelinge waarin van loting gebruik gemaak word, die voorwerp van ons morele beoordeling sal maak nie. Ons is dan geneig om veralgemenend sulke handelinge moreel te veroordeel, bloot as gevolg daarvan dat die kanselement benut word, of omdat die opbrengs nie strook met die inset nie. Wat belangrik is, is dat ons steeds die konteks waarin sulke handelinge voorkom, in ag sal neem. Gaan dit om loting in die konteks van 'n onskuldige spel of sport of in die konteks van twyfelagtige dobbelary? Met ander woorde: wat is die omvattende praktyk waarvan dit deel uitmaak? Gaan dit om 'n eenmalige uitgee van 'n klein bedrag op lotery of dobbelary vir die vermaak, of gaan dit om die herhaaldelike uitgee van groot bedrae geld in casino's met die uitdruklike motief om vinnig sonder werk baie geld te maak? Met ander woorde: wat is die motief en veral totale lewenspatroon of lewensingesteldheid van die persoon wat die dobbelhandeling verrig?

10. Die lewensingesteldheid van deelnemers aan dobbelary én wat deur dobbelary aangewakker word, is van deurslaggewende belang. Die belangrikste vraag is of dié lewensingesteldheid strook met die lewensingesteldheid wat Christene behoort te beheers.

11. In die Bybel word dikwels 'n teenstelling gemaak tussen die gelowige lewe van vertroue in 'n voorsienige God en die ongelowige lewe wat beheers word deur materiële dinge. Dit gaan hier om 'n óf/óf. Al probeer ons dit dikwels doen, ons kan nie God en Mammon dien nie. Die persone wat in God vertrou, glo dat God hul lewe dra en vir hul sorg, selfs in die moeilikste omstandighede. Daarom word hul lewens nie versuur deur 'n knaende bekommernis oor die dag van môre nie. Daarom raak hulle nie paniekerig in moeilike omstandighede en probeer hulle om ongeoorloofde kortpaaie uit dié moeilike omstandighede te vind nie.

12. Die persoon wat op materiële besittings vertrou, probeer byna onafwendbaar om meer en meer besittings te bekom om sy lewe teen aanslae te verskans. Die Bybel noem dit gierigheid. Hy bekommer hom gedurig daaroor of hy al genoeg het en of sy besittings veilig is. Wanneer hy in geldelike nood verkeer, oorval 'n paniekerigheid hom en sal hy alles probeer om vinnig baie geld in die hande te kry om sy sekuriteit te verseker. Dit is dan dat baie mense hul vertroue in geluk stel en geneig is om geluk tot afgod te verhef. Hulle is bereid om al hul geld in twyfelagtige saketransaksies te investeer om 'n vinnige fortuin te maak. Hulle sal alles op die spel plaas in spekulasie op die aandelemark. Of hulle sal groot bedrae geld op perde verwed, of in loterye of by die roulettetafel bestee. Soos met alle afgodediens, gaan hierdie aanbidding van die geluksgodin gepaard met allerlei rituele wat tot doel het om die geluk te manipuleer om te verseker dat jy bo ander begunstig sal word. Ywerige dobbelaars is bekend daarvoor dat hulle almal daarvan oortuig is dat daar maniere is waarop hulle kan verseker dat die geluk na hulle kant kan draai.

13. Daar heers in ons dag - ook in Suid-Afrika - 'n sterk materialistiese ingesteldheid by baie mense, ongelukkig ook onder baie wat hulself Christene noem. Hierdie materialisme word aangewakker deur 'n baie effektiewe advertensiewese. Aangesien baie op 'n onverantwoordelike wyse geld uitgee op veral luukse artikels, het hulle nooit genoeg geld nie en raak hulle soms in geldelike nood. Dit is dan dat die versoeking om gereeld en met groot bedrae deel te neem aan dobbelary en loterye vir baie net te groot word. Geluk of kans bied die moontlikheid vir sulke mense wat "kan doen met 'n miljoen" om vinnig sonder werk baie geld te maak, en uit hul geldelike probleme te kom.

14. Dit sou oordrewe wees om te beweer dat almal wat by geleentheid aan dobbelary of lotery deelneem, se lewens beheers word deur so 'n materialistiese en gierige lewensingesteldheid. Dat 'n groot persentasie van die mense wat op 'n gereelde grondslag aan dobbelary deelneem, wel deur so 'n lewensingesteldheid gedryf word, kan egter kwalik ontken word. Dit is hierdie lewensingesteldheid wat die omvattende praktyk van dobbelary deursuur en ook aktief deur die dobbelbedryf aangewakker word. Die dobbelbedryf kan nie floreer as mense net nou en dan vir die plesier klein bedraggies op dobbel bestee nie. Dit kan alleen floreer as daar groot getalle mense is wat glo dat hul finansiële heil in geluk lê en ook bereid is om gereeld redelik groot bedrae geld daarin te investeer. Dit is omdat die dobbelbedryf as sodanig gebaseer is op hierdie vertroue op geluk dat dit vanuit 'n Christelike gesigspunt as 'n moreel twyfelagtige bedryf bestempel moet word.

15. Daarby kom dat ondervinding leer dat die vertroue in geluk meestal beskaam en dat dit maar 'n klein persentasie mense is wat werklik goed geld maak uit dobbelary en lotery. Die harde werklikheid is dat verreweg die meeste mense hul geld daardeur verkwis en - heel ironies - juis as gevolg daarvan in nog groter geldelike ellende gedompel word, om nie eers te praat van die huweliks- en gesinsprobleme waarin hulle

gedompel word, omdat hulle hul geld op so 'n wyse verkwis het nie. In die geval van 'n beduidende aantal mense ontaard die begeerte om vinnig geld te maak in volkome verslaafdheid aan dobbelary en lotery met vernietigende gevolge vir die verslaafdes en hul gesinne.

16. Dit is omdat die lewensingesteldheid wat die dobbelbedryf dra een is van gierigheid en van vertroue in geluk en materiële dinge met skadelike gevolge vir dié wat betrokke is dat Christene liefs niks daarmee te doen moet hê nie en ook niks moet doen om dit te bevorder nie. Om dié rede is dit beter om selfs nie toe te gee aan die versoeking om so nou en dan bloot vir die plesier 'n lootjie te koop, of 'n bedraggie geld in dobbelmasjiene te gooi nie.

17. 'n Mens sou in aansluiting by 'n ou Gereformeerde onderskeiding kon teenwerp dat dobbelary en lotery eerder as moreel middelmatige sake, dit wil sê sake wat moreel nie sterk aanbeveel, maar ook nie sterk veroordeel kan word nie, beskou moet word. As dobbelary en lotery as moreel middelmatige sake beskou moet word, is dit beter om liefs geen voorskrifte daaroor vir Christene neer te lê nie, maar dit aan elke Christen oor te laat om self 'n morele oordeel daaroor te vel en te besluit of hy of sy daaraan wil deelneem of nie.

18. Ongetwyfeld is dit so dat die vryheid van die Christen om self 'n morele oordeel oor dobbelary en lotery te vel en oor deelname daaraan te besluit, deur mede-Christene en die kerk eerbiedig moet word. Juis omrede dit moontlik is om by geleentheid te dobbel of 'n loterykaartjie te koop sonder die dryfveer van 'n gierige of materialistiese ingesteldheid, behoort ons nie al te gou 'n oordeel oor mede-Christene wat op hierdie wyse dobbel of aan lotery deelneem, uit te spreek nie.

19. Uit ons bespreking het dit egter geblyk dat dit nie net die gesindheid of lewensingesteldheid van die individuele deelnemer is wat in die morele beoordeling van dobbelary en lotery relevant is nie. Die praktyk van dobbelary, soos dit vandag bedryf word, berus op 'n moreel wankele basis en hou ook allerlei nadelige gevolge vir deelnemers daaraan in. Om dié rede kan die kerk ook nie anders as om sy lidmate teen dobbelary en lotery te waarsku en hul aan te raai om liefs geen deel daaraan te hê nie. So 'n waarskuwing teen 'n praktyk wat teer op 'n materialistiese ingesteldheid en dit ook aanwakker, is veral in 'n tyd waarin ook baie Christene hul vertroue voor alles in materiële dinge stel, nie onvanpas nie.

20. Wat nou egter van loterye wat die insameling van geld vir liefdadigheid op die oog het (Ithuba, Viva, 'n moontlike staatslotery vir HOP)? Voorstanders van dié vorm van lotery wys graag daarop dat dit die mees effektiewe manier is waarop groot bedrae geld vir welsynswerk onder arm mense, bejaardes, weeskinders en gestremde mense ingesamel kan word. Die goeie werk wat vloei uit dié vorm van lotery maak dat dit, na hul mening, vanuit 'n morele gesigspunt oorwegend positief beoordeel moet word. Daar is egter ook probleme wat nie buite rekening gelaat moet word nie. Een probleem met dié manier van fondsinsameling is dat maar 'n klein persentasie van die geld wat ingesamel word na welsynsorganisasies gaan. Die grootste gedeelte van die geld word gebruik om die betrokke lotery-organisasies in stand te hou. Die hoofbeswaar is egter dat 'n ongesonde vermenging van motiewe plaasvind. Die organiseerders van sulke loterye weet dat mense net op groot skaal geld sal gee as hul gierigheid geprikkel word, as hulle kan hoop op groot bedrae vinnige geld. Terselfdertyd kan hulle hulself troos dat hulle die geld gegee het vir 'n goeie doel, naamlik vir barmhartigheid. As ons sulke loterye op morele gronde afwys, moet ons egter die konsekwensies van ons afwysing aanvaar. Ons moenie kla as hoë belastings gehef word om welsynsorganisasies en ontwikkelingsinisiatiewe te befonds nie. Belangriker is egter dat ons bereid sal wees om persoonlike en direkte bydraes tot barmhartigheid op 'n gereelde grondslag te doen. Welsyns-organisasies sal in die toekoms al meer van sulke persoonlike bydraes afhanklik wees as hulle nie deur 'n staatslotery befonds word nie.

21. Afgesien van loterye in die ware sin van die woord is daar nog 'n groot verskeidenheid speletjies, bemarkingsinisiatiewe en kompetisies wat nie 'n geldelike inset van deelnemers vra nie, maar waarin daar wel 'n prys op die spel is en die kanselement wel 'n belangrike rol speel. Aangesien die oorgrote meerderheid daarvan nie deel vorm van 'n twyfelagtige dobbelpraktyk nie en vir niemand skadelike gevolge inhou nie, kan nie enige morele besware daarteen ingebring word nie. Christene wat daaraan deelneem, moet wel vir hulself afvra of hul motiewe moreel suiwer is. Selfs deelname aan sulke speletjies en kompetisies kan skeefgetrek word deur 'n onbeheerste materialistiese ingesteldheid.

**1.1.3.3** ***Wat moet ons ten aansien van dobbelary en lotery doen?***

1. Ons het tot die gevolgtrekking gekom dat Christene dobbelary en lotery vanuit 'n morele gesigspunt oorwegend negatief behoort te beoordeel. So 'n oordeel hou die implikasie in dat Christene dobbelary en lotery nie sal bevorder nie en sal waak teen die ongebreidelde en ongemagtigde uitbreiding daarvan.

2. Dit mag met die eerste oogopslag voorkom of Christene hulle voor alles behoort te beywer om die wetlike verbod op dobbelary en lotery weer ingestel te kry. In die huidige situasie is daar egter weinig kans dat so 'n wetlike verbod weer ingestel sal word. Die "liberalisering" van wetgewing oor dobbelary, aborsie en sensuur oor die afgelope paar jaar hang ten nouste saam met die instelling van 'n nuwe grondwet wat veel meer vryheid vir die individu as voorheen waarborg. Waar dit in die vorige politieke bedeling nog moontlik was om die tradisionele, Gereformeerde sedelikheid met behulp van wetgewing te beskerm, is so-iets onder die nuwe grondwet nie meer moontlik nie. Wetgewing mag nie meer die sedelikheid van slegs 'n bepaalde sektor van die bevolking weerspieël nie, maar moet ruimte laat vir die uitlewing van die morele opvattings van 'n veel groter spektrum van die bevolking. Meer konkreet uitgedruk: aangesien daar klaarblyklik 'n aansienlike gedeelte van die Suid-Afrikaanse burgers is wat nie moreel fout vind met dobbelary en lotery nie en ook aktief daaraan deelneem, sal wetgewing onder die nuwe grondwetlike bedeling nie anders kan as om dobbelary en lotery binne bepaalde perke toe te laat nie.

3. Dit beteken egter nie dat individuele Christene en ook kerke niks kan doen om dobbelary en lotery aan bande te lê nie. Hulle kan onder andere die volgende doen:

(1) Deur deelname aan openbare debatte kan hulle die openbare mening teen die deelname aan dobbelary en lotery beïnvloed.

(2) Hulle kan noukeurig daarop let dat die kontrole van die staat - soos deur die wetgewing voorgeskryf - behoorlik uitgevoer word. Veral moet hulle daarop let dat daar nie dobbelplekke onwettig geopen word in hul omgewing nie. Hulle moet ook toesien dat daar nie dwelms verkoop of prostitusie bedryf word by dobbelplekke nie en dat daar nie ongeoorloofde reklame vir dobbelary gemaak word nie. Indien dit gebeur,

moet hulle beswaar maak by die betrokke owerhede.
(3) Die mees effektiewe manier om dobbelary en lotery teen te werk, is om self 'n voorbeeld te stel deur te weier om op enige manier daaraan deel te hê. Indien almal in Suid-Afrika wat hulself Christene noem, dit konsekwent sou doen, sou die dobbel- en loterybedryf 'n gevoelige slag toegedien word.
(4) Dit is ook baie belangrik dat ons ons kinders sal opvoed om niks met dobbelary en lotery te doen te hê nie. Ook hier is die voorbeeld wat ons stel die deurslaggewende faktor. Dit gaan nie net om nie-deelname aan dobbelary en lotery nie, maar om die regte instelling teenoor geld en besittings. As ouers hulle kinders kan leer om nie toe te gee aan die materialistiese tydsgees nie, maar op 'n sobere en verantwoorde manier met geld en besittings om te gaan, het hulle al veel gedoen om dobbelary en lotery aan bande te lê.

**1.1.4 AANBEVELINGS**

**1.1.4.1 Die sinode besluit dat die argumente op grond waarvan dobbelary en lotery in die Gereformeerde tradisie in die verlede skerp veroordeel is, nie sonder meer gehandhaaf kan word nie, maar die Sinode is van oordeel dat dobbelary en lotery moreel oorwegend negatief beoordeel moet word, omdat**

**(1) dit praktyke inhou wat gebaseer is op 'n materialistiese lewensingesteldheid en so 'n lewensingesteldheid ook aktief aanwakker;**

**(2) dit vir die oorgrote meerderheid mense wat op gereelde grondslag daaraan deelneem nadelige geldelike gevolge het;**

**(3) dit by 'n aantal mense aanleiding gee tot verslaafdheid met vernietigende gevolge vir die verslaafdes en hul gesinne.**

**1.1.4.2 Die sinode besluit om 'n ernstige beroep op lidmate te doen om nie aan dobbelary en lotery deel te neem nie.**

**1.1.4.3 Die sinode besluit dat lidmate behoort te oorweeg om eerder direkte, persoonlike bydraes vir die barmhartigheidsdiens van die kerk en ander welsyns- en liefdadigheidsorganisasies te gee in plaas daarvan om aan loterye deel te neem wat geld vir liefdadigheid insamel.**

**1.1.4.4 Die Sinode besluit dat lidmate nie gewetensbesware hoef te hê teen deelname aan kompetisies waarin die kanselement wel 'n rol speel, maar van deelnemers nie 'n geldelike inset gevra word nie.**

**1.1.4.5 Dit moet aanvaar word dat 'n algemene wetlike verbod op alle vorme van dobbelary en lotery nie onder die huidige Suid-Afrikaanse grondwet haalbaar is nie. In plaas daarvan om te betoog vir 'n wetlike verbod op dobbelary en lotery behoort die Nederduitse Gereformeerde Kerk en sy lidmate hulle eerder daarvoor te beywer dat dobbelary en lotery slegs op beperkte skaal wetlik toegelaat word en dat effektiewe beheer deur die staat daaroor uitgeoefen word.**

**1.1.4.6 Die sinode besluit dat lidmate dobbelary en lotery aan bande kan lê deur**

**(1) deelname aan openbare debatte en beïnvloeding van die openbare mening teen dobbelary en lotery;**

**(2) toe te sien dat in hul eie omgewing behoorlike beheer deur die staat oor dobbelary en lotery uitgeoefen word, sodat geen ongemagtigde uitbreiding van dobbel- en lotery-aktiwiteite plaasvind nie, dwelmverkope en prostitusie nie by dobbelplekke plaasvind nie en geen ongeoorloofde reklame vir dobbelary en lotery gemaak word nie;**

**(3) self 'n voorbeeld te stel en geen deel te hê aan enige dobbelary en lotery nie;**

**(4) hul kinders so op te voed dat hulle weerstand kan bied teen die materialistiese tydsgees en die versoeking om aan dobbelary en lotery deel te neem.**

## 1.2 EKOLOGIE

**1.2.1 Opdrag** - Die sinode dra dit aan die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om 'n studie oor die ter sake aspekte van ekologie te doen met verslag aan die volgende gewone vergadering van die sinode.

**1.2.2 Werkswyse** - Alhoewel daar wêreldwyd vir dekades reeds ernstig besin word oor die ekologie, het die NG Kerk nog nie amptelik by hierdie belangrike saak betrokke geraak nie. Die kommissie het geoordeel dat dit tyd geword het om as kerk meer aandag te verleen aan die bewaring van God se skeppingswerk. Daarom word hierdie aangeleentheid - waaroor daar natuurlik boeke volg geskryf kan word - met onderstaande bevindinge en aanbevelings aan die sinode voorgelê

**1.2.3 Bevindinge**

**1.2.3.1** ***Inleiding***

1. "Gemeentelede sal dit waarskynlik 'n bietjie vreemd vind as die dominee van die kansel oor oorbevolking en besoedeling begin preek. Kerklike kommissies sal waarskynlik wonder of die groot prinsipiële en praktiese vraagstukke van die ekologie regtig op hulle agendas hoort. Maar dit moet! Christene glo mos dat die koninkryk van God met ons hele bestaan te make het, met al vier die verhoudings waarbinne ons lewe: ons verhouding tot *God*, tot *onsself*, tot ons *medemens* - en tot die *skepping*. Aan die eerste drie verhoudings word heelwat aandag in die kerklike lewe gegee. dis hoog tyd dat dieselfde met nommer vier gebeur "( prof PGJ Meiring in Beeld )

2. Hierdie verslag moet aan die *ter sake* aspekte aandag gee. Dit is altyd 'n moeilike en 'n subjektiewe onderneming om te besluit wat ter sake is wanneer oor 'n saak gepraat word wat so wyd soos die ekologie lê. Dit gaan dus waarskynlik so wees dat daar aspekte gaan uitval wat moes aandag gekry het. Die verslag sal egter probeer om te fokus op die sake wat vir die kerk van belang is en waar die kerk moontlik 'n positiewe bydrae kan lewer.

3. Die kerk in Suid-Afrika het nie 'n lang geskiedenis van betrokkenheid by ekologiese vraagstukke nie. Die Ned Geref Kerk is in dié opsig geen uitsondering nie. Die Ned Geref Kerk was vir baie jare selfs van dit wat op ekumeniese terrein ten opsigte van ekologiese vraagstukke gedoen is, geïsoleer. Die ander vraagstukke van die land het ook sulke dringende en hoë eise aan die kerk gestel dat dit in 'n sekere sin verstaanbaar is dat die besinning oor ekologiese vraagstukke agterweë gebly het.

**1.2.3.2** ***Ekologie - 'n beskrywende woord***

Die wêreld is een groot huis (oikos) met verskillende inwoners (lewende wesens) en meublement (nie-lewende wesens). Almal en alles in die huis is van mekaar afhanklik en 'n versteuring van die fyn netwerk van verhoudings bring disharmonie in die huis. Ekologie is die wetenskap wat 'n woord (logos) oor hierdie huis (oikos) en die lewenspatrone daarin te sê het. Ekologie is dus die studie wat op die interafhanklikheid tussen lewende wesens en hulle nie-lewende omgewing fokus.

**1.2.3.3** ***Die ekologiese krisis***

1. Binne die wetenskap van die ekologie is daar nie altyd eenstemmigheid oor alle aspekte van die krisis nie en

toekomsprojeksies is soms uiteenlopend van aard. Maar dat daar 'n ekologiese krisis is, word deur niemand meer ontken nie.

2. Dit is moontlik om tussen die globale en lokale aspekte van die krisis te onderskei. Solank dit net nie die indruk skep dat dit moontlik is om die twee terreine van mekaar te isoleer nie. Wat in 'n ver land met die reënwoude gebeur, het 'n effek op die mens wat in die groot stad woon. Dit is belangrik om in te sien dat ekologiese vraagstukke wesenlik 'n globale karakter het. Dit het egter ook waarde om die vergrootglas op jou lokale probleme te plaas, want dit is immers waar jy iets daadwerkliks kan doen. Anders kan dit gebeur dat die globale karakter van die probleme so oorweldigend is dat dit tot dadeloosheid lei.

**1.2.3.3.1** Globaal

Die ekologiese krisis van die wêreld is te omvangryk om in 'n verslag soos hierdie in detail bespreek te word. Enkele grepe uit die talle publikasies sal voldoende wees om die erns van die saak te beklemtoon.

* *Bevolkingsgroei* is een van die faktore wat 'n beduidende rol in die ekologiese krisis speel. Die wêreldbevolking het die biljoenkerf in die eerste deel van die negentiende eeu bereik. Die tweede biljoen in 1925, die derde biljoen in 1962, die vierde biljoen in 1975 en die vyfde in 1986. Die projeksie is dat ons die ses biljoenkerf in 1999 sal bereik met die sewe biljoenkerf sowat tien jaar later. In die woorde van Sunter : "This century is like no other one in demographic terms." (1996:19). Die getalle stel buitengewone eise aan die beskikbare bronne. Daar moet byvoorbeeld jaarliks vir 60 miljoen bykomende mense in ontwikkelende lande werk geskep word.

* *Industrialisasie* het sy merk op die wêreld gelaat. Die konsentrasie van atmosferiese gasse, wêreldwye temperatuurstygings, gronderosie, energieverbruik uit nie-vervangbare bronne, die uitwis van plant- en dierspesies, lugbesoedeling op see en land en die uitwissing van tropiese woude is almal verskillende aspekte van die ekologiese krisis. Op 'n manier hou dit weer alles onderling met mekaar verband. Huber help ons om 'n greep op die oorweldigende klomp gegewens te kry. Hy onderskei drie hoofterreine waarop die ekologiese krisis hom afspeel te wete: geweld, onreg en natuuruitbuiting. Die harmonie sal eers weer in die huis ervaar word as hierdie drie aspekte daadwerklike aandag kry. Met hierdie indeling van Huber in gedagte kan ons nou die aandag na die eie omgewing toe verskuif.

**1.2.3.3.2** Lokaal

1. Binne die Suid-Afrikaanse konteks kan daar 'n lang lysie van ekologiese rampe gemaak word. Ons is een van die wêreld se grootse vrystellers van koolstofdioksied, lugbesoedeling in Mpumalanga is van die hoogste in die wêreld, talle ekostelsels is beskadig en gronderosie in byvoorbeeld Kwazulu- Natal het groot skade aangerig. Oorbevolking en oorbeweiding van grond is 'n bekende verskynsel. Wydverspreide armoede is 'n probleem wat talle menselewens vernietig , maar is daarmee saam ook een van die grootste vernietigers van die omgewing. Waar oorlewing ter sprake is, word omgewingsetiek nie hoog aangeslaan nie. Na raming het sowat 10 miljoen Suid-Afrikaners in 1991 sowat 8 miljoen ton hout verbrand as energiebron vir huislike doeleindes. Dit is egter nie net armoede wat die omgewing bedreig nie, want voorspoed bring sy eie aanslag wat in vele opsigte meer ingrypend is as die van armoede. Ons leef in 'n weggooisamelewing met oorlaaide munisipale stortingsterreine en die atmosfeer word met tonne koolsuurgas per jaar gevul.

2. Suid-Afrika sit met 'n bevolkingsgroei wat kan meebring dat die bevolking binne die volgende 25 jaar verdubbel. Voeg daarby beperkte landbougrond en watervoorraad en dit is duidelik dat die ekologiese probleme in Suid-Afrika inderdaad krisisafmetings aanneem. Hierdie kort oorsig gaan mank aan die deeglike ontleding van die onderskeie probleme, maar dit toon tog aan dat daar 'n krisis bestaan wat elkeen in die land raak.

3. "Die verwoestende langtermyngevolge van omgewingsverval is 'n nasie wat bankrot is met weinig hoop op ekologiese herstel. Suid-Afrika het nog nie hierdie punt bereik nie. Een van die grootste probleme is dat niemand met sekerheid kan sê presies hoe naby ons daaraan is nie. Daar is egter geen twyfel dat ons reeds diep in die skuld is nie en dat die tyd ryp is vir 'n kritiese bestekopname." (Yeld 1996:13) Hierdie kritiese bestekopname is ook die taak van die kerk. Ons sal uit teologiese hoek 'n positiewe bydrae moet maak.

**1.2.3.4** ***Oorsake***

Uit bostaande inligting moet noodwendig afgelei word dat die mens die skuldige in die saak is. Die ekologiese krisis is "man made". Dit word allerweë aanvaar dat die mens met sy mensgesentreerde lewensuitkyk die ekologiese krisis oor homself gebring het. Die mens het die "kroon van die skepping" idee uit verband geruk en homself as die toppunt van alles gesien met alles anders tot sy beskikking om mee te maak net wat hy wil. "Laat ons dit maar vir mekaar sê: die kern van die probleem is dat die mens sy aangewese plek in die skepping verag en opgegee het. Die mens het aan God se skeppingsbedoeling ontrou geraak en selfsugtig geraak. Instede van God se verteenwoordigers te wees, het die mens God na die kroon begin steek. En instede van lewe te gee en te bewaar, het die mens begin neem en verniel. Vir my is dit die grootste sonde wat bely moet word" (Kritzinger).

**1.2.3.5** ***Die kerk en die krisis***

**1.2.3.5.1** 'n Verskraling van die evangelie

Die beklemtoning van die vreemdelingskap van die mens in die wêreld is in sekere tradisies binne die Christendom so verstaan dat dit tot 'n soort van wêreldvermyding en uiteindelik 'n wêreldveragting aanleiding gegee het. Die sogenaamde "wêreldse dinge" is onbelangrik. Hiervolgens is die hemel die eintlike belangrike saak in die evangelie. Verder het ekologiese sake dikwels 'n verbintenis met die politiek omdat mense in gesagsposisies besluite neem wat 'n direkte of indirekte uitwerking op die omgewing het. Hierdie politieke dimensie het meegebring dat daar in sekere christelike tradisies 'n vooringenome negatiewe houding teenoor ekologiese sake ingeneem is. Die omvattende evangelie is sodoende verskraal tot 'n boodskap wat net met die geestelike te make het. Sodanige verskraling van die evangelie kom in verskillende nuanses en grade voor. Die kerk sal teen so 'n verskraling moet waak en die volle reikwydte van die evangelie moet verkondig en uitleef.

**1.2.3.5.2** 'n Skuldbelydenis

1. Dit is bekend dat die historikus Lynn White reeds in die sestigerjare van hierdie eeu die ekologiese krisis na die Christendom herlei het. "Christianity, in absolute contrast to ancient paganism and Asia's religions, not only established a dualism of man and nature, but also insisted that it is God's will that man exploit nature for his proper ends."(White 1967:1203-1207)

2. Nienaber skryf egter tereg dat die oorsaak van die ekolo-

giese krisis by die sondaarmens gesoek moet word en daarom "... kan die Christendom dus nie *per se* verantwoordelik gehou word vir die krisis nie."(1996:5)

Dit beteken nie dat die Christendom skotvry daarvan afkom nie. Dit is een ding om te sê dat die ekologiese krisis nie terug gevoer kan word na die bedoeling van Gen 1:28 nie, maar 'n ander saak hoe die skeppingsverhaal in praktyk gefunksioneer het. 'n Mens ontkom nie daaraan dat die verhaal meer male legitimerend gefunksioneer het in die proses waarin die aarde uitgebuit is nie.

3. As ons dus hier praat van 'n skuldbelydenis dan beteken dit dat daar uitgegaan word van die standpunt dat die sonde nie net individuele en sosiale dimensies het nie, maar ook globale dimensies met implikasies vir die totale kosmos. Ons het te make met 'n gevalle werklikheid. Die Bybel praat nie enkelvoudig oor die sonde nie. Hierdie raaiselagtige kant van die werklikheid word op verskillende maniere beskrywe, maar die hoogmoed of arrogansiekarakter van die sonde word op min ander terreine so duidelik gesien as daar waar die mens hom aan God se goeie skepping vergryp het.

4. Ook wat die ekologie betref, word "ons verplig om opnuut na te dink oor al ons sondes. Daar is sondes waar ons met gedagtes, met woorde of met dade oortree het. Daar is ook sondes van versuim, waar ons nagelaat het om die opdragte van die Here uit te voer. Laat ons ons hieroor opreg voor God verootmoedig." ( Nagmaalformulier)

**1.2.3.5.3** Die skepsel en skepping - noodwendig in konflik?

Die skerp formulerings oor die noodsaaklikheid van 'n skuldbelydenis kan lei tot 'n valse en onnodige teenstelling tussen skepsel (mens) en skepping. Die mens word in die Bybel geteken as wesenlik deel van die kosmos. Die mens word geskep om in die tuin te leef en dit te geniet! Dit is selfs moontlik om te praat van die vreugde van die mens as een van die skeppingsbedoelings van God. Die skepping is daar tot eer van God en vir die mens om te geniet. Dit gaan dus nie om die vraag of die mens die omgewing geniet nie maar hoe hy dit doen! Ons sal dus moet versigtig wees vir die invoer van valse teenstellinge tussen die mens en sy omgewing. 'n Pleidooi vir 'n omgewingsvriendelike lewenswyse hoef nie 'n mensvyandige styl te hê nie. Die mens is deel van die groot skepping van God wat bewaar en gekoester moet word. Hoe kan jy dan in elk geval teen iets wees waarvan jy 'n integrale deel is?

**1.2.3.5.4** Om te heers is om te sorg

1. Dit is om twee redes nodig om aan Gen 1:28 aandag te gee. Enersyds is dit die teks wat as bewysgrond gebruik word in die aanklag dat die grondoorsaak van die ekologiese krisis in die Christendom te vinde is en andersyds is die verstaan van die begrip "heers" van belang in die beskrywing van die verhouding mens-skepping.

2. Die heerskappy waarna in die skeppingsverhaal verwys word, is binne sy historiese konteks te verstaan as die soort heerskappy wat 'n koning van Israel beoefen. Die koning is bedoel om so te regeer dat dit sy onderdane ten goede is. Indien die mens se beheersing van die skepping dus uitloop op uitbuiting, is dit nie meer die heerskappy waarvan die skrywer van Genesis praat nie. Om te heers is om te sorg! Verder moet daarop gelet word dat die gedagte van heerskappy in Genesis in die verband van 'n beskrywing van harmonie staan. Genesis 1 se heerskappy is deel van 'n harmonieuse saambestaan van dit wat God daargestel het.

3. 'n Soortgelyke beklemtoning kom by die tekste oor die sabbatsjaar en jubeljaar voor. Die sabbatsjaar en jubeljaar het 'n gemeenskaplike kernbetekenis: Die aarde behoort aan God en mense moet met hulle dade sigbaar maak dat hulle dit glo. Hulle lewenswyse moet wys dat hulle verstaan dat die skepping nie aan hulle behoort nie en dat dit versorg moet word.

**1.2.3.5.5** Menswees in perspektief.

Die oorsaak van die ekologiese krisis is in hierdie verslag na die arrogansie van die mens teruggevoer. Dit is daarom nodig dat die mens homself deur die oë van die digter van Psalm 8 sal moet sien. Belangrik en kosbaar vir God, maar tegelykertyd bitter klein en onbelangrik. Die mens is nie insigself so belangrik nie. Dit is eers in sy relasie tot die res van die skepping wat hy 'n belangrike plek inneem. Die heerskappy waarvan die Bybel praat, het nederigheid as stalmaat. Indien die kerk kan help dat mense hierdie stukkie insig hulle eie maak, sal dit 'n groot sprong in omgewingsbewaring meebring.

**1.2.3.5.6** Aanvaar verantwoordelikheid.

Die rol van die mens in die skepping word in Genesis 1 as dié van verteenwoordiger omskryf. Die mens word met die skepping vertrou en kry 'n verantwoordelikheid om daarvoor te sorg. Die mens se arbeid het 'n versorgende karakter. Hy moet die tuin oppas en bewerk (Gen 2:15). Die lewe van die mens kan nie net in biologiese terme beskryf word nie. Dit is ook eties. Om te lewe soos God dit wil, is om verantwoordelikheid te aanvaar vir die lewe - die van plante, diere en mense!

**1.2.3.5.7** 'n Omvattende evangelie

As daar elders in die verslag gewys word op die rol wat 'n verskraalde evangelie in die aanbring van die ekologiese krisis gespeel het is dit ook nodig om positief op die werklik omvattende aard van die goeie nuus te wys. Die sonde het die hele wereld aangetas. Die verlossing is vir die hele wereld (Rom 8). "Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het God die vrede herstel, deur Hom het God alles op die aarde en die hemel met homself versoen."(Kol 1:20).

**1.2.3.5.8** Wat kan die kerk doen?

1. Die kerk kan begin om te praat. Die omvattende evangelie moet in al sy fasette verkondig word. Sodoende kan lidmate sensitief gemaak word vir die ekologiese dimensie van die evangelie.

2. Die kerk kan met dade tekens van herstel oprig. Op hierdie wyse kan die kerk as draer van die evangelie 'n draer van hoop wees. Daar is talle praktiese maniere waarop oud en jonk hulle sorg vir die aarde daagliks kan uitleef.

### 1.2.3.6 AANBEVELINGS

**1.2.3.6.1 Die sinode doen 'n beroep op leraars om deur die prediking en ander toerustingsgeleenthede lidmate steeds bewus te hou van hulle versorgingstaak in die wêreld.**

**1.2.3.6.2 Die sinode spreek sy waardering uit teenoor alle persone en instansies wat hulle op verantwoordelike wyse beywer vir die beskerming en versorging van die omgewing waarvan ons deel is.**

**1.2.3.6.3 Die sinode beveel aan dat kerkrade oorweeg om op die Sondag naaste aan Lentedag in besonder aandag te gee aan die implikasies van die evangelie vir die ekologie.**

**1.2.3.6.4 Die sinode besluit dat alhoewel onkunde in sommige gevalle die agtergrond van omgewingsuitbuiting is, die sinode ook daarvan oortuig is dat selfsug en materialisme as grondoorsaak van omgewingsuitbuiting deur die kerk aangespreek moet word.**

### 1.2.3.7 Bronnelys

Nienaber HC, 1996. *Ekologie en sending. Op weg na 'n*

*ekologiese sendingbenadering in 'n postapartheid Suid-Afrika.* Ongepubliseerde proefskrif. UP
Conradie E, 1996. *Rus vir die hele aarde. Wat doen ons aan onsself en die aarde?*
Yeld J, 1996. *Sorg vir die aarde. Suid-Afrika. 'n Strategie vir 'n volhoubare bestaan.*
Fourie J, Joubert SCJ en Loader JA. Environmental education - an approach based on the concept of life. *Koedoe* 33(1):95-109. Pretoria.
Kritzinger Dons. Ontwikkeling en die omgewing.
Sunter C, 1996. The high road. Where are we now? Tafelberg. Human &Rousseau
Meiring PGJ. Paradys 'n ashoop? Ekologiese ramp moet op kerk se agenda wees. Die Kerkbode. 18 Junie 1993
Young RA, 1996. Healing the earth: A Theocentric perspective on environmental problems and their solutions. *Internet.*

## 1.3 HANDVES VAN FUNDAMENTELE REGTE

**1.3.1 Opdrag** - Die sinode dra dit aan die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om die gevolge wat die instelling van 'n Handves van Fundamentele Regte op die bediening van die kerk het deurgaans te monitor en om die nodige advies en leiding in dié verband te gee.

**1.3.2 Werkswyse** - Die Kommissie was daarvan bewus dat die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake advies ontvang het ten opsigte van die daarstelling van 'n handves vir Fundamentele Regte. Die Algemene Kommissie het ook namens die kerk voorstelle ingedien en kommentaar gelewer toe die dokument saamgestel is.

**1.3.3 Bevindinge** - Benewens die wete dat hierdie saak ook op die tafel van die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake was, is die bediening van die kerk oor die algemeen nie ingrypend deur die instelling van die Handves geraak nie.

## 1.4 OORDEELVORMING OOR AKTUELE SAKE

**1.4.1 Opdrag** - Die sinode dra dit aan die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om te besin oor die proses en die doel van die kerk se oordeelvorming oor aktuele sake.

**1.4.2 Werkswyse** - Die Kommissie het hierdie aangeleentheid tydens elke vergadering bespreek. Die Kommissie was nie bewus van enige aktuele saak wat nie reeds op een of ander wyse die aandag van die kerk gekry het nie.

**1.4.3 Bevindinge** - Aangesien dit voorkom asof etiese kwessies tans wêreldwyd vloeibaar is, is dit nodig dat die Kerk voortdurend die oog in die seil hou.

**1.4.4 AANBEVELING - Die sinode besluit dat hierdie opdrag herhaal word sodat die Kerk voortdurend leiding kan gee ten opsigte van aktuele sake.**

## 1.5 PROPONENTE AS HUWELIKSBEVESTIGERS

**1.5.1 Opdrag** - Die sinode verwys die saak van die bevestiging van huwelike deur proponente na die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake. Die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake lewer verslag aan die moderamen wat na bevind van sake leiding oor hierdie sake gee.

**1.5.2 Bevindinge** - Hierdie aangeleentheid was vir geruime tyd op die agenda van die Algemene Sinodale Kommissie (ASK). Nadat die ASK 'n beleidsbesluit geneem het, het die Kommissie geoordeel dat ons nie verder hieroor verslag hoef te lewer nie. Dit was ook die mening van die moderamen.

**1.5.3 Besluit van ASK** - Vir die inligting van die sinode vind u die besluit van die ASK soos volg: *Die ASK besluit dat alle persone met predikants- en proponentsbevoegdheid via die saakgelastigde (van die onderskeie sinodes) aansoek kan doen om as huweliksbevestigers aangestel te word.*

## 1.6 REGSTELLENDE AKSIE

**1.6.1 Opdrag** - Die sinode verwys die verslag oor regstellende aksie terug na die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake vir herbesinning en riglyne ten opsigte van hierdie belangrike saak aan die kerk en om die resultaat aan die moderamen voor te lê vir goedkeuring voordat die riglyne aan gemeentes beskikbaar gestel word.

**1.6.2 Werkswyse** - Sedert die vorige sinodesitting, het die benadering tot regstellende aksie aansienlik gefluktueer. Die Kommissie moes daarteen waak dat ons in ons besinning nie slegs deur die praktyk gelei word nie. Sekere beginsels moes ook in aanmerking geneem word. Uiteindelik, nadat die saak aandag van die vorige Sinode (1995) en gemeentes ontvang het, is onderstaande verslag - met 'n enkele wysiging - deur die moderamen aanvaar. Omdat dit 'n buitengewoon aktuele aangeleentheid is, word hiermee ook aan die sinode verslag gelewer.

**1.6.3 Bevindinge**

**1.6.3.1 *Inleiding***

1. Die term "regstellende aksie" skep misverstande as dit in hierdie tyd soos in die opdrag van 1993 neutraal gebruik word om na sowel verantwoordelike as onverantwoordelike regstelling te verwys. Die term het intussen baie algemeen geword in die openbare diskussie, en verwys na die praktyk van regstellende aksie soos wat dit tans in ons samelewing aan die gang is. Om misverstand te voorkom, word die term in hierdie verslag in hierdie sin gebruik.

2. Daar bestaan oral ernstige besware teen die huidige praktyk van regstellende aksie. Van die besware kom op uit die eiebelang van groepe, maar daar kan ook op goeie teologies-etiese gronde besware geopper word. Ons moet dus begin deur dié gronde te formuleer.

**1.6.3.2 *Teologiese uitgangspunte***

1. Uit die Bybel kan afgelei word dat gelowiges se verhouding met God besliste implikasies het vir hulle optrede teenoor mekaar en alle ander mense. Die wyse waarop God teenoor die gelowiges opgetree het, is die maatstaf vir hulle eie optrede in die wêreld.

2. God gee aan die mens sekere basiese regte wat Hy deur sy wet beskerm. Jy mag sy lewe, sy goed, sy eggenoot, sy naam nie aantas nie, want God gee hom die reg op dié dinge (Eks 20).

3. In alle samelewings is daar altyd mense wat te swak is om hulle eie regte te handhaaf. Daarom is dit God se opdrag dat hulle bygestaan moet word. God se gebod geld in die eerste plek vir sy kinders. Reeds vir die vroeë gemeentes is gesê: "Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld" (Jak 1:27). Ook die owerheid as God se dienaar moet die swakkes bystaan. Ps 72:4 sê byvoorbeeld: "Laat die koning die reg van die verdruktes onder die volk beskerm, laat hy armes te hulp kom en verdrukkers verbrysel ...".

4. Wanneer daar strukture in 'n samelewing geheers het

waardeur mense onreg gely het, moet die reg effektief herstel word. Dit kan vereis dat nie net die onreg uit strukture verwyder word nie, maar dat die benadeeldes ook gehelp word om die gevolge van die onreg wat hulle gely het, te bowe te kom.

5. Die herstel van die reg mag nie van die welsyn van die samelewing as geheel geïsoleer word nie. Daarom behoort die herstel van reg deel te wees van 'n omvattende ontwikkeling-strategie wat bydra tot die welsyn van die hele samelewing. Alle mense wat agter geraak het op ekonomiese, opvoedkundige en maatskaplike terrein moet gehelp word om hulle volle potensiaal tot voordeel van die samelewing te ontwikkel.

6. Arbeid moet gesien word as 'n roeping van God. Hy roep ons om ons talente, tyd en energie deur ons beroepe aan dienslewering te wy. Daarom moet alles in die werk gestel word dat almal die beste moontlike geleentheid kry om hulle potensiaal in diens te stel.

7. Dit is onvermydelik dat mense se regte in botsing kom. Die Kerk se besinning handel oor die billike uitbalansering van regte. Die kerk moet dit vermy om bloot vir die belange van die eie groep te pleit, maar indien die lidmate van 'n kerk onreg ly, behoort dit die kerk te help om die onreg duideliker te sien en beter te bestry.

8. Die herstel van reg is moeilik en gevaarlik. Die pendulum swaai maklik te ver na die ander kant. Daarom moet daar gelet word op die kriteria waarvolgens die herstelling moet geskied.

**1.6.3.3 *Kriteria om te onderskei tussen die verantwoordelike en onverantwoordelike herstel van reg.***

1. Die aksie moet in belang van die land en sy mense toegepas word.
2. Daar moet gewaak word teen die verlaging van standaarde en die oorbelasting van die ekonomie.
3. Die motief moet nie vergelding wees nie, maar daar moet steeds daarna gestreef word om die belange van alle betrokkenes billik uit te balanseer.
4. Die bedoeling mag nie wees dat een groep daardeur mag versamel om oor ander groepe te heers nie.
5. Die beleid waarvolgens daar reggestel word, moet duidelik wees, die uitvoering daarvan deursigtig.
6. By keuring vir opleiding en indiensneming mag die agterstand van kandidate in ag geneem word.
7. Bevordering behoort net op meriete te geskied.
8. Persone moet nie gekeur word vir opleiding of in poste aangestel word indien hulle nie beskik oor die nodige bekwaamheid of potensiaal nie.
9. Afdankings en demosies is nie geskikte metodes vir die toepassing van regstellende aksie nie. Daar moet nie met vaste kwotas en rigiede tydtafels gewerk word nie.
10. Die aksie moet nie oorhaastig bedryf word nie, maar dit moet wel as 'n tydelike maatreël gesien word wat so gou as moontlik afgehandel moet word.

**1.6.3.4 *Beoordeling van die huidige situasie***

1. Die kerk is nie 'n hof wat spesifieke gevalle van regstellende aksie kan beoordeel om uitspraak te lewer waar die optrede regverdig was en waar nie. Maar waar die kerk daagliks met die ervaring van die aksie te doen het, kan hy wel algemene oordele uitspreek.

2. In ons samelewing is daar teen mense op grond van ras, geslag en gestremdheid gediskrimineer, en hulle behoort gehelp te word om die gevolge van die diskriminasie te bowe te kom. Daar is voorbeelde waar dit op 'n verantwoordelike en billike wyse gedoen word.

3. Omdat die Ned Geref Kerk baie mense bedien wat tans deur regstellende aksie verontreg word, verkeer hy sterk onder die indruk dat daar tans ook onverantwoordelike regstellende aksie aan die gang is. Dit lei onder andere tot grootskeepse verlies van bekwaamheid, veral uit die openbare sektor. Op baie plekke ervaar veral blanke mans die aksie só dat dit hulle ontmoedig en negatief maak teenoor die samelewing. 'n Nuwe regstelling is nodig om hierdie uitwerking te staak, want ons glo dat ons elkeen geroep is om volgens ons volle potensiaal vir ons land by te dra, en die samelewing behoort so te funksioneer dat dit aangemoedig word.

**1.6.3.5 *Lidmate se verantwoordelikheid.***

Lidmate behoort:

1. die verantwoordelike herstel van reg in die werksituasie te aanvaar, maar te protesteer teen onverantwoordelike regstellende aksie;
2. nie uit reaksie onnodig af te tree of te bedank uit hul poste nie, maar in 'n gesindheid van dienswilligheid voort te gaan om hul kundigheid tot beskikking te stel van ons land en sy mense;
3. medelidmate wat nadelig geraak word deur regstellende aksie in liefde te onderskraag en, waar nodig, te help om weer werk te kry;
4. 'n bydrae te lewer tot werkskepping in hul eie omgewing, en
5. hul kinders geestelik voor te berei vir die moontlikheid dat hulle moeilik werk sal kry en hulle toe te rus met entrepreneursvaardighede.

**1.6.3.6 *Die kerk se verantwoordelikheid***

1. Die kerk moet onbillike gevolge van die toepassing van regstellende aksie onder die aandag van die owerheid bring.
2. Lidmate wat verbitterd en ongelukkig is omdat hulle die slagoffer van onregverdige regstellende aksie is, sal met begrip en empatie begelei moet word om:

die omstandighede te verwerk en hoopvol te wees;

as 'n gelowige nie verbitterd te bly en minderwaardig te voel nie;

die oog steeds op Jesus Christus te hou;

vermoëns en vaardighede te ontwikkel wat hom/haar instaat sal stel om 'n inkomste te kan genereer.

3. Die gemeente sal waar nodig ten opsigte van die stoflike behoeftes aan sulke lidmate hulp moet verleen.
4. Die kerk moet waak teen die indringing van onaanvaarbare motiewe, en dit aanspreek wanneer dit in die uitvoering van regstellende aksie tot uiting kom.

**1.6.4 AANBEVELINGS**

**1.6.4.1 Die sinode aanvaar bostaande stellings as riglyn.**

**1.6.4.2 Die sinode besluit dat bostaande stellings nie afsonderlik nie, maar deurgaans as pakket hanteer moet word.**

**1.6.4.3 Die sinode is dankbaar oor situasies waar die onreg van die verlede op 'n billike wyse herstel is.**

**1.6.4.4 Die sinode waarsku dat regstellende aksie in heelwat situasies klaarblyklik op 'n onbillike wyse gedryf word, met die gevolg dat ons samelewing baie van sy menslike potensiaal vermors.**

**1.6.4.5 Die sinode dra dit aan sy Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om die vraag te ondersoek of regstellende aksie vanuit onaanvaarbare motiewe bedryf word.**

## 1.7 TRAKTAATJIE: "SATAN EN DIE UITDRYF VAN DUIWELS"

**1.7.1 Opdrag** - Die traktaatjie "Satan en die uitdryf van duiwels" word na SKLAS verwys vir ondersoek.

**1.7.2 Werkwyse** - Die Kommissie, wat ook Nuwe en Ou Testamentici as lede op die personeel het, het die traktaatjie bestudeer.

**1.7.3 Bevindinge**

**1.7.3.1** "Satan en die uitdryf van duiwels" is 'n traktaatjie wat verkrygbaar is by die NG Kerk Traktaatjiediens. Dit is geskryf deur dr PW Marais.

**1.7.3.2** Die inligting word op 'n konkordante manier aangebied en onder sekere temas gesistematiseer. Dit vertoon die patroon van sogenaamde "topical dictionaries". As sodanig is dit dus plaasbaar binne 'n sekere soort benadering wat gebruik word om Bybelse materiaal te sistematiseer.

**1.7.3.3** Die benadering het sekere tekortkominge. Die vernaamste is dat tekste langs mekaar gesit word sonder inagneming van hulle kontekstuele inbedding. Die aaneenryg van tekste lei tot die skep van 'n nuwe verhaal/teologie (afhangend van hoe jy jou tekste met mekaar in verband bring) wat nie noodwendig met die opinie van enige skrywer van die Nuwe Testament ooreenstem nie.

**1.7.3.4** 'n Verdere probleem is dat met die aaneenryg van tekste onder sekere tematiese hoofde reliëf verlore gaan. Dit lyk of alle feite wat onder mekaar gelys word, ewe belangrik is en dit kan misverstand veroorsaak. As die kentekens van duiwelbesetenheid byvoorbeeld bespreek word, word aggressie of angs as tekens daarvan gesien. Dit mag natuurlik waar wees, maar as 'n mens angs of aggressie het, beteken dit nie noodwendig dat jy duiwelsbesete is nie. Die oorwinning van die duiwel word as 7.4 aangebied (met ander woorde vierde in die ry van sewe 'verantwoordelikhede van die mens"), terwyl dit as vertrekpunt vir die gelowige in die hantering van demonologie behoort te dien. Die konkordante manier van die gegewens aanbied laat in hierdie traktaatjie nie toe dat sulke probleme wat tot misverstande kan lei, uitgeskakel word nie.

**1.7.3.5** Omdat die benadering konkordant is, sou 'n mens nie kon sê dat dit wat in die traktaatjie staan nie "in die Bybel" staan nie. Oor die samevoeging van die gegewens sou wel gepraat kon word, asook oor hermeneutiese vrae of 'n mens die gegewens net so op een lyn met die situasie vandag kan verbind. Die aanbieding van verse op hierdie manier skep immers die indruk dat wat in die Bybel staan sonder hermeneutiese verwerking net so op vandag van toepassing gemaak kan word.

**1.7.3.6** Sekere belangrike klemme, byvoorbeeld dat 'n Christen nie besete kan raak nie, dat daar wel nog duiwelbesetenheid onder nie-gelowiges mag voorkom, word gelê. Die gedeelte oor die uitdryf van duiwels word egter baie meganies aangebied wat misverstand kan veroorsaak.

**1.7.3.7** Die rol en posisie van God ten opsigte van die demonologie word nie goed uiteengesit nie. Die oorwinning van God oor die bose en die konsekwensie daarvan vir die Christelike lewe word nie genoegsaam behandel nie. Binne die debat oor duiwelbesetenheid en uitdrywing is dit onontbeerlik ten einde die perspektief te gee waarbinne duiweluitdrywing beoordeel moet word.

**1.7.3.8** Daar moet onthou word dat hierdie traktaatjie as traktaatjie en nie as teologiese boek aangebied word nie. Dit stel die leser op sistematiese manier bekend aan die beskikbare tekste in die Bybel wat oor die duiwel handel. Dit pretendeer nie om iets meer te wees nie. As sodanig vervul dit 'n spesifieke doel. Miskien kan daar 'n aanmoediging in die traktaatjie opgeneem word om die tekste binne konteks in die Bybel ook te lees.

**1.7.3.9** Kortom, die traktaatjie het 'n funksie, maar gaan ook mank aan sekere probleme, beide op hermeneutiese en teologiese vlak. Of die traktaatjies steeds vir verdere verspreiding aanbeveel moet word, hang af hoe die rol van traktaatjie gesien word. As dit 'n beperkte hoeveelheid inligting wil beskikbaar stel, sou die verder verspreiding aanbeveel kon word, miskien met die bywerk van meer pertinente inligting oor die oorwinning van God oor die duiwel. Die baba moet nie met die badwater uitgegooi word nie.

**1.7.4 AANBEVELINGS**

**1.7.4.1 Die sinode besluit om bostaande inligting aan die uitgewer van die traktaatjie deur te stuur.**

**1.7.4.2 Die sinode steun intussen nie die verdere verspreiding van die traktaatjie onder die naam van die Kerk nie.**

## 1.8 VERTALING VAN "DIKAIOSUNÉ"

**1.8.1 Opdrag** - Die Sinode dra dit aan die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om die vertaling van ***dikaiosuné*** in die nuwe Afrikaanse vertaling met die Bybelgenootskap op te neem.

**1.8.2 Werkwyse** - Die Kommissie het Nuwe Testmentici hieroor geraadpleeg. Die Navorsingseenheid vir Nuwe Testamentiese Teologie beoog om tydens 'n vergadering die gebruik van ***dikaiosuné*** in die Bybelvertaling te bespreek. Intussen het die onderstaande bevinding voor die Kommissie gedien.

**1.8.3 Bevinding** - Die betrokke beskrywingspunt handel nie oor al die voorkomste van ***dikaiosuné*** in die Nuwe Testament nie, maar oor daardie gevalle waar dit gaan oor Gods genadewerk in die Christen se lewe waardeur hy van 'n skuldige sondaar tot 'n geregverdigde word. Die motivering vir die beskrywingspunt stel die "in Christuswees" van gelowiges in die fokus. Hiermee is 'n uiters belangrike Bybelse en ook Gereformeerde waarheid op die tafel geplaas. Wanneer ons egter die regverdigingsuitsprake van Paulus nagaan, blyk dit dat die fokus in hierdie spesifieke uitsprake nie val op die gelowige se "in Christuswees" nie, maar op 'n *genadehandeling* van God wat aan die mens geskied as gevolg waarvan hy 'n mens "in Christus" word. Hier word dus by Paulus normaalweg nie in terme van partisipasiekategorieë gepraat nie, maar in *handelingskategorieë* en wel binne die forensiese kader. Daarom word die *dikaiosuné (theou)* van Romeine 1:17 in Protestantse kringe eerder as 'n gebeurewoord of *nomen actionis* verstaan: "God spreek vry/God verklaar regverdig". Hierdie handelingskarakter blyk ook uit die feit dat die werkwoord ***dikaioó*** so dikwels in hierdie verband gebruik word (Rom 3:20,24,26,28,30; 4:5, 5:1 ens). Hierdie gevalle van ***dikaiosuné*** of ***dikaioó*** word dus in die Nuwe Afrikaanse Bybel heel tereg met "vryspraak" vertaal. Hierdie vertaling laat enersyds die feit van 'n genadige Goddelike handeling tot sy reg kom, andersyds ook die juridiese kader waarbinne hierdie pragtige metafoor funksioneer. Die vertaling "geregtigheid" laat aan die een kant die soewereine handelingskarakter van hierdie term verdwyn, andersyds tree sy forensiese karakter enigsins op die agtergrond.

**1.8.4 AANBEVELING - Die sinode besluit dat die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake voortgaan met die ondersoek na die vertaling van *dikaiosuné* in die Afrikaanse Bybel.**

## 2. ANDER WERKSAAMHEDE

**2.1 NAVRAE**

1. Synde die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake, ontvang ons dikwels uit die sinodale gebied navrae in verband met aktuele sake. Ook ander instansies, byvoorbeeld die media, word met inligting bedien. Sover moontlik word verslae en besluite van die sinode (of Algemene Sinode) beskikbaar gestel (deur fakse, E-pos, gewone pos). Meermale verwys ons persone wat navraag doen ook na ander instansies of kundiges om hulp te verleen.

2. Benewens die opdragte van die sinode, het onder meer ook die volgende sake die kommissie op een of ander wyse besig gehou: Aborsie; AP Kerk; armoede; belydenisskrifte (Belhar); duiweluitdrywing; kerklike feesdae; genadedood; geweld; kerkeenheid; karate; kultuur; media-beheer; menseregte; Suid Afrikaanse Raad van Kerke (Pretoria Council of Churches); versoening, ens.

**2.2 KANTOORFASILITEITE** - Die Kommissie baat nog steeds by die administratiewe fasiliteite en die waardevolle dienste van die senior administratiewe beampte van die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (mev Elsie Grimbeek).

## 3. BESKRYWINGSPUNTE

**3.1.1 WAARSKUWING AAN KERK TEEN VROOMHEIDSDWALING** - Die Ring van Louis Trichardt is van oordeel dat dit nodig is dat die Ned Geref Kerk gewaarsku word teen 'n charismatiese/spiritualistiese/subjektiwistiewe vroomheidsdwaling.

**3.1.2 DRIE FORMULIERE VAN EENHEID** - Die Ring van Louis Trichardt is van mening dat die Gereformeerde waarhede (veral oor wet en evanglie/heiliging en regverdiging) wat in die Drie Formuliere van Eenheid vervat is, 'n meer regmatige plek in die algemene godsdiensbeskouing van die Ned Geref Kerk moet kry. Daarom rig die Ring van Louis Trichardt 'n ernstige versoek aan die Sinode van Noord-Transvaal (vir deursending na die Algemene Sinode) dat die Drie Formuliere van Eenheid hervertaal word in 'n meer verstaanbare idioom sodat dit meer verbruikersvriendelik is.

**3.1.3 WET EN EVANGELIE/REGVERDIGING EN HEILIGING** - Die Ring van Louis Trichardt versoek die Sinode van Noord-Transvaal om 'n proses van 'n debat (via die Algemene Sinode) oor *Wet en Evangelie/Regverdiging en Heiliging* in die Ned Geref Kerk te begin wat die Gereformeerde spiritualiteit van die Ned Geref Kerk kan uitbou en terselfdertyd kan wys op die moontlikheid van charismatiese/spiritualistiese/subjektiwistiese vroomheidsdwalings. Hier word veral gedink aan die neiging om die eie berou oor sonde, of geloof in God/keuse vir God/bekering/oorgawe aan God op 'n wettiese wyse as voorwaarde vir die heil te verkondig.

**3.2 AANBEVELING - Die sinode verwys bostaande beskrywingspunte (3.1.1 - 3.1.3) na die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om hierdie vergadering met aanbevelings te dien.**

## 4. PERSONEEL

**4. PERSONEEL** - Dr W Nicol (Voorsitter); Prof DE de Villiers (Ondervoorsitter); Prof CJ Wethmar; Prof JG van der Watt; Dr JD Kirkpatrick; Ds PJ Kriel; Ds GG Haumann; Dr WJ Botha (Skriba).

Hiermee word vertrou dat die Kommissie alle verpligtinge nagekom het.

DR W NICOL (Voorsitter)
DR WJ BOTHA (Skriba)

# A.7 KERKLIKE MEDIA

## 1. SAMESTELLING

**1.1** Die sinode het drr PJC Loots (sameroeper), PR du Toit, JF Pienaar, ds DSR du Toit en mev M Lazenby aangewys om op die kommissie te dien.
**1.2** Die kommissie het gekonstitueer en dr JF Pienaar is aangewys as voorsitter en mev M Lazenby as sekretaris.

## 2. OPDRAG

**2.1** Hoewel daar nie 'n spesifieke opdrag vir hierdie kommissie geformuleer is nie, sien die kommissie sy taak daarin om enersyds as kanaal te dien om die Sinode van Noord-Transvaal se saak by die betrokke media te behartig en om andersyds as skakel te dien na die onderskeie gemeentes.
**2.2** Gedurende die afgelope twee jaar kon daar, vanweë verskeie omstandighede, nie volledig hieraan uitvoering gegee word nie.
**2.3** Die kommissie lewer dus kortliks verslag.

## 3. GEDRUKTE MEDIA

**3.1 DIE JAARBOEK** - Veral vanweë die skriba van die sinode se bemoeienis, was die gegewens van die gemeentes in Noord-Transvaal redelik korrek. Dit is egter jammer dat die besluit van die VGKSA daartoe gelei het dat besonderhede van dié kerk nie meer so geredelik beskikbaar is nie.

**3.2 DIE KERKBODE** - Nuus uit hierdie sinodale streek is redelik gereeld in Die Kerkbode geplaas. Meerdere samewerking met die korrespondent in Noord-Transvaal kan slegs daartoe lei dat dit nog beter kan wees. Dit is ook die indruk dat die nuwe wyse waarop die blad gefinansier word, daartoe gelei het dat meer gemeentes sonder groot koste daarop kan inteken. Op hierdie manier kan dit daartoe dien dat die blad ook meer benut kan word as 'n skakel tussen die gemeentes. Die Kerkbode word gratis aan gemeentes voorsien mits hulle bereid is om die posgeld en verpakkingskoste te dra. Verdere inligting kan verkry word by mev Bets Wilson by tel. 012-998 5034.

**3.3 ALGEMENE KERKBODE** - Met sy groot oplaag bereik die blad baie mense wat andersins nooit eers sou kennis neem van die kerk se sake nie. Op hierdie terrein kan daar nie 'n verdere groot inset gelewer word nie.

**3.4 VOORLIGTER** - Die bemarker van Noord-Transvaal (mev Bets Wilson) het met alle gemeentes kontak gemaak wat glad nie inteken op die tydskrif nie. In die meeste gevalle het die gemeentes intekenare gewerf en hulle het onmiddellik die voordeel van massa-intekening benut. Heelwat gemeentes het egter ook hulle getalle verminder as gevolg van finansiële probleme. In gemeentes waar die predikante opgewonde is oor die kerklike tydskrifte, werk hulle entoesiasme aansteeklik en lees die gemeentelede ywerig kerklike publikasies. Navrae oor intekeningtariewe kan verkry word by mev Bets Wilson by tel. 012-998 5034.

**3.5 KRUISPUNT** - Hierdie blad bereik 'n veel wyer leserskring deurdat dit as byvoegsel by Rapport gevoeg word. Dit het reeds gedurende Paassondag verskyn en sal weer op Hervormingsondag en Kersfees verskyn. Uiteraard is die opset van hierdie blad baie meer ekumenies. Die bedoeling is dat daar uiteindelik vier maal per jaar sodanige uitgawe sal verskyn.

**3.6 BYBELMEDIA** - Op hierdie terrein sal sekerlik waardevolle diens gelewer kan word.

**3.7 WAARDERING** - Die kommissie spreek opregte waardering uit vir die huidige uitleg en inhoud van die kerklike publikasies.

## 4. RADIO EN TELEVISIE

**4.1 RADIOSONDERGRENSE** - Die kommissie het kennis geneem van die groot veranderings by RSG. Ook die uitsendings wat tradisioneel vanuit gemeentes uit Noord-Transvaal uitgesaai is, sal nou op 'n ander wyse geskied. Christen-Netwerk het 'n kontrak met RSG aangegaan waarvolgens hulle verantwoordelik is vir die produksie van die oorgrote meerderheid Afrikaanse Godsdiens-radioprogramme. In hierdie verband is ds Francois Theron nou volledig in CNW se diens en sal hy die organiserende funksie waarneem.

**4.2 ANDER RADIOSTASIES**
**4.2.1** Die uitsaai-opset in Suid-Afrika het die afgelope paar jaar drasties verander met die toeken van lisensies aan gemeenskapsradiostasies. Al hoe meer plaaslike nuus en bydraes word volgens verseiste deur die Onafhanklike Uitsaai-owerheid deur hierdie stasies gedra. Op hierdie terrein het die kommissie nog geen groot rol gespeel nie, maar ondersoek gaan gedoen word oor die moontlikhede wat hierdie nuwe opset aan die kerk bied ten opsigte van godsdiensprogramme.
**4.2.2** Waar die kerk tot op datum baie nou saamgewerk het met Radiokansel wat van die SABC se senders en geriewe gebruik maak vir hulle uitsendings, het Trans Wêreld Radio ook weer 'n rolspeler geword in die aanbied van geriewe vir die kerk om oor 'n satellietnetwerk die evangelie uit te saai na die gemeenskapsradiostasies. In hierdie opsig oorvleuel die werksaamhede van die twee suster-maatskappye (Radiokansel en Trans Wêreld Radio) nie, maar vul mekaar eerder aan. Samesprekings tusen die twee organisasies met die oog op nouer samewerking is aan die gang,

**4.3 SABC GODSDIENS-UITSAAIPANEEL** - In die lig van die baie woelinge en skommelinge by die SABC die afgelope tyd, het die SABC se eie Godsdiens-Uitsaaipaneel baie min vergader. Na die verkiesing van die nuwe SABC Raad is daar byvoorbeeld nog geen vaste nuwe voorsitter deur die Raad vir die paneel aangewys nie. Die Godsdiens-Uitsaaipaneel was baie geskok en ontsteld oor die besluit van die SABC Raad om tot soveel as 75% van die godsdienstyd op Televisie terug te sny sonder om sy eie aangestelde Uitsaaipaneel te raadpleeg, veral waar laasgenoemde in gevolge die SABC se eie Godsdiens Uitsaaibeleid die Raad oor sodanige

besluite moet adviseer. 'n Baie sterk bewoorde verklaring in hierdie verband is aan die SABC oorhandig.

**4.4 SKAKELING MET DIE ALGEMENE KOMMISSIE VIR KERKLIK MEDIA** - Hierdie kommissie was betrokke by die Strategiese Beplanning van die AKKM 22-23 April 1996 te Hammanskraal. Daar is onder andere indringend besin oor sake soos:

1. Maniere waarop die gebruik van die kerklike media verhoog kan word
2. Die gebruik van moderne tegnologie soos die rekenaar, televisie, videos, ens in kerklike media
3. Die betrokkenheid van kerlike media by Christelike radio-uitsendings
4. Die uitbouing van die belange van die kerlike media op sinodale en ringsvlak
5. Die vestiging en benutting van ekumeniese skakeling op die terrein van die Christelike media
6. Die koördinering van die kerk se mediawerk
7. Die wenslikheid en die moontlikheid om 'n Christelike tydskrif as bylae by Rapport te laat verskyn.

## 5. AANBEVELINGS

**5.1 Die Sinode van Noord-Transvaal versoek gemeentes om gereeld plaaslike interessante nuus aan Die Kerkbode se korrespondent deur te gee.**
**5.2 Die Sinode van Noord-Transvaal versoek gemeentes om vir soveel as moontlik lidmate in te teken op beide Voorligter en Die Kerkbode.**
**5.3 Die Sinode van Noord-Transvaal versoek gemeentes om gereeld hulle nuusbrief ook aan die kantoor van die Voorligter in Pretoria (Posbus 2406, Pretoria 0001) te stuur sodat interessante nuus verder deurgestuur kan word.**
**5.4 Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Uitsaairaad van die SABC om dringend te besin oor die moontlike afskaling van die hoeveelheid tyd wat aan godsdiensprogramme toegestaan word. Die sinode oordeel dat godsdiensprogramme nie gemeet mag word aan hulle ekonomiese waarde nie, maar wel aan hulle potensiaal om gesindheidsverandering in die land mee te bring.**

## 6. BESKRYWINGSPUNT

**6.1 (B.8.1) RING VAN LOUIS TRICHARDT INSAKE ALGEMENE KERKBODE** - Aanbeveling: Die Ring van Louis Trichardt versoek die Sinode van Noord-Transvaal om hom uit te spreek oor die wenslikheid van die assosiasie tussen die Algemene Kerkbode en Beeld.

**6.2 MOTIVERING** - Geen motivering is van die betrokke ring ontvang nie.

**6.3 KOMMENTAAR** - Die saak wat deur die indieners aan die orde gestel word, sou sekerlik deur die sinode beredeneer kon word. Aangesien dit egter nie 'n bepaalde standpunt (daarvoor of daarteen) bepleit nie is dit hoogstens 'n besprekingspunt wat gevra word. Die beskrywingspunt vra dus nie meer as wat enige lid van die vergadering ook ter sinode kan vra wanneer die saak van die Algemene Kerkbode aan die orde kom nie. Die kommissie kan dus nie, hoe jammer ookal, alle argumente vir 'n sogenaamde assosiasie sowel as die nadele van 'n vermeende assosiasie hier te boek stel nie.

**6.4 AMENDEMENT - Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.**

Die sinode word sterkte toegebid met sy vergadering.

DR JF PIENAAR (Voorsitter)
MEV M LAZENBY (Skriba)

# A.8.1 EREDIENS: EERSTE VERSLAG

**1. PERSONEEL** - Die kommissie het bestaan uit die volgende lede: Prof CJA Vos (voorsitter), dr WJH de Koker (ondervoorsitter), dr PJC Loots (skriba), prof HJC Pieterse, dr GC Olivier, dr JA Laubscher, ds CA du Plessis, ds JC Carstens (waarnemer Suid-Afrikaanse Koorvereniging) en prof W Vosloo (SEVTO).

**2. VERGADERINGS** - Die Sinodale Eredienskommissie het drie gewone vergaderings gehou, terwyl die dagbestuur viermaal vergader het.

**3. SKAKELING MET ANDER KOMMISSIES OF ORGANISASIES** - Daar was met die volgende kommissies van die sinode of ander organisasies geskakel:

**3.1 SEVTO**

**3.1.1** Daar was in die persoon van prof W Vosloo baie noue skakeling met SEVTO en 'n gesamentlike werkswinkel oor kerksang en -musiek is op 4 November 1995 aangebied by die Teologiese Fakulteit. By die geleentheid het Louis Brittz, asook prof Piet Roodt, ds Cassie Carstens en mev Hetta Potgieter opgetree, terwyl daar praktiese groepsbesprekings was aan die hand van musiek en sang wat vooraf opgeneem is. 'n Uitvoerige onderhoud is deur "Kollig op die Kerk" se Nickey van den Berg gevoer met lede van die organiserende komitee wat die werkswinkel gereël het. Die werkswinkel is baie goed bygewoon en het positiewe kommentaar uitgelok. ('n Opsomming van die referate is by die skriba beskikbaar).

**3.1.2 AANBEVELING - Die sinode dra dit aan die SKE op om voort te gaan met skakeling met SEVTO met die oog op koördinering en dienslewering.**

**3.2 PSALMBERYMINGS- EN GESANGEHERSIENINGSKOMMISSIE**

**3.2.1** Prof CJA Vos dien as ondervoorsitter van die Psalmberymingskommissie en as voorsitter van die Gesangehersieningskommissie, terwyl ds JC Carstens die skriba van die Gesangehersieningskommissie is. Dr GC Olivier is 'n lid van beide bogenoemde kommissies.

**3.2.2** Die omdigting van die Psalms sowel as die hersiening van die Gesange vorder uitstekend. Hierdie werk sal na verwagting teen die jaar 2000 voltooi wees.

**3.2.3** Daar is van die nuwe omdigte Psalms by die Teologiese Fakulteit, Departement Praktiese Teologie (B), Universiteit van Pretoria beskikbaar.

**3.2.4 AANBEVELING - Gemeentes word aangemoedig om van die omdigte Psalms te bekom en in die erediens te sing.**

**3.3 SA KOORVERENIGING**

**3.3.1** Die kommissie het deurgaans baie goeie skakeling gehad met die SA Koorvereniging in die persoon van ds Cassie Carstens.

**3.3.2 AANBEVELING - Die sinode dra dit aan die SKE op om voort te gaan met skakeling met die SAKV ter wille van beter dienslewering.**

**3.4 SA KERKORRELISTEVERENIGING**

**3.4.1** Die kommissie het deurgaans kontak gehad met die SA Kerkorrelistevereniging in die persoon van dr Gerrit Olivier.

**3.4.2 AANBEVELING - Die sinode dra dit aan die SKE op om voort te gaan met skakeling met SAKOV ter wille van beter dienslewering.**

**4. OPDRAGTE VAN DIE VORIGE SINODE 1995** - Die vorige Sinode van Noord-Transvaal het die volgende opdragte aan hierdie kommissie gegee wat soos volg hanteer is:

**4.1 SINODALE EREDIENSSIMPOSIUM**

**4.1.1 Opdrag:** - *Die sinode herbevestig sy opdrag aan die SKE om voort te gaan met die jaarlikse aanbieding van 'n sinodale eredienssimposium.*

**4.1.2 Uitvoering -**

**1.** Die SKE het uitvoering aan bogenoemde opdrag van die sinode gegee deur gedesentraliseerde eredienssimposia aan te bied te Pretoria en Pietersburg onderskeidelik op 9 en 16 Oktober 1996. As inleiers het opgetree prof HJC Pieterse met 'n referaat oor: "Aktuele Prediking" en dr GC Olivier met 'n referaat oor: "Sekularisasie vs Spiritualiteit in die hedendaagse Afrikaanse Kerklied - enkele gesigspunte."

**2.** Die simposia is oor die algemeen goed bygewoon en het geblyk in 'n bepaalde behoefte te voorsien. Die kommissie is van oordeel dat dit tot voordeel van gemeentes kan wees indien hierdie gebruik voortgesit word. Indien goedgekeur, sal 1998 se eredienssimposium DV gehou word op 24 Februarie 1998 en handel oor: "Liturgiese Vernuwing".

**4.1.3 AANBEVELING - Die sinode herbevestig sy opdrag aan die SKE om voort te gaan met die jaarlikse aanbieding van 'n sinodale eredienssimposium.**

**4.2 LIGGAAMSHOUDING, -BEWEGING EN LITURGIESE DANS**

**4.2.1 Opdrag** - *Die sinode aanvaar die studiestuk (deur prof AC Barnard opgestel en aan die vorige sinode voorgelê) met die konklusies as riglyne vir gebruik in die kerk. Die sinode verwys die studiestuk na die SKE om aan die hand daarvan leiding te gee in die kerk.*

**4.2.2 Uitvoering** - Die kommissie het indringende aandag aan hierdie opdrag van die sinode gegee en Bylae 1 is die resultaat daarvan.

**4.2.3 AANBEVELINGS**

**4.2.3.1 Die sinode neem die studiestuk: "Liggaamshouding, -beweging en liturgiese dans" (Bylae 1) in behandeling.**

**4.2.3.2 Die sinode aanvaar die studiestuk wat oor algemene liggaamsbewegings/-houdings/-gebare handel as riglyn vir Kerkraad-Eredienskommissies met die oog op verdere besinning en implementering.**

**4.2.3.3 Die sinode verwys die studiestuk as riglyn vir Kerkraad-Eredienskommissies met die oog op verdere besinning oor praktiese implementering indien en soos nodig volgens eie plaaslike omstandighede.**

**4.2.3.4 Die sinode oordeel dat die praktyk van liturgiese danse/koordanse deur elke kerkraad na gelang van eie**

**omstandighede toegepas kan word al dan nie.**
**4.2.3.5 Die sinode beveel aan dat waar ookal hierdie aangeleentheid in die praktyk gestel word, dit steeds dienend sal wees aan die ander liturgiese handelinge soos byvoorbeeld die lied, die belydenis en die prediking in die erediens en aan die eie Nederduitse Gereformeerde tradisie.**

### 4.3 FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN KERKRAADSLEDE

**4.3.1 Opdrag**
*1. Die sinode versoek die SKE om met die SKG saam te werk in die aanpassing van die Formulier vir die bevestiging van Kerkraadslede en om die voltooide werk aan die AKE en die AKG voor te lê.*
*2. Die sinode dra dit aan die SKE op om in samewerking met die AKE 'n uitgebreide studiestuk daar te stel oor die plek en herkoms van die liturgiese formuliere in die erediens, ook ten opsigte van die prediking waar veral ook aandag gegee word aan die wyse van toesegging van die seën en die pneumatiese onderbou by die ampsindiens-stelling van kerkraadslede.*

**4.3.2 Uitvoering**
**1.** Die kommissie het besluit om vir dr WJH de Koker (sameroeper), ds JC Carstens en prof W Vosloo te benoem om op 'n gesamentlike kommissie met die SKG te dien ten einde aandag te gee aan die genoemde besluit oor die aanpassing van die Formulier. Hierdie saak geniet nog aandag en sal DV deur die nuut aangewese SKE voltooi word.
**2.** Met betrekking tot die tweede opdrag van die sinode, het die kommissie besluit om dit in twee te verdeel en dit enersyds aan dr WJH de Koker op te dra om 'n studie voor te berei oor die bevestiging van ampsdraers waar die toesegging van die seën en die pneumatiese onderbou aandag geniet, en andersyds om prof AC Barnard te versoek om 'n studiestuk voor te berei oor die herkoms van die Liturgiese Formuliere.
**3.** Die kommissie het beide studiestukke indringend bestudeer en bied vervolgens die resultaat vir die aandag van die sinode aan (Bylae 2 en 3).

**4.3.3 AANBEVELINGS**
**4.3.3.1 Die sinode neem die studiestuk: "Bevestiging van Ampsdraers" (Bylae 2) in behandeling.**
**4.3.3.2 Die sinode keur die studiestuk in beginsel goed en versoek leraars en kerkrade om ernstige aandag te gee aan die riglyne daarin vervat.**
**4.3.3.3 Die sinode verwys die studiestuk na die AKE vir voorlegging aan die Algemene Sinode.**
**4.3.3.4 Die sinode neem die studiestuk: "Herkoms van die Liturgiese Formuliere" (Bylae 3) in behandeling.**
**4.3.3.5 Die sinode aanvaar die riglyne soos in die studiestuk aan hom voorgelê, vir gebruik in die kerk.**
**4.3.3.6 Die sinode doen 'n beroep op kerkrade en leraars om meer aandag te gee aan gepaste en sinvolle liturgiese tekste en formules, veral wat die hele terrein van die gebed betref.**
**4.3.3.7 Die sinode dra dit aan die nuwe kommissie vir die Erediens op om leiding te gee aan die kerk hoe daar konkreet beter van bestaande liturgiese tekste en formules gebruik gemaak kan word; verder om weer aandag aan die bestaande leerstellige liturgiese formules te gee, en om nuwe pakkende en sprekende liturgiese tekste en formules vir die kerk daar te stel.**
**4.3.3.8 Die sinode verwys die studiestuk na die AKE vir die neerlê van praktiese riglyne daaruit vir die breër kerklike opset.**

### 4.4 STANDAARDE VAN MUSIEK EN SANG IN DIE EREDIENS

**4.4.1 Opdrag** - *Die sinode versoek die SKE om indringend te besin oor die standaarde van musiek en sang in die erediens en om aan die kerk leiding te gee in die verband.*
**4.4.2 Uitvoering**
Die Kommissie het hierdie opdrag aan dr GC Olivier gegee om uit te werk en besluit om die opdrag uit brei om sekularisasie en spiritualiteit in die kerklied in te sluit. Die resultaat is indringend deur die kommissie geëvalueer en word aan die sinode aangebied vir besinning.
**4.4.3 AANBEVELINGS**
**4.4.3.1 Die sinode neem die studiestuk: "Sekularisasie vs Spiritualiteit in die hedendaagse Afrikaanse Kerklied - Enkele gesigspunte" (Bylae 4) in behandeling.**
**4.4.3.2 Die sinode keur die studiestuk in beginsel goed as riglyn vir kerklike gebruik.**

## 5. NUWE SAKE

### 5.1 AKTUELE PREDIKING

**5.5.1** Alhoewel die sinode geen opdrag daartoe gegee het nie, is die kommissie van oordeel dat die studiestuk deur prof HJC Pieterse aangebied oor: "Aktuele Prediking" by die erediens-simposia meerdere aandag verdien. Gevolglik word dit hier vir die sinode aangebied om daaroor te besin sodat dit in die gebied van Noord-Transvaal rigtinggewend aangewend kan word.
**5.5.2 AANBEVELINGS**
**5.5.2.1 Die sinode neem die studiestuk: "Aktuele Prediking" (Bylae 5) in behandeling.**
**5.5.2.2 Die sinode keur die studiestuk in beginsel goed as riglyn vir gebruik in gemeentes.**

**6. SLOT** - Hiermee vertrou die kommissie dat die opdragte tot bevrediging van die sinode uitgevoer is en die sinode word die seën van die Here toegebid met alle besinning en besluite.

PROF CJA VOS (Voorsitter)
DR PJC LOOTS (Skriba)

# EREDIENS: BYLAE 1
# LIGGAAMSHOUDING, -BEWEGING EN LITURGIESE DANS (LITURGIESE RIGLYNE / WEGWYSERS)

## INLEIDING

Liturgie is geloofsuitdrukking. Dit is ook die viering van God se heil in ons midde. Deel van hierdie viering en die uitdrukking daarvan behoort tot die dimensie van beweging, van gebare, van die liggaamshouding. Liturgie is soos 'n lewende organisme - dinamies, ontwikkelend, maar ook met 'n behoudende, vaste element daarin. Dit is geen statiese grootheid in die geskiedenis nie. Die Protestantse kerke in Europa is byvoorbeeld die afgelope twee dekades weer intens besig met 'n "herontdekking" van die erediens en met liturgiese vernuwing. In die Nederduitse Gereformeerde Kerk word tans baie aandag hieraan gegee. Dit bly dus 'n voortdurende proses waarmee die kerk altyd erns moet maak.

Beweging is deel van elke liturgie. In die Gereformeerde liturgiegeskiedenis (liturgiologie) het die bewegingsdimensie op 'n heel ander wyse beslag gekry as by ander liturgiese tradisies. Dit het in die geskiedenis eiesoortig ontwikkel en daarmee 'n unieke en kenmerkende karakter gekry. So word elke liturgiese tradisie gekenmerk deur eiesoortige gebruike, rituele, simboliese kleredrag, taal, ensomeer. In elke liturgiese tradisie, in elke erediens speel beweging dus 'n wesenlike rol. Die wyse waarop beweging gebruik word, verskil egter by die verskillende liturgiese tradisies. Ander dimensies wat benewens beweging aan die orde kom, is woord (daarby ingesluit spreke, prediking) en toon (musiek, sang en klank).

Dit moet hier beklemtoon word dat die Bybel geen bloudruk verskaf oor die "korrekte" of "enigste" liturgie wat die kerk moet navolg nie. Ook die enkele uitsprake/weergawes van dansbewegings/liggaamsbewegings wat in die Woord gevind word, is geen wetlik voorgeskrewe modelle nie. Die doel van hierdie studiestuk is daarom nie om "modelle" op te stel nie, want 'n model is gewoonlik 'n voorbeeld wat nagevolg word, 'n nabootsing in klein formaat, 'n patroon, 'n voorgeskrewe vorm van iets. Die gedagte is dus om eerder liturgiese riglyne of wegwysers aan te bied vir gemeentes wat gebruik maak of gebruik wil maak van bepaalde uitingsvorme van beweging/ gebare (met sy ryk verskeidenheid van fasette) in die erediens.

**Faktore soos die volgende speel 'n rol by sodanige wegwysers:**
* liturgiese gebruike en derhalwe liturgiese kenmerke binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk met die Woord van God as gesaghebbende bron;
* die eeue-oue Gereformeerde tradisie waarin ons kerk staan;
* die tyd waarin ons leef en die mens van ons tyd waarmee ons moet rekening hou; asook
* die navorsingsresultate van die kommunikasiewetenskap, sosiologie, psigobiologie, groepdinamika, gemeentebou, jeugsorg, etologie, etnologie, filosofie, antropologie, kultuurgeskiedenis, godsdiensfenomenologie, ensomeer.

Die **riglyne/wegwysers** wat gegee word, moet derhalwe help om:
* rigting aan te dui;
* potensiële gevare uit te wys; en
* voorbeelde te wees vir die stimulering van verdere kreatiewe denke.

Daar is al bewerings gemaak dat die Protestantse eredienste daardeur gekenmerk word dat dit **"koud en voorskrifmatig"** is (Romano Guardini). Die teenoorgestelde word egter ook uitgespreek. Dit is dus onbillik en onwetenskaplik om veralgemenings te maak rondom so 'n saak. In die Nederduitse Gereformeerde Kerk (en vir dieselfde argument in elke kerk) sal in die liturgiese praktyk beide kante van die saak aangetref word, maar dit verteenwoordig nie noodwendig die amptelike standpunt of beleid van die betrokke kerk nie. Die strewe is om lewende, Godverheerlikende en Bybels verantwoordbare eredienste in te rig wat die mens van die dag ook aanspreek en sy/haar geloofsuitdrukking verteenwoordig.

Soos in elke kerk se eredienste is daar in die Nederduitse Gereformeerde Kerk bestaande, gevestigde gebruike en gewoontes (en rituele, wat belangrik is) rakende die liturgie. Liturgiese wegwysers/riglyne rondom die tema **"liggaamshouding, -beweging en liturgiese dans"** sal vervolgens **onder drie punte** aan die orde kom, naamlik:
1. Algemene liggaamsbewegings/houdings/gebare;
2. Sakramentele liggaamsbewegings/houdings/gebare; en
3. Liturgiese danse/koordanse.

## 1. ALGEMENE LIGGAAMSBEWEGINGS/ HOUDINGS/GEBARE

**1.1** Die erediens is benewens ander fasette ook 'n opeenvolging van gedragsuitinge/handelinge/bewegings. Daarom kan ons na die erediens verwys as 'n liturgiese verloop: die erediens as gebeure. Wanneer riglyne oor die bewegingsdimensie aangebied word, dan is die bedoeling ook om groter helderheid/begrip te hê vir die rituele en simboliese handelinge/bewegings/ gebare wat liturgies benut kan word. Dit is belangrik om te verstaan **waarom** bepaalde bewegings/ gebare/handelinge deel van die liturgie uitmaak (op 'n bepaalde moment van die liturgie) en **hoe** dit gebruik kan word. Dit is eweneens belangrik dat die bewegingsdimensie vanuit sowel 'n liturgies-teologiese as 'n gedrags-wetenskaplike oogpunt verantwoordbaar sal wees. Die mens is immers 'n eenheidswese: liggaam, siel en gees. Daarom moet die hele mens betrek word tydens die erediensviering.

**1.2** Elke liturgiese verloop of gebeure (of liturgiese ordening, indien dit nie wetmatig, letargies verstaan word nie) bestaan uit sowel verbale as nie-verbale elemente/fasette/aktiwiteite. Elke liturgie word daardeur gekenmerk dat ritualisering in 'n minder of meerdere mate gevestig raak. Dit is eie aan die mens dat rituele 'n belangrike deel van die lewe uitmaak. Die erediens of liturgie is 'n weg, die lewe in (Manfred Josuttis).

**1.3** Wesenlike gedrags-/handelingselemente wat in die erediens aan die orde kom is:

| | | | |
|---|---|---|---|
| * sit | * hoor | * drink | * armbewegings |
| * staan | * sing | * buig | * simboliese gebare |
| * sien | * eet | * kniel | * praat |

**1.4** Die erediens staan ook voortdurend in die spanningsveld van:
* vastheid en variasie;

* tradisie en innovering/vernuwing;
* verteenwoordiging en deelname;
* liggaamlike en psigiese mobiliteit;
* emosionaliteit en rasionaliteit;
* aksie en interpretasie; en
* ritueel en simboliek.

**1.5** Verskillende liggaamsbewegings en liggaamshoudings (insluitend gebare) kan uitdrukkingsvol en simbolies betekenisdraend gebruik word. Om te staan of te sit kan byvoorbeeld in verskillende kontekste verskillende betekenismoontlikhede hê. Tydens die skuldbelydenis en verootmoediging kan die sit beteken dat die gelowige hom/haarself "buig" voor die heilige God as 'n "skuldgebaar" en teken van afhanklikheid en onwaardigheid. Om te staan kan eweneens interpreteer word as 'n skuldgebaar soos wat 'n beskuldigde in die hof moet staan. Dit is byvoorbeeld gebruiklik dat mense by geleenthede opstaan sodra 'n belangrike persoon 'n vertrek binnekom. Tydens die erediens sou die staan gedurende die Skriflesing (soos byvoorbeeld gebruiklik is by Evangelies-Lutherse eredienste) 'n teken van respek kan wees, teenoor die heilige God wat tot sy gemeente spreek. Tydens eredienste in Protestantse kerke sit die gemeente terwyl die Bybel gelees word. Dit is 'n gebruik wat selde indien ooit bevraagteken of gedebateer word omdat dit nie as disrespekvol gesien word nie.

**1.6** Die belydenis van geloof kan staande gedoen word en almal bely hardop saam met geopende oë hulle geloof teenoor God, hulle medegelowiges en teenoor die wêreld. Dit sou ook kon gebeur dat die gemeente hulle geloof singend bely of die liturg lees die belydenis hardop voor terwyl die gemeente dit in hulle gedagtes beaam.

**1.7** Die kniebuiging of knielhouding tydens gebed is 'n eeu-oue liggaamshouding wat ondergeskiktheid, berou, verootmoediging, oorgegewenheid, afhanklikheid, ensomeer uitdruk. Die banke in ons Protestantse kerkgeboue maak dit ongelukkig onmoontlik om hierdie sterk simboliese handeling uit te voer. In kerkgeboue waar wel nog knielbankies is, word dit soms as voetbankies gebruik vir groter sitgemak. 'n Belangrike stuk simboliek met godsdienstige belewenis daaraan gekoppel, is op dié manier in 'n korporatief-liturgiese sin, vir ons verlore.

**1.8** Die gebruik van die kruisteken is 'n simboliese handeling/gebaar wat 'n sterk drakrag het en ver in die geskiedenis teruggaan. Tertullianus skryf reeds in die 3de eeu: "Met elke tree, met die ingaan en uitgaan, die reglê van klere en skoene, voor daar gebad word, aan tafel wees, by die aansteek van lig, wanneer 'n mens gaan slaap, ja, by elke handeling druk ons die kruisteken teen die voorkop." (aangehaal by Sequeira)

**1.9** In die Rooms Katolieke Kerk is dit een van die "hoofgebare" om die kruisteken voor die bors te maak of selfs voor die gesig. Die simboliese betekenis daaraan gekoppel is baie sterk gebaseer op die kruisdood van die Here Jesus wat letterlik jou hele lewe raak.

**1.10** Die naaste wat ons per geleentheid in die Protestantse kerke daaraan kom, is die seënuitspraak aan die einde van die erediens, terwyl die hand (gewoonlik die regterhand) 'n kruisteken oor die gemeente vorm. So word die gemeente met die "Kruis op die voorkop" uitgestuur in die wêreld vir die erediens van die lewe.

**1.11** In die Vroeë Kerk was die vredeskus 'n fisiese, sigbare teken van die vrede wat God in die hart (lewe) van 'n mens bring en wat teenoor 'n medegelowige gedemonstreer word. In die Protestantse eredienste word die vredeswens soms by spesifieke geleenthede (soos die Nagmaalviering) aan mekaar toegesê.

**1.12** Tydens eredienste van sommige Nederduitse Gereformeerde gemeentes vind 'n mens hier en daar iemand wat die hande sal oplig en/of met handgebare (soos handpalms na bo) eer aan die Here bring/betoon. Dit is egter baie selde dat dit gesien word en word nog as "vreemd" beskou in 'n Nederduitse Gereformeerde konteks. In die sogenaamde Pinkster- en Charismatiese kerke word baie gebruik gemaak van hand- en armbewegings (veral tydens sang).

**1.13** Weereens is dit belangrik om die liturgiese gebruike/gewoontes en derhalwe die liturgiese erfenis van 'n bepaalde kerklike tradisie altyd te respekteer. Sensitiwiteit vir lidmate wat verskillend dink oor liturgiese vernuwings en veranderings is net so belangrik.

**1.14** Die sing van liedere tydens die erediens is natuurlik ook 'n bepaalde aksie wat uitgevoer word. Sang en musiek bring die mens op verskillende wyses in beweging - fisies, geestelik, emosioneel, kognitief. Liedere, musiek kan die mens tot hoogtes voer of in die dieptes laat beland.

**1.15** Die gesonge skuldbelydenis byvoorbeeld, moet 'n bepaalde handeling, 'n baie gedronge, intense handeling sinvol dra. Dit is dus nie primêr 'n musikale gebeure nie (Strydom). Dit geld natuurlik ook vir die ander liturgiese elemente wat intense gemoedstemminge dra en musikaal verwoord word. Al hierdie handelinge wat langs die weg van musiek uitgevoer word, vra 'n eksistensiële betrokkenheid van die hele mens. Musiek is immers in sigself beweging, aksie, handeling en bring ook die mens in beweging.

**1.16** Handelinge soos mimiek, sodiodramas an bibliodramas kan, losgesien van die liturgiese danse/koordanse, sinvol in die liturgie aangewend word.

## 2. SAKRAMENTELE LIGGAAMSBEWEGINGS/HOUDINGS/GEBARE

**2.1** Nagmaalviering en Doopbediening kan benewens ander fasette/dimensies tuisgebring word in die ruimte van die dramatiese voorstelling/uitbeelding. Benewens die vertelling rondom die gebeure (laaste maaltyd/pasga in die nag voor Jesus se kruisiging) en die verskillende betekenismoontlikhede van die Nagmaal, vertolk die liturg ook die "rol" van Jesus tydens die Nagmaalviering. Dit gaan noodwendig gepaard met liggaamshandelinge, -bewegings en gebare. In die handelinge wat daar verrig word, word heilsgeskiedenis sigbaar "uitgevoer" - 'n "re-enactment" van dit wat byna 2000 jaar gelede gebeur het.

**2.2** Die breek van die brood behoort duidelik sigbaar te wees vir almal wat deel gaan hê aan die Nagmaalviering. Dit vereis dus 'n stuk brood wat heel duidelik (en behoorlik tasbaar) gebreek kan word as simboliese handeling wat duidend is van Jesus se liggaam wat vir ons gebreek is (met natuurlik al die dieperliggende teologiese aspekte daarvan). Dit geld ook vir die wyn wat gedrink word.

**2.3** Daar is verskillende wyses van Nagmaalviering moontlik, sodat die ritueel en simboliek duidelik en sinryk na vore gebring kan word. Die "aansit aan die tafel van die Here" word wel korporatief verstaan (geïmpliseer) wanneer die gemeente in die banke bly sit, maar die fisiese aansit by 'n tafel (waar dit prakties uitvoerbaar is) bly steeds 'n veel intenser en simboolryker akte. 'n Gebruik wat eweneens sinvol is, is die viering van die Nagmaal waartydens gelowiges in 'n kring (byvoorbeeld in die liturgiese ruimte) staan of sit en die brood

en wyn dan aan mekaar uitdeel/aangee. Dit kan gepaard gaan met toesegginge soos: **"Hierdie brood is die liggaam van die Here Jesus wat vir jou gebreek is"** en **"Hierdie is die bloed van die Here Jesus wat vir jou gevloei het."** Die brood en wyn wat op hierdie wyse aan 'n medegelowige gegee word, is inderdaad 'n persoonlike akte en dit is tegelyk 'n stuk belydenis van afhanklikheid en van dankbaarheid wat een begenadigde/verloste aan 'n ander oordra/uitspreek en sigbaar maak.

**2.4** Nog 'n sinryke simboliese handeling is die genademiddele (brood + wyn) wat deur die diakens na die gemeente gedra word. So word die passiewe ontvangs van God se genade na vore gebring. Hierdie stuk simboliek sou goedskiks deur die liturg uitgewys kon word.

**2.5** By die doop het ons eweneens met sterk simboliese handelinge en gebare te make. Soos met die Nagmaalviering het ons ook hier te doen met 'n stuk dramatiek wat uitgevoer word. Die liturg wat die doophandeling met die water (wat simbolies op die afwassing van sonde dui) uitvoer, is besig met 'n **"dramatiese teenwoordigstelling van die heilsgeskiedenis"** (Josuttis). Dit geld natuurlik ook vir die Nagmaalviering met sy multidimensionele heilsinhoud.

**2.6** Die doop is nie bloot 'n inlywingsritus by die gemeenskap van gelowiges nie, maar is ryk aan heilsinhoud. Die liggaamshandelinge en gebare wat tydens die doopgeleentheid gebruik/uitgevoer (nie opgevoer) word, moet derhalwe daartoe bydra dat die inhoudelike van die doop geestelik versterkend (en daarom juis ryk aan simboliek) sigbaar gemaak word.

**2.7** Handelinge rondom die doop hoef natuurlik nie beperk te wees tot besprenkeling nie, maar kan onderdompeling (die dompeling onder water) wees, volgens die huidige Doopformulier van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Laasgenoemde akte kan op verskillende maniere uitgevoer word, maar uiteindelik is die simboliese duiding baie sterk rakende die teologiese aspekte wat uitgelig en oorgedra moet word.

**2.8** Ander **handelinge en gebare by die doop** sou kon insluit:

* Kinders (dopelinge) wat in die erediens by die ouer(s) gehou word as aanduiding van die verbondsgesin wat almal saam betrokke is by die doopgebeure. So word ook die res van die gemeente/medegelowiges die groter "gesinsverband" wat binne die ruimte van God se genade die erediens met al sy fasette vier, maar ook daar is vir mekaar tydens die "erediens van die lewe"
* Die vader, as hoof van die gesin, wat die kind bring om gedoop te word
* Die dopeling wat pertinent aan die gemeente voorgestel word sodat die gemeente (wat medeverantwoordelikheid vir daardie kind/volwassene moet aanvaar) op die wyse betrek word
* Die aansteek van 'n "doopkers". Hierdie gebruik kom veral voor in die Duitse gemeenskap (Evangelies-Lutherse kerk). Die kers word vooraf versier en die doopteks word daarop aangebring. Daarop word die kers tydens die doopgeleentheid aangesteek met die simboliese waarde dat God Drie-enig die ware lig in daardie persoon se lewe bring. Elke jaar op die doopdag word die kers aangesteek en die kind/volwassene word herinner aan die betekenis van die doop. Dit is tegelyk 'n sigbare herinnering aan die doopgebeure.

**2.9** So kan daar nog talle voorbeelde bygevoeg word. Dit is egter belangrik dat beweging/handeling/gebaar altyd sinryk funksioneer en teologiese waarde/betekenis oordra binne die bepaalde kerklike tradisie.

## 3. LITURGIESE DANSE/KOORDANSE

Dit is belangrik om te onthou dat veral hierdie afdeling geen verpligting op 'n gemeente plaas om van liturgiese dans/koordans gebruik te maak nie. Dit geld as riglyne vir die gemeentes wat wel iets hiervan wil maak tydens die viering van die erediens.

### 3.1 DIE PLEK VAN DIE LITURGIESE DANS/KOORDANS IN DIE EREDIENS

**3.1.1** Dit is belangrik om daarop te let dat die erediens nie uit losstaaande elemente saamgestel is wat onafhanklik van mekaar funksioneer nie. Dit is eerder soos die skakels van 'n ketting. Die erediens is 'n liturgiese geheel en daarom sal die koordans of ander liggaamsbewegings *(acta expressio* uitdrukkingshandelinge) nooit 'n losstaande funksie in die erediens kan verrig nie. Dit moet dus bydra tot 'n sinvolle geheel. Dit mag nooit as 'n vermaaklikheidselement gebruik word nie. Hier geld dus in 'n groot mate ook wat vir gemeentekore en sanggroepe geld.

**3.1.2** Die vraag word dikwels gevra of die plek binne of buite die erediens moet wees. Daar is geen rede waarom dit nie deel van die **erediens** mag wees nie, solank die **doel** (soos met enige ander eredienselement) die volgende sou wees (nie noodwendig almal tegelyk nie):

* heen te wys na God Drie-enig;
* geloofsondersteunend kan wees vir die gemeente;
* geloofsversterkend kan inwerk;
* gemeenskaplike (korporatiewe) geloofsuitdrukking van die gemeente verteenwoordig (geloofsekspressief);
* belydenis van aard is (geloof, afhanklikheid, vertroue, skuldbekentenis, ens.);
* oproep/uitnodiging tot gehoorsaamheid aan God;
* verheerlikend of aanbiddend van aard; asook
* verkondigend (kerugmaties).

**3.1.3** Die vraag na lokaliteit of die ruimte waar die koordanse of liggaamsbewegings tot uitdrukking gebring word, moet ook sodanig hanteer word dat dit alles daartoe bydra dat die viering van die erediens tot eer van God, daarmee ten beste gedien word.

**3.1.4** Die liturgiese ruimte word die meeste gebruik vir koordanse, omdat dit die geskikste plek vir almal is om dit wat plaasvind, te kan raaksien. Die gedagte is juis dat die boodskap wat deur middel van die koordanse of liggaamsbewegings/gebare uitgedra word, duidelik sigbaar moet wees.

### 3.2 BENAMING VIR DIE LITURGIESE LIGGAAMSBEWEGINGS

**3.2.1** Daar is verskeie benamings wat gebruik kan word vir die genre waarna ons verwys, naamlik die liggaams-bewegings wat musikaal begelei word en gewoonlik in 'n groep uitvoer word.

**3.2.2** Die volgende **benamings** word gebruik:

* koordans;
* liturgiese dans;
* heilige dans; en
* gewyde dans.

**3.2.3** Geen empiriese ondersoek is nog hieroor gedoen nie, maar dit blyk uit wye navraag dat die begrip **koordans** die algemeenste gebruik word en blykbaar by gemeentelede die beste inslag vind.

### 3.3 MUSIEK

**3.3.1** Die meeste koordanse word met musiek begelei.

Musiek met woorde word gebruik sodat die bewegings wat uitgevoer word die woorde/betekenis/ boodskap visualiseer. Daar is ook die moontlikheid om liggaamsbewegings uit te voer terwyl 'n gedeelte uit die Skrif (soos 'n lied of 'n psalm) of 'n gedig met musikale ritme/metrum, voorgedra word.

**3.3.2** Die musiek wat gebruik word kan verskillende genres verteenwoordig.

**3.3.3** Dit sou ook raadsaam wees om die gemeente se lidmaatsamestelling in ag te neem in terme van ouderdomverspreiding, sosio-ekonomiese vlak, kultuurgroepering, ensovoorts. 'n Studentegemeente sou anders benader moet word betreffende die keuse van musiek en koordansbewegings as byvoorbeeld 'n gemeente met ouer lidmate.

**3.3.4** Vooraf opgeneemde musiek kan gespeel word by wyse van 'n klankstelsel of 'n gemeente kan sy eie musiekgroep/koor/sangleiers gebruik. Dit is van wesenlike belang dat hierdie aspek (saam met die ander wat genoem is/genoem sal word) ten nouste deel sal wees van die volledige liturgie/ erediensbeplanning.

**3.3.5** Alle musiek wat gebruik word moet vanselfsprekend Christelike musiek wees wat, indien dit liturgies ingespan word, bydra tot die "viering van God se heil in ons midde"

**3.3.6** Hier is dit belangrik om daarop te wys dat ons kerk se amptelike musiekbeleid nie geïgnoreer mag word nie. (Vir verdere begeleiding hieroor is gemeentes welkom om met die Sinodale Eredienskommissie te skakel.)

### 3.4 VERSKILLENDE BEWEGINGS

**3.4.1** Daar is gebaretaal of liggaamsbewegings wat:

* algemene uitdrukkings is (staan, sit, ensovoorts);
* meer spesifieke uitdrukkings is (hande vou, oë oop of toe, opkyk, ensovoorts); en
* simboliese uitdrukkings verteenwoordig (kruisteken voor die bors, vredeskus, ensovoorts).

**3.4.2** Die verskillende bewegings kan wees: loop, in die rondte draai, die vorming van 'n kring, heen en weer bewegings, prosessies, die klap van hande, stamp van voete, hande in die lug hou, ensomeer.

**3.4.3** So word daar onderskei tussen **danssoorte met verskillende gerigthede**, byvoorbeeld:

* aanbiddingsdans;
* lofprysingsdans;
* spontane dans; en
* professionele dans.

**3.4.4** So kan met hand- en armbewegings menige **houdings of ingesteldhede uitgebeeld** word. Hier is enkele voorbeelde:

* **Voorsiening:** Hande na vore gestrek, palms oop en wys boontoe asof jy iets aangee of ontvang
* **Oorwinning:** Hande gekruis voor die gesig en handpalms wys na gesig
* **Heiliging:** Staan met hande effens weg van die liggaam, palms na voor gedraai en kyk boontoe
* **Vrede:** Hande gekruis voor die bors met oop handpalms na die gesig - weg van die bors

**3.4.5** So word geestelike waarhede of Bybelse boodskappe weergegee/oorgedra. Die belangrike voorwaarde is egter dat sulke gebare/bewegings van die liggaam duidelik en verstaanbaar sal wees vir jonk en oud. Dit moet die erediensdeelnemers/erediensgangers in hulle "taal"/ervaringswêreld aanspreek sodat hulle daarmee kan assosieer. Hierdie element van die erediensviering mag egter nooit so hanteer word dat dit die karakter van 'n opvoering kry en die gemeente die "toeskouers" word nie.

**3.4.6** So kan sinvolle, funksionele en artistieke liggaamsbewegings as begeleiding van sekere liturgiese handelinge 'n groot wins wees en geestelike verdieping by ons lidmate meebring. Weereens is dit belangrik dat hierdie aspek ten nouste hanteer sal word as deel van die erediensvoorbereiding. Beweging in die erediens moet egter ook sinvol afgewissel word met stilte en non-aktiwiteit.

### 3.5 ASPEKTE/FASETTE TYDENS DIE EREDIENS WAT MET KOORDANSE UITGEBEELD KAN WORD

Die erediens is ryk aan dimensies/fasette wat die viering van God se heil in ons midde betref. Met die sinvolle gebruikmaking van koordanse/liturgies uitdrukkingsvolle liggaamsbewegings, kan nuwe perspektiewe en/of gesigspunte blootgelê word. Liturgiese elemente kan "herontdek", nuut aangebied en nuut ervaar word. Hier kan elemente soos die Geloofsbelydenis, skuldbelydenis, Dekaloog en andere nuut oorgedra word, en kan spesifieke Bybelverhale, gelykenisse, profesieë, psalms, ensovoorts vars en nuut "vertaal" word vir die hedendaagse mens. Eredienste in die aand leen hulle uitstekend daarvoor om met groter "bewegingsvryheid" gebruik te maak van hierdie genre.

### 3.6 DIE GEBRUIKMAKING VAN KOORDANSE BY EREDIENSTE MET 'N BESONDERE FOKUS OF TOEGESPITSTHEID

* Eredienste met 'n fokus op die bereiking van kinders in hulle taal en op hulle ervaringsvlak
* Paassangdienste/Paasfees
* Kerssangdienste
* Adventseredienste
* Pinkstersangdienste
* Doopdienste
* Nagmaalsdienste
* Oesfeesdienste
* Hemelvaartdiens
* Eredienste met die fokus op aanbidding/lofprysing/ voorbidding, ensomeer.

### 3.7 KLEREDRAG VAN KOORDANSERS

Dit sou hoegenaamd nie as wettiese reël kan geld dat voorskrifte hieroor neergelê word nie. Dit sou wel belangrik wees dat die kleredrag komplementerend is tot die bewegings, musiek en boodskap wat uitgedra word. Dit sou ook van goeie smaak moet getuig wat 'n aanvaarbaarheid verseker in die byeenkoms van gelowiges. Hier geld dus die reël van liefde en bedagsaamheid teenoor mekaar as medegelowiges.

### 3.8 PERSONE WAT BETREK KAN WORD

**3.8.1** Daar is verskeie groepe wat by gemeentes "optree" en 'n interessante "repertoire" het. Dit sou per geleentheid goed wees om sulke groepe te gebruik tydens 'n erediens of ander geleentheid, maar indien daar 'n "koordansgroep" in die gemeente bestaan, is dit baie meer verteenwoordigend van die gemeente self en hulle bepaalde geloofsuitdrukking.

**3.8.2** Tydens openbare geleenthede soos biddae op Loftus Versfeld of Centurion waar 'n verskeidenheid kerklike tradisies en kulture en taalgroepe teenwoordig is, tree koordansgroepe dikwels op. Die uitdrukking van geloofsinhoude word egter wyd gevarieer om almal te probeer bereik/aanspreek. Hierdie koordansgroepe is gewoonlik ook beskikbaar om by verskil-

lende kerke op te tree - nie soseer altyd as deel van die erediens nie, omdat eredienste in verskillende gemeentes elk 'n unieke geloofsuitdrukking het. In hierdie opsig moet die betrokke Kerkrade met groot oorleg oor hierdie saak besluit.

**3.8.3** Lidmate van jonk tot oud sou by 'n koordans/liturgiese dansgroep betrek kan word. Dit is dus bedoel vir enigiemand wat die behoefte het om die Here te dien en te loof en aanbid met liggaamsbeweging, ritme, musiek, simboliese uitdrukking via die liggaams/bewegingsdimensie. Dit is egter baie belangrik dat hierdie bewegings vooraf ingeoefen word om sinvol deel van die hele liturgiese verloop te kan wees. Daarvoor het sommige gemeentes 'n "Koordansgroep" (ook ander name word gebruik), sodat belangstellendes daarby kan inskakel en die bewegings vooraf as 'n groep saam inoefen. Goeie kontrole van die Kerkraad se kant, byvoorbeeld via die gemeentelike eredienskommissie, kan op dié wyse uitgeoefen word.

JA LAUBSCHER
(Geraadpleegde werke beskikbaar by die skriba)

## EREDIENS: BYLAE 2
# BEVESTIGING VAN AMPSDRAERS

## 1. OPDRAG EN INLEIDING

**1.1** Hierdie verslag is geskryf in uitvoering van die volgende opdrag wat aan die Eredienskommissie gegee is (Handelinge van die Sinode van Noord-Transvaal 1995:401; 2.3.2): *Die sinode versoek die Sinodale Kommissie vir die Erediens om met die Sinodale Kommissie vir Gemeentebediening saam te werk in die aanpassing van die Formulier vir die Bevestiging van Kerkraadslede en om die voltooide werk aan die Algemene Kommissie vir die Erediens en Algemene Kommissie vir Gemeentebediening voor te lê.*

**1.2** Die bevestiging van kerkraadslede is een van die vier hoof liturgiese handelinge van die kerk, naamlik doop, nagmaal, lidmaatsbevestiging en kerkraadsbevestiging (Wainwright in Jones 1978:33). Dit is dus belangrik dat die kerk in elke nuwe tydperk opnuut nadink oor die betekenis en wyse van kerkraadsbevestiging. Die huidige formulier vir die bevestiging van kerkraadslede toon leemtes ten opsigte van die bevestiging van kerkraadslede met besondere gawes, terwyl die studie wat die SKG van die Sinode van Noord-Transvaal oor hierdie saak onderneem het, toon dat die Nuwe Testament van 'n groter verskeidenheid van bedieninge melding maak as die drie ampte wat tans in die Ned Geref Kerk funksioneer (Agenda van die Sinode van Noord-Transvaal 1995:61-65). Die verslag van genoemde studie het in gewysigde vorm voor die AKG gedien, en daarin word gevra dat die bevestigingsformuliere "by die nuwe situasie" aangepas moet word (Sakelys van die AKG; 18-19 Februarie 1997:84). Hierdie verslag van die SKE vind by wyse van die daarstel van enkele teologiese uitgangspunte grootliks aansluiting by die resultate van die gesprek wat tans in die Ned Geref Kerk se kommissies vir gemeentebediening oor die kerk se ampsbeskouing en praktyk, gevoer word.

**1.3** Die verslag word onder die volgende hoofde aangebied:

1. Opdrag en inleiding
2. Enkele teologiese uitgangspunte
3. Wat is bevestiging van ampsdraers?
4. Waar en deur wie word ampsdraers bevestig?
5. Watter ampte word bevestig?
6. Hoe vind bevestiging plaas?

## 2. ENKELE TEOLOGIESE UITGANGSPUNTE

**2.1** Jesus Christus se dienswerk op aarde word deur sy dissipels voortgesit. Hy gee sy Gees aan elkeen van sy kinders om in en buite die gemeente diens te lewer. Met die oog op hulle dienswerk, skenk die Gees aan hulle *gawes*. Die gawes word geskenk in ooreenstemming met die eise wat aan die dienswerk van die gelowiges gestel word.

**2.2** Die Gees skenk sy gawes nie net individueel aan enkele gelowiges nie,maar *ook kollektief aan die geloofsgemeenskap*. Die ampsbedieninge is deel van die gawes wat die Gees aan die gemeente gee. Hulle begelei die gelowiges in hulle dienswerk, individueel en gesamentlik. Die lidmate wat die take van ampsbedieninge uitvoer, *is gawes* van die Gees aan die gemeente, en word terselfdertyd *toegerus met gawes* van die Gees.

**2.3** In hierdie verslag word dus gekies om die ampte teologies te fundeer met die konsepte *christologie, pneumatologie en ekklesiologie*. Hier word nie 'n keuse gemaak tussen die tiperings "amp van onder" of "amp van bo" nie – in die woorde van Schillebeeckx: "De roeping door de gemeente is de concrete ecclesiale gestalte van de roeping door Christus. Ambt-van-onderop *is* ambt 'van-Boven' " (1980:83). Hier word ook gekies vir 'n middeweg tussen 'n sakramentele siening van ampsbevestiging (Rooms en Anglikaans) en 'n funksionele siening (Luthers), waar die bevestiging alleen maar aan die bevestigde die volmag verleen om ampswerk te doen (Jones 1972:332).

2.4 Oor die vraag na *watter ampte* in die kerk moet funksioneer, word volstaan met die bevinding van die reeds genoemde SKG verslag, naamlik dat verskillende dienste in die gemeente kan bestaan, afhangende van die eise wat deur die konteks waarin die gemeente werk aan die diens van die Woordverkondiging gestel word (kyk ook Schillebeeckx 1980:145-7). Alhoewel die woord "ampte" nie vandag meer die *dienskarakter* van die Bybelse begrip "*diakonia*" voldoende weergee nie, is dit tans nog die woord wat die Kerkorde daarvoor gebruik, en word in hierdie studie volstaan met die gebruik van die woord "amp". "Gemeente" word in hierdie verslag doelbewus ook kollektief verstaan – ampsbevestiging vind plaas binne die breër konteks van die ring en die sinode.

**2.5** Alle gelowiges het 'n roeping tot dienslewering. Die ampte begelei die verskeidenheid dienste wat in die gemeente gelewer word. Daarom is die ampsdraers nie in status meerder-waardig bo die ander lidmate in die gemeente nie, en die ampte is ook nie die een bo oor die ander verhef nie. Om hierdie waarheid te beklemtoon, is daar in sommige vroeg-ortodokse gemeentes gebare en elemente uit die kerkraadsbevestiging in die doopliturgie opgeneem, bv die aantrek van spesifieke klere, handoplegging en salwing met olie (Lazor in Davies 1972:287).

## 3. WAT IS BEVESTIGING VAN AMPSDRAERS?

**3.1** Die bevestiging van ampsdraers is die openbare erkenning van die gemeente en van die ampsdraer dat die Gees hierdie persoon/persone geroep het en toegerus het om die taak van die spesifieke ampsbediening te vervul. Die bevestiging verleen aan die ampsdraer die "outoriteit" om as ampsdraer op te tree,

maar terselfdertyd skenk die Gees Homself by die bevestiging aan die ampsdraer: "In de liturgie is de gave van de Geesteskracht het beslissende moment" (Schillebeeckx 1980:62). So kan gepraat word van 'n dubbele dimensie by die bevestiging: die ordelike aspek, naamlik kerklike invoeging, en die pneumachristologiese aspek, naamlik Geestescharisma (Schillebeeckx 1980:62; Krass 1974:19; Modern 1975:35-36, 124-5). Die gemeente bid dat die Gees die ampsdraer sal toerus (epiklese), en God antwoord op hierdie gebed deur die geskenk van bediening aan die ampsdraer en aan die gemeente te gee.

**3.2** Met die gebed om toerusting en met die erkenning van die gawes wat aan die ampsdraer gegee word, sê die gemeente: "Ons sien die gawes raak, en ons aanvaar die verantwoordelikheid om onsself oop te stel vir die werking daarvan". Terselfdertyd verklaar die ampsdraer sy of haar onvoorwaardelike gewilligheid om die gawes op 'n verantwoordelike manier ten dienste van die gemeente aan te wend. Hier is dus sprake van 'n uiterlike roeping, waar God die ampsdraer deur die gemeente in die openbaar roep en bevestig, en 'n innerlike roeping, waar God die ampsdraer persoonlik tot die amp roep (Von Sicard in Davies 1972:293).

## 4. WAAR EN DEUR WIE WORD AMPSDRAERS BEVESTIG?

Ampsdraers word **in die erediens bevestig**. Die erediens is die geleentheid waar God se genade amptelik en formeel aan die gemeente geskenk word. Dit is ook die geleentheid waar sy gemeente amptelik en formeel bymekaarkom om sy genade te ontvang. Indien daar 'n ordelike aspek verbonde is aan die diens van ampsdraers, moet die bevestiging ook op 'n ordelike wyse geskied. Dit impliseer dat ampsdraers **deur die liturgiese voorganger** van die gemeente bevestig moet word - dit is die persoon wat deur die gemeente aangewys is om hierdie taak te verrig. Omdat die gemeente deel is van die groter gemeenskap van gelowiges, is die betrokkenheid van die ring en die sinode by bevestiging ook belangrik. Dit word tans by die bevestiging van predikante tot uitdrukking gebring deur die teenwoordigheid van ampsdraers uit ander gemeentes, en deur die "approbasie" wat die kerkverband verleen aan beroepe wat uitgebring word. Dit word by die bevestiging van ander ampsdraers onder andere tot uitdrukking gebring deurdat die liturgiese formuliere wat gebruik word, in samewerking met en in ooreenkoms met die breër kerkverband gebruik word.

## 5. WATTER AMPTE WORD BEVESTIG?

Omdat die uitgangspunt is dat alle ampte gelyke dienswerk lewer, word alle ampte wat deur die gemeente as ampte beskou word, in die erediens bevestig. Indien 'n gemeente dus in die gees van die SKG se verslag oor die ampte (kyk par 1 hierbo), 'n keuse maak vir 'n beperkte verruiming van die ampte van diaken,ouderling en predikant, word ook die ander ampte van die gemeente in die erediens bevestig. Hier word gedink aan kategete, tentmakers, evangeliste, jeugwerkers, ampsdraers wat verkies is met die oog op dienslewering in die erediens, ampsdraers wat verkies is met die oog op bestuur en administrasie, ensovoorts. Die bevestigingsformulier wat die Sinode dus uiteindelik goedkeur, moet ruimte laat daarvoor dat gemeentes die formulier op 'n verantwoordelike wyse na gelang van die eie omstandighede en behoeftes kan aanpas. Omdat die gemeente deel is van die groter kerklike verband, geskied sodanige aanpassing slegs in samewerking met die Ring en Sinode, deur middel van die betrokke kommissies (Gemeentebediening en Erediens).

## 6. HOE VIND BEVESTIGING PLAAS?

**6.1** Die volgende elemente is deur die loop van eeue in bevestigingsliturgieë opgeneem:

**6.1.1** Die bevestiging dat die verkosene deur die gemeente behoorlik aangewys is, en behoorlik daarop geantwoord het. Gebede, waaronder voorbidding vir die gemeente en die verkosene, toewyding deur die gemeente en die verkosene, aanroeping van die Gees, stil gebed, lofgebede, en die Ons Vader. Sommige van hierdie gebede kan gesing word.

**6.1.2** Handoplegging: Luther, met sy funksionalistiese beskouing, het dit laat vaar, terwyl handoplegging vir Calvyn 'n simbool van bygeloof was. Reg verstaan, kan dit egter op 'n simboliese wyse die dubbele dimensie van bevestiging (dit is die ordelike aspek, naamlik kerklike invoeging, en die pneumachristologiese aspek, naamlik Geestescharisma – kyk par 3.1) demonstreer.

**6.1.3** Die regterhand van geloofsgemeenskap, wat aanvanklik deur John Knox as plaasvervanging vir die handopleg-ging ingevoer is, en later deur baie gemeentes saam met die handoplegging gedoen is, om die broederskap en ondersteuning van die ander ampsdraers te betoon.

**6.1.4** Die aantrek van liturgiese klede.

**6.1.5** Die oorhandiging van instrumente wat gebruik word in die uitvoering van ampsbevoegdhede, bv 'n beker en 'n bord, 'n staf (herder), kerse, sleutels, handdoeke, ens. Aan ampsdraers wat direk met woordverkondiging gemoeid is, word in baie tradisies 'n Bybel geskenk – sommige hou in plaas van of saam met die handoplegging 'n Bybel oor die kop van die verkosene terwyl 'n gebed gedoen word.

**6.1.6** Salwing van die hande of die hoof met olie.

**6.1.7** Vas en gebed – ampsbevestiging in die Anglikaanse Kerk vind in die weke van vas plaas.

**6.1.8** Prediking oor die take en die lewe van die ampsdraers, en oor die dienswerk van die gelowiges in die algemeen.

**6.1.9** Onderrig oor die spesifieke ampte wat bevestig word, in die vorm van voorgelese formuliere.

**6.2** Die volgende voorstel word gemaak:

* Na die prediking word ampsdraers na vore geroep.
* Die formulier word gelees, bestaande uit die approbasie, spesifieke onderrig oor die take van die gemeente en die betrokke ampsdraers, 'n verduideliking oor die werk van die Gees, en vrae aan die ampsdraers en die gemeente.
* Hierop volg gebede van toewyding - gesproke of gesonge.
* Die verkosenes word die hande opgelê, terwyl die epiklesegebed gedoen word.
* 'n Verklaring van ampsbevestiging word gedoen.
* Oorhandiging van literatuur ('n Bybel?) en die regterhand van gemeenskap.
* Die gemeente word opgeroep tot voorbidding vir en navolging van die ampsdraers.

WJH DE KOKER
(Lys van geraadpleegde werke by die skriba beskikbaar)

# EREDIENS: BYLAE 3
# LITURGIESE TEKSTE, FORMULES EN FORMULIERE

## 1. DIE EREDIENS AS DIE WERKS- EN LEWENSTERREIN

**1.1** Waar die gemeente in die erediens saamkom, daar is dit nie slegs **mense** wat dit met mekaar goed vind en gemeenskaplike belange het nie, maar dit is die **Here** wat op sy eie wonderlike wyse in hulle midde kom - eers dan word dit 'n erediens, dan "gebeur" die erediens. In die erediens word woorde op verskillende maniere gespreek, verskeie gebare en handelinge word uitgevoer, liedere word gesing, simbole gebruik – alles geskied in 'n bepaalde orde, maar die wesentlike is dat Jesus Christus deur sy Woord en deur sy Gees sentraal staan. Alles draai om Hom, vloei voort uit sy lewewekkende woorde en uit sy magtige verlossingsdade.

**1.2** Wat die Here vir sy gemeente wil gee en aan hulle wil doen en hoe Hy hulle wil gebruik, het Hy in sy Woord, die Bybel, laat opteken. Wanneer dit gelees, gebruik en daarna geluister word, kom die Heilige Gees en maak dit lewenskragtig en pas dit toe op ons lewens hier en nou. In die lig daarvan word ons geroep om ook ons gawes en talente, ons kennis en insig, ons ervaring en belewing, ons oorgelewerde kennis en ons verworwe kennis, ons kuns en kultuur, ons historiese- en tydsomstandighede - dit alles te gebruik sodat dit 'n lewende en kragtige erediens word, 'n erediens waarin God Drie-enig geëer, gedien en aanbid word, en tegelyk die gelowiges in hulle allerheiligste geloof opgebou en hierdie wonderlike ontmoeting met Christus en met mekaar, beleef word.

**1.3** Hoe hierdie woorde gebruik en hierdie handelinge uitgevoer word en moet word - **die tekste, die formules en formuliere** - en in watter orde en patroon dit moet geskied - **die rite, die orde, die vastheid en variasie** - verder of hierdie orde en rite reëlmatig moet geskied, dus herhaal word, of dit elke keer opnuut gesê word - **ordeloosheid, vormloosheid en sogenaamd "geesgewerk"** - moet aan die hand van belangrike beginsels en gelei deur praktiese insigte en gebruike uitgemaak word.

## 2. WAT IS LITURGIESE TEKSTE, FORMULES EN FORMULIERE?

### 2.1 Liturgiese tekste

**2.1.1 Liturgiese tekste is die prosa of poëties-geformuleerde woorde wat tydens die erediens gespreek, gelees, voorgedra, oordink of gesing word.** Dit kan wissel van kort uitroepe tot geformuleerde gedeeltes, tot lang uiteensettings van wat gedoen en gesê word.

**2.1.2** Hierdie tekste kan elke keer opnuut opgestel en geformuleer word, wat nie prakties moontlik is nie. Daarom is dit gewoonlik tekste en formules wat voorheen geformuleer is en telkens opnuut gebruik word. Verder kan liturgiese tekste verstaan word as hulpmiddels en voorbeelde wat liturge kan gebruik, of dit kan as vaste, voorgeskrewe tekste gesien word. Dit kan ook nog verder verstaan word as tekste wat geensins verander mag word nie omdat die geldigheid daarvan sou afhang of dit korrek gespreek of gesing sou word. Of, wat meer gewens is, wel vastigheid het, maar wat indien nodig gewysig of selfs vervang kan word of waarmee saam wisseltekste gebruik kan word.

**2.1.3** Liturgiese tekste kan alleen gebruik word, dus om self 'n betekenis en 'n boodskap oor te bring, of dit kan 'n sakrament soos die nagmaal, of 'n handeling soos die bevestiging van ampsdraers, begelei of verduidelik. Hierdie tekste kan deur die liturg gespreek of gesing word of dit kan in dialoog met die gemeente geskied, of deur die gemeente alleen gesê of gesing word.

**2.1.4** Liturgiese tekste en formules het 'n gesig- en klankwaarde, dit sê wat dit bedoel. Dit is tegelyk ook **simbole**, dit is tegelyk 'n teken en 'n betekende saak. 'n Simbool is eerstens 'n bepaalde teken wat 'n besondere boodskap tot my oordra. Dit is egter meer as 'n teken, want dit wys my na 'n hele ander realiteit. So is die brood en wyn by die nagmaal tekens, maar hierdie tekens wys na 'n hele nuwe realiteit: die liggaam en bloed van Christus wat gegee is tot versoening van ons sondes. Die woorde wat in die erediens gespreek word, die geste of gebare wat gebruik word en die handelinge wat uitgevoer word, het almal simboliese betekenis.

**2.1.5** Liturgie beteken die woord en daad en handeling in aksie. Woorde beteken ook om te doen. Alle geste en simbole en handelinge "spreek" in eie reg, maar dit is belangrik dat die woord daarby kom om die betekenis en die segkrag te versterk en te vergroot.

**2.1.6 Woorde** wat reg gekies word en goed geformuleer word, **spreek met groot krag. Waar simbole hierby gebruik word, word die trefkrag daarvan verder verhoog.** Simbole gee nie 'n verklaring nie, maar spreek op baie maniere tot ons. 'n Goeie simbool hoef nie verklaar te word nie - verklarings ontsier die viering. Waar woorde hierby gebruik word, is dit nie soseer om te verklaar nie, maar om die betekenis sterker uit te bring en mense die boodskap meer te laat ervaar en dit saam met ander ervarings in die hele persoon vas te heg.

**2.1.7** Van liturgiese tekste, formules en handelinge in die erediens gaan daar **'n werking** uit. Dit bly nie stom of kragteloos of werkeloos nie – dit **spreek** mense aan, **beweeg** hulle, **wek geloof** en **laat die geloof sterker word.** Dit laat die evangelie vir ons lewe en dit weer vernuut en verander ons hele lewe en ons gedrag.

### 2.2 Vorms, formules en formuliere

**2.2.1** Soms word van "**vorms**" gepraat in verband met die erediens en dan word bedoel die gevormde tekste; of die vorm van die erediens, en dan word bedoel die orde van die erediens. Dit is verwarrend, want 'n vorm kan beteken 'n gedrukte stuk wat ingevul moet word, of dit kan beteken 'n houer van 'n bepaalde formaat waarin iets gegiet word. Daarom is dit beter om nie in hierdie verband van "vorms" te praat nie, maar **liewer van formules saam met die begrip liturgiese tekste**. Die begrip "formulier(e)" moet ook weer aandag kry. Ons het die woord geërf uit Nederlands waar dit gebruik word vir 'n vorm: die vorm wat ingevul moet word en vir 'n liturgiese formule. In Afrikaans is dit gebruiklik om te praat van "formules" en van "formuliere". In die teorie en praktyk word 'n onderskeid gemaak tussen 'n (liturgiese) formule en 'n (liturgiese) formulier. Die onderskeid sou wees dat met 'n formule bedoel sou wees 'n kort en kernagtig geformuleerde teks, waar die klem val op die **liturgiese** aspek daarvan, dus van die **viering en belewing.** Onder 'n liturgiese uiteensetting om 'n bepaalde sakrament, wat gevier word of 'n handeling wat plaasvind, se betekenis te leer, te verduidelik, te fundeer,

daarop voor te berei en te waarsku teen 'n verkeerde gebruik daarvan – die hele teologie en leer en belydenis aangaande 'n sakrament, 'n ampshandeling en ander gebeure in die erediens, kom ter sprake. hier val die klem op die **kategese, die teologie, die leer en die suiwerstelling daarvan, die weerlegging van ander standpunte, ens** – elke keer word alles weer van vooraf uitgediep, uitgelê, geleer, vermaan en tereggewys. Dit beteken die werk van die kategese en van die lering deur die prediking, word elke keer van vooraf in die erediens ingedra en dit is die maklikste manier om dit aan mense te laat verbygaan. Hierdie onderskeiding tussen 'n formule en 'n formulier skep groot verwarring. Immers, hier word 'n woord gebruik wat in Nederlands nie hierdie onderskei maak nie. Hier is dit gewoonweg 'n vorm of 'n papier wat ingevul moet word en word ook so as 'n "ingevulde papier" gebruik ten opsigte van die liturgie. Dit beteken net "vorm".

**2.2.2 'n Formule** kan goedskiks gebruik word om 'n poëties- of prosa-gestruktureerde of geformuleerde teks mee aan te dui wat in die erediens gebruik word. Daarom is dit **veel beter om te praat van "Liturgiese tekste"** en van **"Liturgiese formules"**. Die gebruik om te praat van 'n "formulier" om lang kategetiese tekste mee aan te dui, gaan nie op nie. Oor die vraag van die wenslikheid van sodanige lang kategetiese tekste in die liturgie is nie hier te sprake nie, maar dit dien beslis nie om die verskil tussen liturgiese tekste en - formules aan die een kant en hierdie tekste aan die ander kant meer te onderskei nie. Die vraag kan gevra word wat van "Die drie Formuliere van Enigheid", bedoelende die drie belydenisskrifte wat deur die kerk as sy leer aanvaar word. Hier is dit baie beter om hulle aan te dui soos wat hulle inderwaarheid is: die drie belydenisskrifte van enigheid.

**2.3 Tekste en Formules wat telkens weer gebruik word - rites**

**2.3.1** Die gebeure van die evangelie soos deur Jesus bewerk, het in die **verlede** geskied, vir eens en vir altyd. Dit kan nie weer herhaal word nie. In die goeie sin van die woord word dit deur die verkondiging en deur die viering van die erediens "**oorgedra**" - wat ons van Christus gehoor het en wat Hy gedoen het in die verlede, word na ons oorgedra. Die Nuwe Testament is die oordrag, die oorkonde, van hierdie werklikheid en boodskap. Die Heilige Gees is primêr die Een wat die boodskap oordra, maar dit geskied ook deur die kerk, die ampsdraers en gelowiges deur die prediking en deur die erediens. In die oordra van die evangelie uit die verlede, moet dit die mense **vandag, hier en nou,** aanspreek. Nie die tradisie word oorgedra nie, maar daar is 'n tradisie van oordrag. Waar die tradisie as openbaringsbron en grootheid op homself van wat in die verlede gedoen is, verwerp word, kan ons dit nie vermy om die evangelie in die verlede so te ken dat dit sprekend vandag oorgedra word nie. Dus dit is onvermydelik dat die woorde en dade van Jesus, soos in die Skrif geopenbaar en soos dit ook in die Ou Testament veranker is, in die woorde en handelinge van die erediens - die liturgiese tekste, simbole en handelinge - ter sprake sal kom nie. Dit is een van die besondere kenmerke van liturgiese tekste en formules, dat dit sleutelwoorde en -sleutelformules uit die Skrif sal weergee. Hierdie bekende tekste en formules moet egter steeds getoets word op hulle bekendheid by die gemeente.

**2.3.2 'n Rite is 'n teks of formule of 'n simboliese handeling of groep tekste, formules en simboliese handelinge, wat gereeld herhaal word en wat 'n voorgeskrewe vorm of vorms het - implisiet of eksplisiet.** Ons hele lewe word deur rites bepaal - maniere van eet, was, aantrek, werk, ens. Niemand kan sonder rites klaarkom nie - immers dit is 'n basiese element van die menslike natuur. Dit geld ook van die erediens. Dit is veral noodsaaklik omdat niemand die erediens vir homself hou nie, maar altyd saam met ander mense. Rites is 'n sosiale praktyk. Wie meegaan met 'n groep, aanvaar hulle ritueel. So iemand word deel daaarvan en word ook deel van die praktyk hoe gespreek en gehandel word - die rite.

**2.3.3** So dikwels word daar harde woorde gespreek teenoor rites, roetine en ritueel. Daar is eerstens mense wat uit reaksie teenoor 'n ongesonde beroep op die tradisie en die rite, daartoe kom om alle rites te verwerp as synde doods en teenoor die werking van die Heilige Gees. Dit is natuurlik 'n groot fout. Hierteenoor word dan gestel dat alles elke diens nuut en oorspronklik moet wees. Daar word dikwels 'n beroep gedoen op: die direkte werking van die Heilige Gees wat alles elke keer nuut sou gee, en van kreatiwiteit, die sogenaamde vermoë om alles elke keer skeppend nuut te maak. Hier dreig 'n dubbele gevaar: die gevaar van ritualisme en tradisionalisme, waar die rite op sigself op die voorgrond kom staan en die tradisie die belangrike en beslissende woord spreek. Aan die ander kant die gevaar van 'n valse spiritualisme en 'n onwerklike besef van kreatiwiteit. Daar is niks so dodelik as ritualisme nie, maar daar is ook niks so vermoeiend as die sug na altyd nuwe en 'n bewering dat alles wat gedoen en gesê word, direk van die Heilige Gees kom nie. In die beroep op die Heilige Gees vir alles, kan so maklik allerlei ander geeste opgeroep word. Dit is 'n illusie dat elke erediens van vooraf beplan en ingerig kan word. Niemand kan dit volhou nie en niemand wil so uitgelewer word aan die wense en grille van andere nie. Dus nie óf ou óf nuwe dinge en rites nie, maar **die oue sowel as die nuwe** wat volgens die wil van God in sy Woord geskied en wat in die lig daarvan met die beste praktiese beginsels werk om die evangelie by die mense van vandag te bring. Immers ons het te make met die God wat lewe en wat in die erediens teenwoordig is, en met lewende mense wat hier en nou aanbid.

## 3. DIE DOEL, WAARDE EN WERKING VAN LITURGIESE TEKSTE EN FORMULES

Vanuit die wese van liturgiese tekste en formules, moet nou verder nagegaan word wat die doel, die waarde, die nut, die werking en die krag van liturgiese tekste en formules is.

**3.1 Die noodsaaklikheid van vorm vir die inhoud**

**3.1.1** In die erediens gaan dit om die evangelie, om 'n bepaalde inhoud; verder om 'n lewende verhouding tussen die gemeente en sy Here en tussen die lidmate onderling. Hierdie gedagte-inhoud en geloofsinhoud kan nie oorgedra en beleef en uitgedra word sonder 'n bepaalde vorm(s) nie. Daarom in die erediens gaan dit **nie om** die **teenstelling: 'n vorm of geen vorm nie**, maar **wel tussen 'n goeie en bruikbare vorm teenoor 'n slegte vorm.** Vormloosheid is ook 'n vorm, dit is net die allerslegste vorm denkbaar.

**3.1.2** By liturgiese tekste en – formules gaan dit dus om goeie en bruikbare vorms waarin die elemente van die erediens en die erediens self gegiet word. Dit kan nie gemis word nie. Daarsonder kan die erediens nie sinvol geskied nie.

**3.2 In die erediens geskied woorde en handelinge**

Die erediens se wese bestaan daarin dat **woorde** op verskillende plekke en in onderskeie betekenisse gespreek of gesing word. Dit is baie belangrik watter woorde en groepering van

woorde gebruik word en watter betekenis daaraan geheg word, asook watter **handelinge** plaasvind en watter **simbole** gebruik word. Soos hierbo gesien, gaan woorde saam met simbole en met handelinge. Die formulering van woorde en verrigting van handelinge kan onvoorbereid, onnadenkend en op die ingewing van die oomblik gekies en gebruik word. Belangrike en geoefende orators wat die inhoude in hulle harte en gedagte omdra, kan dit by geleentheid spontaan uitspraak, maar nie elkeen kan dit doen nie. Verder kan elkeen in 'n gewone gesprek los en vas praat, beduie en handel, maar wanneer dit in die erediens gaan om die ontmoeting met die Here en om die gesprek met Hom, en dit saam met al die ander gelowiges, moet goed nagedink word wat, waar gesê word en hoe gehandel word. Daarsonder kan die hele erediens so maklik ontaard.

**3.3 Die afspraak waar gesamentlik opgetree word**

In die erediens gaan dit nie om die liefhebbery van die enkeling of waar elkeen maar op sy eie optree nie. nee, dit is die samekoms van die **gemeente** en dit is die **versamelde, gemeente wat gesamentlik en gemeenskaplik optree, spreek en handel**. Hulle kan nie gesamentlik optree wanneer hulle nie weet wat die raamwerk is waarbinne die gesprek plaasvind en die handelinge verrig word nie. Ook kan hulle nie gesamentlilk optree waar die gang van die erediens en die wese en inhoud van die onderskeie elemente onbekend is nie. Wanneer sekere elemente goed gevorm en gestruktureerd is en 'n digtheid van segkrag bevat en spreek in naam van almal en sodat dit hulle diepste oortuigings aanspreek en uitspreek, dan kan almal dit sinvol meemaak.

**3.4 Formulering nodig waar herhaling geskied**

In die erediens word sekere woorde, handelinge en simbole herhaal telkens wanneer die gemeente saamkom. Onvermydelik lei dit tot 'n orde, tot 'n vastheid in die formuleringe en tot kontinuiteit. Waar 'n liturgiese teks sodanig geformuleer is dat dit met krag aanspreek, dat dit die saak waaroor dit gaan, duidelik uitspreek en die gemeente hulle daarmee kan vereenselwig,- dan beteken die herhaling van so 'n teks 'n geweldige wins. Daar kom bekendheid, kontinuïteit en mense kan hulle daarmee verenig voel. Dan word dit 'n teks wat ons begelei en waarin die Here wat tot ons spreek, self met ons gaan. Daar is 'n geweldige krag in die inprenting van die kernwaarheid en die wesentlike van die evangelie. Slegs dit sal op die duur vir ons van betekenis wees en ons help, wat diep in ons insink. Die herhaalde en ingeoefende word ons innerlike besit (G Voigt), dit stempel ons hele geestelike besit. In 'n besondere sin geld dit die liturgiese tekste wat gesing word – die liedere. Saam met die bekendheid en kontinuïteit en vastheid, moet daar ook wees die variasie, die afwisseling, die nuwe, sodat die ou, bekende steeds nuut sal bly.

**3.5 Die geweldige hulp van liturgiese tekste en – formules**

Liturgiese tekste en formules word gesmee en gegiet deur persone wat die besondere gawes en insigte daartoe het. Nie almal kan die woord so hanteer dat dit in 'n sprekende teks verander nie. Verder geskied dit in besondere oomblikke van intense geloofsbelewing, van stryd en in krisisse, in tye van geestelike hoogspanning, in ontmoetinge met God en onder die kragtige werking van die Heilige Gees. Daar is persone wat meer gevorder het op die weg van egte gebed en van heiligmaking as ander. Wanneer hulle begenadig word om 'n werklik sprekende teks te skep en dit word deur die gemeente en die kerk so aanvaar, is dit 'n krag en verryking van die erediens. Dus hierdie gevormde tekste en formules, is 'n geweldige hulp vir liturge en vir die gemeente. Dit word maklik 'n model waarna gestreef en geleef kan word. Uit die bestaande tekste kan dan ook maklik variasies gemaak word

**3.6 Gekontroleerde tekste en formules**

**3.6.1** Die liturgiese tekste en formules wat meestal in die erediens gebruik word, is deur die kerk deur die geskiedenis beproef, geskaaf en geyk. Dit het 'n suiwering en veredeling ondergaan, dit is ingeburger, is bekend en het die denke en harte van die lidmate aangespreek.

**3.6.2** Wat meer is, sodanige liturgiese tekste en - formules is deur 'n verantwoordelike instansie, soos die Algemene Sinode, gekeur en gesanksioneer vir die gebruik in die kerk. Dit dra die kerklike stempel van goedkeuring. Daardeur sê die kerk: hierdie liturgiese tekste en - formules is van my, spreek my oortuiging uit en hierin klop my eie belydenis van die evangelie. Die lidmate wat dit telkens hoor en spreek en daarvolgens handel, eien hulle dit toe en laat dit in hulle denke en harte groei en so hulle lewens begelei en ondersteun.

**3.7 Liturgiese tekste en liturgiese formules en herkenningstekens**

**3.7.1** Liturgiese tekste en formules werk soos **herkenningstekens**: Persone wat dit saam doen en dit verstaan en liefhet, herken ander persone wat dieselfde doen. Dit is die eenheidsband tussen gelowiges van 'n bepaalde oortuiging en belydenis. Mense vereenselwig en identifiseer hulle daarmee en met die groep of kerk waar dit gebruik word. In gekonsentreerde en in sinvol gekonstrueerde vorm kom die geloof en belydenis ter sprake. Wie dit gebruik sê daarmee: dit is ook my geloof, ek is ook een van hulle.

**3.7.2** Ook wat **vreemdes en buitestaanders** betref, is die liturgiese tekste en formules herkenningsteken waaraan hulle die gelowiges herken. Mense wat hierdie dinge sê en bely in hulle eredienste, hoort tot die bepaalde kerk.

**3.7.3** Die hele liturgie en veral die sprekende liturgiese tekste en formules, het **'n sterk appél** op mense wat nie tot die kerk behoort nie of wat behoort aan heidense gelowe. Wie dit hoor en meemaak, word daardeur aangespreek en genooi om ook deel te wees van die gemeenskap waarin dit lewe. Gedurende die Middeleeue het die Roomse Kerk veral die liturgie met al die gevormde tekste, gebruik om die toegestroomde heidene te kersten.

**3.7.4** Ewe-eens is dit herkenningsteken teenoor buitestaanders, **ketters** en dwaalleraars: wie nie hierdie dinge glo en bely nie, is nie van ons nie, al praat hulle nog so vroom.

**3.7.5** Immers, hier word in die liturgiese tekste en formules die Christelike geloof op die kardinale punte geformuleer en gestel teenoor afwykende standpunte. Juis die bedreiging deur Arius en sy aanhangers, het daartoe gelei dat daar skerpgeformuleerde tekste ontstaan het wat in die erediens gebruik is, onder andere die belydenis en die gebede.

**3.8 Die krag en troos van liturgiese tekste en formules**

Liturgiese tekste en formules wat lidmate leer ken het, dit verstaan en wat dit sê, werklik glo, is **'n krag en steun vir mense in die daaglikse lewe.** Dit is vashoupunte in die daaglikse omgang met mense en oral waar rekenskap geëis word van die geloof. Dit beteken ontsaglik veel vir gelowiges om deur hierdie tekste en formules, die kernpunte van hulle geloof in hulle hoof en hart te hê. Die tekste en formules is deurdrenk van die Bybelse wyse van spreek oor God en oor die verlossing wat Hy alleen kan gee. Dit is sleutelwoorde en begrippe uit die Bybel en gestolde geestelike ervarings van vromes en heiliges wat ook ons eie ervarings geword het.

Waar ons dit ons eie gemaak het, word dit 'n geestelike voorraad waaruit ons kan lewe in stryd en versoekings, in rus en in groei. Hierdie tekste en formules is veral 'n kragtige hulp en troos in tye van vervolging en van aanvalle deur persone en strominge wat ons geloof wil ondermyn en bestry.

## 4. DIE OORSPRONG EN HERKOMS VAN LITURGIESE TEKSTE EN FORMULES

**4.1 'n Algemeen menslike verskynsel**

Die voorkoms en gebruik van liturgiese tekste en formules, is 'n algemeen menslike verskynsel. In die fenomenologie van die godsdiens is dit 'n erkende en veelvoorkomende feit. Ons tref dit aan by alle godsdienste. Nie oral is dit geskrewe tekste en formules nie, want dikwels word dit mondelings oorgedra. Waar sodanige tekste en formules voorkom by die misterie-godsdienste en in verband met towery en magie, word dit selfs as die diepste geheime oorgelewer, en dit slegs aan ingewydes.

**4.2 Die erfenis uit die Ou Testament en die Jodendom**

**4.2.1** Die Christelike geloof ontstaan uit die Jodendom en Ou Testament. Hier was verskeie liturgiese tekste en formules bekend en gebruik en die Christene het dit oorgeneem. Soms is dit letterlik geneem, soos die Tien Gebooie en die Psalms; soms is dit aangepas en gewysig, soos in die gebede, die belydenis en die feeste; soms is slegs 'n gebruik oorgeneem en daaraan 'n nuwe inhoud gegee, byvoorbeeld die verskillende gebedstye.

**4.2.2** Dit is opvallend hoeveel van die tempelkultus oorgeneem is as simboliek in die Christelike godsdiens in die Hebreërbrief. Ook die Paasfees het 'n belangrike rol gespeel by die instelling en inhoud van die Nagmaal; en in die liturgiese tekste rondom die nagmaal het die woorde en gebruike by die Paasfees 'n groot invloed gehad, byvoorbeeld in die Eucharistiegebed. Ewe-eens het die feit van die sinagogediens, die verloop daarvan, die gebede, belydenis, liedere, die vaste sisteem waarvolgens die Tora gelees is, 'n geweldige invloed uitgeoefen op die ontstaan en inrigting van die Christelike erediens en dan veral op die liturgiese tekste en formules wat daar gebruik is. Verder moet genoem word die Joodse maaltye, die tafelgebede en seënspreuke (Berachot).

**4.2.3** Die Christene het die Ou Testament aanvaar as Heilige Skrif en dit is gesien en hanteer as 'n voortsetting en kontinuïteit in die Nuwe Testament. Al die lyne van die Ou Testament loop deur na die Nuwe Testament en vind daar hulle voortsetting en voltooiing. Christus kom uit die Ou Bedeling en gee daaraan sy ware sin en betekenis, maar ook sy voltooiing. Die Christelike kerk staan op die skouers van die OT. Tegelyk is daar ook 'n hele ander lyn van siening van die OT in die Christelike Kerk, naamlik dat daar 'n breuk, 'n diskontinuïteit gekom het tussen die OT en die NT. Daar het 'n nuwe begin gekom, 'n nuwe bedeling wat die ou bedeling vervul en tot sy ware betekenis bring.

**4.2.4** Daarom word daar talle aanhalings uit die OT as liturgiese tekste in die NT gebruik. Dikwels haal die NT skrywers liturgiese gebruike in die eredienste aan; dan weer word tekste in die NT in die eredienste gebruik, byvoorbeeld die groet- en seënformules, uitroepe soos **Halleluja, Mara-nata, Hosanna, Amen.**

**4.3 Die allesomkerende nuwe wat Jesus gebring het**

**4.3.1** Die kragtigste impuls tot die ontstaan van die Christelike erediens, die grond en fondament daarvan, was die allesomkerende en allesvernuwende betekenis van Jesus se koms, lewe, werk en verlossing wat Hy bewerk het. Met Hom breek die nuwe bedeling aan, die aangename jaar van die Here, die tyd van genade, die dag van heil. In alles staan sy persoon en sy boodskap sentraal en dit bepaal alles. Hy is dan ook steeds deur sy Woord en Gees teenwoordig in elke erediens.

**4.3.2** Wat Jesus gesê en gedoen en geleer het, die groot heilsfeite, en dan veral sy kruisdood en opstanding, wat dit alles vir ons beteken - dit alles is die basiese inhoud van die liturgiese tekste en formules wat ontstaan het en in die erediens gebruik is en word.

**4.4 Die invloed van die Hellenistiese wêreld**

In die ontstaan van die liturgiese tekste en formules was daar ook 'n invloed van die Hellenistiese wêreld. Die Joodse verstrooiing (diaspora) was deurtrek van hierdie gees. In die sinagoges is Grieks gepraat en gesing. Die Nagmaal is in die Hellenistiese wêreld met Griekse terme deurtrek. Die nagmaal en geloofswaarhede is verstaan en verklaar in Hellenistiese denkvorme. Die OT is gelees in die Griekse vertaling (Septuagint). Verder was daar allerlei filosofiese strominge wat 'n invloed uitgeoefen het en waarteen stryd gevoer is, soos die Gnostisisme, Dosetisme, e.a.

**4.5 Die kultuur-, sosiale- en politieke omstandighede**

**4.5.1** Op die ontstaan en vorming van liturgiese tekste en formules, het daar ook 'n invloed uitgegaan van die kulturele wêreld waarin die Christendom ontstaan en ontwikkel het. Die wyse van leef, van dink en van praat en skryf, die kultuurposisie destyds het alles 'n invloed uitgeoefen. Aanvanklik was die Christene nie uit die hoogste kultuurkringe nie. Hulle het nie veel invloed op die kultuur uitgeoefen nie, maar is tog daardeur beïnvloed. Die filosofiese strominge het meegespreek. Die politieke situasie het ook die tekste en formules help stempel. Dink maar daaraan dat die Christene deur die Jode vervolg is, deur die Romeine as verbode godsdiens beskou is en deur verskillende Romeinse keisers onverbiddellik vervolg is. In hierdie tye moes die Christene hulle geloofsbesit intiem leer ken en daaruit leef en ook teenoor aanvalle verdedig - dink aan die apologete.

**4.5.2** Al hierdie invloede het deur die geskiedenis van die kerk, tot vandag toe, 'n sterk rol gespeel en speel dit nog om liturgiese tekste en formules te laat ontstaan en bestaandes nuut te stel.

**4.6 Die beskerming van die geloofswaarhede**

**4.6.1 'n Bedreiging van binne en van buite** het daartoe gelei dat in die erediens allerlei liturgiese tekste en formules ontstaan het. Eerstens was daar die geweldige groei van die Christendom ná Pinkster en so het daar onder die bekeerlinge uit die Jode en uit die heidene, verskillende aksente ontstaan wat gedreig het om die Christendom uiteen te skeur. So is daar **gesoek na 'n eenheid**. Die kerk het dit gesoek rondom die **kanon** van die NT. Die klem het geval op die apostoliese kerugma, die unieke, volledige, normatiewe boodskap van die apostels. Dit het meegebring die volledige breuk in die Joodse Christendom, maar het ewe-eens skeiding gemaak teenoor die Gnostieke en Marcioniete, tussen ortodoksie en kettery. Die **biskop** tree na vore in die plaaslike gemeentes om veral die apostoliese erfenis te beskerm. Hier moes gewaak word oor leerstellige sake.

**4.6.2** Die probleem word weer anders in die tweede helfte van die tweede eeu met die opkoms van die Montanisme. Hier het dit nie gegaan oor leerstellige sake wat bygelê kon word deur verwysing na die apostoliese norme nie. Ook nie 'n stryd dat die Gees nuwe ordes kan skep nie. Dit gaan oor die aanspraak van Montanus dat hy die mondstuk van die Heilige Gees sou

wees en oproep tot bekering met die oog op die spoedige weerkoms van Jesus Christus. Hierdie aansprake moes getoets word. Om hierdie aansprake te toets, was te veel vir die biskop of die gemeente. Die aksie van verskillende gemeentes was nodig. So ontstaan **sinodes** uit die gedagte van gesag van hierdie liggame omdat die Gees in die kerk as geheel leef. So verkry dit gesag oor die aansprake van een persoon.

**4.6.3** Saam met die gesag van sinodes, het daar in die tweede eeu gegroei "'n dogmatiese beeld" van die apostels (die Twaalf) en Paulus as 'n "raad" en draers van die apostoliese boodskap. Daarom die geskrif die **Didache** en later in verwante vorm die **Apostoliese Konstitusies** wat in Sirië ontstaan het, en nog later die **Didascalia**, wat as 'n verenigde hof van appél beskou is. Later tydens die kettery van Arius, was die sinodes of konsilies die gevestigde instansie om met sodanige dwalinge te handel.

**4.6.4** In hierdie klimaat het verskillende liturgiese tekste en formules ontstaan om die eenheid tussen die kerke te behou, om die gelowiges te beskerm teen soveel aanvalle van buite en van binne en om die Christelike geloof teenoor die wêreld uit te dra. Die tekste en simbole verkry al meer 'n opvoedkundige, 'n apologetiese en 'n verkondigingstaak.

## 5. DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN LITURGIESE TEKSTE EN FORMULES

### 5.1 Vroeë vorms van die liturgie en liturgiese tekste en formules

**5.1.1** In die Vroeë Christelike Kerek is daar min gegewens opgeteken aangaande die erediens. Reeds in die NT was 'n aantal gevormde en vasstaande liturgiese tekste en formules. Die bekendste is belydenismatige en doksologiese formules, byvoorbeeld 1 Kor 12:3; 1 Kor 15:3-5; Ef 5:14; Fil 2:5-11; 1 Tim 3:16; Openb 4:8, 11; 15:9, ens; so ook die cantica in Lukas 1 en 2. Ons vind ook vaste stukke wat die begin is van die Nagmaalsliturgie in die briefafsluitings van die briewe van Paulus. Die wyse waarop die diens gehou is, is as bekend veronderstel. Daar was die voorbeeld van die sinagogediens wat in groot trekke nagevolg is, maar dan vanuit die gesigspunt van die koms van Christus. Alleen waar daar afwykings voorgekom het of as daar probleme was, is daar leiding gegee. Gaandeweg het daar vaste vorms begin kom. **Eers was dit net die raamwerk, later die hele verloop van die erediens en die gebed**, maar slegs **as voorbeelde** en is nie as bindend beskou nie.

**5.1.2** Die oudste en beste voorbeelde is die gebede van die Didache en die eerste Brief van Clemens, die psalms en liedere in Lukas, Openbaring en die Odes van Salomo. Hierin kan die invloed van die Joodse benediksies of Berachot gesien word. Hierdie gebede en himnes is stilisties van die "Oosterse" tipe. Alle basiese vorms van Christelike lofprysing en gebed, is gebaseer op Bybelse modelle.

**5.1.3** Die eerste volledige erediens vind ons by Justinus die Martelaar ± 150. Hier vind ons 'n gemeenskaplike gebed, die geformuleerde eucharistie-gebed, die sogenaamde prefatio-gebed en die Onse Vader. Dit word slegs as voorbeelde aangegee.

**5.1.4** Dit is omstrede van watter tyd af die gebede van die liturgie woordeliks opgeskryf is. Soos gesien is daar reeds teen die einde van die eerste eeu (1e Clemensbrief) en uit die 2e eeu (Didache) voorbeelde van geformuleerde gebede.

### 5.2 Die Apostoliese Tradisie van Hippolystus c.215

Daar bestaan 7 ander werke onder ander name en uit verskillende wêrelddele wat 'n verwantskap vertoon met die tradisie van Hippolytus, maar dit is onseker hoe die verband presies loop. Hier het ons nie slegs die volledige erediens nie, maar alles word in besonderhede beskryf, ook die bewoording van die gebede, maar nog nie as normatief geag nie. In hierdie liturgie vind ons reeds die volgende vaste liturgiese tekste en formules:

* Die wedersydse groete, die **salutatio**:
Biskop: "Die Here sy met julle"
Gemeente: "en met u gees"
* Die **Sursum Corda**:
Biskop: "Hef die harte omhoog"
Gemeente: "Ons het hulle by die Here"
* **Gratias Agamus**:
Biskop: "Laat ons die Here dank"
Gemeente: "Dit is waardig en reg"
* Die dankseggingsgebed of die anafora of eucharistiegebed.
* Ons vind ook die vredessoen (pax), die offertorium (die bring van die gawes vir die Nagmaal na die biskop), die doopbelydenis (die "Apostolicum"), die Prefatio-gebed (die voorwoord of die gebed vir die dag), die Anamnese (die herinnering van Jesus se dood en opstanding), die Epiklese (nie in die latere betekenis as die inroepings van die Heilige Gees op die gawes nie, maar as gebed by die offer van die kerk). Hippolytus gee die tipiese eucharistie-gebed wat in sy tyd gegeld het, maar dit was nie die enigste in gebruik nie. Die Instellingswoorde staan sentraal in hierdie gebed. Hier tree die element van dank (die eucharistia) op die agtergrond ten koste van die memoria (die herinnering). Verder die volgende vaste liturgiese tekste en formules: die elevasie (opheffing van die elemente), die danksegging vir die kommunie en die wegsending.

### 5.3 Verder tekste en formules in die eerste drie eeue

**5.3.1 Tertullianus** vermeld die volgende: die rites ter voorbereiding en voltrekking van die doop; die handewassing en aansteking van die ligte; gebede as vaste deel van die erediens word gedoen; psalms word gesing (hier vir die eerste keer vermeld: De anima ix); die Drie-maal-heilig word gespreek (Trishagion - De cor 3); daar word gebid met die gesig na die Ooste, die kop opgehef en die hande uitgestrek. Op Sondae en gedurende die vyftig dae van Pentekoste is staande aanbid, terwyl op statio-dae en vasdae knielend gebid is (De cor 3 ; De orat. 3, 23)

**5.3.2 Cyprianus** spreek van die lees van die evangelie vanaf die preekstoel ("pulpitium") terwyl die gemeente staan; die gemeente staan ook tydens die eucharistie-gebed.

**5.3.3 Origenes** onderskei vier belangrike aksente of elemente in die gebed: adorasie, danksegging, belydenis en petisie (vra-gebed, en intersessie - voorbidding - De orat 33).

### 5.4 'n Onderbreking in die fiksering van die liturgie

In die derde eeu as gevolg van vervolging en ander faktore kry ons 'n beweging waar die fiksering van gebede vertraag word en die sakramente en misterieë van die geloof verborge gehou word teenoor die publiek en slegs aan ingewydes geleer en oorgedra is - die sogenaamde **disciplina arcana.**

### 5.5 Groot liturgiese ontwikkeling in die 4e en 5e eeue

**5.5.1** Gedurende hierdie tyd is daar 'n sterk groei in die liturgiese ontwikkeling en dus van die liturgiese tekste en formules. Dit is die gevolg van uitbreiding van die Christendom, van die groot verandering wat in die 4e eeu gekom het waar die Christendom staatsgodsdiens geword het, die Ariaanse stryd, die groeiende mag van die ampte, die ernstige ver-

skuiwinge in die teologie, die toevloei van massa uit die heidendom wat nie werklik verander het nie, ens.

**5.5.2** In die tyd is daar aansienlike uitbreiding in die liturgie. Dit word langer en meer uitgebreid, almeer elemente word ingebring, die liturgie word almeer gefikseer en verpligtend. Daar onstaan verskillende liturgiese families in die Oosterse deel van die kerk, sowel as in die Weste. In die onderskeie liturgieë kom daar ander teologiese standpunte en belydenisse na vore. Dit weer verander die liturgiese tekste en formules. Daar ontstaan groot aaneengeslote reekste, van tekste en formules, soos byvoorbeeld in die kanon van die mis. Die Oosterse diens word baie langer, met 'n menigte herhalings, tekste, formules en rites. In die Weste ontstaan en groei die Roomse liturgie en verdring later die ander liturgieë hier. Dit word 'n indrukwekkende bouwerk en raak baie ingewikkeld. Wat die Roomse mis betref, hier word onderskei tussen die deel wat vasstaan en in elke diens onveranderd terugkeer, soos die vyf groot missange te wete die Kyrie Eleison, die Gloria in Excelsis, die Credo, die Sanctus (en Benedictus) en die Agnus Dei, die Onse Vader, Salutasies, kanon van die mis, ens - die **Ordinarium Missae**; en die dele wat kan wissel volgens die kerklike jaar en ander gebeure, soos die liedere, die gebede, die Skriflesings, ens – die **Proprium Missae.**

**5.6 Latere ontwikkelings**

**5.6.1** Tot die sesde eeu was daar 'n tyd van liturgiese stilstand. In die middeleeue ten tye van **Pippin en Karel de Grote** het daar weer groot ontwikkelinge plaasgevind en het verdere wysigings ontwikkel en het nuwe liturgiese tekste en formules en wysigings ontstaan. In die Oosterse Kerk het die liturgiese ontwikkeling vroeg reeds tot stilstand gekom.

**5.6.2** Soos die **Middeleeue** aangestap het, het daar groter deformasie, insinking, formaliteit, ritualiteit ingetree. Die magtige struktuur van die liturgie was nog daar, maar het op wesentlike punte die Bybelse boodskap weerspreek.

**5.6.3** 'n Fundamentele hersiening, vernuwing en herstel het gekom deur die **Reformasie** in die 16e eeu. Reformatore soos Luther, Farel, Zwingli, Buzer, Calvyn en hulle medewerkers en opvolgers het veel van die verwording van die Roomse mis verwerp, sommige meer as die ander. Daar het 'n nuwe aanpak gekom en dikwels ook nuwe strukture. Daar is weggedoen met die vaste voorskrifte vir die erediens en groter vryheid is aan die liturge gelaat. In die plek van baie bestaande liturgiese tekste en formules het ander gekom of dit is drasties gewysig. Baie van die erfgoed van die Vroeë Kerk is behou en in ander konteks geplaas. Die teologie het verander en daarom het ook die liturgie en die elemente verander of is anders geplaas.

**5.6.4** Na die tyd van liturgiese vernuwing deur die Reformasie, het daar weer 'n ernstige insinking gekom, veral onder die invloed van die **Piëtiste en Rasionaliste** en die latere **Aufklärung.** Oral is daar weer gewerk met swak liturgiese tekste en formules of is daar telkens op die impuls nuwe dinge ingevoer. Ook hier weer het die foutiewe teologiese insigte die praktyk gestempel - en laat ontaard.

**5.6.5** Sedert die **middel van die vorige eeu** en veral **tydens hierdie eeu** het daar weer 'n magtige oplewing op die terrein van die liturgie plaasgevind. Die ou klassieke liturgieë is weer ingebring, daar is oral gesoek na nuwe en sinvolle tekste en formules. Inderdaad het daar op baie terreine 'n vernuwing en verdieping gekom. Later in hierdie eeu het die invloed van die **Pentekostalisme en die Charismatici** weer 'n soort spiritualistiese erediens ingebring, waar alles afhang van die gevoel en ervaring van die oomblik, met die gevolglike vervlakking, mensgerigtheid, individualisme en veral waar geloof en kennis vervang is met emosie en ervaring.

## 6. KONKLUSIES

**6.1 'n Aaneengeslote beeld van die gebruik van liturgiese tekste en formules.**

Die geskiedenis van die liturgie teken 'n duidelike prentjie hoedat die christelike kerk oor die lang eeue van sy bestaan steeds gebruik gemaak het van liturgiese tekste en formules in die eredienste. Wanneer die **kerk naby die Woord lewe** en die eredienste lewend en kragtig is, is ook die gebruik en aard van liturgiese tekste en formules sinvol en sprekend en dien dit tot die opbou en uitbou van die kerk. Wanneer daar **verval**, insinking kom en vreemde invloede 'n plek kry, word die liturgiese tekste en formules ook geraak en anders geïnterpreteer, sinneloos opeengehoop, onnodig uitgebrei en ontaard dit in dooie ritueel. Die keuse het geblyk te wees nie tussen liturgiese tekste en formules aan die eenkant en geen liturgiese tekste en formules nie aan die ander kant nie; maar wel goeie liturgiese tekste en formules aan die een kant en swak, verouderde en niksseggende liturgiese tekste en formules aan die ander kant. Aan die ander kant as daar vernuwing in die kerk kom, word die liturgie ook nuut en so die liturgiese tekste en formules.

**6.2 Die wye veld van liturgiese tekste en liturgiese formules.**

Uit die geskiedenis van die liturgie van die Christelike Kerk blyk ook duidelik dat daar 'n baie wye veld van liturgiese tekste en formules voorkom. Die ruimte ontbreek hier om die ontstaan, ontwikkeling en verandering van die tekste en formules op elke terrein na te gaan, laat staan nog om die ontstaan, groei en betekenis van elke liturgiese teks en formule na te speur en te beoordeel. Hier sal volstaan moet word om op enkele voorbeelde baie kortliks te wys.

**6.3 Die groet, aanroeping en uitroepe/akklamasies**

**6.3.1** Daar bestaan verskillende **groet- en seëntekste en -formules** aan die begin en einde van die erediens. Dit kom ook voor op ander plekke van die erediens, as 'n inleiding of afsluiting van 'n bepaalde liturgiese deel of handeling. Dit geskied ook as oorgang tot die Nagmaal. Die groet in verskillende bewoordings is meestal in wisselvorm tussen die liturg en die gemeente. Die groet kan gesien word as 'n proklamasie dat die Here met sy heil in die erediens teenwoordig is en aandeel het aan die heilsgebeure wat in die erediens plaasvind. Veral dat Hy hierdie heil uitdeel aan sy aanwesige gemeente.

**6.3.2 Aanroeping en akklamasies**: Omdat die hele diens draai om die teenwoordigheid en handeling van Christus deur sy Woord en Gees en dat hierin die Vader die sentrale plek inneem, daarom is dit gepas dat die gemeente aan die begin van die diens die Naam van die Drie-enige God op gepaste wyse **aanroep**. Dit word gedoen deur sy name en attribute te vermeld en hoe alles gefokus word op die heil en redding van die mens. Talle aanroepingstekste en formules is trinitaries en sluit aan by Openbaring, die Briewe en by die OT, bv veral die Psalms. **Akklamasies** is kort en kragtige uitroepe deur die gemeente as verkondiging en gebed, waarin Jesus as Here bely word. Dit is meestal aan die Skrif ontleen. Byvoorbeeld: "Ere sy U, Here"; "Lof aan U, Christus"; "U is waardig om die lof en eer te ontvang"; "Kyrie eleison"; "Die Sanctus"; "Benedictus qui venit ...". Dan korter uitroepe, soos

"Halleluja" (Open. 19:1, 3, 4, 6); "Maranata" (1 Kor 16:22); "Hosanna" (Mat 21: 9; Ps 118:25); "Amen" (bv 1 Kor 14:16; Open 5:14).

**6.4 Liturgiese tekste en formules rondom die gebed.**

Op hierdie terrein is daar 'n menigte liturgiese tekste en formules. Hier word slegs na 'n aantal van die belangrikstes verwys en om dit enigsins oorsigtelik te maak, word dit ingedeel onder die **ses aksente en tipes van gebed.** Van die gebedstekste kom op verskillende plekke van die erediens voor en het soms ook meer as een aksent. Soms word die tekste saamgegroepeer.

**6.4.1** *Lofprysing (Predicatio)*

In hierdie lofprysing wat verloop as aanroeping, versoek en afsluiting, beroep die gemeente hom op die heilshandelinge van God in die verlede, op gegewe beloftes vir die toekoms en op die Godservaring in die hede, as die grond vir die gebed hier en nou. Dit lei tot konkrete bede, voorbidding en dank.

* **Die Gloria Patri of Klein Doksologie**: Die introïtuspsalm sluit met hierdie himne – "Ere sy die Vader en die Seun en die Heilige Gees, soos dit was in die begin, nou en vir altyd, en van ewigheid tot ewigheid. Amen", met respons deur die gemeente.

* **Die Gloria in Excelsis, die Groot Doksologie of Engelelied**: Op die Kyrie Eleison volg hierdie lied. Dit is 'n poëtiese himne volgens Luk 2: 14 en hierby word aangesluit by die lofsang "Laudamus te, benedictus te, etc" – die Benedictus qui venit ... Dit is 'n triomfantelike lied en is 'n groot danksseggingslied. Die engele-doksologie vorm die inleiding, dan volg die lofprysing van die Vader en die lofprysing van Jesus Christus en dit loop uit op die finale doksologie wat 'n verheerliking is van die Drie-enige God.

**6.4.2** *Skuldbelydenis en genadeverkondiging*

* **Kyrie Eleison** – Dit kom uit die NT as roep om erbarming en hulp uit nood. Dit is afgelei uit beide Joodse en heidense liturgiese formules. Die Kyrie kom oorspronklik voor in die voorbedegebed as die tussenroep van die gemeente. As die diaken oproep om vir die aangekondigde sake te bid, dan roep die gemeente hierdie gebed en verenig hulle so met hierdie voorbede. In die kerk is dit gebruik in die vorm: "Kyrie Eleison, Christi eleison, Kyrie eleison." (Here ontferm U, Christus ontferm U, Here ontferm U"). Elkeen van hierdie strofes word driemaal gesing, dus in geheel negemaal. Later is ndit ook in Latyn gespreek: "Domini miserere ..." Later word die Kyrie losgemaak van die voorbedegebed en verkry 'n selfstandige plek. Die Kyrie Eleison as smeking word feitlik in al die historiese liturgieë aangetref. Dit is nie trinitaries nie, maar is in die geheel gerig tot Christus, die Seun.

* **Litanie**: Die litanie is 'n gebed vir besondere tye en noodtoestande. Dit is 'n gebedsvorm waarin vaste response gemaak word deur die gemeente, na die kort bedes of petisies gesê of gesing deur die diaken, priester of kantor. Die meeste litanieë is smekend, hoewel litanieë van verering of danksegging nie onbekend is nie. Die meeste smekende litanieë is óf in geheel óf gedeeltelik voorbiddend of intredend. Dit kom in korter of in meer uitgebreide vorm voor. Van die litanie skryf WJ Grisbrooke: "Of all forms of public prayer, the litany is perhaps the most flexible and the most conducive, when used competently to effect congregational participation".

* Ten opsigte van **verootmoediging en skuldbelydenis**, en van **genadeverkondiging en vryspraak**, is daar in die Roomse liturgie twee vorms van wisselspraak, te wete die **Akses (Accessus) en die Trappegebed of Confiteor.** In die Reformatoriese liturgieë is daar ook verskeie liturgiese tekste en formules.

**6.4.3** *Bidgebede Petisie:*

Gebed in die erediens beteken dat die mens met vrymoedigheid na die troon van God mag gaan en in die Naam van Jesus Christus en in die krag van die Heilige Gees al die node en behoeftes op tydelike en geestelike terrein voor God mag lê.

* Die **Collecta** is 'n klassieke vorm van die Christelike gebed. Dit was oorspronklik die afsluiting van 'n omvattende gebedsakte. Dit kom ook voor in die Nagmaalsdeel waar dit as danksegging die Nagmaal afsluit. In die Collecta word gebid op grond van Christus se offer en sy intrede vir ons by die Vader. Dit is steeds tot die Vader gerig en sluit met die woorde: "Deur Jesus Christus, U Seun, ons Here". Die priester vat al die afsonderlike bedes saam, konkludeer dit en lê dit voor die Here. Dit is kort en het 'n presiese bou, waar op helder en pregnante wyse geformuleer word. Dit het die vyfvoudige skema: Gee-ons-ons bid - Here - om u heil.

* **Die Epiklese** kom voor ten opsigte van die Nagmaal en ten opsigte van die Woordbediening. Wat **die Nagmaal** betref is dit in die eerste eeue die bede dat die Heilige Gees oor die ontvangers van die Nagmaal kom, sodat die gawes van die sakrament tot hulle heil sal geskied. In die 4e en 5e eeu is die bede betrek op die Nagmaalselemente: Die Heilige Gees moet die brood en die wyn verander in liggaam en die bloed van Jesus Christus. So is dit vandag nog in gebruik by die Oosterse Kerke. In die Roomse Kerk het dit verval omdat hulle leer dat as die priester die konsekrasiewoorde uitspreek, die elemente van brood en wyn outomaties/wetmatig verander in die liggaam en bloed van Christus. In Reformatoriese kerke is dit 'n belangrike bede om die Heilige Gees wat oor almal moet kom sodat Hy die gebruik van die sakrament tot hulle heil sal maak. Wat **die Woordbediening** betref, is die epiklese die bede dat die Heilige Gees by die lees en die verkondiging van die Woord die Skrif sal open na sy ware bedoeling en tegelyk die harte van die hoorders sal open sodat hulle dit sal verstaan, glo en gehoorsaam.

**6.4.4** *Die Voorbedegebed of die Algemene Kerkgebed die Intersessiegebed.*

Na die preek en voor die oorgang na die nagmaal, word die Voorbedegebed of die Algemene Kerkgebed of die Intersessiegebe gebid. Hierin rig die gemeente "algemene" versoek en bedes tot God en druk daardeur hulle eenheid as liggaam van Christus uit. Dit was nooit 'n gebed wat as antwoord was op die prediking en waarin op die sake in die prediking genoem teruggekom is nie. Die Voorbedegebed bestaan wesentlik uit drie voorbede- groepe:

* Voorbidding vir die koninkryk van God, vir die verkondiging van die evangelie, vir die kerk en sy dienare.
* Voorbidding vir die staat en owerheid, vir vrede, vir geregtigheid, bewaring van die skepping, vir die same-lewing, sowel as vir die huis en vir die beroep.
* Voorbidding vir die nood van die Christenheid en vir alle noodtoestande en vir

allerlei vorms van konkrete nood. So is daar gebid vir 'n groot verskeidenheid van noodlyding van Christene, sowel as van nie-Christene.

Die gebed geskied in die vorm van 'n **ektenie,** dws die afsonderlike gebedsversoeke word op ekshortatiewe wyse genoem (kom laat ons bid vir ...) en deur die gemeente met Kyrie Eleison of "Heer ontferm U" beantwoord. Die voorbedegebed kry sy groot betekenis in die Reformatoriese erediens waar dit as antwoord van die gemneente dien op die prediking

van die evangelie. Na die preek is dit verbind met die Ons Vader.

**6.4.5** *Gebed as dank en danksegging.*

Hier is die beste voorbeeld die **Eucharistiegebed** of die **Anafora**. Dit is die groot dankgebed by die nagmaal. Met die verloop van tyd het dit uitgegroei tot 'n hele kompleks van liturgiese tekste en formules wat moes voorberei op die Nagmaal en die viering daarvan. In hierdie groot dankgebed word die Vader gedank vir alles wat Hy in die skepping, in die verlossing, in die heiliging en versorging gedoen het; vir alles wat Hy tans in die kerk en in die wêreld ten spyte van die sonde van die mens volbring.

**6.4.6** *Gebed as aanbidding*

* Hier kan eerstens genoem word die **Sanctus**. Die Sanctus is 'n himne wat groei uit die Prefatio. Dit kom uit die OT, uit Jes 6:3, die engeleroep: "Heilig, heilig heilig is die Here van die leërskare. Die hele aarde is van sy heerlikheid vol". Hierby word die roep "Hosanna" aangesluit (Mat 21:9, wat weer uit Ps 118:25, 26 ontleen is). Die OT driemaal heilig, die Kedusha, kom uit die sinagogediens. Die Sanctus is die suiwerste vorm van aanbidding van God.

* Die **Agnus Dei** is sedert die oudste tye 'n litanie-agtige himne wat deur die koor gesing word en wat die offergedagte van Jesus Christus opneem en met die nagmaal verbind. Dit lui: "Lam van God, wat die sonde van die wêreld wegdra, ontferm/erbarm U oor ons". Dit kan baie effektief gesing of gesê word by die nagmaaltafel.

**6.5 Nog meerdere voorbeelde van liturgiese tekste en simbole.**

Hier word baie kortliks enkele verdere terreine waar liturgiese tekste en formules gebruik word, aangestip:

**6.5.1** *Tekste en formules as belydenis van geloof:* Op verskillende wyses reageer die gemeente op wat God doen en sê deur dit te bevestig, te beaam, dit hulle eie te maak en weer daarvan na binne en na buite te bely. Afgesien van aspekte van die belydenis wat in verskillende tekste en formules voorkom, is daar veral die drie ekumeniese belydenisskrifte.

**6.5.2** *Tekste en formule rondom die sakramente:* Ten opsigte van die nagmaal is daar verskeie tekste en formules wat gebruik word. Dieselfde geld van die doop. Hier gaan veral simboliese handelinge en tekste en formules hand in hand. So byvoorbeeld in die Patristiese Kerk: Voor die Nagmaal, tydens Pase: Die kandidate word met olie gesalf, hulle sweer die Satan af, hulle bely hulle geloof in die Vader en die Seun en die Heilige Gees, word gedoop, na die doop word hulle op die hoof gesalf, hulle trek wit klere aan, word van die baptisterium gelei na die versamelde gemeente, daar word gebid dat hulle die sewevoudige Gees ontvang, die biskop lê hulle die hande op en salf hulle op die voorkop, dan neem hulle deel aan die gebede en ontvang die nagmaal.

**6.5.3** *Tekste en formule rondom die bevestiging van ampsdraers.*

**6.5.4** *Tekste en formule rondom die bevestiging van huwelike, en begrafnisse.*

**6.5.5** *Tekste en formule rondom die toetrede tot die kerk en die afsnyding daarvan.*

**6.5.6** *Tekste en formule rondom die Skriflesings.* Voor en na die Skriflesing geskied daar gebeure, liedere en formules, soos die Graduale, die Halleluja, die Tractus, ens. Ten opsigte van die Skriflesings uit die Briewe en uit die Evangelies (en ook uit die OT), bestaan verskillende geordende sisteme van gekose lesings (perikope) bepaald vir die liturgiese gebruik vir elke Sondag van die Kerklike Jaar en vir andere besondere geleenthede.

**6.5.7** *Liturgiese boeke*, waarin die verskillende liturgiese tekste en formules, asook die ritueel, aangegee word.

**6.5.8** ***Prosessies*:** Daar is onder andere drie prosessies en waartydens liedere gesing word, te wete die Introïtus, die Offertorium en die Kommunie. Hier vind 'n liturgiese handeling plaas en tegelyk word 'n liturgiese lied gesing.

**6.5.9** *Die wye veld van lied in die erediens:* Daar is verskillende vorms van die kerklied en verskillende soorte liedere.

**6.6 Die teorie en die praktyk.**

**6.6.1** Uit die ondersoek het duidelik geblyk **watter belangrike rol die bepaalde teologie en belydenis van 'n kerk speel** in die ontstaan, vestiging, ontwikkeling, groei en verandering van liturgiese tekste en formules. By die hele saak van liturgiese tekste en formules moet dus altyd eers gekyk word na die tersaaklike teologie en belydenis. Dit gebeur dat die teologie en belydenis gewysig word en dan moet in bestaande liturgiese tekste en formules hierdie wysiginge ook onderken word.

**6.6.2** Verder het geblyk dat **die mens** wat die liturgiese tekste en formules gebruik, **ook terdeë in bereking gebring moet word**. Die wyse waarop mense reageer op die evangelie en die belewing van die geloof, is uiters belangrik in die gebruik van liturgiese tekste en formules.

**6.6.3** **Hoe mense reageer op die evangelie** en hulle hulle geloof uitdruk en dit beleef, word in 'n belangrike mate bepaal deur die **huidige samelewing, deur die kultuur-historiese en tyd-historiese omstandighede.**

**6.6.4** Liturgiese tekste en formules **moet ten dienste staan van die hele mens** en nie slegs van enkele fasette daarvan nie. Dus sal die tekste en formules moet spreek van die viering en aanbidding,. En ook van die kennis en lering, van die kennis sowel as die belewing, van die gegrepenheid sowel as die aksie en gehoorsaamheid. Daar sal ernstig gekyk moet word na die geskiedenis van lang liturgiese formuliere by die sakramente, by die ampshandelinge, by newedienste soos die huwelike en begrafnisse, ens, waar die klem veels te swaar gelê word op die kennis, die leer, die dogma, die voorwaardes, die verstaan, en veels te min op die deelname, die simboliek, die belewing en die handeling. Baie van die kennisinsette hoort tuis by die kategese, en wat ook moet voortduur, asook by die leerelement wat inherent is aan alle Bybelse prediking.

**6.7 Die dringende geroep om 'n nuwe, geheelaanpak.**

Daar bestaan vandag in die kerk 'n dringende behoefte om weer ernstig te kyk na die geskiedenis van liturgiese tekste en formules, dit alles nuut te beoordeel en te evalueer. Wat goed en bruikbaar gevind word, moet vir die kerk met sy teologie en belydenis in die vorm en idioom van ons dag gegiet word. Verder moet die bestaande lang, histories-oorgeërfde, swaar leerstellige en intellektualistiese liturgiese formuliere weer ondersoek word om dit minder dogmaties, intellektueel en rasioneel, en meer liturgies, simbolies en vierend te maak.

AC BARNARD

(Geraadpleegde werke by die skriba beskikbaar)

# EREDIENS: BYLAE 4
# SEKULARISASIE VS SPIRITUALITEIT IN DIE HEDENDAAGSE AFRIKAANSE KERKLIED: ENKELE GESIGSPUNTE

## 1. INLEIDING

**1.1** Verskillende beskouings omtrent allerlei vernuwings in die erediens, die liturgiek en ook die kerkmusiek (byname die gemeentelike kerklied) is oral in kerklike kringe druk onder bespreking. Wat die *kerklied* betref, kom verskillende nuwe liedstyle voor wat soms opvallend verskil van die meer "konvensionele" of kerklied waarmee die meerderheid lidmate van sê veertig jaar en ouer in die Ned Geref Kerk opgegroei het. Verskillende argumente word aangevoer vir die sanksionering (binne die erediens) van liedere met 'n baie sterk, soms voortstuwende ritmiese dryfkrag. Dan is daar ook nuwe liedere met melodiese wendinge wat kennelik meer gevoelsmatig op die oor val en soms weinig of géén verskil met eietydse melodieë uit die vermaaklikheidswêreld toon nie. Sulke liedere word soms begelei deur instrumente of instrumentgroepe wat 'n tyd gelede nooit in 'n erediens gebruik of selfs toegelaat sou word nie.

**1.2** Dit is 'n saak wat dikwels groot spanning veroorsaak en soms aanleiding gee tot die teenoormekaarstelling van twee hoofgroepe: Aan die een kant is daar die voorstanders van die "meer gewyde, plegtige en/of tradisionele" kerklied waarin daar hoegenaamd geen plek is vir enige vorm van vernuwing of verandering nie. Aan die ander kant is daar diegene wat hulle beywer vir die bevordering van "meer eietydse, lewendige en/ of gospel"-liedere wat *verkieslik deur instrumentegroepe* begelei behoort te word.

**1.3** Dan is daar ook 'n derde groep , bestaande uit mense wat glo dat 'n Gereformeerde kerk voortdurend moet reformeer, ook wat sy kerkmusiek betref. Hulle is terselfdertyd ernstige voorstanders van *verantwoorde, stylvolle* verandering waarvan die produkte gemeet behoort te word aan sowel musikale as himnologiese kriteria. Sulke stemme word nie dikwels gehoor nie, miskien omdat dit juis 'n kenmerk van die gematigdheid is om selde sy stem te verhef.

## 2. DIE HISTORIESE AANLOOP

**2.1** 'n Tyd gelede sou talle "eietydse" liedere waarskynlik afgemaak gewees het as "sektaries", "oneerbiedig", "wêrelds", "ligsinnig" of selfs "heidens." So-nie, sou liedere wat in hierdie rigting geneig het, minstens uit die erediens geweer en as't ware op 'n syspoor gerangeer word (vir gebruik by ander kerklike byeenkomste of geleenthede wat *meestal* nie op Sondae plaasgevind het nie).

**2.2** Die gemeentesang binne die erediens het jaar na jaar sy rustige gang gegaan langs die weg van 'n relatief beperkte aantal vertroude en geliefde Psalms en Gesange wat in baie gevalle uit die hoof gesing is ('n bekende voorbeeld is Psalm 100 wat vir baie lidmate slegs 'n eerste en vierde strofe gehad het - "Juig al wat leef" en "Want goedertieren is die Heer"). Sekere liedere het 'n vaste plek in die erediens beklee (dink maar aan "Gee dat die Gees die leraar sterk") Die meeste gesinne het 'n eie repertorium liedere gehad vir gebruik by die huisgodsdiens. In sowel liturgiese verband as die intieme huisgodsdienskring is onbekende liedere in vrede gelaat óf, jammer genoeg, bewustelik eenkant toe geskuif, omdat hulle sogenaamd "onsingbaar" was (laasgenoemde beswaar is terloops reeds sedert die middel van die vorige eeu teen bepaalde liedere geopper).

**2.3** Meer gevoelsmatige liedere (meestal opgeneem in die Hallelujabundel) het in die meerderheid gevalle 'n eie plek in die kerklike lewe en 'n meer intensiewe gebruiksfrekwensie tydens bepaalde momente in die kerklike jaar gehad (byvoorbeeld gedurende Pinksterbidure). Dikwels is van hierdie liedere ook gebruik by byeenkomste van die destydse "Kinderkrans", die "Sondagskool" of ander jeugbyeenkomste, byvoorbeeld van die "KJV". Die tekste van talle bekende liedere kon deur 'n groot aantal lidmate uit die meeste gemeentes uit die hoof opgesê word.

**2.4** Tydens 'n bepaalde denkfase binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk is besluit om van die Hallelujabundel af te sien. Dit moet in gedagte gehou word dat die besware teen bepaalde Hallelujaliedere nie noodwendig/uitsluitlik teen die *melodieë* geopper is nie, maar in baie gevalle teen die strekking en inhoud van die *tekste*. Die leemte wat deur die verdwyning van die Hallelujabundel onder sommige lidmate ontstaan het, is egter nie terselfdertyd gevul nie (ook nie deur byvoorbeeld "onbevredigende" tekste dadelik te hersien en die liedere dan weer op een of ander wyse beskikbaar te stel nie).

**2.5** Gaandeweg het allerlei bundels met andersoortige, "eietydse" liedere in individuele gemeentes begin verskyn. In baie gevalle het sommige van hierdie liedere mank gegaan aan dieselfde soort gebreke as hulle "Hallelujabundel-voorgangers". Dit het nietemin baie duidelik bewys dat die behoefte aan sulke liedere ongetwyfeld bestaan en dat hierdie behoefte nie saam met die Hallelujabundel verdwyn het nie.

**2.6** Die verskyning van *Jeugsangbundel 1* en lateraan *Sing onder Mekaar* en *Jeugsangbundel 2* was almal pogings om enersyds hierdie behoefte aan te spreek en andersyds die samestelling en gebruik van individuele/gemeentelike bundels enigsins te orden (veral wat die *teksinhoud* betref).

**2.7** Dit wil egter voorkom asof hierdie pogings, insluitend die meer onlangse *Jeugsangbundel 2,* nog steeds nie aan die behoefte aan nuwe liedere voldoen nie. Die vraag na en totstandkoming van 'n verskeidenheid nuwe liedere duur steeds voort.

**2.8** Terselfdertyd bestaan daar in talle gemeentes entoesiastiese aandrang op die gebruik van verskillende "nie-tradisionele" begeleidingsinstrumente en instrumentgroepe in plaas van die pyporrel.

**2.9** 'n Meer onlangse verskynsel is die gebruik van "liturgiese danse". Soms word sulke danse bykomend tot ander liturgiese momente gebruik, maar daar is ook gevalle waar dit sekere liturgiese momente soos die *gesproke gebed* wil *aanvul* of selfs *vervang.*

## 3. VRAE SOOS DIE VOLGENDE KOM DERHALWE DIKWELS AAN DIE ORDE

**3.1** Wil ons nou 'n tipies Amerikaanse gospel-kultuur in die Nederduitse Gereformeerde Kerk laat indra?

**3.2** Hoe nou gemaak met anderstalige liedere (byvoorbeeld Engels, Latyn, Hebreeus) *wat in die plek van liedere in ons moedertaal* (uit die amptelike liedboeke van die Ned Geref Kerk) in 'n Afrikaanstalige erediens gebruik word? Beteken dit, onder andere, dat ons al die bestaande Afrikaanse liedere

in die huidige amptelike liedbundels *só goed ken en só dikwels sing, dat hulle "uitgesing" is?*

**3.3** Het ons hoegenaamd nog 'n eie (kerk-)kultuur of het ons reeds kultuurloos geword?

**3.4** Lê ons eie (kultuur-)wortels dan so vlak dat hulle deur die geringste aanslag van buite uit die grond geruk kan word?

**3.5** Vanwaar dié liedere uit ander oorde/bronne/kulture met dikwels aardse, polsende ritmes en kennelik sinstrelende melodieë? Hoort dit in 'n Gereformeerde kerk of moet dit liewer buite wag totdat die erediens verby is? Maak sulke liedere/musiek inderdaad deel uit van ons *Gereformeerde karakter?*

**3.6** Vanwaar die begeleidingsinstrumente wat tevore nooit binne die mure van die kerk geduld sou word nie? Indien sulke instrumente en/of instrumentegroepe by geleentheid gebruik word, *hoekom geskied dit so dikwels sonder enige (hoorbare) voorbereiding/inoefening?* Is die pyporrel dan uitgedien of het dit nou plekke geruil met die "verbode" instrumente van die verlede?

**3.7** Vanwaar en waarheen met hierdie nuwe "beweging" wat sommige lidmate verskrik of verontwaardig uit die erediens (soms selfs uit die gemeente) verdryf omdat dit, volgens hulle, "nie langer kerk is nie, maar eerder disko" geword het? Kan/moet ons toesien dat *kerkliedere* 'n gemeente verdeel?

**3.8** Wat het geword van die ("sektariese") oordeel wat nie so lank gelede nie maklik uitgespreek is oor 'n lied waarvan selfs net die ritmiese ontwerp té "lewendig" was? Wat van *musiekwetenskaplike en teologiese keuring* van nuwe liedere?

**3.9** Maak dit hoegenaamd nog sin om kerkmusici (orreliste en koorleiers) teen groot koste op te lei as daar *dikwels* so min waarde geheg word aan hulle oordeel, insig en kennis? Skort daar dan iets met hulle opleiding of vind die kerkmusiek in sulke gevalle 'n beter tuiste in die hande van amateurs?

**3.10** Is die Nederduitse Gereformeerde Kerk dalk besig om heeltemal sektaries te word?

**3.11** Het ons lidmate dan geen smaak of oordeel vir dit wat stylvol en smaakvol is nie?

**3.12** Wat het geword van die "gewyde erns" in die erediens wat so eie was aan die tradisionele siening van Gereformeerdheid? Is "Gereformeerdheid" en "gereformeerd wees" dan nie langer van toepassing op die kerkmusiek en erediensinkleding nie?

**3.13** Bestaan die Nederduitse Gereformeerde Kerk nou slegs uit en vir die jeug? Overgesetsynde - moet middeljarige en ouer lidmate maar liewer na 'n "middeljarige" of "ouer" gemeente/kerkgenootskap gaan soek en die Nederduitse Gereformeerde Kerk maar aan die jeug oorlaat?

**3.14** Wat van 'n spesiale (tweede) oggenddiens vir lidmate bókant 'n sekere ouderdom?

Op hierdie, en nog talle ander vrae moet daar sekerlik geantwoord word. Nuwe vrae benodig nuwe antwoorde. Indien antwoorde dus ontbreek, behoort hulle *ernstig en spoedig* gesoek te word. Sulke antwoorde laat hulle dikwels nie maklik vind nie en word ook nie noodwendig binne die vier mure van 'n studeerkamer, biblioteek of konsistorie aangetref nie. Hulle is waarskynlik meer geredelik te vinde langs die weg van indringende gesprekvoering deur 'n groot verskeidenheid gesprekvoerders. Op dié wyse kan daar daar bes moontlik oor die begronding van verantwoorde vertrekpunte en hantering van hierdie uiters belangrike saak besin en dan *gehandel* word.

## 4. ENKELE GESIGSPUNTE WAT MOONTLIK BY HIERDIE GESPREK IN GEDAGTE GEHOU KAN WORD

**4.1** Oorweeg ten aanvang die volgende standpunt van Franky Schaeffer in sy boek **"Addicted to Mediocrity: 20th Century Christians and the arts"** (vry vertaal): *"Elke kerkgenerasie het sy eie vaal kolle, meestal as gevolg van die kerk se pogings om aan te pas by die probleme daarbuite óf omdat die kerk daardeur geïnfiltreer word."*

**4.2** Die grondliggende redes vir die spanning waarna in paragraaf 1.1 hierbo verwys is, is 'n gebied waaroor weinig diepgaande navorsing tot op datum gedoen is. Is dit te wyte aan godsdienstige, sosiologiese of dalk sielkundige redes? In watter mate het dit moontlik te make met (of verklank dit) die algemeen menslike behoeftes aan warmte, gemeensaamheid, saamwees en omgee?

**4.3** Die mens is 'n wese met verstand, wil én emosie/gevoel. In watter mate word elkeen van die drie "bestanddele" binne die erediens aangespreek/ingespan? Word een of meer van hulle dalk heeltemal afgeskeep of is daar sprake van *balans?*

**4.4** Is ons daarvan bewus dat die meeste mense *alleen maar in die kerk nog hoegenaamd sing?* By hoeveel ander geleenthede (buite die erediens) word daar nog gesing? Word daar nog gesing by volksfeeste? By huisgodsdiens? In die skool? (indien wel, sing kinders nog Afrikaanse kerkliedere?) Is daar êrens nog 'n plek (buite die disko) waar die mens sy ingebore behoefte aan liggaamlike beweging (op maat van musiek) kan uitleef (siende dat min mense hoegenaamd nog *weet* van die bestaan van so-iets soos volkspele of die sangaande van die verlede waartydens heen-en-weer gewieg is op die maat van die musiek?) Moet hierdie behoefte noodwendig tydens 'n erediens aangespreek word? Is die behoefte aan liggaamlike beweging 'n kulturele/ sosiologiese/ godsdienstige uiting of 'n kombinasie van al drie?

**4.5** In watter mate is die *onderdrukking van van sterk emosies in die alledaagse lewe* (byvoorbeeld smart tydens begrafnisdienste) verantwoordelik vir die behoefte aan sterk emosionele ervarings tydens die erediens?

**4.6** In watter mate is daar nog sprake van 'n gesonde gemeenskapslewe waarbinne families, vriende en bure mekaar *emosioneel* ondersteun en aanvul?

**4.7** Is dit moontlik om *alle* emosionele leemtes wat tydens die voorafgaande ses dae mag ontstaan het, binne die een uur van 'n enkele erediens te vul? Is dit *gewens?*

**4.8** Is daar nie dalk in die verlede gefouteer deur alle emosie eenvoudig gelyk te stel aan oppervlakkige opwinding, sentimentaliteit en ("sektariese") gevoelsopwekking nie? In watter mate word die beskouing onderskryf dat enige "gevoel" of "emosie" eintlik maar 'n bietjie verdag is en dat dit, soos die saad in die gelykenis van die saaier, in vlak grond val waar dit gou verdor?

**4.9** Maak ons ruimte binne die erediens vir die "diep, standhoudende vreugde" waarvan Dr Willem Nicol (**Beeld,** 30 Julie 1996) skrywe - word daar genoegsame aandag aan die *verstand én die wil* van die gelowige mens gegee, sodat emosie die aangename *gevolg* (let we: ,nie *oorsaak nie*) daarvan is?

**4.10** Sekere aantygings wat soms teen die tradisionele erediensontwerp en -inkleding gemaak word, is dikwels ongegrond of dan minstens veralgemenend. Dit is nie noodwendig/uitsluitlik plegstatig, koud, klinies of harteloos nie. Dit

bestaan nie vanselfsprekend uit verstarde rituele met stadige, slepende sang nie. Dit is ook nie vanselfsprekend ontdaan van enige direkte (godsdienstige) belewenis nie. Terselfdertyd kan dit sekerlik nie ontken word dat daar eredienste plaasvind waartydens die "erediens van die lewe" asseblief maar buite die kerkgebou moet wag totdat die seën uitgespreek is nie. Aan die ander kant is daar eredienste waarvan die karakter só dramaties verskil van die eredienstradisie waarin talle lidmate opgegroei het, dat hulle nie langer daar tuis voel nie.

**4.11** Betrek ons die *hele* mens by die Evangeliebediening - sy wil, gevoel én verstand/- *op 'n gebalanseerde wyse?* Daar staan immers in Matteüs 22:37 dat jy "die Here jou God moet liefhê met jou hele hart, jou hele siel en met jou hele verstand." Op talle ander plekke in die Bybel word melding gemaak van 'n verskeidenheid menslike gevoelens. Woorde wat dui op hartgrondige gevoelsbelewenisse soos "ontsteld", "kwaad", "verlang" en "huil" kom geredelik voor. Gebeur dit nie miskien dat daar van lidmate verwag word om liefs maar *alle gevoelsbelewenisse* buite die erediens te laat wag nie?

**4.12** Daar is 'n radikale verskil tussen *"stylvolheid"* en *"ingewikkeldheid."* Dit is verder heeltemal moontlik vir 'n kerklied om "eietyds", "singbaar", "verstaanbaar", "aantreklik", "lewendig" en terselfdertyd *stylvol, smaakvol en liturgies bruikbaar* te wees.

**4.13** *Eenvoud is ook nie gelyk aan oppervlakkigheid of platvloersheid nie* - sommige van die mees aangrypende kerkliedere (soos Psalm 42) is terseldertyd een van die eenvoudigste liedere in die repertorium van die ganse Christendom.

**4.14** Die groot waarde van gemeentesang en die voorreg om te mág sing:

**4.14.1** Die betekenis van die Kerkhervorming word allerweë erken. Terselfdertyd word die indruk soms geskep dat een van die belangrikste fasette daarvan op die agtergrond geplaas word, naamlik die feit dat dit die Gemeente van Christus vir die eerste keer in die geskiedenis toelaat om self *tydens die erediens te sing!*

**4.14.2** Is ons gewone lidmate bewus van hierdie ongelooflike voorreg? - veral dié lidmate wat in sovele gevalle gewoond geraak het aan die rol van passiewe, meesal sittende *luisteraars* wat graag "gestig", selfs "vermaak" of "gestreel" wil word. Vir sulke lidmate is sagte, strelende orrelmusiek by uitnemendheid geskik. (Indien die liturg geen "showman" is nie, is die erediens vir diesulkes 'n betreurenswaardige mislukking en word daar ywerig gesoek na 'n kerk met "lewe", met "vreugde" en "ware aanbidding").

**4.14.3** In watter mate word eredienste bygewoon om iets *daaruit te kry* in plaas van te *gee?* Het dit nie dalk veel te make met die teleurstelling van sommige lidmate (in die vorige paragraaf) nie?

**4.14.4** Word lidmate genoegsaam daarop gewys dat hulle juis ook *deur die lied* aktief kan deelneem aan die erediensgebeure? Hoe dikwels word daar *bewustelik* en met *oorgawe* gesing?

**4.15** Die begrip "spiritualiteit":

**4.15.1** Vir 'n geruime tyd, veral gedurende die negentiende en vroeg-twintigste eeu, is spiritualiteit beskou as iets wat los van die gewone lewe bestaan. Dit staan dan as't ware bokant gewone dinge en is iets *suiwer godsdienstigs.*

**4.15.2** Só word "spiritualiteit" gaandeweg 'n doel in sigself en bring op sy beurt skeiding tussen "sekulêre" en "godsdienstige" fasette van die aardse bestaan. Dit bring verder mee dat die toepassing van Christelike beginsels *op alle fasette van die lewe* nie plaasvind nie, terwyl die enigste geldige skeidslyn tussen die volle/ware Christelike lewe en die wêreldse lewe die *sonde* is. Jesus Christus het immers die *hele* mens kom red en God is immers Skepper van die *hele* mens. Word daar, wat sowel die erediens as die lied betref, genoegsaam hiermee rekening gehou?

**4.16** Beskouings omtrent die kunste, insluitend die musiek:

**4.16.1** In die verlede, en selfs vandag nog, bestaan die oortuiging dat die kunste, insluitend die musiek, iets "on-geesteliks" of "nie-spiritualisties" is. Dit is derhalwe onder-geskik aan die sogenaamde "hoër" geestelike doelstellings, ook die doelstellings van die Evangeliebediening.

**4.16.2** Terselfdertyd ontstaan die geromantiseerde beskouing dat die kunste, en dus ook die musiek (lees "kerkmusiek") die eksklusiewe terrein is van enkele begaafde, talentvolle, buitengewone persone wat effens buite die dampkring van die alledaagse lewe werk en leef. Hiervan word dan verder afgelei dat musiek alleen maar sulke "begenadigde" of "buitengewoon ingewydes" kan aanspreek en slegs vir hulle toeganklik en verstaanbaar is.

**4.17** Beskouings omtrent die hedendaagse mens en sy leefwêreld:

**4.17.1** Die hedendaagse mens word dikwels beskou as 'n *funksionele* wese. Sy leefwêreld word eweneens as funksioneel gesien - 'n boom het byvoorbeeld alleen 'n funksie wanneer papier of meubels van sy hout gemaak word. As toonbeeld van natuurskoonheid word dit eenvoudig nie gereken nie.

**4.17.2** Volgens dié beskouing moet die mens as *funksionele* wese bestaan - hy moet presteer, verdien, bydra en produseer en sy bestaan op dié manier regverdig. Hiervoor moet hy al sy talente inspan. Sy "waarde" as mens word nie gesien in die lig van die beeld van God na wie hy geskape is en van wie hy sy talente ontvang het nie, maar eerder en soms uitsluitlik in die lig van sy *nuttigheidswaarde.*

## 5. DIE GEVOLGE VAN AL HIERDIE BESKOUINGS

**5.1** Die belangrikste enkele gevolg van al die voorafgaande beskouings is dat dit skeiding bring tussen spiritualiteit en die lewe self, asof die een heeltemal los en onafhanklik van die ander bestaan en funksioneer. Aan die een kant staan die mens se (sekulêre) leefwêreld en aan die ander kant die geestelike wêreld, gevul met spiritualiteit.

**5.2** Dit bring mee dat elke "wêreld" volgens sy eie maatstawwe gemeet moet word. Op sy beurt bewerkstellig dit dubbele standaarde: 'n verskynsel (of praktyk) wat in die sogenaamde "geestelike" leefwêreld geredelik aanvaar word, word in die "sekulêre" of alledaagse wêreld eenvoudig nie geduld nie!

**5.3** Franky Schaeffer gebruik 'n interessante verhaaltjie om hierdie standpunt te illustreer: Iemand laat teen groot koste 'n nuwe woonhuis oprig deur 'n "Christen-" bouer. Met die eerste reëns lek die dak allerverskrikliks en die fondament sak aan die een kant heeltemal weg. By telefoniese navraag sê die bouer aan die ontstelde huiseienaar:

"Broer, dis 'n toets vir jou geloof. Wees altyddeur dankbaar" en dan sing hy sommer so oor die telefoon die eerste paar note van "Jerusalem, o skone stad."

**5.4** Vanselfsprekend sal geen bouer met so 'n maklike "oplossing" in die sekulêre wêreld kan wegkom nie. Maar wat daarvan as dieselfde verhaal hom in die "geestelike" wêreld/die Kerk sou afspeel? Beteken die feit dat daar in die Kerk met

onsienlike, ontasbare dinge in plaas van bakstene gebou word, dat minderwaardige/swak bouwerk maar aanvaar moet word? Indien daar bevestigend op laasgenoemde vraag geantwoord sou word, beteken dit dat daar met dubbele standaarde gemeet word, *juis omdat daar vanuit die staanspoor skeiding tussen spiritualiteit en sekulariteit gemaak is.*

**5.5** Dit beteken verder dat die mens met sy Godgewe *talente* gereduseer word tot die status van flinke hanteerder van nuttige *"gereedskap"*. Een van die lonendste afsetgebiede vir hierdie aktiwiteit is dikwels middelmatige, gekommersialiseerde "Christelike" kuns/musiek waarvan die produkte in skynbaar ontelbare golwe oor die hedendaagse gemeenskap spoel.

**5.6** Natuurlik het die middelmatigheid, soos die meeste ander verskynsels, óók sý kampvegters:

* "Dit kan dalk siele red", word aangevoer. *Kan sogenaamde "konsentrasiekamp-bekerings" dan ook dien as regverdiging vir konsentrasiekampe?*

* "Dit doen iets goeds, dit is beter as niks." *Is die rommel wat soms op TV verskyn, ook beter as niks? Is kwantiteit dan beter as kwaliteit?*

* "Miljoene mense luister daarna." *Beteken die feit dat miljoene mense na pornografie kyk, dat pornografie goed/nuttig is? Beteken die gebruik van dwelms deur miljoene mense, (by gebrek aan iets "anders/beters") dat dwelms goed/nuttig is?*

## 6. "WAT SAL ONS DAN VAN AL HIERDIE DINGE Sê?"

**6.1** Dalk het dit tyd geword om, spesifiek wat die kerkmusiek betref, "verslaaf" te word aan *kwaliteit* in plaas van *kwantiteit*, en aan integriteit en hoë standaarde (soos ons van die musiekuitvoerings in konsertsale en elders vereis). Die Kerk was deur die eeue die *leier* - en nie die navolger nie- op die gebied van die opvoeding (kerkskole en-universiteite) asook die kunste. Daarby was die Kerk ook die *bewaarder* van hierdie dinge.

**6.2** In die soeke na vernuwing en voortdurende reformering, moet ruimte gelaat word vir die oorweging van soms uiteenlopende musiekstyle. *Dit behoort egter teen elke prys vermy te word om lidmate in dié proses van mekaar of van die Kerk te vervreem.*

**6.3** Nuwe liedere moet gemeet word aan musiekwetenskaplike en himnologiese standaarde en dit beteken allermins dat alle nuwe liedere in dieselfde styl moet wees of dat liedere wat nie in een of ander styl is nie, uit beginsel afgekeur word.

**6.4** Die groot krag van musiek, wat groot groepe mense in beweging kan bring, mag nooit onderskat word nie. *Musiek kan 'n ongelooflike houvas op die mens se emosies verkry.* In verkeerde hande kan dit (soos reeds in die verlede bewys) tot die oorbeklemtoning van die emosionele en gevolglik groot skade lei.

**6.5** Die sterk verkondigingselement van 'n goeie kerklied kan nooit ontken word nie. Terselfdertyd kan geen kerklied of kerkmusiek, hoe kragtig ook al, 'n erediens "red" nie. *Die verkondiging van die Woord moet steeds sentraal staan.*

**6.6** Musiek kan ook die draer van sterk assosiasies wees. Om die rede alléén is dit eenvoudig nie aanvaarbaar om 'n melodie uit die wêreld van die vermaaklikheids-musiek of die luisterliedjie te "leen" en dit met 'n Bybelse teks te kombineer vir gebruik in die erediens nie. Voorbeelde daarvan is talryk en beslis geen verdigsels nie - die melodieë van liedere soos *"Die Lappop"*, *"Die Kat kom weer"* en danswysies soos *"Hey, Macarena!"* het al by geleentheid kom aanklop as "geestelike liedere", weliswaar met "vroom" tekste. Die teendeel is ewe ongewens - wat sou ons lidmate byvoorbeeld daarvan dink indien die melodie van Psalm 42 gebruik sou word vir die toonsetting vir 'n romantiese liefdesteks?

## 7. "WAT KAN ONS DALK AAN AL HIERDIE DINGE DOEN?"

**7.1** Terwyl verskeie amptelike kommissies van die Ned Geref Kerk (in samewerking met die ander susterskerke) druk aan die werk is om al die bestaande liederebundels te hersien en uit te brei, kan die Kerk in breër verband meewerk deur eredienste só in te rig dat die gemeentesang die volle spektrum van die lewe verteenwoordig. Hierdie "volle spektrum" omspan egter nie net lofprysings nie - die liedboek van die Ou Testamentiese Kerk, naamlik die Psalms, bevat méér klaagliedere as lofpsalms!

**7.2** 'n Duidelike onderskeid tussen menslike *behoeftes* en *emosies* moet getref en gehandhaaf word. Is die behoefte aan dansbewegings byvoorbeeld 'n bloot menslik-*kulturele* behoefte of hoort dit inderdaad by dié handelinge wat binne die Gereformeerde erediens betrek kan/moet word?

**7.3** Daar moet duidelik onderskei word tussen *luisterliedere* (wat om musiek-tegniese redes deur geoefende musici voorgedra word) teenoor *gemeentelike liedere wat deur die deursnee lidmaat* (dikwels met ongeoefende stem) gesing moet/kan word.

**7.4** Die finale toets by die keuring van nuwe melodieë is uiteindelik geleë in een norm: is die melodie/musiek 'n geskikte draer van die teks? Sodra die musiek (byvoorbeeld deur sy ritme, instrumentale inkleding, buite-godsdienstige assosiasies) die aandag te sterk op homself vestig, verdring dit die Boodskap van die teks na 'n ondergeskikte plek. Sulke musiek is dan nie noodwendig sleg of minderwaardig nie - dit is eenvoudig net nie geskik as medium waardeur die Evangelieboodskap duidelik en helder kan spreek nie.

**7.5** Daar word met waardering kennis geneem van die pogings van SAKOV om deur middel van praktiese streekkursusse die peil van gemeentesang-begeleiding onder orreliste te verhoog. Uit mondelinge getuienis, eie ervaring en inskakeling by uitsaaidienste is dit duidelik dat talle gemeentes nog steeds ly onder *onmusikale, ongeïnspireerde en oninspirerende begeleiding.* Dit is een van die heel belangrikste oorsake van 'n verskeidenheid probleme rakende die kerklied in die praktyk: talle besware teen bepaald konvensionele liedtipes vind juis hulle oorsprong in *slegte ervarings* met sulke liedere, maar dan word die *liedere* as ongewens of "outyds" bestempel.

*Hierdie is 'n uiters ernstige probleem wat om dringende aandag vra.* Groot afstande, werksdrukte en ander praktiese probleme veroorsaak dikwels dat praktiese indiensopleidingskursusse nie bygewoon (kan) word nie en 'n ander oplossing vir hierdie probleem is dus nodig. Alle orreliste en/of musiekleiers is nie noodwendig lede van SAKOV nie en daar word 'n beroep op die sinode gedoen om *praktiese* voorstelle vir die moontlike oplossing van hierdie probleem te maak.

**7.6** Daar behoort onderskei te word tussen die eertydse "kerkkoor" en 'n gemeentelike kantory. Die term *kantory* beklemtoon die koor se belangrike rol as sinvolle deelnemer aan die liturgie van die erediens en nie as 'n "item" wat iewers ingepas moet word nie.

**7.7** Dit is uiters noodsaaklik dat die Ned Geref Kerk sy amptelike kerkmusiekbeleid onder die *algemene aandag* sal bring (byvoorbeeld dmv. *Die Kerkbode/Die Voorligter).* Talle lidmate, musiekleiers en orreliste is heeltemal onbewus van die bestaan van so 'n beleid en die duidelike riglyne wat daarin vervat is. Hierdie beleid kan dien as uitgangspunt vir die noodsaaklike gesprekvoering waarna vroeër (ná 2.14) verwys is.

GC OLIVIER
(Geraadpleegde werke by die skriba beskikbaar)

## EREDIENS: BYLAE 5
# AKTUELE PREDIKING

## 1. INLEIDING

In hierdie voorlegging sal ek eers 'n skets gee van die konteks waarin ons ons tans in bevind. Daarna sal ek teologies-teoreties aandui welke sake ter sprake kom indien 'n mens aktueel wil preek. Laastens sal ek enkele temas aandui wat nou in ons konteks in die prediking ter sprake behoort te kom. Die voorlegging word afgesluit met 'n konklusie.

### 2. ONS HUIDIGE KONTEKS

**2.1** Ons leef tans in 'n besonder moeilike tydsgewrig in die geskiedenis van die Afrikaanse reformatoriese kerke in Suid-Afrika en spesifiek in die Ned. Geref. Kerk. Dit is die konteks waarin hierdie kerke van 'n situasie waarin hulle 'n groot invloed vir eeue lank in die Suid-Afrikaanse samelewing gehad het, nou traumaties binne enkele jare in 'n minderheidsposisie geplaas is met haas geen invloed meer nie. Die samelewing in Suid-Afrika was vir baie jare gebou op óns verstaan van die Skrif en ons etiese kodes. Die wette van die land en die etos van die samelewing het dit weerspieël. Die lidmate van ons kerk was tuis in die land en het met hoop en ideale geleef en gewerk.

**2.2** Met die staatkundige verandering in die land ná die demokratiese verkiesing van 1994 het alles met een slag verander. Tot by hierdie drastiese verandering het ons interpretasie van die Skrif vir die Suid-Afrikaanse situasie 'n groot invloed op die regering van die dag en die gesig van die samelewing gehad. Dink maar net aan die wette oor aborsie, pornografie, en die Sondag. Die Christelike godsdiensonderrig in die skole met 'n gereformeerde basis, en die godsdienstige programme op televisie en radio het ons goed gepas. Selfs die aanhef tot die vorige grondwette was gebaseer op die Christelike geloof. Presidente is in kerkgeboue van die Ned. Geref. Kerk ingehuldig. Ons het moedertaalonderwys in Afrikaanstalige skole, kolleges en universiteite gehad.

**2.3** Nou is alles besig om te verander. Aborsie en die besit van pornografie het nou regte geword. Sondagsport en handel op Sondae word normaal. Ons leef nou in 'n sekulêre staat waar godsdiensonderrig op skool heel waarskynlik 'n godsdienswetenskaplike benadering sal hê sodat alle godsdienste in een soort aanbieding aan die bod sal kom. Christelike godsdiensprogramme op televisie (en moontlik die radio in die toekoms) is afgeskaal en ander godsdienste kry nou ook hulle pond vleis. Verder is die openbare gesig van ons land soos deur die televisie, openbare feeste en regeringsleiers weerspieël word, 'n swart kultuur wat vreemd aan ons Afrikaanse kerklidmate is. Ons het ons inspraak in die samelewing en die regering van die dag grootliks verloor. Trouens ons is 'n klein persentasie van die totale bevolking (nie meer as 5% nie) - dus 'n klein-klein minderheid.

**2.4** Die drastiese verandering in ons samelewing laat baie mense vreemd in hul eie land voel. Daar is 'n groot vervreemding van die breë kultuur aan die gang. Al hierdie snelle verandering veroorsaak dat ons kerke en hulle lidmate in 'n identiteitskrisis gewerp is waarin die veranderinge verwerk moet word. Die probleem word vererger deurdat talle van ons lidmate hulle werk verloor en ons jongmense haas nie werk kan kry nie. Families word uitmekaar geskeur vanweë die feit dat van ons mees begaafde kinders in die buiteland na werk gaan soek - met al die gepaardgaande trauma van so 'n skeiding van dierbares.

**2.5** Om alles te kroon het ons ons kulturele *simbole* verloor. Die republiekvlag waarmee baie van ons grootgeword het, het verdwyn. Ons (volks)feesdae is nie meer openbare vakansiedae nie - soos 6 April, 31 Mei en 10 Oktober. Ons het ons mites soos Bloedrivier en die stryd om reg en vryheid van ons Boerehelde begin afsterf. Die Duitsers en talle Europese nasies sing by baie geleenthede hul vaderlandsliedere. By ons was dit nie gepas in die laaste jare nie, omdat dit so deur politici misbruik is. In die proses het ons hierdie simbole waarvoor die liedere staan ook begin verloor. Name verander by die dag - die residensies van die president, provinsies, damme, lughawens en hospitale. 'n Nuwe geslag sal die nuwe simbole waarskynlik leer waardeer, maar ons beleef nou 'n pynlike oorgangsproses wat ons mense in 'n lugleegte gedompel het.

**2.6** Kerklik het ons die gevoel dat alles minder word en dat die bekende verdwyn. As 'n mens in Nederland ry, sien jy altyd op die horison kerkgeboue afgeëts. Dit is die reste van 'n tyd toe die Christendom daar *corpus Christianum* was. Groot is 'n Suid-Afrikaner se ontnugtering as jy uitvind dat baie van hierdie kerkgeboue vir ander doeleindes gebruik word of leeg staan. Gelukkig is daar ook nog baie waar eredienste gehou word. Maar die simbool is aan die verdwyn. Minder as die helfte van die Nederlandse bevolking behoort nog aan 'n Christelike kerk en godsdiens het totaal uit die openbare lewe verdwyn (Dekker 1995). In Suid-Afrika het 'n mens altyd die heerlike ervaring as jy op reis is en oor 'n bult kom om eerste die (Afrikaans-reformatoriese) kerkgebou in die dorp afgeëts te sien. Nou moet ons lees dat Klerksdorp se pragtige ou kerk verkoop word. Net so staan kerkgeboue leeg in ons stede, soos byvoorbeeld Jeppestown in Johannesburg se mooi ou gebou. Dit maak 'n merk op die siel van ons mense. Net soos die verdwyning van ons Afrikaanse godsdiens in die openbare lewe 'n litteken op ons gees maak. Die talle gemeentes in ons kerk wat spartel om te oorleef, laat 'n droewige gevoel agter. Prof Gerard Dekker, die uitstekende godsdienssosioloog van die Vrije Universiteit in Amsterdam, het met sy besoek in 1996 aan Suid-Afrika waargeneem dat die Afrikaanse kerke besig is om hulle in hulself terug te trek - privatisering in godsdienssosiologiese taal - wat beteken dat ons besig is om ten opsigte van die samelewing 'n randverskynsel te word met die gevolg dat sinvolle kontak met die samelewing besig is om te verdwyn. Dit is 'n heel slegte ontwikkeling omdat die opdrag van Jesus Christus ons dwing om die evangelie uit te dra en die koninkryk van God te laat kom op elke duimbreedte van die samelewing (vgl Speelman 1988).

**2.7** By ons kerk se lidmate is daar 'n enorme ervaring van verlies. Trouens, ons is nou kollektief in 'n treurfase. Ons mense treur oor die verlies aan alles wat bekend was en oor die lewe in 'n vreemde kultuur - 'n kultuur met sy mense wat al die jare bedreigend vir ons was. Ons mense het hulle uitsig op die toekoms verloor. Ons het ons *hoop* verloor. Ons weet nie hoe ons en ons kinders 'n vreedsame bestaan in ons geboorteland sal hê nie. Omdat ons nog in 'n *treurfase* is, is dit so moeilik om ons mense aan die gang te kry. Hul reageer (nog) nie op oproepe om die lendene aan te gord en vir ons reg van bestaan te gaan veg nie. Daar is nog nie beweging in 'n rigting wat hoop sal bring nie. Ons sal ook moet waak dat ons nie in die treurfase bly vassteek nie. Dit neem tyd, soos ons almal weet, om 'n verlies te verwerk.

**2.8** Kerklik word daar nogal na verskeie opsies gegryp om die lidmate van ons kerk betrokke te kry en aan die gang te kry. Baie van die dinge wat ons oorneem van ander wat by hulle "werk" het 'n teologiese onderbou wat vreemd aan ons teologiese tradisie en ons kultuur is. Daarom is dit noodsaaklik dat ons na die teologiese vertrekpunte van aktuele prediking moet kyk.

## 3. TEOLOGIESE VERTREKPUNTE VIR AKTUELE PREDIKING

### 3.1 Inleiding

**3.1.1** In my homiletiese werk het ek met die konsepte "Die Woord in die werklikheid" gewerk (vgl. Pieterse 1985: Voorwoord; Pieterse 1988 - titel: Die Woord in die werklikheid). Die titel van die boek loop as 'n goue draad deur die teologie daarin. Onder hierdie breë konsep kon 'n mens in die Praktiese Teologie ruimte gee aan die dinamiese interaksie tussen **teorie** (soos ons die Skrif interpreteer en in konsepte vasvat oor die verskillende velde van ons bediening, soos byvoorbeeld die prediking) en **praktyk**, met die oog op 'n strewe na die bes moontlike teologiese praktykteorie ('n teorie wat geïnformeer is deur teologiese, en empiriese gegewens uit die praktyk, met die oog op die praktyk) vir (byvoorbeeld) die prediking. Hierdie konsep het ruimte gemaak vir die hermeneutiese en die kommunikatiewe in ons preekteorie, wat dus die ruimte gegee het vir *beide pole*, naamlik die boodskap van God in die Skrif (en die regte interpretasie daarvan), en die mens en sy situasie wat die boodskap hoor (die kommunikasie van die boodskap aan hom/haar), om teologies ondersoek te word en teologies op mekaar betrek te word. Dit het ruimte gemaak vir die Woord en die hoorder van die preek. Vergelyk ook die werk van Vos (1995 en 1996) wat met hierdie konsep werk.

**3.1.2** Hierdie konsep is gebou op sentrale temas in Calvyn se teologie; dit is die kennis van God en kennis van die mens en die onderlinge verhouding van die twee op mekaar. In die openingsinne van sy *Institusie* sê Calvyn dat die hele hoofinhoud van ons wysheid (godsdienstige kennis), wat ons as die ware en volkome wysheid moet hou, bestaan in twee dele: die kennis van God en die kennis van onsself. Maar omdat die twee met vele bande onderling verbonde is, is dit nie maklik om te onderskei welke van die twee aan die ander voorafgaan nie (tot sover Calvyn). Vir diegene wat nog worstel met die vraag: waar begin 'n mens, by die Skrif of by die mens, lê die antwoord hier. Buitendien, binne die verbondsverhouding tussen God en mens kan 'n mens binne daardie eenheid van die verhouding op enige plek begin dink! Volgens my interpretasie van Calvyn is hierdie openingsinne bedoel as 'n denke binne die verbondsverhouding.

**3.1.3** God en die mens - dit is die twee sentrale temas in Calvyn se denke en sy teologisering. "De kennis van God en de kennis van de mens in hun onderlinge relatie bepalen het object van Calvijns theologie" (Moehn 1996:6). Met die konsep "die Woord in die werlikheid", of meer tegnies gesê, 'n hermeneuties-kommunikatiewe werkwyse, dink ons steeds in die lyn van Calvyn. Nou is dit eenvoudig so dat hierdie twee groothede: God en die mens, die sentrale temas van ons prediking is. Dit is waarmee ons ons iedere week en iedere Sondag en ons hele bediening mee besig hou (of behoort te hou).

### 3.2 Die lewende Woord as die een pool van die aktuele prediking

**3.2.1** 'n Mens kan die een pool "die Woord", in die konsep "die Woord in die werklikheid", verfyn met omskrywinge soos die lewende Woord, die stem van God, die sprekende Christus. Want die Skrif is nie dit wat ons uiteindelik preek nie. Ons preek so dat God self spreek in die preek deur sy lewende Woord. En hierdie Woord vind ons slegs in die Skrif. Daarom werk ons met die Skrif, en preek ons uit die Skrif, maar dit gaan om die stem van God wat deur die Skrif heen gehoor moet word. Die Skrif is slegs die *voertuig* wat die prediker bring by die punt waar hy die lewende Woord (God self) hoor wat hom/haar en die gemeente aanspreek (Ebeling 1967). Die "Woord" in ons konsep moet dus die lewende Woord wees, God self wat sprekend aan die Woord kom in die prediking. Daarvoor is goeie hermeneuse nodig (wat myns insiens 'n oorkoepelende begrip is wat die eksegese insluit).

**3.2.2** Die Woord moet self aan die woord kom in die prediking. "Prediken is het Woord aan het woord laten" (Jonker 1976:83). Dit beteken dat die prediker nooit op die gesag van die Skrif as die vindplek van die ware Woord van God kan toegee nie! Die prediker kan ook nie toegewings maak oor die uniekheid van Christus as die enigste Saligmaker nie - Christus wat as Woord van God deur die Skrif heen deur die werk van die Heilige Gees ontmoet word. Die prediker, wat die Woord van God op Sondae in die erediens self aan die woord moet laat kom deur sy/haar eksegetiese, hermeneutiese en homiletiese inspanninge in voortdurende biddende afhanklikheid van die werk van die Gees (daarom is die *epiklese* so belangrik voor die preek), sal hom/haar self in die voet skiet as ons die belydenis laat vaar dat die Skrif die geïnspireerde Woord van God is en Jesus die enigste Verlosser van die wêreld is (vgl. ook Long 1989:51 e.v.). Dit vereis 'n kritiese ingesteldheid by die ondersoek van die Bybel, want dis mense wat dit geskryf het met hulle eie verstaanshorison, vooroordele en sosiale situasies en literêre genres. Maar dit is ook 'n feit dat ons nie daarvan kan wegkom dat in hierdie menslike taal met al die swakhede daarvan, die openbaring van God in die klanke van die evangelie deurkom nie. Daarom is eksegese, hermeneuse en homilese so 'n ingewikkelde en moeilike opgaaf, waaraan 'n mens jou lewe lank studeer.

**3.2.3** Natuurlik moet die teologiese debat oor enige saak wat teologies van aard is, voortgaan. Natuurlik moet ons in gesprek tree met teoloë wat van ons verskil of van ander teologiese tradisies is. Dit behoort ons egter te help om ons eie belydenis en teologiese verstaan skerper te formuleer, asook in die teologiese taal en denke van die eie tyd te formuleer. Ons is nie agterlik of konserwatief as ons 'n eie teolgiese verstaan, soos hierbo uiteengesit, handhaaf nie. Die eietydse wetenskaplike gees wat deur die postmodernisme beïnvloed word, praat van verskillende perspektiewe op dieselfde saak. Elke perspektief

het 'n legitimiteit, omdat die wetenskaplike idee dat net een standpunt reg kan wees, verlaat is. Natuurlik moet ons 'n openheid hê om na ander perspektiewe te luister en in argumentatiewe gesprek daarmee te gaan. Maar niemand kan op wetenskaplikheid aanspraak maak as hy ons perspektief as verkeerd, outyds, agterlik of konserwatief afmaak nie. Die tyd van die positivisme is verby. Persoonlik werk ek met 'n kommunikatiewe model wat op Habermas se kommunikatiewe handelingsteorie gebaseer is (vgl. Pieterse 1993). Dit beteken dat elkeen reg op 'n eie standpunt het, maar dat die wetenskaplike gesprek deur argumentatiewe kommunikasie moet vorder op gelyke voet. Niemand mag aanmatigend ander afskryf nie.

**3.2.4** Die aktuele prediker plaas sy kaarte op die tafel. Ons staan in die tradisie van die Reformasie en werk met 'n belydenisgrondslag. Ons ondersoek wetenskaplik ons teorieë en praktyk met die oog op beter teologiese konsepte en praktyk-vriendelike insigte. Maar juis deur ons teologieswetenskaplike ondersoek, stuit ons op die waarheid dat ons nie die evangelie kan preek as ons nie die twee kernbelydenisse van die Reformasie, naamlik oor die Skrif en oor Jesus, handhaaf nie. Want die gemeente kom om die Woord van God te hoor. Dit het soveel empiriese ondersoeke al uitgewys (vgl byvoorbeeld Daiber 1980). En die geloof van die gemeente is taai. Dit het soveel empiriese studies ook al uitgewys (vgl Pieterse 1996). Hoe kan dit anders as Christus self sy kerk regeer!

**3.3 Die werklikheid van die hoorders as die ander pool van die aktuele prediking**

**3.3.1** Maar nou is dit so dat 'n mens nie die Woord in 'n lugleegte kan preek nie. Die Woord van God is aangelê op mense. Dit wil weer in sy volle krag van redding en heil ontplof soos dit destyds (in die woorde van Jesus byvoorbeeld) gebeur het. En dit deur die werk van die Gees - en 'n prediker wat hom/haar tot konkrete mense in hul besondere konteks rig. Daarom geskied die Woord in die *werklikheid* van die vlees en bloed *konteks* van mense, gerig aan elkeen persoonlik in hul omstandighede.

**3.3.2** Aktuele prediking is dus 'n *polêre* gebeure (Jonker et al. 1963). Dit betrek die Woord, en die werklikheid van die gemeentelede in hul konkrete situasie, op mekaar, sodat daar 'n aktuele Woord vir die gemeente in hul konteks kan klink. Dit is 'n polêre gebeure omdat die pole van die Woord en die werklikheid altyd in 'n spanning tot mekaar verkeer. Dit is op mekaar betrek (sien Calvyn se teologiese objek), maar dit is nie 'n eenheid nie. God is God en mense is mense in hul besondere konteks. Die aktuele prediker is die hermeneut wat tussen die twee pole heen-en-weer beweeg totdat die boodskap van die teks hom/haar in die konteks van sy mense so aangespreek het dat hy as getuie van 'n ontmoeting met die Woord van God, van 'n ervaring met die teks, die boodskap aan die gemeente kan gaan oordra (Long 1989). Op sy beurt word die gemeente weer so betrek deur die getuienis van die prediker en die werk van die Gees dat hulle ook die Woord so hoor soos die prediker dit hoor - 'n lewende Woord waarin God self praat en die gemeente aanraak in 'n ware ontmoeting.

**3.3.3** Om waarlik hermeneut te wees wat aktuele prediking op die oog het, moet die prediker nie net die Bybel ken en daarmee op 'n lewende wyse omgaan nie, maar moet hy ook sy gemeente deur en deur ken in hul eksistensiële nood en situasie. Daarvoor doen die homiletiek ook empiriese ondersoek om die situasie van die gemeente wetenskaplik te verstaan en die boodskap van die evangelie daarop te kan betrek. Voorbeelde is hierbo al gegee - dit gaan oor wat die gemeente verwag as hulle kerk toe gaan asook hulle geloof in Christus en ervaringe van 'n ontmoeting met Hom.

**3.3.4** Aktuele prediking wil juis, deur die lewende Woord van God op die konkrete situasie van die gemeente in sy konteks te betrek en lewend deur die werk van die Gees te verkondig, deur die Woord en Gees heen 'n *ontmoeting* tussen God en die mense bewerk. Dit is interessant dat Calvyn ook in sy prediking daarop ingestel was op hierdie ontmoeting tussen God en die gemeente deur die verkondiging van die *doctrina*, wat die evangelie is (Pieterse 1990). Linde (1996) het in 'n empiriese ondersoek aangetoon dat mense uit die Ned. Geref. Kerk oorgaan na die AGS omdat hulle op soek is na 'n ervaring van 'n ontmoeting met God in die erediens en die prediking, en van oordeel is dat hulle dit daar kan kry.

**3.3.5** Hier moet 'n mens tog weer onderstreep dat die prediking genademiddel is (saam met die sakramente van die doop en die Nagmaal). Omdat ons in die gereformeerde tradisie die preek as genademiddel sien, staan die prediking van die Woord sentraal in ons erediens. Ons het 'n aktuele prediking nodig waardeur mense so aangespreek word deur die Woord van God dat hulle 'n ontmoeting met Hom ervaar - 'n ontmoeting wat uitloop op 'n doksologie. Na die preek, by die slotsang byvoorbeeld, sou meervoudige lofprysinge pas as dankliedere en lofprysinge omdat ons Hom deur sy Woord ontmoet het en aangespreek is.

**3.3.6** Aktuele prediking is *kontekstuele prediking*. Ons het ons lank verset teen die kontekstuele teologie en prediking van die bevrydingsteologie in ons land in hul stryd teen apartheid. Maar ons kan uit hulle teologie hierdie waarheid oorneem dat ons kontekstueel moet preek (vgl. Pieterse ed. 1995). Die konteks waarin ons gemeentelede tans verkeer, en die verwagting dat ons steeds meer en meer in moeiliker omstandighede sal beland, noop ons om die evangelie nou aktueel in *ons konteks* te verkondig. Kontekstuele prediking is regtig aktuele prediking in die beste teologiese tradisie (vgl. Pieterse 1984). Die prediker wat nou in ons kerk 'n aktuele Woord wil bring aan ons mense in hul grootste krisis sedert die Tweede Vryheidsoorlog, sal hulle omstandighede in al sy naaktheid na die teks moet neem en met die Woord worstel totdat Hy 'n bevrydende, hoopvolle boodskap vir ons tyd en situasie het. Ons gemeentes smag na so 'n Woord.

**3.3.7** Om kontekstueel die lewende Woord van God te kan preek, sal die prediker gedrenk in die konteks en omstandighede van sy gemeentelede na die teks moet gaan. Die beweging begin myns insiens hier. Eers die vrae, die nood, die wanhoop, die uitsigloosheid, die diskriminasie, die pyn van verlies deur moorde, verkragtings en diefstal, helder kry en dan daarmee na die teks gaan. Dan volg die eksegetiese en hermeneutiese worsteling met die teks (maar steeds met jou konteks in gedagte), totdat die teks in jou konteks in begin praat en jou meesleur in die beweging van die bevrydende en hoopgewende Godswoord vir ons eie konteks. Die Woord in die teks is aangelê op 'n konteks van vlees en bloed soos ons s'n. Ons moet egter die konteks na die teks toe bring om die boodskap van die teks in ons konteks te verstaan (vgl. Pieterse 1988).

## 4. ENKELE TEMAS WAT NOU IN ONS KONTEKS IN DIE PREDIKING AAN DIE BOD MOET KOM

Natuurlik moet ons die volle Raad van God uit die Skrif preek, maar elke tyd het sekere aktuele temas wat ons nie moet nalaat terwyl ons die volle spektrum van die boodskap van die evangelie preek nie. Sommige van hierdie temas is die volgende (daar kan meer wees):

**4.1 Ons toekoms is in God se hande**

Ons moet ons kerk se lidmate weer 'n uitsig op die toekoms bied in ons prediking. Al lyk dit nou of ons aan die kant gestoot is in die nuwe Suid-Afrika - nie meer iets mag sê nie, ons kinders sukkel om werk te kry, talle mense met pakette op jeugdige leeftyd huistoe gestuur word, ons taal oral onder aanslag, ons skole en universiteite deur Engels as enigste taal van onderig oorgeneem wil word, ons almeer van die ervaring dat die land ook *ons land* is, vervreem word - die land en sy mense behoort nog aan God. Dit is God se land. Buitendien behoort die toekoms aan Christus. En ons behoort aan Christus. Dus, die toekoms is met Christus ook ons s'n.

**4.2 Ons moet ons gemeentelede weer hoop gee**

Ons moet die boodskap uitdra dat God nie aan die kant van moordenaars, verkragters, rowers en onderdrukkers is nie. God is aan die kant van hulle wat nederig en gelowig op Hom vertrou. God is aan die kant van hulle wat met 'n opregte hart Hom dien en hulle heil van Hom verwag. God is aan die kant van hulle wat vrede, geregtigheid en liefde najaag, wat sagmoedig is en hul vyande liefhet. Wanneer ons weer op Hom ons hoop vir die toekoms bou, is Hy aan ons kant en sal Hy nie toelaat dat ons ondergaan nie. Omdat Jesus aan die kruis die Bose oorwin het, sal die booshede van mense nie oor ons die oorwinning behaal nie, maar sal God ons bevry (op grond van Sy oorwinning aan die kruis) van alle boosheid, onderdrukking en vernietiging.

**4.3 Ons moet ons lidmate se Christelike karakters bou**

In 'n land waar daar swak produksie en swak opleiding vir die beroepswêreld bestaan, waar korrupsie en diefstal die welsyn van alle Suid-Afrikaners benadeel, sal mense wat eerlik is, hard werk, spaarsamig is, betroubaar is, die belange van die werkgewer, die land se toekoms, die omgewing op die hart dra, weer bo moet uitkom. Ons moet ons pad weer oop werk. En ons moet dit doen as betroubare en eerlike Christen-manne en -vroue. Dit beteken dat ons die beste wat ons geloof ons bied in ons karakters moet integreer en daarvolgens leef en werk. Ons moet dit preek, ons moet ons gesinne bou, ons moet dit by ons kinders inskerp en weer ons gemeentelede inspireer om na die hoogste te streef in hul werk en lewens. 'n Ondersoek oor die morele en godsdienstige waardes van die Suid-Afrikaanse jeug, toon dat dit die huisgesin is wat die meeste invloed op die waardesisteem van ons jongmense het. Kinders word die sterkste beïnvloed deur wat hulle waarneem van hul ouers se gedrag, houdinge en gesindhede. Bou die Christelike huisgesin in ons gemeentes en ons sal karaktervolle jongmense kry wat teen die wind in bo sal uitkom in ons eie land.

**4.4 Ons moet ons mense pastoraal omring wanneer hulle ellende smaak vanweë die situasie in die land**

Mense word daagliks blootgestel aan traumatiese ervarvarings soos inbrake, motorkapings, verkragtings, moorde, werkverlies, ens. Ons sal daaroor pastoraal moet preek en die salf van die Woord moet aanwend op die wonde. Ons sal ons gemeentelede moet leer (ook in ons prediking) om mekaar in sulke omstandighede pastoraal en andersins by te staan. Die kerk moet die hawe van begrip, bystand en versorging wees in die harde situasie van ons tyd. Op hierdie wyse kan die teologiese feit dat God met die lydendes in hul nood is, konkreet verkondig word. So kan die kerk en sy boodskap ook aan geloofwaardigheid wen.

**4.5 Ons preektaal moet Afrikaans bly**

As ons die aktuele Woord van God kontekstueel preek kan dit in die diepste roersele van die gees neerslag vind, omdat die moedertaal maar eenmaal die vermoë het om 'n mens so diep aan te spreek. Afrikaans, as ons moedertaal, is 'n instrument waarmee die ontmoeting met God deur die prediking heen, optimaal gedien kan word. Ons moet ook die reg om ons predikante op universiteitsvlak in Afrikaans op te lei, nooit prysgee nie. As ons dit doen, sal ons die ryke bron van ons teologiese tradisie - Nederland en Duitsland - verloor. So 'n teologiese prys is baie duur. Daarom moet ons in die beste Afrikaans die lewende Woord aan ons gemeentes bring.

***4.6 Ons moet uitreik na ons broers en susters in die VGK en die RCA.***

Aktuele prediking spreek egter nie net die nood van die gemeente aan en bring hoop en koers in die krisis nie, maar is ook krities-profeties teenoor die samelewing en die optrede van die owerheid. Daarom is Woordse tema vir die aktuele prediking uiters belangrik.

Om deel van die nuwe samelewing van die toekoms te bly en die invloed van die evangelie, soos ons dit verstaan, in die samelewing te laat hoor en te laat deursuur, sal ons saam as broers en susters van die Nederduitse Gereformeerde tradisie in hierdie land ons bediening moet uitvoer. Hierdie tema moet ook in die prediking aangesny word. Kerkvereniging is nie net teologies 'n moet nie, maar ook om sosiale redes, dit wil sê ons deel-wees-van die kerklike, politieke en ekonomiese hoofstroom van die land. Ons kerk is geen sekte nie. Ons mag nie op die rand van die samelewing bly sit en daar 'n geïsoleerde bestaan voer nie. Ons roeping was nog altyd om binne die hoofstroom van die kultuur en samelewing ons getuienis te laat hoor. In een kerk sal ons 'n groot kerk in getalle en in getuieniskrag wees waardeur die evangelie op 'n sterker wyse uitgedra kan word, ook die breër samelewing in, tot heil van al die mense in ons land.

## 5. KONKLUSIE

Aktuele prediking in ons nuwe konteks is van die uiterste belang vir die oorlewing en opbou van ons geloof en die voortbestaan van ons kerk. Daar waar God self aan die Woord kom en mense Hom ontmoet in die gepredikte Woord, sal altyd lewe wees - ware lewe wees. En mense sal altyd stroom na hierdie bron van God se heil - die kerk van Jesus Christus waarin die Woord lewend en kragtig deur die werk van die Gees gepreek word.

HJC PIETERSE

(Geraadpleegde werke by die skriba beskikbaar)

# A.9.1 REGSKOMMISSIE: EERSTE VERSLAG

Die Sinodale Regskommissie (hierna afgekort: SRK ) doen graag verslag van sy werksaamhede sedert die Sinode van 1995 en wel volgens Bep.35.4.7.1 wat soos volg lui: ( Die Sinode benoem) 'n Sinodale Regskommissie wat bestaan uit die aktuarius en 6 persone plus 5 sekundi plus 'n professor in Kerkreg as verteenwoordiger van die Teologiese Fakulteit. Hierdie kommissie se taak is om:

**1.** opdragte van die sinode uit te voer en verslag te doen;
**2.** advies te gee omtrent die uitleg en toepassing van die Kerkorde, aanvullende bepalings en ander besluite van die sinode;
**3.** ringe wat daarom vra te adviseer in verband met aansoeke om tentmakerbediening;
**4.** alle beskrywingspunte in verband met wysigings in die kerklike bepalings vooraf te bestudeer en die sinode daaroor te adviseer;
**5.** alle besluite van die sinode en Algemene Sinode wat wysiging in die bepalinge meebring, op die juiste plekke in die bepalinge in te voeg en so spoedig moontlik te publiseer;
**6.** kerkregtelike ongerymdhede wat onder sy aandag kom regstreeks op vertroulike wyse onder aandag van die betrokke vergadering te bring, met aanduiding van die weg tot herstel;
**7.** kerkvergaderings en ampsdraers met voorligting te dien in gevalle waar hulle op grond van die uitvoering van hulle ampspligte by die burgerlike hof aangekla mag word. Hy moet veral probeer om die saak uit die burgerlike hof te hou;
**8.** aansoeke van emeriti wat wil terugkeer tot die bediening te hanteer kragtens bep.14.3;
**9.** die bepalings deurlopend te hersien vir voorlegging aan die sinode;
**10.** tydens die vergadering van die sinode:
**10.1** Advies te gee oor alle sake aan hom opgedra, by name oor tugsake en kerklike geskille wat direk of by wyse van appèl voor die sinode kom. Die kommissie het die reg om klaers, aangeklaagdes en getuienis aan te hoor, ten einde die sinode te dien met 'n beredeneerde en volledige advies;
**10.2** alle nuwe voorstelle oor revisie van bepalinge en reglemente te hanteer.

## 1. OPDRAGTE SINODE 1995

### 1.1 TUGREGLEMENT

**1.1.1 Opdrag** - Die sinode versoek die SRK om die oog in die seil te hou tov die studieopdrag van die ARK oor die tugreglement vir predikante, met verslag by die Sinode van 1997. Die sinode versoek die SRK om waar nodig en moontlik, insette te lewer by die hersiening van die Tugreglement wat deur die ARK Hanteer word. [Handelinge 1995 p.376 punt 1.4.3 ]

**1.1.2 Bevinding** - Die SRK sal nie tydens 1997 se sinode kan verslag lewer nie aangesien daar gewag word vir die ARK se verslag in die verband. Wanneer dit ontvang word, sal die SRK dit op 'n vergadering bespreek en direk by die ARK kommentaar indien.

**1.1.3 AANBEVELING - Die sinode versoek die SRK om die oog in die seil te hou tov die studieopdrag van die ARK oor die tugreglement vir predikante. Die sinode versoek die SRK om waar nodig en moontlik, insette te lewer by die hersiening van die Tugreglement wat deur die ARK hanteer word en om sodanige kommentaar direk by die ARK in te dien.**

### 1.2 BEVESTIGING VAN DOSENTE

**1.2.1 Opdrag** - Die sinode herhaal die opdrag dat die saak van die amp en amptelike bevestiging van kerklik-teologiese dosente vir verdere aandag na die SRK verwys word. Die vraag is in watter amp word kerklike dosente bevestig? [Handelinge1995 p.376 punt 1.12.3 ]

**1.2.2 Bevinding** - Dit is duidelik dat hierdie saak nie net die Sinode van Noord-Transvaal raak nie.

**1.2.3 AANBEVELING - Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om uitspraak te gee oor die "amp" van die kerklike hoogleraar en of hy/sy in hierdie "amp" bevestig word al dan nie.**

### 1.3 VOORSITTER VAN KERKVERGADERINGS

**1.3.1 Opdrag** - Die sinode versoek belanghebbendes om via die SRK kommentaar aan die ARK te voorsien. [Handelinge 1995 p.382 punt 5.2.2 ]

**1.3.2 Bevinding** - Geen sodanige kommentaar is nog ontvang nie. Intussen word die saak dus sonder kommentaar by die ARK behandel en sal dit voor die Algemene Sinode 1998 dien.

**1.3.3 AANBEVELING - Die sinode besluit om van die saak af te stap**

### 1.4 MEDIESE FONDS

**1.4.1 Opdrag** - Die sinode gee opdrag aan die SRK om ondersoek in te stel na die moontlike verskansing in die reglementering van sy besluit geneem in pt 4.5.2.3 ( Agenda p 149). [Handelinge 1995 p.403 punt 2.1 ] Die besluit het as volg gelui :- Die sinode besluit dat

1. alle kerkrade, kommissies en ander werkgewers verplig is om hulle leraars en ander werknemers, wat kwalifiseer vir lidmaatskap van die Sinodale Pensioenfonds, as lede van dieselfde mediese skema in te skakel, behalwe in die geval van getroude vroue wat as afhanklikes by hul gades se mediese skema ingeskakel is;
2. die SKKK sodanige mediese skema intussen doeltreffend beding en strategies bestuur.

**1.4.2 Bevinding** - Die opdrag raak slegs die moontlikheid van verskansing, en is nie 'n opdrag dat verskansing wel ingebou moet word nie. Die kommissie meen dat hierdie saak nie so belangrik is dat dit bo die vlak van ander sinodale besluite verhef moet word nie. Daar word dus teen reglementering besluit.

**1.4.3 AANBEVELING - Die sinode besluit om nie verdere verskansing van die besluit te laat reglementeer nie**

### 1.5 SINODALE VERPLIGTINGE

**1.5.1 Opdrag** - Die sinode versoek die SRK om na moontlike stappe te kyk wat teen gemeentes, wat weier om hulle sinodale verpligtinge te betaal, ingestel kan word. [Handelinge 1995 p.376 punt 2.1.3 ]

**1.5.2 Bevinding**

1. Die SRK is oortuig dat sinodebesluite bindend is op alle deelnemende gemeentes en dat gemeentes deur oortuiging oorreed moet word om daaraan gehoorsaam te wees.

Gemeentes wat weier om sinodale verpligtinge te betaal sal oortuig en oorreed moet word om dit te doen.

2. Daar is ook ander moontlikhede wat deur die SRK oorweeg is naamlik :-

* Stel 'n gemeente buite kerkverband.

* Ontneem die betrokke kerkraad sy spreekgeleentheid by sinodevergaderings.

* Ontneem die kerkraad die voorreg om 'n leraar uit die kerkverband te bekom. Indien die gemeente reeds 'n leraar in diens het mag dit egter neerkom op 'n tugaksie teen die leraar en nie teen die kerkraad nie.

3. Die algemene gevoel is egter dat die sinode, behalwe in hoogs uitsonderlike gevalle waar hy 'n gemeente buite kerkverband kan stel, net een metode het om besluite af te dwing, naamlik die van oortuiging.

**1.5.3 AANBEVELINGS**

**1.5.3.1 Die sinode aanvaar die bevinding van die Sinodale Regskommissie.**

**1.5.3.2 Die sinode besluit om, behalwe in hoogs uitsonderlike gevalle, die weg van oortuiging te volg.**

## 2. ADVIES OMTRENT UITLEG EN TOEPASSING VAN DIE KERKORDE, AANVULLENDE BEPALINGS EN ANDER BESLUITE VAN DIE SINODE

**2.1** Die aktuarius en die SRK het meer as 400 navrae hanteer sedert die Sinode van 1995 en advies gegee aan verskillende persone en instansies tov die uitleg en toepassing van die Kerkorde.

**2.2** Die moderamen het die beroepsprosedures van tentmakerleraars na die SRK verwys vir studie aangesien daar sekere inkonsekwenthede in die prosedures by die beroeping van tentmakerleraars bestaan, veral tov die vooraf-reëlings oor pensioenaangeleenthede. Die aktuarius het die saak met die ARK opgeneem, waar verdere studie gedoen word met verslag aan die volgende Algemene Sinode.

**3. ADVIES IN VERBAND MET AANSOEKE OM TENTMAKERRBEDIENING** - Die SRK het in verskeie gevalle advies gegee.

**4. BESKRYWINGSPUNTE IN VERBAND MET WYSIGINGS IN DIE KERKLIKE BEPALINGS** - Beskrywingspunte sal in die kommissie se tweede verslag behandel word.

**5. BESLUITE VAN DIE SINODE EN ALGEMENE SINODE WAT WYSIGING IN DIE BEPALINGE MEEBRING MOET OP JUISTE PLEKKE IN DIE BEPALINGE INGEVOEG WORD EN SO SPOEDIG MOONTLIK GEPUBLISEER WORD** - Besluite van die sinode en die Algemene Sinode is in die" KERKORDE EN AANVULLENDE BEPALINGS 1995" ingevoeg en gepubliseer. Die publikasie het vroeg in 1996 verskyn. Die "KERKORDE EN AANVULLENDE BEPALINGS 1995" is ook op rekenaarstiffie beskikbaar by die skriba van die regskommissie.

**6. KERKREGTELIKE ONGERYMDHEDE VERWYS** - Waar nodig is hierdie sake hanteer.

**7. VOORLIGTING AAN KERKLIKE VERGADERINGS EN AMPSDRAERS** - Waar versoek, is raad skriftelik en of mondelings voorsien.

**8. AANSOEK TOT TERUGKEER VAN EMERITI** - Geen aansoeke is ontvang nie.

## 9. BEPALINGE DEURLOPEND HERSIEN

**9.1** Die SRK is deurlopend besig om aan die bepalings aandag te gee. Die SRK het besluit om vir die Sinode van 1997 geen wysigings voor te stel nie. 'n Grondige hersiening word vir die Sinode van 1999 in die vooruitsig gestel.

**9.2 AANBEVELING - Die sinode keur goed dat daar vir 1997 geen wysigings voorgestel word nie.**

## 10. VERDERE VOORLEGGINGS AAN DIE SINODE

**10.1 AANBEVELING - Die sinode besluit dat verdere sake, wat tot en met die vergadering van die sinode op die tafel van die SRK kom en implikasies mag hê vir die Bepalinge van Noord-Transvaal, ook deel van die tweede verslag van die SRK mag uitmaak.**

MC BOTHA (Voorsitter)
CJ VAN VUUREN (Skriba)

# A.10.1 SENDING: EERSTE VERSLAG

Die verslag word onder die volgende hoofde aangebied:
1. OPDRAGTE VAN DIE SINODE 1995
2. EIE SINODALE SENDING
3. SENDINGEIENDOM
4. TRUSTFONDSE
5. SAMEWERKING MET NG KERKFAMILIE
6. GESAMENTLIKE WERK MET OOS-TRANSVAAL
7. BREËR GESAMENTLIKE AKSIES
8. ALGEMENE SINODALE WERK
9. BREËR SKAKELING EN SAMEWERKING
10. BEGROTING
11. PERSONEEL EN VERGADERINGS
12. SLOT

## 1. OPDRAGTE VAN DIE SINODE 1995

### 1.1 MISSIONÊRE SAMEWERKINGSTRUKTURE

**1.1.1 Opdrag van die sinode** - Die sinode gee opdrag aan die SSK om missionêre samewerkingstrukture met die VGK en RCA op plaaslike en sinodale vlak verder te ontwikkel.

**1.1.2 Werkswyse**

**1.** Die SSK het besluit om in samewerking met die VGKSA streekwerkwinkels te hou met die oog op ontwikkeling van samewerking in die NG Kerkfamilie, met die hoop dat daar meer permanente samewerkingstrukture tot stand sal kom. Die geleenthede het aan die einde van 1996 en begin 1997 plaasgevind te Louis Trichardt, Nylstroom, Rustenburg en Pretoria. Om saam te val met die grense van die VGKSA se Sinode van Noord-Transvaal is ook NG Gemeentes uit Oos- en Wes-Transvaal genooi om tersaaklike byeenkomste by te woon. Byeenkomste is oor die algemeen goed bygewoon. Sonder uitsondering het die SSK-lede versoeke ontvang dat sulke byeenkomste meer gereeld moet plaasvind.

**2.** Samesprekings met die RCA word behartig deur 'n eie skakel- en ondersteuningsliggaam waarop lede van die SSK dien.

**1.1.3 Bevinding** - By nabetragting het die SSK tot die oortuiging gekom dat voortgesette byeenkomste wenslik is en heilsaam sal wees vir die kerk ten spyte van verskeie haakplekke. Gedesentraliseerde sendingforums lyk tans na die gewensde antwoord. Die SSK voorsien dat sulke forums in samewerking met die VGKSA en onder gedeeltelike toesig van RSK's sal funksioneer. 'n Belangrike voordeel van sulke meer permanente streekforums is ook dat dit die werk van die SSK aansienlik sal vergemaklik omdat dit 'n noodsaaklike kanaal vir koördinasie en bevordering van sendingprojekte sal bied.

**1.1.4 AANBEVELING - Die sinode versoek die SSK om voort te gaan met die ontwikkeling van missionêre samewerkingstrukture met die VGKSA en die RCA op streeks- en sinodale vlak.**

### 1.2 ARBEIDSBEDIENING

**1.2.1 Opdrag van die sinode** - Die sinode gee aan die SSK opdrag om met die ander meewerkende sinodes se betrokke kommissies in gesprek te tree oor die toekoms van Arbeidsbediening met afhandelingsbevoegdheid en rapport aan die sinode.

**1.2.2 Bevinding** - sien punt 6.6 hierna.

## 2. EIE SINODALE SENDING

### 2.1 TSHILIDZINI SKOOL

**2.1.1** Gedurende die reses het woelinge in die onderwys die bestuur van die skool direk geraak. Die Skolewet 1996 het baie onsekerheid tot gevolg gehad, veral met betrekking tot die hantering van skole vir buitengewone onderwys. Daar word geen voorsiening gemaak vir voortgesette eienaarskap van die kerk nie en ook nie vir voortgesette betrokkenheid by die beheer van die skool nie. Die moontlikheid bestaan dat die kerk alles wat daar opgebou is, kan verloor.

**2.1.2** Samesprekings met die beheerliggaam van die skool het duidelik laat blyk dat daar ter wille van die Evangelie en die werk van die kerk dringend behoefte is aan voortgesette betrokkenheid van die NGK by die skool. Dit is ewe noodsaaklik dat die bestuur steeds deur die twee kerke gesamentlik behartig moet word.

**2.1.3** 'n Afvaardiging bestaande uit lede van die dienende bestuursraad en lede van die SSK het op 9 Junie 1997 samesprekings gevoer met provinsiale departementshoofde van die Onderwysdepartement van die Noordelike Provinsie waarin verskeie aangeleenthede wat kommer wek bespreek is. Die afvaardiging se pleidooie is simpatiek aangehoor. Die betrokke departementshoofde het die versekering gegee dat hulle sal toesien dat 'n skriftelike memorandum wat die bestuursraad sal voorlê, aandag sal geniet by die kommissie wat die regulasies vir beheer van skole vir leerders met spesiale behoeftes voorberei.

**2.1.4** Verdere verwikkelings word deur die kommissie afgewag.

### 2.2 SIBS MARAIS-KOOKSENTRUM

Hierdie projek by die Mamelodi Dienssentrum, wat 'n eie onderneming van die Vrouediens van Noord-Transvaal was, in samewerking met die VGKSA in administratiewe hoedanigheid, is by die laaste sinode na die SSK verskuif. Dit het 'n leemte laat ontstaan wat die vrouebetrokkenheid ernstig benadeel het. Die SSK begroot R7 000. Die opleidingsprojek vir kookkursusse en bak-en-versier, gaan voort en is nou ook aan KAN gekoppel. Mevv Irene Manyakalle en Rentia Möller is verantwoordelik vir die uitvoer van die projek. Die Vrouediens van Oos-Transvaal dra ook vrywillig by terwyl enkele donasies van Vrouedienste uit gemeentes ontvang is. Tog word ernstige finansiële druk ondervind.

## 3. SENDINGEIENDOM

### 3.1 KRANSPOORT EN BETHESDA

**3.1.1 Besluit van die Sinode 1993** - Die sinode besluit dat die moderamen versoek word om eers met die moderatuur van die NGKA Noord-Transvaal samesprekings te voer voordat die toekoms van die plase gefinaliseer word.

**3.1.2 Besluit van die Sinode 1995** - Die sinode gee opdrag aan die moderamen om voort te gaan met die ondersoek oor die toekoms van die plase Kranspoort, Bethesda en Emmarentia Geldenhuys en om die nodige handeling wat daaruit spruit, uit te voer, met verslag aan die volgende sinode.

**3.1.3 Bestuur** - Terwyl die moderamen met die onderhande-

linge oor die plase besig is, is die bestuur getrou onderneem deur 'n baie bekwame bestuursraad waarop die SSK ook verteenwoordig is.

**3.1.4 Kontrak Kranspoort** - Die Ring van Louis Trichardt het in samewerking met die SKKK 'n kontrak opgestel wat die gebruik van ongeveer 46 hektaar van Kranspoort deur die VGKSA reël ooreenkomstig 'n besluit van die Sinode van 1991. Hierdie kontrak sal geldig bly totdat die sinode op aanbeveling van die moderamen oor die toekoms van die plaas besluit.

### 3.2 EMMARENTIA GELDENHUYS

**3.2.1 Bestuur** - Onder die bekwame leiding van mnr Dirk Klopper gaan dit baie goed op die terrein. Die inkomste wat uit die kampgelde ontvang is, het die afgelope twee jaar met byna 110% gestyg. Die bedrag het vanaf R125 145 (1995) na R151 385 (1996) tot R262 027 (1997) gestyg. 'n Rekordbedrag van R49 291 is vir Desember ontvang. Gedurende die afgelope jaar het 7 046 persone van die terrein se fasiliteite gebruik gemaak.

**3.2.2 Toerusting** - Gedurende die afgelope jaar is nege nuwe warmwatereenhede geïnstalleer; vyf yskaste en drie elektriese stowe is aangekoop. Vyf nuwe gesinseenhede is toegerus met elektriese ketels, kastrolle, eetgerei, ens. Die fondse hiervoor asook vir algemene onderhoud en salarisse word verkry uit die kampgelde.

**3.2.3 Ulando-skool** - Na aanleiding van 'n versoek deur die ouer-onderwyserkomitee om die skool uit te brei, vind onderhandelinge tans plaas.

**3.2.4 Onderhandeling met oud-skoliere** - Die samesprekings oor oud-skoliere se aansprake op die terrein is steeds in die moderamen se hande.

### 3.3 OPPIEBERG

Die kampterrein word steeds voortreflik deur Mev Kitty Kotzé bestuur. Besetting het effens afgeneem maar bly steeds bevredigend en die geboue is nog in 'n goeie toestand ten spyte daarvan dat die terrein 'n aantal inbrake en beskadiging beleef het. Met die aanskaffing van 'n opgeleide waghond en 'n voltydse nagwag loop sake weer beter. Daar word vir 'n tekort van ongeveer R4 000 in die komende boekjaar begroot.

### 3.4 PASTORIEË

**3.4.1 Marken** - Die pastorie word deur die plaaslike NG gemeente verhuur. 'n Gedeelte van die inkomste word as behuis-ingsubsidie vir ds Herold Weepener, wat nou van Ellisras af werk, gebruik.

**3.4.2 Matlala** - 'n Donasie van R5 000 is aan die gemeente geskenk vir die bou van 'n pastorie nadat die vorige een afgebrand het.

**3.4.3 Louis Trichardt** - Die pastorie is teen halfprys aan Ds Louis Schnettler verkoop met die ooreenkoms dat geen verdere behuisingsubsidie deur die sinode betaal sal word nie.

**3.4.4 Springbokvlakte** - Weens serwitute op die huis kan dit nie verkoop word nie. Instandhouding het gedurende die reses aandag geverg.

**3.4.5 Soekmekaar** - Onderhandeling word gevoer om die pastorie aan ds Pieter Coetzee te verkoop.

**3.4.6 Dendron** - Ondersoek word ingestel na die moontlikheid om ook dié pastorie te verkoop.

## 4. TRUSTFONDSE

**4.1 HULPFONDSE** - Die SSK beheer die volgende trustfondse: Daphne Trollipfonds, De Jager-Steynfonds (nie die teologiese studiefonds), De Klerk Erflating.

**4.2 STUDIEFONDSE** - Die kommissie beskik ook oor die volgende studiefondse: JPJ Barnard; Magretha Dippenaar; Emmarentia Geldenhuys; MM Hammond; Thys en Johanna Heyneke; AC Viljoen: (ingesluit by die MM Hammond); Willie van Heerden. Dié fondse is almal aan streng voor-waardes onderworpe en word vanaf verlede jaar deur die Teologiese Fakulteit in oorleg met die SSK beheer. Tans word ses studente uit die fondse gehelp.

**4.3 INTERNE FONDSE** - Geskiedenis-, Hospitaal Eiendomme-, Kampe-, Media-, Museum-, Opleiding-, Konferensies-, Teologiese Opleiding Botswana-, Vrywillige en Reserwefonds. Die fondse word vir verskeie projekte benut soos deur die reglemente bepaal. Enkele kleiner toekennings uit die fondse gemaak.

## 5. SAMEWERKING MET NG KERKFAMILIE

### 5.1 SAMEWERKING MET DIE VGKSA

**5.1.1 Missionêre betrokkenheid**

**1.** Die rasionaal agter die SSK se samewerking met die VGKSA (gemeentes en sinodes) is tweërlei. Enersyds het hierdie kerk uit die sending van die NGK ontstaan en daarom histories deel geword van die SSK se agenda. Andersyds bevind meeste van die gemeentes hulle steeds in 'n missionêre situasie waar die heidendom, tradisionele gelowe en sinkretistiese sektes nog hoogty vier. Terwyl die eerste motief algaande vervaag, word lg. steeds belangriker. Die VGKSA voer 'n geestelike stryd vir die evangelie van Jesus Christus in gebiede waar dit vir die NGK byna onmoontlik is om toegang te kry. Die VGKSA is daarom vir die NGK 'n onmisbare vennoot in die opdrag om die evangelie te verkondig.

**2.** Die volgende statistiek (volgende bladsy) gee 'n oorsig van die VGKSA Noord-Transvaal wat in die NGK Noord-Transvaal se geografiese gebied val en dui aan in watter mate gemeentes nog deur subsidies bygestaan word.

**3.** Enkele opmerkings kan help om die gegewens ietwat te belig:

**3.1** Lerato (Groothoek) kry hulp van die SSK maar is ingedeel by die Ring van Letaba wat hoofsaaklik in Oos-Transvaal sinodale gebied val.

**3.2** 33 gemeentes ontvang slegs plaaslik subsidies van die NGK. 18 ontvang geen gereelde finansiële hulp nie. Nie een van hierdie 18 het 'n voltydse werker in diens nie. Hulle het of tentmakerleraars, of geen amptelik geskoolde werkers nie.

**3.3** In die afgelope vier jaar is slegs in een geval weer 'n voltydse leraar beroep by die ontstaan van 'n vakature.

**3.4** In twee gevalle is evangeliste se poste opgradeer nadat hulle deur indiensopleiding as leraars gelegitimeer is.

**3.5** Geen enkele evangelistepos wat vakant geraak het, is weer gevul nie.

**3.6** By die 506 hoofdienspunte waar elke Sondag kerk gehou word, word 60% en meer deur kerkraadslede gelei.

| VGKSA-Ringe | Gemeentes | Belyd. lidmate | Hoof dienspunte | Leraars Deeltyds | Voltyds | Evange-liste | Kerkraad | SSK subsidies |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Bethesda | 7 | 8500 | 99 | 1 | 6 | 5 | 235 | 5 |
| Brits | 8 | 4543 | 25? | 2 | 5 | 0 | 180 | - |
| Garankuwa | 9 | 11246 | - | 6 | 3 | 3 | 249 | - |
| Kranspoort | 7 | 5860 | 59 | 7 | 4 | 6 | 104 | 5 |
| Potgietersrus | 6 | 3973 | 35 | 1 | 3 | 6 | 137 | 4 |
| Saulspoort | 9 | 21556 | 87 | 5 | 5 | 5 | 529 | 2 |
| Thabazimbi | 5 | 1995 | 27 | 0 | 1 | 0 | 69 | 1 |
| Tshwane | 6 | 4662 | 25 | 8 | 4 | - | 158 | - |
| Warmbad | 6 | 3417 | 57 | 3 | 3 | 1 | 210 | 1 |
| Zeerust (W.Tvl) | 5 | 3200 | 85 | 2 | 2 | 2 | 97 | - |
| **TOTAAL** | **68** | **68952** | **499** | **35** | **36** | **28** | **1968** | **18** |

Kerkraadslede dra ook ander verantwoordelikhede soos kategese, pastorale sorg, jeugbearbeiding en finansiële administrasie.

**3.7** Die rol van die voltydse leraar, waar dit nog bestaan, ontwikkel in 'n spesiale rigting. Ongelukkig het dit ook in baie gevalle die agteruitgang van werksaamhede meegebring. Dit weerspieël 'n donker prentjie wat ook belangrike konsekwensies vir teologiese opleiding het. Dit bring ook ernstige gevolge mee vir die bearbeiding en voortbestaan van gemeentes.

**5.1.2 Sterkpunte in die VGK**

**5.1.2.1 Ouderlinge** - Daar is bemoedigende tekens van ouderlinge wat na vore kom en belangrike rolle begin vul. In 'n paar gemeentes waar geen leraars dien nie, vat die ouderlinge werklik die tou. Gemeentelike werksaamhede word voortgesit en spesiale projekte aangepak. Sensitiewe leiding is baie noodsaaklik, omdat die regte inligting en visie soms ontbreek, en so ook prioriteite deurmekaar kan raak.

**5.1.2.2 Inisiatief** - 'n Paar kerkgeboutjies is die afgelope tyd in gebruik geneem selfs met baie minder ondersteuning van buite die gemeente. Een gemeente het byvoorbeeld sonder die leiding van 'n leraar 'n kerkgebou op goedkoop wyse opgerig wat omtrent 500 mense kan huisves. Sondae se kollekte hier is gemiddeld R700. Hulle werk aan die eintlike kerkgebou. Die bekwame leierouderling hier, is 'n polisie-instrukteur. 'n Paar ander kerkgeboue word opgerig en het al ente gevorder sonder betekenisvolle bydraes van buite.

**5.1.2.3 Rentmeesterskap** - Daar is bemoedigende tekens van toenemende rentmeesterskap. Hoewel 'n hele klompie gemeentes baie jare agterstallig is met sinodale verantwoordelikhede, toon die sinode se heffingbydraes die afgelope aantal jaar 'n bestendige groei. Die gereelde aanvraag vir opleiding in die verband is ook bemoedigend.

**5.1.2.4 Vroueaksies** - Die vroueaksies in die gemeentes is veral bemoedigend. By omtrent al die kerkrade is daar ook vroue-ouderlinge. Kerkrade het ook al geleer om die werksaamhede van die vroue met agting te bejeën.

**5.1.2.5 Kerkbywoning** - Daar is by vele gemeentes bemoedigende kerkbywoning. Kerkgeboue wat te klein word, is nie uitsonderlik nie. Die jaarlikse aflegging van belydenis deur nuwe lidmate gaan op baie plekke bestendig voort. Ook die deelname van kinders, veral jongmense in die kerk, bied baie mooi geleenthede wat nie gereeld benut kan word nie.

**5.1.2.6 Plaaslike samewerking** - Daar is voorbeelde van mooi kontakgeleenthede tussen VGKSA en NGK op plaaslike vlak. Oor die algemeen bly dit te min. Daar is faktore aan beide NGK en VGKSA kant wat die groei in dié verband vertraag.

**5.1.3 Nuwe verhoudings**

**1.** Aangesien dit duidelik is dat tjekboekverhoudings met die VGKSA verbygaan, en dit buitendien nie bevredigende verhoudings geskep het nie, het die SSK saam met die VGKSA Noord-Transvaal 'n reeks van vier streekwerkswinkels gehou om openhartig oor samewerking en nuwe metodes van hande vat te praat.

**2.** Die evangelisasie- of sendingtaak is beslis nie afgehandel nie en 'n nuwe visie saam met die VGKSA is steeds 'n onvermydelike opdrag. Soos die NGK beleef die VGKSA selfs ernstiger krisisse en mag ons mekaar nie ignoreer nie. Die SSK meen dat hy 'n rol van katalisator en koördineerder waar nodig kan vul.

**5.2 SAMEWERKING MET RCA**

**5.2.1** 'n Sub-kommissie van die SSK is die amptelike skakel tussen die sinode en die gemeente Charisma. Die volgende verslag is van ds PJ de Beer van die gemeente Charisma ontvang:

1. DIE GEMEENTE CHARISMA - Die werk in Laudium gaan onverpoos voort en 'n klompie nuwe bekeerlinge het hulle tot die gemeente toegevoeg. Die persentasie Moslems in Laudium neem teen 'n ongekende tempo toe. Dit plaas 'n groot uitdaging voor die gemeente om na hierdie baie moeilike sendingarea uit te reik.

2. LAUDIUM 'n SENDINGVELD, CHARISMA 'n SENDINGSTASIE - Laudium word toenemend die hartland van

Islam in Gauteng. Dit op sigself bedreig die Kerk in Laudium soos meer en meer Christene uitgekoop word en elders heen vertrek. Hier is nou 'n geleentheid vir Christene om vir 'n jaar lank intensiewe opleiding in Moslem- en Hindoebearbeiding te kry terwyl hulle die geleentheid het om prakties betrokke te raak en 'n behoorlike kykie te kry in 'n tipiese 10/40-venster situasie.

3. CHARISMA EVANGELICAL COUNCIL - Hierdie liggaam is einde 1995 in die lewe geroep om 'n werkbare verband met gemeentes van die Ned Geref Kerk daar te stel. Die raad bestaan uit etlike predikante en indiwidue van die Ned Geref Kerk en lede van die plaaslike RCA gemeente. Een van die oogmerke van die raad is om hulle te beywer vir die insameling van fondse om die leraarspos en die kerkgebou in stand te hou en die werk voort te kan sit.

4. NUWE WERKKRAGTE - Johan en Trudie Robbertze het hulle eie fondse gegenereer en werk nou saam met ons terwyl hulle met studie in die teologie besig is. Ons vertrou die Here vir 'n tweede leraar wat òf as tentmaker òf as geloofswerker saam met ons die groot uitdaging van die bereiking van Moslems en Hindoes sal aanvaar.

5. OPLEIDING MET DIE OOG OP DIE BEREIKING VAN MOSLEMS EN HINDOES - Die opleiding is prakties van aard en beoog om Christene voor te berei om hulle Moslem- en Hindoebure te kan bereik. Die opleidingsmateriaal is op die oomblik in Engels beskikbaar omdat dit die voertaal is vir hierdie aksie. Daar word gewerk aan 'n Afrikaanse uitgawe. Tydens een van die kursusse het 'n groep van ses persone hulle beskikbaar gestel vir uitreiking na Moslem- en Hindoekinders in Laudium en so is Klub 10/40 van stapel gestuur.

6. VOORTGESETTE ONDERSTEUNING - Baie dankie vir u ondersteuning in die verlede. U maak dit moontlik dat die Evangelie van vrede en versoening uitgedra kan word aan twee van die grootste onbereikte groepe in die wêreld. U verdere ondersteuning word hoog op prys gestel. Dankie dat u ons ook dra in u gebede. Help ons ook om die werk en die nood verder bekend te stel aan lidmate van die Ned Geref Kerk.

Aan God die eer!

**5.2.2 AANBEVELING - Gemeentes word dringend opgeroep tot gebed vir Charisma-gemeente in die lig van die uitdagende omstandighede. Gemeentes word ook opgeroep om moeite te doen om die gemeente te ondersteun op elke moontlike wyse.**

## 6. GESAMENTLIKE WERK MET OOS-TRANSVAAL

### 6.1 EVANGELISASIE VGKSA

#### 6.1.1 Verslag

1. INLEIDEND - Evangelisasie, soos ons in die VGKSA bekend staan, is 'n unieke hulpaksie wat hulp aan gemeentes verleen op verskeie gebiede. Met ons voertuie, tente, toerusting, personeel en kantore, asook met die finansies wat tot ons beskikking gestel word, kan ons die kerk sinvol dien. Ons dank aan die Here wat ons daartoe in staat stel.

2. VELDTOGTE - Tentdienste bly 'n aantrekkingskrag, veral in die plattelandse gebiede, selfs daar waar daar geen infrastrukture (soos elektrisiteit) is nie. As gevolg van verskillende faktore werk ons meesal op die platteland en doen in baie gevalle eintlik "sendingwerk" aangesien daar gebiede is waar die Woord selde, indien ooit, verkondig is.

3. GEMEENTEBOU-PROGRAMME - Ons probeer soveel moontlik konferensies en kursusse aanbied om ampsdraers en lidmate te skool vir hul ampswerk. Veral ouderlinge word gehelp om predikers te wees, die Vrouevereniginglede om diens van barmhartigheid te beoefen en Sondagskool-onderwysers geniet ons aandag. In gevalle waar die behoefte bestaan (en die fondse bekombaar is) word klein kerkgeboutjies opgerig.

4. LITERATUURVERSPREIDING - Behalwe die verspreiding van gepubliseerde lektuur (Bybel, Gesangeboeke, traktaatjies, ensovoorts) stel ons 'n preekbundel op en publiseer dit in 5 tale asook skolingsmateriaal, ensovoorts.

5. FINANSIES (Geouditeerde state op aanvraag beskikbaar) - Let asseblief daarop dat ons meeste inkomste uit vrywillige *donasies* en *bydraes* van die NG Kerk kom (R428 298.00 en R55 759.00 onderskeidelik) terwyl die VGK ook sy deel bydra. Wat die uitgawes betref wil ons net daarop wys dat ons voertuie oud is en dat dit meer as R80 000.00 gekos het om hulle op die pad te hou. Maar die Here was vir ons goed. Danksy 'n donasie van R50 000.00 aan die einde van ons boekjaar kon ons met 'n voordelige balans van R46 452.00 afsluit!

6. POS VAN SEKRETARIS - Op hierdie stadium lyk dit asof ek (DV) vir nog 'n geruime tyd sal voortgaan en daarvoor verklaar ek my bereid.

DS JC BEUKES

**6.1.2 Voortsetting van die possubsidie** - In die lig van vorige sinodale besluite oor die beëindiging van subsidies word ondersoek ingestel na voortgesette subsidie wat aan ds JC Beukes se pos gekoppel is.

### 6.2 GEVANGENISBEARBEIDING

#### 6.2.1 Werksaamhede

**1.** In Pretoria en omgewing is omtrent 20 geestelike werkers steeds aktief. Hulle kom uit verskillende gemeentes van die NGK sowel as die VGK. Dit sluit gemeentes in soos Meyerspark, Oosterlig, Kloofsig, Moreletapark, Skanskop, Kameeldrif, Montana, Noordoos-Pretoria, Premiermyn, Skuilkrans-Pretoria, Bronberg, Lynnwoodrif, Silverton Park, Mamelodi (VGK), Mamelodi-Phahameng (VGK), Elarduspark, Ekangala (VGK), Irene (VGK), Bronkhorstspruit (VGK), Witbank (VGK), Warmbad (VGK), Brits (VGK) en Rustenburg (VGK). (Die lys is nie volledig nie.)

**2.** 'n Groot aantal van bogenoemde werkers kom al 'n geruime tyd byeen en het behoefte om van tyd tot tyd mekaar te ondersteun en te versterk. 'n Jaarlikse byeenkoms word by Emmarentia Geldenhuys gehou met spesiale sprekers. Gelukkig is daar ook 'n groepie ander ondersteuners wat die byeenkomste bywoon.

**3.** Lektuurbediening word grotendeels deur Dibukeng voorsien.

**4.** Alle bydraes en fondse word as 'n trustfonds deur Dibukeng geadministreer.

#### 6.2.2 Veranderings

**1.** Dr Ferdi Ollewagen het na die aftrede van Dr Ockert Erasmus vrywillig die leisels van die werk oorgeneem. Hy het ons egter in 'n motorongeluk ontval. Sy dood het 'n groot leemte gelaat. Dr Hennie Möller tree tans as voorsitter vir die

Pretoria groep van godsdienswerkers in die gevangenis op. (☎ 012 805-4035/6)
2. Die karakter van die werk het die afgelope tyd verander van massa benadering tot kleingroep- of selfs individuele bearbeiding. Helpers is dus dringender nodig as vantevore.
3. Elke gevangenis of inrigting werk tans met 'n spesiale intergodsdienskomitee wat die werk plaaslik saam met die kapelaan organiseer. Goeie deelname van godsdienswerkers vanuit die NGK en VGKSA kan van spesiale betekenis wees.
4. Die opvatting dat die kapelane van die kerk wat in die gevangenisse in die staatsdiens is, die koördinering sou kon doen, is nie korrek nie. Binne 'n jaar sal daar in Noord- en Oos Transvaal moontlik slegs een kapelaan van die NGK of VGKSA oorbly. Die meerderheid kapelane is reeds van ander kerke.

**6.2.3 Behoeftes van die werkers**

1. Om die werk voort te sit in die huidige situasie in ons land vra groter doeltreffendheid en gemotiveerdheid. Dit vra koördinasie, oriëntasie en veral werwing van nuwe deelnemers. Dit is waar die bediening tans die grootste leemte ondervind.
2. Die staat gee wel 'n reiskoste of sessiegeld aan godsdienswerkers, maar weens tekorte word ook vrywilligers gesoek of fondse om die wat dit nie kan bekostig nie, met 'n reiskoste te voorsien.
3. Alhoewel interkerklike samewerking in hierdie werk van groot belang is, meen die kommissie dat goeie koördinering van werkers uit beide die NGK en VGKSA wat in die aantal gevangenisse in en om Pretoria werk, tog beter koördinering verg. Dit geld veral waar helpers gewerf en georiënteer moet word.
4. Die werkers ervaar dat hulle "adres" vaag geword het. Die kerklike strukture bied nie meer die nodige ondersteuning en befondsing nie.

**6.2.4 Die weg vorentoe** - Die SSK en SKDB is in gesprek sodat alle bestaande dienswerk in gevangenisse beter gekoördineer kan word. Die SSK is van oordeel dat 'n forum van belanghebbende kommissies van die drie betrokke sinodes die werk moet koördineer.

**6.2.5 Dankwoord** - Dit is van pas om met dank erkenning te gee aan vriende en ook 'n aantal kerkrade wat finansiële bydraes tot hierdie werk maak.

## 6.3 SAAKGELASTIGDE -VGKSA NOORD-TRANSVAAL

1. Dr Hennie Möller, wat tans die pos beklee, moes die afgelope jaar inderhaas 'n hartomleidingsoperasie ondergaan. Ons is dankbaar dat dit tans weer baie goed gaan met sy gesondheid.
2. Die pos word deur Noord- en Oos-Transvaal saam in stand gehou. Die kantoor van die Saakgelastigde VGKSA Noord-Transvaal is 'n belangrike skakel vir gesamentlike werk wat deur die twee kerke onderneem word. Baie inligting wat in hierdie verslag vermeld word, is van dr Hennie Möller afkomstig.
3. Die pos is tweeledig nl saakgelastigde sowel as toerusting, met klem op rentmeesterskap.
4. Die taak van saakgelastigde behels administrasie en boekhouding van byna alle werk van die sinode, beleggings, kontrole van gemeentes (registrasies, bewysstukke en eiendomme), korrespondensie, kommunikasie met ringe, nuusbrief, lektuurverspreiding (CLF), konferensies en winkels. Van alles word maandeliks verslag gedoen.
5. Toerusting geskied op rings- en sinodale vlak en konsentreer veral op verskillende aspekte van administrasie en geldbestuur.

## 6.4 KERKLIKE AKSIE NOODHULP

**6.4.1 Oorsig** - KAN is 'n gesamentlike projek van die Sinodes van Noord-Transvaal (VGKSA), Noord-Transvaal (NGK) en Oos-Transvaal (NGK). Noord-Transvaal word deur die SKDB en die SSK verteenwoordig. Verslag word ook gedeeltelik deur die SKDB gelewer. KAN het ten doel om armoede in die gemeenskap teen te werk deur middel van selfversorgingsprojekte en 'n proses van transformasie. Met die oog op die wyer bekendstelling van KAN se werk is sowel 'n uitstalling as 'n skyfiereeks beskikbaar. Nuwe inligtingspamflette word tans saamgestel.

**6.4.2 Gemeentestigting te Ivory Park** - Onder leiding van ds Daniël Maluleke en met die steun van die NG-gemeente Halfweghuis is 'n klein gemeente aan die gang gekry wat elke Sondag vergader. Fondse word tans ingesamel met die oog op 'n basiese gemeentesentrum vanwaar selfhelpprojekte bedryf kan word. 'n Biblioteek word ook in die vooruitsig gestel waar skoolkinders kan kom studeer.

**6.4.3 Olifant Behuisingsprojek** - 'n Subsidie aansoek vir die behuisingsprojek in Mamelodi is deur die Departement verwerp aangesien hulle nie 'n gemeenskapsprojek wil ondersteun nie. Die volgende stap is nou om die grond in erwe te verdeel sodat elke lid van die Olifantprojek individueel kan aansoek doen vir subsidie. 'n Bedrag van R147 000 is reeds op die infrastruktuur spandeer. Mnr Johannes Mtsweni is verantwoordelik vir hierdie projek.

## 6.5 MOSLEMBEARBEIDING

**6.5.1** Die werk van Eternal Life Outreach gaan steeds voort onder leiding van mnr. Fred Nel. Opleiding van en onderskraging van vrywillige werkkragte gaan steeds by 'n paar sentra voort. Nuusbriewe word gereeld aan ondersteuners en belangstellendes uitgestuur. Uit verskeie oorde word verneem dat die Islam tans ywerig en selfs aggressief daarna streef om hulle geloof in Suid-Afrika en wêreldwyd te propageer. Die kerk se roeping om die Evangelie aan Moslems te bedien, bly steeds baie moeilik en lewer min resultate. Dit is duidelik dat enige sukses afhanklik is van gebed, betoning van Christelike liefde en toegewyde ywer.

**6.5.2 AANBEVELING - Gemeentes word by hernuwing opgeroep om ernstig vir die verlossing van Moslems te bid en aktief mee te werk dat die Evangelie onder hulle verkondig kan word.**

## 6.6 ARBEIDSBEDIENING

**6.6.1 Sinodale Besluit** - Die sinode gee aan die SSK opdrag om met die ander meewerkende sinodes se betrokke kommissies in gesprek te tree oor die toekoms van Arbeidsbediening met afhandelingsbevoegdheid en rapport aan die sinode.

**6.6.2 Optrede** - 'n Hele reeks Breër Kommissie- en *ad hoc* sub-komiteevergaderings is bygewoon waarin groot vordering gemaak is tov die aard, omvang en haakplekke in huidige arbeidsbediening asook in toekomsbeplanning. Tussen die Transvaalse sinodes is die akte en statute vir die vorming van 'n nutsmaatskappy byna gefinaliseer. Hoewel die onderhandelings ver gevorder het, is 'n finale verslag nog nie gereed

nie en is verdere onderhandeling veral rondom personeelkwessies nog uitstaande. Die sinode word versoek om die opdrag aan die SSK te herhaal.

**6.6.3 AANBEVELING - Die sinode neem kennis van die goeie vordering wat gemaak is in die beplanning vir toekomstige arbeidsbediening en verleng die SSK se opdrag om met die ander meewerkende sinodes se betrokke kommissies in gesprek te bly oor die toekoms van Arbeidsbediening met afhandelingsbevoegdheid en rapport aan die sinode.**

**6.6.4 Die Gesamentlike Kommissie vir Arbeidsbediening GKA Noord &Oos** - Dit is 'n gesamentlike kommissie van die twee sinodes, Noord- en Oos Transvaal. Die kommissie hanteer namens die sinodes alle skakeling met maatskappye wat in arbeidsbediening belangstel en werk ook met ander organisasies saam waar nodig. Vergaderings van die GKA vind plaas so dikwels as wat nodig is, maar ten minste twee keer per jaar. Een lid van elke SSK is nodig vir 'n kworum. GKA(N&O) het verskeie instansies wat by arbeidsbediening betrokke wil raak, adviseer sodat verskillende "projekte" met groot welslae reeds van stapel gestuur is. Hiervan is die reuseprojek van die Witbank Trust waarby tientalle maatskappye betrek is 'n geseënde voorbeeld. Prop M Muller en prof W Backer neem die leiding in hierdie arbeidsadviese.

**6.6.5 Gesamentlike Kommissie vir Arbeidsbediening gerig op Transnet (Noord & Oos)**

**6.6.5.1 Geskiedenis van die arbeid** - Die geestelike bearbeiding van spoor- en verwante werkers vier eeufees. Die werk word landswyd koördineer deur die Breë Kommissie (BKAT) en word finansier deur vrywillige en ander bydraes uit niekerklike bronne.

**6.6.5.2 Geestelike werkers** - Onder deeltydse bestuur van prop M Muller en voltydse betrokkenheid van proponente Erasmus en Jonker het die werk op die terrein van Transnet en sy talle filiale die afgelope twee jaar 'n besondere ontwikkeling getoon sodat nege bloeiende "projekte" hanteer word. 'n Projek is 'n werksplaas waar geestelike diens in groepverband met meegaande beradingsdiens gelewer word. Die projekleiers (gewoonlik senior amptenare van die betrokke maatskappy) het groot waardering vir die vrug op hierdie bediening.

**6.6.5.3 Administrasie en Finansies** - Vanweë verskeie faktore buite die bereik van die GKAT het moes die werk die afgelope jare met 'n minimum administrasie en begroting voortgaan. Die nuwe aanpak wat deur prop Muller gelei is, het 'n aansienlike verandering in kontantvloei ten gevolg gehad sodat die R4 000 agterstand op die vorige jaar se state nie alleen uitgewis is nie, maar nou in 'n R2 000 voordelige balans omskep is. GKAT spreek sy besondere dank aan die Sinodale Kerkkantoor uit wat die finansies van en vir GKAT hanteer. Besondere waardering word ook uitgespreek teenoor prop Muller wat die meeste van die ander administratiewe take met groot opoffering hanteer.

**6.6.5.4 Toekoms van proponente in GKAT-diens** - GKAT (N&O) sal graag sien dat die proponente wat hierdie diens teen minimale vergoeding lewer as tentmakers *in gemeentediens* kon staan, terwyl hulle steeds hulle "sekulêre inkomste" by GKAT verdien. Die sinode word versoek om hierdie behoefte aan gemeentes deur te gee.

**6.6.5.5 AANBEVELING - Die sinode versoek gemeentes om proponente in diens van die Gesamentlike Kommissie vir Arbeidsbediening gerig op Transnet (N&O) in voorbidding te onthou, en hulle veral ook vir beroeping te oorweeg wanneer tentmakerposte binne gemeentes geskep word.**

## 7. BREËR GESAMENTLIKE AKSIES

### 7.1 GESAMENTLIKE SENDING IN MOSAMBIEK (GSM)

**7.1.1 Teologiese Opleiding: Vila Ulongue (Hefsiba)**

**1.** Die nuwe Teologiese Skool van die Igreja Reformada em Mocambique (IRM) het amptelik in Januarie 1995 met opleiding begin. Dit het gebeur nadat die IRM in 1994 besluit het om samewerking met die Teologiese Skool Ricatla, in Maputo, te beëindig en met sy eie teologiese opleiding te begin.

**2.** 29 persone uit Mosambiek het aansoek gedoen om toelating. 6 van die 29 persone kom uit ander kerke en 20 studente is toegelaat. Die klasse word behartig deur di Manie Taute, Wessel Bester en dr Wallace Chikakuda. Mnr en mev Frikkie van Niekerk is behulpsaam met 'n kursus in kinderevangelisasie. Noord-Transvaal is saam met ander sinodes van die NGK verantwoordelik vir die pos van ds Manie Taute.

**7.1.2 Uitreikaksies**

**1.** Die Transvaalse sinodes van die NGK is verantwoordelik vir die gebied in Mosambiek wat suid van die Zambesi geleë is. Tans is daar 40 voltydse werkers van die IRM (getroude vroue ingesluit). Van die 40 word slegs 4 ten volle en 12 gedeeltelik deur die kerk in Transvaal gedra.

**2.** Gemeentes wat graag op een of ander wyse betrokke wil raak by die werk in Mosambiek moet dit asseblief doen in oorleg met die 2 skakelpersone in Mosambiek, nl ds Pieter Botha vir Suid-Mosambiek (☎ 092581x492961) en ds Manie Taute vir Noord-Mosambiek (E-pos: hchamber@iafrica.com; Posadres: PO Box 168, Dedza, Malawi).

**3.** Ds Botha (wat geëmeriteer het in 1994) is steeds as skakelbeampte betrokke by die werk in Mosambiek en sy reis- en administratiewe koste word op 'n vrywilliger basis deur enkele sinodes gedra.

**4.** Gemeentes kan ook reëlings vir korttermyn uitreike tref met ds Willie Gouws (☎ 092581x496754), skoonseun van ds Pieter Botha, wat tans leraar is van die IRM in Maputo. Hy is verantwoordelik vir die Afrikaanssprekende lidmate in Maputo, asook die toerusting van leraars, kerkraadslede en kategete in Maputo en die Gaza-provinsie.

**5.** Dii Kruger du Preez, predikant/sendeling in diens van KEO (Kinderevangelisasie Organisasie) te Witrivier, wat deur Wes-Transvaal ondersteun word, en Willem Wiid (wat deur Witrivier ondersteun word) is beskikbaar vir hulp met uitreik (bv tolke). Hulle reik van tyd tot tyd uit na Buzi en Beira. Ds Peet Erasmus van Barberton is ook betrokke by uitreikaksies en die oprigting van kerkgeboue in die Gaza-provinsie.

**6.** Volgens ds Pieter Botha se verslag is die LIG besig om deur te breek in Mosambiek.

**7.1.3 AANBEVELING - Gemeentes word aangespoor om te bid vir die werk in Mosambiek en, indien moontlik, meer betrokke te raak.**

### 7.2 SENDING IN DIE FRANSSPREKENDE WÊRELD (GKEF&E)

**7.2.1 Die werk groei** - Daar is 'n bestendige vermeerdering

van sendelinge in die veld, navrae van potensiële kandidate word beantwoord, verwysings na tuisgemeentes word gedoen, en die betrokkenheid van gemeentes en sinodes, kerke en organisasies groei. Onlangs het Operasie Mobilisasie en die Gereformeerde Kerk ook met deelname en ondersteuning toegetree.

**7.2.2 Kerk en geloofsending** - Die GKEF & E dien steeds as posbus, inligtingspunt en skakel, maar bedryf nie self projekte nie. Die beleid om sendelinge aan gemeentes te koppel en direkte ondersteuning vir sendelinge te kry, werk goed. As geloofsending het die sendelinge die gawes en gebede van voorbidders en gemeentes onmisbaar nodig om met hulle werk voort te gaan. Met die verswakking van die Rand teenoor die Frank, word die behoeftes net al meer.

**7.2.3 Samestelling van die Gesamentlike Kommissie vir Evangeliebediening in Frankryk en Europa** - Omdat daar uit elke sinode deelname en ondersteuning en betrokkenheid met die Franse Sending ontwikkel het, word verteenwoordigers benoem en gekoöpteer soos van toepassing op die besluite van elke sinode.

**7.2.4 België** - Die werk het met entoesiasme en seën uitgebrei na België, waar veral op die volgende gekonsentreer word:

**1.** Belgische Evangelische Zending in Brussel (BEZ)
**2.** Die werk van Robert en Rita Schmidt by BEZ
**3.** Die besoek van ds Johan Luhasse van BEZ aan RSA
**4.** Die stigting van Aksie België vir Christus deur Fontainebleau gemeente
**5.** Die toetrede van Isak en Dina Davel by BEZ se personeel
**6.** Pro Christo en SSK Noord-Kaap: Hulle spanne wat gereeld georganiseer word, werk met groot vrug saam met BEZ
**7.** PUK-Kandelaar diensjaarspanne: Vir 'n paar jaar al neem hulle met vrug deel aan projekte saam met gemeentes en organisasies.
**8.** Bybels vir België: Kollektes en bydrae vir Bybels help baie om die evangeliese pakkette saam te stel, waarmee besoek gedoen en bybelstudies begin word.

BEZ vind die NG Kerk as vennoot onmisbaar. Hulle adres is: Posbus 784, Fontainebleau. 2032 (☎ 011-791-0125)

**7.2.5 Ondersteuning van sendelinge** - Die GKEF en E dien as posbus en skakelliggaam vir 8 sendelinge/ sendingpare. Hulle kom gereeld met deputasie na Suid-Afrika terug. Dis nodig om bande te versterk, nuwe ondersteuning te werf, en die familie te sien. Nuusbriewe word ook gereeld uitgestuur. Maar alles kos geld, sê die Prediker.

**7.2.6 Akademiese skakeling** - Die bande met die Institut Biblique by Nogent-sur-Marne in Parys waar verskeie van ons sendelinge teologie studeer het en waar ds André Nel tans doseer, asook met die Faculté Theologié Réformée Libre in Aix-en-Provence waar ds André Nel, prop Corné du Plooy en Chrisjohan Fourie studeer het, is kosbaar.

**7.2.7 Christelike au pair agentskap** - Daar is goeie nuus vir jongmense wat vir 'n tyd in Frankryk wil gaan werk en nie weet waarheen en hoe nie. Tracy Durant van Pretoria wat met teologiese student Pierre Arnaud getroud is, het 'n AU PAIR agentskap geregistreer en plaas studente en jongmense by christelike gesinne. Verwys na die volgende vir AU PAIR werk:

Mev Stella Durant, Tel 012-3796639, Fax 012-379-5844
m.et Mme Arnaud Durant
chez Mme BROS
Le Villarge Ouest
30940 st André de Valborgne, France.
Tel/Fax 0933 4 66 60 33 30

**7.2.8 Frankryk uitstalling in kerkargief Pretoria** - Onderhandelinge word gevoer om ook in Pretoria, soos by die Hugenote Museum in Franschhoek, 'n permanente uitstalling te vestig. Daarvoor het die Hugenote Trust 'n ruim bydrae gegee.

**7.2.9 Hugenote vereniging** - Die GKEF & E is 'n permanente en lewenslange lid van die Hugenote- vereniging en dien daardeur die bekendstelling van die Franse Sending. So het die GKEF en E ook betaal vir lewenslange lidmaatskap van ds Jakes Jacobs, wie se VGKSA-gemeente in Franschhoek betrokke raak by die Franse Sending. Die adres is: Posbus 293, Franschhoek 7690.

**7.2.10 Franse gemeente in Pretoria** - Die gemeente vergader Sondae in die Groote Kerk, Bosmanstraat, en word bedien deur prop Roche Brown en pasteur Emmanuel Chilenga wat sy doktoraal by UP in sendingwetenskap doen. Omtrent 80 mense neem deel, wat uit 9 lande kom, hoofsaaklik Zaïre. Dis 'n kruiskulturele, interkerklike variasie van jeug en volwassenes, ryk en arm, vernaam en verweerd, met tydelike en permanente verblyf, vlugtelinge en professionele mense. Die GKEF & E fasiliteer dat die ge-meente op 'n manier by die NG Kerk Noord-Transvaal en/of die gemeente Rietfontein-Noord sal inskakel.

**7.2.11 Adres** - Die nuwe adres van ds Piet Grobler, Voorsitter van GKEF & E is Posbus 10, Clarens 9707 (☎ 058-25671007)

**7.2.12 AANBEVELING - Gemeentes word gevra om die sendeling biddend te ondersteun en indien moontlik by 'n spesifieke sendeling en sy deputasiebesoeke aansluiting te vind.**

## 8. ALGEMENE SINODALE WERK

### 8.1 UITSTUUR VAN SENDELING EN DIE HANTERING VAN KORTTERMYN UITREIKE

**8.1.1** Die ASSK het in samewerking met ISWEN riglyne opgestel wat gemeentes adviseer en lei oor die hantering van sendelinge en sendinguitreike. Dit bevat uiters belangrike riglyne wat baie verwarring en nadelige gevolge van ontoereikende beplanning kan uitskakel. Die dokument is deur die SSK aan ringe deurgegee.

**8.1.2** 'n Baie nuttige handleiding van ds Deon Loots is ook deur ISWEN gepubliseer. Dit kan vir gemeentes tot groot hulp wees in die beplanning van sendinguitreike.

**8.1.3 AANBEVELING - Gemeentes word versoek om die dokument "Riglyne aan gemeentes oor die uitstuur van sendelinge en die hantering van korttermyn uitreike" by ISWEN te bekom voor enige projekte aangepak word.**

### 8.2 ISWEN

**8.2.1** Agtergrond

**1.** Die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN) is in 1979 gestig om deur navorsing inligting vir die kerk beskikbaar te maak.

**2.** Intussen het 'n groot leemte in die kerk ontstaan met die verdwyning van vorige forums soos sendingkantore, sinodale sendingsekretarisse, Die Sendingblad, vrouesendingverenigings, sendingkonferensies, saamtrekke op Hemelvaart, ens. In die plek daarvan neem gemeentes en lidmate nou op groot skaal onafhanklike inisiatiewe. 'n Bonte verskeidenheid van projekte, waarby dikwels verstommende bedrae geld betrokke

is, word dwarsoor die wêreld aangepak. Daar is goed- en swakbeplande projekte. Terwyl daar algemeen groot dankbaarheid is oor al die geesdrif, heers daar ook in sommige kringe kommer dat daar weens gebrek aan struktuur en koördinasie skade kan kom. Die noodsaaklikheid van betroubare, tersaaklike, funksionele inligting op gemeentevlak is nou dringender as ooit.

**8.2.2 Beplanning** - ISWEN beplan:

**1.** Om alle persone wat nadink oor ons sendingroeping in 'n nuwe era, en die wat inligting nodig het om funksionele besluite oor sendingwerk te neem, in 'n netwerk met mekaar in te skakel.

**2.** Die netwerk sal waarskynlik bestaan uit:

**2.1** 'n E-pos netwerk.

**2.2** 'n Jaarlikse konferensie waar navorsingsresultate met mekaar gedeel word.

**3.** Navorsing sal op verskillende vlakke gedoen word:

**3.1** Navorsing oor ons Bybelse en teologiese grondslae

**3.2** Persone wat hulle eie sendingwerk bestudeer en evalueer (praktyknavorsing)

**3.3** Navorsers wat spesifieke projekte bestudeer (praktyknavorsing)

**3.4** Navorsing om die rykdom van ervaring uit die afgelope sendingera bruikbaar te maak

**3.5** Bestudering van nuwe uitdagings

3.6 Die resultate sal meestal praktyk-gerig wees, maar daar word verwag dat daar ook meer akademiese publikasies uit sal voortvloei.

**8.2.3** Die samewerking van alle SSK's en die ASSK word tans verkry vir beplanning.

**8.2.4 AANBEVELINGS**

**8.2.4.1 Die sinode gee aan die SSK opdrag om met ISWEN saam te werk in sy beplanning.**

**8.2.4.2 Die SSK en sy subkommissies, gemeentes en ringe word versoek om met die hulp van ISWEN sendingforums en taakspanne op plaaslike vlak te bevorder, waar moontlik ook in samewerking met ander kerke.**

**8.2.4.3 Die sinode moedig gemeentes en kerkraadslede aan om op ISWEN-kommunikasie in te teken.**

## 8.3 BASIESE TEOLOGIESE OPLEIDING

**8.3.1** Verslag van die koördineringskomitee van die projek vir die bevordering van basiese teologiese opleiding aan die sinodes van Transvaal

AGTERGROND

Die Algemene Sinode en verskeie streeksinodes het reeds beklemtoon hoe belangrik dit is om hulp in verband met Teologiese Opleiding te verleen aan kerke wat nie eie opleidingsfasiliteite het nie. Daarom het die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding aan UP [SEVTO] en ISWEN gesamentlik aandag aan die probleem geskenk. Na indringende navorsing en gesprek met verskeie instansies, is besluit om 'n projek te ontwikkel wat sodanige opleiding op 'n gedesentraliseerde wyse moontlik sou maak en stimuleer. Nadat 'n reglement deur die advieskomitees van SEVTO en ISWEN goedgekeur is, is 'n koördineringskomitee vir die projek op 26 Februarie 1997 gekonstitueer. Die Komitee bestaan tans uit verteenwoordigers van SEVTO, ISWEN, deelnemende gemeentes en ander ondersteunende instansies (wat bv studie-materiaal verskaf).

MISSIE EN DOELSTELLINGS VAN DIE PROJEK

Die doel van die projek is om basiese teologiese opleiding aan werkkragte van kerke wat oor geen of min opleidingsfasiliteite beskik, te bevorder. Dit word verwerklik deur:

1. dit op gedesentraliseerde wyse aan te bied;
2. kerke en gemeentes te motiveer en te begelei om die opleiding plaaslik aan te bied;
3. gebruik te maak van kursusse van bestaande organisasies wat op die terrein werk, of om self kursusse te ontwerp;
4. die aanbieding verkieslik op ekumeniese grondslag en onder toesig van plaaslike komitees te organiseer;
5. so gou moontlik die kerke waaruit die studente kom by die opleiding te betrek;
6. fondse in te samel vir die bevordering van die doelstellings; en
7. fasiliteerders te benoem wat die projek kan bedryf en aan gemeentes kan bekendstel.

Die projek word bestuur deur 'n Koördineringskomitee wat funksioneer as 'n sub-komitee van SEVTO.

HOE KAN GEMEENTES BY DIE PROJEK BETROKKE RAAK?

1. Skakel met die Koördineringskomitee oor inligting en prosedures wat gevolg kan word. 'n Fasiliteerder kan die gemeente besoek.
2. Deur die inisiatief te neem by die oprigting van plaaslike komitees vir basiese teologiese opleiding en deur saamwerkende kerke te werf.
3. Deur opnames te maak van behoeftes aan opleiding en die werwing van studente te doen.
4. Deur die insameling van fondse om kursusse te subsidieer.
5. Deur te reël vir die totstandkoming van 'n skool, en die voorsiening van lokale, roosters, tutors en 'n toesighoudende raad.
6. Deur (in samewerking met die Koördineringskomitee) te reël vir die eksaminering en uitreiking van sertifikate vir studente wat slaag.
7. Gemeentes wat nie self 'n opleidingsfasiliteit tot stand wil bring nie, kan finansiële bydraes aan SEVTO maak vir die bestuur van die projek.
8. Sodra 'n gemeente aan die projek deelneem, verkry dit sitting op die Koördineringskomitee.

**8.3.2 AANBEVELINGS**

**8.3.2.1 Die sinode verwelkom die stigting van die Projek vir die Bevordering van Basiese Teologiese Opleiding onder toesig van 'n Koördineringskomitee van SEVTO.**

**8.3.2.2 Die sinode moedig gemeentes aan om waar daar 'n behoefte bestaan, aan die projek mee te werk. Die sekretaris, ds GG Coetzee, kan by 012-5673441 gekontak word.**

**8.3.2.3 Die sinode dra dit aan sy SSK op om die projek in gemeentes te bevorder.**

## 8.4 CHRISTELIKE LEKTUURFONDS (CLF) EN NG SENDINGUITGEWERS

**8.4.1 Werksaamhede**

**1.** Die CLF vorder steeds met sy visie: *Om in gehoorsaamheid en in afhanklikheid van God die evangelie van Jesus Christus deur aktuele en bekostigbare lektuur aan die mense in suidelike Afrika beskikbaar te stel en te bemark.*

2. Die stelling dat die geskrewe woord sterker is as die gesproke woord, is steeds op die tafel. Die gawe van die geskrewe woord word maklik as vanselfsprekend aanvaar terwyl die benutting daarvan steeds 'n baie groot uitdaging bly.
3. Hoewel dit te lank geduur het, het CLF sy mikpunt van R6 miljoen 'n tydjie terug bereik; trouens, die R7 miljoen is reeds in sig. Die afgelope jaar is R11 375 uit gemeentes uit Noord-Transvaal aan CLF gestuur. Onder leiding van ds Dirk Myburgh en sy span helpers is landswyd donateurs gewerf wat R839 797 bygedra het. Slegs die opbrengs uit die beleg-gings word aangewend.
4. Na die aftrede van mnr W Raath het mnr Gerrit Lotz oorgeneem en ook met sy ywer nuwe bydraes vir die aksie gevorder.
5. Die CLF drukkers het 'n suksesvolle jaar beleef en 'n R100 000 wins getoon..
6. CLF-Uitgewers, vroeër bekend as Pro Christo Uitgewers, het onder leiding van ds Johan Botha die afgelope jaar 5,6 miljoen traktaatjies versprei en, afgesien van die amptelike publikasies van die VGKSA, ook talle ander christelike boeke uitgegee.
7. Om kwaliteit manuskripte in Afrika-tale te kry, bly steeds 'n groot uitdaging. Jaarliks word gereeld werkswinkels in hierdie verband gehou soos ook weer op 10-12 Junie 1997 in Noord Transvaal te Rustenburg.
8. CLF het veral bewus geword van die groot behoefte aan goeie bemarking veral in die lig van 'n swak of selfs afwesige leeskultuur. Daar is reeds ervaar dat betekenisvolle vordering gemaak word waar doelgerigte lektuurbedieningsaksies aangepak word. Hiervan vind daar te min plaas.
9. Die CLF-Uitgewers beplan 'n belangrike werkwinkel oor lektuurbediening wat in samwerking met die SSK aangebied sal word in die vertroue dat 'n visie vir die geweldige gawe en uitdaging van die geskrewe woord sal poavat.

**8.4.2 AANBEVELINGS**

**8.4.2.1 Die sinode beklemtoon weereens die ondersteuning van die werk van die CLF.**

**8.4.2.2 Die sinode beklemtoon die noodsaaklikheid dat elke gemeente 'n goed georganiseerde lektuurbediening moet hê. Dit moet gerig wees op die opbouing na binne sowel as die uitreiking en omgee na buite.**

**8.5 SENDING ONDER KOMMUNISTE**

**8.5.1 Ds PW de Wet** - Ds Piet de Wet het na sy emeritaat in 1996 steeds diens gedoen in die kantoor van die Algemene Sendingkommissie. Hy beplan om aan die einde van hierdie jaar die tuig finaal neer te lê.

**8.5.2 Hawebediening** - Die Algemene Sinode het die Sinode van Noord-Transvaal versoek om Wes-Kaap te ondersteun in hulle hawewerk. Behalwe voortgaande evangelisasie word ook voedselhulp en ander bystand verleen aan bemanning van skepe wat in Kaapstad onklaar raak. Sedert Januarie word daar vir 'n 60-tal matrose van 'n Roemeense skip gesorg. Bydraes in kos en klere word baie waardeer.

**8.5.3 Radiobediening** - Ondersteuning van radiobediening in die buiteland word baie duur as gevolg van die huidige wisselkoerse. Bydraes wat tans ontvang word, word via die Sinode van Oos-Kaap na FEBA (Far Eastern Broadcasting Association) gekanaliseer vir Christelike uitsending na Franssprekende eilande in die Ooste.

**8.5.4 AANBEVELING - Die sinode versoek die SSK om in voeling te bly met die hawebediening van die Sinode van Wes-Kaapland en waar moontlik ondersteuning vir die werk te werf.**

## 9. BREËR SKAKELING EN SAMEWERKING

**9.1 BYBELGENOOTSKAP** - Die Bybelgenootskap lewer gereeld verslag aan sinodes, ringe en ondersteuners. Uit die verslag aan die sinode word die volgende gehaal:

**9.1.1 Werksaamhede in die sinodale gebied Noord-Transvaal** - Gedurende die afgelope 2 jaar is 33 gemeentes en 4 ringe deur die Bybelgenootskap besoek. Dit was 'n voorreg en 'n vreugde om die Woord te bedien en lidmate in te lig oor die werksaamhede rondom die Boek van boeke. Gasvryheid, vriendelikheid en 'n goeie gesindheid is oral met hierdie besoeke ervaar. 'n Bedrag van R936 202.41 is gedurende die sinodale boekjaar (April 96 - Maart 97) deur kerke en individue vir bybelproduksie- en voorsiening bygedra. Vir u ondersteuning en meelewing sê ons baie dankie. Ek speld graag 'n pluimpie hier vas vir die gemeentes wat groot werk maak om Bybels in hulle omgewing en selfs verder te versprei.

**9.1.2 Bydraes ontvang uit die sinodale gebied Noord-Transvaal vir 1996/97**

| Kerkrade | Gem per lidmaat | Vrouediens |
|---|---|---|
| 410 886.60 | 3.24 | 4 280.05 |

| Jeug & Kategese | Individue | Totaal 96/97 |
|---|---|---|
| 4 190.19 | 516 926.57 | 936 202.41 |

| Gem per lidmaat | |
|---|---|
| 96/97 | 95/96 |
| 7.37 | 6.73 |

Laat oorbetalings ontvang 1/4/97 - 15/4/97 nie verreken R74 797.02. Sou hierdie bedrag bygereken word, kom die gemiddeld per lidmaat op R7.96 te staan. Die algemene gebruiksbybel kos tans R28.50 om te produseer. Hierdie Bybel word teen R17.50 bemark sodat elkeen dit kan bekostig. 'n Subsidie van R11.00 is dus nodig om die Bybels steeds te kan produseer. Om deurlopend Bybels te produseer, is ook 'n konstante vloei van fondse nodig.

**9.1.2 AANBEVELINGS**

**9.1.2.1 Die sinode beveel aan dat kerkrade waar moontlik een Bybel per lidmaat per jaar subsidieer dws R11.00 per lidmaat.**

**9.1.2.2 Die sinode beveel aan dat kerkrade alle bydraes wat vir Bybelverspreiding ontvang word, so spoedig moontlik aan die Bybelgenootskap oorbetaal sodat bydraes dadelik in Bybels omgesit kan word.**

**9.2 INTERDENOMINATIONAL BIBLE SCHOOL ASSOCIATION (IBSA)** - Die projek is gerig op Bybelonderrig by plattelandse skole in onbereikte gebiede. Materiaal vir Bybelonderrig na skoolure word voorsien. Plaaslike kerke word opgeroep om ekumenies te organiseer en

met skole te onderhandel. Na deeglike hersiening van die materiaal is die SSK nou gereed om by die sinode aan te beveel dat gemeentes met vrymoedigheid aan die projek kan deelneem.

**9.3.5 Love Southern Africa** - Die SSK bring onder die sinode se aandag dat:

**1.** baie lidmate uit die NGK deel het aan die "Love Southern Africa"-aksies. Volgens dr Attie van Niekerk, verbonde aan ISWEN, is soveel as 81% van alle deelnemers uit die NGK afkomstig;

**2.** lidmate die indruk mag kry dat die NGK agterstaan tov sendingwerk en dat dit tans net interkerklik gedoen word;

**3.** daar onduidelikheid is oor met wie en hoe daar met ander genootskappe saamgewerk kan word.

**9.3.6 AANBEVELING - Die sinode versoek die ASSK om duidelike leiding te gee oor samewerking met interkerklike en para-kerklike organisasies op sendinggebied.**

## 10. BEGROTING

**10.1 SINODALE BEGROTING 1997/98** - Die lopende begroting wat deur die SSK hanteer word (in voorlopige syfers) is:

**10.1.1** Steun vir 19 gemeentes in die VGKSA wat R1 084 194 beloop. Die grootste deel hiervan gaan vir die 5 blanke leraars, vir wie die NGK nog volgens ooreenkoms ten volle verantwoor-delikheid neem, nl: Di Louis Schnetler (Kranspoort-Louis Trichardt), Hermi van Zyl (Mabaleng-Tuinplaas), Herold Weepener (Seleka/Limpopo - Ellisras), Pieter Coetzee (Soekmekaar) en Alec Uys (Bethesda- Dendron). 'n Sesde pos, die van Wilhelm van Deventer te Tshilidzini, wat weens siekte op 1 Mei 1997vroeg afgetree het, is tans vakant en die bedrag en bogenoemde begroting sal met die bedrag daarvoor begroot verminder word. Daar is tans net twee blanke leraars in VGKSA gemeentes vir wie die NGK slegs op plaaslike vlak instaan, nl Johannes Kelber (Rustenburg) en Christo Krause (Garankuwa-Wes). In albei gevalle kan die volle poste nie meer gedra word nie. Vir 13 ander leraarsposte word tussen R6 000 tot R9 000 subsidie per jaar begroot, met nog twee poste wat as gevolg van vakatures onder oorweging is. Vir 9 evangeliste word met gemiddeld R4212 per jaar begroot.

**10.1.2** Die begroting is soos volg tussen ringe verdeel:

| | | |
|---|---|---|
| Louis Trichardt | R698 358 | (minus een pos) |
| Northam | 19 620 | |
| Pietersburg | 24 096 | |
| Piet Potgietersrus | 195 678 | |
| Warmbad | 146 442 | |

**10.1.3** Die SSK dra ook R7 750 by tot die Tshilidzini Skool vir Buitengewone Onderwys.

**10.1.4** Die SSK begroot ook R30 000 per jaar vir KERKLIKE AKSIE NOODHULP (KAN), wat dit moontlik maak dat ds Daniël Maluleke as sekretaris van die pos kan voortgaan.

**10.1.5** Saam met Oos-Transvaal is die SSK ook verantwoordelik vir die twee poste van Saakgelastigde en Rentmeesterskaptoerusting, nl dié van dr Hennie Möller, sowel as die evangelisasiepos, tans ds Koos Beukes. (Sien verslae elders)

**10.1.6** Die pos van ds Perold de Beer (Charisma-gemeente) sowel as 'n gedeelte van die pos van mnr Fred Nel (Moslem-sending) word ook gedra.

**10.1.7** Die orige deel van die begroting gaan vir vergadering- en administratiewe koste.

## 11. PERSONEEL EN VERGADERINGS

**11.1** Primarii: Ds MJP Grobler (Voorsitter), Ds A Roux (Ondervoorsitter), Dr JGM Richter (Skriba), Di DB de Vos, JJF Viljoen, Dr SW Theron, Ds JC Scholtz, Prof D Crafford, (Teologiese Fakulteit - UP), Mev C Venter (Vrouediens), Dr HJ Möller (VGKSA)

**11.2** Sekundi: Di HM Horn, JSD van der Merwe, PA Schutte, PG du P Bergh

**11.3** Vergaderings: Gewone vergaderings is gehou op 23/10/95; 25/4/96; 2/9/96 en 27/5/97.

## 12. SLOT

Die kommissie dank die Here vir die geleentheid om betrokke te kon wees by die sending van die kerk. Ook bid ons dat die vrug van die werk van die NG Kerk nie sal uitbly nie, maar dat gemeentes en lidmate steeds deur die Gees geïnspireer mag word om die Koningskap van Christus op alle terreine van die lewe te proklameer, in besonder waar Hy nog nie geken word nie.

MJP GROBLER (Voorsitter)
JGM RICHTER (Skriba)

# A.11 VROUEDIENS NOORD-TRANSVAAL

## 1. SAMESTELLING

"Op grond van die Reglement vir die Vrouediens besluit die sinode om nie meer verteenwoordigers van die Vrouediens in sinodale kommissies te benoem nie. Slegs 'n Sinodale Kommissie vir die Vrouediens word benoem." (Vgl Handelinge 1993: bl 233: pt 3.3.1.3.2). Die Kommissie vir die Vrouediens (SKV) is soos alle ander kommissies 'n kommissie van die sinode.

| | |
|---|---|
| Voorsitter: | Mev H Ackermann |
| Ondervoorsitter: | Mev K Venter |
| Skriba: | Mev R Hugo |
| Aktuarius: | Dr MC Botha |
| Kommissielede: | Mevv B Behr, E Dreyer, J Vorster en C Vosloo |
| Sekundi: | Mevv H Theron, E Kloppers, L Venter, H van Vuuren en dr PR du Toit (vir aktuarius) |

## 2. WERKSAAMHEDE

Die SKV het gedurende die afgelope twee jaar daarop gefokus om geleenthede te skep waarby vrouelidmate toegerus en geïnspireer kon word vir hulle dienswerk en aktiwiteite in die gemeentes met die visie voor oë: *"Elke vrou aktief vir Christus"*.

**2.1 Konferensies** - Drie Lente-konferensies met die volgende temas is aangebied:
21 Oktober 1995 - "Kreatiwiteit" deur dr Kobus Neethling
7 September 1996 - "Versoening" deur dr Gideon Rossouw en prof Wil Vosloo
6 September 1997 - "Geestelike verdieping" deur dr Riaan van der Merwe

**2.2 Vrouedagbyeenkomste** - Vrouedagbyeenkomste is aangebied op 9 Augustus 1996 en 9 Augustus 1997. Die een op 9 Augustus 1996 is deur meer as 750 vroue bygewoon.

**2.3 Kontakgeleenthede** - Kontak is gemaak met die VGKSA- en RCA-vroue. Op informele en formele byeenkomste is hierdie vroue ontmoet. 'n Uitnodiging na die SARK-konferensie op 5 en 6 Junie 1996 is aanvaar en bygewoon deur 'n lid van die SKV as waarnemer.

**2.4 Kommissievergaderings** - Sewe kommissievergaderings is gehou. By die vergaderings is onder andere besin oor die taak en toekoms van die Vrouediens, die inhoud van die nuusbrief, hantering van korrespondensie, bespreking en reëling van konferensies en die Vrouedagbyeenkomste.

**2.5 Riglyne** - In opdrag van die sinode is nie-voorskriftelike Riglyne vir die Vrouediens opgestel.

**RIGLYNE VIR VROUEDIENS VAN NOORD-TRANSVAAL**

**1. Naam** - Die VROUEDIENS van Noord-Transvaal

**2. Leuse** - IN SY DIENS.

**3. Visie** - Elke vrou aktief vir Christus

**4. Missie** - Die SKV wil vroue deur middel van die Vrouediens begelei om op elke diens- en lewensterrein aktief as dissipels van Jesus Christus diens te lewer.

**5. Grondslag** - Die Woord van God soos vertolk deur die belydenisskrifte van die Ned Geref Kerk.

**6. Verhouding tot kerkvergaderings**

Die Vrouediens word georganiseer kragtens artikel 55 van die Kerkorde van die Ned Geref Kerk. Die Vrouediens funksioneer op gemeentelike, rings- en sinodale vlak kragtens hierdie reglement as kommissie van die onderskeie kerkvergaderings.

**7. Doelstellings**

7.1 Om onder leiding en in opdrag van die kerkver-gaderings, vrouelidmate te motiveer om aktief werksaam te wees tot opbou van die liggaam van Christus en die uitbreiding van die Koninkryk van God.

7.2 Om die geleentheid vir vroue te skep om volgens eie aard saam te werk en te ywer.

7.3 Om vrouelidmate tot aktiewe betrokkenheid te begelei.

**8. Vrouediens in die gemeente** - In elke gemeente behoort die kerkraad 'n kommissie te benoem om om te sien na vrouebetrokkenheid. (Kerkorde Bep 26.7)

Onderstaande kan dien as riglyne:

**8.1 Gemeentelike kommissie vir die Vrouediens (GKV)** - Die kommissie neem leiding in elke gemeente.

**8.2 Samestelling**

8.2.1 Die benoeming van die GKV geskied onder leiding van die kerkraad.

8.2.2 Die GKV kan bestaan uit 'n voorsitter, onder-voorsitter, sekretaresse, tesouriere, verteenwoordiger van die kerkraad en soveel addisionele lede as wat benodig word.

8.2.3 In elke gemeente kan die GKV riglyne opstel volgens eie behoefte, soos goedgekeur deur die kerkraad.

8.2.4 Deur gereelde verslaggewing aan die kerkraad word sorg gedra dat die belange van die vroue in die gemeente die nodige aandag van die kerkraad geniet.

**8.3 Werkwyse van die Vrouediens** - Volgens die 1995 reglement funksioneer die Vrouediens net soos enige ander kommissie van die kerk.

8.3.1 Vroue hoef nie aparte kommissies te skep vir bepaalde sake soos Jeug, Leer en Aktuele Sake ens nie, maar word aangemoedig om by kerkraadkommissies se aktiwiteite betrokke te raak.

8.3.2 Vrouedienskommissie gee aandag aan die vrou: haar belange, betrokkenheid en behoeftes.

8.3.3 Die Vrouediens voorsien in die eiesoortige behoeftes van die vrou.

8.3.4 Reël van algemene vergaderings en of wyksbyeen-komste kan binne die aard en behoefte van elke gemeente aangebied word.

8.3.5 Programme van algemene en/of wyksbyeenkomste moet stimulerend, opbouend en geloofsversterkend wees.

**8.4 Finansies** - Die insameling en beheer oor finansies word gereël in ooreenstemming met die besluite van die betrokke kerkraad.

Die volgende riglyne kan gebruik word:

8.4.1 Die kassier/kerkkantoor van die kerkraad ontvang alle Vrouediensgelde en reik kwitansies uit. As die GKV geld aanvra, word dit van die kassier verkry.

8.4.2 Die hantering en besteding van alle fondse geskied met die medewete en goedkeuring van die kerkraad.

8.4.3 Die fondse deur die Vrouediens ingesamel word onder die hoof "Vrouediens" in die boeke van die kerkraad opgeneem, met ander woorde die geld so ontvang, word in die gemeentekas gestort.

8.4.4 Die Vrouediens hou nie afsonderlik boeke nie. Die GKV kan 'n analiseboek hou vir eie inligting ten opsigte van alle inkomste en betaling maar dit vorm nie deel van die boekhouding van die kerkraad nie. Fondse van die Vrouediens word nie beskou as 'n trustfonds nie.

8.4.5 Die GKV lê jaarliks 'n begroting aan die kerkraad voor vir goedkeuring.

**2.6 SEVTO** - SKV-lede is betrokke by SEVTO. Proponente en hulle vroue is onthaal en by die geleentheid oor die Vrouediens en die rol en taak van die predikantsvrou ingelig. Finansiële steun is verleen aan 'n kamp wat SEVTO vir proponente en gades aangebied het.

**2.7 Wêreldbiddag vir Vroue** - Die geleentheid word jaarliks in gemeentes en ringe met dankbaarheid benut en dien ook om oor gemeentegrense na ander denominasies en kerke uit te reik.

**2.8 Algemene Kommissie vir die Vrouediens** - Die jaarvergaderings word geestelik-verrykend beleef en is noodsaaklik om inligting, nuus en idees met ander sinodale gebiede uit te ruil en oor aktuele en gemeenskaplike probleme te besin.

## 3. SLOTOPMERKING

**3.1** Die SKV is bewus van die geweldige druk op die vrou. Die veranderde landsomstandighede waarin onder andere geweld en misdaad die onsekerheid van die huidige situasie vererger, vind neerslag in die lewenspatroon van elke mens

Die Vrouediens behoort in elke gemeente 'n ondersteunende rol te speel. Die rol van die vrou moet, soos in die verlede, steeds reflekteer in opheffingswerk, ondersteuning, toerusting en begeleiding. Ons moet positief en nuut dink, vars en dinamies beplan, en die toekoms met geloofsmoed en oortuiging tegemoet gaan.

In die lig van bogenoemde behoort die ondersteunende rol wat die SKV in die verband wil speel maksimaal benut te word.

Die SKV verseker die sinode van hul getroue voorbidding, sodat die Here aan Wie al die wysheid behoort, ons kerk in hierdie dae sal lei om deur alles wat ons doen sy Koninkryk te erken en sy Naam te verheerlik.

**3.2 AANBEVELING - die sinode keur die nie-voorskriftelike Riglyne vir Vrouedienste goed.**

H ACKERMANN (Voorsitter)
R HUGO (Skriba)

# A.12 ARGIEF- EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE

## 1. OPDRAGTE SINODE 1995

### 1.1 SAMESPREKINGS MET WORLDNET AFRICA

**1.1.1 Opdrag** - Die sinode het versoek (Handelinge 1995, p367) dat met die WNNR se diensverskaffer samesprekings gevoer word oor elektroniese pos (e-pos); elektroniese oorplasining van attestate en dooplidmaatskap; 'n databasis vir gemeentes; 'n tuisbladsy op elke vlak van die kerk; inskakeling by TACIV as inligtingstelsel vir Christene in Suid-Afrika; inskakeling op die Internet.

**1.1.2 Werkswyse**

**1.1.2.1 Elektroniese pos en oorplasing van lidmaatskap**

1. Daar is onmiddellik begin met samesprekings met verteenwoordigers van WNNR en TACIV (Transform Africa Christian Information Village) en as proefneming is van Worldnet Africa as diensverskaffer gebruik gemaak vir toegang tot die Internet. Kort hierna is op versoek van die SKKK en met die medewerking van die Hoofbestuurder 'n projek van modemskakeling in een ring van elk van die Transvaalse sinodes geloods. Aan elk van die ringsgemeentes is 'n modem, sagteware en 1 jaar se inskrywing by die WNNR se Worldnet Africa verskaf. Die doel hiervan was om te bepaal in hoe 'n mate die Ned Geref Kerk deur middel van die rekenaar sy kommunikasie en inligtingstelsel op gemeentelike, rings-, sinodale en openbare vlak sou kon bedryf. Kommentaar wat na een jaar se gebruik ontvang is, het getoon dat e-pos vir die kerk 'n effektiewe kommunikasiemedium is ten opsigte van betroubaarheid en spoed. Dit gee die kerk ook toegang tot inligting van die verskillende sinodes wat ontsluit word deur die Argief- en Bestuursinligtingsdienste (van die verskillende sinodes), sowel as inligting op die Internet. Kommunikasie ter voorbereiding vir vergaderings word bespoedig en bevorder. Dit het moontlik geword om teen bekostigbare tariewe, van e-pos en telefoonkonferensies óf e-pos en videokonferensies (in die toekoms) gebruik te maak in plaas van duur vergaderings op sinodale en Algemene Sinodale vlak. 68 Gemeentes/leraars/ kommissies het reeds hul eie e-pos adresse wat op 'n daaglikse basis gebruik word.

2. Gemeentes wat oor modems beskik kan binne 'n dag oorplasings van lidmaatskapbewyse afhandel, asook die jaarlikse registerafskrifte as teks na die betrokke argiewe versend. Die droom van een sentrale register vir lidmate is dus so ver as die rekenarisering (+ modem) van elke gemeente. Ook die kantore van die Algemene Sinode is gehelp om modemskake-ling te bekom en om dit te benut deur opleiding te verskaf. Wat die databasis vir gemeentes betref, sien 1.2 hieronder.

**1.1.2.2 Inligtingstelsel binne die kerk**

1. Sedert die afskaling van die werksaamhede van die kommisssies van die verskillende sinodes en die sluiting van die kantore het die aantal navrae wat na die Argief- en Bestuursinligtingsdienste verwys word vervierdubbel. 'n Gemiddeld van 100 oproepe word daagliks ontvang vir inligting oor een of ander aspek van die kerk se werk. Só vervul die Argief- en Bestuursinligtingsdiens die rol van 'n Inligtingskantoor. Die rekenarisering van die verskillende dataversamelings van die Argief het sedert 1995 versnel vanweë die professionele aanslag van 'n vakkundige en die doeltreffende diens van die rekenaarkundiges in diens van die kerk. 'n Groot hoeveelheid data is reeds tot inligting verwerk en word daagliks deur leraars, gemeentes, kommissis, navorsers en die publiek benut.

2. Die volgende is die stand van versamelings (rekords soos op 23.06.1997 op DBText ingevoer, sluit inligting uit wat per hand bygehou word ) wat sedert 1995 ontsluit word en beskikbaar is vir daaglikse gebruik deur die kerk:

* Adres-Databasis: 132 rekords
* Publikasieversameling: 684 rekords (boeke, Bybels, en veral hanglêer-materiaal)
* Indeks tot die Kerkbode: 1730 rekords (Voor 1995 op SATB-CD, na 1995 op rekenaar ontsluit)
* Fotoversameling: 11 rekords (proeflopie)
* Gedenkblaaieversameling: 437 rekords
* Gemeenteversameling: 552 rekords
* Kluis 2 Versameling: 2770 rekords
* Argiefkommissie (59)
* CPGV van SA (15)
* Federale Sendingraad (31)
* Finansiële Verslae (220)
* Kerkkantoorkommissie (82)
* Persoonlike Versamelings (62)
* Sendingstasies en Hospitale (225)
* Sentrumkommissie (32)
* Sinodale Beplanningskommissie (63)
* Vroueverenigings (534)
* Multimedia: 126 rekords
* Acta-versameling
* Kerkordeversameling
* Tydskrifteversameling (besitsvermelding)
* Inventaris van Registers: 336 rekords (Oorspronklike lidmaat-, doop- en huweliksregisters)
* Teologiese Fakultei-versameling: 161 rekords
* Verhandelinge: 708 rekords
* Etiketteversameling: 1495 rekords (Vir die voorsiening van etikette)
* Knipselversameling: 5778 rekords (1997 = 1451 rekords wat ook dmv trefwoorde ontsluit is)
* Predikanteversameling: 1632 rekords (1997 = 924 Laaste rekord is Le Roux)
* Rekenaar-Databasis: 50 rekords
* Indeks tot Sinode Acta: 9144 rekords
* Indeks tot Die Voorligter: 235 rekords

3. Gedurende Maart 1996 het 4 lede van die personeel 'n werkswinkel in Kaapstad aangebied vir personeel van al die Argiewe van die kerk, die Voorligter, die Kerkbode, CNW-Info en van die Algemene Sinode. Tydens dié werkswinkel is 'n werkswyse bepaal - en INMAGIC-programstrukture opgestel - waarvolgens inligting van die deelnemende instansies gerekenariseer en aan die kerk beskikbaar gestel kan word vir gebruik. Hierdeur word oorvleueling grootliks uitgeskakel en werk die verskillende Argief- en Inligtingskantore (Vrystaat uitgesonder) saam aan die daaglikse ontsluiting van 9 dagblaaie en 2 naweekkoerante, die weeklikse ontsluiting van die Kerkbode en die maandelikse ontsluiting van die Voorligter. Weekliks voorsien ons aan die Kerkbode, CNW-Info en CNW-TV per modem koerantknipsels in beeld vir gebruik in hul publikasiebeplanning en dienste. Transvaal, Kaap en Natal kan per modem inligtingsoektogte vir navorsers en die kerk by mekaar doen. 'n Direkte gevolg van dié werkswinkel

en die gevolglike samewerking en beskikbaarstelling van inligting, was die ontstaan van CNW-Info. Deur bemiddeling van die Argivaris is CNW-Media met TACIV in verbinding gestel en is TACIV se aandeel oorgeneem en het CNW-INFO sy ontstaan gehad as die kerk se voertuig tot die Internet.

4. Enige gemeente, leraar of kommissie wat oor 'n modem beskik, kan toegang tot al hierdie inligting verkry - onder andere is byna 6000 koerantberigte wat die kerk, lidmate en leraars se bediening direk raak, sedert 1995 ontsluit. 'n Nuwe wêreld is besig om vir modemgebruikers oop te gaan. Gedurende November 1996 het die Argief- en Bestuursinligtingsdienste 'n werkswinkel namens CNW-Info by die WNNR gereël waar 'n groot aantal genooides byeen was om oor die praktiese benutting van e-pos en die Internet in gemeentebediening te besin. Vir sending en pastorale bearbeiding lê groot nuwe uitdagings en moontlikhede voor. Gemeentes en kommissies word geadviseer en bygestaan met aankope en installering van harde- en sagteware, sowel as opleiding in die gebruik daarvan.

**1.1.2.3 Internet tuisblad op elke vlak van die kerk**

Hierin word die kerk deur CNW-Info bygestaan wat die diensverskaffer via Worldnet Africa is - intussen deur WNNR aan M-Net verkoop met die nuwe naam M-WEB. M-Web bied 'n gewilde inhoudsdiens wat reeds 650 000 tot 750 000 besoeke per week registreer, en toepaslike gebruikersopsies met landwye inskakelingspunte. CNW Info bied reeds 'n Christelike nuusdiens en geordende inhoud op hierdie diens aan. CNW-Info beskik oor 'n goed-vergelykende Tuisblad (HTML) op Internet wat Christelike inligting, nuusdiens en hulp op 'n kompeterende wyse aan die totale spektrum van Internetgebruikers bied. WWW-koppelings met internasionale inligtingverskaffers en databasisse is reeds bewerkstellig en word aktief benut.

*1. **Inskakeling*** - Drie opsies beskikbaar:

* R30 per maand vir die E-pos fasiliteit 24 uur per dag, ingesluit 1uur gratis Internet verbinding, na verstryking van die gratis tyd word 10c per minuut gebruikersfooi gehef.

* R55 per maand vir E-pos en Internet tussen 19h00 en 7h00. Gedurende die dag sal 'n gebruikersfooi van 20c per minuut gehef word.

* R85 per maand vir die volledige diens met 24 uur toegang tot E-pos en die Internet sonder addisionele gebruikersfooie.

*2. **Inskakelingspunte*** - Punte beskikbaar: Kaapstad, Durban, Oos-Londen, George, Johannesburg(3), Louis Trichardt, Middelburg, Nelspruit, Pietermaritzburg, Pietersburg, Port Elizabeth, Pretoria(2), Rustenburg, Secunda, Stellenbosch, Swaziland, Tzaneen en Vanderbijlpark. Addisionele punte is deur middel van **SAIX-stelsel** beskikbaar by: Bellville, Bloemfontein, Graaff-Reinet, Grahamstad, Humansdorp, Kimberley, Klerksdorp, Ladysmith, Port Shepstone, Potchefstroom, Richardsbaai, Vereeniging, Welkom en Worcester.

*3. **Inhoud*** - Vir die skep van 'n tuisblad met spesifieke inhoud deur sinodes, kommissies en gemeentes deur middel van CNW-Info op M-Web, moet die spesifieke behoeftes en doel van die aanwending hiervan bepaal word. Prys opsies: Indien die gemeentes (kommissies) in 'n sinodale streek elk 'n bladsy opneem, is die bedrag per bladsy: 10 gemeentes - R809 per jaar per gemeente; 50 gemeentes - R358 per jaar per gemeente; 100 gemeentes - R219 per jaar per gemeente; 140 gemeentes - R180 per jaar per gemeente. Die inligting van elke gemeente word in 'n spesifieke formaat geplaas en gemeentes word op 'n alfabetiese indeks gelys. 'n Soek-enjin word verbind aan hierdie inligting sodat die inligting van gemeentes maklik gekry kan word. Hierdie pryse sluit reeds BTW en HTML ontwerp in maar sluit nie gereelde onderhoud van die inligting in nie. Die onderhoud sal afhang van die frekwensie en omvang van inligtingaanpassings. M-Web is tans besig met herstrukturering van hul produk en meer gunstige opsies kan dalk in die toekoms beskikbaar word.

**1.1.3 Bevinding** - Rekenarisering het onontbeerlik geword vir die kerk - van gemeente tot sinode. Kostes van harde- en sagteware het drasties gedaal. Modems en Internettariewe - wat toegang gee tot e-pos - het bekostigbaar geword. In September 1995 was 'n 386Mb persoonlike rekenaar duurder as 133 Pentiums huidiglik, terwyl modems meer as die helfte goedkoper geword het. Elektroniese pos maak kommunikasie per korrespondensie byna onmiddellik en geskied onder alle omstandighede - waar plaaslike- of SAIX inskakelingspunte is - teen plaaslike oproepkoste. Vir 50c kan ongeveer 10p teks enige plek in die wêreld heen versend word. Die leraar van 'n gemeente het toegang tot 'n magdom inligting wat sy bediening kan verryk. Hierdie inligting is óf op die Internet óf by Argief- en Bestuursinligtingsdienste beskikbaar.

**1.1.4 AANBEVELING - Die sinode besluit:**

**1.1.4.1 Oordrag van lidmaatskap per e-pos en faks word goedgekeur op voorwaarde dat die kerkraad hom vergewis dat dit 'n *bona fide* oorplasing is**

**1.1.4.2 Die gebruik van modems vir e-pos, faks- en inligtingsdoeleindes deur gemeente word aanbeveel**

**1.1.4.3 Leraars en gemeentes word aangemoedig om van die inligting wat by Argief- en Bestuursinligtingsdienste beskikbaar is gebruik te maak**

**1.1.4.4 Die sinode ontwerp en onderhou 'n tuisblad deur CNW-Info en gemeentes word aangemoedig om van die aanbod van CNW-Info gebruik te maak**

**1.2 EENVORMIGE REKENAARPROGRAM VIR ALLE GEMEENTES**

**1.2.1 Opdrag** - In opdrag van die sinode (Handelinge 1995, p367) is aandag gegee aan die moontlikheid van 'n eenvormige rekenaarprogram (gestandardiseerde databasis en boekhoustelsel) vir gemeentes.

**1.2.2 Werkswyse**

1. Onmiddellik na die 1995 sinodesittings is onderhandel met verskaffers van gemeentepakkette. Samesprekings is reeds gevoer met die verskaffer van GOODX (rekenkundige pakket vir gemeentes). Daar was geen sukses in die onderhandelings met bestaande verskaffers van gemeentepakkette nie: ook nie hul moontlike samewerking om 'n gesamentlike pakket beskikbaar te stel nie. Die mees aanvaarde pakket met die grootste kliënte- en ondersteuningsbasis is dié van InfoKerk: "Kerkkantoor". Ook dié program lewer steeds probleme ten opsigte van sekere aspekte en daar moet gereeld "bemiddel" word tussen gemeentes en die verskaffer. Die pakket - met sy verskeie fasette (onder andere die uitdruk van gemeentes se registerafskrifte) en teen 'n maandelikse kontrakfooi beskikbaar - laat sommige gemeentes brom en ander juig.

2. 'n Moontlike oplossing lê daarin dat die kerk 'n eie program ontwikkel en so goedkoop moontlik beskikbaar stel. Dié moontlikheid is ondersoek en as haalbaar bevind. Daar is egter bepaalde nadele daaraan verbonde, naamlik dat addis-sionele personeel aangestel moet word om dié diens aan gemeentes te lewer. Na verdere gesprek met die bemarker van "Kerkkantoor", het InfoKerk die volgende voorlegging gemaak: "Die

Kerkkantoor-vir-Windows-program se voorlopers nl. Data-Kerk is so vroeg soos 1982 reeds ontwikkel en is daarna reeds verskeie kere opgegradeer. Die program het later van tyd bekend gestaan as MegaKerk en nog later as Goodx Kerk en vanaf 1989 as Kerkkantoor. InfoKerk het die Kerkkantoor vir Windows program ontwikkel met kennis wat oor die afgelope 15 jaar opgebou is oor die behoeftes van gemeentes mbt gemeenteadministrasieprogramme. InfoKerk is in 1993 gevestig en het vandag reeds takke in Pretoria, Kaapstad en Windhoek en sal binnekort ook takke in Port Elizabeth, Bloemfontein en Pietermaritzburg open.

2.1 Enkele statistieke ivm Kerkkantoor-vir-Windows

Die Kerkkantoor-vir-Windows-program is in Januarie 1996 vir die eerste maal beskikbaar gestel en sedertdien het reeds meer as 250 gemeentes die program bekom. Die program word tans ook bo en behalwe deur die gemeentes van die Ned Geref Kerk ook deur gemeentes van die Ned Herv Kerk, Geref Kerke en AP Kerk gebruik. Na aanleiding van gesprekke met die Baptiste en Metodiste kerke is Kerkkantoor-vir-Windows reeds ongeveer 50 % in Engels voltooi en sal die program dan ook eersdaags beskikbaar wees vir gebruik deur alle Engelstalige Kerke. 137 uit 541 (25%) gemeente in Transvaal se sinodes [NG Kerk] gebruik reeds die Windows weergawe en 'n verdere ± 200 gemeentes gebruik die DOS weergawe van Kerkkantoor.

2.2 Verbintenis van InfoKerk

(1) InfoKerk verleen aan die gemeente die reg om die program te mag gebruik op soveel rekenaars binne gemeenteverband as wat die gemeente dit nodig ag.

(2) InfoKerk verskaf gratis telefoniese ondersteuning aan die kontakpersoon in die gemeente.

(3) InfoKerk verskaf opleiding aan alle personeel in die gemeente wat met die program moet werk.

(4) InfoKerk verskaf opgraderings op Kerkkantoor vir Windows op 'n gereelde basis.

2.3 Verpligtinge van gemeente

(1) Die gemeente betaal 'n eenmalige registrasiefooi van R100.

(2) Die gemeente betaal 'n maandelikse lisensiefooi wat deur Infokerk per debietorder uit die gemeente se bankrekening maandeliks onttrek sal word.

2.4 Omskrywing van terminologie

(1) Die reg om die program te mag gebruik - Die gemeente mag die program bv by die kerkkantoor sowel as die predikante se rekenaars installeer of op enige ander persoon se rekenaar in die gemeente wat om een of ander rede toegang tot die gemeente se data benodig, maar die program mag nie aan enige ander gemeente of individu buite die gemeente gegee of geleen word nie.

(2) Telefoniese ondersteuning - Telefoniese ondersteuning moet nie verwar word met telefoniese opleiding nie. Geen opleiding sal telefonies gedoen word nie, maar Infokerk sal enige probleem wat die gemeente ervaar telefonies probeer oplos sonder enige koste. Die gemeente moet egter 'n persoon in die gemeente aanwys wat as die kontakpersoon sal dien en telefoniese ondersteuning sal slegs aan die kontakpersoon gegee word, indien die kontakpersoon InfoKerk skakel.

(3) Opleiding - Opleiding word op 'n gereelde basis (ten minste een maal per maand) in Pretoria aangebied. Indien alle gemeentes in Transvaal die program gebruik sal daar ook op 'n gereelde basis opleiding in ander sentra gedoen word. Die enigste koste verbonde aan die bywoon van opleidingskursusse is dié van verversings. Daar is geen beperking op die aantal persone uit 'n gemeente wat die opleiding mag bywoon nie, en daar is ook geen beperking op die aantal kere wat persone 'n kursus mag bywoon nie.

(4) Opgraderings - Opgraderings word op 'n gereelde basis gedoen. Opgraderings sal in die toekoms op Internet gelaai word. Alle gemeentes wat toegang tot Internet het kan enige tyd na Infokerk se tuisbladsy inskakel om te kyk of daar 'n nuwe weergawe van die program is, en indien wel dit dadelik aflaai en gebruik. Gemeentes wat egter tans nog nie toegang tot Internet het nie, kan wel opgraderings op "stiffies" bestel maar dan sal die gemeente die werklike koste van die "stiffies", posgeld en verpakking moet betaal. Daar is egter geen kopiéreg op die opgraderings nie en een gemeente op 'n dorp mag bv. die opgradering bestel en dit dan gratis kopieer vir alle ander gemeentes in die omgewing. Gemeentes word egter aangemoedig om 'n Internet koppelvlak te bekom.

(5) Registrasiefooi - Die eenmalige registrasiefooi sluit die registrasie van die gemeente se debietorder in, sowel as die verskaffing van die program op "stiffies" aan die gemeente, asook alle ander administratiewe kostes insluitende posgeld, verpakking en hanteringsfooie om die program aan die gemeente te voorsien.

(6) Maandelikse Lisensiefooi - Die maandelikse lisensiefooi is tans R44 per maand. Hierdie bedrag sal jaarliks op 1 April hersien en aangepas word met 'n persentasie van nie meer as 5 persentasie punte hoër as die heersende VPI nie.

2.5 Na die sinodesittings van 1995 het dr Froneman die suggestie gelaat dat InfoKerk dit moet oorweeg om die Kerkkantoor vir Windows program gratis aan gemeentes beskikbaar te stel en dat daar slegs 'n fooi gevra word vir die diens en ondersteuning van die program. InfoKerk het die suggestie goed oorweeg en dit is dan juis waar hierdie aanbod vandaan kom. Gemeentes hoef dus nie 'n groot bedrag te betaal om die program te bekom nie, en alle gemeentes kan dus die program op bg voorwaardes gebruik.

2.6 Omskakeling van data van bestaande gemeente programme - Die inligting wat gemeentes in bestaande programme het, kan met 'n mindere of meerdere mate van sukses omgeskakel word na Kerkkantoor-vir-Windows formaat. Van die 137 gemeentes in Transvaal wat die program reeds gebruik, het 96 gemeentes oorgeskakel vanaf die Kerkkantoor vir DOS program terwyl 41 gemeentes oorgeskakel het vanaf ander gemeente programme. InfoKerk het standaard tariewe vir die omskakeling van data wat soos volg daaruitsien:

(1) Kerkkantoor vir DOS R100
(2) Gemdata, GAM of Kuriake R350
(3) Netwise of Moses R250
(4) Die koste van omskakeling vanaf enige ander program is op aanvraag beskikbaar.

2.7 Belangrik: Indien al vier die Transvaalse sinodes sou besluit om op Kerkkantoor vir Windows te standardiseer sal InfoKerk vir 'n tydperk van drie maande na die laaste sinode se besluit alle gemeentes wat in daardie tydperk die program sou bekom, soos volg tegemoet kom met die koste van omskakeling van data:

(1) Kerkkantoor vir DOS Gratis
(2) Gemdata, GAM of Kuriake R250
(3) Netwise of Moses R150"

**1.2.3 Bevinding** - Dit is wel moontlik vir die kerk om self 'n gemeentepakket te ontwikkel, maar dit sou makliker wees indien 'n bestaande diensverskaffer gevind kan word wat

bereid is om 'n pakket te ontwikkel wat aan al die vereistes voldoen - noodsaaklike verslae en dienste ingesluit by 'n realistiese diensbedrag - terwyl addissioneel betaal word vir spesiale veslagformate en dienste ("nice to have's"). 'n Gestandardiseerde gemeenteprogram is binne bereik en onderhandelinge om 'n gestandardiseerde rekenkundige (boekhou) pakket (GOODX) bekostigbaar vir gemeentes daar te stel, is ook 'n moontlikheid.

**1.2.4 AANBEVELINGS - Die sinode besluit:**

**1.2.4.1 Onderhandelinge met Kerkinfo en ander belangstellendes - word voortgesit en die verskillende gemeentepakette word deeglik getoets met insette van gemeentes.**

**1.2.4.2 Daar moet voortgegaan word met die soeke na 'n gestandardiseerde rekenkundige (boekhou) pakket.**

**1.2.4.3 Die samewerking van die ander sinodes word gesoek vir beide projekte - goedskiks met behulp van die Algemene Kommissie vir Fondse.**

**1.2.4.4 Die sinode van 1999 word met 'n finale aanbeveling bedien.**

## 2. WERKSAAMHEDE VAN DIE ARGIEF- EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE

### 2.1 WERKSTERREIN VERANDER

**2.1.1 Probleemstelling**

1. Die werksterrein van die Argief- en Bestuursinligtingsdienste het 'n aansienlike verandering ondergaan. Die klem het verskuif van blote bewaring en hulp aan navorsers na dienslewering aan die kerk (sien ook 1.1-1.2 hierbo). Met die aanvaarding van die pos, is die Argivaris dr CJJ Froneman en die Gesamentlike Kommissie vir die Argief deur die Hoofbestuurder van die Kerkkantoor genader met die versoek dat dr Froneman hulp verleen met toesighouding oor die afdelings Sinodale Sekretariaat, Kommunikasiedienste en Rekenaardienste as deel van die rasionaliseringsproses van die Sinodale Kerkkantoor. Daar is besluit om van die hoofraamna 'n persoonlike rekenaar-netwerk oor te skakel en dat dié diens ook by die Argief ingeskakel sal word. Sedertdien het die Argief 'n naamsverandering ondergaan: Argief- en Bestuursinligtingsdienste. Die uitbreiding en verandering van dienste binne en buite die Kerkkantoor gelewer, het personeelverskuiwings binne die Kerkkantoor genoodsaak. Mev L Dekker as netwerkbestuurder, mej Anna Mpe as data- en liaseerbeampte, mej Hermien Swart as assistent vir netwerkbestuur (rekenaaropleiding, huweliksbevestigers en predikantedatabasis) en mnr Ruben Mawai vir rekenaardienste is na Argief- en Bestuursinligtingsdienste oorgeplaas. Vroeër het die Argief hoofsaaklik 'n navorsingsdiens, bewaringstaak en registerdiens as opdrag gehad. Die klem het nou verskuif na inligtingverskaffing aan persone binne en buite die kerk vanweë die gerekenariseerde ontsluiting van dataversamelings. Die inligting wat sodoende beskikbaar geword het word aangewend om die kerk tot hulp te wees in sy besluitnemingsprosesse. Vandaar die naamsverandering soos goedgekeur in 1995. Dié tendens word ook in ander Argiewe opgevolg.

2. Huidig sien die Argief- en Bestuursinligtingsdienste se opdrag só daar uit:

2.1 *Argief* - Bewaring, Registerdiens, Museum, Genealogie, Sekretariaat, Kommunikasiedienste, Opleiding saakgelastigdes

2.2 *Rekenaardienste* - Rekenaarnetwerkdiens, Rekenaaropleiding, E-pos skakeling, Hulp met rekenarisering en modemskakeling, Huweliksbevestigers, Koerantknipseldiens (breë kerk), Etikette vir posverspreiding

2.3 *Inligtingsdiens* - Inligtingontsluiting, Skep van databasisse, Navorsingsbegeleiding, Inligtingsoektogte, Koördinering van kerklike inligtingsdiens, Begeleiding op Internet en ander Inligtingsbronne

3. Elkeen van die personeel spesialiseer in een van die hoofdienste, maar het ook take en/of versamelings in elk van die ander afdelings. Argief- en Bestuursinligtingsdienste is daarop ingestel om tot diens van die kerk te wees en gemeentes se administrasie te vergemaklik.

**2.1.2 Bevinding** - Die werksterrein van die Argief- en Bestuursinligtingsdienste het baie verbreed in reaksie op die eise wat die wêreld aan die kerk stel om aktueel te wees. Die eise wat die verkleinde wêreld aan die lidmate stel, en die kerk se taak in die begeleiding van sy lidmate deur die mynveld van keuses en veranderende samelewingsverbande, het veroorsaak dat die taak van Argief-en Bestuursinligtingsdienste grootliks verskuif na diens - ook inligtingsdiens - aan die kerk in sy breedste verband.

**2.1.3 AANBEVELING - Die sinode besluit: Die werksterrein van die Argief- en Bestuursinligtings-dienste soos beskryf in 2.1.1-2.1.3 word goedgekeur.**

### 2.2 DIENSLEWERING AAN GEMEENTES/RINGE/ KOMMISSIES

**2.2.1 Opleiding in kerklike administrasie**

**2.2.1.1 Probleemstelling**

1. Oor die afgelope aantal jare is gevind dat daar 'n toenemende aantal saakgelastigdes van gemeentes is wat weinig kennis van kerklike administrasie het. Dit is opmerklik dat daar groot verwisseling van kerkkantoorpersoneel in sommige streke is. Die feit dat kerklike administrasie nie deel uitmaak van die teologiese opleiding van leraars - en nie primêr sy/haar taak behoort te wees nie - lei daartoe dat saakgelastigdes nie noodwendig opgelei is/word vir hul taak, of altyd die regte leiding ontvang nie. In 'n aantal gevalle is gevind dat saakgelastigdes - en ook leraars - nie eers oor 'n kerkorde beskik nie. Die leraar ervaar dit as 'n groot frustrasie dat hy/sy die saakgelastigde moet oplei, want dit neem kosbare tyd en verg wye kennis en insig van die leraar in die Kerkorde, prosedures, ens. Daarom sien leraars dit as 'n klomp "red tape" en volg gereelde uitbarstings tydens ringsvergaderings.

2. Tydens gesprekke en opleidingsessies is gebrek aan praktiese opleiding as kritieke punte genoem. Die personeel van die Argief- en Bestuursinligtings-dienste word daagliks genader vir hulp en versoek om opleiding. Een personeellid werk voltyds aan die regstelling van foute en probleme. Dit werk deur na ringe en in sommige gevalle is ringstukke tot 2 jaar uitstaande omdat die stukke onvolledig by en deur die ringskribas ingelewer word. Dikwels word foute jaarliks herhaal. 'n Dodelike en bose kringloop ontwikkel in 'n gemeente en sekere werk word nooit afgehandel nie.

3. Die hoofrede is die gebrek aan opleiding by saakgelastigdes. Vroeër het 'n handleiding vir saakgelastigdes bestaan. Daar is besluit om weer een op te stel. Die "Riglyne vir Saakgelastigdes van Gemeentes" is pas in finale vorm voltooi - op 07.11.1996 is dit as 'n kursus by 2 ringe in Potchefstroom getoets - en is beskikbaar vir gemeentes. Kort opleidingsessies (ongeveer 5 uur) word op ringsvlak aan saakgelastigdes aangebied. Gewoonlik kom die saakgelastigdes - soms ook leraars - van twee of meer ringe bymekaar vir sulke sessies. Die enigste koste daaraan verbonde is die reiskoste van die

personeel indien daar nie oorgeslaap moet word nie.

**2.2.1.2 AANBEVELING - Die sinode besluit:**

**1. Een (1) kopie van die "Riglyne vir Saakgelastigdes van Gemeentes" word per gemeente op koste van die sinode aan elke gemeente voorsien.**

**2. Ringsargiefkommissies neem die inisiatief en reel met die Argivaris vir opleidingsgeleenthede vir die saakgelastigdes van die ring(e).**

**3. Die vervoerkoste van die personeel word deur die betrokke ring/ringsgemeentes gedra.**

**2.2.2 Rekenaarhulp en -opleiding**

**2.2.2.1 Probleemstelling** - Rekenarisering is vir baie gemeentes 'n mynveld. Die rekenaarnetwerk van die Sinodale Kerkkantoor vorm deel van Argief- en Bestuursinligtingsdienste en verleen hulp aan gemeentes/leraars met die aankoop van rekenaar harde- en sagteware. Opleiding word ook verskaf aan leraars, personeel van kommissies en gemeentes in Windows, woordverwerking (WordPerfect), modemhantering, e-pos en internetgebruik. Opleiding kan ook terplaatse aan die saakgelastigdes van afgeleë gemeentes gegee word - teen slegs die koste van vervoer en verblyf - waar genoegsame aanvraag bestaan.

**2.2.2.2 Bevinding** - Daar is gevind dat daar 'n groot behoefte bestaan omdat sodanige opleiding dikwels vir gemeentes onbekostigbaar is en hul weerhou van rekenarisering. Die opleiding wat deur die personeel van die Argief- en Bestuursinligtingsdienste verskaf word, is van hoogstaande gehalte en teen kerklike agtergrond. Gemeentes wat nie rekenaars kan bekostig nie - sommige gemeentes beskik selfs nie oor tikmasjiene om registerafskrifte mee te maak nie - word selfs gehelp met ou rekenaars wat ander gemeentes vir dié doel skenk. Gemeentes wat nie oor gemeentepakette beskik nie, word gehelp om op woordverwerkingspakette registers te skep (makro's).

**2.2.2.3 AANBEVELING - Die sinode besluit:**

**1. Gemeentes word aangemoedig om met die Argief- en Bestuursinligtingsdienste te skakel wanneer hulp met rekenarisering en/of rekenaaropleiding benodig word.**

**2. Gemeentes wat oor onopgradeerbare rekenaars (286 en 386) beskik en dit wil vervang, moet oorweeg om dit beskikbaar te stel vir gebruik deur gemeentes wat nog nie gerekenariseer het nie.**

**3. Gemeentes wat oor ou WordPerfect (vir MS-Dos) pakkette beskik wat nie meer gebruik word nie, moet oorweeg om dit beskikbaar te stel vir gebruik deur gemeentes wat nog nie gerekenariseer is nie.**

**2.2.3 Uitstaande gemeentelike afskrifte/ringstukke**

**2.2.3.1 Probleemstelling**

1. Die verpligte jaarlikse inlewering van ringstukke en afskrifte van gemeentelike registers deur ringskribas grens aan die chaotiese. Een lid van die personeel is reeds die afgelope twee (2) jaar op 'n voltydse basis besig om hierdie stukke te kontroleer. Nie alleen is sommige ringe se stukke tot 3 jaar uitstaande nie, maar heel dikwels word die stukke onvolledig deur ringskribas ingelewer en moet dit weer teruggestuur of weer aangevra word. Ringsargiefkommissies kontroleer dikwels nie die registerafskrifte van gemeentes aan die hand van die kerkorde nie en word foute van Kerkraadsargiefkommissies deur ringsvergaderings goedgekeur. Die Argief het in 'n dodelike kringloop verval van werk wat nooit afgehandel kom nie. Dikwels word registerafskrifte van 'n gemeente jaar na jaar met dieselfde foute teruggestuur - soms 'n paar keer in dieselfde jaar.

2. Een van die redes - behalwe dat daar duidelik baie min kontrole oor die werk is - waarom die situasie sodanig versleg het, is dat daar vir 'n aantal jare min kontrole deur die Argiefpersoneel was. Tereg is aanvaar dat 1 persoon nie 514 Kerkraadsargiefkommissies en 67 Ringsargiefkommissies en 67 Ringsvergaderings se besluite/werk behoort te bevraagteken/oor te doen nie. Ten spyte van die personeeltekort, is besluit om een lid van die personeel vir hierdie kontrole te gebruik, terwyl sy/haar ander take moes oorstaan.

**2.2.3.2 AANBEVELING - Die sinode besluit:**

**1. Ringe lewer alle uitstaande ringstukke so gou moontlik in.**

**2. Kerkraads- en Ringsargiefkommissies kontroleer stukke wat ingedien moet word aan die hand van die Argiefreglement in die Kerkordeboek en riglyne vervat in die "Riglyne vir Saakgelastigdes van Gemeentes".**

**3. Ringskribas gee uitvoering aan die kerkordelike bepalings ten opsigte van die inlewering van ringstukke by die Argief.**

## 3. ADVIES AAN DIE SINODE

**3.1 ARGIEF VAN DIE ALGEMENE SINODE**

**3.1.1 Probleemstelling** - Die Algemene Sinode (1994) het 'n finale besluit oor die verskuiwing al dan nie van die Argief van die Algemene Sinode na Pretoria, na die ASK verwys. Die Algemene Kommissie van die Argief - deur die ASK om advies gevra - het as kompromis voorgestel dat alle stukke wat in 1995 in die Kaapse Argief was, daar bly en alle stukke van Kommissies van die Algemene Sinode wat in Pretoria gehou is, in die Argief in Pretoria opgeneem word. Die argivalia van die volgende kommissies is reeds opgeneem en gerekena-riseer: AKDB, ASSK, AKLAS, AKAE (AKG) en gedeelte van AJK.

**3.1.2 AANBEVELING - Die sinode besluit: Die optrede van die Gesamentlike Kommissie vir Argief- en Bestuursinligtingsdienste om die argivalia van die Argief van die Algemene Sinode te ontvang, word goedge-keur.**

**3.2 NUWE OPDRAGTE VIR ONDERSOEK**

**3.2.1 Besoeke aan gemeentes: Hulp met gemeente-argivalia**

**3.2.1.1 Probleemstelling** - Die gemeentes wat die afgelope jaar van die Argivaris se dienste gebruik gemaak het om hulle te help met die "opruim" van hul kluise, het byna verdubbel. In die meeste gevalle is dit nie opgevolg met die instuur van argivalia nie. 'n Groot aantal gemeentes het óf nog nooit óf baie jare laas gemeentestukke by die Argief ingelewer. In sekere gevalle waar gemeentes by ander ingelyf is na eenwording, is geen stukke ingelewer nie en sommige gemeentestukke is selfs onopspoorbaar. Die gevaar bestaan dat 'n ooryweriae saakgelastigde eendag mag besluit om die kluis skoon te maak en dan is daar niks oor nie.

**3.2.1.2 AANBEVELING - Die sinode besluit:**

**1. Gemeentes word versoek om op 'n gereelde basis gemeenteargivalia by die Argief in te lewer (10 jaar se stukke kan byvoorbeeld in die gemeente bewaar te word).**

**2. Gemeentes maak gebruik van die riglyne vir die bewaring van gemeentestukke wat by die Argief- en Bestuursinligtingsdienste beskikbaar is en in die "Riglyne**

**vir Saakgelastigdes van Gemeentes" (ook die Kerkorde) opgeneem is.**

**3. Die Argivaris word versoek om stelselmatig al die gemeentes te besoek om hulle behulpsaam te wees met die selekteer van vernietigbare stukke en dié wat bewaar moet word. Die Sinodale Kerkkantoorkommissie word versoek om hiervoor te begroot.**

**4. Waar 'n gemeente met 'n ander gemeente verenig, word alle gemeentestukke van die gemeente wat sluit, behalwe dokumente van die laaste 5 jaar en die ou gemeenteregisters, by die Argief ingehandig vir bewaring. Die Regskommissie bring die nodige wysiging in die Kerkorde aan by die betrokke artikel/bepaling in die Reglement vir die Eenwording van Gemeentes.**

**5. Die Gesamentlike Kommissie vir die Argief word versoek om die Algemene Kommissie vir die Argief te nader vir 'n voorlegging aan die Algemene Sinode om riglyne vir inlewering en vernietiging van argivalia in die Argief- en Museumreglement te laat opneem.**

**3.2.2 Gebruik van tegnologie/rekenaartegnologie: Vergaderings**

**3.2.2.1 Probleemstelling** - Die kostes van vergaderings maak 'n aansienlike deel van die totale begroting van die kerk se werksaamhede uit; vanaf kommissies van ringe tot by die Algemene Sinode. Die begroting vir vergaderings van kommissies van die Algemene Sinode en dié vir die Transvaalse sinodes beloop bykans R1 miljoen per jaar. Oor 'n periode van 4 jaar is vergaderingskoste van al die sinodes van die kerk 'n paar miljoen rand (sinodesittings uitgesluit). Binne die finansiële situasie wat besig is om te ontwikkel, sal die kerk ernstig moet kyk na die benutting van elektronika, die verandering van sy wyse van vergader, die besparing in drukkoste en die gebruik van papier voor en tydens vergaderings. Om dié redes behoort ernstige oorweging aan die volgende moontlikhede geskenk te word:

1. Gebruik van videoprojektors tydens vergaderings vir die besparing van papier en verbeterde kommunikasie tydens vergaderings. Besparing op kopiëring van tydelike verslae en die daaglikse notules kan soveel as R 10 000 vir die sinodesitting (R30 000 vir die Algemene Sinode) beloop.
2. Videokonferensies in plaas van kommissievergaderings. Hierdie tegnologie het die afgelope jaar dramaties ontwikkel. 'n Aantal maatskappye beskik oor sentra landswyd wat hiervoor gebruik word. Die moontlikheid bestaan dat die kerk hierdie geriewe sou kon huur totdat Telkomlyne dit moontlik maak om landswyd vanaf enige persoonlike rekenaar en vanuit enige toegeruste kantoor video-konferensies te kan hou.

**3.2.2.2 AANBEVELING -Die sinode besluit: Argief- en Bestuursinligtingsdienste ondersoek die gebruik van videoprojektors vir vergaderings en die moontlikheid van videokonferensies vir benutting deur kommissies van die kerk en hou die moderamen op hoogte met vordering.**

**3.2.3 Ruimtebesparing**

**3.2.3.1 Probleemstelling** - Die registers en registerafskrifte word so dikwels deur beide personeel en navorsers (genealogie) hanteer dat restourasie of bewaring van die ou gemeentelike registers noodsaaklik geword het. Voorsiening moet ook gemaak moet word vir die mikroverfilming (gerekenariseerde bewaring) van die registers, die gebruik van mikrofilmleser en meer bergingsruimte.

**3.2.3.2 AANBEVELING - Die sinode versoek die SKKK om in sy 1998/99 begroting voorsiening te maak vir meer rakspasie sowel as die verfilming van die registers en 'n leserdrukker vir die gebruik van die films.**

## 4. ARGIVARIS AAN GEMEENTE GEKOPPEL

Die GKA het met verskeie gemeentes in beide Oos- en Noord-Transvaal onderhandel om 'n koppeling te bewerkstellig vir Dr CJJ Froneman. Sedert 1995 het dr Froneman tydelik in 'n aantal gemeentes uitgehelp totdat hy binne die gemeentegrense van Rietfontein-Noord gaan woon het. Op 18.05.1997 is hy aan dié gemeente gekoppel en amptelik bevestig as leraar met opdrag: Argief- en Bestuursinlig-tingsdienste.

DS JC CARSTENS (Verteenwoordiger Noord-Transvaal)
DR CJJ FRONEMAN (Argivaris)

# A.13.1 DIENS VAN BARMHARTIGHEID: EERSTE VERSLAG

## 1. INLEIDEND

Die verslag word volgens die volgende hoofdele aangebied:
1. Inleidend
2. Samestelling en vergaderings
3. Opdragte van die sinode
4. Beplanning en verwagtings
5. Gemeentelike barmhartigheidsbediening
6. Spesifieke dienste van die SKDB
7. Ander instansies
8. SKDB-Maatskappy
9. Slotopmerkings

## 2. SAMESTELLING EN FUNKSIONERING

**2.1 SKDB**

**2.1.1** Die sinode (1995) het die volgende persone as lede van die kommissie benoem: primarii: drr DW de Villiers en HL Carelsen; di HAJ Viljoen, NJ Behr, JW Kok, CB Swart en PW de Wet; dr GJ Cloete (PSD); sekundi: di CE Bredell, JL Breedt, JHP Serfontein, GA Cruywagen en SJD Eygelaar; adviserend: prof JC Müller (Teologiese Fakulteit). By die konstitueringsvergadering is dr De Villiers tot voorsitter en ds Viljoen tot ondervoorsitter verkies.

**2.1.2** Ds Swart het in Januarie 1996 as primariuslid bedank en is ds Serfontein in sy plek aangewys. Twee secundi is deur die moderamen aangewys na die bedanking van ds Breedt en die vertrek van ds Bredell, naamlik ds PB Grobler en dr MN van der Merwe.

**2.1.3** Die SKDB het tot Junie 1997 10 keer vergader. Daar is nie 'n formele dagbestuur nie. Spesifieke werksaamhede is aan onderkomitees opgedra.

**2.1.4** Beoordeling: Die SKDB het nou vir die tweede termyn met 'n verkleinde kommissie gefunksioneer. Dit is steeds jammer dat nie al die ringe geakkommodeer kan word nie, maar met behulp van geleenthede soos gesamentlike beplanningsbyeenkomste, besoeke en ander skakeling vanaf die PSD, asook vergaderings van die Sentrale CM-Rade word baie moeite gedoen om gesonde kommunikasie in stand te hou. Aan die ander kant is die SKDB se werksaamhede van so 'n aard dat die SKDB dikwels meer soos 'n direksie as soos 'n sinodale kommissie moet funksioneer. In hierdie opsig is die verkleinde kommissie 'n groot wins. Die betrokke lede beskik oor wye ervaring op die terrein van die diens van barmhartigheid en het met groot entoesiasme en kundigheid gefunksioneer. Daar was ook 'n goeie geografiese verspreiding.

**2.2 RKDB's**

**2.2.1** Die voorskriftelikheid ten opsigte van die samestelling van RKDB's het verval en elke ring kan self besluit of hy 'n RKDB wil aanstel en hoe die RKDB saamgestel moet word. Dit is egter nodig om met sekere nie-kerklike bepalings rekening te hou. Die Wet op Fondsinsameling (Wet nr 107 van 1978) het sekere voorskrifte insake die samestelling en funksionering van instansies wat vir fondsinsamelingsdoeleindes volgens hierdie wet geregistreer is. Die CMR is so geregistreer en in gevalle waar 'n RKDB as beheerraad van 'n CMR optree, moet, naas die kerklike bepalings, met die statutêre voorskrifte rekening gehou word. Ringe is gereeld hieroor ingelig. Bogenoemde wet word tans grondig hersien en die vereistes gaan waarskynlik baie verander.

**2.2.2 AANBEVELING - Die sinode gee opdrag aan die SKDB om ringe te adviseer insake gevalle waar staatswetgewing die samestelling en funksionering van RKDB's mag raak.**

**2.3 KKDB's** - daar is geen voorskriftelikheid ten opsigte van die samestelling van 'n kerkraadskommissie vir die diens van barmhartigheid nie (vgl Bep54.2).

## 3. OPDRAGTE VAN DIE SINODE

Die vorige sinode het 20 besluite geneem wat op die SKDB betrekking het, sommige met lang onderafdelings. Dit is nie moontlik om in die beskikbare ruimte volledig oor die uitvoering van elke besluit afsonderlik verslag te doen nie en slegs enkeles word spesifiek hanteer. Die SKDB se optrede na aanleiding van die besluite word in die res van die verslag geïntegreer.

## 4. BEPLANNING EN VERWAGTINGS

**4.1 PRINSIPIËLE RAAMWERK**

**4.1.1** Die SKDB moet in sy funksionering rekening hou met 'n "dubbele status". Aan die een kant is hy 'n gewone sinodale kommissie wat volgens die kerklike bepalings funksioneer (veral KO art 54 en bep 54), en aan die ander kant is hy 'n geregistreerde welsynsorganisasie wat volgens statutêre voorskrifte bedryf en bestuur moet word (hoofsaaklik die Nasionale Welsynswet, wet 100 van 1978). In die praktyk beteken dit dat die SKDB twee opdraggewers het, naamlik die kerk (Sinode Noord-Transvaal) en die staat. Al is dit waar dat die staat die reg het om welsynsdienste te reguleer en om, as 'n belangrike finansiële bydraer spesifieke eise te stel, is dit vir die SKDB baie belangrik om steeds te besef dat die kerk/sinode sy primêre opdraggewer is en dat hy sy werk so moet doen dat die kerk en die kerk se belange voorop staan.

**4.1.2** Die prinsipiële raamwerk waarmee gewerk word, is saamgevat in die missie van die SKDB wat in 1995 deur die sinode goedgekeur is, naamlik "om as sinodale kommissie 'n ondersteuningsdiens aan gemeentes te bied en om as statutêre welsynsorganisasie 'n infrastruktuur van versorgings- en spesialisdienste te skep en te onderhou" (Sin95: 377:2.8.2). Meer uitgebreid beteken dit

1. dat die SKDB in die eerste plek 'n sinodale/kerklike kommissie is wat die kerklike barmhartigheidsbediening moet koördineer en stimuleer;
2. dat die barmhartigheidsbediening in die eerste plek 'n gemeentelike aksie is;
3. dat, waar die aard of omvang van die dienste dit vereis, die kerkverband in die spel kom (vgl KO art 54);
4. dat die kerkverband 'n spesifieke metode gekies het om sy aandeel aan die barmhartigheidsbediening uit te voer, naamlik om 'n welsynsorganisasie daar te stel wat sekere versorgings- en terapeutiese dienste lewer;
5. dat hierdie dienste in die eerste plek op die behoeftes van die lidmate gerig is, maar waar moontlik word ook uitgereik na

die behoeftes van die breër gemeenskap;
6. dat elke diens deurlopend geëvalueer moet word om te bepaal of dit nog nodig is, of dit aangepas moet word, en hoe dit meer koste-effektief bedryf kan word;
7. dat die struktuur deur die behoefte bepaal word en nie deur die instandhouding van 'n bestaande sisteem nie;
8. dat daar met vennote (bv die staat) saamgewerk kan word - verkieslik op kontrakbasis.

**4.1.3** Verder is dit vir die SKDB belangrik om in gedagte te hou dat sy dienste op *mense* gerig is, en meer spesifiek, *mense in nood* wat gewoonlik nie in staat is om eie oplossings te vind nie. Dit is veral belangrik in besluite oor die aanpassing van dienste: die verminderende hulpbronne vereis dat die SKDB aan sy dienste moet afskaal - maar wat word dan van die personeel en die mense wat van die SKDB se dienste afhanklik is?

**4.1.4** In die verlede het die SKDB, op voetspoor van die AKDB, sy dienste volgens diensvelde van bestaansbeveiliging, die gesinslewe, bejaardesorg, gestremdesorg, chemiese afhanklikheid en wetoortredersorg beplan en bedryf. Tydens 'n strategiese beplanningsbyeenkoms wat op 21/22 April vanjaar gehou is, is egter geoordeel dat so 'n indeling fragmenterend is, en dat daar liewer vanuit 'n gemeente-sentriese benadering, met die gesin as uitgangspunt, met 'n lewensiklusbenadering gewerk moet word. Die praktiese implikasies van hierdie aanpassing is nog nie alles uitgewerk nie, maar die SKDB se rol om gemeentes te help om self meer effektief aan lidmate in nood aandag te gee, sal besondere aandag kry. Anders gestel: al is dit waar dat daar in gemeentes reeds geweldig baie gedoen word om mense in nood by te staan, oordeel die SKDB dat die aksies nog meer effektief gedoen kan word, en dat die SKDB graag 'n rol wil speel om dit te laat realiseer.

**4.1.5** In sy strategiese plan wat die SKDB reeds in 1994 na aanleiding van die sinodebesluite van 1993 opgestel het, is bepaal dat dienste aan kinders en bejaardes die hoogste prioriteit moet kry.

**4.1.6** Bogenoemde vertrekpunte is in wese reeds by vorige sinodes aanvaar, maar die eise van aanpassings aan dienste maak dit deurlopend vir die SKDB dringend noodsaaklik om sy posisie te heroorweeg en om sy prioriteite duidelik te kan stel.

## 4.2 VERANDERENDE OMSTANDIGHEDE

**4.2.1** Sinodebesluit: "Die sinode gee opdrag aan die SKDB om op hoogte te bly met enige veranderings in die welsynsbedeling, om aanpassings aan sy dienste te maak waar nodig en om die sinode en ringe oor aanpassings te adviseer" (Sin95:377:2.8).

**4.2.2** In terugskouing kan met dankbaarheid gemeld word dat die SKDB meestal met relatief geringe aanpassings in staat was om sy dienste te handhaaf soos later in die verslag gerapporteer word.

**4.2.3** Die belangrikste veranderings wat 'n effek op die SKDB-dienste gehad het, is:

**4.2.3.1** Demografiese veranderings: Dit was veral die jeugsentrums wat hierdeur geraak is (vgl 6.3.4 hieronder).

**4.2.3.2** Politieke veranderings: By die vorige sinode is gerapporteer dat die Nasionale Departement van Welsyn besig is om beginsels van die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram in 'n Witskrif vir Maatskaplike Welsyn en Ontwikkeling te verwerk. Hierdie witskrif is in Februarie vanjaar deur die parlement aanvaar. In die breë gesien bied die dokument 'n raamwerk waarbinne die Ned Geref Kerk meer as genoeg ruimte kry om sy "welsyns"-dienste uit te voer. Daar is egter 'n hele aantal vaaghede in die witskrif wat ruimte laat vir verskillende interpretasies. Plaaslike interpretasie kan moontlik probleme skep. Dit lyk in hierdie stadium asof daar veral drie probleme kan wees:
1. Die verhouding tussen die staat en die burgerlike gemeenskap as sogenaamde "vennote" is nie duidelik genoeg gedefinieer nie. Dit wil voorkom asof die staat homself as die senior venoot wil beskou. Die mate waarin hy voorskriftelik teenoor die kerk ten opsigte van welsynsdienste gaan optree, kan veroorsaak dat die kerk sy posisie as "vennoot" sal moet heroorweeg. In hierdie stadium word daar gelukkig nog nie enige wesenlike probleme ondervind nie.
2. Daar kan verwag word dat die samestelling van beheerrade vorentoe dalk 'n onderhandelingspunt kan word. Volgens die witskrif moet die samestelling van beheerrade die bevolkingsamestelling weerspieël. Wat dit presies in die praktyk gaan beteken, is nog nie duidelik nie, maar die tekens is daar dat dit 'n voorwaarde vir subsidiëring gaan word.
3. Dit is die beleid van die regering dat bestaande dienste herskonstrueer moet word sodat dienste na die sogenaamde "agtergestelde gemeenskappe" uitgebrei moet word. Dit het veral 'n effek op die subsidies vir bestaande dienste.

**4.2.3.3** Ekonomiese veranderings: Die SKDB moes steeds worstel met die probleem dat sy twee grootste bronne van inkomste, naamlik die kerk en die staat, nie meer finansieel in staat is om sy dienste op dieselfde vlak as tevore te finansier nie.
1. Die staatsubsidies vir dienste van maatskaplike werkers word nog op 'n redelike vlak gehandhaaf en is ook nie tans in die gedrang nie. Subsidies word egter gegee met die voorwaarde dat ontwikkelingsgerigte dienste voorkeur kry en dat die ontwikkelende gemeenskap sover as moontlik voorkeur moet kry. Dit het beteken dat die CMR ook sy dienste na Soshanguve uitgebrei het (vgl 6.4.3 hieronder).
2. Die formule waarvolgens subsidies aan tuistes vir bejaardes gegee word, is ingrypend verander. Anders as tevore word subsidies nie meer volgens poste bereken nie, maar volgens die posisie van spesifieke inwoners. Soos tevore word onderskei tussen groep 1-, 2- en 3-bejaardes. (Groep 1 is selfversorgend, groep 3 is verswak, en groep 2 is êrens tussenin.) Groep 3-bejaardes sal steeds gesubsidieer word, maar volgens 'n glyskaal. Hiervolgens word die maksimum subsidie betaal vir 'n bejaarde met 'n inkomste van minder as R500 per maand. Die subsidie verminder op 'n glyskaal totdat bejaardes met 'n inkomste van meer as R500 per maand geen subsidie meer kry nie. Indien in gedagte gehou word dat die gemiddelde eenheidskoste vir die versorging van 'n groep 3-bejaarde tans sowat R1300 is, word dit duidelik dat dit al moeiliker word om die verskil vanaf die bejaarde of ander bronne te verhaal. 'n Bykomende probleem is dat nuwe opnames van groep 1- en 2-bejaardes vanaf 1 April 1997 geen subsidie meer kry nie. Die finansiële posisie van tuistes vir bejaardes gaan duidelik vorentoe baie moeilik word.
3. Die subsidieformules vir dienssentrums vir bejaardes, asook vir behandelingsentrums (Staanvas) het ook verander wat groot aanpassings vereis het.

**4.2.4** Die Departement Welsyn (Nasionaal) is besig om die huidige Wet op Fondsinsameling ingrypend te hersien. In werklikheid is dit meer as hersiening, maar 'n totale vervang-

ing. By die opstel van die verslag was die voorgestelde wetgewing nog nie beskikbaar nie, maar volgens 'n beleidsdokument insake wetgewing vir die "nie-vir-wins sektor" wat in April bekendgestel is, word beoog om registrasie as fondsinsamelingsinstansie nie meer verpligtend te maak nie. Daar sal egter sekere voordele daaraan verbonde wees indien 'n instansie wel sal registreer en sy dokumentasie aan die Departement Welsyn voorlê. Wat dit alles sal behels, en watter voor- of nadele registrasie presies gaan inhou, is nog nie bekend nie.

**4.2.5** By die 1995-sinodesitting het die sinode 'n aantal rigtinggewende besluite geneem wat vir die SKDB sy posisie in hierdie veranderende tye bepaal het (vgl Sin95:377:2.8). Die SKDB oordeel dat die staande sinodebesluit aan hom voldoende ruimte gee vir aanpassings wat nodig mag wees en dat hier geen nuwe aanbeveling gemaak word nie.

## 5. GEMEENTELIKE BARMHARTIGHEIDSBEDIENING

### 5.1 INLIGTING OOR GEMEENTEPROJEKTE

**5.1.1** Soos reeds gemeld (vgl KO art 54 en 4.1.2.2 hierbo) is die barmhartigheidsbediening in die eerste plek 'n gemeentelike aksie. Dit kan georganiseerd onder leiding van die diakonie (KO art 17.3), of volgens 'n ander metode wat vir 'n betrokke kerkraad die beste werk, gedoen word. In baie gevalle is dit egter spontaan en ongeorganiseerd. Aangesien daar nie meer op 'n eenvormige manier aan die ringe verslag gedoen word nie, is dit nie vir die SKDB moontlik om 'n verantwoordbare beeld te kry van die omvang van die diakonale werk wat in gemeentes gedoen word nie. Dit is vir die SKDB belangrik om wel 'n keer 'n duidelike beeld te kry met die oog op eie beplanning, maar ook met die oog op skakeling en onderhandeling met die staat en ander instansies. In hierdie tyd waarin daar soveel klem op ontwikkelingsgerigte maatskaplike dienste gelê word, word dikwels beweer dat die Ned Geref Kerk nie veel doen nie - en dit terwyl die Kerk (veral deur die vrouedienste) waarskynlik die voorloper is wanneer dit by "ontwikkelingsprojekte" soos naaldwerk- en lees- en skryfklasse kom.

**5.1.2 AANBEVELING - Die sinode gee opdrag aan die SKDB om 'n opname te doen oor die stand van gemeentelike projekte van diens van barmhartigheid en om die resultate so wyd as moontlik bekend te maak.**

### 5.2 STIMULERING VAN GEMEENTELIKE PROJEKTE

**5.2.1** In die afgelope dekade of twee was daar vir die Ned Geref Kerk en sy lidmate baie professionele hulpbronne beskikbaar. Baie daarvan is met staatsbefondsing moontlik gemaak. 'n Goeie voorbeeld is tuisteversorging van bejaardes. Hierdie hulpbronne word al minder en die kerk/gemeentes word al meer op hulleself aangewese om antwoorde te soek op die behoeftes van die lidmate. Om dit effektief te doen, is deeglike beplanning nodig. Die kerkverband (SKDB en RKDB's) het hierin 'n belangrike taak (vgl bep 54.3.3) om gemeentes te ondersteun en te help om hulle barmhartigheidsprojekte effektief uit te voer.

**5.2.2** Die SKDB erken dat hy in hierdie opsig al meer kon gedoen het. Dit is egter nie vir die SKDB moontlik om homself aan gemeentes op te dring nie. Sinodebesluite waarin gemeentes uitgenooi word om van die SKDB se dienste gebruik te maak, is tot dusver net in enkele gevalle deur gemeentes of RKDB's opgevolg.

**5.2.3** Indien die sinode aan die SKDB die opdrag gee om 'n opname van die stand van gemeentelike barmhartigheidsbediening te doen, sal dit waarskynlik ook moontlik wees om spesifieke behoeftes raak te sien. Dit sal dan vir die SKDB en RKDB's moontlik wees om op advies en hulp te fokus.

**5.2.4** Daar is reeds handleidings vir 'n gemeentesentriese optrede vir substansafhanklikheid en vir bejaardesorg by die SKDB beskikbaar. Beide handleidings kan effektief tydens gemeentelike diakonale skolingsgeleenthede gebruik word, en gemeentes is welkom om die SKDB oor sodanige skolingsgeleenthede te nader. 'n Verdere handleiding - oor die hantering van gemeentelike alimentasie - word tans voorberei en sal tydens die sinodesitting aan afgevaardigdes beskikbaar gestel word.

## 6. SPESIFIEKE DIENSTE VAN DIE SKDB

*[Opmerking: 'n Oorsigtelike beeld van die werksaamhede van die SKDB kan uit die gegewens in **Bylae 1** verkry word.]*

### 6.1 BESTUURSPLAN VAN DIE SKDB

**6.1.1** Sinodebesluit

"1. *Konstitusies van die SKDB en sy takke:* Die sinode gee opdrag aan die SKDB om toe te sien dat die konstitusies van die SKDB en takke van die SKDB aan alle vereistes van die staat voldoen en van tyd tot tyd aangepas word soos nodig.

2. *Reglement vir die SKDB:* Die sinode besluit dat die reglement vir die SKDB verval en dat die SKDB voortaan net volgens bep. 54 sal funksioneer.

3. *Reglement vir die RKDB:* Die sinode besluit dat die reglement vir die RKDB verval en dat die RKDB voortaan net volgens bep. 54 sal funksioneer. Die samestelling word deur elke ring volgens eie behoeftes gereël.

4. *Reglement vir onderkomitees van die RKDB:*. Die sinode

4.1 neem kennis dat die SKDB besig is om ooreenkomste met beheerrade op te stel;

4.2 besluit dat die huidige reglemente vir die diens van barmhartigheid vir die beheerrade geld totdat die ooreenkoms deur beide die beheerraad/RKDB en die SKDB goedgekeur is." (Sin95:378:4.2.2)

**6.1.2** Die uitvoering van hierdie besluit was moeiliker as wat voorsien is. Die besluit is geneem op aanbeveling van die SKDB nadat bevind is dat plaaslike omstandighede so verskil dat die reglemente vir diens van barmhartigheid in baie gevalle onprakties is. Uiteindelik het die SKDB geoordeel dat daar liewer 'n volledige bestuursplan opgestel moet word waarin alle tersaaklike beleid en voorskrifte vervat is en wat as volledige handleiding kan dien. Die ooreenkoms tussen die SKDB en die betrokke beheerraad bepaal dan slegs dat die beheerraad die diens onder sy toesig volgens die bepalings van sy konstitusie en die bestuursplan van die SKDB moet bestuur.

**6.1.3** Die kern van die bestuursplan is dat die verskillende verwagtings en verantwoordelikhede so uiteengesit word dat die regsaanspreeklikheid vir die beheerraad, SKDB en sinode sover moontlik verminder kan word. Volgens die SKDB se statutêre posisie as welsynsorganisasie is hy vir die optrede van die beheerrade verantwoordelik, maar die sinode as opdraggewer van die SKDB kan ook in die gedrang kom. Die SKDB het geoordeel dat die beste manier om dit te verhoed, is om elke betrokke party se funksies en verantwoordelikhede so

### 6.3.2 Kinderhuise

**6.3.2.1 Abraham Kriel Kinderhuis Noordelike Provinsie** (Nylstroom)

1. Die kinderhuis het in 1996 'n baie ongemaklike situasie beleef toe die staatsubsidie weens administratiewe probleme in die Noordelike Provinsie 'n paar maande lank nie oorbetaal is nie. Op een stadium was 'n bedrag van meer as R800 000 uitstaande wat groot kontantvloeiprobleme begin veroorsaak het. Danksy baie moeite wat deur enkele amptenare van die Departement Gesondheid en Welsyn gedoen is, kon die situasie reggestel word en word daar tans nie groot probleme ervaar nie.

2. In hierdie moeilike tyd het die beheerraad besef dat hy homself so moet posisioneer dat hy in staat is om steeds finansieel te oorleef. In werklikheid was dit nie 'n nuwe aksie nie aangesien die beheerraad reeds die afgelope paar jaar baie deeglik oor die kort- en langtermyntoekoms besin het. Daar is egter geoordeel dat die tyd aangebreek het om die kinderhuis se getalle af te skaal van 250 na 120. Een van die belangrikste redes is dat die provinsiale owerheid van die Noordelike Provinsie huiwerig is om kinders vanuit ander provinsies te subsidieer. Daar word gevolglik tans voorkeur aan kinders (veral NG kinders) uit die Noordelike Provinsie gegee. Op die manier kon die getal na 215 verminder word. Aangesien die kinderhuis se finansiële posisie tans heel goed is, lyk dit nie asof verdere verminderings in die afsienbare toekoms nodig gaan wees nie, en dat dit selfs moontlik sal wees om die getalle weer te vermeerder.

3. Van die 215 kinders kom 130 uit Noordelike Provinsie, 62 uit Gauteng, 11 uit Noordwes en 12 uit Mpumalanga. Die kerklike statistiek is: NG Kerk 101; Geref Kerke 6; NH Kerk 5; AGS 28; ander kerke 70 en geen kerk 5.

4. Dit kos tans R1 117 per maand om 'n kind in die kinderhuis te versorg terwyl die staatsubsidie van sowat R710 per kind betaal. Die res moet êrens gevind word. Vanaf donateurs, veral gemeentes van die NG Kerk, is 'n bedrag van R383`847 ontvang. As dit nie hiervoor was nie, sou die kinderhuis òf nie kon oorleef nie, òf sy getalle drasties moes verminder, òf sy standaarde ernstig moes afskaal. In die lig van die groot nood, en veral van die aard van die nood van hierdie beskadigde kinders, is nie een van hierdie opsies 'n aangename gedagte nie.

5. Die hoof van die kinderhuis, mnr Kobus Pelcher, het na 7 jaar van uitstekende diens besluit om 'n nuwe loopbaan in Nieu-Seeland te begin. Mnr Fanie Lombaard, 'n oud-skoolhoof, is met ingang 1 Julie as nuwe hoof aangestel.

**6.3.2.2 Jakaranda Kinderhuis**

1. By die 1993-sinode is gerapporteer dat die kinderhuis deur 'n paar beduidende erflatings uit ernstige finansiële probleme gehelp is. Daar was intussen weer 'n paar erflatings, maar nie weer so groot nie. Nogtans is die kinderhuis se finansiële posisie tans, danksy goeie bestuur, gesond.

2. Van die 250 kinders kom 127 uit Pretoria, 28 uit die res van Gauteng, 54 uit Mpumalanga, 7 uit Noordelike Provinsie, 17 uit Noordwes en die res uit ander provinsies.

3. In 1996/97 het 48 kinders die kinderhuis verlaat: 20 was skoolverlaters, 12 is na nywerheidskole oorgeplaas, 5 in pleegsorg geplaas en 9 by hulle ouers teruggeplaas. Ongelukkig kan baie van die kinders wat uiteindelik die kinderhuis verlaat nie na hulle ouerhuis terugkeer nie.

4. 'n Besonder positiewe ontwikkeling is 'n ooreenkoms wat met die gemeente Kameeldrif bereik kon word waardeur die kinderhuis die dienste van 'n gemeenteleraar (ds Pieter Badenhorst) vir 16 uur per week inkoop vir pastorale dienste aan die kinders.

5. Die vorige hoof, mnr Jannie Nothnagel, wat binne twee jaar letterlik wondere by die kinderhuis verrig het, het die kinderhuis in Februarie verlaat. Mnr Thinus Erwee, 'n maatskaplike werker en hoof van die MTR Kinderoord in Port Elizabeth, is met ingang 1 April as nuwe uitvoerende hoof aangestel.

**6.3.2.3 Gemeentes aan die kinderhuise gekoppel**

**6.3.2.3.1** Gemeentelike ondersteuning aan die kinderhuise, en veral ondersteuning aan spesifieke huise, is onontbeerlik en baie hoog gewaardeer. Na die totstandkoming van die tweede kinderhuis in die sinodale gebied het die sinode in 1987 besluit om dit nie aan gemeentes oor te laat nie, maar om 'n verdeling te maak wat so eweredig en billik as moontlik sou wees. Ongelukkig gebeur dit nou in die praktyk dat van die Pretoria-ringe letterlik langs die Jakaranda Kinderhuis moet verbyry op pad na Nylstroom en daar het gevolglik heelwat versoeke om 'n herindeling gekom. Die SKDB het hierdie versoeke versigtig oorweeg, maar het uiteindelik geoordeel dat 'n herindeling 'n groot terugslag vir die Nylstroom Kinderhuis sou wees. Dit kan egter net sinvol wees om die Ring van Northam liewer aan die Kinderhuis Noordelike Provinsie te koppel.

**6.3.2.3.2 AANBEVELING - Die sinode besluit om die Ring van Northam voortaan aan die Kinderhuis Noordelike Provinsie te koppel en dat die ringe nou soos volg ingedeel word:**

**1. Kinderhuis Noordelike Provinsie: Waterberg, Pietersburg, Pietpotgietersrus, Louis Trichardt, Pretoria-Noord, Valhalla, Pretoria-Oos, Daspoort, Pretoria, Sesmylspruit, Northam.**

**2. Jakaranda Kinderhuis: Wonderboom, Rustenburg, Krokodilrivier, Derdepoort, Pretoria-Wes, Villieria, Eloffsdal, Hartbeesspruit.**

### 6 3.3 Behandelingsentrums

**6.3.3.1 Staanvas Sentrum**

1. Die nuwe geboue van Staanvas Sentrum in Môregloed het nuwe stimulus aan die diens gegee en dit onder meer meer bemarkbaar gemaak. Bemarking het die afgelope tyd al meer noodsaaklik geword nadat die formule vir staatsubsidies drasties verander het en die diens met 'n veel kleiner bedrag moes klaarkom.

2. Gedurende 1996/7 is altesaam 501 persone vir behandeling opgeneem wat 76 meer as in die vorige ooreenstem-mende tydperk was. Die bedbenuttingsyfer was 67,7%. Altesaam 609 afhanklikes was betrokke by die persone wat vir behandeling opgeneem is.

3. Persone uit alle ouderdomsgroepe (vanaf 18 jaar tot 65+) is opgeneem. Die meerderheid (63,1%) was in die ouderdomsgroep 30-49 jaar. 59,5% was met opname getroud. 5,6% van die pasiënte beskik oor 'n graad 6-9 kwalifikasie; 63,1% oor graad 10-11; 15% oor naskoolse akademiese kwalifikasies en 16,4% oor naskoolse tegniese kwalifikasies. Beroepsgroepe is uiteenlopend: onder meer professioneel (6,1%), administratief (11,9%), ambag (26,9%), dienste (13,3%), werkloos (11,1%) en pensioen (13,3%). 87% van die mans en 53% van die vrouens het 'n inkomste van meer as R1 000 per maand gehad. Hierdie diversiteit van persone stel hoë eise aan die behandelingsprogramme.

4. Volgens kerkverband is die verspreiding: NG 52%, AGS 13%, NH 8%, Geref 4%, ander 21%, geen kerk 5%.
5. Die tipe probleem was soos volg:

| | Alkohol | Pille | Kruisafhanklik |
|---|---|---|---|
| Mans | 86,7% | 3,6% | 9,7% |
| Vrouens | 59,6% | 13,5% | 26,7% |

6. 71% is vir 'n eerste behandeling opgeneem, 18% vir 'n tweede behandeling en 11% vir 'n derde of meer.
7. Die eenheidskoste per behandeling beloop tans R3 000 terwyl die behandelingsgeld R2 800 bedra. Dit is kommerwekkend dat die diens al meer onbekostigbaar word vir mense wat nie kan betaal nie.

**6.3.3.2 HuisWilhelmina**

1. Huis Wilhelmina is 'n nasorgsentrum vir eenlopermans wat na behandeling in Staanvas Sentrum of ander behandelingsoorde hulp nodig het om weer in die samelewing opgeneem te word.
2. In 1996/97 is 74 persone opgeneem wat 14 persone meer as die vorige jaar was. Almal was met opname werkloos. Met die huidige sosiopolitieke en ekonomiese klimaat en met die inwoners se lang behandelingsgeskiedenis en swak prognose, is dit moeilik om hulle in betrekkings geplaas te kry. Nogtans kon 46% geplaas en vir 7% pensioene beding word.
3. 44% van die inwoners was NG lidmate. Die volgende enkele groot groep was die wat aan geen kerk behoort nie, naamlik 17%.

**6.3.4 Jeugsentrums**

1. Weens die demografiese verskuiwings in die middestad van Pretoria het dit al moeiliker geword om die AJO en Jeugsentrum Pretoria volgens die tradisionele model te bedryf. Reeds by die 1995-sinode is gerapporteer dat die SKDBM die Pretoria Jeugsentrum per ooreenkoms aan The Foundation, 'n aksie van die kerkraad Pretoria verhuur, wat dit vir behuising gebruik.
2. Die AJO se gebou is deur die jare nie voldoende in stand gehou nie en groot uitgawes het vir herstelwerk nodig geword. Dit kon nie uit die lopende bedryf gedra word nie. Jong NG-lidmate se voorkeure ten opsigte van woonplek het grootliks verander (hulle verkies nie meer om in 'n jeugtuiste in die middestad te bly nie). Die SKDB het gevolglik, na oorleg met die moderamen, die SKDBM versoek om die gebou te verkoop.
3. Soortgelyke omstandighede as dié van die AJO was besig om by Pietersburg Jeugsentrum te ontwikkel. Toe 'n goeie aanbod vanaf Medunsa ontvang is, het die SKDB (weereens in oorleg met die moderamen) besluit om die gebou te verkoop.

## 6.4 CHRISTELIK-MAATSKAPLIKE RAAD

**6.4.1 Algemeen**

1. Die CMR het verlede jaar sy 60-jarige bestaan gevier en hierin is 'n geleentheid gesien om die dienste van die CMR aktief in die gemeenskap te bemark en bekend te stel. Vir hierdie doel het die CMR 'n logo ontwerp, nuwe briefhoofde is gedruk en 'n feesblad het die lig gesien met 'n oorsig van die dienste vanaf 1936 tot 1996. 'n Fees- en dankseggingsdiens is op 3 November in die Aula by die Universiteit van Pretoria gehou met 'n huldeblyk deur Carl Trichardt en Petru Wessels. 'n Donateursdinee is ook vir die eerste keer aangebied met baie positiewe gevolge en terugvoer.
2. Die CMR was bevoorreg om ten spyte van moeilike tye en ekonomiese omstandighede dieselfde dienste - en meer - met minder personeel te lewer. Die CMR het ook daarin geslaag om sy dienste so te bestuur dat dit nie nodig was om personeel te rasionaliseer nie. Daar was wel verskuiwings om die Soshanguve-kantoor moontlik te maak, maar daar was geen personeelvermindering nie - 'n besondere prestasie!
3. Die CMR Noord-Transvaal het tans 17 ringskantore met 34 maatskaplike werkers terwyl die bestuurs- en spesialisondersteuningsdiens 15 maatskaplike werkers het.
4. Staatsubsidie het verander in die opsig dat subsidies deur die onderskeie provinsies afsonderlik hanteer en uitbetaal word. Sommige van die bestuursposte word dan ook deur twee provinsies gesubsidieer, afhangende van die bestuurs-inset in gemelde provinsie. Heelwat knelpunte is met hierdie reëling ondervind in die opsig dat drie afsonderlike staatsdepartemente gekontak moet word wanneer probleme ontstaan. Die verhoging al dan nie van subsidies is ook nie eenvormig deur die verskillende provinsies hanteer nie.
5. Die staatsubsidie van een van die studenteposte het vanaf 1 April 1996 verval en die subsidie is oorgeplaas na een van die poste in Soshanguve. As gevolg van die waarde en die effektiwiteit van die studente-eenheid is die pos egter slegs afgeskaal tot 'n 5/8 pos. Om die pos meer koste-effektief te bedryf is die studente-opleier ook in 'n 3/8 bestuurspos aangestel by die Ring van Pretoria-Wes. Al vyftien derdejaarstudente word ook as hulp by Pretoria-Wes ingeskakel, met die gevolg dat 'n verskeidenheid groepe en projekte van stapel gestuur kon word wat andersins totaal onmoontlik sou wees. Hierdie reëling was baie voordelig vir die dienste in Pretoria-Wes. Hierdie pos word dus tans op 'n 5/8 basis deur die Universiteit gefinansier en 3/8 deur die Staat.

**6.4.2 Dienste gelewer**

*(Gegewens is vir die boekjaar 1 April 1996 - 31 Maart 1997)*

1. Daar is altesaam aan 11 927 persone dienste gelewer. 54% was in Gauteng, 35% in Noordwes en 11% in die Noordelike Provinsie.
2. Die gevalle het meer geword maar die personeel nie. In 1991/92 is 6814 dienste deur 72 personeellede gelewer, 'n gemiddeld van 94,6 dienste per personeellid. In 1996/97 was dit 11 927 dienste met 52 personeellede oftewel 238,5 dienste per personeellid. Dit vertel nie alleen van meer koste-effektiewe dienslewewering nie, maar veral dat die personeel besig is om totaal oorlaai te word.
3. *(Soshanguve se gegewens word in hierdie deel uitgesluit.)* Die insidensie van kinderverwaarlosing, mishandeling en seksuele molestering is onrusbarend hoog in al drie die provinsies. Daar is altesaam aan 2 450 kinders dienste gelewer. 1499 hiervan was ten opsigte van kindermishandeling, verwaarlosing en seksuele molestering; 546 onbeheerbaarheid; en die res was straatkinders, tiener-swangerskappe, ens. In die toekoms sal gemeenskapsgebaseerde programme ernstig aan hierdie aspekte moet aandag skenk sodat ouers beter toegerus word vir hulle taak en kinders meer weerbaar gemaak word.
4. Die getal hof- en hofverwante sake in die gebied (414) waarby 646 kinders betrokke was is onrusbarend hoog. Hierdie syfer is veral ontstellend indien dit vergelyk word met syfers van vorige jare. In die boekjaar 1994/1995 was die CMR betrokke by 115 kinderhofsake waarby 197 kinders betrokke was; in 1995/1996 was dit 154 kinderhofsake waarby 261 kinders betrokke was, terwyl die hofsake in 1996/1997 414 was met 646 kinders. Indien in aanmerking geneem word dat die dienste die afgelope twee jaar met 5 poste ingekort is, gee dit 'n aanduiding van die druk en eise waaraan die

personeel tans blootgestel word.
5. Die groot aantal kinders wat verwyder moet word plaas ook groot druk op die bestaande plekke van veiligheid, hetsy staatsondersteund of privaat. Dit het die afgelope jaar by verskeie geleenthede gebeur dat kinders nie uit ouerlike sorg verwyder kon word nie as gevolg van 'n gebrek aan plekke van veiligheid, veral vir die laer- en hoërskoolkind.
6. Rekonstruksiedienste is aan 537 ouers gelewer met die oog op die herstel van die kinders in ouerlike sorg. Die aantal kinders wat hierby betrokke was is 1 596. Die kinders verkeer dus almal in substituutversorging, wat dus of pleegsorg, familiesorg, kinderhuissorg of nywerheidskole kan wees.
7. Dienste aan persone anders as kinders sluit in 743 substansafhanklikes, 782 persone met huwelik/egskeidingsprobleme, 2084 persone met materiële nood, 228 bejaardes en 1894 ongespesifiseerd.
8. 'n Uiteenlopende aantal projekte is in al drie provinsies geloods, hoofsaaklik op groepe gemik, hoofsaaklik voorkomend, meestal gemik op die voorkoming van probleem-gedrag. Verskillende enterpreneursprogramme is aangebied waarvan een aan 180 Gr 8-leerlinge. Verskeie projekte met betrekking tot die voorkoming van alkoholmisbruik en kindermishandeling is ook van stapel gestuur. Werkskepping en die verligting van materiële nood geniet ook prioriteitaandag.
9. Die aanbieding van gemeenskapsgebaseerde projekte en dienste behoort werklik een van die heel belangrikste fasette van die dienslewering te wees, juis omdat die meeste mense hierdeur betrek word en die gemeenskap dit ook finansieel positief ondersteun. In 1996/97 is daar byvoorbeeld in die ringsgebied van Brits R35 000 vir spesifieke projekte ingesamel; in Rustenburg 47 000; Messina R34 000; Louis Trichardt R7 000 en Derdepoort R50 000. Alhoewel hierdie fondse vir spesifieke projekte ingesamel word en dus weer vir daardie spesifieke projekte aangewend moet word, gee dit tog 'n aanduiding van hoeveel addisionele fondse beskikbaar is en deur personeel geïn word. Daar is ook 'n stygende lyn: in 1995 is R106 865 ingesamel; in 1996 R136 470 en in 1997 R230 801.

**6.4.3 Soshanguve**

1. As gevolg van die verandering in staatsubsidie en die ekonomiese klimaat is 'n aantal poste na Soshanguve verskuif. Die dienste in hierdie gebied is tot onlangs deur 4 voltydse maatskaplike werkers gelewer.
2. Groot klem word geplaas op die ontwikkeling van die gemeenskap en daarom geniet projekte prioriteitaandag. Projekte sentreer hoofsaaklik rondom werkskepping, die bemagtiging van vroue en projekte vir bejaardes. Bemarking van die dienste is belangrik en 'n bedrag van R70 000 is byvoorbeeld vanaf die Yskor-Stigting ontvang vir die ontwikkeling van gemeenskapsdienste.
3. Die werk in Soshanguve word volledig met staatsubsidie en donasies befonds. Die staat het ook addisionele fondse bewillig om nuwe dienste te inisieer.
4. Die werk wat deur die CMR in Soshanguve gedoen word, is van onskatbare waarde. Dit is roerend om die dankbaarheid van die gemeenskap - wat tevore baie min maatskaplike dienste ontvang het - om nou 'n diens van so 'n hoë standaard te ontvang, te beleef. Die diens, wat steeds in noue samewerking met die VGKSA gedoen word, is 'n besondere getuienis vir die CMR en die Ned Geref Kerk.
5. Ten slotte kan gemeld word dat die CMR die grootste instansie is wat tans in gemelde gebied 'n diens lewer en dat die oorname van nog twee poste en 'n kleuterskool vir kinders van werklose ouers in die vooruitsig gestel word.

**6.4.4 Spesialis-ondersteuningsdienste**

**6.4.4.1** Hierdie afdeling bied 'n spesialisondersteuningsdiens aan al die ringe. Sedert April 1995 is al die spesialisondersteuningsdienste op oorhoofse vlak gekonsolideer onder die bestuur van een persoon. Hierdie afdeling sluit aannemingsorg, pleegsorg, ongetroude ouersorg en die gesinseenheid in.

1. *Veiligheidsorg:* Die beveiliging van 'n kind onder die ouderdom van 18 jaar is gewoonlik 'n spoedeisende saak en deel van 'n intensiewe gesinsevaluering. In opdrag van die Kommissaris van Kindersorg is dit verkieslik dat voorskoolse kinders sover moontlik in 'n gesinsopset geplaas word. Veiligheidsorg behels dus die keuring en opleiding van veiligheidsouers, asook die begeleiding van 'n plasing en die assessering van die kind in veiligheidsorg. Dienste is aan 90 volwassenes waarby 50 kinders betrokke was gelewer deur 'n senior maatskaplike werker in 'n 6/8 pos.
2. *Pleegsorg:* Die Kommissaris van Kindersorg kan by afhandeling van kinderhofverrigtinge 'n kind in pleeg- of familiesorg plaas indien die ouer nie bevoeg is om na die kind om te sien nie. Jaarliks moet pleegouers gewerf, gekeur, georiënteer en opgelei word sodat ouerbehoewende kinders in hierdie gesinne gepas en geplaas kan word. Wetlik moet toesigdienste ook na 'n plasing geskied. Hierdie dienste is deur 1 voltydse en 2 deeltydse senior maatskaplike werkers aan 568 persone gelewer.
3. In die afdelings veiligheids- en pleegsorg is in 1996/7 aan 846 persone 'n diens gelewer. Daar was 256 kinders en 590 substituutouers betrokke.
4. As gevolg van die uitgestrektheid van die Noordelike en Noordwes Provinsie word die dienste nie sentraal nie, maar volledig deur elke werker self hanteer. Dienste wat gelewer is, sluit in: pleegsorgkeurings (NP 41 NW 32), pleegsorg-nasorg (NP 128, NW 50) en terugplasing in ouerlike sorg (NP 45, NW onbekend).

**6.4.4.2** Die *gesinseenheid* se dienste is gerig op die voorkoming van gesinsverbrokkeling en sluit in gesinsevaluering en -terapie, ouerleiding, verhoudingsterapie, traumaverwerking, ens. Twee senior maatskaplike werkers lewer dienste in 'n 6/8 en 5/8 pos. 'n Totaal van 412 persone was bedien, waarvan 197 volwassenes en 215 kinders was.

**6.4.4.3** *Aannemingsorg*

1. As gevolg van die afname in die beskikbaarheid van babas vir aanname is daar 'n moratorium geplaas op die keuring van nuwe aansoeke. Slegs twee nuwe keurings is dus onderneem.
2. Vanweë die eise van die staat en die afname met betrekking tot keurings, is die personeelvoorsiening ten opsigte van hierdie diens vanaf 2 x 6/8 poste ingekort tot slegs 1 x 6/8 pos. Diensure van die personeellid is aangewend om die groot toevloei ten opsigte van Kommissarisondersoeke te hanteer. Die Kommissaris van Kindersorg het ten opsigte van 62 openbaarmakende aannemings psigo-maatskaplike verslae aangevra en 'n volledige aannemingsdiens is ten opsigte van hierdie gesinne gelewer. 'n Professionele fooi word ook ten opsigte van hierdie diens gehef en ongeveer R10000 is op hierdie wyse geïn.
3. Die beplanning in 1997/1998 boekjaar is gefokus op bemarking en fondsinsameling ten einde meer babas vir aanname beskikbaar te kry asook om die bedryf ekonomies meer selfstandig te maak.

*6.4.4.4 Ongetroude ouersorg*

1. Dienste word gelewer deur twee personeellede wat 'n 1 x 6/8 pos en 1 x 4/8 pos beklee. Die 6/8 pos is gesetel in die Berg-en-Dal tehuis. Dienste word gelewer deur middel van beide die gevallewerk en groepwerkmetode.
2. Onder meer is dienste aan 67 moeders in Berg-en-Dal en 32 in die gemeenskap hanteer en nasorg aan 71 ongetroude moeders gedoen.
3. Indien die afdelings ongetroude ouersorg en aanneming met mekaar in verband gebring word, dan blyk dit dat uit 'n totaal van 78 babas wat gebore is, slegs 15 vir aanname beskikbaar gestel is. Ten opsigte van twee babas is kinderhofverrigtinge geopen en 61 moeders het hulle babas behou.

*6.4.4.5 Studenteopleiding*

1. Vyftien derde- en sewe vierdejaarstudente is ingeskakel in praktiese opleiding in al die metodes van maatskaplike werk. 'n Uitgebriede gevalleleding, 10 projekte en 14 groepe is deur hierdie afdeling hanteer.
2. Voorbeelde van groepe is onder andere weerbaarheidsgroepe by skole in Pretoria-Wes, Wonderboom en Montana; 'n ontwikkelingsgroep met 32 gedepriveerde vrouens wat voedingshulp in Pretoria-Wes ontvang het; 'n ontwikkelingsgroep vir werklose vroue wat materiële hulp in Pretoria-Sentraal ontvang het; en twee groepe met sub-ekonomiese bejaardes in Villieria en Wolmer.
3. Projekte wat geloods is was onder andere 'n ontwikkelingsprogram vir huishulpe in Pretoria-Wes; 'n entrepreneursprogram aan 180 Graad 8-leerlinge van die Hoërskool Langenhoven en 'n alkoholvoorkomings- en behandelingsprogram aan laaggeskoolde werknemers van Yskor Landgoed.
4. Hierdie afdeling lewer 'n diens van onskatbare waarde waarsonder die CMR baie moeilik sal kan klaarkom. In die lig van die werksdrukte van die maatskaplike werkers is hierdie diens 'n groot hulp veral met betrekking tot die CMR se sigbaarheid in die gemeenskap.

**6.4.5 Berg-en-Dal**

1. Berg-en-Dal het die afgelope jaar sy 40ste bestaansjaar gevier.
2. Daar is tans 14 beddens, maar die aanvraag is so groot dat daar dikwels ekstra plek gemaak moet word. In 1996/97 is 67 dames geakkommodeer met 'n gemiddelde bedbesetting van 91%. 15 van hierdie dames het hulle babas vir aanneming beskikbaar gestel.
3. Berg-en-Dal bied basies 'n losiesdiens terwyl die terapeutiese dienste deur die CMR se afdeling vir ongetroude ouersorg gelewer word. 'n Pastorale werker lewer op 3/8-basis 'n waardevolle diens, terwyl die gemeente Riviera verantwoordelikheid neem vir die algemene pastorale sorg en kategese.

**6.4.6 Sentrale CM-Rade**

'n Positiewe ontwikkeling van die afgelope twee jaar was die totstandkoming van die Sentrale CM-Rade van Gauteng en die Noordelike Provinsie. Beide is in werklikheid niks meer nie as informele byeenkomste waarby die RKDB-voorsitters en maatskaplike werkers van die provinsie ongeveer twee keer per jaar bymekaarkom om gemeenskaplike sake te bespreek, maar dit het al bewys dat dit onontbeerlik is vir beplanning en vir eenvormige beleidstoepassing.

## 6.5 GEMEENSKAPSGERIGTE BEJAARDESORG

**6.5.1** Die Algemene Sinode het in 1990 'n besluit geneem waarin dit duidelik bepaal word dat die sorg aan die bejaarde in die eerste plek sy eie verantwoordelikheid is, dan dié van sy kinders/familie, dan van die kerk, dan van die gemeenskap, en eers dan dié van die staat. Die kerk se verantwoordelikheid lê natuurlik met die eerste plek by die gemeente wat veral met voorbereiding vir aftrede, asook met die vervulling van die godsdienstige- en sosialiseringsbehoeftes van die bejaardes kosbare werk kan doen. Hierdie funksie moet nog baie uitgebrei en ontwikkel word.

**6.5.2** In die verlede het die Ned Geref Kerk baie aandag aan tuisteversorging van bejaardes gegee, maar die model is besig om moeilik bekostigbaar te word. Gemeenskapsgerigte dienste aan bejaardes word al belangriker en dienssentrums se rol gaan al belangriker word. Die model van 'n dienssentrum sal egter anders moet lyk as in die verlede. Die staatsubsidie speel hier ook 'n groot rol: subsidies word deesdae slegs gegee vir dienste soos etes en mediese dienste aan bejaardes met 'n baie lae inkomste.

**6.5.3** In die lig van bogenoemde is die SKDB besig om sy hele aksie van dienste aan bejaardes indringend te hersien. Dit is ongelukkig nog nie moontlik om in hierdie stadium al 'n uitgewerkte model aan die sinode voor te lê nie aangesien daar nog duidelikheid oor 'n hele aantal faktore gekry moet word. (Dit gaan hier veral oor die posisie van Dienssentrum Vergenoeg en die herbeplanning van dienste uit Huis HJ Piek, asook die finansiering van dienste.) Die rigting waarin beplan word, is om gemeentes behulpsaam te wees met die ontleding van die behoeftes van bejaardes in die betrokke gemeenskap en om dan (waar moontlik met behulp van 'n staatsubsidie) dienste aan te bied wat nie deur die gemeentes gelewer kan word nie. In hierdie verband sal die CMR 'n sleutelrol moet speel. Die CMR-personeel is egter reeds so oorlaai dat so 'n nuwe verantwoordelikheid versigtig beplan en befonds moet word.

**6.5.4** In hierdie stadium is daar slegs een dienssentrum binne die SKDB-sisteem, naamlik Dienssentrum Vergenoeg. Weens die veranderde subsidiebeleid het die dienssentrum die afgelope tyd baie finansiële probleme ondervind en het dit nodig om die model van dienslewering indringend te hersien. Die beheerraad is tans besig om in oorleg met die SKDB ernstig na oplossings te soek.

**6.5.5** 'n Positiewe ontwikkeling was dat Dienssentrum Vergenoeg sy dienste na Mamelodi uit te brei waar 'n kliniek- en etediens by drie kerkgeboue van die VGKSA aangebied word. Dit is moontlik om hierdie deel van die diens volledig met 'n staatsubsidie te finansier.

## 6.6 HOSPITAALPASTORAAT

**6.6.1 Terminering van hospitaalspan**

**6.6.1.1** Die Uitgebreide Moderamen het op 15 Maart 1996 'n besluit geneem waarvolgens 'n eenmalige bedrag van R150 000 uit die stabilisasiefonds aan die SKDB vir hospitaalpastoraat beskikbaar gestel word. Tot op hierdie stadium was daar drie hoofitems op die begroting, naamlik honorariums vir vrywillige hospitaalwerkers, die sekretares-sesalaris en kantooruitgawes van die kantoor van die pastorale span in die Pretoria Akademiese Hospitaal (destyds die HF Verwoerd Hospitaal) en 'n subsidie aan Pretoria-Wes vir die pastorale werk in Weskoppies Hospitaal. Die SKDB het besluit om R40 000 aan die Ring van Eloffsdal toe te ken sodat die kantoor in die Pretoria Akademiese Hospitaal kan voortgaan, en om R110 000 ten opsigte van Weskoppies Hospitaal aan te wend. Die afleggingspakkette van die hopitaalwerkers, asook die bykomende uitgawes vir die Weskoppieswerk, moes uit SKDB-

mende uitgawes vir die Weskoppieswerk, moes uit SKDB-fondse geneem word. Die SKDB het hierdie besluit aan die moderamen deurgegee.

**6.6.1.2** In die praktyk beteken dit dat daar sedert 1 April 1996 nie meer 'n sinodale span hospitaalwerkers is nie.

**6.6.1.3** Die sinode het gemeentes versoek om na die terminering van die hospitaalspan "alles moontlik te doen om die hospitaalpastoraat op 'n hoë vlak te handhaaf" (Sin 1995: 378:4.8.2.1). Daar is egter kommer by die SKDB oor die mate waarin gemeentes wel moeite met die hospitaalpastoraat doen en hoeveel geleenthede nou verlore gaan. Die hospitaalspan het darem in 1995/96 nog meer as 40 000 besoeke gedoen!

**6.6.1.4 AANBEVELING - Die sinode neem kennis van die terminering van die hospitaalspan, en herhaal sy versoek aan gemeentes om moeite te doen met die pastorale ondersteuning aan hospitaalpersoneel en siekes in hospitale.**

**6.6.2 Sekretaressepos Pretoria Akademiese Hospitaal**

**6.6.2.1** Die SKF het by die Uitgebreide Moderamen-vergadering van 13 Maart 1997 aanbeveel dat daar vanaf 1997/98 geen toekenning vir die kantoorpos in die Pretoria Akademiese Hospitaal gemaak word nie. Die Uitgebreide Moderamen het hierdie aanbeveling nie aanvaar nie en die SKF en SKDB versoek om te onderhandel. Die uitgawes aan die pos word intussen uit die stabilisasiefonds gedra.

**6.6.2.2** Die hospitaal bied unieke uitdagings en geleenthede. Die hospitaal het tans ongeveer 1 000 beddens. Met 'n gemiddelde omset van 4 dae per pasiënt per bed beteken dit dat ongeveer 100 000 pasiënte jaarliks in die sale opgeneem word. Voeg daarby die sowat 650 000 pasiënte van die buitepasiënte- en ongevalleafdelings, dan beteken dit dat daar tans sowat 750 000 pasiënte per jaar deur die hospitaal bedien word. Groot uitbreidings word tans aangebring met die oprigting van die nuwe vleuel wat binnekort nog 1000 beddens sal byvoeg. Dan sal die beraamde deurvloei sowat een miljoen per jaar wees.

**6.6.2.3** Dit is totaal onrealisties om van die gemeente Riviera te verwag om op sy eie die bediening in hierdie hospitaal te hanteer. Die gemeente het immers reeds besondere bedieningseise as gevolg van 'n hoë konsentrasie van tuistes vir bejaardes en studentekoshuise in die gebied. Die diens word tans deur 'n bekwame siekesorgkommissie van die Ring van Eloffsdal gekoördineer, maar die betrokke ring se hulpbronne is ook uiters beperk.

**6.6.2.4** Ten spyte van bestuursveranderinge in die hospitaal is die deur vir die NG Kerk nog wyd oop. Die hospitaal bied steeds 'n gratis kantoor vir die pastorale werk aan. 'n Ekumeniese span waarop die NG Kerk sterk verteenwoordig is, hanteer die pastorale werk. Solank die sekretaressepos deur die NG Kerk betaal word bly die NG Kerk se posisie sterk, maar indien hierdie pos sou verval, is die posisie vorentoe vir die NG Kerk (en die christelike invloed) baie onseker.

**6.6.2.5 AANBEVELING - Die sinode besluit om 'n hoë prioriteit aan die sekretaressepos in die Pastorale Spreekkamer van die Pretoria Akademiese Hospitaal toe te ken en gee opdrag aan die SKDB en SKF om dit in die begrotings in gedagte te hou.**

**6.6.3 Psigo-pastorale werk Weskoppies Hospitaal**

**6.6.3.1** Die Uitgebreide Moderamen het die finansiering van die subsidie aan Pretoria-Wes in Februarie 1996 volledig in die SKDB se skoot gelaat. Vir die boekjaar 1996/97 is daar darem 'n ad hoc-toekenning gemaak waarvan die SKDB R110000 vir Weskoppies kon gebruik. Die SKDB het weer ondersoek ingestel na die waarde van die pos en het bevind dat die pos (veral in die lig van die groot veranderings in omstandighede by Weskoppies) 'n baie hoë prioriteit moet kry. Die SKBD het gevolglik in sy aansoek om 'n toekenning uit die sinodale begroting van 1996/97 'n toekenning ten opsigte van Weskoppies Hospitaal ingewerk. Dit is gedoen aangesien die SKDB 'n gedeelte van die rente-inkomste uit die verkoop van die AJO kon gebruik om die SKDB-bestuursdienste te finansier.

**6.6.3.2** Die sinode het tevore besluit dat die pos heroorweeg moet word indien die staatsubsidie sou verminder (Sin 93: 247:3.4). Met dankbaarheid kan vermeld word dat die staat so 'n hoë prioriteit aan die pos van pastorale terapeut heg dat die subsidie jaarliks beduidend aangepas word. Die staat se bydrae tot die pos is die traktement plus bonus van die betrokke leraar.

**6.6.3.3** Die kerkraad van Pretoria-Wes doen jaarliks aan die SKDB verslag oor die psigo-pastorale werk in Weskoppies Hospitaal. Die verslag is by die PSD vir insae beskikbaar.

**6.6.3.4 AANBEVELING - Die sinode**

**1. neem met dank kennis dat dit moontlik was om die subsidie aan Pretoria-Wes vir pastorale werk in Weskoppies Hospitaal te handhaaf;**

**2. besluit om 'n hoë prioriteit aan die pos van pastorale terapeut in Weskoppies Hospitaal toe te ken en gee opdrag aan die SKDB en SKF om dit in die begrotings in gedagte te hou.**

**6.6.4 Oordrag na SKG**

**6.6.4.1** Sinodebesluit: "Die sinode besluit dat die verantwoordelikheid vir die hospitaalpastoraat na die SKG oorgedra word op 'n datum soos deur die SKG en SKDB ooreengekom en dat die administrasie (HB Geyer Studiefonds ingesluit) deur die Sinodale Kerkkantoor in oorleg met die SKG gedoen sal word." (Sin95:378:4.8.2.2)

**6.6.4.2** Die twee kommissies het geoordeel dat die nuwe reëling na afloop van die sinode in werking kan tree. Die kommissies het egter ook geoordeel dat die pastorale werk in Weskoppies Hospitaal 'n unieke aard het wat van die gewone hospitaalpastoraat verskil en wat meer op die terrein van die SKDB as van die SKG lê.

**6.6.4.3 AANBEVELING - Die sinode besluit om die verantwoordelikheid vir siekesorg (Weskoppies Hospitaal en HB Geyer-Studiefonds uitgesluit) na afloop van die sinodesitting aan die SKG oor te dra.**

## 6.7 PASTORAAL-TERAPEUTIESE SAKE

Die SKDB beskik nie meer oor die dienste van 'n "pastorale sielkundige" nie. Die behoefte aan 'n pastoraal-terapeutiese ondersteuningsdiens word egter al meer aangevoel, en die SKDB is besig om verskeie opsies te ondersoek na die moontlikheid om 'n selffinansierende diens in te stel.

## 6.8 WETOORTREDERSORG

Sedert die emeritaat van ds Hannes Swanepoel in 1993 beskik die sinode nie meer oor 'n "gevangenisleraar" nie. Die bediening in die gevangenisse is nou volledig in die skoot van die betrokke gemeentes en word hoofsaaklik deur vrywillige werkers hanteer. Die werkers kry 'n klein sessiefooi vanaf die Departement Korrektiewe Dienste, maar dit dek nie werklik hulle koste nie. Dit beteken dat die gemeentes self die geld moet vind vir die sessiewerkers. Dit het veral vir Skanskop moeilik geword omdat die gemeente se finansiële posisie baie

verswak het. Die SKF het nie sy weg oopgesien om 'n toekenning uit die sinodale begroting vir hulp aan Skanskop te maak nie. Aangesien die SKDB egter 'n hoë prioriteit op hierdie werk plaas, het hy in 1996/7 'n toekenning van R10000 uit eie fondse aan die gemeente gemaak.

### 6.9 FINANSIES EN PERSONEEL

**6.9.1** Die gegewens in Bylae 1 toon aan dat die SKDB en sy takke in 1996/97 totale bedryfsomset van meer as R25 miljoen gehad het. Byna die helfte daarvan het aan bejaarde-sorg gegaan. Sinodale- en ringsbydraes het gesorg vir 6.5% van die inkomste, die staat vir 46,7% terwyl 30,9% uit losies en dienstegeld verhaal is. Die ander 15,9 % het uit diverse inkomste soos donasies en rente gekom. (Billikheidshalwe moet genoem word dat 'n beduidende deel hiervan donasies vanaf gemeentes was wat nie in alle gevalle apart aangetoon is nie.)

**6.9.2** 'n Vergelyking oor die afgelope ses jaar bied interessante leesstof. Die sinodale- en ringsbydrae in 1992 was 9,1% van die totaal (R1 708 957 van R18 732 806) en het algaande tot die huidige 6,5% verminder (R1 614 704 van R24941681). Die staat se bydrae van 48,9% in 1992 gestyg tot 52,8% in 1994 en toe algaande verminder tot 46,7% in 1997. Die probleem hier is nie soseer die vermindering nie, maar die selektiewe vermindering wat veral die tuistes vir bejaardes tref.

**6.9.3** Die sinode het in 1993 aan die SKDB die opdrag gegee om ondersoek in te stel na metodes om meer onafhanklik van staatsubsidies te word (Sin 93:277:2.8.4). Al is dit 'n werklike ideaal vir die SKDB, toon die syfers in paragraaf 2 dat daar versigtig met so 'n poging omgegaan moet word. Die staat gee immers nog byna 'n helfte van die SKDB se totale begroting. Die subsidies vir kinderhuise en maatskaplike werk is nog min of meer voldoende al hou dit nie met die inflasiestyging tred nie. Behandelingsentrums (soos Staanvas Sentrum) ondervind ook probleme, maar dit kan met spesifieke oplossings soos bemarking en hoër losiesgeld hanteer word. Waar daar wel probleme is, is by die tuisteversorging vir bejaardes. Hieroor is op ander plekke in die verslag al heelwat gesê en hoef hier net gerapporteer te word dat die SKDB probeer om al meer te konsentreer op gemeenskapsgerigte bejaardesorgdienste en op selffinansierende behuising. Waar moontlik word ook meer bydraes van die kinders van bejaardes gevra om vir die verskil tussen die subsidie en die werklike koste voorsiening te maak.

**6.9.4** Dit is verder opvallend dat die SKDB se totale uitgawes stadiger as die inflasiekoers gegroei het. Die R18 950 446 van 1992 het tot R25 348 471 in 1997 gegroei. As dit saam met inflasie moes groei, sou die syfer al meer as R31 miljoen moes wees. Indien daarmee saam in gedagte gehou word dat al die dienste steeds in stand gehou is (die jeugsentrums uitgesluit) en in sekere gevalle selfs uitgebrei is (behuisingsprojekte vir bejaardes en aantal maatskaplike werkdienste), kan dit as 'n besondere prestasie beskou word.

**6.9.5** Vir hierdie "prestasie" is daar egter 'n duur prys betaal. Aangesien die SKDB se dienste personeelintensief is, is daar 'n baie groot aantal personeellede. Om die begrotings te laat klop, is daar wel baie moeite met bemarking en fondswerwing gedoen, en waar moontlik is losiesgeld verhoog. Uiteindelik was die oplossing egter om personeel te verminder. Van die 755 personeellede in 1992 was daar in 1997 slegs 575 oor. (Na die sluiting van Huis HJ Piek en die Pietersburg Jeugsentrum sal die syfer met nog 85 verminder word.) Aan die een kant beteken dit dat daar tans geweldige eise aan die personeel gestel word, maar daar moet ook kennis geneem word van die groot aantal persone wat tot die lys van werkloses gevoeg is. Vir die senior personeellede van die SKDB, asook vir die beheerrade, is personeelrasionalisering altyd 'n pynlike ervaring. Vir die persone wat letterlik op straat gelaat is, is dit natuurlik nog veel erger.

**6.9.6** Daar is nie meer veel skopus vir personeelrasionalisering nie. As die begrotings gaan veroorsaak dat nog poste verminder moet word, sal dit moontlik die inkorting van dienste beteken.

## 7. ANDER INSTANSIES

### 7.1 HUGENOTE KOLLEGE

**7.1.1** Hugenote Kollege (in Wellington) is 'n NG-kerklike instelling vir die akademiese en professionele opleiding en geestelike vorming van studente vir Diens van Barmhartigheid. Daar is tans 256 studente (maatskaplike werk 190, jeugwerk 57 en sendingwerk 9). Die rektor is prof JPduT Fürstenberg.

**7.1.2** Bogenoemde syfer toon 'n beduidende afname in getalle - veral ten opsigte van maatskaplike werk waar werkgeleenthede skaars is. In 1996 was daar 311 studente en in 1995 325.

**7.1.3** Van 1996 se 311 studente was 161 (184) uit die Ned Geref Kerk; 52 (36) uit die Verenigende Gereformeerde Kerk en 98 (105) uit 'n totaal van 28 ander denominasies (1995 se syfers in hakies).

**7.1.4** Die toekomstige funksionering van die Kollege, samestelling van die beheerraad ens word tans deeglik heroorweeg. Volledige verslag sal aan die Algemene Sinode van 1998 gedoen word.

### 7.2 TOIBO (Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys)

**7.2.1** TOIBO is vanjaar 50jaar oud.

1. Die stigtingsvergadering van die Instituut het op 13 Maart 1947 in Pretoria plaasgevind. Die volgende persone was teenwoordig: Ds GD Worst en JF Linde (NHofG Kerk); HJ Reyneke (NG Kerk OVS); AJG Oosthuizen (NH Kerk); dr PJS de Klerk (Geref Kerk); mev SB Broers (SAVF); mnre AF Weich (FAK); A Stofberg (TO) en PJ Theron (UOD).
2. Die eerste skool wat ontstaan het, was die Transoranje Skool vir Dowes (16 Augustus 1954). Daarna het gevolg: Prinshof Skool vir Gesiggestremdes (23 November 1963); Transvalia Skool vir Epileptici (7 Julie 1972) en die Sonitus Skool vir Hardhorendes (10 April 1973). Die Martie du Plessis Hoërskool (vir serebraalgestremdes) is op 1 Julie 1974 by die Instituut geïnkorporeer.
3. Vanaf 1954 het die Instituut die skole met 'n totaal van R10 192 279 gesubsidieer. Sedert die ontstaan van die ontwikkelingsfonds in 1982 is R819 627 aan die skole toegeken.

**7.2.2** Die Instituut se belangrikste funksie is om as borgliggaam vir die skole op te tree - 'n funksie wat in hierdie tyd van dalende staatsubsidies al belangriker word. In 1995/6 het die Instituut R937 273 vir die sentrale rekening ingesamel. Dit het bestaan uit bydraes van die drie samestellende kerke (R523 938); private donateurs (R159 130) en renteverdienste (R86 079). Hiervan is R195 741 vir administrasie en fondswerwing aangewend terwyl R665 860 as subsidies aan die skole gegee kon word.

**7.2.3** Naas die sentrale rekening het die Instituut ook 'n

12 September 1997

GEBED·ROEPING·DIENS

**DIE HUGENOTE-KOLLEGE**
VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
**THE HUGUENOT COLLEGE**
OF THE DUTCH REFORMED CHURCH
POSBUS / P.O. BOX 16 WELLINGTON 7654
TELEFOON / PHONE (021) 87-31181
FAKS / FAX (021) 87-32377

Die Voorsitter van die Finansiële Kommissie
NG Gem Akasia
Posbus 17384
PRETORIA-NOORD
0116

Geagte broer/suster

**SPESIALE KOLLEKTE VIR DIE ONTWIKKELINGSFONDS - HUGENOTE KOLLEGE**

Met verwysing na my "pleitbrief" aan u gerig op 23 Junie vanjaar, versoek ek u om die onderstaande brief by die volgende kerkraadsvergadering te laat dien. Soos in genoemde brief gevra, sal ons dit baie waardeer indien u die saak van die Kollege by die vergadering sterk motiveer en persoonlik ondersteun.

Die Hugenote Kollege is naas die Teologiese Fakulteite die enigste ander tersiêre opleidingsinstansie van die NG Kerk. Sedert 1951 word Maatskaplike Werkers aan die Kollege akademies en prakties voorberei om veral in die kerk, maar ook in die wyer samelewing, diens te lewer. Die opleiding van Jeugwerkers het in 1980 begin. Vandag verrig gekwalifiseerde Jeugwerkers in menige gemeente (en gemeenskappe) werk van onskatbare waarde. Sedert 1992 is die opleiding van sendingwerkers aan die Kollege hervat. *Hervat,* want dit is reeds meer as 'n honderd jaar gelede deur dr. Andrew Murray begin. Nadat die Sendinginstituut in 1952 gesluit is, was daar egter vir 40 jaar 'n onderbreking in die opleiding van sendingwerkers in Wellington.

Om die invloed van die oudstudente van die Kollege in die NG Kerk en die samelewing na waarde te skat, is feitlik 'n onmoontlike saak. Wat wel duidelik is, is dat dié mense 'n onontbeerlike bydrae tot die taak van die kerk in die wêreld gelewer het, en steeds lewer!.

In die lig daarvan, is ons by die Kollege bekommerd oor die mening dat daar vir veral Maatskaplike Werkers, nie meer werk of toekomsmoontlikhede is nie. Op grond van hierdie mening (wat grootliks ongetoets is) word baie van ons jongmense deur beroepsvoorligters en ander meningsvormers in gemeentes en gemeenskappe afgeraai om Maatskaplike Werk as beroep te kies. Wie enigsins maar 'n oog het wat kan sien, kan die geweldige maatskaplike nood in ons land nie miskyk nie, om van die ontwikkelings- en heropboutaak nie eers te praat nie! Ons wil u as kerkraad daarom versoek om in gemeenteverband maar ook in u normale kontak met jongmense, hulle aan te moedig om opleiding as Maatskaplike Werker (Jeugwerker of Sendingwerker) aan die Hugenote Kollege ernstig te oorweeg.

Nog 'n belangrike faktor in die daling van studentegetalle is die koste verbonde aan die studie. Dit kos ongeveer R14 000-00 per jaar per student - geld wat vir menige gewillige en geskikte student net nie beskikbaar is nie. Omdat ons as kerk nie kan bekostig om hierdie jongmense te verloor nie, is die Ontwikkelingsfonds van die Kollege in die lewe geroep. Uit die fonds word studente met beurse en lenings gehelp om hulle studiekoste te delg. ***Ons glo die werk wat by die Kollege gedoen word is vir u as kerkraad en gemeente net so belangrik as vir ons en dat u bereid is om uit die geld waarmee die Here u vertrou, Sy werk te ondersteun. Daarom vra ons u om aanstaande jaar 'n spesiale kollekte op te neem vir die Ontwikkelingsfonds.*** Ons rig ons versoek juis vroeg sodat dit in berekening gebring kan word by die beplanning van u gemeenteprogram vir 1998. Indien u ons reeds laat weet het dat u 'n kollekte goedgekeur het vir volgende jaar, kan u ons laaste versoek ignoreer.

Baie dankie vir u vriendelike aandag. Mag die Here u gebruik en seën in Sy diens!

Vriendelike groete

Ds. André F. du Toit
Direkteur Ontwikkeling

NS. Sonder u ondersteuning moet hierdie kosbare werk van ***u kollege*** skade ly. Ons sê spesifiek dit is u kollege, om u opnuut daaraan te herinner dat dit 'n werksaamheid van die Algemene Sinode van die NG Kerk is, en nie net 'n "Kaapse" kollege waarby gemeentes in ander streke geen direkte belang het nie.

opvoedkundige fonds waaruit subsidies aan die skole gemaak word vir die delging van langtermynlenings asook vir die aankoop van toerusting. In 1995/96 is R17 2814 aan donasies ontvang en R16 702 aan rente verdien. Ondersteuning aan die skole vir die aankoop van toerusting (R50 000) en terugbetalings van lenings en rente (R96 872), 'n totaal van R146 872,00, het 'n bedrag van R41 676,00 oorgelaat wat na die Opgehoopte Fonds oorgedra kon word.

**7.2.4** Met kommer is waargeneem dat 'n nuwe Skolewet opgestel en aanvaar is terwyl die werk van die LSEN-Kommissie nog hoegenaamd nie afgehandel was nie. Van die sake wat in hierdie verband probleme skep is onder meer

1. die ongevoelige hantering van die saak van buitengewone onderwys deur rolspelers wat nie vertroud is met die eiesoortige aard van buitengewone onderwys nie;
2. die gevaar van onnadenkende en ideologiese verhoofstroming van buitengewone onderwys;
3. die bevoegdhede van bestuursliggame en die instellingsdatum van bestuursliggame;
4. die voorgestelde verminderde verteenwoordiging van verteenwoordigers van borgliggame in bestuursliggame;
5. die eiesoortige samestelling van bestuursliggame van skole vir buitengewone onderwys;
6. die afskaling van subsidies;
7. die rasionalisering van onderwysers/leerling verhoudinge in buitengewone onderwys;
8. die eindomsreg van skole; en
9. die feit dat die posisie van staatsondersteunde skole totaal van dié van Model C-skole verskil.

**7.2.5** Met die stigting van die Instituut was die missie christelike onderwys aan die gestremde en deur 50 jaar kon geweldig baie gedoen en bereik word. Die Ned Geref Kerk het hier (in samewerking met die Ned Herv Kerk en die Geref Kerke) 'n reuse bydrae gemaak tot die bevordering van die lewensgehalte en geestelike lewe van honderde gestremde kinders. Die Instituut sien graag die huidige veranderings nie as bedreigings nie, maar as uitdagings wat oorkom kan word.

**7.2.6 AANBEVELING - Die Sinode van Noord-Transvaal**
**1. wens die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys geluk met die herdenking van sy 50ste bestaansjaar;**
**2. bedank die Instituut vir kosbare werk wat deur die jare gelewer is; en**
**3. verseker die Instituut van sy voorbidding in hierdie tyd van moeilike onderhandelings en aanpassings.**

**7.3 KAN** (Kerklike Aksie Noodhulp)

**7.3.1** Aangesien die werk van KAN en die SKDB veral ten opsigte van gemeenskapsprojekte oorvleuel, is daar van beide kante moeite gedoen om samewerking te verbeter. Waar enigsins moontlik is dit in oorleg met die betrokke kerkrade of RKDB's gedoen.

**7.3.2** Die SSK rapporteer meer volledig oor KAN.

**7.4 CAD** (Christelike Afhanklikheidsdiens)

**7.4.1** Daar is tans 7 CAD-takke in Noord-Transvaal (Kana=Wierdapark, Jakaranda=Bronberg, Noordelike Pretoria, Brits, Warmbad, Louis Trichardt en Ellisras). In Pietersburg en Nystroom is daar ondersteuningsgroepe in samewerking met ander instansies soos AA.

**7.4.2** Na baie jare van toegewyde diens aan die CAD het ds Ampie Barnard hom verlede jaar nie weer beskikbaar gestel om in die CAD-gebiedkomitee te dien nie. In sy plek is mnr Chris Oppermann (Kana) as voorsitter van die gebiedkomitee verkies.

**7.5 BEELD KINDERFONDS**

**7.5.1** Deelname aan Beeld Kinderfonds is vir die SKDB baie voordelig: alle bydraes vanuit gemeentes in die sinodale gebied word aan die SKDB oorbetaal plus 'n persentasie van die bydraes vanaf die publiek. Hoe groter die bydraes vanaf gemeentes, hoe groter die persentasie van die "bonus".

**7.5.2** Baie dankie aan die 7 gemeentes wat die afgelope jaar bydraes aan Beeld Kinderfonds gestuur het. Die totale bedrag uit die gemeentes was R17 634. Die R5 124 uit die algemene fonds het dit tot R22 758 laat groei.

**7.5.3** Hierdie syfer toon hoe voordelig deelname is. Ander sinodes/kerke maak al baie meer daarvan gebruik. Suid-Transvaal het byvoorbeeld R58 892 bykomend tot sy R202 671 ontvang; die AGS R49 522 by R170 424 en die NH Kerk 28 521 by R98 154.

**7.5.4** Volgens die fonds se reglement moet die opbrengs vir kinders in nood aangewend word. Die SKDB het besluit om (behalwe vir geld wat spesifiek vir een van die twee kinderhuise gespesifiseer is) die volle bedrag aan die CMR Noord-Transvaal oor te betaal,

**7.5.5** Die Perskor Fonds (voorheen die Transvaler Kersfeesfonds) het intussen 'n stille dood gesterf.

**7.5.6 AANBEVELING - Die sinode bring dit onder gemeentes se aandag dat alle bydraes tot die Beeld Kinderfonds tot die voordeel van die kinder- en gesinsorgwerk van die SKDB is en versoek kerkrade om aktief met insameling ten bate van die fondse saam te werk.**

**7.6 CHRISNET**

**7.6.1 Chrisnet**

**7.6.1.1** Terwyl Kodesa in 1993 aan die gang was, het die welsynsgerigte instansies besef dat welsyn 'n lae prioriteit in die onderhandelings het. Die gevolg was dat die Welsyns-, Sosiale Dienste- en Ontwikkelingsforum ontstaan het. Ontwikkelings binne hierdie forum het die kerklike welsynsgerigte instansies laat besef dat die welsynforum nie aan hulle behoeftes voldoen nie en dat daar 'n behoefte aan 'n christelike forum is. Chrisnet was die resultaat.

**7.6.1.2** Daar is tans drie belangrike netwerke op die christelike welsynsterrein: Chrisnet (waarin veral die formele kerklike welsynsektor verteenwoordig is), die SA Raad van Kerke en EFSA (Ecumenical Foundation of Southern Africa). Tot dusver was samewerking tussen die drie netwerke maar baie versigtig, maar tydens 'n konferensie wat op 5-7 Mei 1997 in die Breakwater Lodge in Kaapstad gehou is, kon die grondslag vir 'n nuwe alliansie gelê word. Daar is besef dat ou alliansies herdefinieer moet word en dat 'n kerklike alliansie, oor ou verskille heen, noodsaaklik is. 'n Belangrike vertrekpunt is dat geeneen van die partye - die netwerke as geheel of enigeen van hulle samestellende kerke - se eie identiteit deur die alliansie bedreig mag word nie.

**7.6.1.3** Dit is 'n ideaal dat Chrisnet nie net op nasionale en provinsiale vlak sal funksioneer nie, maar juis dat dit uiteindelik 'n plaaslike forum word waarin kerke en christelike groepe mekaar kan leer ken en kan ondersteun. In 'n tyd waarin bedinging op plaaslike vlak al belangriker word, is dit noodsaaklik dat die kerke met mekaar saamwerk om sodoende met een stem te kan onderhandel.

7.6.1.4 Tot dusver het Chrisnet nog nie 'n genoegsame infrastruktuur gehad om bemarking en uitbreiding te laat realiseer nie. Die inkomste uit Operasie Vishoek het dit egter verander en dit word voorsien dat Chrisnet vorentoe 'n baie belangrike rolspeler op die Suid-Afrikaanse welsynstoneel gaan word.

**7.6.1.5 AANBEVELING - Die sinode**

**1. versoek die SKDB om, in die gees van KO art 71.3, aktief aan Chrisnet se werksaamhede mee te werk;**

**2. versoek leraars en ander belangstellendes om op plaaslike vlak by Chrisnet in te skakel;**

**3. versoek die SKDB om RKDB's en leraars van plaaslike aksies in kennis te stel.**

**7.6.2 Operasie Vishoek**

1. Met Operasie Vishoek het Chrisnet sy mees ambisieuse en suksesvolle poging tot dusver geloods.

2. In werklikheid het Operasie Vishoek by die CMR Noord-Transvaal begin. Die finansiële druk op die CMR word weens die verminderende vermoë van sowel die staat as die kerk al groter. Die CMR het gevolglik met 'n aktiewe bemarkingsaksie begin. As deel van die aksie is baie kundiges geraadpleeg en baie pogings aangepak. Een van die gesprekke was met Marketing Works, 'n BK wat spesialiseer in bemarking en fondsinsameling vir liefdadigheidsorganisasies. In die gesprek is gou besef dat 'n werklik suksesvolle aksie landwyd moet wees en ook nie aan net een kerk gekoppel moet word nie. Marketing Works het toe met Chrisnet geskakel wat die potensiaal van die projek gesien het en besluit het om dit te loods. Op 'n baie laat stadium (einde November 1996) is die SKDB-Maatskappy genader om as borg vir die projek op te tree.

3. Die projek het gedraai rondom 'n goue vishoeklapelwapen wat teen R10 verkoop word. Van die bedrag kry die verkoper R3, die welsynsorganisasie van sy kerk R1, die borg R3, Marketing Works R2 en Radiokansel en Chrisnet elk 50 sent.

4. By die opstel van hierdie verslag was die finale rekonsiliasie nog nie gedoen nie. Die sowat 15000 vishoekies wat in Namibië verkoop is, moet nog in berekening gebring word. Op grond van 173 000 vishoekies wat in Suid-Afrika verkoop is, kon daar op 12 Junie al sekere oorbetalings gedoen word. Die SKDBM het as borg al R25 000 ontvang (inkomste op geld wat nooit uit sy boeke is nie: dit was bloot as kollateraal belê vir 'n rentevrye bankoortrekking wat deur Volkskas Centurion aan die projek toegestaan is) en die AKDB R86 000 ('n bedrag wat pro-rata volgens verkope onder die SKDB's verdeel moet word). Chrisnet en Radiokansel het elk R83 000 ontvang.

5. Die eintlike wins was egter veel groter as net finansieel. Die projek is met groot entoesiasme deur die kerklike publiek ontvang en die vishoekies is op verrassende plekke opgemerk. Die grootste wins was waarskynlik die geleenthede wat gebied is vir spontane gesprekke oor Chrsitus en oor die betekenis van Paasfees met die vishoek as aanknopingspunt.

### 7.7 ANDER SINODALE KOMMISSIES

**7.7.1** Die SKDB het waar moontlik skakeling met ander sinodale kommissies probeer behou. In die besonder is gesorg vir goeie skakeling met die moderamen. Geen ingrypende aksies is deur die SKDB gedoen sonder vooraf kennisname aan (en waar nodig goedkeuring deur) die moderamen nie.

7.7.2 Enkele sake rakende samewerking tussen die SKDB en die SSK en SKF is nog uitstaande. Hieroor sal in 'n tweede verslag aan die sinode gerapporteer word.

## 8. SKDB-MAATSKAPPY

**8.1** Die SKDB funksioneer volgens sy Akte van Oprigting en Statute as 'n Maatskappy sonder Winsoorgmerk (volgens Art 21 van die Maatskappyewet). Die hoofdoelstelling van die maatskappy is "om diens van barmhartigheid aan die gemeenskap te lewer en uitvoering te gee aan die liefdesgebod van die Here wat ons in Jesus Chrsitus roep om 'n helpende hand uit te steek na ons naaste - en dan ons naaste in nood".

**8.2** Die SKDBM voer hierdie doelstelling primêr uit deur geboue te bekom en dit dan per ooreenkoms aan die SKDB en sy takke beskikbaar te stel vir die bedryf van dienste binne die raamwerk van die Ned Geref Kerk Noord-Transvaal se barmhartigheidsbediening.

**8.3** Die SKDBM beskik tans oor die volgende geboue:

**8.3.1** In Pretoria: Malanstraat 715, Riviera (kantore vir die SKDB en CMR; Berg-en-Dal); Huis HJ Piek en Huis Vergenoeg; Jakaranda Kinderhuis; Staanvas Sentrum; Pretoria Jeugsentrum.

**8.3.2** In Rustenburg: Rustenburg Rusoord.

**8.3.3** In Brits: Brits Rusoord.

**8.3.4** In Warmbad: Warmbad Rusoord en Warmbad Gemeenskapsaal.

**8.3.5** In Nylstroom: Abraham Kriel Kinderhuis Noordelike Provinsie.

**8.3.6** In Louis Trichardt: CMR-kantoor.

**8.4** Huis Wilhelmina is in die naam van die NG Kerk van Transvaal geregistreer.

**8.5** Twee van die dienste staan nie onder die direkte toesig van die SKDB nie: Pretoria Jeugsentrum word aan The Foundation, 'n aksie van die gemeente Pretoria, verhuur vir laekoste verblyf aan veral jongmense terwyl Warmbad Gemeenskapsaal aan 'n gemeenskapskomitee verhuur word wat dit aanwend as 'n dienssentrum vir bejaardes.

**8.6** By Rustenburg Rusoord en Huis Vergenoeg is via Liefdadigheidstrusts woonstelle opgerig wat per woonreg-ooreenkomste aan bejaardes beskikbaar gestel word. Die Rustenburg Liefdadigheidstrust beskik tans oor 10 woonstelle, terwyl die Waverley Liefdadigheidstrust se projek om 40 simplekswoonstelle te bou, in September 1996 voltooi is.

**8.7** Die SKDB-Maatskappye het die afgelope jaar twee van sy geboue verkoop: die AJO Jeugsentrum in Pretoria (netto opbrengs R2,8 miljoen) en Pietersburg Jeugsentrum (netto opbrengs R3,4 miljoen).

**8.8** Met die uitsondering van die Malanstraateiendom en die CMR-kantoor in Louis Trichardt, is al die SKDBM se geboue met behulp van staatslenings (gewoonlik 30 jaar teen 1% rente) bekom. Die leningsvoorwaardes bepaal dat die staat steeds 'n direkte belang by die eiendomme behou en dat dit slegs onder sekere spesifieke voorwaardes verkoop mag word. Die belangrikste voorwaarde is dat die opbrengs slegs vir dieselfde doel aangewend mag word as dit waarvoor die oorspronklike lening gegee is, of vir 'n doel so na as moontlik daaraan. Hierdie voorwaardes beperk die SKDBM geweldig by die aanwending van die opbrengs van die twee jeugsentrums. Die SKDBM het in hierdie stadium nog nie 'n finale besluit oor die aanwending van die fondse geneem nie, maar besef dat dit primêr vir die verskaffing van laekoste behuising sal moet wees. Vir die 1996/97 boekjaar is daar egter 'n toekenning van R236 700 uit die rente-opbrengs van die AJO aan die SKDB-bestuursdienste gemaak om die SKDB daardeur in staat te stel om die administrasie van die SKDBM

te hanteer. Hierdie toekenning het die SKDB in staat gestel om sy aanvraag uit die sinodale begroting sodanig te verminder dat die toekenning aan Pretoria-Wes vir die psigo-pastorale werk in Weskoppies gehandhaaf kon word.

**8.9** Die SKDBM is tans besig om met die Deo Gloria Maatskappy (voorheen bekend as die Groote Kerk Utiliteits-maatskappy) te onderhandel vir die aankoop van Vergesig Woonstelle. Hierdie eiendom sal dan vir laekoste behuising, veral vir bejaardes, aangewend word. Die transaksie is afhanklik van ministeriële goedkeuring. Dit is, ten spyte van herhaalde navrae, nog nie ontvang nie.

**8.10 AANBEVELING - Die sinode gee opdrag aan die SKDB om in oorleg met die SKF aanbevelings aan die SKDB-Maatskappy te maak insake die aanwending van die opbrengs uit die verkoop van die AJO Jeugsentrum en die Pietersburg Jeugsentrum, en om in die aanbevelings deeglik rekening te hou met relevante staatsbelange, die doelstellings van die SKDB Maatskappy en huidige en toekomstige behoeftes binne die barmhartigheidsbediening van die NG Kerk Noord-Transvaal.**

## 9. SLOTOPMERKINGS

**9.1** Die afgelope twee jaar was waarskynlik van die moeilikste in die SKDB se geskiedenis. Met die behoeftes wat al meer en hulpbronne wat al minder word, is daar soms byna onmoontlike eise aan die SKDB gestel. By 1993 en selfs 1995 se sinodesittings is gerapporteer dat daar vir moeilike tye beplan moet word - en hierdie moeilike tye het nou gekom. Dit sou lekker gewees het om te sê dat die ergste verby is. Die teendeel is egter waar.

**9.2** Die SKDB se dienste is personeelintensief. Deur selektiewe maar drastiese personeelinkorting kon tot dusver daarin geslaag word om die begrotings min-of-meer te laat klop en terselfdertyd dienste op 'n bevredigende vlak te handhaaf. Dit is egter onseker hoe lank dit nog moontlik sal wees.

**9.3** Die SKDB ervaar tans heelwat meer sekerheid van die staat se voortgesette ondersteuning van sy dienste as 'n jaar of twee gelede. Al kan daar van die staat se beoordeling oor prioriteite verskil word, is die eienaarskap wat die staat vir welsynsdienste neem, tog opvallend.

**9.4** Jakobus se samevatting van die egte godsdiens, naamlik "om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld" (Jak 1:27) bly vir die kerk 'n onontwykbare opdrag. Die tweede deel van hierdie opdrag val nie primêr op die SKDB se terrein nie, maar aan die eerste een probeer die SKDB soveel as moontlik doen. Dit bly steeds 'n wonderlike voorreg om deur versigtige beplanning, toegewyde bestuur en kundige dienslewering 'n sisteem te onderhou wat aan gemeentes 'n rugsteun bied om mense deur traumatiese ervarings heen te begelei tot herstelde verhoudings: met hulleself, met hulle omstandighede, met die maatskappy, met hulle gemeentes en - bo alles - met hulle Here. Hierin - so vertrou ons - het die SKDB in die verslagtyd geslaag en sal hy ook vorentoe 'n belangrike bydrae kan lewer.

DR DW DE VILLIERS (Voorsittter)
DR GJ CLOETE (Skriba)

# DIENS VAN BARMHARTIGHEID: BYLAE 1

# SKDB NOORD-TRANSVAAL

# ALGEMENE STATISTIEK SOOS OP 31 MAART 1997

| AFDELING | PERSO-NEEL | GETAL | INKOMSTE | | | | | UITGAWES | BALANS |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | KERK | STAAT | FOOIE | ANDER | TOTAAL | | |
| **SKDB** | **5** | **Nvt** | **535204** | **0** | **0** | **217897** | **753101** | **583454** | **169647** |
| Sekretariaat | 2 | Nvt | 298504 | 0 | 0 | 3122 | 301626 | 291433 | 10193 |
| Bestuursdienste | 3 | Nvt | 236700 | 0 | 0 | 214775 | 451475 | 292021 | 159454 |
| **CMR** | **52** | **1530** | **1145781** | **2199126** | **145554** | **339706** | **3830167** | **3836694** | **-6527** |
| CMR:oorhoofs | 20 | | 630000 | 711736 | 119659 | 50205 | 1511600 | 1511381 | 219 |
| CMR-ringe | 32 | 10397 | 515781 | 1294982 | 25895 | 289408 | 2126066 | 2132755 | -6689 |
| CMR Soshanguve | 5 | 1530 | | 192408 | | 93 | 192501 | 192558 | -57 |
| **Tuistes bejaardes** | **359** | **801** | **265110** | **3823988** | **5891232** | **1165643** | **11145973** | **11590813** | **-444840** |
| Brits Rusoord | 69 | 113 | 265110 | 662865 | 1026489 | 84899 | 2039363 | 2038434 | 929 |
| * Woonstelle | | 32 | | | 212186 | 0 | 212186 | 212334 | -148 |
| Huis HJ Piek | 77 | 92 | 0 | 872103 | 1466128 | 96532 | 2434763 | 2586388 | -151625 |
| Huis Vergenoeg | 97 | 154 | 0 | 1022793 | 1070795 | 759883 | 2853471 | 2835129 | 18342 |
| * Woonstelle | | 101 | | | 217157 | 0 | 217157 | 221845 | -4688 |
| Rustenburg Rusoord | 60 | 70 | | 660056 | 793514 | 59819 | 1513389 | 1665832 | -152443 |
| * Woonstelle | | 29 | | | 84365 | 0 | 84365 | 86503 | -2138 |
| Warmbad Rusoord | 56 | 109 | | 606171 | 803441 | 164510 | 1574122 | 1722503 | -148381 |
| **Behuising : bejaardes** | **0** | **67** | **0** | **0** | **721797** | **181154** | **902951** | **714328** | **188623** |
| Rustenburg Trust | | 14 | | | 33505 | 0 | 33505 | 29896 | 3609 |
| Waverley Trust | | 53 | | | 688292 | 181154 | 869446 | 684432 | 185014 |
| **Dienss. Vergenoeg** | **8** | **928** | | **210039** | **52122** | **86317** | **348478** | **352723** | **-4245** |
| **Berg-en-Dal** | **7** | **67** | **81000** | **0** | **107596** | **31510** | **220106** | **216111** | **3995** |
| **Kinderhuise** | **94** | **467** | **158450** | **4890935** | **67790** | **1328028** | **6445203** | **6514144** | **-68941** |
| N. Provinsie | 27 | 215 | 120284 | 2376602 | 41220 | 613645 | 3151751 | 3141780 | 9971 |
| Jakaranda | 67 | 252 | 38166 | 2514333 | 26570 | 714383 | 3293452 | 3372364 | -78912 |
| **Rehab. sentrums** | **31** | **575** | **0** | **530977** | **1088674** | **72446** | **1692097** | **1695170** | **-3073** |
| Staanvas | 23 | 501 | | 403957 | 1046416 | 68252 | 1518625 | 1502685 | 15940 |
| H Wilhelmina | 8 | 74 | 0 | 127020 | 42258 | 4194 | 173472 | 192485 | -19013 |
| **Jeugsentrums** | **19** | **0** | **0** | **0** | **355929** | **150627** | **506556** | **559362** | **-52806** |
| Pietersburg | 19 | | | | 355929 | 150627 | 506556 | 559362 | -52806 |
| **TOTAAL** | **575** | **–** | **2185545** | **11655065** | **7708897** | **3392174** | **24941681** | **25348471** | **-406790** |

# A.14 KURATORIUM PRETORIA

## 1. VERSLAGGEWING

**1. VERSLAGGEWING** - Die Kuratorium lewer vierjaarliks 'n omvattende verslag oor werksaamhede van die Kuratorium by die onderskeie sinodes van Transvaal. Die vorige volledige verslag is in 1995 gelewer. Hiermee dan 'n verkorte verslag met enkele tersake aangeleenthede.

## 2. VERTEENWOORDIGING VGKSA EN RCA

**2.1** Die Kuratorium het tydens die Sinodesittings 1995 die volgende aanbeveling aan die 4 sinodes van Transvaal voorgelê: "Die Sinode keur goed dat die betrokke reglement sodanig gewysig word dat die Verenigende Gereformeerde Kerk Noord- en Suid Transvaal en die Reformed Church in Africa een verteenwoordiger elk op eie koste in die kuratorium kan benoem."

**2.2** Die Sinodes van Wes-Transvaal, Suid-Transvaal en Oos-Transvaal het die aanbeveling goedgekeur. Die Sinode Noord Transvaal het as volg besluit: "Die sinode keur goed dat die betrokke reglement sodanig gewysig word dat die Verenigende Gereformeerde Kerk Noord- en Suid-Transvaal en die Reformed Church in Africa een verteenwoordiger elk op eie koste in die kuratorium kan benoem, met adviserende stem."

**2.3** Aangesien besluite van die vier Transvaalse Sinodes rakende gesamentlike werk alleenlik geïmplementeer kan word indien daar gelykluidende besluite geneem is, kon die besluit nie uitgevoer word nie. Die posisionering van die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit en die skakeling met die VGKSA en RCA maak hierdie verteenwoordiging dringend noodsaaklik. Waar die ander Transvaalse Sinodes reeds gelykluidende besluite geneem het, word hierdie sinode versoek om die vorige besluit te wysig.

**2.4 AANBEVELING - die sinode besluit dat die betrokke reglement sodanig gewysig word dat die Verenigende Gereformeerde Kerk Noord- en Suid-Transvaal en die Reformed Church in Africa een verteenwoordiger elk op eie koste in die kuratorium kan benoem.**

## 3. DOSENTE-AANGELEENTHEDE

**3.1 Nuwe Dekaan** - Prof WS Prinsloo het as Dekaan aan die einde van 1996 uitgetree. Prof CJ Wethmar is as nuwe Dekaan aangestel.

**3.2 Vakatures** - Die Kuratorium het goedgekeur en prof SJ Joubert van Bybelkunde is beroep as dosent in Nuwe Testament wat meebring dat prof Joubert van Bybelkunde na Nuwe Testament verskuif. Die vakatures in Kerkgeskiedenis en Kerkreg, Bybelkunde, Sending en Praktiese Teologie word vir die huidige nie gevul nie.

## 4. STUDENTEGETALLE

**4.1** Die studentegetalle is tans as volg:

| | **1993** | **1995** | **1996** | **1997** |
|---|---|---|---|---|
| BA 1 | 31 | 31 | 28 | 28 |
| BA 2 | 41 | 20 | 23 | 20 |
| BA 3 | 50 | 31 | 16 | 22 |
| BD 1 | 38 | 30 | 28 | 11 |
| BD 2 | 24 | 43 | 24 | 26 |
| BD 3 | 35 | 28 | 45 | 22 |
| | 219 | 183 | 164 | 129 |

**4.2** Die vergelykende studentegetalle vir BA en BD oor die afgelope jare is as volg:

| **1986** | **1990** | **1994** | **1996** | **1997** |
|---|---|---|---|---|
| 373 | 329 | 189 | 164 | 129 |

**4.3** Die oop kursus (medium Engels) het tans oor die BA jare die volgende studente:

| | |
|---|---|
| BA I | 7 |
| BA II | 10 |
| BA III | 9 |
| TOTAAL | 26 |

**4.4** Die nagraadse vergelykende syfers is die volgende:

| **1993** | **1995** | **1997** |
|---|---|---|
| 180 | 196 | 224 |

## 5. WITSKRIF TERSIêRE ONDERWYS

**5. WITSKRIF TERSIêRE ONDERWYS** - Die Witskrif is gepubliseer en daar word tans indringende aandag aan die implikasies van die witskrif t.o.v. die tersiêre onderwys en die toekomstige funksionering van Universiteite gegee. Die konsekwensies daarvan vir die verskillende Fakulteite en in besonder van die Teologiese Fakulteit, sal in die volgende maande duideliker word. Intussen is die fakulteit besig om die nodige strukturele aanpassings te maak om die nuwe situasie op 'n verantwoorde wyse te hanteer. Die Kuratorium is dankbaar dat dit op so 'n wyse geskied dat die konfessionele identiteit en integriteit van die Ned Geref-afdeling gewaarborg bly.

## 6. FAKULTEIT 60 JAAR

**6. FAKULTEIT 60 JAAR** - Die Fakulteit bestaan in 1998 reeds 60 jaar. Daar word gepoog om die jaarlikse teologiese dag en die verjaarsdagviering te laat saamval en om 'n besondere program aan te bied.

## 7. DANKWOORD

**7. DANKWOORD** - Die Kuratorium en Dosenteraad het hoë waardering vir die volgehoue belangstelling, betrokkenheid en ondersteuning deur die Sinode van Noord-Transvaal vir die Teologiese Opleiding te Pretoria.

Die seën van die Here word die sinode toegebid.

GJC VENTER (Skriba)

# A.15 KURATORIUM BLOEMFONTEIN

**1. OPDRAG** - Die Sinode van Noord-Transvaal 1995 het my benoem as verteenwoordiger op die Kuratorium, Kieskollege en Eksamenkommissie van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat.

**2. WERKSWYSE** - Dit was my voorreg om al die vergaderings van die Kuratorium en die Eksamenkommissie sedert November 1995 by te woon. Die Kieskollege het nie in hierdie tyd vergader nie.

**3. KURATORIUM** - Die verteenwoordigers van die verskillende sinodes buite die OVS deel volledig in die verantwoordelikhede van die Kuratorium. Die betrokkenheid van die hele kerkverband by die teologiese opleiding in Bloemfontein word ook op hierdie manier bevestig. Wat met die Fakulteit Teologie in Bloemfontein gebeur, is dus nie 'n saak wat net die Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat raak nie. Soos die fakulteite by Pretoria en Stellenbosch, staan hierdie fakulteit in diens van die totale kerkverband. Enige besinning oor die toekoms van teologiese opleiding vir die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika sal dus ook rekening moet hou met die bestaan van hierdie jongste van die drie fakulteite.

**3.1 Funksionarisse** - By konstituering is ds LM Erasmus verkies as voorsitter van die Kuratorium terwyl ds JAV Knipe weereens aangewys is as skriba. Sedertdien het beide di Erasmus en Knipe emeritaat aanvaar en is hulle onderskeidelik opgevolg deur ds M le Roux en dr MU Strauss.

**3.2 Dosente-aangeleenthede** - Prof PC Potgieter is steeds dekaan. Prof MHO Kloppers (Ou Testament) het op 1 April 1996 geëmeriteer, maar sy pos is nie weer permanent gevul nie, so ook nie die pos van prof DJ Kotzé wat op 31 Maart 1996 as dosent van die Fakulteit bedank het nie. Daar word ruimskoots gebruik gemaak van die hulp van deeltydse dosente. Dit is gebruik om die name van persone wat op hierdie wyse by die teologiese opleiding betrokke is, telkens aan die Kuratorium voor te lê vir goedkeuring. Verskeie van die dosente is volgens die nuwe reëling ook as leraars gekoppel aan gemeentes.

**3.3 Studentegetal** - Die studentegetal vir 1996 was (en is met betrekking tot BA Teologie en B Th vir 1997 volgens die verslag van die Dagbestuur van die Kuratorium) soos volg:

| | **1996** | **1997** | |
|---|---|---|---|
| BA Teologie I | 8 | 11 | |
| BA Teologie II | 11 | 7 | |
| BA Teologie III | 9 | 6 | |
| B Th I | 8 | 7 | |
| B Th II | 15 | 9 | (2 van NGKA OVS) |
| B Th III | 14 | 13 | (1 van NGKA OVS) |
| Bybelkunde I | 195 | | |
| Bybelkunde II | 49 | | |
| Bybelkunde III | 36 | | |
| CPP | 44 | | |

**Nagraads**

| | |
|---|---|
| Teologie: | |
| BA Hons | 8 |
| MA | 10 |
| M Th | 39 |
| D Th | 32 |
| PHD | 16 |
| Bybelkunde: | |
| BA Hons | 7 |
| Magister | 3 |
| | |
| D-Studente | 2 |
| | |
| Studente van ander kerke: | |
| BA | 8 |
| BA Hons | 12 |
| MA | 10 |
| PHD | 2 |
| B Th | 3 |

## 4. EKSAMENKOMMISSIE

**4.1** Die verteenwoordigers van die verskillende sinodes het telkens saam met die lede van die Sinode van die Oranje-Vrystaat volledig gedeel in die verantwoordelikheid van die nagaan van skripsies, die finale ondersoek en gesprek met die onderskeie kandidate en uiteindelik ook in die aanbeveling vir legitimasie. Die rol van die verteenwoordigers by hierdie kommissie is dus nie die van waarnemers nie, maar inderdaad van volle lede.

**4.2** In November 1995 is 14 kandidate wie se studies voltooi is, by die Kuratorium aanbeveel met die oog op legitimasie. Na *colloquium doctum*, is br Isak-Marais Kluge by die Kuratorium aanbeveel vir legitimasie.

**4.3** Ook in November 1996 is 14 kandidate by die Kuratorium aanbeveel met die oog op legitimasie.

**4.4** By geleentheid van 'n werksete word daar kontak gemaak met die dosente van die Fakulteit. Daar word gesprek gevoer oor 'n verskeidenheid van sake wat onder andere na vore gekom het tydens onderhoude met die studente.

**4.5** Die kommissie is dankbaar vir die dosente se lojaliteit aan die kerk, vir hulle uitgesproke keuse om die teologie te beoefen binne die parameters van die Gereformeerde Belydenisskrifte, en vir die ywer en toewyding wat hulle aan die dag lê.

**5. KIESKOLLEGE** - Die Kieskollege het sedert 1995 nie vergader nie, omdat die pos van prof MHO Kloppers wat met pensioen afgetree het nie weer op permanente basis gevul is nie.

Hiermee word vertrou dat uitvoering gegee is aan die bedoeling van die opdrag om die Sinode van Noord-Transvaal op die verskillende kommissies te verteenwoordig.

MC BOTHA

# A.16 KURATORIUM STELLENBOSCH

As verteenwoordiger van die Sinode op die Kuratorium asook die Eksamenkommissie te Stellenbosch doen ek graag kortliks verslag oor die afgelope twee jaar se werksaamhede. Die verslag aan die vorige sinodesitting (1995) was veel volllediger en daarom word sekere sake nie weer in diepte hier gerapporteer nie.

## 1. KURATORIUM

**1.1** Die vergaderings word jaarliks aan die einde van November gehou. Gedurende die afgelope termyn is 'n buitengewone vergadering in April 1996 gehou oor die verkoop van sekere Kuratorium-eiendomme ter waarde van R3 miljoen. Die woning van die skriba en die BUVTON-huis het hiermee in die slag gebly.

**1.2** Die waarde daarvan om 'n voltydse skriba te hê, asook oor die dienste van 'n pastorale sielkundige te beskik, word steeds met dank besef.

**1.3** Die een oorheersende saak wat die vergaderings gekenmerk het, was die kwessie van herstrukturering of eerder herposisionering van die Teologiese Kweekskool binne die Fakulteit Teologie in die lig van al die faktore. Nadat eers AKTO versoek is om aan die toekoms van teologiese opleiding aandag te gee, is op die jongsgehoue vergadering besluit om die ASK te nader om 'n oplossing te probeer vind.

## 2. EKSAMENKOMMISSIE

Daar word steeds voortgegaan met kleingroep-ondervraging. (Alle studente word in vier groepe verdeel; so ook die kommissie in die verskillende vakgroepe. Die studente roteer dan tussen die subkommissies). Dit duur twee dae aangesien lede nie ook (soos by die ander fakulteite die geval is) deel in die finale eksaminering binne die Fakulteit nie. Die kandidate wat aanmeld vir *colloquium doctum* word ingeskakel by hierdie ondervraging.

## 3. DOSENTE

**3.1** Prof E Brown het aan die einde van 1995 geëmeriteer. Hy help nog op deeltydse basis aangesien die pos nie gevul gaan word nie.

**3.2** Daar is 'n nuwe pos in die Fakulteit geskep, egter sonder enige koste vir die Ned Geref Kerk. Die persoon wat hierdie pos gaan beklee moet as skakel dien met die agtergeblewe gemeenskappe.

**3.3** Die totale dosentekorps bestaan tans uit 11 voltydse persone (die departemente Missiologie en Ekklesiologie het elk net een persoon).

**3.4** Daar is gereeld samesprekings tussen die dosente en die kuratorium. Elke departement lewer ook jaarliks 'n volledige verslag van dit wat binne die betrokke departement gedoen word.

## 4. STUDENTE

**4.1** Gedurende 1995 is 24 studente gelegitimeer, asook twee persone na *colloquium doctum*

**4.2** Gedurende 1996 is 16 studente gelegitimeer asook 3 na *colloquium doctum*.

**4.3** Twee studente wat vanweë besondere omstandighede nie verlede jaar gelegitimeer kon word nie, is vroeër vanjaar gelegitimeer.

**4.4** Tans is die getal BA en B Th studente 116. Verder is 159 ingeskryf vir M Th en 64 vir D Th asook nog een vir 'n nagraadse diploma. In totaal dus 340 studente.

**4.5** Daar is 'n dringende behoefte aan uitbreiding by die Kweekskool Biblioteek. Vanweë die onsekerheid oor die pad van teologiese opleiding kon daar nog nie verdere uitvoering gegee word aan die uitbreiding wat in die vooruitsig gestel is nie.

PR DU TOIT

# A.17 KURATORIUM STOFBERG TEOLOGIESE SKOOL (TURFLOOP)

Geen uitnodiging is na vergadering ontvang nie en daarom is daar ook geen verslag nie.

MJP GROBLER
(Verteenwoordiger van die Sinode van Noord-Transvaal)

# A.18 KERKKANTOORKOMMISSIE

## 1. OPDRAG - Die Kommissie doen verslag oor sy werksaamhede sedert die Sinode 1995.

## 2. WERKSWYSE

**2.1** Tot en met Desember 1995 het die SKKK deur middel van 'n aantal sub- en ad hoc-kommissies gefunksioneer met verslag aan die SKKK. Ten einde die werksaamhede meer vaartbelynd te maak, is besluit om die verskillende sub- en ad hoc-kommissies te integreer. So het twee subkommissies tot stand gekom, naamlik:
1. Subkommissie vir die bestuur van Bates en Laste, en
2. Subkommissie vir die Bestuur van Menslike Hulpbronne.

**2.2** Eersgenoemde hanteer alle sake wat betrekking het op finansies, eiendomme, minerale regte, begrotings, beleggings en oudit, terwyl die ander subkommissie die sake hanteer rondom personeel (traktemente, salarisse, medies, verlof, ens) asook alle eise uit die Bystandfondse van SPF en APF.

**2.3** Die subkommissies vergader elke maand behalwe in die vier maande wat die SKKK vergader. Die wisselwerking tussen die SKKK en die subkommissies is deur middel van laasgenoemde se verslae en notules.

## 3. OPDRAGTE SINODE 1995

### 3.1 KAMPTERREINE

**3.1.1** Met betrekking tot die benutting van kampterreine het die Sinode in 1993 opdrag gegee aan die SKKK om in oorleg met die SJK en SSK ondersoek te doen na die toekomstige eienaarskap, bedryf en instandhouding van die bestaande kerklike kampterreine. Hierdie saak word deurlopend, na gelang die potensiaal van die onderskeie terreine, bestuur.

**3.1.2 AANBEVELING - Die sinode besluit dat die SKKK opnuut opdrag ontvang om voort te gaan met die ondersoek insake die benutting van kerklike kampterreine met verslag aan die volgende sinode.**

### 3.2 WETGEWING ARBEIDSTERREIN

**3.2.1 Opdrag (Besluiteregister p. 438 par 195)** - Die sinode versoek die SKKK om 'n studie te onderneem tov die nuutste wetgewing op arbeidsterrein en daarna bepaalde riglyne vir die sinode voor te lê.

**3.2.2 Uitvoering** - sien 3.3.2 hierna en Derde Verslag Moderamen.

### 3.3 MENSLIKE HULPBRONNESTRATEGIE VIR DIE PREDIKANTEKORPS

**3.3.1 Opdrag (Besluiteregister p. 437 par 191.4)** - die sinode besluit om die SKKK te versoek om as sameroeper op tree vir die ontwikkeling van 'n menslike hulpbronnestrategie vir die predikantekorps van die Ned Geref Kerk van Transvaal met verslag aan die sinode.

**3.3.2 Uitvoering** - Ondersoeke deur en opdragte aan die Sinodale Kommissie vir Fondse en die Ad hoc-Fasiliteringskommissie hou direk verband met die ontwikkeling van 'n menslike hulpbronnestrategie vir die predikantekorps. Hierdie saak is so aktueel dat dit in die Moderamen se verslag opgeneem word.

## 4. WERKSAAMHEDE VAN DIE SKKK

**4.1 SAMESTELLING SKKK (Lede vir die Sinode van Noord Transvaal)** - Dr JH Voges, ds AC Swanepoel, mnr L Fourie, prof JG Huisamen en ds PS Strümpfer

**4.2 ADMINISTRASIE SKKK** - Die SKKK rapporteer met groot waardering aangaande die voortreflike wyse waarop die administratiewe funksies van die Sinodale Kerkkantoor bestuur word. Onder die bekwame leiding van die Hoofbestuurder, dr JWJ Viljoen, word alle werksaamhede wat aan die Kerkkantoor toevertrou word op 'n verantwoordelike en professionele wyse afgehandel. Die drie afsonderlike direktorate wat twee jaar gelede tot stand gebring is, speel 'n vername rol in die sukses-volle wyse waarop die Sinodale Kerkkantoor funksioneer.

**4.3 PERSONEEL VAN DIE SINODALE KERKKANTOOR** - Die Kerkkantoor het sedert die laaste sinodesitting 'n drastiese vermindering in personeel ondervind. As gevolg van die rasionalisasiebeleid van die Kerk is poste wat vakant geraak het nie weer gevul nie. Verder is pakkette aan sekere personeellede aangebied en ander het afgetree met pensioen. In sekere gespesialiseerde afdelings is persone wat pakkette ontvang het, se dienste behou op 'n kontraktuele basis. Hieronder resorteer die Kerkkantoor se Regsafdeling, Eiendomme, Minerale Regte, asook die Skribaat van die SKKK. Tans sien die poste soos volg daaruit:

**4.3.1 Personeelverspreiding**

**4.3.1.1 Sinodale dienste**

| | 1997 | 1995 |
|---|---|---|
| Hoofbestuur: | 2 | 2 |
| Personeeldienste: | 5 | 5 |
| Medies: | 3 | 3 |
| Interne Oudit: | 3 | 3 |
| Sinodale Fondse: | 7 | 7 |
| Sinodale Sekretariaat: | 10 | 10 |
| Argief & Bestuursinligtingsdienste: | 7 | 6 |
| | 37 | 36 |
| **4.3.1.2 Sinodale Pensioenfondse** | 7 | 22 |
| **4.3.1.3 Sinodale Sentrum** | | |
| Sentrum Bestuur: | 6 | 6 |
| Skoonmaakdienste: | 35 | 36 |
| Instandhouding: | 5 | 5 |
| Beskermingsdienste: | 17 | 17 |
| Teebediendes: | 3 | 3 |
| George Bousentrum: | 13 | 13 |
| | 79 | 80 |
| TOTAAL | 123 | 138 |

**4.3.2 Argief- en Bestuursinligtingsdienste** - Die Argief en Bestuursinligtingsdienste met sy personeel en al sy funksies staan onder die bestuur en begroting van die Sinodale Kerkkantoorkommissie. Sien Verslag van die Argief- en Bestuursinligtingsdienste.

**4.3.3 AANBEVELING - Die sinode spreek sy waardering uit vir die mate waartoe vakante poste in die kerkkantoor**

**nie gevul is nie en die doeltreffende administrasie wat gelewer word ten spyte daarvan.**

**4.4 BEGROTING VAN DIE SINODALE KERKKANTOOR** - sien Verslag van die Sinodale Kommissie vir Fondse.

**4.5 MEDIESE GROEPSKEMA VAN DIE NED GEREF KERK VAN TRANSVAAL**

**4.5.1 Besluite van die vorige sinode**

**4.5.1.1** Mediese Skema - Die sinode besluit dat

1. alle kerkrade, kommissies en ander werkgewers verplig is om hulle leraars en ander werknemers, wat kwalifiseer vir lidmaatskap van die Sinodale Pensioenfonds of Amptenare Pensioenfonds of Personeelvoorsieningsfonds, as lede van dieselfde mediese skema in te skakel, behalwe in die geval van getroude vroue wat as afhanklikes by hul gades se mediese skema ingeskakel is;
2. die SKKK sodanige mediese skema intussen doeltreffend beding en strategies bestuur.

**4.5.1.2** Mediese Befondsing - Die sinode besluit

1. om kennis te neem dat die doeltreffende mediese befondsing van lede in groepverband oor die langtermyn slegs moontlik is indien eise deur die aard en omvang van die betrokke skema gedissiplineer word;
2. dat alle kerkrade, kommissies en ander werkgewers, tot verdere kennisgewing deur die SKKK, verplig is om hulle leraars en ander werknemers, wat kwalifiseer vir lidmaatskap van die Sinodale Pensioenfonds of Amptenare Pensioenfonds of Personeelvoorsieningsfonds, as lede van BESTmed in te skakel, behalwe in die geval van getroude vroue wat as afhanklikes by hul gades se mediese skema ingeskakel is; en
3. dat die SKKK deurlopend met BESTmed en ander mediese fondse in onderhandeling moet bly oor onder andere die verbetering van voordele en die langtermyn doeltreffende bestuur van die skema.

**4.5.1.3** Mediese fondsvoordele - Die sinode besluit om

1. kennis te neem van die versekeringsprodukte waarmee mediese voordele aangevul kan word en by lede aan te beveel om sodanige produkte na behoefte te ondersoek;
2. lede te versoek om aktief betrokke te raak by die bestuur van hulle mediese fondsvoordele;
3. lede te versoek om BESTmed se bestuur en gesondheidsorgdienste te benut; en
4. die SKKK te versoek om as sameroeper op te tree vir die ontwikkeling van 'n menslike hulpbronnestrategie vir die predikantekorps van die Ned Geref Kerk van Transvaal met verslag aan die sinode.

**4.5.1.4** Emeriti se mediesefonds - Die sinode besluit om

1. kennis te neem van die stigting van die Emeriti-forum van die Ned Geref Kerk van Transvaal (wat die emeriti en emeritiweduwees insluit);
2. om kennis te neem van die nood van die pensioenarisse veral op die terrein van die mediese versorging;
3. om die pensioentrekkers se mediesefonds-bydraes indien moontlik te subsidieer met 'n bedrag nie minder as die huidige nie. Die sinode verleen aan die SKKK die mag om in die lig van hierdie omstandighede en die beskikbaarheid van fondse te besluit op watter wyse en in watter mate pensioentrekkers se mediese fonds-bydraes gesubsidieer kan word, met verslag aan die sinode/moderamen;
4. om kennis te neem daarvan dat die mediese subsidies van lede vir die afsienbare toekoms uit die lopende begrotings van hulle werkgewers en dié van pensioenarisse, onder andere uit subsidies wat per leraarspos van gemeentes gehef word, befonds word;
5. om die fondsekommissies van die vier Transvaalse sinodes te versoek om jaarliks, nadat daar met ander belanghebbende partye (wat die Emeriti-forum insluit) oor die pensioenarisse se mediese subsidies oorleg gepleeg is, na gelang van beskikbare fondse 'n besluit te neem oor die bedrag waarmee en die wyse waarop pensioenarisse se mediese bydraes die volgende jaar gesubsidieer word; en
6. bogenoemde reëling tree op 1 November 1995 in werking.

**4.5.1.5** Mediese fonds - Die sinode

1. neem kennis van die bevindinge van die opname;
2. keur goed dat dit as 'n basis vir voortgesette onderhandeling met die mediese fonds gebruik word;
3. versoek die SKKK om op 'n permanente deurlopende basis namens die lede van die Mediese Skema met kundigheid te onderhandel oor onder andere: Eise-geskiedenis van die groep; Eisegeskiedenis van individue; Pakket en tariefaanpassings; Voordeleskale; Dokters en Hospitaaltariewe; Aptekersbetrokkenheid; Hantering van Pensioenarisse; Traumaprobleme; en Trust of Versekeringskema's vir tariewe en pensioenarisse.

**4.5.2 Bestuursinligting** - Om te sê dat die gesondheidsdienste in die land, openbaar sowel as privaat, in 'n krisis verkeer, sou waarskynlik nie te gewaagd wees nie. Die SKKK het, onder hierdie omstandighede, van die sinode die opdrag ontvang om die mediese groepskema van die Ned Geref Kerk van Transvaal strategies te bestuur en doen in hierdie opsig graag verslag. Sedert die vorige sinode is daar deurlopend met BESTmed en lede van die groepskema geskakel om probleme te identifiseer en te hanteer. Verwikkelinge word hieronder uiteengesit, met probleme en die hantering daarvan bymekaar gegroepeer.

**4.5.2.1 *Probleem 1***

**4.5.2.1.1** Reaksie teen hoë premies/min voordele

1. Uittrede van en druk deur lede om by ander mediese skemas in te skakel, as gevolg van te hoë premies en onvoldoende voordele is aanvanklik algemeen ondervind.
2. Sommige lede wou laer premies betaal vir minder voordele (soos by Opsie V) en ander was bereid om hoër premies te betaal vir beter voordele (soos by Opsie I).

**4.5.2.1.2** Hantering

1. 'n Ooreenkoms is met BESTmed bereik dat lede vanaf 1 Januarie 1996 'n keuse kan uitoefen tussen Opsie I en Opsie V van die skema. Minder voordele kan dus vir 'n kleiner premie gekoop word. Die keuse kan slegs elke tweede jaar gewysig word.
2. Die besonderhede van lede wat eensydig uitgetree het, is aan die onderskeie Fondsekommissies deurgegee vir hantering.
3. BESTmed is gevra om 'n projeksie te maak van die invloed van die pensioenariskomponent op premies, en het kennis gegee dat premies vir aktiewe lede met ongeveer 30% verlaag sou kon word indien die pensioenaris-eise volledig van pensioenarisse gevorder sou word. Individuele lede wat goedkoper premies in die mark bekom, moet dit dus eintlik met BESTmed se premie minus 30% vergelyk.
4. BESTmed is versoek om te kwoteer vir die aktiewe- en pensioenarisgroepe afsonderlik, met die oog op die moontlikheid om alternatiewe reëlings vir aktiewe lede te tref. Hulle het aangedui dat hulle nie belang sou stel om die pensioenarisgroep afsonderlik te akkommodeer nie, aangesien die premies

onbetaalbaar sou wees omdat daar geen kruissubsidiëring sou wees nie.

5. 'n Opname is gemaak van lede wat kan en wil uittree uit die skema, met die oog op die moontlike ontbinding van die groep. Uit 'n totaal van 1560 vraelyste uitgestuur, is 592 terug ontvang (37,95%). Uit die antwoorde kon afgelei word dat slegs 64 (10,8%) van die 98 (16,5%) lede wat aangedui het dat hulle wil uittree, bevestiging kon kry dat hulle individueel by 'n ander skema aanvaar sou word. Indien al 98 as % van die ledetal op daardie stadium (1560) uitgedruk word, het net 6,28% van die lede aangedui dat hulle wil uittree.

6. 'n Ex Gratia-fonds vir mediese uitgawes is deur die SKKK goedgekeur, om te voorsien in gevalle van buitengewone en onvoorsiene mediese uitgawes. Dit is befonds deur die byvoeging van R10.00 per lid per maand by die premiestruktuur. Die eerste voordele is in Januarie 1997 uit die Fonds betaal en het R 12 826.31 beloop. Die bedrag beskikbaar was R 46 486.00.

**4.5.2.2 *Probleem 2***

**4.5.2.2.1** Tussentydse opsiewisseling - Tussentydse verwisseling van opsies as gevolg van veranderde omstandighede en finansies is deur lede aangevra. (Daar is aanvanklik ooreengekom dat opsiewisselinge elke 2 jaar sal plaasvind.) Versoeke is sover moontlik deur BESTmed geakkommodeer, maar dit was duidelik dat ernstige teenseleksie hieruit ontstaan het.

**4.5.2.2.2** Hantering - Om teenseleksie te beperk is daar met BESTmed ooreengekom dat opsiewisseling slegs in die volgende gevalle toegelaat sal word:

1. waar 'n leraar demissie neem by 'n gemeente/instansie en by 'n ander gemeente/ instansie binne die Transvaalse sinodes bevestig word en sy nuwe werkgewer se voordele verskil van die vorige werkgewer; en
2. waar 'n leraar emeriteer/'n lid met pensioen gaan, word hy toegelaat om van Opsie I na Opsie V te verander (maar nie omgekeerd nie.), aangesien sy inkomste daal en hy moontlik nie meer Opsie I se premie kan bekostig nie.

**4.5.2.3 *Probleem 3***

**4.5.2.3.1** Subsidie vir mediese voordele vir emeriti/pensioenarisse - Die probleem hier is tweeledig van aard. Enersyds voel die emeriti/pensioenarisse dat die subsidie nie voldoende is vir hulle behoeftes nie. Andersyds word die subsidie befonds uit 'n heffing per leraarspos wat deur gemeentes betaal word en daal die bedrag wat ingevorder word deurlopend as gevolg van poste wat nie gevul word nie, pastorale hulpposte wat voorkeur kry, gemeentes wat saamsmelt, ensomeer. Die tekort wat deur die sinodes aangevul moes word vir die 1996/97 finansiële jaar het R53457.91 beloop, waarvan Noord-Transvaal se deel R16988.95 was.

**4.5.2.3.2** Hantering - 'n Ad hoc-kommissie om die probleem te ondersoek is deur die SKKK aangestel. Dit bestaan uit 'n lid van elke Sinodale Kommissie vir Fondse (SKF), twee verteenwoordigers van die Emeriti-forum en die Hoofbestuurder. Die opdrag van die Ad hoc-kommissie is om oplossings te soek vir die kort- sowel as die langtermyn ten opsigte van mediese voordele vir emeriti/pensioenarisse en die befondsing daarvan. Daar is deur middel van die volgende ondersoeke deur die Ad hoc-kommissie hieraan aandag gegee:

1. Verhoging van pensioene van emeriti (Korttermyn) - Tans blyk 'n moontlike oplossing om in die pensioenfondse voorsiening te maak vir die mediese subsidie deur 'n eenmalige verhoging van die deelhebberskontribusie. Vir huidige -, en by emeritaat/pensioenering vir toekomstige emeriti/pensioenarisse, word daar dan 'n pensioen buite die Kerk se fondse aangekoop, wat voorsiening maak vir 'n hoër maandelikse pensioen wat dan ook mediese voordele insluit. Die Trustees van SPF en APF is besig om die saak te ondersoek in oorleg met die aktuaris. Indien dit so deurgevoer kan word, kan dit impliseer dat 'n aparte subsidie permanent verval.
2. Die volgende vrae het egter in hierdie opsig ontstaan wat deur die Kommissie hanteer sal moet word:

* Wat van pensioenarisse wat oorgeneem is uit die ou bedeling en wat nie aan 'n pensioen- of voorsorgfonds van die Kerk behoort nie? (Die syfer vir hierdie subsidies beloop tans ongeveer R72 000.00 per jaar)

* Wat van pesioenarisse wat in diens getree het voor die inwerkingtreding van die Voorsieningsfonds, wat te oud was vir APF, en vir wie daar onder die vorige personeelregulasies eie voorsiening gemaak is deur middel van byvoorbeeld annuïteite? Tans lyk dit of sodanige persone deur die sinodes gesubsidieer sal moet word, totdat die behoefte aan subsidie uitgefaseer is.

**4.5.3 Herstruktering van leraarspakkette (Langtermyn)** - Daar is in Januarie 1997 goedkeuring verleen deur die Algemene Sinodale Kommissie vir Fondse (AKF) dat die herstrukturering van leraarspakkette by gemeentes aanbeveel kan word. Sekere beginsels, wat binne die parameters van die Inkomstebelastingwet toegepas kan word, is deur die AKF aanvaar en later, met geringe wysigings, ook deur die Kommissaris van Binnelandse Inkomste se kantoor. Die gedagte is dat belastingbesparing aangewend kan word om voorsiening te maak vir mediese versorging na aftrede.

**4.5.4 Uitgestelde vergoedings- /Mediese bystandsfonds** - Die bogenoemde fondse is geregistreer in die naam van die Ned Geref Kerk van Transvaal deur SANLAM, en werknemers van SANLAM is behulpsaam met die herstrukturering van pakkette en inskakeling by die fondse. Die fondse het die voordeel dat inskakeling medies bewysvry is en dat die belegging, binne die huidige wetlike raamwerk, met voorbelaste geld gemaak kan word. Indien die belastingvoordeel op hierdie fondse, as gevolg van wetswysigings, teruggetrek word, sal dit slegs beteken dat die leraar die premie met nabelaste geld sal betaal.

**4.5.5 Verlaging van premies deur middel van groter opsiekeuse/bevordering van Opsie V** - Daar is 'n inligtingsvergadering met BESTmed gereël om die bogenoemde moontlikhede te ondersoek. In die lig van inligting wat daar verkry is met betrekking tot nuwe wetgewing, blyk dit dat die Opsie V tipe voordeel, onder druk van die staat, waarskynlik gaan verdwyn. Die rede hiervoor is dat die staat oordeel dat die mediese skemas hulle dan kan verskans teen enige risiko en dat die risiko teruggeplaas word op die staat. Dit maak die verdere uitbreiding van opsies en verlaging van premies in hierdie stadium 'n riskante onderneming wat BESTmed liewer wil vermy. Die moontlikhede van die ontwikkeling van meer opsies en die bevordering van Opsie V deur die SKKK word dus nie verder ondersoek nie, totdat meer duidelikheid oor die statutêre posisie daarvan verkry is.

**4.5.6 Medi-kaarte** - Die moontlikheid van medi-kaarte as 'n hulpmiddel vir emeriti/pensioenarisse is ook ondersoek. Daar is egter gevind dat die medi-kaart volgens die beginsels van 'n gewone kredietkaart funksioneer. Die kaart word volgens Standard Bank op twee wyses uitgereik:

1. As 'n debietkaart - die persoon betaal 'n bepaalde bedrag in die rekening in waarop rente verdien word en betaal mediese

uitgawes daaruit.
2. As 'n kredietkaart - die bank staan 'n bepaalde limiet toe en daar kan dan vir mediese uitgawes daarmee betaal word. Die kaartsaldo kan teen 10% van die maandelikse bedrag afbetaal word. Die voordeel van die kaart is dat daar met leweransiers onderhandel kan word vir 'n afslag soos op kontantaankope en daar is geen versekering of verdere voordeel by die gebruik van die kaart betrokke nie.

**4.5.7 Ander mediese fondse** - Daar is nie met ander "tradisionele" skemas geskakel nie, in die lig van die probleme wat pensioenarislede van Medi-help, asook Transnet se pensioenarisse ondervind met hulle voordele. Dit, saam met die eisestatistiek vir die groep soos op 31 Desember 1996, bevestig net weer dat 'n verskuiwing van die groep na 'n ander "tradisionele" skema nie die oplossing vir die probleem is nie. Daar word egter ondersoek ingestel na Managed Care ('n filiaal van Norwich Union) wat 'n bestuurde gesondheidsorgprogram is en wat 'n goeie rekord in die mark het met betrekking tot die afbestuur van eisepatrone. Hulle keur groepe voor inskakeling en met die skryf van die verslag was daar nog nie van hulle kant verdere besonderhede beskikbaar nie.

**4.5.8 Uitbreiding van bestuurde gesondheidsorg** - BESTmed is besig met die uitbreiding van sy bestuurde gesondheidsorgprogram en het in hierdie opsig reeds die volgende maatreëls in plek:
1. Daar moet nou vooraf goedkeuring verkry word vir opname in die hospitaal, wat aan die Skema die geleentheid bied om oorbenutting in hierdie opsig teen te werk.
2. BESTmed het 'n gesondheidsorgbestuurder aangestel, wat as spesifieke opdrag die afbestuur van individuele eise het.

**4.5.9 Opsomming** - Daar is tans baie minder klagtes en probleme wat aangemeld word met betrekking tot die voordelestruktuur en die invorderingsadministrasie van die skemapremies het tot 'n groot mate gestabiliseer. Die implementering van 'n groter mate van bestuurde sorg bring uiteraard in sommige gevalle ontevredenheid, maar dit word op 'n ad hoc-basis hanteer en daar blyk nie 'n krisis hiermee te wees nie. Die eisestatistiek soos op 31 Desember 1996 reflekteer 'n gesonde afname in oorbenutting, aangesien voordele gebruik as 'n % van premies betaal in totaal nou 103,86% is teenoor 'n syfer van 125% plus, toe die groep oorgeskakel het van FINMED na BESTmed. Indien daar egter slegs na Opsie I gekyk word, is die syfer 108,36%, wat duidelik toon dat die stryd nog nie gewonne is nie.

**4.5.10 Statistiese Inligting**
**4.5.10.1** NG Kerk van Transvaal se Eisestatistieke
(Eise 1 Januarie 1996 tot 31 Desember 1996)

| | OPSIE I | OPSIE V | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| Ledegeld | 9 168 976 | 7 842 896 | 17 011 872 |
| Aktiewe lede | 6 596 911 | 5 354 165 | |
| Pensioentrekkers | 2 572 065 | 2 488 731 | |
| Voordele | 9 531 944 | 6 485 227 | 16 017 171 |
| Aktiewe lede | 6 411 072 | 3 906 554 | |
| Pensioentrekkers | 3 120 872 | 2 578 673 | |
| Onbenutte voordeel Opsie V926 717 | | 926717 | 926717 |
| Onderskrywingsurplus/tekort | (362968) | 430 952 | 67 984 |
| Min: Adminkoste | 403435 | 321245 | 724680 |
| BEDRYFSURPLUS/TEKORT | (766403) | 109707 | (656696) |
| BEDRYFSURPLUS/TEKORT AS % VAN LEDEGELD | (8.36) | 1.40 | |
| Ledetalle | 740 | 793 | 1533 |
| - Aktief | 496 | 514 | 1010 |
| - Afgetree | 244 | 279 | 523 |
| Pensioentrekkerverhouding | 32.97 | 35.18 | 34.12 |

**4.5.10.2** Sien ook aanhangsels A tot C ten opsigte van eisestatistiek per ouderdomsgroep, Opsie I en Opsie V en alle lede.

**4.5.11 AANBEVELING - Die sinode versoek die SKKK om, na gelang gesondheidswetgewing, die finansiële realiteite van die sinode, die behoeftes en belange van lede, en enige ander tersake verwikkelinge, die mediese groepskema van die Ned Geref Kerk van Transvaal, in vennootskap met alle betrokkenes, steeds strategies te bestuur met verslag aan die sinode.**

**4.6 REKENARISERING** - Sedert die vorige verslag het die Kerkkantoor oorgeskakel vanaf die hoofraam na 'n PC-netwerk. Volledige besonderhede word vervat in die verslag van Argief en Bestuursinligtingsdienste.

### 4.7 HANTERING VAN FONDSE VAN SINODE NOORD-TRANSVAAL VIR AFGELOPE TWEE JAAR GEëINDIG 31-3-97

**4.7.1** Die ouditeursfirma Coopers en Lybrand het die boeke, rekeninge en bewysstukke op 'n jaarlikse basis nagegaan en dit deur middel van 'n ongekwalifiseerde verslag gesertifiseer.

**4.7.2** Fondsestate asook die gekonsolideerde balansstate is jaarliks aan die SKKK voorgelê en goedgekeur. Daarbenewens word die geouditeerde finansiële state jaarliks aan die gesamentlike dagbestuur van die Sinodale Fondsekommissie voorgelê.

## 5. SINODALE SENTRUM

**5.1** Sedert 1 Desember 1992 is die Sinodale Sentrum uit interne kerklike bronne gefinansier. Dividende, soos geprojekteer, kon vanaf 31 Maart 1993 aan die deelhebbers soos volg uitbetaal word. Vir die boekjaar geëindig 31 Maart 1993 6,88%, 31 Maart 1994 7,29%, 31 Maart 1995 7,72%, 31 Maart 1996 8,17% en 31 Maart 1997 8,63%. Hierdie stygende tendens in die dividend behoort voort te duur. Die omset van die Konferensiegeriewe was vir die boekjaar 1996/97 R1 352 709. Die hoofbron van inkomste is die verhuring van kantore. Die Sinodale Sentrum se huurbesetting was by die skryf van die verslag 93,90%. 4,0% (831,86 m$^2$) kon nie verhuur word nie omrede dit ingesluit word in 'n tender vir kantore.

**5.2** Die deelhebbersbelang was op 31 Maart 1997 soos volg:

| DEELHEBBERS | KAPITAAL EENHEDE | % BELANG |
|---|---|---|
| ALGEMENE SINODE | 1 000 000.00 | 2.6316 |
| Reserwefonds | 500 000.00 | 1.3158 |
| Stabilisasiefonds | 500 000.00 | 1.3158 |
| GESAMENTLIKE FONDSE (N,O,S,W) | 20 285 900.00 | 53.3839 |
| Sinodale Pensioenfonds | 1 277 900.00 | 3.3629 |
| Admin Reserwefonds | 2000 000.00 | 5.2632 |
| AKKH fonds | 822 000.00 | 2.1632 |
| Voortrekkergedenkfonds | 200 000.00 | 0.5263 |
| Nedersettingsfonds | 200 000.00 | 0.5263 |
| MM Robertson: Prof Inv Ltd | 113 000.00 | 0.2974 |
| MM Robertson: Blesbokvlakte | 360 000.00 | 0.9474 |
| Maria Strydom | 30 000.00 | 0.0789 |
| JHG van Oudshoorn | 19 000.00 | 0.0500 |
| RD de Klerk | 94 000.00 | 0.2474 |
| De Jager Steynfonds | 13 950 000.00 | 36.7105 |
| MSB Kritzingerfonds | 1 000 000.00 | 2.6316 |
| Teologiese Fakulteit kapitaalfonds | 220 000.00 | 0.5789 |
| NOORD-TRANSVAAL | 10 372 805.00 | 27.2969 |
| Sinode | 6 227 805.00 | 16.3890 |
| Reserwefonds | 315 000.00 | 0.8289 |
| Pastorale Spreekkamer | 100 000.00 | 0.2632 |
| SSK | 3 000 000.00 | 7.8947 |
| Jeugfonds | 500 000.00 | 1.3158 |
| SKDB Noord Transvaal | 230 000.00 | 0.6053 |

| DEELHEBBERS | KAPITAAL EENHEDE | % BELANG |
|---|---|---|
| OOS -TRANSVAAL | 6 341 295.00 | 16.6876 |
| Sinode | 3 280 295.00 | 8.6324 |
| Reserwefonds | 195 000.00 | 0.5132 |
| Stabilisasiefonds | 800 000.00 | 2.1053 |
| SJK: Algemeen | 77 000.00 | 0.2026 |
| SJK: Opvoeding & Onderwys | 3 000.00 | 0.0079 |
| SKDB Oos: Ontwikkelingsfonds | 270 000.00 | 0.7105 |
| SKDB Oos: Dullstroom | 16 000.00 | 0.0421 |
| Vrouediens: Algemeen | 10 000.00 | 0.0263 |
| Vrouediens: Beursfonds | 23 000.00 | 0.0605 |
| Vrouediens: Du Toit Studiefonds | 21 000.00 | 0.0553 |
| Vrouediens: Lettie Bosmanfonds | 6 000.00 | 0.0158 |
| SKSE: Sending Breer Verband | 40 000.00 | 0.1053 |
| SKSE: Bystandsfonds | 81 900.00 | 0.2155 |
| SKSE: Hospitaaleiendomsfonds | 890 000.00 | 2.3421 |
| SKSE: Kapitaalfonds | 45 000.00 | 0.1184 |
| SKSE: Kinderkrans | 17 400.00 | 0.0458 |
| SKSE: Opleiding | 7 900.00 | 0.0208 |
| SKSE: Reserwefonds | 20 700.00 | 0.0545 |
| SKSE: Sending Konferensies | 5 200.00 | 0.0137 |
| SKSE: Sending Ringe | 65 500.00 | 0.1724 |
| SKSE: Talekurses | 8 500.00 | 0.0224 |
| SKSE: Vrywillige Bydraes | 43 900.00 | 0.1155 |
| SKSE: Klipspruit, Bosele & Inrigtingsfonds | 414 000.00 | 1.0895 |
| **TOTALE KAPITAAL** | 38 000 000.00 | 100.00 |

| OPSOMMING: EIENAARSBELANG | | KAPITAAL EENHEDE R | BELANG IN SENTRUM % |
|---|---|---|---|
| GESAMENTLIKE FONDSE (+SPF) | 100.00 | 20 285 900 | 53.3839 |
| Noord-Transvaal se belang | 31.41 | 6 371 801 | 16.7679 |
| Oos-Transvaal se belang | 18.55 | 3 963 035 | 9.9027 |
| Suid -Transvaal se belang | 24.95 | 5 061 332 | 13.3193 |
| Wes -Transvaal se belang | 25.09 | 5 089 732 | 13.394 |
| NOORD-TRANSVAAL | | 10 372 805 | 27.2969 |

| OPSOMMING: EIENAARSBELANG | KAPITAAL EENHEDE R | BELANG IN SENTRUM % |
|---|---|---|
| OOS-TRANSVAAL | 6 341 295 | 16.6876 |
| ALGEMENE SINODE | 1 000 000 | 2.6316 |
| | 38 000 000 | 100.00 |

| OPSOMMING: BEHEER | | KAPITAAL EENHEDE R | BELANG IN SENTRUM % |
|---|---|---|---|
| Noord-Transvaal se belang | | 16 744 606 | 44.0648 |
| Oos-Transvaal se belang | | 10 104 330 | 26.5903 |
| Suid -Transvaal se belang | | 5 061 332 | 13.3193 |
| Wes-Transvaal se belang | | 5 089 732 | 13.394 |
| Algemene Sinode | | 1 000 000 | 2.6316 |
| | | 38 000 000 | 100.00 |

**5.3 AANBEVELING - Die sinode besluit dat die SKKK opnuut opdrag kry om die Sinodale Sentrum strategies te bestuur.**

## 6. SINODALE PENSIOENFONDS VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

### 6.1 INLEIDING

**6.1.1** Die SKKK het op 22 Maart 1995 besluit dat die Trustees van die SPF soos volg saamgestel word:

1. Sinodale Kerkkantoorkommissie stel 'n voorsitter aan en benoem verder een lid per sinode om die Trustees te vorm;

1.1 een lid word per sinode deur die aktiewe lede van die betrokke sinode by wyse van stembriewe aangewys, dit wil sê vier in totaal;

1.2 een lid word deur alle pensioenarisse per stembrief aangewys;

2. sekundi word soos volg aangewys:

2.1 die Sinodale Kerkkantoorkommissie wys sekundilede aan vir elk van hul primarius-verteenwoordigers;

2.2 die aktiewe lid wat die tweede meeste stemme per sinodale gebied kry, word as sekundus vir die betrokke gebied aangewys;

2.3 die pensioenaris wat die tweede meeste stemme trek, word as sekundus aangewys.

**6.1.2** Die Sinode van 1995 het tydens hulle sitting hulle verteenwoordigers aangewys soos aanbeveel deur die SKKK. Die lede van die Raad van Trustees is tans:

| | |
|---|---|
| Mnr JAJ de Kock (Voorsitter) | - (Wes-Tvl) Werkgewerverteenwoordiger |
| Ds PSHF Strümpfer | - (Noord-Tvl) Werkgewerverteenwoordiger |
| Mnr SJ Steyn | - (Suid-Tvl) Werkgewerverteenwoordiger |
| Mnr GM Lourens | - (Oos-Tvl) Werkgewerverteenwoordiger |
| Ds HJ Lombard | - (Wes-Tvl) Werkgewerverteenwoordiger |
| Ds AC Swanepoel | - (Noord-Tvl) Ledeverteenwoordiger |
| Ds CJP Niemandt | - (Suid-Tvl) Ledeverteenwoordiger |
| Ds JNJ van Rensburg | - (Wes-Tvl) Ledeverteenwoordiger |
| Ds HJ van der Schyff | - (Oos-Tvl) Ledeverteenwoordiger |
| Ds GJ Erasmus | - Pensioenarisverteenwoordiger |

**6.1.3** Die Reglement van die Pensioenfonds bepaal dat die Trustees en hul sekundi hul amp vir 'n tydperk van vyf jaar beklee.

**6.2 OPDRAG** (Besluiteregister 192.3 en 192.4 p. 438) - Die sinode besluit dat:

**6.2.1** die SKKK versoek word om dit te oorweeg om in ooreenstemming met Artikel 4.3 van die Reglement en aan die hand van bepaalde neergelegde riglyne aansoeke van onafhanklike portefeuljebestuurders te vra vir die administrasie van die Fondse;

**6.2.2** die SKKK versoek word om riglyne neer te lê vir die beheer van die beleggings van die Fonds. So 'n voorlegging moet onder anders fokus op: maksimale kontantopbrengs, balans tussen kontantopbrengs en kapitaalgroei; risikoverskansing; prestasiemeting; portefeuljehantering.

### 6.3 WERKSWYSE

**6.3.1** Die Raad van Trustees het in November 1995, na oorlegpleging, die Pensioenadministrasie oorgeneem. Die Trustees het gedurende die jaar besluit om die beleggings, behalwe die eiendomme, aan drie beleggingsbestuurders uit te kontrakteer. Vanaf Oktober 1995 is beleggings dus deur Sanlam, Rand Aksepbank Batebestuur en Senekal Mouton en Kitshoff Batebestuur hanteer. Vanaf 1 Maart 1996 is die beleggings wat deur Senekal Mouton en Kitshoff Batebestuur hanteer is, oorgeplaas na Investec Batebestuur.

**6.3.2** 'n Raad van Trustees bestuur die Fonds volgens die reëls van die Fonds en die bepalings van die Wet op Pensioenfondse. Die Raad van Trustees vergader gereeld om beleggings,


voordele en administratiewe sake te bespreek. Die Raad van Trustees doen op 'n jaarlikse basis verslag aan sy lede in die vorm van 'n Trusteeverslag sowel as 'n voordeelstaat wat aan elke lid beskikbaar gestel word. Hierdie wyse van verslagdoening is 'n statutêre vereiste aangesien die fonds 'n vaste voordeelfonds is, geregistreer ingevolge die Wet op Pensioenfondse en goedgekeur ingevolge die Inkomstebelastingwet. Die Fonds voorsien aftree- en ander voordele aan leraars van die Ned Geref Kerk van Transvaal.

**6.3.3** Aanstellings deur die Fonds:

| | |
|---|---|
| Hoofbeampte: | Dr JWJ Viljoen |
| Aktuaris: | Mnr C Erasmus |
| Ouditeure: | Coopers & Lybrand |
| Administreerder: | ABSA Konsultante en Aktuarisse, Posbus 11036, Die Tremloods, 0126 |
| Geregistreerde adres: | Sinodale Sentrum, Visagiestraat 234, Pretoria |

**6.4 DIE BATESAMESTELLING SOOS OP 31 MAART 1997**

| | 92 | 93 | 94 | 95 | 96 | 97 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **EIENDOM** | 30 292 800 | 26 569 000 | 27 047 000 | 29 877 900 | 42 259 192 | 41 728 451 |
| **AANDELE** | 70 952 587 | 68 579 757 | 84 302 373 | 99 583 452 | 211 093 969 | 228 098 819 |
| **EFFEKTE** | 4 131 946 | 3 604 613 | 8 030 003 | 4 573 035 | 52 600 964 | 77 070 267 |
| **ADMIN DEPOSITO'S** | 77 149 515 | 84 280 274 | 114 874 736 | 144 340 177 | 10 741 604 | 0 |
| **GELDMARK** | 13 278 954 | 22 638 801 | 27 237 375 | 20 561 542 | 49 744 364 | 54 468 270 |
| | 194 | 203 | 260 | 296 | 364 | 400 |




**6.5 INKOMSTEREKENING** (vir die jaar geëindig 31 Maart 1997)

| **INKOMSTE** | **1997** | **1996** | **1995** |
|---|---|---|---|
| Bydraes ontvang: Lede | 4 748 475 | 4 489 520 | 4 210 617 |
| Werkgewers | 13 286 855 | 12 181 202 | 11 632 752 |
| Oordragte vanaf ander fondse ontvang | 647 103 | 639 819 | 2 307 877 |
| Beleggingsinkomste | 45 014 492 | 76 517 488 | 39 397 639 |
| | 63 696 925 | 93 828 029 | 57 548 885 |

| **UITGAWES** | **1997** | **1996** | **1995** |
|---|---|---|---|
| Administratiewe uitgawes * | 4 886 547 | 1 781 595 | 904 205 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Voordele uitbetaal | 24 722 500 | 24 482 819 | 19 296 541 |
| | 29 609 047 | 26 264 414 | 20 200 746 |

| **OPGELOPE FONDSE** | **1997** | **1996** | **1995** |
|---|---|---|---|
| Netto inkomste | 34 087 878 | 67 563 615 | 37 348 139 |
| Opgelope fondse begin van die jaar | 365 965 154 | 298 401 539 | 261 053 400 |
| Opgelope fondse einde van die jaar | 400 053 032 | 365 965 154 | 298 401 539 |

* Die styging in Administratiewe Uitgawes kan kortliks soos volg verduidelik word: Tot en met 1995 het die Kerkkantoor self die beleggings geadministreer. Daarna, (gedeeltelik 1996) het die eksterne portefeulje bestuurders die beleggings begin administreer. Hulle fooi gedurende die tydperk was ± R670 000. Gedurende 1997 was die fooi ± R1 350 000. Vanaf die tweede helfte van 1996 is daar volgens nuwe wetgewing, 'n 17% belasting gehef op die huurinkomste. Dit het ± R2 300 000 beloop.

**6.6 LIDMAATSKAP**

| | |
|---|---|
| Ledetal op 1 April 1996 | 992 |
| *Plus* Toetredes | 26 |
| *Min* Uitbewegings | (59) |
| Ledetal op 31 Maart 1996 | 959 |
| Aantal pensioenarisse op 31 Maart 1997 | 491 |

**6.7 REGLEMENT** - Wat betref die Reglement van die Pensioenfonds het die Trustees opdrag gegee dat dit hersien en gekonsolideer word. Die opdrag is uitgevoer en die gekonsolideerde Reglement is aan die Registrateur van Pensioenfondse voorgelê.

**6.8 PENSIOENVERHOGINGS** - Die Pensioenverhogings vir 1995 en 1996 was soos volg:
1 April 1995 7.5%
1 April 1996 7%
1 April 1997 6%
Die volgende aktuariële waardasie vind plaas soos op 31 Maart 1997.

**6.9 AANBEVELINGS**

**6.9.1 Die sinode besluit dat aangesien alle lede jaarliks 'n volledige verslag vanaf die Trustees ontvang, die huidige wyse van verslagdoening aan die sinode kan verval.**


**6.9.2 Die sinode neem met dank kennis van die verslag van die Sinodale Kerkkantoorkommissie.**


DR JH VOGES (Voorsitter)
MNR BM VAN WYNGAARD (Skriba)


SKKK.A18

133

# Voordele gebruik per ouderdomsgroep
## - Opsie 1 -




Voordele gebruik per ouderdomsgroep
- Opsie 5 -
Bedrag
R 3,000,000.00
R 2,500,000.00
R 2,000,000.00
R 1,500,000.00
R 1,000,000.00
R 500,000.00
R -
74
<30
155
31-40
186
41-50
146
51-60
285
>60
Lede- en Ouderdomsverspreiding
Voordele
Ledegeld



Voordele gebruik per ouderdomsgroep
- Alle lede -
R 6,000,000.00
R 5,000,000.00
R 4,000,000.00
R 3,000,000.00
R 2,000,000.00
R 1,000,000.00
R -
Bedrag
115
<30
283
31-40
370
41-50
298
51-60
542
>60
Lede- en Ouderdomsverspreiding
Voordele
Ledegeld

# A.19.1 FONDSE: EERSTE VERSLAG

## 1. PERSONEEL

**1.1** Die Sinodale Kommissie vir Fondse bestaan uit *sewe* predikante en *drie* sakemanne wat deur die sinode aangewys is, nl: voorsitter ds AC Swanepoel (Harmonie), onder-voorsitter mnr L Fourie (Lynnwood), skriba dr JH Voges (Lynnwood), di AE van Niekerk (Wonderboom-Suid), AJH Buitendag (Potgietersrus-Oos), BJG Meyer (Renosterpoort), JF Mouton (Elandsrand), WA Pretorius (Kameeldrif) en mnre AH Lewis (Monumentpark) en LH Enslin (Brits). Die sekundi is di JJ Pienaar (Florandia), CJ van Vuuren (Sesmylspruit), JNF van der Westhuizen (Môregloed) en GG Haumann (Pietersburg).

**1.2** Die Hoofbestuurder en senior personeellede van die sinodale kerkkantoor gemoeid met sinodale fondse is by die vergaderings en werksaamhede van die Kommissie betrokke.

## 2. VERGADERINGS

Die Sinodale Komissie vir Fondse het normaalweg twee keer per jaar vergader vir die opstel van die sinodale begroting volgens die dra-vermoë van gemeentes en die hantering en bestuur van sinodale of gemeente finansiële aangeleenthede. Spoedeisende sake is deur die dagbestuur hanteer.

## 3. WERKWYSE VAN DIE KOMMISSIE

### 3.1 VERDELING VAN RINGE

Vir die bestuur en beheer van die finansiële aangeleenthede in die ring of ringsgebied, is die ringe in die sinodale gebied as volg toegedeel aan die verskillende predikante in die kommissie:

Ds AC Swanepoel - *Pretoria, Valhalla, Daspoort*
Dr JH Voges - *Hartbeesspruit, Pretoria-Oos, Sesmylspruit*
Ds AE van Niekerk - *Derdepoort, Eloffsdal, Villieria, Voortrekkerhoogte*
Ds AJH Buitendag - *Pietpotgietersrus, Waterberg*
Ds BJG Meyer - *Pietersburg, Louis Trichardt*
Ds JF Mouton - *Brits, Rustenburg, Northam*
Ds WA Pretorius - *Wonderboom, Pretoria-Wes, Pretoria-Noord*

### 3.2 VERTEENWOORDIGING OP KOMMISSIES

**3.2.1 Sinodale Kerkkantoorkommissie** – Ds AC Swanepoel, mnr L Fourie en dr JH Voges (dagbestuur)

**3.2.2 Sinodale Bedieningsfonds** – Di AC Swanepoel en AE van Niekerk

## 4. OPDRAG VAN DIE SINODE

### 4.1 BEPALING VAN GEMEENTES SE DRA-VERMOË

**4.1.1. Opdragte**

**4.1.1.1 Finansiële posisie van gemeentes**

(*Handelinge 1995: Fondse C.13.2, pt 5, bl 337*)

In die lig van die huidige finansiële posisie, asook die dra-vermoë en inkomste-verspreiding van gemeentes, besluit die sinode dat:

1. geen nuwe werksaamhede oorweeg word nie;
2. die Sinodale Kommissie vir Fondse opdrag ontvang om in oorleg met ander kommissies, die sinodale besteding verder binne die dra-vermoë van gemeentes in te kort.

**4.1.1.2 Rasionalisering en prioriteite**

(*Handelinge 1995: Moderamen: A.1.3, bl 403-404*)

Met die oog op doelgerigte vermindering van sinodale bydraes van gemeentes en 'n haalbare inkorting van sinodale werksaamhede, besluit die sinode dat:

2. Ander aanbevelings in A.1.3 met finansiële implikasies word voorwaardelik goedgekeur, met dien verstande dat:

2.1 die finansiële dra-vermoë van gemeentes deur die SKF vasgestel word aan die hand van die finansiële state en gesprek met gemeentes waar nodig;

2.2 die mate waartoe sinodale bates in hierdie verband benut kan word, deeglik deur die SKF ondersoek en verreken word;

2.3 die SKF in die proses onderhandelingsgesprekke voer met die moderamen, kommissies, verteenwoordigers en ander instansies vanuit die gedagte van 'n zero-basis begroting.

2.4 die SKF lê uiteindelik sy verslag aan die uitgebreide moderamen (Bepaling 35.3.4) voor vir oorweging. Hierdie uitgebreide moderamen het afhandelingsbevoegdheid.

**4.1.1.3 Uitstaande sinodale bydraes**

(*Handelinge 1995: Fondse: C.13.3, pt 5, bl 339*)

5.4 Die sinode besluit dat sy opdrag aan die SKF herhaal word om dié kerkrade wat nie in die vermoë is om hulle sinodale bydraes by te haal nie, in die soek na 'n oplossing by te staan en waar nodig maatreëls te tref wat hierdie gemeentes tegemoet kom, sonder om die ander gemeentes daardeur te benadeel, of die las van die uitstaande sinodale bydraes aan die ander gemeentes af te wentel.

**4.1.2 Uitvoering van die opdrag**

**4.1.2.1 1995/96 finansiële jaar**

**1.** Die *dagbestuur* van die SKF het gedurende Okt/Nov'95 *sewentien* van die *twintig* ringe in die sinodale gebied besoek en by elke geleentheid oor die belangrikheid en wyse van finansiële bestuur gepraat, veral in terme van die bestuur van inkomste. Dokumentasie in die verband is ook beskikbaar gestel. Daarna is met elkeen van die finansiële kommissies van *109* gemeentes afsonderlik onderhoude gevoer oor elke gemeente se finansiële dra-vermoë itv hul 94/95 finansiële state en begroting vir 95/96.

**2.** Vir die bepaling van gemeentes se dra-vermoë sedert '96, is hierdie dra-vermoë bereken op grond van elke gemeente se:

* differensiasie van samestelling
* toekomsverwagting en moontlikhede
* bestuur van gemeenteskuld
* finansiële bestuur van gemeentefondse

**3.** Daar is in die gesprekke onderskei tussen die *betaal-* en *dra-vermoë* van 'n gemeente. Die *dra-vermoë* verwys dan na 'n gemeente se finansiële vermoë wat hy volgens sy gegewe inkomste kan bekostig, met inagneming van alle moontlike beperking en tekortkominge in sy finansiële bestuur van gemeente-inkomste wat veroorsaak dat 'n gemeente se inkomste laer is as wat die lidmate behoort of kan gee (betaalvermoë).

**4.** Die gesprekke met die verkillende gemeentes se finansiële kommissies het na die waarnemening van die dagbestuur baie positief verloop en in die proses is met hul samewerking onderhandel oor elke gemeente se dra-vermoë. Vanweë die omvang en beperkte tyd om die besoekte volledig te kon afhandel is kon die Ringe van Hartbeespruit, Pretoria en Pretoria-Wes nie besoek word nie (15 gemeentes).

**4.1.2.2 1996/97 finansiële jaar**

**1.** In die lig van die resultate wat met die vorige besoeke behaal is, het die moderamen die SKF versoek om soortgelyke besoeke aan elke ring en gemeente in die sinodale gebied te doen met die oog op die vasstelling van die dra-vermoë van gemeenes vir die opstel van die sinodale begroting vir 97/98.

**2.** Gedurende Jan/Feb'97 is al *twintig* Ringe in die sinodale gebied besoek en by elke geleentheid gesprek gevoer oor die bestuur en aanwending van sinodale bydraes en die implikasies van die resultate van die vorige jaar se besoeke. Tydens hierdie besoek is ook met die verteenwoordigers van elke gemeente (*129 gemeentes*) gesprek gevoer oor hul gemeentes se finansiële bestuur en in terme van hul gemeente se finansiële potensiaal, is hul dra-vermoë vir 97/98 finansiële jaar bepaal.

**4.1.2.3 Opstel van sinodale begroting**

Die SKF het gewoonlik aan einde van elke finansiële jaar (Jan/Feb) al die sinodale kommissies ontmoet met die oog op die kommissies se voorleggings vir die opstel van die sinodale begroting. Vanweë 'n druk tydskedule om hierdie voorleggings tesame met die gemeentes se dra-vermoë bepalings betyds te kon afhandel met die oog op die opstel van die begroting het 'n paar leemtes ontstaan wat in die toekoms beter bestuur moet word, *byvoorbeeld*: sinvolle inkomste- bestuur is dikwels ten-koste van uitgawebestuur gedoen; onnodige kommunikasie probleme oor die finalisering en bestuur van die begroting het ontstaan as gevolg 'n gebrekkige eienaarskap vir die begroting.

**4.1.2.4 AANBEVELINGS**

**4.1.2.4.1 In die lig van die resultate met die jaarlikse besoeke aan die ringe en gemeentes in die sinodale gebied, gee die sinode opdrag aan die SKF om soortgelyke besoeke aan elke ring en gemeente in die sinodale gebied te doen met die oog op die vasstelling van die dra-vermoë van gemeentes vir die opstel van die sinodale begroting.**

**4.1.2.4.2 Die SKF kry opdrag om die volgende aksiestappe te oorweeg met die oog opstel en bestuur van die sinodale begroting:**

**1. 'n *Inligtingskonferensie* word met alle sinodale kommissies gehou waarin die begrotingsbeleid van die sinode oorgedra word en ook die huidige stand van die sinodale begroting bespreek word. Kommissies word dan versoek om hul kommissiebegroting in die lig hiervan voor te berei. Elke kommissie kry daarna afsonderlik geleentheid om hul *kommissiebegroting* aan SKF voor te lê en te motiveer.**

**2. Intussen *besoek die SKF al die ringe en gemeentes* met die oog op die vasstelling van gemeentes se dra-vermoë met die oog op die opstel van die sinodale begroting.**

**3. Die SKF stel dan met die bogenoemde inligting van kommissies en gemeentes so 'n realisties-moontlike *voorlopige begroting* saam, wat as *konsep* dien op 'n begrotingskonferensie.**

**4. *'n Verdere begrotingskonferensie* word met alle sinodale kommissies gehou met die oog op finalisering van die begroting vir voorlegging aan die uitgebreide moderamen.**

**4.1.2.5 Tendense ten opsigte van gemeentes se dra-vermoë**

**4.1.2.5.1 Bekostigbaarheid van predikantsposte**

**1.** Dit blyk dat elke predikantspos in die sinodale gebied ±*276 besoekpunte* bedien. Die syfer styg in die middestadsgemeentes tot so hoog as *396* (Ring van Pretoria) en in marginale gemeentes tot so hoog as *512* (Erasmia). Hoewel hierdie ook 'n aanduiding is van hoeveel besoekpunte min of meer in 'n bepaalde gebied (dit wissel tussen die stad- en plattelandse gemeentes en ook tussen die verskillende voorstede in die stad) 'n predikantspos kan bekostig, raak dit 'n geweldige dilemma as dié besoekpuntgetal daal na minder as die helfte van die besoekpunte wat veronderstel is om so 'n predikantspos te kan bekostig. Hierdie bekostigbaarheidsdilemma word oor die algemeen baie swak deur kerkrade bestuur.

**2.** Die misbruik van *KO artikel 12 en 13*, allerlei *oorlewingsmaatreëls* en skiet vir *geadverteerde poste* of *tentmakerbediening* het 'n algemene verskynsel geword wat geweldig eroderend op predikante en kerkrade se motivering inwerk

**3.** Gemeentes met 'n marginale dra-vermoë het of te min besoekpunte om 'n predikantspos te regverdig of te veel om deur 'n enkele predikant behartig te kan word. Laasgenoemde probleem kom veral in die middestadsemeentes en gemeentes in die Moot en weste van Pretoria voor. Die vraag ontstaan of dit billik is teenoor ander gemeentes in 'n ring of sinodale gebied om maar net hierdie marginale gemeentes "aan die lewe" te hou met kruissubsidie en of daar na alternatiewe bedieningsmoontlikhede gekyk moet word nie ?

**4.1.2.5.2 AANBEVELING - Die sinode neem kennis van die volgende aanbevelings wat verwys is na die *fasiliteringskommissie* vir voorlegging aan die sinode:**

**1. Die sinode besluit dat *indringend* en *spoedig* gekyk word na 'n meer effektiewe aanwending en benutting van predikante in die bediening.**

**2. Daar gesoek word na *alternatiewe maniere* waarop predikante van standplase sou kon verwissel en predikantsposte geskep sou kon word vir bediening in gemeentes wat vanweë hul finansiële vermoë dit nie kan bekostig nie.**

**3. Alternatiewe maniere van predikantsbesoldiging na gekyk word, bv predikante deur die sinode betaal word volgens FSA peromnes skale.**

**4. Meer moeite gedoen word itv die motivering en pastorale versorging van predikante in die bediening.**

**5. Ondersoek ingestel word na die moontlikhede van personeelbestuur en beter praktykopleiding van predikante.**

**4.1.2.6 Gemeenteskuld**

**1.** Een van die ergste remmende faktore by baie gemeentes, is die enorme *skuldlas* waarmee hulle sit: . 'n skuldlas in die sinodale gebied, wat met die bepaling van gemeentes se dra-vermoë vir die 96/97 finansiële jaar *29%* (***R18 971 514***) van gemeentes se inkomste was. Desnieteenstaande begroot gemeentes vir tekorte, doen allerhande skenkings aan buite-instansies, bedryf kerkkantore wat hul nie kan beskostig nie en skep nuwe poste of probeer met 'n uitgawe-bestuurs-benadering oorleef terwyl hul nie hul sinodale bydrae kan bekostig nie en al meer agterstallig raak in die betaal van rente op skuld, salarisaanpassings ens.

**2.** Daar is ook gemeentes met 'n skuldlas agv bouprojekte (kerke, kategeselokale en pastorieë) en afstigtings wat nooit moes plaasgevind het nie. Ander gemeentes se skuldlas ontstaan gewoon agv swak gemeente bediening van predikante en kerkraadslede, swak finansiële bestuur, ontvolking van die bedieningsgebied en lidmate se swak finansiële bydraes of die ouderdomsamestelling in daardie gemeentes.

**3.** Vir die 96/97 finansiële jaar het dit meegebring dat van die 129 gemeentes in die sinodale gebied slegs *37 gemeentes* hul dra-vermoë volgens tabelwaarde kon bekostig; 47 gemeentes kon slegs 'n marginale bydrae (R1 200 per jaar) bekostig terwyl 45 slegs 'n gedeelte van hul dra-vermoë kon bekostig.

Dit kom daarop neer dat 72% van die gemeentes in die sinodale gebied finansieel tegemoet gekom moes word omdat hulle nie hul dra-vermoë volgens tabelwaarde kon bekostig nie.

**4.** Dit wil voorkom asof hierdie *tegemoetkominge* en die *nuwe* wyse van berekening van gemeentes se dra-vermoë gemeentes tog gemotiveer het tot 'n beter bestuur van hul gemeente-inkomste en daadwerklike pogings om gemeenteskuld af te werk. Daar is nog enkele gemeentes wat die sinodale bydrae as enigste sondebok wil uitmaak vir hul finansiële verknorsing en andere wat probeer om die sisteem tot eie gewin te probeer uitbuit. Dit bly steeds die SKF se voorneme om hieraan prioriteit aandag te gee.

**5.** Volgens die jongste finansiële state (96/97) blyk dit dat van die 129 gemeentes in die sinodale gebied, slegs 36 gemeentes hul dra-vermoë volgens tabelwaarde kon bekostig. Maar in die geheel gesien lyk die prentjie aansienlik beter as die vorige finansiële jaar. Slegs 53 gemeentes moes tegemoet gekom word omdat hulle nie hul dra-vermoë volgens tabelwaarde kon bekostig nie, terwyl van net 36 slegs 'n marginale bydrae verwag kan word. Alhoewel 8 meer gemeentes as die vorige jaar tegemoet gekom moes word omdat hulle nie meer hul dra-vermoë volgens tabelwaarde kon bekostig nie, het 11 gemeentes die afgelope finansiële jaar so herstel het dat hul meer as net 'n marginale dra-vermoë kan bekostig,

**6.** Hoewel baie gemeentes baie hard gewerk het en allerhande pogings aangewend het om hul skuldlas te verminder, is die goeie nuus dat die skuldlas in totaal van ***R19 771 140*** (94/95) met 'n verdere *R799,626* verminder het tot ***R18 971 514*** (95/96). Dit lyk asof daar gedurende die 96/97 finansiële jaar 'n daling van *R3 717 291* skuld voorsien word na 'n totale bedrag van ***R15 254 223***. Die effense herstel van gem*eentes se* dra-vermoë potensiaal en verandering in hul skuldlas, het tot gevolg gehad dat gemeentes se dra-vermoë 8% beter as die verwagte begroting vir die tydperk was.

**4.1.2.7 AANBEVELINGS**

**1. Die SKF kry opdrag om gemeentes steeds te help en te motiveer om gemeentebegrotings volgens gesonde finansiële beginsels/praktyke te bestuur.**

**2. Die SKF bied in samewerking met die kerkkantoor inligtings- en motiveringsgeleenthede vir gemeentes aan tov die toepassing van effektiewe bestuursbeginsels in die gemeente, alternatiewe fondsgenerering ens.**

**3. Die kerkkantoor se *Handleiding vir Kassiere en Saakgelastigdes* word op koste van die sinode aan gemeentes gestuur.**

## 5. SINODALE BEGROTING

Om in die lig van die huidige finansiële posisie van die sinode, die dra-vermoë van gemeentes en inkomste-verspreiding, vir die 97/98 finansiële jaar 'n sinvolle begroting vir die sinode te kan opstel, is die implikasies van die aanpassings wat in die verkillende sinodale kommissies en gemeentes vir die volgende twee jaar gemaak moet word, so ingrypend dat die SKF oordeel dat die volgende aanpassings met die oog op die opstel van hierdie begroting in ag geneem behoort te word:.

### 5.1 Dra-vermoë van gemeentes vir 97/98

Die sinode neem kennis dat die sinodale bydraes (bereken volgens die dra-vermoë van gemeentes) vir die begroting met ingang *1 April '97* ongeveer *11%* beter is as die geskatte bedrag vir die tydperk en dat hierdie potensiaal in berekening gebring moet word met die opstel van die 97/98 sinodale begroting.

### 5.2 Oorwegings tov sinodale begroting vir 97/98

**5.2.1 Rasionalisering en prioriteite**

(*Handelinge 1995: Moderamen: A.1.3, bl 403-404*)

Die SKF in die proses onderhandelingsgesprekke voer met die moderamen, kommissies, verteenwoordigers en ander instansies vanuit die gedagte van 'n zero-basis begroting.

**5.2.2 Besluite van SKF**

**1.** Vir die opstel van die begroting word die beginsel aanvaar dat die SKF *gespesifiseerde begrotings* van sinodale kommissies aanvra met die oog op die opstel van 'n *globale begroting* wat voorgelê word vir goedkeuring.

**2.** Die SKF keur dit goed dat daar aan die beginsel gewerk word van die uitfasseer van gesamentlike werksaamhede van verskillende streeksinodes vanweë moeilike finansiële bestuur van sulke werksaamhede en verwys dit na die moderamen vir bespreking.

**5.2.3 Begroting: verdeling tussen sinodes**

(*Agenda 1995: Fondse: A.13.1, pt 5.2.5.1, bl 169*)

Die persentasie waarop die bydraes vir gesamentlike werk tussen die sinodes in Transvaal verdeel word, word jaarliks hersien aan die hand van die verdelingsbasis vir die begroting van die Algemene Sinode wat op lidmaatgetalle volgens die jaarboek gebasseer is.

### 5.3 Sinodale Begroting vir 97/98

**5.3.1 Opdrag** - Kerkorde 1995, Bep 35.4.7.2.3

**5.3.2 Lening sinodale sentrum**

**1.** Oor die verkoop van sinodale eiendomme en aanwending van die fondse wat hieruit genereer word, die volgende:

**1.1** Uitstaande lening op sinodale sentrum einde April '97 sal R3 753 991 wees, omdat SKF gedurende 1996 bedrae van R1 000 000 uit die Stabilisasiefonds en R200 000 uit die Reserwefonds oorbetaal het ter wille van rentebesparing.

**1.2** 'n Aanbod van R5 900 00 is gemaak vir die koop van die plaas Bethesda, en soos reeds ooreengekom met SSK word die bedrag gebruik om die lening op die sinodale sentrum af te los, met dien verstande dat die bedrae uit die Stabilisasie- en Reserwefonds terugbetaal word, en dat die tabelwaarde waarop gemeentes se dra-vermoë bepaal word persentasiegewys verminder word in verhouding met die R600 000 wat nie meer nodig is om vir rentedelging te vorder nie.

**1.3** Kranspoort word ook tans bemark vir verkoop en 'n aanbod van R782,680 is gemaak vir die koop van beide gedeeltes van die Kranspoort plaas.

**1.4** Onderhandeling is aan die gang met die Bond van Oudsonoppers en die Sonopraad om Sonop-tehuis by die kerk te koop.

**2.** Indien van hierdie transakies in 97/98 sou realiseer, word die sendelingposte op SSK begroting se salarisse op volskaal herstel, terugwerkend vanaf 1 April '97.

**3.** Die restant van die verkoopbedrae word aan die gemeentes as 'n *pro rata*-bedrag terugbetaal van die *sinodale sentrumlening* wat hulle aan die sinode gemaak het, waarna die uitstaande bedrag op hierdie lenings afgeskryf word.

**4.** Dat met die afbetaal van die lening op die sinodale sentrum en met inagneming van die opbrengs uit die sentrum, wat dan nie meer vir renteskulddelging aangewend hoef te word nie, hierdie besparing aan gemeentes terugbesorg word deur die sinodale bydrae met tenminste 10% te verminder.

5.3.3 AANBEVELINGS

**1. Die sinode neem kennis dat vanweë *grondeise* wat intussen ingestel is teen die verkoop van Bethesda en Kranspoort, daar 'n nadelige omswaai van die sinodale begroting vir 97/98 van R1 085 000 is. Die SKF kry opdrag om ter sinode 'n *gewysigde begroting vir 97/98* aan die sinode voor te lê vir goedkeuring.**

**2. Die sinode neem kennis dat die realisering van punte 5.3.2 (1-4) onderhewig is aan die verkoop van bogenoemde eiendomme, maar keur 5.3.2 (1-4) in beginsel goed as riglyne waarvolgens die inkomste uit die verkoop van die eindomme bestee moet word.**

**3. Die sinode gee ook opdrag aan SKF om met die verkoop van enige van bogenoemde eiendomme van die bogenoemde aanbevelings na goeddunke te realiseer, afhangende van die bedrae en prioriteite wat dan ter sake is.**

**5.4 Gemeentetrusts**

**5.4.1** Sommige gemeentes begin allerhande *intervivo trusts* stig as vermydings(ontduiking)poging in die berekening van sinodale bydraes en om ander sinistêre redes.

**5.4.2 AANBEVELING - Die sinode besluit:**

**1. Die skep van enige trusts, van watter aard ookal, sal alleen geldig wees na die voorlegging en motivering van 'n trustakte vir so 'n trust aan die SKF vir goedkeuring deur die moderamen.**

**2. Enige rente wat deur trusts gegenereer word, word as gemeenteinkomste beskou en as sodanig in berekening gebring by die bepaling van 'n gemeente se dra-vermoë.**

**5.5 Gewysigde Begroting**

**5.5.1** In die lig van die feit dat die verkoop van sinodale eiendomme nie op datum gerealiseer het nie (vgl pt 5.3.3.1), stel die SKF die volgende gewysigde begroting voor vir goedkeuring: (vgl Bylae A)

wysig 3.1.1 met R 7 175 (salarisregstelling)
wysig 3.1.5 met R 40 000 (Akad hosp werker)
wysig 3.2.3 met R 36 840 (vakante pos)
wysig 3.4.3 met R 264 605 (Sending Ringe)
wysig 3.4.4 met R 46 823 (Indiërsending)
wysig 3.5.2 met R 174 000 (sinodekoste)
wysig 3.5.5 met R 550 000 (sentrumfonds)
wysig 3.5.6 met R 200 000 (bedieningsfonds)
wysig sentrumverdienste met R 535 000

**5.5.2** Hierdie wysigings verhoog die goedgekeurde begroting vir 97/98 met R410 148 na R5 000 000

**5.6 AANBEVELINGS**

**5.6.1 Die sinode neem kennis van die begroting vir 97/98 soos deur die Sinodale Kommissie vir Fondse in opdrag van die sinode hanteer en goedgekeur is (vgl Bylae A).**

**5.6.2 Die sinode keur die *gewysigde* begroting vir 97/98 soos deur die Sinodale Kommissie vir Fondse in opdrag van die sinode hanteer, soos gewysig goed.** (vgl Bylae A)

**5.6.3 Die sinode neem kennis dat die sinodale bydrae vir 97/98, bereken volgens die dravermoë van gemeentes, ongeveer R5 448 886 behoort te wees en keur dit goed dat die verkil tussen die sinodale begroting (R5 000 000) en die totale bedrag sinodale bydraes betaal, aan gemeentes terugbetaal word in terme van 'n persentasie vermindering op gemeentes se tabelwaardes vir 97/98 finansiële jaar.**

## 6. ANDER SAKE

**6.1 REISKOSTE EN DAGGELDE** - Voldoende voorsiening is op die begroting onder *koste eie sinode* vir die reiskoste en daggelde van sinodegangers gemaak.

**6.2 HONORARIA – SINODESITTING**

**6.2.1** Die sinode het in 1987 besluit (554: 5.7.2) dat, met die uitsondering van die moderatuur, alle afgevaardigdes van die sinode ten opsigte van honoraria op gelyke basis behandel word.

**6.2.2 AANBEVELING - Die sinode keur die volgende honoraria goed vir dienste tydens die sinodesitting deur die moderatuur gelewer:**

| | |
|---|---|
| **Moderator** | **R 1,150** |
| **Assessor** | **R 920** |
| **Aktuarius** | **R 850** |
| **Skriba** | **R 1,150** |

## 7. SLOT

Die Sinodale Kommissie vir Fondse vertrou dat die opdrag van die kommissie met verantwoordelikheid teenoor die betrokkenes uitgevoer is en bid die vergadering die seën van die Here toe op die verdere werksaamhede van die sinode.

DS AC SWANEPOEL (Voorsitter)
DR JH VOGES (Skriba)

**BYLAE A**

# BEGROTING NOORD-TRANSVAAL 1997/98
## OPSOMMING VAN SINODALE BYDRAES

| | Begroting 1995/96 | Begroting 1996/87 | Begroting 1997/98 | *Gewyside begroting* 1997/98 |
|---|---|---|---|---|
| **1. Gesamentlike fondse Oos-, Suid-, Wes-Transvaal** | | | | |
| 1.1 Argieffonds | 167 981 | 0 | 0 | *0* |
| 1.2 Suid-Mosambiek Sending | 40 558 | 32 016 | 45 128 | *45 128* |
| 1.3 Ned Geref Kerk in Afrika Kuratorium | 55 197 | 38 602 | 44 594 | *44 594* |
| 1.4 Versorgingsfonds | 20 676 | 41 314 | 54 239 | *54 239* |
| 1.5 Transoranje Instituutfonds | 60 503 | 63 458 | 62 620 | *62 620* |
| 1.6 Administrasieheffingsfonds | 503 802 | 646 368 | 637 825 | *637 825* |
| 1.7 Sinodale Kerkkantoorkommissie | 37 945 | 31 805 | 0 | *0* |
| | **886 662** | **853 563** | **844 406** | ***844 406*** |
| **2. Gesamentlike fondse Noord en Oos-Transvaal** | | | | |
| 2.1 Bediening van dowes | 72 414 | 83 383 | 0 | *0* |
| 2.2 Indiërsending | 71 191 | 82 690 | 0 | *0* |
| 2.3 Sendingkommissie | 283 167 | 217 008 | 231 459 | *231 459* |
| | **426 772** | **383 081** | **231 459** | ***231 459*** |
| **3. Eie fondse Noord -Transvaal** | | | | |
| **3.1 Diens van Barmhartigheid** | | | | |
| 3.1.1 SKDB Sekretariaat | 273 040 | 292 550 | 305 893 | *313 068* |
| 3.1.2 SKDB Maatskaplikewerkdiensfonds | 604 950 | 630 000 | 693 000 | *693 000* |
| 3.1.3 Inligtingsfonds | 285 000 | 0 | 0 | *0* |
| 3.1.4 SKDB Administratiewe Dienstefonds | 30 610 | 239 249 | 0 | *0* |
| 3.1.5 Hospitaalbedieningsfonds | 285 314 | 0 | 151 190 | *191 431* |
| | **1 478 914** | **1 161 799** | **1 150 083** | ***1 197 499*** |
| **3.2 Gemeentebou** | | | | |
| 3.2.1 Administrasiefonds | 120 301 | 66 660 | 65 460 | *65 460* |
| 3.2.2 Evangelisasiespreekkamer | 59 570 | 0 | 0 | *0* |
| 3.2.3 Bediening van dowes | 0 | 0 | 147 590 | *110 750* |
| | **179 871** | **66 660** | **213 050** | ***176 210*** |
| **3.3 Jeug** | | | | |
| 3.3.1 Administrasie | 51 591 | 0 | 0 | *0* |
| 3.3.2 Bearbeiding Studerende Jeugfonds | 575 825 | 561 835 | 530 000 | *530 000* |
| | **627 416** | **561 835** | **530 000** | ***530 000*** |
| **3.4 Sending** | | | | |
| 3.4.1 Administrasiefonds | 75 571 | 0 | 0 | *0* |
| 3.4.2 Sending Breër Verband | 2 790 | 0 | 0 | *0* |
| 3.4.3 Sending Ringe | 731 494 | 582 389 | 854 194 | *589 589* |
| 3.4.4 Indiërsending | 153 453 | 139 423 | 187 446 | *140 623* |
| | **963 308** | **721 812** | **1 041 640** | ***730 212*** |
| **3.5 Ander fondse** | | | | |
| 3.5.1 Algemene Reserwefonds | 100 | 100 | 100 | *100* |
| 3.5.2 Sinodalefonds | 552 919 | 615 000 | 725 964 | *551 964* |
| 3.5.3 Vrouediensfonds | 29 700 | 21 500 | 23 500 | *23 500* |
| 3.5.4 Pastorieëfonds | 14 650 | 14 650 | 14 650 | *14 650* |
| 3.5.5 Sinodale Sentrumfonds | 600 000 | 600 000 | 50 000 | *600 000* |
| 3.5.6 Bedieningsfonds | 0 | 0 | 300 000 | *100 000* |
| | **1 197 369** | **1 251 250** | **1 114 214** | ***1 290 214*** |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Totaal eie fondse** | **4 446 878** | **3 763 356** | **4 048 987** | **3 924 135** |
| **Gesamentlike *vier* Sinodes** | 886 662 | 853 563 | 844 406 | 844 406 |
| **Gesamentlik Noord- en Oos-Transvaal** | 426 772 | 383 081 | 231 459 | 231 459 |
| | **5 760 312** | **5 000 000** | **5 124 852** | **5 000 000** |
| **minus Sentrum Verdienste** | | | 535 000 | |
| | **5 760 312** | **5 000 000** | **4 589 852** | **5 000 000** |

# B. BESKRYWINGSPUNTE

**B.1 EREDIENS** - geen

**B.2 JEUG** - geen

**B.3 GEMEENTEBOU**

**B.3.1 Visie en Missie vir die Kerk**

Die sinode word versoek om hom uit te spreek rondom die formulering van 'n visie en 'n missie vir die kerk ter wille van leiding aan ringe en kerkrade en gemeentes.
RING VAN WONDERBOOM

**B.4 SENDING** - geen

**B.5 DIENS VAN BARMHARTIGHEID** - geen

**B.6 VROUEDIENS** - geen

**B.7 LEER EN AKTUELE SAKE**

**B.7.1 Waarskuwing aan kerk teen vroomheidsdwaling**

Die Ring van Louis Trichardt is van oordeel dat dit nodig is dat die Ned Geref Kerk gewaarsku word teen 'n charismatiese/spiritualistiese/subjektiwistiese vroomheidsdwaling.
RING VAN LOUIS TRICHARDT

**B.7.2 Drie Formuliere van Eenheid**

Die Ring van Louis Trichardt is van mening dat die Gereformeerde waarhede (veral oor wet en evangelie/heiliging en regverdiging) wat in die Drie Formuliere van Eenheid vervat is, 'n meer regmatige plek in die algemene godsdiensbeskouing van die Ned Geref Kerk moet kry. Daarom rig die Ring van Louis Trichardt 'n ernstige versoek aan die Sinode van Noord-Transvaal (vir deursending na die Algemene Sinode) dat die Drie Formuliere van Eenheid hervertaal word in 'n meer verstaanbare idioom sodat dit meer verbruikersvriendelik is.
RING VAN LOUIS TRICHARDT

**B.7.3 Wet en Evangelie /Regverdiging en Heiliging**

Die Ring van Louis Trichardt versoek die Sinode van Noord-Transvaal om 'n proses van 'n debat (via die Algemene Sinode) oor *Wet en Evangelie/Regverdiging en Heiliging* in die Ned Geref Kerk te begin wat die Gereformeerde spiritualiteit van die Ned Geref Kerk kan uitbou en terselfdertyd kan wys op die moontlikheid van charismatiese/spiritualistiese/subjektiwistiese vroomheidsdwalings. Hier word veral gedink aan die neiging om die eie berou oor sonde, of geloof in God/keuse vir God/bekering/oorgawe aan God op 'n wettiese wyse as voorwaarde vir die heil te verkondig.
RING VAN LOUIS TRICHARDT

**B.8 KERLIKE MEDIA**

**B.8.1 Algemene Kerkbode**

Die sinode word versoek om hom uit te spreek oor die wenslikheid van die assosiasie tussen die *Algemene Kerkbode* en *Beeld.*
RING VAN LOUIS TRICHARDT

**B.9 FONDSE** - geen

**B.10 REGTE**

**B.10.1 Samestelling van die Kerkraad**

Die sinode gee praktiese riglyne vir die bestuur van die volgende proses: die verandering in die samestelling van die kerkraad in terme van Bep 26.1 (1995). Motivering: Na luid van Bep 26.1 is dit moontlik om 'n kerkraad se samestelling radikaal te verander, byvoorbeeld om 'n kerkraad na 'n getal van 20 te verklein, waarvan 10 lede wyke behartig en 10 lede besondere werksaamhede van die kerk. Is hierdie soort indeling geoorloof? Hoe groot behoort die wyke te wees en wie almal mag daar dien? Kan hulpwerkers/dienswerkers/groepleiers onder hierdie kerkraadslede werk? Wat van die gelyke getal ouderlinge en diakens volgens Bep 26.2.2? Of word hierdie soort reëlings aan die kerkrade se diskressie oorgelaat?
KERKRAAD WAVERLEY-OOS

**B.10.2 Voorsitterskap van wykskerkrade**

Die Sinode gee praktiese riglyne vir die bestuur van die volgende proses: die voorsitterskap van wykskerkrade anders as 'n leraar (vgl Art 18: Kerkorde 1994). Motivering: As dit in die praktyk nie moontlik is vir 'n leraar of konsulent om as voorsitter by 'n wyksvergadering te wees nie, is so 'n geval dringend genoeg dat 'n ouderling as voorsitter kan optree? Is dit hoegenaamd nodig dat 'n leraar voorsitter moet wees? Kan die Kerkorde nie hier meer soepel wees nie?
KERKRAAD WAVERLEY-OOS

**B.10.3 Omruiling van standplase**

Die sinode gee praktiese riglyne vir die bestuur van die volgende proses: 'n omruiling van standplase deur leraars soos besluit deur die Algemene Sinode (1994: Acta bl 516). Motivering: Die besluit van die Algemene Sinode praat van so 'n omruiling "in buitengewone omstandighede". Die leraar moet self in so 'n saak leiding neem. Dit is tog baie moeilik vir 'n leraar om so iets self te onderneem en wat is die inhoud wat die kerk behoort te gee aan die sogenaamde "buitengewone omstandighede"? Hieroor moet die Sinode hom uitspreek.
KERKRAAD WAVERLEY-OOS

**B.10.4 Afwesigheid en stemming tydens kerkraadsvergaderings**

Wanneer 'n kerkraadslid vir twee of meer agtereenvolgende vergaderings afwesig was, kan hy/sy geleentheid gegee word om te onttrek aan stemming op die volgende vergadering waar hy/sy weer teenwoordig is.
KERKRAAD RUSTENBURG

**B. 10.5 Adviserende liggaam/kommissie met betrekking tot kerklike tugsake**

Die sinode oorweeg die instelling van 'n kerklike liggaam of kommissie met die oog op adviserende begeleiding in kerklike tugsake.
Motivering:
* So 'n liggaam of kommissie kan meehelp om eenvormige optrede te bevorder
* Daar is soms uiters ingewikkelde sake wat besondere kundigheid verg
* Die betrokke kerkvergadering of ondersoekkommissie kan so

'n liggaam of kommissie raadpleeg met die oog op advies met betrekking tot die ontvanklikheid van klagtes en die prosedures wat gevolg behoort te word by die aanvang van die voorlopige ondersoek
* Net voor die afhandeling van die finale ondersoek wat bv 'n leraar raak, kan so 'n liggaam of kommissie die ringstukke nagaan alvorens 'n Buitengewone Ringsitting byeengeroep word
* Die nuwe Konstitusie, Wet op Arbeidsverhoudinge en die gestigte Vakbond vir Leraars intensifiseer die behoefte aan so 'n liggaam of kommissie
RING VAN PRETORIA-WES

**B.10.6 Voorsitter van die kerkraad**
Die Regskommissie word versoek om Kerkorde Art 28 so te verwoord dat die voorsitter van 'n kerkraad nie noodwendig 'n leraar hoef te wees nie
RING VAN WONDERBOOM

**B.10.7 Artikel 44**
Voeg 'n nuwe Artikel 44.3 in (en wysig die numerering verder):
Artikel 44.1 word gewysig of aangevul met 'n tweederde-meerderheidstem deur die Algemene Sinode waarna elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan moet besluit
OF
Artikel 44.1 word gewysig nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het en die Algemene Sinode daarna met 'n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit
Motivering:
Artikel 44.1 bepaal hoe dat die belydenis van die kerk gewysig kan word. Daar word egter nêrens aangedui hoe dat dié artikel self gewysig kan word nie. Geen artikel kan egter as onveranderlik beskou word nie. Daarom word die bogenoemde beskrywingspunt ingedien om aan die hand van die voorskrif van die wysiging van die belydenis self ook die betrokke artikel te verskans.
MODERAMEN

**B.10.8 Afvaardiging na Algemene Sinode**
Dat die afvaardiging na die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk nie meer op basis van gelyke verteenwoordiging van die samestellende sinodes moet geskied nie, maar eerder proporsioneel. Motivering: Kleiner sinodes word onregmatig bevoordeel bo groter sinodes. Voorbeeld: Die Sinode van Midde-Afrika is daarop geregtig om elke leraar van elke gemeente te stuur, terwyl die kans vir 'n leraar uit die Ring van Louis Trichardt om na die Algemene Sinode afgevaardig te word, minder as 1% is!
RING VAN LOUIS TRICHARDT

**B.11 ALGEMEEN**

**B.11.1 Eie Sinode vir Noordelike Provinsie**
Na aanleiding van 'n sinodebesluit (1995:359:3.1.3) word die Sinode van Noord-Transvaal versoek om in samewerking met die Noordelike Ringeforum ondersoek in te stel na die moontlikheid van die stigting van 'n eie sinode vir die gemeentes van die Noordelike Provinsie, met verslag aan die volgende sinode
Motivering:
* 'n Eie sinode vir die Noordelike Provinsie is geografies en demografies voordelig
* Korter reisafstande vir afgevaardigdes
* Korter sinodesittings
* Die bemagtiging van ringe
* Stimulasie van eie kundigheid
* Eiesoortige behoeftes word aangespreek bv plaasarbeider-bediening
* Beter inspraak in Algemene Kerkverband
* Vinnige en doeltreffende skakeling met eie Provinsiale Owerheid
RINGSKOMMISSIE PIETPOTGIETERSRUS

**B.11.2 Kerkvereniging**
As kerkvereniging binne die NG Kerk-familie onvermydelik skyn te wees, moet die NG-Kerk as moederkerk sorg dra dat die beoogde proporsionele verteenwoordiging op verenigde sinodevlak sodanig deur die Kerkorde beperk word dat die NG-Kerk beheer behou oor die te stigte kerk
KERKRAAD LIMPOPO

**B.11.3 Verwikkelinge Ring van Pretoria-Wes**
Die sinode verleen aan die moderamen volmag om die volgende gebeure wat in die Ring van Pretoria-Wes in die interim plaasvind namens die sinode af te handel:
1. Die moontlike ontbinding en/of samesmelting van gemeentes wat mag lei tot die ontbinding van die Ring van Pretoria-Wes
2. Die moontlike inskakeling van die ringsgemeentes by 'n ander ring of ringe
3. Die moontlike naamsverandering wat op gemeente- sowel as ringsvlak mag intree asook enige ander implikasies ter sake
RING VAN PRETORIA-WES

**B.12 AD HOC - KINDERKOMMUNIE**

**B.12.1 Kindernagmaal**
Die Sinode van Noord-Transvaal wys die Algemene Sinode daarop dat die sterk standpunt van die reformatore (dat doop-lidmate op grond van die verbond nie vrye toegang tot die nagmaal het nie) nie in die studiestuk of aanbevelings oor kindernagmaal van die sinode weergegee is nie. Daarom is hierdie saak onvolledig aan gemeentes weergegee.
RING VAN LOUIS TRICHARDT

**B.12.2 Kindernagmaal**
Die sinode aanvaar die volgende stellings as bewese vir die bespreking van die kindernagmaal:
1. Die standpunt van kinderkommunie op grond van die verbond is nie 'n nuwe teologiese insig nie. Dit is reeds 300 jaar gelede as argument teen die Gereformeerde reformatore deur die Anabaptiste gebruik.
2. Die Gereformeerde reformatore was op hoogte van die standpunt dat kinders op grond van die verbond ook toegang tot die nagmaal sou moes hê.
3. Alhoewel die Gereformeerde reformatore die doop van kinders op grond van die verbond verdedig het teen die Anabaptiste, het hulle die kindernagmaal as onskriftuurlik verwerp.
4. Daarom is die voorgestelde kinderkommunie 'n radikale breuk met die geloofsoortuiging en skrifbeskouing van die Gereformeerde reformatore tov die gebruik van die nagmaal;

wat die Gereformeerde reformatore as geloofsdwaling verwerp het op grond van die Skrif word nou as die beoefening van die geloof volgens die Skrif voorgestel.

5. Vir hierdie radikale breuk is daar geen dogmatiek deur enige dogmatikus wat sy vertrekpunt in die Gereformeerde belydenisse het waarop enige persoon of kerklike kommissie hulle kan beroep nie. Daar bestaan gewoon net nie so 'n dogmatiese werk nie.

6. Die teendeel is waar: daar bestaan verskeie dogmatiese werke wat die kinderkommunie direk of indirek afwys.

7. Die verslae van AJK/AKLAS skep 'n wanvoorstelling deur voor te gee dat die Gereformeerde reformatore nie uitdruklik die kinderkommunie verwerp het nie.

8. Die Gereformeerde reformatore het die belydenisaflegging van kinders tussen die ouderdom van 11 en 12 nie gesien of hanteer as kinderkommunie nie, maar as die aflegging van dieselfde geloofsbelydenis deur persone wat in die geloof volwasse is en aan dieselfde onderrig, toetsing, ondervraging en verantwoording onderwerp is as al die volwasse lidmate.

9. Die indruk wat die verslae van AJK/AKLAS van die Gereformeerde oortuigings en belydenisaflegging skep dat omdat dit vroeër as 16/17 jaar was, dit kinderkommunie sou wees, is vals.

10. Die verwerping van kinderkommunie deur die Gereformeerde reformatore was op grond van hulle oortuiging tov die gesag van die Bybel en nie agv 'n beweerde neiging tot Protestantse individualisme nie.

11. Die Skrifgedeeltes wat in die verslae van AJK/AKLAS aangegee word as standpunte teen die kinderkommunie is nie die standpunte van 'n ontwikkeling binne die Protestantisme na die Reformasie nie; dit is die Skrifgedeeltes wat die Gereformeerde reformatore as gronde aangevoer het om die kinderkommunie te verwerp.

12. Die geloofsoortuiging op grond waarvan die Gereformeerde reformatore hulle teologiese standpunte gestel het en die Skrifgedeeltes teen kinderkommunie aangevoer het, is verwoord in die Heidelbergse Kategismus vr. en antw 76: hoe eet 'n gelowige die vlees en drink hy die bloed van Christus as mens in die hemel aan die regterhand van die Vader.

13. Hierdie bepalende geloofbelydenis vir die verwerping van die kinderkommunie en die teks hantering deur die Gereformeerde reformatore, is glad nie deur die verslae van AJK/AKLAS aan die orde gestel of hanteer nie.

14. Die spesifieke standpunt oor kinderkommunie en die wyse waarop die Skrif tov kinderkommunie deur die Gereformeerde reformatore hanteer het, is nie weergegee deur die verslae van AJK/AKLAS nie.

15. Die standpunt wat AJK/AKLAS deurgegee het aan die kerk dat die Heid. Kat. vr. en antw. 81 nie kinders sou uitsluit nie, is in direkte teenspraak met die eie uitleg van die opstellers van die Heidelbergse kategismus wat vr. en antw. 81 as gronde aanvaar vir die uitsluiting van kinders by die nagmaal.

16. Die indruk wat die verslae van AJK/AKLAS maak dat Calvyn dit as 'n misverstand sou beskou dat volle insig in die betekenis van die nagmaal 'n kwalifikasie vir die nagmaal is, is vals. Hy het dit juis as kwalifikasie vir die deelname aan die nagmaal gestel.

17. Die opbreek van die geloof in die Evangelie in eenvoudiger, kinderliker geloofsdele teenoor meer volwasse geloofsdele is deur die Reformasie as dwaling verwerp.

18. Die veronderstelling van 'n geloofshandeling sonder die spesifieke en verantwoordbare kennis van die Evangelie is 'n dwaling.

19. Die veronderstelling van 'n sogenaamde "korporatiewe" geloof waardeur 'n kind sou kon verkry, is 'n dwaling

21. Die geloof in die Evangelie is nie 'n geheim wat in godsdiensoefeninge van lidmate opgesluit lê en deur die godsdienstige oefeninge van 'n lidmaat al gaande ontsluit word nie.

22. Die geloof in die Evangelie is die bekende en gekende Woord van God oor Jesus Christus en word geskep in mense se harte deur die verkondiging van die Evangelie.

23. Die nagmaal is nie 'n opvoedkundige of didaktiese hulpmiddel waardeur die Evangelie beter geken en verstaan kan word as wat dit deur die Woordverkondiging geken en verstaan word nie.

24. Daar is geen kerkordelike beginsel of kerklike seremonie wat die gesag kan hê om 'n lidmaat wat op grond van die Woord van God die reg het om die nagmaal te mag gebruik, van die gebruik van die nagmaal te kan uitlsluit of te kan weerhou nie: hetsy dit sewe jaar of 7 dae is nie.

25. Dit is teologies en kerkregtelik onhoudbaar om die verbondstatus van kinders te gebruik om alle moontlike skriftuurlike voorwaardes vir die toegang tot die gebruik van die nagmaal ongedaan te maak, en dan weer ten spyte van die kinders se verbondstatus nuwe kerkordereëlings te maak wat die kinders uit die nagmaal uitsluit.

26. Die hele Ned Geref Kerk in al sy vergaderinge en elke lidmaat is deur die Heid. Kat. vr. en antw. 78 verbind om die Lutherse nagmaalsoortuiging as 'n dwaling te verwerp.

27. Ten spyte van die beskikbaarheid van inligting oor die kerklike besinning oor die direkte samehang van die agteruitgang van die kategese met 'n afname in die openbare belydenisaflegging en die gebruik van kinderkommunie binne die Gereformeerde Kerk in Nederland deur hulle eie teoloë, word hierdie inligting nie of deur die verslae van AJK/AKLAS aan die sinodes en kerkrade of deur enige ander kerklike liggaam aan sinodes en kerkrade deurgegee nie.

Motivering:

1. Die inhoud van bogenoemde stellings is deurslaggewend vir die wyse waarop die bespreking van die kindernagmaal sal plaasvind.

2. Hierdie sake is nie deur die verslae van AJK/AKLAS of enige ander kerklike bespreking of verslag aan kerkrade of afgevaardigdes aan die sinode deurgegee nie.

3. Dit is nie moontlik om 'n sinodale debat oor die bewesenheid van hierdie stellings te voer nie. Dit is sake wat getoets moet word aan die bronne van die Gereformeerde reformatore wat tot bitter weinig van die afgevaardigdes se beskikking is.

4. Dit is sake wat baie maklik deur 'n kommissie tydens die sinode hanteer kan word voor die debat oor kinderkommunie, aangesien dit net feite is wat aan die hand van beskikbare bronne gekontroleer moet word.

PJ KRIEL, LEVUBU

# E.1 IN MEMORIAM

## DS MICHAEL JOHANNES SMUTS (BA Dipl Teol)

***02.07.1919 – 18.10.1996***

Mike Smuts is gebore te Tarkastad op 2 Augustus 1919. Sy laerskoolopleiding is te Sterkstroom, Oos-Londen en Theunissen. Hy matrikuleer aan die Hoërskool Grens, Oos-Londen in 1930. Hy word groot in 'n verbondshuis waar daar gereeld godsdiens gehou is en waar kerkbywoning as vanselfsprekend aanvaar is. Sy eerste getuienis as Christen lewer hy by 'n stranddiens van die CSV in Oos Londen in 1930. Hy gee sy lewe bewustelik oor aan die Here tydens 'n evangelisasieveldtog van eerw Lional Fletcher op 8 Julie 1934.

In 1937 begin Mike as agtienjarige by die Spoorweë in Oos-Londen as tekenaar werk. In 1941 tree hy in die huwelik met Margie Fourie, 'n maatskaplike werkster. Hulle het drie kinders: Mike, André en Eulogia. Hulle word verplaas na Queenstown waar hy die roeping baie sterk voel om die evangelie te verkondig. In Queenstown stig hy, op versoek van die leraar, 'n christelike vereniging vir hoërskoolleerlinge.

In 1947 vertrek die gesin na Pretoria sodat Mike deeltyds kan studeer vir predikant aan die Universiteit van Pretoria. Intussen het hy 18 jaar as tekenaar gewerk op die Spoorweë. Gedurende sy laaste vier jaar, terwyl hy die teologiese klasse moes bywoon, het die Spoorweë goedgunstiglik hom toegelaat om smiddae en saans te werk. Ten spyte van 'n vol program, sluit hy sy studies in 1955 af met lof. Hy word georden slegs 'n paar dae nadat hy die Spoorweë se diens verlaat het. Hierdie verlof, enig in sy soort, was deur die Hoofbestuur aan hom gegun omdat hulle hom op die Sentrale Siekefondsraad wou behou.

In sy proponentsjaar reël hy en ander gedurende pinkster, tentdienste in Pretoria-Noord en vra prof EP Groenewald om dit te hou. So ontstaan die Pinksterpleindienste wat later in Pretoria gehou is.

Sy eerste gemeente was Rietfontein-Noord waar hy in Januarie 1956 georden word. By sy eerste kerkraadsvergadering in hierdie gemeente, vra hy van die kerkraad verlof om 'n vereniging vir hoërskoolleerlinge in die lewe te roep. So begin die latere Junior KJV (tans die SKJA). Hy raak ook in daardie tyd betrokke by verskillende kampaksies vir die jeug.

Daarna aanvaar hy 'n beroep na Lyttelton-Oos in 1959 waar hy vier jaar lank arbei. Daarna gaan hy in 1963 na Durban-Noord. Hy dien as aktuarius van die Natalse Sinode en later as assessor. In 1966 word hy Predikant in Sinodale Diens vir Evangelisasie en Jeug in Kaapland, met standplaas in Port Elizabeth. In 1973 word hy Predikant in Sinodale Diens vir Jeugarbeid in Oos-Kaap. In 1979 aanvaar hy 'n beroep na Pietermaritzburg-Noord. Hy emeriteer in Desember 1981, nie om uit te tree nie, maar om as Hoofsekretaris van die ACSV te kan dien. Hy dien nege jaar lank in hierdie pos tot met sy uittrede in 1990. Hy slaag "as kerkman" daarin om 'n meer "kerkgerigte" benadering by die ACSV te bring, want hy gaan na die ACSV "om die kerk te dien dmv die ACSV en nie anders om nie". Sy grootste begeerte is dat die SKJA en die ACSV "in samewerking deur die Here gebruik sal word om herlewing onder die tieners teweeg te bring."

Na sy aftrede vestig hy en Margie hulle in 'n aftree-oord in Somerset-Wes vanwaar hy nog van tyd tot tyd diensreekse waarneem. Hulle het twaalf kleinkinders en een agterkleinkind.

Een van die groot sake waaraan die lewe van Mike Smuts gekoppel sal word, is die verreikende en verrykende Jeug-tot-Jeugaksie van 1974 waarvan hy as hoofleier dien en 'n geweldige vuur van geestelike entoesiasme daardeur aan die brand steek dwarsdeur die land. Dit was sy breinkind en jeugdroom wat werklikheid geword het met die Landswye Evangelisasie- en Sendingveldtog waarop die Ned Geref Kerk in 1970 besluit het. Die Breë Moderatuur, AKAE en AJK gee hulle steun hieraan. Meer as 50 uitgesoekte jongmense en 4 leraars wy 'n hele jaar van hulle lewe daaraan.

Hy dien ook vir baie jare in die Algemene Jeugkommissie en ander Jeugkommissies sowel as in die Algemene en Sinodale Kommissies vir Ampsbediening en Evangelisasie.

Een van die kenmerkende eienskappe van Mike Smuts was dat hy een van daardie besielde "evangeliepredikers" was wat vroeër jare in die Ned. Geref. Kerk bekend was. Hy was oortuigend en konfronterend in sy prediking en voortgedryf deur 'n onuitblusbare ywer vir die saak van die Here. Hy het 'n passie gehad om die eer van God te verkondig en te verdedig. Hy was "kronies ywerig". Hy het die Woord van God se onfeilbaarheid kinderlik aanvaar.

Vir sy kerk was hy oneindig lief. Al het hy ook oor leemtes in die kerk gehuil, was hy altyd lojaal en het niks onderneem sonder kerklike toestemming nie.

Veral het hy 'n passie gehad vir die jeug, en by name die tienerjeug. Sy hart het oorgeloop van getuienis oor die dade wat God onder hulle deur hom gedoen het. Talle tieners het deur sy getuienis en liefde vir Christus en vir hulle, Christus as Here van hulle lewens erken.

*(DJ Viljoen, uit stukke van DW de Villiers, Gerdrie van der Merwe en ander briewe en bronne deur Margie Smuts verskaf)*

## DS JACOBUS LOURENS SMALL (BA, BD, MA, DPhil)

***04.11.1935 – 03.02.1997***

Hy is soos 'n boom in volle glorie van blad en vrug wreed afgekap. In die nag van die derde Februarie 1997 is hy en 'n jong swart man, Thabo Masilo (17) aan wie hy, soos aan talle ander, skuiling gebied het in sy pastorie by GaRankuwa naby Pretoria, wreed vermoor. Albei is op kort afstand deur die kop geskiet. 'n Mens verstaan nie hoekom dit met 'n man wat sy hele lewe aan die kerk en aan ander mense gewy het, moes gebeur nie.

Loukie Small was die seun van 'n geëerde opvoedkundige, mnr J Small, wat jarelank vise-rektor van die Onderwyskollege van Pretoria was en ook kerklik diep spore getrap het. Loukie word in hierdie mooi christelike huisgesin groot. Hy ontvang sy skoolloopbaan in Pretoria en gaan na die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria, waar hy in 1961 gelegitimeer word.

Reeds op Universiteit het hy hom in die teologie verdiep en dikwels saam met sy vriende gebid vir sake wat op hulle hart is. Hy was 'n sagmoedige, lankmoedige, vriendelike, nederige en hulpvaardige mens. Maar tog kon hy ook reguit en vasberade optree wanneer iets hom teen die bors gestuit het. Hy was geen allemansvriend nie. Eintlik was hy 'n alleenloper, 'n individualis en 'n vrygesel omdat hy ook nie die regte eggenote raakgeloop het nie.

Hy het in 1986 'n MA-graad oor "Verkleining in Tswana" behaal en 'n D Phil in 1993 oor "'n Toonstudie van Tswana Nominale woordsoorte". Min mense het Afrika en sy mense so goed geken as hy.

Sy hele bediening het hy gewy aan die sending deur middel van die NG Kerk in Afrika. Sy eerste gemeente was Mabeskraal waar hy op 10 Februarie 1962 bevestig is. Daar doen hy pionierswerk en bou die gemeente van die grond af op. Hy word geldelik en geestelik ondersteun veral deur die gemeente Suidoos-Pretoria. Sy bediening duur 17 jaar in daardie afgeleë gemeente onder die Batlako. 'n Pastorie is vir hom gebou en onder sy leiding word die hoofkerke te Mabeskraal en Dwarsberg gebou. Op 14 buiteposte is ook kerkies opgerig met die hulp van Suidoos-Pretoria. Hy was 'n man met besondere talente van hoof en hand. Benewens sy uitstaande talente om met mense te kommunikeer en die Tswanataal en kultuur te bemeester, was hy ook bouer, sweiser, motorwerktuigkundige, opvoeder en bedienaar van die Woord.

Sedert 1979 dien hy in Hebron in GaRankuwa, as studenteleraar onder die studente van die Onderwyskollege en van Medunsa.

Hy was sendeling by uitnemendheid: entoesiasties, fluks, metodies, hardwerkend met Jesus Christus, die Opgestane, as middelpunt van sy lewe. Hy het sy kudde met liefde en geduld versorg. Met toewyding en begrip het hy die heidene vir Christus gewerf en bearbei en talle vir Hom gewen.

In sy prediking was hy suiwer. Hy het wyd gelees en met aktuele Woordverkondiging mense op die Christuspad gehelp. Sy preke was boeiend en behoudend en het die hele mens aangespreek. Hy het gereeld en geesdriftig huisbesoek gedoen. Hierin was hy 'n uitstaande pastor. Die jeug het hom ook na aan die hart gelê. Met hulle het hy begrypend en verdraagsaam gewerk en hy het 'n oop huis en hart vir hulle gehad. Ook na die bejaardes het Loukie aandagtig geluister en eerbiedig teenoor hulle opgetree. Hy was die vertroueling van die armes, siekes en lydendes vir wie hy met meegevoel so dikwels daadwerklik bygestaan het.

In kerklike kringe is hy ook hoog aangeslaan. Daar is geluister wanneer hy praat. Daarom het hy ook in verskeie kerklike kommissies gedien. Hy kon Tswana ook goed praat en het grondige kennis van die Tswana-volk gehad. Hy het dikwels in kerklike vergaderings as tolk opgetree.

"Die geweldadigheid waarmee Loukie se aardse lewe hom ontneem is, verkrummel tot niks in vergelyking met die genade van Jesus Christus wat aan hom bewys is en wat hy steeds het, al is hy nie meer by ons op hierdie aarde nie."

*(AJB Rawlins, verwerk en aangevul deur DJ Viljoen uit verskeie stukke)*

(Hierdie vermelding word geplaas omrede die groot belangstelling wat in die Ned Geref Kerk gaande gemaak is deur sy dood en sy verbintenis met ringe en gemeentes.)

## DR FERDINAND JOHANNES OLLEWAGEN

(BA, MTh, ThD)

***07.03.1932 – 10.10.1995***

Van hierdie mooi man en baie besondere mens word gesê dat die Here Jesus voor die Vader, by sy aankoms in die hemel, sou kon getuig: "Ek was in die gevangenis en Ferdi het My besoek; ek was in die gevangenis en Ferdi het My versorg...."

Sy lewe het begin op 7 Maart 1932 toe hy te Beaufort Wes in 'n godvresende huis gebore is en daar op skool en in die kerk was. Ook in sy geval is daar in die Karoo 'n mens van ware karakter gevorm.

Hy verwerf sy Teologiese Diploma aan die Sendinginstituut te Wellington en word gelegitimeer in 1955. Nadat hy reeds in die bediening was, behaal hy die BA-graad aan die Universiteit van Suid Afrika. Sy MTh- en ThD-grade behaal hy aan die Central School of Religion, Universiteit Indianopolis, Indiana VSA met skripsies oor: "The Christian Bantu of the Cape Midlands" en "Diakonia in the New Testament" asook "Prayer in the primitive Church".

Hy bly egter voortdurend student en was 'n stigterslid van die Teologiese Werksgemeenskap vir Sendingwetenskap. Hy moedig ook voortdurend sy Kapelaanskollegas aan om ten minste een teologiese publikasie per maand te lees, wat hy sekerlik ook self gedoen het. Hy is ook voortdurend betrokke by broederkringe waar oor kerkgrense heen besin is oor die Woord en die werking daarvan in die Koninkryk van God.

Orals waar hy in die bediening was, het hy ook die Afrikataal van die omgewing bestudeer, soos Suid-Sotho, Kôsa en Tswana. Laasgenoemde kon hy vlot praat.

Na sy ordening in 1956 dien hy in die volgende gemeentes en werkkringe in die NGKA, die NGSK en die Ned. Geref. Kerk: Mashonalandsending (1956); in kombinasie die sendinggemeentes Jagersfontein, Fauresmith en Luckhoff (met 4 konsulentskappe) 1958; Immanuel (Cradock) (met 3 konsulentskappe) 1960; Cradock (NGKA) 1962, Sannieshof 1964; Potchefstroom (Ikageng) 1971 en word Kapelaan van Baviaanspoort verbonde aan die gemeente Kameeldrif (1977) en later aan die gemeente Magalieskruin-Pretoria. Hy was verantwoordelik vir die bou van twee kerkgeboue tydens hierdie bediening.

Hy dien in verskeie sinodale en algemene sinodale kommissies van die NGKA, (oa as hulpskriba en skriba in Suid Transvaal), die NGSK en die Ned Geref Kerk, oa in die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid, die Kapelaans-kommissie en die Subkommissie vir Wetsoortreder-sorg.

Orals waar hy in sy predikantstandplase was, het hy voortref-like gevangenispastoraat beoefen nog voordat hy Gevangenis-kapelaan geword het.

Sy departementele loopbaan begin op 14 Junie 1977 toe hy by die Gevangenisdiens aansluit as Kapelaan vir Baviaanspoort/ Pietersburg Kommandemente. In 1979 word hy verplaas na die Korrektiewe Dienste se hoofkwartier waar hy eers as administratiewe kapelaan dien, daarna as Direkteur Godsdiens-sorg, en later vanaf Februarie 1988 as Adjunk-kommissaris vir Godsdienstige Versorging in die SA Gevangenisdiens met rang: Generaal-Majoor. Hy bly dit totdat hy uit die diens tree op 31 Maart 1993.

As lid van die Generale Staf was hy medeverantwoordelik vir verskeie beleids- en koersaanpassings in die Departement. Sy besondere agtergrond in die sendingveld het 'n bepaalde impetus en beklemtoning gegee aan 'n regverdiger bedeling vir alle bevolkingsgroepe. Hy was selfs ook beskermheer van die Departementele sokkerspan. Met al die kerke en gelowe se beheerpersone het hy hartlik saamgewerk en hulle het groot waardering gehad vir die waardige wyse waarop hy die godsdienssorg aan die wetsoortreder behartig het.

Op grond van sy getrouheid en uitmuntende en voortreflike diens het hy van die Departement Korrektiewe Dienste die volgende medaljes en dekorasies ontvang:
* medalje vir meriete op 14/6/83,
* medalje vir troue diens 10 jaar op 14/6/87,
* ster vir meriete op 14/6/87 en
* ster vir voortreflikheid op 7/12/87.

Hy is by sy begrafnis met trots gesalueer namens die betrokke minister, die kommissaris en sy kollegas as 'n gewaardeerde en gerespekteerde persoon wat hulle voorgegaan het in 'n tradisie van dienslewering en leierskap. Sy vriendelikheid, hulpvaar-digheid en onbaatsugtige diens sal nog lank 'n bron van inspirasie bly.

Sy dood het op menslik-onverklaarbare wyse gekom. Terwyl hy op pad was met sy klein motortjie om net gou 'n stukkie drukwerk in verband met die geestelike werkers wat hy nog steeds bygestaan het, te gaan ingee, is sy motor van voor deur 'n ander motor getref en is hy op slag dood. Dit was God wat sy tyd bepaal het en hom so opgeroep het vir hoër diens.

Hy is op 7 Januarie 1956 getroud met sy vrou Joey en uit die huwelik is 4 kinders gebore nl Willem, Johan, Cornelia en Ferdi. Hy laat ook 10 kleinkinders na.

*(Kobus Bezuidenhout, aangevul en verwerk deur DJ Viljoen)*

## DR EION ALBERT GAUM (BA MTh DTh)
***08.07.1927--16.07.1997***

Eion Gaum is in Germiston gebore en het ook daar groot geword. Hy was die oudste van twee broers. Sy 90-jarige moeder was die enigste oorlewende uit die klein gesin en kon haar seun se begrafnis bywoon.

Nadat hy gematrikuleer het, het Eion sy BA-Admissie by UP behaal en sy teologiese opleiding op Stellenbosch voorgesit. Hy het 'n groot liefde vir studie gehad en het 'n MTh asook 'n DTh-graad verwerf. Sy doktorale studie ivm die Oosterse Godsdienste was die uitloper van sy sendingwerk onder die Indiërs wat begin het toe hy slegs 'n twaalfjarige seun was.

Hy leer ken vir Nonna Lotz, 'n boerenooi van Amersfoort, in Pretoria en hulle tree op 11.02.1950 in die huwelik. Uit hulle huwelik word vier kinders gebore en twee van hulle studeer verder. Sy seun Johan bekwaam hom in die regte terwyl sy dogter, dr Suzette Gaum, as Kliniese Sielkundige kwalifiseer.

In 1955 begin hy sy bediening in die nuutgestigte gemeente Pretoria-Tuine. Onder sy leiding word 'n pastorie, 'n kerkgebou en 'n saal opgerig.

Toe hy en sy gesin in 1960 na Valhalla verhuis, is hy weer die eerste predikant en moet hy opnuut baanbrekerswerk verrig tov die fisiese strukture in die gemeente.

Weldra aanvaar hy 'n beroep na Vanderbijlpark. Op 24 Januarie 1970 word hy in Villieria-Oos bevestig en op 9 Mei 1993 aanvaar hy sy emeritaat nadat hy 38 jaar in die bediening was. Die laaste 9 maande moes hy die traumatiese ervaring deurmaak om grootliks sy gesigsvermoë te verloor agv 'n seldsame en ongeneeslike oogsiekte. Hy was slegs vier jaar emeritus, want enkele maande voor sy afsterwe is longkanker gediagnoseer.

Benewens sy studie in die teologie wat sy eerste liefde was, het hy in sy jonger jare groot erns gemaak met jeugbediening. Sy arbeid onder die "Ducktails" in die laat-vyftigerjare was uniek. Verder het hy groot voorrang aan die pastoraat gegee en het hy geglo dat Woord- en gebedsbediening die twee onontbeerlike elemente daarvan vorm.

Eion Gaum was 'n troue dienskneg van die Here en lojale seun van die kerk. Tog het hy nie geskroom om sy mening duidelik te gee nie. In 'n sekere sin was hy ook'n indiwidualis wat 'n eie opinie op sake kon nahou selfs al sou hy as kontroversieel getipeer kon word.

Dit was die voorreg van sy laaste twee medeleraars om hom ter ruste te lê.

*(NJ Coetzee)*

**DR PETRUS JACOBUS JORDAAN** (BA, Mth. MA, Dphil)
*24.06.1919 -- 28.10.1996*

Piet Jordaan is die seun van 'n boer van Bethulie, waar hy ook die eerste lig gesien het op 24 Junie 1919. Sy eerste skoolonderrig kry hy tuis by sy moeder Cornelia. Eers op 9 jaar gaan hy skool toe en begin dadelik in st 1. Sy hoërskool deurloop hy op Parys en matrikuleer in 1936 op 16-jarige ouderdom.

Na matriek loop hy eers 'n kursus by die "Chartered Institute of Secretaries" en werk 7 jaar by die Munisipaliteit van Johannesburg. Hy doen sy eerste admissiejaar by Unisa en gaan daarna na die Potchefstroomse Universiteit. Daar verwerf hy sy BA-graad in 1944. Hy gaan dan na die Kweekskool te Stellenbosch en word gelegitimeer in 1947. In 1948 doen hy sy MTh-graad te Stellenbosch met die tema: "Diakonia". In 1967 studeer hy weer aan die Potchefstroomse Universiteit vir sy MA-graad waar sy proefskrif gaan oor: "Enkele aspekte van die gesin in die Industriële wêreld". Sy DPhil behaal hy ook aan die PU vir CHO in 1969 oor: "Die sosiale probleme en taak van die kerk in die industriële gebied". Al hierdie grade verkry hy met onderskeiding.

Op 20 Desember 1947 tree hy in die huwelik met Cicely Maureen van der Spuy en hulle het drie kinders nl, Zania, Sarona en Abri. Dit was 'n mooi huwelik van byna 50 jaar waarin Cecily hom in alles ondersteun en bygestaan het.

Na sy legitimasie help hy vir 'n paar maande in Kimberley as proponent en ontvang sy eerste beroep na Schweizer Reneke waar hy op 20 Mei 1949 bevestig word. Hier herbou hulle die kerk en rig 'n toring op. Ook 'n sendingpastorie word gebou en hy kry sy eerste hartaanval as gevolg van oorwerktheid en uitputting. Na 5 jaar in daardie gemeente gaan hulle op 24 Maart 1956 na Sydenham Port Elizabeth. Op 17 Oktober 1959 verskuif hulle na die gemeente Drie Riviere in Vereeniging en op 29 Julie 1961 na die nuut-afgestigde gemeente Drie Riviere-Oos. In hierdie gemeente word die pastorie, kerksaal, sendingkerk en pastorie en later 'n kerkgebou opgerig.

Op 23 April 1966 word hulle ontvang te Potchefstroom-Noord. Hier is hy ook deeltydse dosent aan die PU vir CHO in Sosiologie. Na 'n bediening van 7 jaar verskuif hulle na Riviera (Pretoria), waar hy dien tot met sy aftrede op 24 Januarie 1988. Na sy aftrede help hy nog vir 'n paar maande in Riviera.

Na sy aftrede gaan woon hulle in 'n meenthuis in Faerie Glen, Pretoria en hou hy hom besig met lees, skilder, die skryf van gedigte en artikels, blokkiesraaisels en tuinbou. Hulle speel ook aanvanklik rolbal.

Piet was 'n baie besondere mens, wat oa ook baie musikaal was en byna enige snaarinstrument kon bespeel. Hy het ook as leier van toergroepe opgetree en het self ook opgrawings in Israel gedoen.

As predikant was suiwer Woordbediening vir hom baie belangrik. "In die verkondiging van die Woord van my Here, het ek my vreugde, krag, seën en baie bemoediging gevind" skryf hy self. Hy was baie getrou in sy huisbesoek en het 'n groot liefde vir sy medemens gehad, veral vir kinders. Hy het 'n goeie humorsin gehad en kon baie grappies vertel.

Hy het 'n sendinghart gehad. Hy het getrou jaarliks 'n bakkievrag goedere geneem na 'n sendinggemeente naby Turfloop net voor hulle jaarlikse basaar. In Port Elizabeth was hy voorsitter van die Sendingraad en dien later in sending-kommissies en het hy gehelp met die bou van 'n kerk en pastorie vir 'n sendinggemeente.

Hy het ook in talle belangrike kommissies van die kerk gedien en talle artikels, verhale en gedigte in verskillende tydskrifte gepubliseer.

Ongeveer in 1994 het hy Bells-verlamming in sy gesig gekry en het daarna nog moedig voortgegaan tot by sy dood op 28 Oktober 1996 wat deur hartversaking veroorsaak is. So het hierdie kunssinnige en liefdevolle mens, wat altyd bereid was om sonder enige selfsug alles op te offer vir sy medemens, tot ruste gekom.

Hy laat sy eggenote, kinders en 7 kleinkinders agter.

*(DJ Viljoen, aan die hand van gegewens verskaf deur mev Cecily Jordaan)*